



UOVS-SASOL-BIBLIOTEK 0124557



111073745205220000012

71/208

DEZEE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

D I E N A S I O N A L E O P P O S I S I E

1 9 2 1 - 1 9 2 4

deur

Cornelia Marais, B.A.Hons.

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artium in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, Departement Geskiedenis, aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Studieleier: Prof. dr. M.C.E. van Schoor.

Bloemfontein

1970

HOOFD-EXEMPLAAR VAN ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDEN UIT DIE
BIBLIOTHEEK VERWYDER WORD NIE

Universiteit van die Oos-Kaap-Prystaat
LEO SLOTTEN

28-6-1971 *Mer*
KLAS N^o *329 461*

No. 124557

BIBLIOTHEEK

V O O R W O O R D

Met hierdie verhandeling word die rol van die Nasionale Party as amptelike opposisieparty in die Parlement van die Unie van Suid-Afrika gedurende die jare 1921 tot 1924 geskets en dit is in 'n sekere sin 'n opvolging van die verhandeling van D.J.J. Coetzee, Die geskiedenis van die Nasionale Party 1914-1921. Naas 'n waardebeplanning van die Nasionale Party as sodanig, die behandeling van die standpunt van hierdie party ten opsigte van politieke aangeleenthede van destyds en die toetsing daarvan aan die party se program van beginsels, het ook die party se groei gedurende hierdie jare en sy toenemende samewerking met die Arbeidersparty wat in 1924 op die oornam van die Pakt-regering uitgeloop het, aandag geniet.

Hoewel die periode wat deur hierdie verhandeling betrek word in verskeie werke oor die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis beskryf word, is die behandeling daarvan, met uitsondering van die staking van die mynwerkers aan die Witwatersrand, uiters kursories. Selfs die analise wat van die staking van 1922 gemaak is, was hoofsaaklik op die gebeurtenis as sodanig gerig en verskaf geen beeld van die standpunt en rol van die Nasionale Party in hierdie aangeleentheid nie.

Die Burger wat as mondstuk van die Nasionale Party gedien het, met dr. D.F. Malan, leier van die Nasionale Party in Kaapland, as redakteur, het as hoofbron vir hierdie verhandeling gedien. Aangesien Die Burger as dagblad verskyn het, terwyl ander koerante soos Die Volksblad, Ons Vaderland en Die Afrikaner wat ook die Nasionale Party gesteun het, slegs twee keer per week verskyn het, is die algemene politieke nuusdekking en kommentaar daarin uiteraard vollediger.

Private dokumenteversamelings soos dié van E.G. Jansen, C.R. Swart, M.P.A. Malan en andere wat in die dokumentasieafdeling van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis bewaar word, dié van onder meer F.H.P. Creswell en genl. J.C. Kemp in die Staatsargief te Pretoria, sowel as die Arbeidersparty

se dokumente in die Openbare Biblioteek te Johannesburg is ook geraadpleeg. Insaes kon egter nie in die versamelings van genl. J.B.M. Hertzog en dr. D.F. Malan verkry word nie en moontlike gegewens daarin vervat, sal later bygewerk moet word. Die uitgebreide pamfletversameling, kongresnotules en stukke van die Nasionale Party wat ook in die dokumentasie-afdeling van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis gehuisves word, het as waardevolle bron van gegewens gedien.

My opregte dank en waardering aan prof. dr. M.C.E. van Schoor vir sy hulp en leiding as studieleier.

C. MARAIS.

Bloemfontein.

4 Desember 1970.

I N H O U D

<u>Hoofstuk I</u>	
DIE VERKIESINGSTRYD VAN 1921.....	1
<u>Hoofstuk II</u>	
DIE STAKING AAN DIE WITWATERSRAND, 1922.....	43
<u>Hoofstuk III</u>	
DIE BEOOGDE INLYWING VAN SUID-RHODESIE.....	103
<u>Hoofstuk IV</u>	
DIE VRAAGSTUK VAN BLANKE EN NIE-BLANKE VERHOUDINGE.....	142
1. Die Naturelle.....	143
2. Die Kleurlinge.....	186
3. Die Indiërs.....	191
<u>Hoofstuk V</u>	
NA-OORLOGSE EKONOMIESE EN MAATSKAPLIKE VRAAGSTUKKE.....	208
1. Ekonomiese vraagstukke.....	208
2. Werkloosheid en die armblankevraagstuk...	244
3. Immigrasie.....	273
<u>Hoofstuk VI</u>	
TOENADERING EN SAMEWERKING TUSSEN DIE NASIONALE PARTY EN DIE ARBEIDERSPARTY.....	301
<u>Hoofstuk VII</u>	
POLITIEKE MAGSVERSKUIWING IN SUID-AFRIKA.....	348
<u>Hoofstuk VIII</u>	
DIE ALGEMENE VERKIESING VAN 1924.....	419
SLOTBESKOUIING.....	467
BRONNE- EN LITERATUURLYS.....	475

H O O F S T U K IDIE VERKIESINGSTRYD VAN 1921

Die Volksraadsverkiesing van September 1910 het genl. Louis Botha as leier van die gekombineerde magte van die Het Volk-party van Transvaal, die Orangia-Unie van die Vrystaat en die Afrikanerbond of Suid-Afrikaanse Party van die Kaap-provinsie in die eerste Unie-parlement aan bewind geplaas. Ná hierdie verkiesing is die drie Afrikanerpartye en manne van verskillende politieke oortuiginge in die Suid-Afrikaanse Party verenig. Die party het hom die samesnoering van Boer en Brit tot één groot Suid-Afrikaanse nasie binne die Britse Ryk ten doel gestel.¹

In die opposisiebanke het die Unioniste-party onder leiding van dr. L.S. Jameson en later sir Thomas Smartt en die Arbeidersparty onder kol. F.H.P. Creswell gesit. Die Unioniste-party was grootliks die kampvegters van imperiale en kapitalistiese belange terwyl die Arbeidersparty weer die belange van geskoolde blanke arbeid op die hart gedra het.²

Dat uiteenlopende en onversoembare ideale van Afrikanerleiers ter wille van nasionale eenheid in die Suid-Afrikaanse Party saamgesnoer is, het spoedig geblyk. Toe genl. Botha met sy konsiliatiebeleid die Unie nog vaster aan die Britse Ryk wou bind, het genl. J.B.M. Kertzog na vore getree. In die Vrystaat was hy 'n sterk leier en het hom na die Anglo-Boere-oorlog saam met president M.T. Steyn daarvoor beweer om die Afrikaner te help om op alle terreine weer sy

1. Thompson, L.M., The Unification of South Africa 1902-1910, p. 477; Coetzee, D.J.J., Die geskiedenis van die Nasionale Party 1914-1921, M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1967, pp. 11-20 en p.234; en Program van Beginselen en Konstitutie van die Suid-Afrikaanse Partij, p. 1.
2. Van der Schyff, P.F., Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse politiek 1910-1921, M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1964, pp. 99-168; en Grobler, F.J., Die invloed van geskoolde blanke arbeid op die Suid-Afrikaanse politiek van 1886-1924, D.Litt.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1968, pp. 152-153, p. 158 en p. 494.

selfrespek te herwin. As minister van onderwys in die Oranjerivier-Kolonie, het hy veral waardevolle werk vir die herstel van die Afrikaner se taalregte gedoen.³ Genl. Hertzog het die ideale van die steeds groeiende getalle nasionaalbewuste Afrikaners in woorde geformuleer en dit in die openbaar verkondig. „Sy beleid van ‚Suid-Afrika eerste‘ het daarop neergekom dat elke Afrikaner in sy ganse optrede, in watter verband ookal, die belange van Suid-Afrika b6 die belange van enige ander land of volk ter w6reld moes stel“.⁴ Die standpunt wat hom veral in onguns by die Eerste Minister en sy gematigde Engelssprekende volgelinge gebring het, was dat waar die belange van Suid-Afrika met di6 van die Britse Ryk in botsing kom, die belange van Suid-Afrika voorkeur moes geniet. Die gevolge van genl. Hertzog se optrede was dat hy as minister uit genl. Botha se kabinet gesit is.⁵

Na mislukte pogings om die twee generaals te versoen, het die Nasionale Party onder leiding van genl. Hertzog in 1914 tot stand gekom en is die Afrikaners in twee geskeur. Met 'n sterk program van beginsels het die Nasionale Party sy stryd vir die behoud van die identiteit van die Afrikaner en vir die onafhanklikheid van sy land voortgesit.

In teenstelling met die vae program van die S.A. Party, wat mense van verskillende politieke sienswyses op kunsmatige wyse wou saamsnoer, was die Nasionale Party se program van beginsels duidelik omskrewe en het dit geen twyfel oor die standpunt van die party oor kardinale beginsels gelaat nie. Die opstellers se standpunt was dat die party liever oor 'n gesonde minderheid moes beskik as wat dit 'n meerderheid sou verkry wat nie oor die politieke vraagstukke van die dag eensgesind was nie.⁶

In artikel 1 van sy program onderneem die Nasionale Party

3. Van den Heever, C.M., Generaal J.B.M. Hertzog, p. 228 et seq.; en Coetzee, op. cit., pp. 7-8.

4. Coetzee, op. cit., p. 235.

5. Ibid.

6. Ibid., p. 75 en pp. 236-237.

om die nasionale oortuiging en aspirasies van die volk te verteenwoordig, om dit te beskerm, te bevorder en tot volle verwesenliking te laat ontwikkel. Artikel 2 erken die leiding van God in lotgevalle van lande en volke en spreek die begeerte uit dat die ontwikkeling van die volkslewe langs Christelike-nasionale weg moet geskied. Artikel 3 erken die noodsaaklikheid van die aankweek van 'n kragtige besef van nasionale selfstandigheid en verklaar met nadruk dat die belange van die Uniebevolking bo die belange van enige ander land of volk gestel moet word. Artikel 4 omskryf die verhouding van die Unie tot Brittanje. Daarvolgens berus die betrekkinge tussen die twee nasies op goeie trou, en word dit gestel dat 'n goeie verstandhouding tussen die Unie en die Ryk van bestaande vryhede in die Unie afhang en dat dit bedreig sal word indien Brittanje enige daarvan probeer inkort. Artikel 5 erken die aanspraak van die verskillende bevolkingsgroepe op die eerbiediging van dit wat aan die volk eie is, te wete sy taal, geskiedenis, godsdiens, gewoontes en sedes ter behoud van die volkskarakter. Volgens artikel 6 is dit die plig van die regering om die heil en welvaart van die volk op geestelike, nasionale en stoflike gebied te bevorder. Die reg van elke persoon om in sy eie taal deur staatsdepartemente bedien te word, en die noodsaaklikheid van tweetaligheid by staatsamptenare word in artikel 7 beklemtoon. Artikel 8 wys weer op die noodsaaklikheid van kennis by die volk oor sy regte, vryhede, en pligte. In artikel 9 word verklaar dat die grondslag van die welvaart van Suid-Afrika op die eenheid van die blanke bevolking „in 'n gees van toewyding aan Suid-Afrika, en van onderlinge toegeneëndheid en trou aan die medeburgers van die land" berus. Hierin word genl. Hertzog se „tweestroombeleid" verklaar, nl. dat die twee taalgroepe alleen tot eenheid kan groei wanneer albei Suid-Afrika as gemeenskaplike vaderland aanvaar en as een groep die ander sy regte gun. Artikel 10 behandel die Nasionale Party se stand-

punt oor onderwys, landbou, handel, nywerheid, arbeid, immigrasie, naturelle, Asiate, finansies, landsverdediging en Sondagheiliging.⁷

Die Nasionale Party het in die vier provinsies oor afsonderlike en selfstandige organisasies met eie hoofbesture beskik, maar is op 'n federale grondslag deur 'n federale raad saangesnoer waarin elke provinsie 'n gelyke aantal lede gehad het. Die Federale Raad het geen uitvoerende mag besit nie, maar het slegs in adviserende hoedanigheid opgetree. Alle voorstelle van die Raad moes gevolglik eers deur die provinsiale kongresse goedgekeur word voordat dit van krag sou word. Die Federale Raad van die Nasionale Party was 'n saambindende krag wat veral sou sorg dat die eenvormige nasionale beginsels van die vier provinsies behoue bly.⁸

Die Nasionale Party was reeds by sy stigting van die steun van 'n groot persentasie Afrikaners verseker en die groei van die party is gestimuleer deur die besluit van die regering in 1914 om Brittanje in die Eerste Wêreldoorlog by te staan. Hierdie besluit het die leiers van die S.A. Party se imperiale voorkeur duidelik aan die lig gebring en daardeur baie ondersteuners van die party in die kamp van die Nasionale gejaag. Die Rebelle wat op die oorlogsbesluit gevolg het en die regering se onderdrukking daarvan het die Nasionale opposisie verder versterk.⁹ Daarteenoor het die Unioniste-party wat al sedert die Botha-Hertzog krisis nader aan die S.A. Party gedryf het, ná die regering se toetrede tot die oorlog, hom verplig gevoel om die regering te steun.¹⁰

In die algemene verkiesing van Oktober 1915 het die Nasionale Party 27 setels verower en meer as 78,000 stemme op

7. Ibid., pp. 75-84; en Nasionale Party van die Oranje Vrystaat. Beginsels, konstitusie, statute, (1926), pp. 1-2.

8. Coetzee, op. cit., pp. 72-74.

9. Ibid., pp. 85-109.

10. Ibid., p. 113.

hom verenig.¹¹ Die S.A. Party het 54 setels, die Unionisteparty 40, die Arbeidersparty 4 en die onafhanklikes 5 setels verower.¹² Die Unioniste was wel die tweede sterkste party in die Parlement, maar weens hulle steun aan die regering kon hulle nie meer in die ware sin van die woord die rol van opposisie vervul nie. „Die breuk tussen Botha en Hertzog, die stigting van die Nasionale Party in 1914 en veral die deelname van Suid-Afrika aan die Eerste Wêreldoorlog het die gronde vir die aparte bestaan van die S.A.P. en die Unioniste uit die weg geruim en die verdere voortbestaan van die Unioniste onnodig gemaak.“¹³ Dit was gevolglik die Nasionale Party wat die regering beveg en as opposisie opgetree het lank voordat die party op grond van getalle die amptelike opposisieparty geword het.¹⁴ Hoewel sy verteenwoordiging in die parlement klein was, het genl. Hertzog 'n gedugte span om hom versamel, wat bekwame debatteerders soos dr. D.F. Malan, lid vir Calvinia en leier van die party in Kaapland, adv. T. de V. Roos, Transvaalse leier en lid vir Lichtenburg, adv. J.H.H. de Waal, lid vir Piketberg, adv. C.G. Fichardt, lid vir Ladybrand, C.W. Malan, lid vir Humansdorp en kndt. C.A. van Niekerk, lid vir Boshof, ingesluit het. Met behulp van koerante soos Het Volksblad in die Vrystaat, Die Burger¹⁵ in Kaapland, Ons Vaderland en De Spectator in Transvaal en later Die Afrikaner in Natal, het die Nasionale Party met sy beleid van „Suid-Afrika eerste“ veld gewen.¹⁶

11. Hancock, W.K., Smuts: The Sanguine Years 1870-1919, p. 405.

12. Mulder, C.P. en Cruywagen, W.A., Die eerste skof van die Nasionale Party in Transvaal 1914-1964, p. 123.

13. Van der Schyff, op. cit., p. 168.

14. Coetzee, op. cit., pp. 236-237.

15. Die Burger het sedert sy oprigting tot 31 Des. 1921 De Burger geheet en sederdien as Die Burger bekend gestaan. In die teks en voetnote van hierdie verhandeling word deurgaans na die blad as Die Burger verwys.

16. Coetzee, op. cit., p. 115; en Malan, M.P.A., Die Nasionale Party van Suid-Afrika: Sy stryd en sy prestasies 1914-1964, p. 44.

Die Nasionale Party het hom in hierdie jare tydens en na die oorlog veral vir die volledige soewereine onafhanklikheid van Suid-Afrika beywer. Ná die vredesluiting het genl. Botha en genl. J.C. Smuts die Unie op die vredeskonferensie in Versailles verteenwoordig. Die Nasionaliste wou verhoed dat die indruk geskep word dat die hele bevolking van die Unie van Suid-Afrika tevrede was om aan Brittanje ondergeskik te bly. Gevolglik is daar op 'n uniale kongres van die Nasionale Party op 17 Januarie 1919 te Bloemfontein besluit om 'n deputasie na Engeland te stuur en op grond van 'n verklaring van die Eerste Minister van Engeland, Lloyd George, dat geen vrede moontlik is tensy geskonde regte en vryhede van klein volke en nasies erken word nie, die onafhanklikheid van die voormalige Boererepublieke te eis. Die deputasie moes egter onverrigter sake terugkeer, maar die Nasionale Party was meer as ooit tevore vasbeslote om hom vir die formele erkenning van die soewereine onafhanklikheid van Suid-Afrika te beywer.¹⁷ Op aanbeveling van die Federale Raad het die Nasionale Party dan ook artikel 4 van sy program van beginsels só gewysig dat dit sy onafhanklikheidstrewe duidelik stel. Die gewysigde artikel het soos volg gelui:

„Die bestaande betrekkinge tussen die Unie en die Verenigde Koninkryk word deur die Nasionale Party sonder omweg erken.

„Daar egter die uiteindelijke bestemming en die doel van die volk van die Unie, soos die van elke ander sigself-respekterende nasie, sy volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid moet wees, en daar slegs deur sulke volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid die vriendskaplike verhouding tussen Suidafrika en die Verenigde Koninkryk kan bestaan, sal die Nasionale Party elke geleentheid te baat neem en elke poging aanwend, om die bestaande regte en vryhede

¹⁷. Coetzee, op. cit., pp. 188-233.

van die Unie getrou te handhaaf en om dit langs konstitusionele weg en met die oog op die belange van Suidafrika, verder uit te brei, totdat Suidafrika as selfstandige staat, ook in die praktyk in elke opsig, gelykstaande is met die Verenigde Koninkryk en verder uiteindelik sy volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid verkry.

„In ooreenstemming hiermee verklaar die Nasionale Party hom beslis teen enige rigting, optree of politiek, wat die strekking het om ons bestaande regte en vryhede op enigerlei wyse in te kort of inbreuk daarop te maak, of om die deur vir die verkryging van die uiteindelijke volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid te sluit, en onderneem hy om sodanige rigting, optree of politiek met alle geoorloofde middele te bestry“.¹⁸

Die Nasionale Party van die Vrystaat het nog 'n verdere toevoeging tot artikel 4 gemaak waarin sy standpunt nog duideliker uiteengesit is. Die soewereiniteit van die volk, die reg van selfbeskikking en die reg van afskeiding van Groot Brittanje word erken en die verset teen enige nouer imperiale vereniging word aangetoon. Verder erken die party die reg om vir 'n republiek propaganda te maak, maar stel dit duidelik „dat dit nie die bedoeling is van die republikeinsgesinde gedeelte van die volk nie om op enige andere wyse dan langs konstitusionele weg hul ideaal tot verwesenliking te bring, en wel met inagneming van die gevoelens en simpatie sowel van die Engelssprekende as van die Hollandssprekende burgers van die land“. Die party meen verder dat die kwesie van afskeiding slegs deur 'n referendum beslis moet word.¹⁹

Met sy terugkeer van Versailles het genl. Smuts verklaar dat hy met sy ondertekening van die vredesverdrag vir

18. Ibid., pp. 224-225; en Nasionale Party van die Oranje Vrystaat. Beginsels, konstitusie, statute, (1926), pp. 5-6.

19. Ibid., pp. 6-8.

Suid-Afrika 'n verhoogde status verkry het en geargumenteer dat Suid-Afrika dieselfde verteenwoordiging, stem en regte as Brittanje in die Volkerebond het. Sy standpunt was egter dat Suid-Afrika nie eensydig bande met die Britse Ryk mag verbreek nie. Hierdie verklaring het aanleiding gegee tot 'n spotprent deur F.W. Boonzaier in Die Burger wat hierdie „verhoogde status“ voorstel as 'n bobbejaan wat vry is om te beweeg sover sy ketting dit toelaat en nou, steeds met sy ketting, op die paal sit pleks van op die grond.²⁰

Op 27 Augustus 1919 is genl. Louis Botha oorlede en het die mantel van Eerste Minister op genl. Smuts geval. Kort daarna, op 10 Maart 1920, is die Unie se derde algemene verkiesing gehou. Vir genl. Smuts en sy S.A. Party was die uitslag uiters teleurstellend. Dit het ook 'n radikale verandering in die sterkte van die land se vier politieke partye teweeggebring. Die S.A. Party het 12 setels en die Unioniste-party 13 setels verloor, terwyl die Nasionale Party 17 setels en die Arbeidersparty 15 setels bygekry het.²¹ Die stand van partye na afloop van die 1915- en 1920-verkiesing het soos volg daaruit gesien:²²

	Nas. Party		S.A. Party		Unio. Party		Arbeiders-Party		Onafh. Party	
	1915	1920	1915	1920	1915	1920	1915	1920	1915	1920
TVL.	4	12	21	19	15	5	2	12	2	1
KP	7	15	22	13	20	17	1	4	2	2
OVS.	16	17	-	-	1	-	-	-	-	-
NAT.	-	-	11	9	4	3	1	5	1	-
TOT.	27	44	54	41	40	25	4	21	5	3

20. Kruger, D.W., The Making of a Nation, p. 109.

21. Hancock, W.K., Smuts: The fields of force 1919-1950, p. 30. Die meeste van die Nasionale Party se setels is verower in plattelandse kiesafdelings waar hy slegs deur die S.A. Party geopponeer is. Die Nasionale Party het feitlik al die plattelandse setels in die Vrystaat verteenwoordig en het nou ook in Wes-Kaapland en Transvaal sy posisie verstewig.

22. Mulder en Cruywagen, op. cit., p. 123. Die totale aantal setels in 1915 was 130 en in 1920, 134.

Gevolgtlik het nie één van die partye oor 'n effektiewe meerderheid beskik nie. Met die steun van die Unioniste en die onafhanklikes het genl. Smuts 'n meerderheid van slegs vier stemme oor sy sterkste teenstanders, die Nasionaliste en die Arbeiders, gehad. Hy was egter nie altyd van hierdie steun seker nie en die situasie was vir hom nie alleen vernederend nie, maar ook gevaarlik. Om die rede het hy 'n koalisieregering met die ander drie partye probeer vorm, maar sy aanbod is deur al die partye van die hand gewys.²³

Genl. Smuts het egter aan die premierskap vasgehou, terwyl die parlementêre werksaamhede begin het. Daar was 'n atmosfeer van onsekerheid en waaksaamheid in die Parlement en die Nasionale Party was voortdurend op die uitkyk vir 'n geleentheid om die regering te verslaan. Genl. Smuts het egter 'n beslissende verdeling in die Volksraad met takt vermy, hoewel hy by een geleentheid met 'n meerderheid van slegs twee stemme van 'n nederlaag gered is. Sy hantering van die situasie was beslis 'n triomf van parlementêre leierskap.²⁴

Genl. Smuts se regering het die sitting oorleef, maar die posisie was vir hom onhoudbaar en senutergend. Op 12 Augustus 1920 skryf hy aan 'n vriendin: „We have done more and better work than the strongest government relying on a powerful majority has attempted. But my position remains precarious and insecure, and some reform of the government will be necessary before parliament meets next January.”²⁵

Die strewe na hereniging wat sedert die uitsetting van genl. Hertzog uit die Botha-kabinet en die gevolglike skeuring in die S.A. Party onder Afrikaanssprekendes aanwesig was,

23. Coetzee, op. cit., p. 142; en Die begroting ontleed, uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party, p. 13. Brief van genl. Hertzog aan genl. Smuts gedateer 26.3.1920 i.s. voorwaardes waaronder die Nasionale Party bereid is om 'n koalisie-regering met die S.A. Party te vorm.

24. Crafford, F.S., Jan Smuts, a biography, p. 193. Sien ook Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog, p. 82.

25. Hancock, Smuts: The fields of force ..., p. 31.

is opnuut deur die uitslag van die 1920-verkieping aangewakker. 'n Herenigingskongres is op 26 en 27 Mei 1920 op Robertson gehou en dit het die weg voorberei vir 'n daaropvolgende kongres wat op 22 en 23 September in Bloemfontein gehou is. Geen basis vir hereniging tussen die S.A. Party en die Nasionale Party kon egter gevind word nie. F.S. Malan, Minister van Mynwese en Nywerheid, Onderwys en Landbou, het aan die einde van die kongres daarop gewys dat „het voornaamste verschil draait hierop neer. De andere kant staat er op, dat het ideaal van afscheiding van Engeland in het programma van de herenigde partij opgenomen zal worden en wij zijn niet bereid daarin toe te stemmen.“²⁶

Hoewel die onafhanklikheidstrewes één van die belangrikste grondslae van die Nasionale Party se program van beginsels uitgemaak het, was die party bereid om die verkryging van hierdie ideaal ter wille van hereniging tydelik op die lange baan te skuif, maar die beginsel moes ten minste in die nuwe program van beginsels erken word. Hiertoewou die S.A. Party nie instem nie. Die rede vir die mislukking van hereniging was dus die vraagstuk van soewereine onafhanklikheid, afskei van die Britse Ryk, as einddoel van Suid-Afrika se staatkundige ontwikkeling.²⁷

Genl. Smuts het na die mislukte herenigingskongres in 'n omsendbrief aan die hoofkomitee en distriksbesture van sy party, sy planne vir die toekoms uiteengesit. Hy het die onafhanklikheidstrewes van die Nasionale Party as 'n gevaarlike dwaalweg, 'n verkragting van die Unie-grondwet en 'n verbreking van die goeie trou tussen rasse bestempel. Hy wys daarop dat die S.A. Party se weg uit sy politieke moeilikhede hereniging met die Nasionale Party of uitbreiding van sy gelede was. Hereniging het misluk en die enigste alterna-

26. Het herenigingskongres. Stenografies en officieel verslag. Oorzaken van de mislukking van hereniging, p. 20.

27. Coetzee, op. cit., p. 145-147.

tief was dus uitbreiding. Aangesien die Nasionaliste vasbeslote was om met hul republikeinse propaganda voort te gaan, die vuur van afskeiding aan te blaas en die blanke rasse uitmekaar te jaag, bly daar vir die besadigde element niks anders oor as om saam te staan en dié soort politiek te beveg nie. Hy meen dat 'n beroep op al die gematigde Suid-Afrikanners, ongeag ras of party, gemaak moet word om saam te staan en aan te sluit by 'n nuwe sentrale politieke party wat sterk genoeg sou wees om die blywende belange van die Unie teen die verbrokkelings- en vernietigingspolitiek van die Nasionale Party te handhaaf.²⁸

Sir Thomas Smartt, leier van die Unionisteparty, het dadelik sy steun aan die oproep toegesê.²⁹ Genl. Smuts het besef dat al sy ondersteuners nie vir samewerking met die Unioniste te vinde was nie. Op 25 Oktober skryf hy aan vriende: „My people are full of fears if the Unionists join us as a body as I think they will do. But I do not see any other exit out of the present political troubles. I cannot go on with 40 members in a house of 134. If I fail now it means that I am going to be scrapped politically. If I succeed, South African politics will have made a great step forward on the path of racial unity and nationhood.”³⁰

Die S.A. Party het 'n buitengewone kongres op 27 Oktober gehou om die saak te bespreek. Volgens genl. Smuts was die Nasionale Party se hoofdoel, afskeiding van die Britse Ryk. Waar die Nasionaliste se slagspreuk is: „S.A. 'n Republiek,” is die S.A. Party s'n: „S.A. 'n nasie.” Hy het verklaar dat sy party se hoogste ideaal die nasionale eenheid van Suid-Afrika is. „Ons sê: Soek eers die vorming van 'n ware S.A. nasie, en al die ander dinge, selfs die uiteindelijke onafhanklikheid, sal ons toegeworpe word.” Genl. Smuts het aan-

28. Die Burger, 30.9.1920.

29. Die Burger, 4.10.1920.

30. Hancock, Smuts: The fields of force ..., p. 33. Brief aan M.C. Gillett.

gevoer dat die Nasionale Party 'n suiwer rasseparty is en dat sy sesessiebeleid vir volkseenheid fataal is. Hy het gewys op die gevare wat die land bedreig en op die ekstremistiese elemente onder die bevolking wat al hoe sterker word en wat ook die naturelle onrustig maak. Sy standpunt was dat hereniging met die Nasionale Party onmoontlik is en finaal deur die Bloemfonteinse kongres beslis is. Hy het sy oproep om 'n sterk party waarin almal saam kan werk tot heil van Suid-Afrika herhaal. Genl. Smuts het daarin geslaag om al die vooroordele van sy partygenote uit die weg te ruim en die kongres het die uitbreiding van die party op grond van sekere grondbeginsels eenparig aangeneem.³¹

Die Unionisteparty het genl. Smuts se verwagtinge nie teleurgestel nie. Na 'n buitengewone kongresbesluit op 2 November en ná onderhandelinge met die S.A. Party, het die Sentrale Bestuur van die party op 24 November aangekondig dat hy in sy geheel met die S.A. Party gaan saamsmelt.³² Die gevolglike ontbinding van die Unionisteparty en sy oplossing in die S.A. Party was volgens genl. Smuts 'n teken dat die rassepolitiek nou laat vaar is en dat 'n nuwe tydperk van nasionale politiek aangebreek het. Hy het verklaar dat die verskillende rasse in Suid-Afrika nog altyd met 'n soort politieke toutrekkery besig was, maar dat hulle nou die toekoms op die basis van politieke gelykheid tegemoet gaan.³³ Hy het ook verklaar dat die samesmelting vir hom die grootste vreugde van sy politieke loopbaan besorg het.³⁴

Vir die Nasionale Party was genl. Smuts se aanbod van selfsprekend onaanvaarbaar want die reg tot soewereine onaf-

31. Die Burger, 28.10.1920. Verslag van toespraak; The Round Table, vol. 42, pp. 429-431; en Coetzee, op. cit., p. 158.

32. Die Burger, 3.11.1920 en 25.11.1920; en The Round Table, vol. 42, pp. 431-434.

33. Die Burger, 2.12.1920. Verslag van toespraak in Johannesburg.

34. Die Burger, 27.1.1921. Verslag van toespraak in Kaapstad.

hanklikheid is steeds nie erken nie. Die Nasionaliste het die mislukking van die herenigingskongres betreur³⁵ en het besef dat hereniging met die nuwe S.A. Party nie meer moontlik was nie, want „die S.A.P. van 1910 is dood, en welke naam ook die S.A.P. van 1920 mag dra, geen ander gees sal weer deur haar geadem word dan die van die Smartt-Smuts Imperialisme" nie en „dit sal net een geloofsartikkel aanhang en dit is om alles wat nasionaal is te beveg."³⁶

Die oproep om 'n gematigde party te stig, was slegs 'n rookskerm waaragter genl. Smuts die samesmelting met die Unioniste wou verberg. Die waarde wat albei partye aan die bande met die Britse Ryk geheg het en die onafhanklikheidsstrewes van die Nasionale Party, het hulle al sedert die Botha-Hertzog-krisis geleidelik na mekaar gedryf. Genl. Botha was skynbaar net bereid tot informele samewerking, maar ná sy dood het genl. Smuts geleidelik die weg vir samesmelting begin voorberei.³⁷ Die vraag ontstaan dus of genl. Smuts, ten spyte van al die herenigingspogings, ooit werklik met die Nasionale Party wou herenig. Hy het openlik verklaar dat hereniging van die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party oorheersing deur die Afrikaanssprekendes oor die Engelssprekendes sou meebring en 'n terugkeer na reaksionêre rassepolitiek sou beteken - iets wat hy tot elke prys wou vermy.³⁸ Daarom verklaar hy ook dat die mislukking van die herenigingskongres 'n belangrike keerpunt in die politieke geskiedenis kenmerk.³⁹

Met die S.A. Party en die Unioniste nou verenig het genl. Smuts 66 setels teenoor die 65 setels van die Nasionale Party en die Arbeidersparty in die Parlement gehad. Hy

35. Kongresnotule van die Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat, 19-20.10.1920, pp. 22. Byvoegsel tot die jaarverslag van die Federale Raad.

36. Ibid., pp. 10-11. Verslag van die Sentrale Bestuur.

37. Coetzee, op. cit., pp. 154-157; en Van der Schyff, op. cit., p. 168.

38. Hancock, Smuts: *The fields of force* ..., p. 31.

39. *Die Burger*, 28.10.1920. Verslag van toespraak op kongres van die S.A. Party.

was dus nog van die drie onafhanklikes se stemme afhanklik indien die Nasionaliste en Arbeiders hul stemme teen hom sou verenig - iets wat dikwels gedurende die sitting gebeur het. Die afvalligheid van adv. M. Alexander, Unionis en lid vir Kaapstad-Kasteel, en J.L. Schurink, Volksraadslid van die S.A. Party vir Lydenburg, weens die samesmelting van die twee partye, het genl. Smuts se posisie benard gemaak.⁴⁰ Gevolglik het hy op 26 November aangekondig dat met die oog op die bestaande politieke toestand, die Parlement op 31 Desember ontbind en dat 'n algemene verkiesing op 8 Februarie 1921 gehou sou word.⁴¹ Genl. Smuts het waarskynlik gehoop dat hy van die Arbeidersparty se setels sou kon verower en sy eie party versterk.⁴² Hierdie aankondiging is deur al die partye verwelkom met uitsondering van die Arbeidersparty, wat nie die noodsaaklikheid van 'n verkiesing kon insien nie.⁴³

Die Burger was van mening dat dit niks meer as reg was dat daar opnuut 'n beroep op die volk gedoen word, nadat die politieke situasie só verander net nie. Volgens die redakteur sou die verkiësing oor twee sake beslis word. Eerstens of Suid-Afrika tot nouer aaneensluiting met die Britse Ryk bereid is. „Sal ons 'n radjie word van die Britse oorlogswa, of sal ons ons posiesie as selfstandige staat in die volkery inneem?“ En tweedens wat die binnelandse politiek betref, of die land se natuurlike hulpbronne in belang van die Suid-Afrikaanse volk of in belang van vreemde kapitaliste ontwikkel sou word. „Ons huldig die beginsel dat ons ontwikkeling

40. Die Burger, 27.11.1920. Hoofartikels. Schurink was sedert 1915 Volksraadslid van die S.A. Party vir Lydenburg en hy het in 'n toespraak op Lydenburg hom sterk teen die amalgamasie van sy party met die Unioniste uitgespreek. Sien Die Burger, 27.11.1920. Verslag van toespraak. Adv. Alexander was Unionislid vir Kaapstad-Kasteel en het hom ook teen amalgamasie verklaar. Sien Die Burger 3.12.1920. Verslag van toespraak in Kaapstad.

41. Die Burger, 27.11.1920.

42. Die Burger, 24.12.1920. Hoofartikel.

43. The Round Table, vol. 42, p. 438; en Die Burger, 1.12.1920. Manifes van kol. Creswell.

ondergeskik moet gemaak word aan die belange van ons eie bevolking."⁴⁴

Genl. Smuts het sy verkiesingsveldtog op 3 Desember 1920 vanaf Pretoria geloods. In 'n reeks toesprake het hy sy program voor die kiesers gelê. Hy wys in die eerste plek daarop dat hy ná die vorige verkiesing geen parlementêre meerderheid gehad het nie en dat sy poging om 'n koalisieregering saam te stel, misluk het. Die pogings van die S.A. Party en die Nasionale Party om te herenig, het ook misluk weens die aandrag van die Nasionaliste dat hul beleid van soewereine onafhanklikheid en afskeiding van die Britse Ryk, in die konstitusie van die nuwe party opgeneem word. „For that reason hereeniging has failed, the smaller hereeniging which would have been confined exclusively to the people of the Dutch descent. But the Nationalist leaders could not frustrate a greater hereeniging, the coming together of all moderate patriotic South Africans, of whatever racial descent, who wish to join hands in order to develop South Africa into a greater country, the fitting home of a great United South African nation. In fact, their action has given a great impetus to the realisation of this ideal. Without the secession policy of the Nationalists and their efforts to break up the Union - to treat our Constitution as a scrap of paper, to sow division and dissention between the races, and to precipitate a crisis with the British Empire - we might perhaps have gone on the old basis of party politics for many years to come. But the secession movement has been like a flash of lightning on a dark night. It has made moderate people suddenly realise the dangers ahead which threaten the future peace and unity of South Africa."⁴⁵ Dit het gelei tot die amalgamasie van die Unionisteparty met die S.A. Party.

44. Die Burger, 16.11.1920 en 18.11.1920. Hoofartikels.

45. General Smuts begins the battle, pp. 1-5. Verslag van toespraak gehou op 3.12.1920 te Pretoria; en Die Burger, 4-6.12.1920. Verslag van dieselfde toespraak.

Genl. Smuts het ontken dat daar 'n sogenaamde „huwelik“ tussen die twee partye aangegaan is en dat die S.A. Party die beginsels van die Unionisteparty saam met sy eie aanvaar het. Die Unioniste het volgens hom onvoorwaardelik, sonder onderhandelinge en in 'n gees van patriotisme by die S.A. Party aangesluit. Hy noem dit 'n heilige verbond van vertroue en samewerking tussen rasse. Die samesmelting van die twee partye het gevolglik 'n nuwe politieke situasie laat ontstaan en die Eerste Minister meen dat dit nodig is dat die volk opnuut daarvoor geraadpleeg moet word.⁴⁶

Hierbenewens het die onverbiddelike standpunt van die Nasionale Party oor afskeiding van die Britse Ryk en sy republikeinse propaganda 'n verkiesing genoodsaak omdat hierdie beleid tot burgeroorlog sou lei. Volgens genl. Smuts beteken sesessie nie net afskeiding van die Britse Ryk nie, dit beteken ook skeiding tussen die Afrikaans- en Engelssprekendes in Suid-Afrika, afskeiding van een provinsie van 'n ander en dus verbrekking van die Unie. Dit beteken afskeiding vir die naturelle, wie se gehegtheid aan die Britse konneksie histories geword het. Verder sal dit buitelandse beleggers afskrik en die nywerhede ernstig strem. Dit beteken isolasie, verval en selfmoord vir die blanke bevolking van Suid-Afrika want die blankes sal 'n hopelose minderheid teenoor die swart rasse in die land wees. Hy verseker die kiesers dat die Nasionale Party, sodra hy 'n meerderheid in die Parlement het, hierdie sesessiebeleid sal uitvoer, ongeag die dreigende gevare en inwendige skeuring, selfs bloedvergieting, wat dit tot gevolg sal hê.⁴⁷

Genl. Smuts verklaar hom egter ten gunste van 'n onafhanklikheid wat op vriendskaplike voet en deur vriendskaplike samewerking met die Britse Ryk verkry is, sonder afskei-

46. General Smuts begins the battle, p.6.

47. Ibid., p. 5; en Die Burger, 29.12.1920. Verslag van toespraak op Carolina; Ibid., 13.1.1921. Verslag van toespraak op Zoekmekaar; en Ibid., 9.2.1921. Oproep van genl. Smuts.

ding van die Ryk. Volgens hom is dit presies die posisie waarin Suid-Afrika hom bevind het. Die land is ten volle onafhanklik met beheer oor sy binne- en buitelandse politiek. Alle onderhorigheid wat daar nog teenoor Engeland was, het met sy ondertekening van die vredestraktaat in 1919 teoreties verdwyn toe die internasionale status van die dominiums erken is. Binne 'n paar jaar sal alle onderhorigheid ook in die praktyk verdwyn. Hy wys ook op die talle voordele wat lidmaatskap van die Ryk vir Suid-Afrika meebring en besluit dat dit baie voordeliger en veiliger is om 'n vry en onafhanklike dominium binne die Ryk en op gelyke voet met Engeland te wees.⁴⁸

Genl. Smuts het aangevoer dat die Nasionale Party 'n nasionale opgewondenheid en 'n gevaarlike histerie van die Suid-Afrikaanse politiek gemaak het. Hul negosiegoed is rassehaat en afskeiding. Daar woed 'n stryd op lewe en dood tussen die Nasionale Party en die S.A. Party en die Arbeidersparty staan in hulle pad. Die Arbeidersparty is volgens die Eerste Minister 'n groep wat vinnig neig na 'n uiterste sosialistiese posisie en die verkondiging van 'n kruistog vir die nasionalisering van alle grond, myne, fabriek en nywerhede. Agter dié verregaande sosialisme staan die dreigende, groeiende spookgestalte van 'n internasionale Bolsjéwisme. Die blankes is in 'n hopelose minderheidsverhouding teenoor die naturelle en as die kommunistiese leer eers onder hulle posvat, kan dit groot probleme skep. Hy het kol. F.H.P. Creswell, leier van die party, daarvan beskuldig dat hy onbewustelik 'n bondgenoot van genl. Hertzog is, en die afskeidingspolitiek daardeur bevorder. Genl. Smuts het 'n beroep op die Arbeiders gedoen om sy party te steun.⁴⁹

Die Eerste Minister het aan die kiesers ook sy program

48. General Smuts begins the battle, pp. 7-10.

49. Ibid., pp. 14-15; en Die Burger, 27.1.1921. Verslag van toespraak te Kaapstad.

vir die ontwikkeling en vooruitgang van dié land voorgelê, maar dit beklemtoon dat die verkiesing nie daarvoor beslissal wôrd nie, aangesien sesessie die eintlike verkiesingsvraagstuk is. Sy regering sal die maatskaplike en ekonomiese vraagstukke van die land oplos; vrede tussen werkgewer en arbeider bewaar; die werkloosheidsvraagstuk oplos; meer aandag aan onderwys, boerdery, nedersetting en die oplossing van die naturellevraagstuk gee; nywerhede en immigrasie aanmoedig; meer spoorweë bou en groter markte vir Suid-Afrikaanse produkte in die buiteland soek. Die regering sal ook goedkoop elektriese krag aan die nywerhede voorsien.⁵⁰

Genl. Smuts het daarop aanspraak gemaak dat sy party die volksparty is en beter in staat is om die land te regeer.

"We are not the party for big capital or great financial interests. Neither are we the party for those who look forward to political and social revolution. We are not a mere conservative party, as the record of the Government for last session has abundantly proved. The Secessionists, the Bolsheviks, the unhappy forces of discontent bent on destroying the existing order of things either in a constitutional or economic sense - the exploiter and the profiteer bent on fleecing those who cannot protect themselves - all these must find their home in other parties."⁵¹

Genl. Smuts het 'n beroep op die volk gedoen om die gevare wat die land bedreig, af te weer. Volgens hom was dit meer as net 'n eleksie, dit was 'n groot nasionale beslissing, miskien die gewigtigste in die geskiedenis van Suid-Afrika.⁵²

Genl. Smuts het die volle steun van die Unioniste gehad. Sir Thomas Smartt het op al die lede en ondersteuners van die Unioniste-party 'n beroep gedoen om genl. Smuts en die ver-

50. General Smuts begins the battle, pp. 9-14.

51. Ibid., p. 10.

52. Ibid., p. 16; en Die Burger, 18.12.1920. Verslag van vergadering te Johannesburg.

grote Suid-Afrikaanse Party in sy stryd teen die Nasionale Party te steun.⁵³ Hy het verklaar dat as die Nasionale Party aan bewind kôm; „it means civil war, because we are not going to be dominated or ruled by the Dutch-speaking section of this country, which is aiming at nothing but ruin to this country.“⁵⁴ Sir Harry Hands verklaar ook op 'n vergadering in Kaapstad dat genl. Smuts nooit die Britse belange sou offer nie en „in Smuts was hun zaligheid gelegen.“⁵⁵

Die bewering dat die verkiesing om sesessie gaan, is heftig deur die Nasionaliste ontken. Die Federale Raad van die Nasionale Party onder voorsitterskap van sy leier, genl. J.B.M. Hertzog, het in Desember 'n verklaring uitgereik waarin sy standpunt oor die konstitusionele betrekkinge tussen die Unie van Suid-Afrika en Brittanje in 23 punte duidelik uiteengesit is: „(1) Ieder volk het in die voorsieningheid van die Almagtige 'n aangebore en onvervreembare reg om hom te ontwikkel en deur die nodige mate van beskawing sy soewereine onafhanklikheid te verkry, en dus mondig te word. (2) Die enigste en hoogste vryheid vir 'n mondig volk is sy eie vryheid, d.w.s. die reg om sy eie regeeringsvorm te bepaal en dit desnoods te wysig of verander. (3) 'n Volk is dus nie werklik mondig nie tensy dit soewereine onafhanklikheid, afgeskei van enig ander volk, geniet. (4) Die Verenigde Koninkryk, wys geword deur die Amerikaanse vryheidsoorlog, en handelende op grondbeginsel No. 1, erken al vir 80 jaar en meer die reg van 'n Britse Kolonie met selfbestuur (en des te meer van die Dominiums) om vreedzaam en konstitusioneel af te skei van die Verenigde Koninkryk. In die woorde van die Britse Minister, mnr. Bonar Law, die Britse konnaksie hang af nie van Engeland nie, maar van dié wil en die wens van 'n Dominium self. (5) Dis dus heeltemal natuurlik

53. Die Burger, 29.11.1920. Oproep van sir Thomas Smartt.

54. Die Burger, 6.1.1921. Verslag van toespraak op Seymour.

55. Die Burger, 29.1.1921. Hoofartikel.

en strik konstitusioneel vir enige burger van die Unie om te strewe na 'n soewereine, onafhanklike Unie van Suid-Afrika, totaal afgeskei van die Verenigde Koninkryk of Britse Ryk, en om sy medeburgers te oortuig of probeer oortuig van die wenslikheid daarvan." Vir die afgelope 120 jaar strewe die Afrikaanssprekendes al na soewereine onafhanklikheid as 'n volksideaal. "(7) Die wil en wens van die Dominium van Suid-Afrika moet vry en onbelemmerd te kenne gegee word op die erkende konstitusionele en staatkundige manier, d.i. deur die stemgeregtigde burgers van die Unie. Gesond verstand en staatsmanskap skrywe voor, dat die kwessie van afskeiding (sesessie) nie verhaas of geforseer moet word nie, maar dat wanneer die geskikte tyd aanbreek dit spesiaal, en dit alleen sonder byvoeging van enige vraagstuk na die volk verwys sal word, sodat die kiesers hulle stem daarvoor kan laat hoor en hulle beslissing spesiaal en uitsluitend daarvoor by die stembus gee. Is daar 'n besliste meerderheid van die stemmende kiesers vir afskeiding, dan kan met billikheid gesê word dat die Dominium dit wil." Die Unie is teoreties - hoewel nog lank nie in die praktyk nie - gelyk met die Verenigde Koninkryk en het gevolglik die reg om af te skei. "Dis tog ongerymd om in een en dieselfde asem te sê dat ons gelyk met Engeland is maar ongeskik en onbekwaam vir soewereine onafhanklikheid. (16) Die beswaar, dat die Unie van 1910 'n heilige verbond was tussen Boer en Brit hou geen steek nie. Dit was eenvoudig 'n unifikasie van vier reeds bestaande Kolonies, en die dryfveer was meestal ekonomiese moeilikhede." Volgens Joseph Chamberlain was die keuse of nouer aansluiting of totale afskeiding van die dominiums. Suid-Afrika se deelname aan die oorlog het hom 'n bitter les geleer en daarom verkies hy afskeiding. Suid-Afrika ly ook deur sy ekonomiese verbintenis met Brittanje wat ná die oorlog ekonomies onstabiel is en as Suid-Afrika se agent in die wêreld optree. Dis dus noodsaaklik dat Suid-Afrika so gou moontlik ekono-

mies selfstandig word. „(23) Geen Konstitusie is 'n wet van Mede en Perse en onveranderlik nie. 'n Konstitusie word gemaak vir 'n volk, en nie 'n volk vir 'n konstitusie nie. Geen volk het hierdie beginsel meer gehandhaaf dan die Britse volk self nie.“⁵⁶

Die Federale Raad het die beskuldiging ontken dat die Nasionale Party sy houding oor onafhanklikheid en sesessie verander het; dat die party ten gunste van onmiddellike afskeiding is en dat hy 'n rasseparty is. Daar is baie van sy lede, veral aan die Rand, wat Engelssprekend is. Die party streef ook nie na 'n Hollandse of rasserepubliek nie. Hy streef wel daarna om die Afrikaners wat onnatuurlik van mekaar geskeur is, te herenig, maar gelykberegting vir Afrikaans- en Engelssprekendes word verseker. Die rede waarom die herenigingskongres misluk het, was die weiering van die S.A. Party om die sesessiereg te erken en onafhanklikheid as 'n beginsel of praktiese ideaal voor oë te hou. Die bewering van die S.A. Party dat die Unie reeds soewereine onafhanklikheid besit, of dit as deel van die Britse Ryk ooit kan verkry, is onwaar. Verder waarsku die Federale Raad teen die gevare wat al hoe groter word nou dat die Unioniste hulle meer as ooit tevore binne die geledere van die S.A. Party kan laat geld. Daar is die gevare van nouer aaneensluiting met Brittanje en die Britse Ryk, immigrasie op staatskoste om die Afrikaanssprekendes te oorstem; grondbelasting; hoër belasting vir boere; groter bydraes vir die Britse vloot; voortsetting van die roekelose finansiële en ekonomiese beleid van die regering; nadelige invloede van die kapitaliste en mynmagnate; die verkwisting in die Departement van Verdediging en die misbruik van die verdedigingsmag om seuns te denasionaliseer.⁵⁷

56. Verklaring van die Federale Raad van die Nasionale Party van Suid-Afrika oor die konstitusionele betrekkinge tussen die Unie en die Verenigde Koninkryk, en oor die Nasionale standpunt en optree dien-aangaande.

57. Ibid.

Die leiers van die Nasionale Party het in hul verkiesingstoesprake telkens die party se standpunt oor sesessie beklemtoon en die „sesessie-spook" uitgewys as 'n ou taktiek van genl. Smuts om stemme te werf.⁵⁸

Genl. Hertzog het verklaar dat die verkiesing hoofsaaklik om ekonomiese vraagstukke wentel. Volgens hom was die regering se imperiale politiek die oorsaak van al die ellende, agteruitgang en benarde ekonomiese posisie in Suid-Afrika. Dit is verantwoordelik vir die armoede, hoë lewenskoste, prysverhoging van winkelgoedere, agteruitgang van die boere, ontwrigting van die wisselkoers, gebrek aan buitelandse markte, druk op die handelstand, gebrek aan geld en krediet en druk op die banke. Suid-Afrika se produkte en grondstowwe word net in Engeland bemark en daar word nou gepoog om goedere van en na Suid-Afrika slegs op Britse imperiale skepe te vervoer en die volk nog verder uit te mergel. Daar word ook gepraat van 'n Imperiale Bank, wat die geld en geldmark van die Ryk sal beheer. „Met ander woorde, die bank-trust sal 'n ander monopolie wees, wat sal toesien dat vir soverre ons nog enige ekonomiese vryheid mag oorhou, ons finansieel hand en voet gebonde en oorgelewer sal word aan die Britse skeepvaart, aan die Engelse fabrikant en aan die Londense bankier.“⁵⁹

Genl. Hertzog het daarop gewys dat genl. Smuts se imperiale politiek deur die Unioniste versterk sal word en die Unie 'n weerlose prooi van imperiale handelsbelange en imperiale hebsug sal maak. „In naam van die volk van Suid-Afrika protesteer ek, en behoort deur ieder Afrikaner, van welke ras of taal ook protesteer te word, teen die medepligtigheid

58. Die Burger, 10.12.1920. Manifest van genl. Hertzog; en Die Burger, 9.12.1920. Verslag van toespraak van adv. Roos in Johannesburg.

59. Die Burger, 9.12.1920. Verslag van toespraak op Brandfort; en Ibid., 10.12.1920. Manifest van genl. Hertzog. 'n Getikte kopie van die manifest is in die C.R. Swart-versameling.

van ons Regering in die samespanning tot ons ekonomiese ondergang Die stryd om die behoud van ons ekonomiese bestaan is vandag in die weegskaal, en van u en my sal dit by die volgende verkiesing afhang, of die toekoms van Suid-Afrika sal wees die gebuite prooi van die Empire of die geliefde en welvarende vaderland van die volk van die Unie."⁶⁰

Genl. Hertzog was geensins verbaas dat die Unioniste kon verklaar dat hulle geen beginsels prysgegee het deur met die S.A. Party saam te smelt nie. Die rede is dat die beginsels van die S.A. Party so vaag is dat dit deur elkeen aangeneem kan word. Die Unioniste neem nou hierdie beginsels oor maar hoef glad nie van hul eie af te sien nie en sal sorg dat hul eie beginsels uitgevoer word. Genl. Hertzog het daarop gewys dat hereniging met die S.A. Party nou nie meer moontlik is nie. Vroeër het die twee partye nie veel in beginsel verskil nie, hoofsaaklik net in hul metodes. Die S.A. Party het egter geleidelik nader aan die Unioniste beweeg en is nou binne in die kraal van die Unioniste. Van dié kraal sal hulle na die slagpale gaan, want as genl. Smuts se ondersteuners eers in die kraal is, sal hulle Unioniste bly. „As 'n man hom eenmaal los skeur van sy volk, dan doen hy dit met 'n gevoel van vervreemding wat versterk word. So iemand word nie alleen 'n ondersteuner van die ander ras nie, maar 'n bitter ondersteuner.“ Die S.A. Party en die Unioniste sal voortaan sy aan sy vir die handhawing en voortsetting van die imperiale politiek, ten koste van Suid-Afrika, stry. „Elkeen het die reg om imperialis te wees, maar die vraag is of dit reg teenoor Suid-Afrika en die volk is.“⁶¹

Genl. Hertzog het daarop gewys dat genl. Smuts probeer om die aandag van die ekonomiese vraagstukke af te trek deur te verklaar dat die verkiesing oor sesessie gaan. Hy het ontken dat dit die strydvraag is of dat die Nasionale Party

60. Ibid.

61. Ibid.

dit ooit 'n verkiesingsvraag sal maak. Hyself is oortuig dat 'n republikeinse regeringsvorm die beste vir die land is en dit gaan nog eendag kom. Daar is egter 'n tyd vir alles en hy sal 'n republiek nie op die volk afdwing nie. Die belange van Suid-Afrika vereis 'n vriendskaplike verkeer met Engeland maar dit is geen rede waarom die land oor Suid-Afrika moet baasspeel nie. Die Nasionaliste reken dat hulle net so vry moet wees as elke ander nasie. Engeland word gerespekteer sonder Suid-Afrika. Suid-Afrika wil ook gerespekteer word en die Engelse het geen reg om dit te belet nie.⁶²

Genl. Hertzog het ook die beskuldiging dat die Nasionale Party 'n rasseparty is, weerlê. Hy het dit genoem laaghartige en onverskillige aantygings wat bedoel is om die Engelssprekendes teen die Afrikaanssprekendes op te sweep. „Die uitgangspunt tog van die N.P. waarop haar gehele bestaan gegrondves is, en wat die grondrede is vir haar republikeinse beweging, is gelykheid. Omdat dit nie te kry was onder die oue S.A.P.-regering nie, is die N.P. ontstaan; en omdat na die mening van Nasionaliste die gelykheid nooit verkry sal word solang as die Britse konneksie voortduur nie, het die Nasionale Party dit sig as praktiese ideaal gestel om van die konneksie bevry te raak..... gelykheid tussen Brit en Boer is nie slegs haar eleksieleuse van vandag nie: dit is die siel sowel van haar ontstaan as van haar bestaan.“⁶³

Dr. D.F. Malan, Kaaplandse leier van die Nasionale Party, kon weens siekte sy verkiesingsveldtog eers op 11 Januarie met 'n toespraak in Malmesbury inlui. Volgens hom was die verkiesing van buitengewone belang en hy het verwag dat die gevolge belangriker sou wees as enige ander politieke stryd in die verlede. Sy duidelike uiteensetting van die politieke situasie en die plek van elke party daarin, kon geen twyfel meer oor die Nasionale Party se standpunt laat

62. Ibid.

63. Ibid.

nie. Hy voer aan dat die beroep wat genl. Smuts op die kiesers doen om sesessie te verwerp, onnodig is. Dieselfde beroep is nege maande gelede ook gedoen en die uitslag is deur die regering en die koerante wat hom ondersteun, as 'n besliste oorwinning oor republikanisme begroet, want volgens hulle het 90 uit 134 kiesafdelings hulle teen republikanisme uitgespreek. Waarom nou weer ná so 'n ondubbelsinnige beslissing na die volk gaan? Die Nasionale Party het intussen niks gedoen om die doellose en luidrugtige beroep te regverdig nie. Hy het nie eens geprobeer om die afskeidingskwesie in die Parlement te bespreek nie. Verder was die Nasionale Party selfs bereid om die saak agterweë te laat ter wille van 'n koalisie-regering met die S.A. Party. Daarby het genl. Smuts 'n waarborg teen afskeiding in die samestelling van die Senaat, waar die Nasionale Party oor slegs 13 uit 40 senatore beskik.⁶⁴

Die verkiesing is volgens dr. Malan uitgeskryf omdat genl. Smuts se meerderheid in die Parlement te klein was en hy 'n gunstige atmosfeer wou skep waarin hy sy lank gekoesterde ideaal vir die amalgamasie met die Unioniste 'n vol-donge feit kon maak. Hy het besef dat die amalgamasie in gewone omstandighede sy party duisende aanhangers sou kos. Dit is dus vir eie politieke gewin dat hy die afskeidingspaaiboelie gebruik. Volgens dr. Malan moet die verkiesing oor drie vraagstukke beslis word, nl. die politieke, ekonomiese en imperiale. Op politieke gebied moet die volk oor die amalgamasie van die S.A. Party en die Unioniste-party uitspraak gee. Die bewerings dat die Unioniste as massa bekeer is, is belaglik. Die S.A. Party beweer dat die Unioniste bekeer is, maar nog nie een Unionis het dit self gesê nie. Wat hulle wel aanvoer, is dat hulle nie hul beginsels opgeoffer het nie en dat hulle nou hul ideale gouer en beter

64. Die Burger, 12.1.1921. Verslag van toespraak op Malmesbury.

binne die S.A. Party kan verwesenlik. Die Unioniste het wel hul party verloor, maar die S.A. Party het sy politiek verloor. Dr. Malan het daarop gewys dat die Nasionale Party geen rasseparty is nie, want hy staan vir 'n beginsel en almal wat wil saamwerk is welkom, afgesien van kleur of ras.

„Die opoffering van beginsel waar land en volk betrokke is, is onder geen omstandighede te regverdig nie.“ Daarom is die amalgamasie ook nie te regverdig nie, al word die troueloosheid daarvan bedek deur dit aan ware ideale en soetklinkende sinne van kónsiliasie en nasionale eenheid te koppel.⁶⁵

Wat die ekonomie betref, moet die volk uitspraak gee oor die optrede van die regering wat grotendeels verantwoordelik is vir die industriële, finansiële en landboukrisis waarin die land gedompel is. Die haglike lot van 'n groot deel van die boerebevolking en van die nywerhede is 'n regstreekse gevolg van die imperialisme van die regering. Dan probeer die regering nog Britse werkloos na Suid-Afrika lok terwyl baie Afrikaners werkloos is.⁶⁶

Dr. Malan wys verder op die belangrikheid van die imperiale vraagstuk aangesien daar met die Imperiale Konferensie eerskomende Junie en gedurende die volgende Parlementsitting die kwessie van nouer imperiale aaneensluiting al dan nie, beslis sal word. Die volk moet dus besluit of hy vir eens en vir altyd gekoppel gaan word aan 'n stelsel wat Suid-Afrika se belange aan dié van die Ryk ondergeskik sal maak. Dit sal die Unie in die meeste oorloë van die wêreld insleep en sal hom 'n blote speelbal van Europese politici en militariste maak. Die Nasionale Party erken geen ander band tussen die verskillende dele van die Ryk as slegs die gemeenskaplike koningskap, sonder om daardeur te verstaan dat daarmee enige verpligting gepaard gaan. 'n Vrywillige verbond met

65. Ibid.; en Die Burger, 20.1.1921. Verslag van toespraak op Clanwilliam.

66. Die Burger, 12.1.1921. Verslag van toespraak op Malmesbury.

Engeland en die ander dominiums en imperiale raadpleging waar gemeenskaplike belange dit vereis, is nie uitgesluit nie. „Noem hierdie politiek afskeiding as u dit verkies, maar ek noem dit vrye, natuurlike en onbelemmerde ontwikkeling van ons grondwetlike vryhede in ooreenstemming met die beginsel: S.A. eerste.”⁶⁷

Die Nasionale Party van Transvaal het aan die begin van Desember sy manifest gepubliseer. Daarvolgens sou hy hom beywer vir hereniging op die Robertson-basis; vir ekonomiese onafhanklikheid deur die herstel van die wisselkoers en die aanmoediging van nywerhede; die soewereine onafhanklikheid van die land; die segregasie van naturelle en repatriasie van Indiërs.⁶⁸ Die party se leier in Transvaal, adv. Tielman Roos, het verduidelik dat die Nasionale Party met sy afskeidingspolitiek beoog om die bevolking te oortuig dat hulle alleen d.m.v. 'n republiek 'n selfrespekterende bevolking in 'n vry land kan word, dat hulle slegs deur afskeiding ten volle ekonomiese onafhanklikheid kan bereik en dat hulle alleen daardeur geldelike depressie en bankrotskap kan vermy. Adv. Roos voorsien dat dit nog baie jare sal duur voordat die volk bereid sal wees om 'n republiek te aanvaar. Die groei van die Nasionale Party sal egter 'n aanduiding wees van die groei van die republikeinse strewende. Hy het beklemtoon dat 'n republiek op konstitusionele manier verkry sal word en nie op die volk afgedwing sou word nie. „Alleen 'n dwaas sou probeer sy volk in die harnas te ja; alleen 'n dwaas sou die teenwoordige konstitusie afbreek, want al ons reg en aanspraak op onafhanklikheid vloei uit die dokument wat ons 'n selfregerende land maak.” Adv. Roos het genl. Smuts beskuldig van politieke oneerlikheid. Hy wou kastig met die Nasionale Party herenig, maar kort na die mislukking van die herenigingskongres, verenig hy met sir Thomas Smartt,

67. Ibid.

68. Die Burger, 7.12.1920.

wat op politieke gebied v^{er} verwyder van die S.A. Party is. Hy het die kiesers gewaarsku dat die nuwe Smuts-Smartt-party die nek van die Afrikanerdom sal probeer breek. Die Unioniste sal die sterkste element in die S.A. Party wees en die beleid bepaal. Adv. Roos verwys spottend na genl. Smuts se „Peoples' Party“, waarin die Jingo's die geld sal vat „en julle sal die ,people' bly.“⁶⁹

Die Arbeidersparty het die verkiesing gesien as 'n poging van genl. Smuts, onder druk van die Unioniste, om die setels wat die Arbeidersparty in die vorige verkiesing verower het, weer van hom te herower. Kol. F.M.P. Creswell, leier van die party, het verklaar dat die enigste doel van die verkiesing is om van die Arbeidersparty ontslae te raak. Hy het genl. Smuts se bewerings dat die Grondwet bedreig word, ontken en verklaar: „Die Arbeidersparty is verplig die teenwoordige Konstitusie staande te hou, maar hy weier en sal bly weier om die konneksie met Brittanje en die Uniewet te vereenselwig met die oorheersing van ons Parlement deur die uitbouter en woekerwinsnaker.“⁷⁰ Die Arbeidersparty sal nie toelaat dat die konstitusionele vraagstuk gebruik word om die belange van die bevolking van die land te verwaarloos nie. Kol. Creswell het aangevoer dat die verkiesing nie oor die konstitusionele vraagstuk gaan nie, maar wel oor die ekonomiese. Hy het ook ontken dat daar enige verband tussen sy party en die Nasionale Party bestaan.⁷¹

Die Nasionale Party en die Arbeiders het albei dus die klem op ekonomiese vraagstukke laat val. Die Burger het 'n beroep op sy lesers gedoen om in die kiesafdelings waar geen

69. Die Burger, 9.12.1920. Verslag van toespraak in Johannesburg; Ibid., 15.12.1920. Brief van Roos oorgeneem uit Ons Vaderland; en Ibid., 20.12.1920. Verslag van toespraak op Potchefstroom.

70. Die Burger, 1.12.1920. Verkiesingsmanifes van kol. Creswell.

71. Ibid.; Die Burger, 22.12.1920. Verslag van toespraak in Johannesburg; Ibid., 3.2.1921. Verslag van toespraak in Durban; Ibid., 4.2.1921. Verslag van toespraak in Pietermaritzburg; en The Round Table, vol. 42, pp. 439-440.

Nasionale kandidaat staan nie, vir die Arbeidersparty te stem. „Wij weten drommels goed wat ons bedreigt van de kant van een Smutsregering en de enige redding ligt op het ogenblik in het voorkomen van een uitwissing van de Arbeiderspartij." Die redakteur was van mening dat genl. Smuts met sy kreet van sesessie en opsweping van die rassegevoel, slegs sy party sal kan versterk ten koste van Arbeiders. Indien die arbeiders nie behoorlik in die Parlement verteenwoordig is nie, sal geskille en botsings tussen arbeid en kapitaal net beslis kan word langs die weg van direkte optrede, d.w.s. deur stakings wat weer op hul beurt die ekonomie sal ontwrig. Hy meen dat 'n behoorlike getal Arbeiders in die Parlement sal verseker dat die konflikte op vreedsame en langs konstitusionele weg beslis sal word. Hoewel die Nasionale Party geen heil sien in die praktiese toepassing van die Arbeidersparty se sosialistiese dogmas nie, stem hy in baie opsigte met hom saam oor die reëling tussen kapitaal en arbeid.⁷²

Hoewel sy gesondheid reeds geknak was, het die vermaarde Boere-generaal C.R. de Wet die verkiesing as besonder belangrik beskou en met die oog daarop 'n boodskap aan sy mede-Afrikaners gerig: „Moontlik is dit my laaste boodskap aan u. Ons is aan die vooraand van 'n allergewigtigste dag in ons volksgeskiedenis; ek bedoel die 8ste Februarie, die dag waarop 'n groter slag sal gelewer word as enige slag tydens die Boere Oorlog. By my bestaan daar geen twyfel nie dat die Nasionale Party die enige demokratiese en volksparty is wat vandag in Suid-Afrika bestaan." Hy het die kiesers versoek om vir die Nasionale Party te stem „want dit is die party wat die volk instaat wil stel om die land en die kapitaal

72. Die Burger, 7.2.1921. Hoofartikel. 'n Korrespondent uit Natal het berig dat die stryd hoofsaaklik tussen die S.A. Party en die Arbeiders is en dat die paar honderd Nasionaliste wat verspreid in die verskillende kiesafdelings is, vermoedelik vir die beste van die twee „euwels", die Arbeidersparty, sal stem. Sien Die Burger, 10.1.1921.

te regeer en 'n ent te maak aan die teenwoordige toestand, waar die volk deur die kapitalis en imperialis geregeer word wie se hoogste ideaal sal wees om van Suid-Afrika 'n groot sterk welvarende volk en land te maak. By my is dit geen eleksiestryd nou nie, wat dergelike vraagstukke as die handhawing of afskeiding van die Britse konneksie moet besluis, maar om 'n ondergaande Suid-Afrika op ekonomiese sowel as op finansiële gebied te red. Bewys is gelewer en die dag is aangebreek dat dit nou hoog tyd is dat Suid-Afrika eerste, tweede en laaste moet wees en geensins langer nie ten koste van homself en ten bate en as speelbal van vreemde lande te dien nie."⁷³

Die verkiesingstryd was taai. Die belangrikheid van elke beskikbare stem is besef. Genl. Hertzog het die Vrystaat, Transvaal en die sentrale Karoo deurreis en vergaderings toegesprek terwyl adv. Tielman Roos baie bedrywig in Transvaal was en ook nog tyd gevind het om die Vrystaat te besoek. Dr. Malan het weens sy siekte eers teen die helfte van Januarie tot die stryd toegetree, maar nogtans sy deel in die Kaapprovinsie gedoen. Die ministers van die Smutskabinet het in baie kiesafdelings saam met die plaaslike kandidaat van die S.A. Party opgetree.⁷⁴ Genl. Smuts self het teen 'n veeleisende pas 'n groot aantal vergaderings dwarsoor die land toegesprek. Teen die einde van Desember het sy gesondheid al sorg gebaar en die laaste veertien dae van die verkiesingsveldtog het sy keel dikwels gebloei. „I am fighting [he told Alice Clark] for my political life. If beaten now I shall probably be beaten finally. For I have left no back door, no line of retreat."⁷⁵

Op 5 Februarie 1921 het genl. Smuts sy laaste oproep tot die kiesers gerig. Hy het verklaar dat hoewel die Nasionale Party probeer het om die beslissing oor sesessie uit

73. Die Burger, 21.1.1921.

74. Die Burger, 30.11.1920-7.2.1921. Verkiesingstryd.

75. Hancock, Smuts: The fields of force..., p. 34.

te stel, die volk nou finaal en vir altyd daarvoor uitspraak moet gee.⁷⁶ Die Burger het genl. Smuts se tydsberekening as 'n baie slim set beskou aangesien sy verklaring die platte-landse kiesers nie voor stembag sou bereik nie en gevolglik ook nie hul stemme sou beïnvloed nie. Dit was dus net vir die stedelinge bedoel. Die redakteur het daarop gewys dat genl. Smuts, deur te vra dat sesessie nou finaal beslis moet word, alle deure vir die ontwikkeling van Suid-Afrika na soewereine onafhanklikheid sluit. Die klousule in die S.A. Party se konstitusie dat geen beperking op die konstitusionele ontwikkeling van Suid-Afrika gestel moet word is, is dus 'n dooie letter.⁷⁷

Die uitslag van die stemming op 8 Februarie was 'n klin-kende oorwinning vir genl. Smuts en sy vergrote S.A. Party. Met 'n totaal van 78 setels uit 134 het sy party sonder twyfel in 'n sterk posisie verkeer. Die Nasionale Party het 44 setels en die Arbeidersparty 9 verower. Een onafhanklike is verkies.⁷⁸ In Marico en Witwatersberg was die stemming gelykop en 'n herverkieping is vir 9 Maart bepaal. Die uitslag in Witwatersberg het die Nasionale Party se totaal na 45 opgestoot⁷⁹ terwyl dié in Marico die S.A. Party se setels op

76. Die Burger, 8.2.1921 en 9.2.1921. Boodskap van genl. Smuts.

77. Die Burger, 7.2.1921. Hoofartikel.

78. Die Burger, 16.2.1921; The Friend, 17.2.1921. Die stempersentasie was 67.54. Sien Hancock, Smuts: The fields of force..., p. 34. Die onafhanklike wat onbestrede verkies is, was adv. M. Alexander, die gewese Unionis wat as lid van die Konstitusionele Demokratiese Party verkies is. Sien Die Burger, 6.3.1922. Hoofartikel. Van die 134 setels was 12 onbestrede: vier in Kaapland, drie in Natal, vier in Transvaal en een in die Vrystaat. Almal was setels van die S.A. Party behalwe die onafhanklike in Kaapstad-Kasteel, 'n Arbeider in Jeppe en genl. Hertzog in Smithfield. Sien Ibid., 9.2.1921.

79. Die Burger, 11.3.1921. S.F. Alberts is met 'n meerderheid van 62 stemme verkies. Ons Vaderland noem Alberts die sleutelbewaarder van die konstitusie, want met 45 Nasionaliste in die Volksraad kan die S.A. Party en die Arbeidersparty tesame nie 'n tweederde-meerderheid vir die verandering van die Grondwet kry nie. Met 44 Nasionaliste sou dit wel die geval gewees het. Sien Ibid., 22.3.1921. Verstrek die mening van Ons Vaderland.

79 te staan gebring het.⁸⁰

Die S.A. Party het dus 'n totale wins van 13 op die totaal van die ou Unionisteparty en die S.A. Party se setels getoon. Daar was egter groot teleurstelling oor die verlies van Bloemfontein-Suid waar kol. D. Reitz deur dr. C.F. Steyn verslaan is en Potchefstroom, waar min. N.J. de Wet ook die knie voor 'n Nasionalis moes buig.⁸¹

Die Nasionale Party se wins was slegs een setel. Die party moes sewe setels afstaan⁸², maar het agt ander verower.⁸³ In Natal het die Nasionaliste vir die eerste keer daarin geslaag om 'n setel te verower, waar adv. E.G. Jansen met 'n meerderheid van drie stemme in Vryheid verkies is.⁸⁴ Dr. C.F. Steyn het in Bloemfontein-Suid en Vredefort gestaan en is in albei setels verkies maar hy het Vredefort bedank. Die Nasionale kandidaat J.H. Munnik wat in Brakpan verslaan is, is toe op 9 Maart in Vredefort onbestrede verkies.⁸⁵ Die Nasionaliste het rede vir tevredenheid gehad, want hoewel hulle totale getal setels met slegs een opgestoot is, het hulle nagenoeg 6,000 stemme meer as in die verkiesing van 1920 getrek.⁸⁶

Die Arbeidersparty het 'n geweldige neerlaag gely en

80. Die Burger, 12.3.1921. Die Nasionale kandidaat is met 80 stemme verslaan.

81. Die Burger, 9.2.1921. Hoofartikel; en The Friend, 9.2.1921. Hoofartikel.

82. Die setels was: Albert-Aliwal met 172 stemme, Oudts-hoorn met 115, Prieska met 18, Wodehouse met 62, Barkly met 57, Brakpan met 12 en Bloemfontein-Noord met 315 stemme. Eersgenoemde ses setels is deur die S.A. Party en laasgenoemde deur die Arbeidersparty verower. Sien Die Burger, 14.2.1921.

83. Die setels was: Betsjoeanaland met 38 stemme, Riversdal met een, Pretoria-Noord met 77, Potchefstroom met 50, Bloemfontein-Suid met 47, Witwatersberg met 62, Vryheid met drie en Fordsburg met 82 stemme. Eersgenoemde sewe is van die S.A. Party en laasgenoemde van die Arbeidersparty verower. Sien Die Burger, 14.2.1921.

84. Die Burger, 10.2.1921.

85. Die Burger, 10.3.1921.

86. Hancock, Smuts: The fields of force..., p. 30; Kongresnotule van die Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat, 11-12.10.1921. p. 7. Verslag van Sentrale Bestuur. Die Nasionale Party het in 1920 35.14% van die stemme getrek en in 1921 36.09%.

moes 12 van sy oorspronklike 21 setels afstaan. Die leier van die party, kol. Creswell, het sy setel Troyeville met 216 stemme teen 'n kandidaat van die S.A. Party verloor⁸⁷, en die onderleier T.C. Boydell het tydelik die parlementêre leierskap op sy skouers geneem.⁸⁸

Verkiesingshofsake het egter nog 'n verandering in die uiteindelige stand van partye gebring. Op 18 April het die hof beslis dat J. Stewart van die Arbeidersparty, en nie dr. J.C. Lownds van die S.A. Party nie, in die kiesafdeling Oos-Londen verkies is.⁸⁹ In Junie is P.G.W. Grobler, die Nasionale kandidaat, in Rustenburg met 'n meerderheid van twee stemme deur die hof verkose verklaar.⁹⁰ Die stand van partye was nou soos volg:⁹¹

	S.A. Party	Nas. Party	Arbeiders	Onafh.	Totaal.
TRANSVAAL	28	16	5	-	49
KAAPLAND	35	13	2	1	51
VRYSTAAT	-	16	1	-	17
NATAL	14	1	2	-	17
TOTAAL	77	46	10	1	134

Genl. Smuts se volstreekte meerderheid van 24 net na die verkiesing, het nou na 20 gekrimp. In die kiesafdelings Liesbeek en Kaapstad-Tuine was daar nog hofsake hangende, wat sou uitloop op twee volwaardige tussenverkiesings in September 1921.⁹²

Die verkiesingsuitslag is deur die leiers van die Nasionale Party deurgaans as gunstig beskou, hoewel baie verwag het dat hulle meer setels sou verower. Genl. Hertzog het verklaar dat die Nasionale Party ten spyte van sy stryd teen

87. Die Burger, 9.2.1921.

88. Grobler, op. cit., p. 345.

89. Die Burger, 16.3.1921 en 20.4.1921.

90. Die Burger, 8.6.1921. Aanvanklik was die Nasionale Party se minderheid een.

91. Gebaseer op syfers van Mulder en Cruywagen, op. cit., p. 123.

92. Sien Hoofstuk 7.

'n gekombineerde aanval van die ander drie partye, wat be-
gunstig is deur geheime partyfondse en verknoeide registra-
sielyste, nogtans baie goed gevaar het, hoewel nie so goed
as wat hy gehoop het nie.⁹³ Hy is egter bly dat sy party
nie aan bewind gekom het nie, want dan sou al die tekortko-
minge van die vorige regering op sy rekening geplaas word en
sou hy as gevolg daarvan die volgende verkiesing oor vyf
jaar verloor.⁹⁴ Genl. Hertzog het hom daarvoor verheug dat
die Arbeidersparty, wat volgens hom geen bestaansreg het nie
en wat 'n Unionisties-imperiale party is, hom te pletter ge-
loop het teen die nasionale rots van Afrikanerdom. Hy was
ook van mening dat dit aan die Nasionaliste te danke is dat
die Unioniste nou onder die krombers van die S.A. Party inge-
kruip het. Dit het ten minste verseker dat ultra-Unioniste
nou dood is. Hy het egter sy misnoeë uitgespreek met die
gevoelloosheid waarmee soveel Afrikaners die Unioniste geab-
sorbeer het.⁹⁵

Genl. Hertzog het verder die verkiesingstryd bestempel
as „die geweldigste en ook die mees gewetenlose poging nog
ooit hier aangewend met die doel om die Afrikanerdom te ver-
nietig.” Hy het egter die Nasionaliste se aandag gevestig
op die vermeerdering in stemme op die party uitgebring en
verklaar: „Die krag en vooruitgang van 'n party is te soek
nie in die toevallige uitslag van 'n eleksie nie maar in sy
bestendige stemkrag; en na daardie maatstaf beoordeel getuig
die afgelope verkiesings van 'n Nasionale vooruitgang wat
met die oog op die toekoms niks minder is nie as 'n volslae
oorwinning. Die Nasionale Party staan ewe onwrikbaar na as
voor die eleksies, en net soos lord Milner en die Britse re-
gering na die vredesluiting van 1902 sal generaal Smuts met

93. Die Burger, 11.2.1921. Verslag van toespraak in
Bloemfontein; en Ibid., 22.2.1921. Dankbetuiging
van genl. Hertzog.

94. Die Burger, 6.4.1921. Verslag van toespraak in Kaap-
stad.

95. Die Burger, 22.2.1921. Dankbetuiging van genl.
Hertzog.

sy Unioniste na die stembus van 1921 rekening moet hou met die onvernietigbare Afrikanerdom besiel met die kragtige ideale van 'n jong en selfbewuste volk."⁹⁶

Dr. D.F. Malan het geredelik toegegee dat die Nasionale Party se verwagting te hoog was en dat die teenstanders se krag onderskat is. Hy het in die uitslag aanduidings gesien dat die Nasionale Party nie meer uitsluitlik 'n landelike party is nie en dat dit ook in die groter stede posvat. Dr. Malan het daarop gewys dat hoewel die Nasionale Party nie die oorwinning behaal het nie - waaroor hy net soos genl. Hertzog baie bly is - die Party nog nooit so 'n groot mag in die land beklee het as na hierdie verkiesing nie. Die party was ook nog nooit so nodig as juis op daardie tydstip nie, „want orals dreig daar gevare van imperialiste wat nie die naam wil dra nie, maar des te meer in werklikheid die imperialisme beoog. Daar is 'n sterk strewe om die Suid-Afrikanners van hul erfdeel te beroof, om die Afrikaners agter te stel in alle moontlike opsigte en die brood uit die mond van ons kinders te neem. Daarom is die Nasionale Party meer as ooit geroepe om te waak teen hierdie gevare. Die Nasionalisme is dus nie 'n saak van sentiment alleen nie, maar 'n saak ook van ons daaglikse brood.” Dr. Malan het op die wonderbaarlike groei van sy party gewys en verklaar: „Die ware krag van die party te egter in sy beginsels. Selfs 'n minderheidsparty kan triomfeer deur die krag van sy beginsels, wat daaruit blyk dat die teenparty telkens weer verplig is om hulde te bring aan daardie beginsels.” Die Nasionaliste behaal een oorwinning na die ander omdat die S.A. Party al hoe meer van die Nasionale beginsels oorneem en omdat die Nasionale Party die hart van jong Suid-Afrika, die toekomstige regeerders van die land, verower. Die Nasionale Party het bewys dat hy die „beskermer en bevorderaar is van die siel van die volk wat net so onsterflik is as die siel van

'n mens." Verder stel hy die belange van Suid-Afrika eerste. Volgens dr. Malan is die ideaal van die Nasionale Party die strewe dat Suid-Afrika volkome homself moet wees en 'n eie gees en siel ontwikkel. "Ons leuse is : Suid-Afrika vir die Suid-Afrikaner. Langs daardie lyne sal die Nasionale Party voortgaan totdat ons beginsels ten volle getriomfeer het."⁹⁷

Adv. Tielman Roos het dit betreur dat die Unionistiese element in die S.A. Party die Arbeidersparty so 'n nekslag toegedien het. Dit bring mee dat die kapitaliste en imperia-
liste die land vir 'n verdere vyf jaar gaan regeer en dat die Nasionale Party indirek verswak is omdat hy nie so kragtig teen die kapitaliste kan optree as wat hy gehoop het nie.

"Uiteindelik natuurlik moet Nasionalisme segevier, maar intussen sal die posiesie moeilik en vernederend wees." Adv. Roos het voorsien dat die Afrikaanssprekende in die S.A. Party geleidelik by die Nasionale Party sal aansluit. Hy het ook die spot gedryf met die idee dat onafhanklikheidsideale by die stembus vernietig kan word en daarop gewys dat ideale sterker word met elke terugslag wat hulle kry. "Ons party ... sal voortgaan op sy weg en sal bewys hoe weinig waarde geheg moet word aan leuns van bloed en tranes, burgeroorlog en die opskeur van die konstitusie, waardeur 'n lafhartige deel van ons mense beweeg is om te stem teen hul eie beginsels."⁹⁸

In 'n onderhoud het C.W. Malan, Nasionale L.V. vir Humansdorp en organiserende sekretaris van die Kaaplandse Nasionale Party, redes verstrek wat na sy mening vir die sterk posisie van die S.A. Party verantwoordelik is: Die Unionistiese steun aan die S.A. Party; die mag en invloed wat Engelse winkeliers op hul skuldenaars het; die „bliksemsnel-

97. Die Burger, 5.5.1921. Verslag van toespraak op Beaufort-Wes; en Ibid., 4.7.1921. Verslag van toespraak op Somerset-Strand.

98. Die Burger, 12.2.1921. Dankbetuiging van adv. Roos aan sy kiersers; en Ibid., 16.2.1921. Berig oor brief van adv. Roos.

heid" van die verkiesing en die onkunde van die Afrikaanssprekende lid van die S.A. Party oor die koalisie met die Unioniste. Verder was daar die ineerstorting van die Arbeidersparty as gevolg van beloftes en bangmaakstories van genl. Smuts; wanvoorstellings oor die politiek van die Nasionale Party deur stories van bloed, tranes, burgeroorlog en bankrotskappe; die verklaring van die Prince Albert Friend⁹⁹ en die Masabalala-insident.¹⁰⁰ Die S.A. Party is ook gehelp deur sy sterk fondse, die verspreiding van groot hoeveelhede verkiesingslektuur en deurdat die verkiesing op die ou kieserslyste van twee jaar gelede gevoer is.¹⁰¹ Die S.A. Party kon die kiesers wat verhuis het, opspoor en na die stembusse aanry terwyl die Nasionale Party dit nie kon doen nie. 'n Ander faktor wat volgens hom 'n baie groot rol gespeel het, was die magtige kapitalistiese pers.¹⁰²

In Nasionale kringe is gevoel dat die Party deur gebrek aan registrasie en organisasie baie setels verloor het.¹⁰³ Dr. D.F. Malan het verklaar: „By die jongste ver-

99. Die koerant het die spoorwegarbeiders as dié bestempel en verklaar dat die diefstal deur spoorwegamptenare ruim voldoende sal wees vir die bou van 'n tweede spoor van Kaapstad na Johannesburg. Duisende eksemplare van die koerant is deur die S.A. Party onder die arbeiders versprei en voorgestel as 'n orgaan van die Nasionale Party. Die Nasionale Party het enige verband met die koerant ten sterkste ontken.
100. 'n Bekende natuurlik, Masabalala, wat stemme vir die Nasionale kandidaat op Uitenhage en Drieriviere gewerf het, het volgens Reuter op 'n vergadering op Enon verklaar dat as die Nasionale Party aan bewind kom, hulle die natuurlike sal bewapen met gewere, wat baie nuttiger sal wees as die kieres wat hulle in Port Elizabeth moes gebruik. Die Cape Times het die berig gepubliseer, ongeag beëdigde verklarings deur Masabalala en ander persone wat die vergadering bygewoon het dat die berig onwaar is. Sien Die Burger, 29.1.1921.
101. Die Volksblad het verklaar dat dit die Unioniste se geld is wat die verkiesing gewen het. Sien Die Volksblad, 15.2.1921. Hoofartikel. Sien ook Die Burger, 10.11.1922. Hoofartikel.
102. Die Burger, 16.2.1921. Verslag van onderhoud.
103. Die Burger, 11.2.1921, 12.2.1921 en 15.2.1921. Hoofartikels; Ibid., 12.2.1921. Verstrek die mening van Ons Vaderland; Ibid., 19.2.1921. Verstrek die mening van Der Nieuwe Tyd; Ibid., 12.2.1921-26.4.1921. Brieuwe, berigte en verslae van toesprake; en Die Volksblad, 11.2.1921. Hoofartikel.

kiesing is die Nasionale Party min of meer oorval en in sommige distrikte altans was hulle slapende. Hulle was te geneig om na die voorafgaande verkiesing te sluimer en te vergeet dat verkiesings by die registrasie en deur tussentydse organisasie gewen word.¹⁰⁴ Daar was veral groot teleurstelling oor die verlies van setels soos Oudtshoorn, Wodehouse, Aliwal, Prieska, Barkly en Brakpan.¹⁰⁵ Die redakteur van Die Burger was van mening dat die Afrikanervolk aan een groot gebrek ly wat in die Anglo-Boere-oorlog dikwels geblyk het: hy word telkens verras deur gebrek aan waaksaamheid en werksaamheid.¹⁰⁶ Volgens Die Volksblad het niemand werklik verwag dat die Nasionale Party die verkiesing sou wen nie, aangesien dit net elf maande ná die laaste verkiesing was en as die gebruikelike konserwatisme van die Afrikaner in ag geneem word, was 'n groot verandering in die plattelandse setels onmoontlik. Die redakteur kom tot die gevolgtrekking dat genl. Smuts die Arbeiders uitoorlê het. Hy was egter verlig dat die Nasionale Party nie nou die regering van die land op hom moes neem nie en dat „genl. Smuts self 'n kans kry om die land deur die modder van depressie te stuur, waarin hy ons gedompel het as 'n gevolg van sy politiek van geldverspilling.“¹⁰⁷ Ons Vaderland het daarop gewys dat die Arbeidersparty heen en weer tussen sy „mpaaiier-politiek en sy broodbegeerte“ rondgeslinger word. Die Nasionale Party moes „omtrent teen elke aardse mag veg en 'n heel party duiwelse magte“ maar die toekoms behoort aan hom.¹⁰⁸

Die uitslag van die verkiesing is deur die regeringspers en in die buiteland begroet as 'n mosie van volle vertroue in genl. Smuts en sy vergrote party, en in die behoud

104. Kongresnotule van die Nasionale Party van die Kaapprovinsie, 4-6.10.1921, p. 19. Verslag van toespraak.

105. Die Burger, 10.2.1921 en 11.2.1921. Hoofartikels.

106. Die Burger, 11.2.1921. Hoofartikel.

107. Die Volksblad, 15.2.1921. Hoofartikel.

108. Die Burger, 12.2.1921 en 16.2.1921. Verstrek die mening van Ons Vaderland.

van die bande met die Britse Ryk - 'n wins dus vir imperia-
lisme.¹⁰⁹

Genl. Smuts het verklaar dat hy nie alleen daarin geslaag het om die Nasionale Party te verslaan nie, maar om die twee blanke rasse in Suid-Afrika bymekaar te bring. Volgens hom het die skeidingsmure nou verdwyn en sal die regering nie net een deel van die bevolking verteenwoordig nie, maar rus op die verenigde wil van beide seksies van die blanke bevolking. „Die liefde vir die land wat aan die dag gelê is bewys dat dit seker is dat in die toekoms van ons Unie die bevolking as 'n geheel sal weet hoe om te handel as die natuurlike ontwikkeling van ons land in enige opsig bedreig word.“¹¹⁰

Volgens adv. M. Alexander, die enigste onafhanklike lid, was die resultaat van die verkiesing dat die magte van die demokrasie verswak is en die magte van die kapitalisme en republikaanse versterk is.¹¹¹

Die oorwinning van die S.A. Party was ten koste van die Arbeidersparty, wat tot 'n onbeduidende politieke mag gereduseer is.¹¹² Niemand het verwag dat die kombinasie van die S.A. Party en die Unioniste die Arbeiders op dié wyse sou uitklop nie.¹¹³ Daar was uiteenlopende menings oor die betekenis hiervan. Genl. Hertzog het dit verwelkom terwyl adv. Roos dit betreur het.¹¹⁴ The Friend het verklaar dat dit 'n duidelike bewys is dat daar in Suid-Afrika geen behoefte aan 'n Arbeidersparty is nie aangesien die grootste getal hande-

109. The Friend, 10.2.1921 en 12.2.1921. Hoofartikels; Die Burger, 14.2.1921 en 11.3.1921. Europese persmenings oor die verkiesing; en The Round Table, vol. 43, p. 704; Crafford, op. cit., p. 198.

110. Hancock, Smuts: The fields of force..., p. 34; Die Burger, 17.2.1921. Boodskap van dank aan die kiesers; Ibid., 11.3.1921. Verslag van toespraak op Stellenbosch.

111. Die Burger, 28.7.1921. Verslag van toespraak in Kaapstad.

112. Hancock, Smuts: The fields of force..., p. 35; en Blackwell, L., Back to Parliament, p. 105.

113. Die Burger, 9.2.1921.. Hoofartikel.

114. Supra, p. 34 en p. 36.

arbeiders nie-blankes is.¹¹⁵ Die Burger het weer gewaarsku dat genl. Smuts met vuur gespeel het toe hy die arbeiders oorreed het om vir die S.A. Party te stem. Die redakteur meen dat as die arbeiders nie behoorlik in die Parlement verteenwoordig is en hul belange en griewe nie genoeg aandag kry nie, dit maklik tot onrus en stakings kan lei, soos in Frankryk en Italië die geval was.¹¹⁶

Kol. Creswell het verklaar dat genl. Smuts die verkeerde hond doodgeslaan het. Hy het na die Nasionaliste gemik, maar die Arbeiders raakgegooi.¹¹⁷ Die redes waarom die Arbeidersparty soveel stemme verloor het, was veelvuldig.¹¹⁸ Eerstens was daar in die stede 'n groot persentasie kiesers wat aan geen party behoort het nie. In 1920 het die Arbeidersparty hulle stemme getrek met sy veldtog teen die verhoogde lewensduurte. In die afgelope Parlementsitting het genl. Smuts egter doeltreffende maatreëls deurgevoer om die lewensduurte te verlaag en baie ontevredenheid en griewe teen sy party uit die weg geruim. Die Arbeidersparty het ook prestige verloor deur sy houding in die Volksraad, waar hy die Nasionale Party dikwels teen die S.A. Party gesteun het.¹¹⁹ Verder het stories oor Bolsjewistiese wreedhede in Rusland die Unie bereik en konserwatiewe kiesers was skrikkerig om 'n party wat aan Bolsjewisme gekoppel en vermoedelik 'n groot aantal Bolsjewiste as lede gehad het, te steun. Die Arbeidersparty, gesteun deur die vakbonde, het ook voortgegaan om die sosialistiese eksperiment in Rusland te loof.¹²⁰

115. The Friend, 9.2.1921 en 14.2.1921. Hoofartikels.

116. Die Burger, 11.2.1921 en 15.2.1921. Hoofartikels.

117. Die Burger, 28.2.1921. Berig uit Transvaal. T.C. Boydell was van mening dat die verkiesing gewen is deur „money, misrepresentation and motor cars.” Sien Ibid., 26.8.1921. Verslag van toespraak in Kaapstad.

118. Die totale aantal stemme op die Arbeidersparty in 1920 uitgebring was 39,943 en in 1921 was dit 'n beraande 29,153. Dit is 'n vermindering 10,790 stemme en 11 setels. Sien Hancock, Smuts: The fields of force..., p. 30 en p. 35.

119. The Round Table, vol. 42, p. 438; en Ibid., vol 43, p. 698.

120. Pirow, op. cit., p. 82.

Genl. Smuts se „sesessiespook" het ook baie Arbeiderstemme aan die S.A. Party besorg.¹²¹ Boonop moes die Arbeidersparty nou na die amalgamasie van die S.A. Party en die Unioniste met 'n versterkte S.A. Party kragte meet.¹²²

Die uitslag van die verkiesing het bewys dat die Nasionale Party 'n konstante groei sedert die verkiesing van 1915 getoon het¹²³, en veral op die platteland veld gewen het.¹²⁴ Die S.A. Party het wel 77 lede in die Volksraad gehad, maar meer as die helfte daarvan was oud-Unioniste en Engelsspreekend.¹²⁵ Dit was dus duidelik dat die Unioniste die botoon in die nuwe party sou voer aangesien die beleid van 'n party deur die meerderheid van stemme in die koukus bepaal word.¹²⁶ Genl. Smuts se biograaf, W.K. Hancock, meen dat genl. Smuts homself gevlei het toe hy die verkiesing van 1921 bestempel het as die begin van 'n nuwe tydperk in Suid-Afrika. Hoewel dit nie so gelyk het nie, was sy posisie na die oorwinning baie onseker, waarskynlik weens die botsende elemente wat binne sy party gegroepeer was. Nogtans was die uitslag van die verkiesing 'n merkwaardige demonstrasie van genl. Smuts se politieke mag.¹²⁷

Met die samestelling van die nuwe kabinet het genl. Smuts drie Unioniste ingesluit. Hulle was sir Thomas Smartt,

121. Malan, op. cit., p. 75.

122. Kruger, D.W., The age of the Generals, p. 113.

123. In 1915 was die Nasionale Party se getal setels 27, in 1920 44 en in 1921 46. Volgens Die Burger is die Nasionale Party se vordering bestendig, solied en verrassend. Sien Die Burger, 14.2.1921. Hoofartikel. Sedert Maart 1920 het die party 'n vermeerdering van 6,495 stemme getoon. Sien Kongresnotule van die Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat, 11-12.10.1921, p. 7. Verslag van die Sentrale Bestuur.

124. Hancock, Smuts: The fields of force..., p. 35; en Die Burger, 10.2.1921.

125. Die Burger, 19.2.1921 en 21.2.1921. Hoofartikels. Hiervolgens was 52 Unioniste in vergelyking met die 27 Afrikaanssprekendes; en Ibid., 24.2.1921. Berig waarvolgens beweer word dat 50 Unioniste is en 29 lede van die ou S.A. Party. Die Volksblad verklaar dat 48 lede Unioniste is of Unionistiese beginsels handhaaf. Sien Die Volksblad, 15.2.1921. Hoofartikel.

126. Sien ook Die Burger, 6.12.1920. Hoofartikel.

127. Hancock, Smuts: The fields of force..., p. 35.

P. Duncan en J.W. Jagger.¹²⁸ Die kabinet het soos volg daar uitgesien:

- Genl. J.C. Smuts : Eerste Minister en Minister van Naturellesake.
- Sir Thomas Watt : Minister van Openbare Werke, Pos- en Telegraafwese.
- F.S. Melan : Minister van Mynwese en Nywerheid.
- Adv. H. Burton : Minister van Finansies.
- Adv. N.J. de Wet : Minister van Justisie.
- Kol. H. Mentz : Minister van Verdediging.
- Sir Thomas W. Smartt : Minister van Landbou.
- P. Duncan : Minister van Binnelandse Sake, Onderwys en Volksgesondheid.
- J.W. Jagger : Minister van Spoorweë en Hawens.
- Kol. D. Reitz : Minister van Lande en Besproeiing.¹²⁹

In die nuut saamgestelde Senaat het genl. Smuts, dank-sy die agt senatore deur die regering aangestel, oor 'n gerieflike meerderheid van tien beskik.¹³⁰

128. Oor Jagger het genl. Smuts by een geleentheid gesê: "God helpe het land als het lid voor Kaapstad Sentraal minister wordt, en God helpe de Afrikaner dan!" Sien Van Rozenburg, Jan [De Waal, J.H.H.], Die politieke posiesie korteliks opgesom, p. 4.

129. Die Burger, 10.3.1921; en Goosen, D.F. (red.), Die triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika, 1910-1958, pp. 51-52. Adv. N.J. de Wet het sy setel in die verkiesing verloor, maar is as senator gekies. Sien Die Burger, 24.2.1921. Kol. D. Reitz is in Bloemfontein-Suid verslaan, maar is kort daarna onbestrede in Port Elizabeth-Sentraal verkies in die plek van sir Edgar Walton wat as Hoë Kommissaris in Londen aangestel is. Sien Ibid., 28.2.1921 en 16.3.1921. Die Burger het daarop gewys dat niemand aan die vermoëns van die nuwelinge kan twyfel nie, hoewel hulle die getal imperialiste in die kabinet aansienlik versterk het. Sien Ibid., 10.3.1921. Hoofartikel.

130. Die Burger, 25.2.1921. Hoofartikel. Daar was 25 lede van die S.A. Party, 13 Nasionaliste en twee Arbeiders. Van die 25 senatore van die S.A. Party was 16 oud-Unioniste.

H O O F S T U K I IDIE STAKING VAN 1922 AAN DIE WITWATERSRAND

Een van die belangrikste gebeurtenisse in die nuwe bewindstydperk van die Smuts-regering was die staking van mynwerkers aan die Witwatersrand in 1922. Dit was veral belangrik weens die verreikende gevolge wat dit op die partypolitieke groepering in Suid-Afrika gehad het. Die gebeure aan die Rand moet gesien word teen die agtergrond van wêreldwye na-oorlogse ekonomiese toestande. Die Eerste Wêreldoorlog het feitlik die hele Europa in 'n naglike ekonomiese toestand gelaat, nie alleen weens ontwrigting en geweldige uitgawes nie, maar in 'n groot mate as gevolg van die ongedekte staatsuitgawes van die oorlogvoerende lande. Vredesluiting op 28 Junie 1919 het met 'n reeks ineenstortings van betaalmiddele gepaard gegaan, sodat baie lande se geld nie die papier waarop dit gedruk was, werd was nie.

Suid-Afrika het nie skotvry uit die oorlog gekom nie. Veral omdat hy ekonomies onlosmaaklik ingeskakel was met Brittanje, het hy nie die na-oorlogse verskynsels van inflasie en werkloosheid vrygespring nie.¹ Drastiese deflasionistiese maatreëls het nie gebaat nie en die Eerste Minister, genl. J.C. Smuts, skryf in September 1921: „Here our main problem is created by a drastic process of deflation; the banks have turned off credit on such a scale that there is not sufficient left for the business of the country.“ Hy sê verder dat die geldskaarste ernstige politieke onrus veroorsaak en dat hy daagliks afgevaardigdes uit alle dele van die land spreek wat hom nader om meer papiergeld te druk, om 'n moratorium in te stel en „for many other impossible things.“²

In hierdie stadium het die goudbedryf die ruggraat van die Suid-Afrikaanse ekonomie uitgemaak omdat dit die grootste bydrae tot die nasionale inkomste gelewer het en die land se

-
1. De Kock, M.H., Selected subjects in the economic history of South Africa, p. 132.
 2. Hancock, W.A., Smuts: The fields of force 1919-1950, p. 62.

grootste werkgewer³, die grootste verdiener van buitelandse valuta, die grootste invoerder en belegger van kapitaal, die grootste belastingbetaler, die vernaamste subsidieerder van landbou en die grootste stabiliserende faktor in 'n wisselende ekonomie was.⁴ Goud se posisie was egter nie onaantasbaar nie, want 'n oorlogtydse ooreenkoms met die Bank van Engeland waarvolgens alle Suid-Afrikaanse goud teen 'n standaardtarief gekoop is, het op 25 Julie 1919 verstryk en daarmee saam het die verbod op die vrye uitruiling van goud wat 'n noodsaaklike oorlogsmaatreël was, verval. Na die oorlog was die verkope van goud op die Amerikaanse wisselkoers gebaseer en dit in 'n tydperk toe die Engelse papierpond in terme van die Amerikaanse dollar skerp gedaal het. Die goudbedryf kon dus goud vir Amerikaanse dollar verkoop en dit het die prys van 77/10½d. per fyn ons tot 130/- in 1920 opgestoot.⁵ Hierdie toestand het egter nie lank geduur nie, want met die verbetering van die Britse wisselkoers en die gevolglike waardevermeerdering van die pond sterling en die Suid-Afrikaanse pond, het die goudprys geleidelik begin daal totdat dit in Desember 1921 95/- per fyn ons was.⁶ Alles het daarop gedui dat die goudprys besig was om na 'n normale posisie terug te sak.

Intussen het die produksiekoste van goud geleidelik begin styg. Waar dit in 1914 op 17/1d. per ton erts gestaan het, was dit in 1921 reeds 25/8d.⁷ Die verhoging was te wyte aan prysstygings van mynbenodigdhede en aan die hoë lone wat weens die styging in lewensduurte aan blanke mynwerkers betaal moes word.⁸

Die dalende goudprys en stygende produksiekoste het die voortbestaan van 'n groot aantal goudmyne, veral dié met 'n lae ertsgehalte, bedreig. Die sluiting van myne sou meebring dat duisende arbeiders in 'n tydperk van algemene werkloosheid, werkloos gelaat sou word.⁹

3. Volgens U.G.40-21, Annual reports of the Secretary for Mines and Industries and the Government Mining Engineer for the calendar year ended 31st December, 1920, p. 19 en U.G.31-22, Annual reports of the Secretary for Mines and Industries and the Government Mining Engineer for the calendar year ended 31st December, 1921, p. 5 het die goudmyne in 1920 aan 22,837 blankes en 184,971 nie-blankes en in 1921 aan 21,607 blankes en 181,323 nie-blankes werk verskaf.

4. Hancock, op. cit., p. 62.

5. Ibid., p. 64.

6. De Kock, op. cit., p. 253.

7. U.G.27-24, Annual reports of the Secretary for Mines and Industries and the Government Mining Engineer for the calendar year ended 31 December, 1923, p. xi.

8. Grobler, F.J., Die invloed van geskoolde blanke arbeid op die Suid-Afrikaanse politiek van 1836 tot 1924, D.Litt-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1968, p. 399.

9. Sien hoofstuk 5.

In Junie 1919 het die regering dan ook 'n kommissie aangestel om ondersoek in te stel na die goudmyne van 'n lae ertsgehalte wat teen 'n baie lae wins of teen 'n verlies ontgin word.¹⁰ In die verslag wat in Mei 1920 uitgebring is, word gemeld dat 21 myne teen 'n verlies werk en dat die produksiekoste drasties verminder moes word om die sluiting van hierdie myne wat werk aan 10,503 blankes en 81,734 nie-blankes verskaf het, te voorkom. Hoewel die kommissie nie eenstemmigheid oor 'n oplossing kon bereik nie, was die meerderheid se aanbeveling dat die kleurskeidslyn in die myne afgeskaf word sodat meer nie-blankes as ongeskoolde en halfgeskoolde arbeiders, teen heelwat laer lone as blankes, in diens geneem kon word.¹¹

Die gebruiklike kleurslagboom of beroepsverskansing is deur mynregulasies vasgelê wat op die Wet op Myne en Werke van 1911 gebaseer is. Daarvolgens kon sekere beroepe, hoofsaaklik geskoolde en halfgeskoolde werk, slegs deur blankes beoefen word.¹² Gedurende die oorlog is die kleurslagboom egter deur die gebruik van nie-blankes as halfgeskoolde werkers weens die gebrek aan blanke arbeiders ondermyn. Dit wou die vakbonde nie duld nie en onder hulle druk het die Kamer van Mynwese toe op 30 September 1918 die status quo-ooreenkoms met die werkers aangegaan. Kiervolgens sou alle werk wat deur blankes op daardie dag gedoen is, voortaan vir blankes gereserveer word. Dieselfde het vir naturelle en Kleurlinge gegeld.¹³

Hierdie toeweging van die Kamer van Mynwese is op hom afgedwing deur die groot arbeidstekort gedurende die Eerste Wêreldoorlog. Geskoolde werkers was skaars en die vakbonde wat goed georganiseer was, kon die een voorreg na die ander van hul werkgewers afdwing. Die werkers was so gewoond daaraan om hul sin te kry dat hulle vanaf 1918 telkens gestaak of

10. U.G.34-20, Report of the Low Grade Mines Commission; en The Round Table, vol. 46, p. 428.
11. U.G.34-20, p. 29. Vyf het daarvoor en drie het daarteen gestem. Hancock, op. cit., p. 63 wys daarop dat volgens die 32ste jaarverslag van die Kamer van Mynwese het 21,455 blanke mynwerkers £10,640,521 verdien in vergelyking met die £5,964,528 wat 179,987 nie-blankes verdien het.
12. Volgens U.G.34-20, p. 27 het dit 7057 blankes in 32 beroepe beskerm.
13. U.G.39-22, Report of the Mining Industry Board, p. 5 et seq.; Hancock, op. cit., p. 65; en Die Regering en die staking. Duidelike antwoorde op eenvoudige vrae, uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party, p. 3. Volgens U.G.34-20, p. 27 het die status quo-ooreenkoms 4020 blanke werkers in 19 beroepe beskerm.

gedreig het om te staak.¹⁴

Dit was dus die posisie waarin die goudmynbedryf hom teen die einde van 1921 bevind het. Aan die een kant is die voortbestaan van die goudmyne bedreig deur verliese weens 'n dalende goudprys en hoë produksiekoste, en aan die ander kant was die Kamer van Mynwese gewikkel in 'n stryd om hom te bevry van die houvas wat die vakbonde gedurende die oorlog op hom verkry het.¹⁵ Die werkgewers wou in 'n tydperk van ekonomiese druk en volop arbeid hulle eie sake reël ten einde die grootste moontlike dividend aan aandeelhouders te kan uitbetaal. Dit was slegs moontlik indien die mag van die georganiseerde arbeid gebreek kon word.¹⁶

Die magstryd tussen die Kamer en die vakbonde het 'n toestand geskep wat 'n vrugbare teelaarde vir die komende algemene staking was. Vir die arbeider was die werkgewer 'n vyand wat ten alle tye beveg moes word anders sou dit tot uitbuiting en werkloosheid lei. Sosialistiese vakbondleiers en Bolsjewistiese agitators het verder onrus onder die arbeiders veroorsaak en wantroue teenoor werkgewers laat oplaai.¹⁷ Oral in die wêreld was die werkers vasbeslote om die hoë lone wat hulle tydens en na die oorlog gekry het, te behou. The Economist het die poging van arbeiders om die lone deur geweld hoog te hou, as kranksinig bestempel en daarop gewys dat volgens die ekonomiese wet lone verlaag sal moet word. Die redakteur voer aan dat die lone nie meer 'n vrye produk van ekonomiese wette is nie maar 'n wangedrog van dwang en intimidasie.¹⁸

Daar was nie alleen wantroue tussen werkgewer en werknemer nie, maar ook wantroue tussen werknemers onderling. 'n Staking op die Consolidated Langlaagtemyn, die uitbreiding daarvan na tien ander myne in Februarie 1921 en die optrede van die Mynwerkersunie het op 'n skeuring tussen gematigdes en ekstremiste in die geledere van die Unie gedui.¹⁹ Ekstremiste soos Percy Fisher, lid van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, en Henry Spendiff het hul eie organisasie nl. die Raad van Aksie, 'n kommunistiese liggaam, gestig. Hulle was 'n militante groep en voorstanders van uiterste

14. Grobler, op. cit., p. 346 en p. 495.

15. Barlow, A.C., Almost in confidence, p. 179.

16. Die Regering en die staking, p. 5. Verklaring van sir Lionel Phillips op 8.6.1921.

17. Grobler, op. cit., p. 372 en p. 386.

18. Die Burger, 7.4.1921. Hoofartikel.

19. Die Burger, 5.7.1921. Hoofartikel; en Ibid., 10.2.1921. Verklaring van die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie dat daar persone is wat by die geringste provokasie staak.

maatreëls in nywerheidsgeskille.²⁰ Hierdie verdeeldheid in die geledere van georganiseerde arbeid kon die Kamer aanvanklik deur 'n beleid van verdeel en heers in sy stryd teen die mag van die vakbonde benut. Vermoedelik was dit dan ook die rede waarom die Mynwerkersunie in Augustus 1921 met 'n stemming om as gevolg van loonsverlagings te staak, nie 'n tweederde-meerderheid kon kry nie.²¹

Die ekonomiese posisie van die goudmyne het kommer gewek en reeds aan die begin van 1921 het mynbase herhaaldelik gewys op die noodsaaklikheid van die vermindering van produk-siekoste ten einde die sluiting van myne en die gepaardgaande werkloosheid te voorkom.²² Aanvanklik is daar net klem op die vermindering van die lone van blanke arbeiders gelê maar op 8 Junie 1921 het sir Lionel Phillips, voorsitter van die Central Mining and Investment Corporation Ltd. die opheffing van die kleurslagboom tesame met die loonsverlagings bepleit. Hy was van mening dat die heersende stelsel waardeur nie-blankes verhinder word om halfgeskoolde arbeid te doen, onregverdig teenoor die naturel, ekonomies ongesond en op die lang duur nadelig vir Suid-Afrika sou wees. Die natuurlikebevolking is 'n groot bate en hul dienste behoort op die voordeligste manier gebruik te word.²³

Sir Lionel se pleidooi was nie om humanistiese redes nie, maar soos hy dit self gestel het was dit „teneinde vir die aandeelhouders die grootste moontlike wins te verkry.“²⁴ Die Burger het dan ook gewaarsku: „As ons egter die Europese beskawing in ons land wil red en van ons werksmense nie wit kaffers wil maak nie, moet ons sir Lionel en sy kornuite goed dophou.“ Die redakteur het dit beklemtoon dat daar geen beswaar teen die opheffing van die kleurslagboom is nie, met die voorwaarde dat die naturel dan dieselfde loon as die blanke betaal word en mits die lewensbehoefte van die blanke en nie dié van die naturel nie, die loon bepaal.²⁵

Die betoog vir die opheffing van die kleurslagboom is verder gevoer deur die president van die Instituut van Ingenieurs, E.J. Way, toe hy in Julie 1921 'n skema voorgestel

20. U.G. 35-22, Verslag van de Krijgswet Onderzoek Gerech-
like Kommissie, p. 28; en Die Burger, 5.1.1922.

21. Die Burger, 27.10.1921.

22. Die Burger, 23.3.1921. Verslag van toespraak van H.O. Buckle, president van die Kamer van Mynwese, en sir Lionel Phillips op 'n jaarvergadering van die Kamer; en Ibid., 7.6.1921. Toespraak van sir Harry Ross Skinner, voorsitter van Rand Mines.

23. Die Burger, 5.7.1921. Verslag van toespraak gehou in Londen.

24. Ibid. Hoofartikel.

25. Ibid.

het waarvolgens 'n groot persentasie blanke arbeiders deur geskoolde nie-blanke werkers vervang kon word. Volgens sy berekening sou 50% van die blankes vervang kon word en daardeur sou meer as £1,000,000 per jaar bespaar word.²⁶

Intussen het die Kamer van Mynwese 'n opdraande stryd gevoer om die lone van blanke mynwerkers te verminder.²⁷ In hierdie stadium was hulle lone 50% hoër as in 1914²⁸ terwyl die lewensduurte in April 1921 slegs 38.4% hoër as in 1914 was.²⁹ Na langdurige onderhandelinge en te midde van groot ontevredenheid onder die werkers en dreigemente om te staak,³⁰ is die lone van blanke arbeiders vanaf 1 Augustus 1921 met 1/6 per skof verminder.³¹

Genl. Smuts het die erns van die toestand besef en besluit om tussenbeide te tree. Na samesprekings met die staatsmyningenieurs en myninspekteurs het hy en F.S. Malan, Minister van Mynwese, op 4 November 1921 samesprekings met verteenwoordigers van die Mynwerkersunie gehou.³² Genl. Smuts het gewys op die gevaar dat 24 uit die 39 goudmyne sou sluit as die goudpremie verdwyn en die prys van goud na 85/- per fyn ons sou terugsak. Hy voer ook aan dat 'n groot deel van die openbare mening in Suid-Afrika ten gunste van die afskaffing van die kleurslagboom was sodat die mynbedryf op 'n gesonde basis geplaas kon word, maar hy wou dit nie as redmiddel aanraai nie aangesien die wrywing wat dit sou veroorsaak buite alle verhouding sou wees met die goeie gevolge wat dit sou meebring. Vir hom lê die oplossing in die verhoging van die produktiwiteit van die nie-blanke arbeiders wat maar 5 uit elke 8 uur werk aangesien hulle moet wag totdat die ploegbaas die werkplek veilig maak voordat hulle kan begin werk. Daarom stel hy voor dat die woord „persoonlik“ uit regulasie 106(7a) weggelaat word sodat werkplekke voor die tyd veilig gemaak kan word en nie noodwendig onder persoon-

26. Herd, N., 1922. The Revolt on the Rand, p. 14.

27. Die Burger, 28.5.1921, 4.6.1921, 17.6.1921, 23.6.1921, 30.6.1921, 6.7.1921, 9.7.1921 en 23.7.1921. Berigte oor onderhandelinge.

28. Grobler, op. cit., p. 399.

29. Van Heerden, F.J., Die Randse staking van 1922, N.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1965, p.57.

30. Die Burger, 27.7.1921-6.8.1921. Berigte oor onderhandelinge. Die goudprys het weer begin styg en volgens die werkers het die Kamer toe geen regverdiging vir loonsvermindering gehad nie. Ook was hulle gekrenk oor die hooghartige optrede van die Kamer.

31. Die Burger, 23.7.1921.

32. Die Burger, 5.11.1921; en Hancock, op. cit., p. 65.

like toesig van die ploegbaas moet geskied nie.³³

Die Mynwerkersunie veral by monde van sy waarnemende sekretaris, E.S. Hendrikz, was heftig teen hierdie voorstel gekant en het gedreig dat die werkers binne 48 uur sou staak indien dit afgedwing word. Hy het hierin die begin van die afskaffing van die kleurslagboom gesien, want daar sou dan net één ploegbaas aangestel word wat die hele myn inspekteer, en die naturelle sou dan onder 'n baas-jong werk wat 'n blanke sou vervang. Daarbenewens sou die ongeluksyfer toeneem.³⁴ Op sy voorstel is daar toe 'n konferensie tussen die Kamer van Mynwese en die Mynwerkersunie vir 10 November belê.

Die konferensie het plaasgevind onder voorsitterskap van genl. Smuts. Sir Evelyn Wallers het namens die Kamer van Mynwese voorgestel dat die status quo-ooreenkoms afgeskaf word sodat mynbestuurders die beskikbare arbeidsmag na eie goeddunke kan gebruik. Die Kamer was selfs bereid om vir 'n aantal jare die verhouding tussen blank en nie-blank vas te stel sodat nie te veel blankes afgedank sou word nie.³⁵ Hierdie en ander voorstelle is weer op 15 November deur 'n subkomitee met genl. Smuts as voorsitter bespreek. Al voorstel waaroor ooreengekom kon word, was dat die werkplekke snags deur 'n blanke mynwerker met behulp van 'n span nie-blankes veilig gemaak sou word.³⁶ Hoewel hierdie reëling die produktiwiteit van die nie-blankes met 60% sou verhoog, is dit nooit deur die Kamer van Mynwese op die proef gestel nie.³⁷

'n Verdere daling van die goudprys het die myncienaars paniekerig laat besluit dat meer drastiese stappe nodig was.³⁸ Op voorstel van die Kamer van Mynwese is daar op 15 Desember met die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie same-sprekings gevoer.³⁹

Die president van die Kamer van Mynwese, H.O. Buckle, het daarop gewys dat 8 myne reeds teen 'n verlies werk en

33. Die Burger, 7.11.1921; Die Regering en die staking, p. 8; en U.G. 31-22, p. xii. Hierdie voorstel is ook deur die Kommissie van Onderzoek na die Myne van Lae Ertsgelalte as 'n moontlike oplossing bespreek. Sien U.G. 34-20, p. 19.

34. Die Burger, 7.-8.11.1921. F.A. de Meillon, 'n ander verteenwoordiger van die Mynwerkersunie, het verklaar dat sy organisasie voorbereid is om tot die laaste druppel bloed te stry oor hierdie saak. Sien Ibid., 8.11.1921.

35. Die Burger, 12.11.1921; en U.G. 31-22, p. xii.

36. Die Burger, 17.11.1921; en U.G. 31-22, p. xiii.

37. Die Burger, 4.1.1922. Hoofartikel.

38. Volgens Hancock, op. cit., p. 66 het die goudprys vanaf die helfte van November tot die helfte van Desember 1921 met 9/- gedaal.

39. Die Burger, 9.12.1921.

dat dieselfde lot nog op 4 myne wag as die prys van goud met 2/- of 3/- per ons sou daal. As oplossing stel hy voor dat die ondergrondse kontrakstelsel so gewysig word dat die werkers se gemiddelde inkomste van £66 per maand nader aan die £38 van die dagloner gebring word; dat die status quo-ooreenkoms opgehef word sodat nie-blankes halfgeskoolde en geskoolde werk kan doen, want hoogstens 2,000 blankes sou hierdeur hulle werk verloor en dat die beginsel van „een man, een werk“ afgeskaf word. Die besprekinge het egter op 'n dooie punt uitgeloop toe Hendrikz geweier het om die maatreëls te bespreek voordat hy oor meer besonderhede beskik het.⁴⁰ Verdere pogings tot onderhandeling het ook misluk.⁴¹

Die atmosfeer was gespanne en die gevoelens van die werkers is verder teen die Kamer van Mynwese opgesweep toe Hendrikz op 21 Desember 1921 in 'n omsendbrief aan taksekretaris die stelling gemaak het dat die voorstel oor die opsegging van die status quo-ooreenkoms, 55-65% van die blanke mynwerkers werkloos sou laat.⁴² Hy voeg daaraan toe „dat die Suid-Afrikaanse Mynwerkers Unie te alle tyd bereid was en nog is om met die mynindustrie saam te werk in 'n poging om die armere myne te red. Weë en middele kan uitgedink word sonder die kleurlyn op te hef, maar die Kamer staat elke keer daarop dat, watter plan ook aan die hand gegee word ter redding van die arme myne ook gelykelyk van toepassing moet wees op ryke myne, wat ons insiens mees onbillik en onregvêrdig is.“⁴³

Op 28 Desember het die Kamer van Mynwese volgens die Wet op die Voorkoming van Nywerheidsgeskille aan die Federasie kennis gegee dat alle ooreenkoms oor ondergrondse stukwerk tesame met die status quo-ooreenkoms vanaf 1 Februarie 1922 opgesê sou word, onderhewig aan die uitslag van enige onderhandelinge wat die werkers met die Kamer voor daardie datum mag bereik.⁴⁴ Dieselfde dag het die Federasie ook van die Victoria Falls Power Company en die werkgewers van die ingenieurs en metaalgieters kennis gekry dat hul looneise geweier is.⁴⁵

Ook in die steenkoolmyne het 'n krisis ontstaan. Suid-Afrika se steenkoolmark in Aden en ander hawens aan die Indiese Oseaan wat gedurende die Eerste Wêreldoorlog opgebou is, is bedreig deur die Engelse steenkoolmyne wat weer hulle

40. U.G. 39-22, p. 2; en Grobler, op. cit., p. 407 et seq.

41. U.G. 39-22, p. 2; Die Burger, 21-22.12.1921; en Grobler, op. cit., p. 409.

42. Ibid.

43. Die Burger, 22.2.1922. Hoofartikel.

44. Die Burger, 30.12.1921; en U.G. 31-22, p. xiii.

45. Die Burger, 30.12.1921; U.G. 39-22, p. 37; en Van Heerden, op. cit., p. 65 et seq.

produksie hervat het. Suid-Afrikaanse myne moes gevolglik produksiekoste verlaag om met die goedkoper Engelse steenkool te kon meeding. Onderhandelinge tussen die Kamer van Mynwese en die Federasie oor loonsvermindering het op niks uitgeloop nie en uiteindelik het die steenkoolmyneienaars besluit om die lone van blanke arbeiders vanaf 1 Januarie 1922 met 5/- per skof te verminder en is die Federasie dienoooreenkomstig in kennis gestel.⁴⁶ Die Federasie het die hulp van die Regering ingeroep maar die Kamer van Mynwese het geweier om die geskil aan arbitrasie te onderwerp.⁴⁷ Gevolglik het die steenkoolmynwerkers na samesprekings met die Federasie besluit om vanaf 1 Januarie te staak.⁴⁸

Die gevolg van al hierdie gebeure oor loongeskille wat 'n klimaks teen die einde van Desember bereik het, was dat die Federasie 'n vergadering van die gesamentlike besture van die vakbonde vir 30 Desember belê het om die sogenaamde „ultimatums“ van die Kamer van Mynwese te bespreek. Hier is besluit om die steenkoolmynwerkers in hul besluit om te staak, te steun en om 'n stemming oor 'n staking om die volgende redes te hou: die weiering van die steenkoolleienaars om die voorgestelde loonsvermindering aan arbitrasie te onderwerp; die Kamer van Mynwese se dreigement om die status quo-ooreenkoms op te hef; verandering in diensvoorwaardes vir ondergrondse werk; die Victoria Falls Power Company se weiering om verder met werkslui oor 'n vaste loonskaal te onderhandel; die dreigende verbreking van 'n ooreenkoms en 'n verlaging van lone deur die Vereniging van Ingenieurs en Metaalgieters.⁴⁹ Toe die stembriefies op 8 Januarie 1922 ingehandig is, het dit geblyk dat 'n groot meerderheid ten gunste van 'n staking besluit het.⁵⁰

Intussen het genl. Smuts in 'n brief aan die Federasie 'n beroep op die werkers gedoen om nie te staak nie, aangesien 'n staking die toestand net sal vererger, want die myne sou produksie staak en die naturellemynwerkers sou gerepatriceer moes word. Hy was van oordeel dat die lyding en skade vir die gemeenskap en vir die blanke werkers daardeur on-

46. U.G. 39-22, p. 2; Grobler, op. cit., p. 410 et seq.; en Hancock, op. cit., p. 66.

47. Die Burger, 27-30.12.1921. Berigte oor onderhandelinge.

48. Die Burger, 29.12.1921 en 31.12.1921.

49. Die Burger, 3.1.1922; en U.G. 35-22, p. 5.

50. Volgens U.G. 35-22, p. 5 was die uitslag 12,164 stemme daarvoor en 1336 daarteen. The story of a crime being the vindication of the Transvaal Strike Legal Defence Committee in connection with the great strike on the Witwatersrand in 1922, p. 45 gee die syfers as 12,192 daarvoor en 1336 daarteen.



herstelbaar en buite alle verhouding met die strydvrage sou wees. Daarom bepleit hy 'n billike en praktiese skikking wat die voortbestaan van die myne sou beveilig en die myne van 'n lae ertsgehalte van ondergang sou red. Hy bied ook die onpartydige diens van die regering as bemiddelaar aan.⁵¹

In 'n poging om die Kamer van Mynwese en die Federasie tot 'n vergelyk te bring, het genl. Smuts ook verskeie kere die Rand besoek en samesprekings met amptenare gevoer.⁵² Hy het egter op 'n vergadering met die Federasie, toe hy die werkers wou oorrede om steenkool vir noodsaaklike dienste te verskaf, gewaarsku dat indien 'n staking sou plaasvind, die regering 'n kring rondom die twee partye sou trek sodat hulle die saak self kan uitveg terwyl die regering as onpartydige toeskouer die wet en orde sou handhaaf.⁵³ Nog 'n vergadering tussen die Kamer van Mynwese en die Federasie op 9 Januarie en samesprekings tussen genl. Smuts en die Kamer het op niks uitgeloop nie.⁵⁴

Die werkstaking van meer as 20,000 arbeiders in die goudmyne⁵⁵, steenkoolmyne, Victoria Falls Power Co. en Johannesburgse Ingenieurs en Metaalgieterswerkplase wat op 10 Januarie begin het, was die gevolg van die onverbiddelike houding van sowel die Kamer van Mynwese as die Federasie. Die oorsaak van hul onversoenlikheid was die diepgaande wedersydse wantroue en die stryd tussen myneienaars en vakbond om die beheer van die myne.⁵⁶

Dit was duidelik dat die mynwerkers oor die afskaffing van die status quo-ooreenkoms gestaak het. Die verskille oor lone, werksure en reorganisasie kan slegs as bydraende

51. Die Burger, 7.1.1922. Brief aan die Federasie.

52. Die Burger, 7.1.1922; en Ibid., 9.1.1922. Verslag van samesprekings tussen genl. Smuts en die Federasie.

53. Die Burger, 9.1.1922; Die Regering en die staking, p. 9; en Grobler, op. cit., p. 416.

54. Die Burger, 10.1.1922.

55. The Round Table, vol. 46, p. 438; en Kruger, D.W., The age of the generals, p. 121. Volgens The story of a crime, p. 45 was dit 22,000.

56. Die Burger, 4.1.1922, 16.1.1922 en 6.2.1922. Hoofartikels; Ibid., 26.1.1922. Verstrek die mening van die Cape Times; en Ibid., 14.1.1922. Verstrek die mening van The Friend.

redes beskou word.⁵⁷ Vir hulle het die opheffing van die status quo-ooreenkoms die verdwyning van die kleurslagboom beteken, en hierdie wanvoorstelling is met opset deur baie agitators en ekstremiste aan die werkers voorgehou.⁵⁸ Volgens 'n verklaring van die Kamer sou die opheffing van die status quo-ooreenkoms meebring dat die verhouding van 8.5 naturelle vir elke blanke in die myne tot 11 verhoog sou word. Dit sou meebring dat slegs 2000 blankes hul werk verloor, terwyl die sluiting van 24 myne 10,000 blankes sou raak.⁵⁹ Hoewel sir Lionel Phillips by twee geleenthede hom teen die kleurslagboom uitgespreek het en dit as immoreel en onredelik beskou het, het hy ook verklaar dat hy nie ten gunste van enige uitwissing of alomvattende en skielike verandering in die kleurslagboom is nie, maar dat daar beter gebruik van opgeleide naturellearbeid gemaak kon word.⁶⁰

Die rede waarom die opheffing van die kleurslagboom vrees by die blanke werker ingeboesem het, was duidelik. Van die mynwerkers op die Rand was ten minste 75% Afrikaners waarvan slegs een tiende geskoold was.⁶¹ Indien die kleurslagboom sou verdwyn, was dit hoofsaaklik hierdie landlose, ongeskoolde en halfgeskoolde, arm Afrikaners wat deur die goedkoop nie-blanke arbeid bedreig sou word en „word die konkurrensie tog toegelaat, dan sal ons 'n nasie wees van 1 persent geleerde mense, 10 persent grondcienaars en 89 persent gedwonge leeglopers.“⁶² Met so 'n stelsel van goedkoop arbeid kon die blanke nie kompeteer nie „and would not if he could since it must in the end degrade all labour to that level, unless a clear line of demarcation can be drawn and maintained.“⁶³ Sedert 1918 is reeds telkens gewaarsku dat

57. U.G.35-22, p. 21; Die Burger, 4.1.1922. Verstrek die mening van The Star; Ibid., 13.1.1922. Verstrek die mening van die Westminster Gazette; Ibid., 13.1.1922, verstrek die mening van Ons Vaderland; Ibid., 19.1.1922. Verstrek die mening van Die Volksblad; Ibid., 25.1.1922. Die mening van George Brown in The Guardian is dat die stryd om die blanke in Suid-Afrika se lewenstandaard gaan; Gitsham, E., en Trembath, J.F., A first account of the labour organisation in South Africa, p. 48; Die Regering en die staking, p. 3; Boydell, T., My luck was in, p.191; Herd, op. cit., p. 13; Sachs, E.S., The choice before South Africa, p. 151; en The story of a crime, p. 5, p. 6, p. 19 en p. 22.

58. Die Burger, 14.1.1922; en Grobler, op.cit., p. 415.

59. Die Burger, 10.1.1922. Verklaring van die Kamer; en Ibid., 17.1.1922. Advertensie van die Kamer.

60. Die Burger, 30.1.1922. Hoofartikel; en Die Regering en die staking, p.5.

61. Humphriss, D., en Thomas, D.G., Benoni, seun van my smart (vertaal deur Bartho Smit), p. 181.

62. Die Regering en die staking, p. 4.

63. The story of a crime, p.6.

indien die kleurslagboom opgehef sou word daar ernstige moeilikhede sou ontstaan. Tom Matthews, voorsitter van die Raad van die Geamalgameerde Ingenieursvakbond het op 31 Des. 1921 verklaar: "It meant either that all the Miners in the future be brought from Overseas or they would have to let mining go and let it become a coloured or Native occupation. When that was fully realized there would be something very much like another Rebellion."⁶⁴

Die bewering van die Kamer van Mynwese dat slegs 2,000 blankes hul werk sou verloor, was egter 'n onderskatting, aangesien die status quo-ooreenkoms in 1921 reeds 4,020 werkers in 19 beroepe beskerm het.⁶⁵ Verder was die Kamer ook nie bereid om die status quo-ooreenkoms net by myne wat teen 'n lae wins of teen 'n verlies werk, op te hef nie. Hulle wou dit op alle myne van toepassing maak. Hierdie houding het die wantroue van die werkers teenoor die doelstellinge van die Kamer nog verder versterk.

Vir die werkers was dit dus 'n stryd om die behoud van die kleurslagboom wat die dividend van die mynmaatskappy bepaal het en die brood en botter van die ongeskoolde en half-geskoolde blanke arbeider verseker het. Vandaar dat dit gesien is as 'n stryd om die voortbestaan van die blanke in Suid-Afrika te verseker.

Die toestand was plofbaar en die regering se posisie delikaat. Dit was van nasionale belang dat die myne van ondergang gered word, maar dit was net so belangrik dat die blankes nie ter wille van hoër dividende deur nie-blankes, baie van buite die grense, uit die myne gedruk word nie. 'n Kompromis was moontlik, maar nie een van die twee partye wou toegewings maak nie.

Die reaksie van die pers was baie uiteenlopend. Sommige koerante het die skuld vir die mislukte onderhandelinge aan die Kamer se ongenaakbaarheid toegeskryf⁶⁶, terwyl ander die Federasie van kortsigtigheid en onkunde beskuldig het.⁶⁷

64. Ibid., p. 23 en p. 44.

65. U.G.34-20, p. 27; Die Burger, 4.1.1922. Die beriggewer beweer dat dit nader aan 10,000 sal wees; Gitsham en Trembath, op. cit., p. 49, stel dit op 4,000; The story of a crime, p. 49, verklaar dat Leslie Blackwell dit op 4,345 stel; en Die Burger, 22.2.1922. Die Cape Times meen dat 2,000 'n onderskatting is.

66. Die Burger, 13.1.1922. Verstrek die mening van die Financial Times; en Ibid., 24.1.1922. Verstrek die mening van The Friend, wat so gestel word: Die skuld lê by die uitdaging van die Kamer van Mynwese aan die werkers oor die kleurlyn, toe baie eenvoudige moeilikheid van die lone van steenkoolmynwerkers onder bespreking was.

67. Die Burger, 14.1.1922. Verstrek die mening van die Eastern Province Herald en The Cape Mercury; en Ibid., 18.1.1922. Verstrek die mening van die Natal Witness.

Nogtans was die meeste redakteurs dit eens dat met toegewings aan albei kante 'n oplossing moontlik was. Die Natal Advertiser was van mening dat dit aan misdaad grens dat enige element toegelaat word om 'n wurggreep op die slagare van die Suid-Afrikaanse nasionale lewe te kry. Volgens hom moes die Kamer en die Federasie tot 'n vergelyk gedwing word, want Suid-Afrika is groter as die Federasie en belangriker as die Kamer.⁶⁸

Die Burger het die Kamer se optrede as 'n kapitalistiese offensief met die opheffing van die kleurslagboom as die strydkreet gesien.⁶⁹ Die redakteur was van mening dat die werkers vir die behoud van die kleurlyn stry, want indien daar aan hierdie eis toegegee word, sou die blankes nie net in die myne nie, maar ook in ander nywerhede deur nie-blankes vervang word sodat duisende blankes werkloos gelaat word en al die nywerhede dan op die valse grondslag van goedkoop Kleurling- of naturellearbeid gegrond sou wees. Dit kon nie toegelaat word nie, want die voortbestaan van die blanke ras word dan ter wille van groter dividende bedreig. Dit is 'n beginselstryd wat gevoer word en die werkers behoort sterk standpunt in te neem om te verhinder dat die kapitalis, wat uit sy aard altyd kosmopolities is, sy sin kry.⁷⁰ Hy erken egter dat die mynwerkers veral in die steenkoolbedryf salaris-toegewings sal moet maak aangesien die lewensduurte ná die oorlog weer gedaal het.⁷¹ Die regering is die aangewese bemiddelaar maar hy het reeds die kant van die kapitalis gekies en daarom is die werkers nou agterdochtig oor goedbedoelde voorstelle.⁷² Nogtans bepleit hy die tussenkoms van die regering deur die aanstelling van 'n onpartydige kommissie wat moet beslis of die redding van die arm myne die eensydige en arbitrêre verbreking van plegtige ooreenkomste regverdig.⁷³ Die werkers, „kampvegters vir die vooruitgang en beskawing van ons bevolking“ is herhaaldelik gewaarsku teen militante groepe en gemaan tot orde, wetsgehoorsaamheid en versigtigheid aangesien wetteloosheid die kapitaliste hul sin sou gee, die simpatie van die publiek vir die werker sal vervreem en ook elke burger sou verplig om wet en orde te herstel.

68. Die Burger, 16.1.1922. Verstrek die mening van die Natal Advertiser.

69. Die Burger, 4.1.1922, 5.1.1922, 14.1.1922, 30.1.1922 en 1.2.1922. Hoofartikels.

70. Die Burger, 5.1.1922 en 1.2.1922. Hoofartikels.

71. Die Burger, 18.11.1921, 30.12.1921 en 28.1.1922. Hoofartikels.

72. Die Burger, 4.1.1922, 5.1.1922, 10.1.1922 en 14.1.1922. Hoofartikels.

73. Die Burger, 22.2.1922. Hoofartikel.

„In julle eie ordeliewendheid lê die beste kans om julle regte te handhaaf en die publieke belang te dien.“⁷⁴

Behalwe vir koerante soos Die Burger, Die Volksblad en Ons Vaderland, wat die mynwerkers gesteun het⁷⁵, was adv. Tielman Roos, Transvaalse leier van die Nasionale Party en L.V. vir Lichtenburg, die eerste wat uit Nasionale Party-geledere in die openbaar kant gekies het. Hy het in 'n verklaring aan Ons Vaderland van 30 Desember 1921 gewaarsku dat die mynhuise 'n staking verlang wat dan deur die regering op kragtige wyse onderdruk sou word om die aandag van sy eie wanbestuur af te trek. Daarom doen hy 'n beroep op die Nasionale werker om sy invloed teen 'n staking te gebruik. Hy het daarop gewys dat die regering geen hulp van die Nasionale Party moet verwag as hy die staking met geweld wil onderdruk nie. Hy het ook die Nasionaliste van die hele land gemaan om stil en rustig op hul plase te sit of hul werk in die stede te doen en om beslis te weier om enige geweld teen die werkers te gebruik, want 'n groot deel van die werkers is Nasionaliste en een Nasionalis kan nie teen 'n ander optrek nie. Indien dit gebeur, sal alle hoop dat boer en werker deur middel van die Nasionale Party eendag die land regeer, verdwyn.⁷⁶ Hy het hierdie standpunt herhaal in 'n brief in die Spectator van 13 Januarie, drie dae nadat die staking begin het, en gewys op die belangrikheid van die Kamer van Nynwese se bewering dat die opheffing van die status quo-ooreenkoms wat 2,000 blankes werkloos sou laat, nie 'n opheffing van die kleurlyn was nie.⁷⁷ Adv. Roos het voorgestel dat die staat alle myne wat wou sluit, moes oorneem om sodoende 'n swaard oor die mynbase se koppe te hou.⁷⁸ Verder het hy die bewerings dat die Nasionale Party politieke munt uit die staking wil slaan, ontken. Hy het verklaar dat die Nasionale Party die saak bestudeer het en van mening is dat die skuld by die Kamer van Nynwese lê en daarom moet die regering toesien dat die Kamer onderwerp word. Hy voer aan dat rassehaat reeds uitgewis was en dat die Nasionale Party ook die vraagstuk van werkloosheid uit die weg wil ruim voordat dit 'n on-oorkomelike gevaar word. Die verskille tussen Afrikaner en

74. Die Burger, 4.1.1922, 13.1.1922, 24.1.1922, 25.1.1922, 31.1.1922, 3.2.1922 en 6.2.1922. Hoofartikels.

75. Die Burger, 14.1.1922. Verstrek die mening van Ons Vaderland; en Ibid., 19.1.1922. Verstrek die mening van Die Volksblad.

76. Die Burger, 31.1.1922.

77. Grobler, op. cit., p.430.

78. Die Burger, 24.1.1922. Verslag van toespraak te Germiston; en Ibid., 4.2.1922. Verslag van toespraak te Fordsburg.

Engelsman, tussen plattelander en stedeling het volgens hom verdwyn en hy eis verder van elke staker die belofte om in die toekoms altyd teen die Suid-Afrikaanse Party te stem en die Smuts-regering omver te werp.⁷⁹ Adv. Roos het ook in 'n vlugskrif wat op 29 Januarie onder die stakers versprei is, teen geweldpleging gewaarsku: „How can the Government make the public forget their weak attitude of mismanagement of the country's affairs? There is only one way - Martial Law and Violence. It is rumoured that a Martial Law proclamation has already been printed, and again it is only by violence that the miners can give the chance of proclaiming Martial Law. Remember this - by violence the mine workers will play into the hands of the Government. Again remember, no violence.”⁸⁰

Dr. A.M. Moll het hom by adv. Roos gevoeg en daarop gewys dat sir Abe Bailey, L.V. vir Krugersdorp, die publiek mislei as hy aanvoer dat die Nasionale Party agter die staking sit, want die Nasionale Party is teen stakings. Die Nasionale Party se simpatie lê wel by die stakers omdat die beginsels waarom dit gaan, die toekoms van Suid-Afrika raak.

„Hier bestaan geen politieke opportuniste nie, maar die besieling van 'n diepe oortuiging.”⁸¹ Die oproep van adv. Roos dat die boere op hul plase moet bly in geval van onluste is deur A.H. Bruwer, een van die vyf aktiewe Nasionale Party in die Uitvoerende Raad van die Mynwerkersunie, op 6 Januarie, in 'n brief aan die Afrikaners op die platteland herhaal. Volgens hom wou die Kamer van Mynwese die witman tot voordeel van die naturel breek.⁸²

Dit was eers aan die begin van Februarie 1922 dat genl. J.B.M. Hertzog as leier van die Nasionale Party sy stem oor hierdie saak laat hoor het. In 'n onderhoud met The Friend het hy verklaar dat hy omtrent 60 stakers op Witbank ontmoet het, maar geweier het om hulle toe te spreek omdat hy weens siekte nie ten volle met die strydpunte in die staking bekend was nie. Hy verkeer egter onder die indruk dat een van die vernaamste strydpunte die kleurslagboom is, en hy glo dat die stakers hierin die simpatie van 90% van die plattelandse

79. Die Burger, 24.1.1922 en 4.2.1922; Volgens The story of a crime, p. 12 en p. 45, het Tielman Roos op 21.1.1922 verklaar: „Your best strike weapon is the general Election. At the next one you will sweep the Smuts Government from power and so remove a great obstacle to our progress.”

80. Karovsky, L., „Experiments in National Partnerships”, in Reitz, H.J., en Oost, H. (reds.), Die Nasionale boek, p. 109; en The story of a crime, p. 12 en p. 45.

81. Die Burger, 24.1.1922. Brief van dr. A.M. Moll.

82. Grobler, op. cit., p. 430.

bevolking geniet en dat die werkers dit sou behou solank daar geen wanordelikhede plaasvind nie.⁸³ By 'n ander geleentheid het genl. Hertzog verklaar dat die stryd wel oor die kleurslagboom gaan en dat dit in belang van die land sou wees dat die status quo-ooreenkoms gehandhaaf word, want anders sou die bestaan van die blanke arbeider onmoontlik word. Volgens hom word deur die handhawing van die bestaande stelsel die naturel geen onreg aangedoen nie aangesien hy nog nooit die werk wat deur die kleurslagboom vir hom uitgesluit word, ver- rig het nie. Hierdie reëling geld binne 'n gebied wat sonder teenspraak die witman s'n is. Indien daar eendag in 'n natu- relle gebied myne bewerk word, sal die naturel dieselfde reg hê om te eis dat die werk deur hom en nie deur die blanke ge- doen word nie.⁸⁴ Die opheffing van die status quo-ooreenkoms is volgens genl. Hertzog direk in stryd met die plegtige ver- klaring wat min. F.S. Malan by die jongste Parlementsitting aan hom gedoen het, nl. dat die segregasiepolitiek van die regering ook industriële segregasie insluit. Hierdeur bewys die regering nogeens dat sy woord niks beteken nie. Hy voel ook dat dit die regering se plig is om tussenbeide te tree, want namate die nood onder die arbeiders toeneem, sal die ge- vaar van geweldpleging ook toeneem. Indien dit gebeur, sal dit die plig van die regering wees om wet en orde te handhaaf. Genl. Hertzog betreur dit ook dat die regering se optrede die indruk skep dat hy die myneienaars begunstig.⁸⁵

Adv. Tielman Roos en ander leiers het op 5 Januarie 'n onderhoud aan Hendrikz en 'n sekere Rautenbach van die Mynwer- kersunie in Pretoria toegestaan. Toe is besluit om 25,000 pamflette waarin die ware toedrag van sake uiteengesit word, en onderteken deur genl. Ben Pienaar en Hendrikz, te laat druk en onder die plattelandse bevolking te versprei „sodat hulle nie in onwetenheid sal help om ons arbeiders te beveg nie.“⁸⁶ Op 20 Januarie 1922 het adv. Oswald Pirow 'n runoe- rige vergadering van stakersleiers toegesprek en volgens Louis Karovsky, 'n organiseerder van die Arbeidersparty wat as tussenganger tussen die leiers van die Nasionale Party en die stakers opgetree het, het hy daarin geslaag om gemoedere te kalmeer en geweld te voorkom. Op 27 Januarie het adv. Roos en dr. H.J. Reitz, L.U.K., weer 'n aantal stakersleiers ontmoet en hulle teen geweld gewaarsku.⁸⁷

83. Die Burger, 2.2.1922. Onderhoud van The Friend met genl. Hertzog.

84. Die Burger, 14.2.1922. Onderhoud van Die Volksblad met genl. Hertzog.

85. Die Burger, 10.2.1922 en 14.2.1922.

86. Die Burger, 7.1.1922.

87. Karovsky, l., op. cit., p. 109.

Die Nasionaliste se steun aan die stakers blyk ook duidelik uit talle takbesluite wat gedurende hierdie tyd geneem is.⁸⁸ Die Nasionale Party-tak van Belfast het sy standpunt soos volg gestel: „Aangesien die volk opsetlik mislei word deur drogredenasies van die kapitalistiese pers in verband met die huidige werkstaking, en aangesien die arbeiders 'n regvêrdige stryd voer ten bate van die blanke bevolking van Suid-Afrika, daarom bied hierdie vergadering die arbeiders hul volste simpatie aan,” en belooft hy hul morele ondersteuning.⁸⁹

Op talle plekke het die Nasionaliste vergaderings toegesprek en die saak aan die publiek verduidelik. Die opheffing van die status quo-ooreenkoms wat tot die verdwyning van die kleurslagboom sou lei, was deurgaans die tema van hierdie toesprake. Die meeste was dit eens dat die stakers 'n stryd voer om die voortbestaan van die blanke in Suid-Afrika, maar het terselfdertyd teen geweldpleging gewaarsku.⁹⁰

C.W. Malan, Nasionale L.V. vir Humansdorp, moes vertrouwe in die uithou vermoë, standvastigheid en uiteindelijke sukses van die stakers gehad het, want hy was van mening dat solank daar nie geweld gepleeg word nie, die twee partye alleen gelaat moes word en niemand tussenbeide moes kom nie.⁹¹ Die stakers is gesteun omdat hulle die kleurskeidslyn wou handhaaf, maar aan Nasionale kant is daar selde van die ander geskilpunte soos loonsverlagings en herreëling van ondergrondse werk, ten einde produksiekoste te besnoei en van die arm myne betalend te maak, melding gemaak. Die stakers kon dus maklik onder die indruk verkeer het dat die Nasionale Party hulle hele optrede in die staking steun.

Die standpunt van die Arbeidersparty by monde van hul leier, kol. F.E.P. Créswell, was dat die geskil aan die ont-saglike indringing van goedkoop ingeboekte arbeid in die nywerheidslewe in Suid-Afrika te wyte is en dit behoort deur elke denkende man en vrou in Suid-Afrika teengestaan te word. Hy erken dat dit vir enige persoon moeilik is om arbeid te huur teen viermaal die prys waarvoor dit verkry kan word,

88. Die Burger, 21.1.1922. Besluit van die Afdelingsbestuur van die Nasionale Party op Witbank; Ibid., 9.2.1922. Besluit van die Nasionale Party-tak, Melkbosdam; Ibid., 16.2.1922. Besluit van die Nasionale Party-tak, Marico; en Ibid., 18.2.1922. Besluit van die Nasionale Party-tak, Ermelo.

89. Die Burger, 14.1.1922.

90. The story of a crime, p.12; U.G.35-22, p. 22; en Die Burger, 10.2.1922. Verslag van toespraak van J.H.H. de Waal te Redelinghuis.

91. Die Burger, 7.2.1922. Verslag van toespraak te Humansdorp.

maar goedkoop arbeid sal die fondament van die lewenstandaard wegvreet. Sekere van die goudmyne verkeer wel in 'n ekonomiese krisis maar hulle mag nie gebruik word as voorwendsel om revolusionêre maatreëls in die hele mynnywerheid in te voer nie. Hy voorsien 'n oplossing as albei partye hul kaarte voor 'n minder bevooroordeelde regter as die regering oopgooi. Hy doen ook 'n beroep op die mynwerkers om vas te staan totdat die Kamer van Mynwese sy ultimatum oor die status quo-ooreenkoms teruggetrek het, maar maan hulle tot wetsgehoorsaamheid en orde. Creswell het hom verder ten gunste van die oorname van die goudmyne deur die staat uitgespreek.⁹²

Thomas Boydell, die Arbeidersparty se parlementêre leier, was van mening dat die ramp veroorsaak is deur die magsaanmatiging van die geldkonings van „Corner House“. Hy was van mening dat die Smuts-regering radelose manne tot radelose verklarings gedryf het en waarskynlik nog tot radelose dade ook. Volgens hom betaal die volk 'n baie hoë prys vir sy steun aan genl. Smuts in die afgelope verkiesing.⁹³ Kragtens 'n besluit van die Nasionale Raad van die Arbeidersparty op 14 Januarie 1922 is daar in 'n brief aan die Federasie verklaar: „The political wing of the Labour Movement, heartily congratulates the Industrial wing, on the splendid fight they are putting up on behalf of the Workers of South Africa and ... we ... are prepared to assist in the fight, to the very utmost of our abilities, in any capacity desired by the Federation.“⁹⁴

Die stakers het berigte van steun vanoor die hele land ontvang⁹⁵ hoofsaaklik omdat die openbare mening van 'n groot deel van die Unie van Suid-Afrika teen die opheffing van die kleurslagboom gekant was.⁹⁶ Adv. A.S. van Hees, Nasionale L.V. vir Christiana, het daarop gewys dat van die halfmiljoen siele op die Rend, 250,000 naturelle is wat liggaamlik en

92. Die Burger, 14.1.1922, 26.1.1922 en 30.1.1922. Verslae van toesprake in Johannesburg.
93. Die Burger, 7.2.1922. Verslag van onderhoud met Boydell.
94. South African Labour Party Minutes. Mainly National Council, pp. 167-168. Notule van vergadering van die Nasionale Raad van die Arbeidersparty gehou op 14.1.1922.
95. Die Burger, 17.1.1922 en 24.1.1922. Hoofartikels; Ibid., 17.2.1922 en 25.2.1922. Berigte; The story of a crime, p. 6 en p. 45. Vakbonde in Port Elizabeth, Johannesburg, Kimberley, Durban, Bloemfontein, Cos-Londen en Middelburg was bereid om uit simpatie met die werkers te staak. Sien Die Burger, 9.1.1922, 14.1.1922, 17.1.1922 en 18.1.1922; en Van Heerden, op. cit., p. 81. Besluite van publieke vergaderings te Koppies, Pietermaritzburg, Alberton, Brakpan, Jeppe en Heilbron het ook van steun getuig. Sien Die Burger, 16-17.1.1922, 21.1.1922 en 4.2.1922.
96. Die Burger, 26.1.1922. Verstrek die mening van De Volkstem.

geestelik heeltemal geskik was om in die plek van blankes as mynwerkers opgelei te word. Daarom is dit te verstane waarom die konserwatiewe boere wat getroue kerkgangers en sterk anti-sosialiste is, die stakers so heftig gesteun het. Hy verklaar dat 'n Engelsman aan hom gesê het: „This national movement is nothing but an unconcious kick against absorption.“⁹⁷ Die Kamer van Mynwese het deur middel van groot advertensies in die koerante ook hul standpunt onder die publiek se aandag probeer bring.⁹⁸

Daar is al hoe meer begin voel dat die regering handelend moet optree en dat die twee partye gedwing moet word om hulle aan 'n skeidsgereg te onderwerp veral aangesien die spanning op die stakers begin tel het en daar aan die selfbeheersing van die rustigste mens 'n einde kon kom.⁹⁹ Daar moes 'n onderskeid gemaak word tussen betalende en onbetalende myne en maatreëls moes getref word om hierdie onbetalende myne betalend te maak. Die stakers is gewaarsku dat hulle die steun van die publiek gaan verloor indien hulle weier om rekening te hou met die ekonomiese posisie waarin die myne van lae ertsgehalte verkeer.¹⁰⁰ Die steenkoolmynwerkers kan nie verwag dat hul nywerheid uitsluitlik op koste van hul mede-arbeiders in diens van die spoorweë en die publiek in die algemeen, aan die lewe gehou moet word nie. Elkeen moet sy deel van die depressie dra.¹⁰¹ Daar is ook daarop gewys dat die myneienaars die bestaande toestand in die hele mynnywerheid omver wil gooi ter wille van 'n paar nie-winsgewende myne hoewel sommige myne 'n dividend van tot 75% betaal.¹⁰² Die Burger het gewaarsku: „Alleen die Regering kan die Groot-

97. Die Burger, 10.4.1922. Verslag van toespraak gehou te Kaapstad.
98. Die Burger, 24.1.1922 en 25.1.1922. Hoofartikels. 'n Advertensie van die Kamer van Mynwese wat in Die Burger van 13.2.1922 verskyn het, lui: „Boere! Besef u wat die goudmyne van die Rand vir u beteken? Hulle help om u paaië te maak, om vir u skole te betaal. Die Rand is Suid-Afrika se belangrikste produktemark, - vernaamste vleissentrum en grootste landboutentoonstellingsplek.“ Die boere word gewaarsku om die werkstaking nie aan te moedig nie want dan help hulle om hulself te ruineer.
99. Die Burger, 21.1.1922. Besluit van vergadering op Jeppe; Ibid., 27.1.1922. Besluit van vergadering op Bloemhof; Ibid., 1.2.1922. Verstrek die mening van die Rand Daily Mail; en Ibid., 25.1.1922, 3.2.1922, 6.2.1922 en 14.2.1922. Hoofartikels.
100. Die Burger, 28.1.1922. Hoofartikel.
101. Die Burger, 28.1.1922 en 3.2.1922. Hoofartikels; en Ibid., 10.2.1922. Verslag van toespraak van J.H.H. de Waal op Redelinghuys.
102. Die Burger, 24.1.1922. Hoofartikel. Volgens Humphriss en Thomas, op. cit., p. 180 was die Modder Deep-myn se dividend in 1922 150%.

kapitaal dwing om redelik te wees - sonder om burgerbloed te vergiet" en as hy dit nie wil doen nie, gaan daar geweldpleging en bloedvergieting erger as in 1913 en 1914 wees.¹⁰³

Die stakers het nie alleen morele steun nie maar ook materiële steun van die publiek gekry. Kommissies is gevorm om voedsel vir die stakers op die platteland in te samel en beloftes van steun was veelvuldig.¹⁰⁴ 'n Boer van Rustenburg het op 'n vergadering aan stakers gesê: „Vriende, ons vra julle om orde te handhaaf en julle sal van ons mieliemeel en beesvleis kry solank as ons nog iets het.”¹⁰⁵ Kragtens 'n besluit van die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Party van Transvaal op 1 Februarie het adv. Tielman Roos 'n brief aan genl. Smuts geskryf waarin hy vra dat die regering kos vir die noodlydendes aan die Rand moet stuur. Op dieselfde vergadering is ook besluit dat die oproep om voedsel vir die stakers gesteun moet word „opdat die beginsel van 'n blanke Suid-Afrika kan segevier.” 'n Komitee bestaande uit dr. A.M. Moll, J.S.F. Pretorius, Nasionale L.V. vir Fordsburg, en dr. T.C. Visser, Nasionale L.V. vir Vrededorp, is saamgestel om die kos te ontvang en onder die stakers te versprei.¹⁰⁶ Die Nasionale en Arbeiders het ook daarin geslaag om 'n voorstel ten gunste van 'n skenking van £20,000 vir die stakersfonds in die Transvaalse Provinsiale Raad deur te voer.¹⁰⁷ J.S.F. Pretorius verklaar dan ook in die Volksraad op 23 Februarie 1922: „Dit is aan die sedelike en geldelike steun van die Nasionale Party te danke dat daar tot dusver nog geen bloedvergieting en onluste in Johannesburg plaasgevind het nie.”¹⁰⁸

Genl. Smuts het voortgegaan met sy pogings om die Kamer van Mynwese en die stakers bymekaar te bring, maar gou was dit duidelik dat elkeen sy eise, hoe onredelik ook al in die lig van die heersende ekonomiese en maatskaplike toestande, op die ander wou afdwing. Gevolglik is niks bereik nie. 'n Sterk en besliste optrede van die regering was nodig om albei kante tot 'n vergelyk te dwing en toegewing van albei ter wille van die welvaart van Suid-Afrika as geheel te eis.

103. Die Burger, 4.1.1922.

104. Die Burger, 25.1.1922. Verslag van toespraak van H.H. Moll op Brakpan; Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog, p.92; Humphriss en Thomas, op. cit., p. 211; Grobler, op. cit., p. 431; Hancock, op. cit., p. 69; en The story of a crime, p. 12.

105. Die Burger, 22.2.1922. Verslag van vergadering.

106. Die Burger, 2.2.1922. Brief van Tielman Roos.

107. Hancock, op. cit., p. 69; en Die Burger, 1.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

108. Die Burger, 24.2.1922. Verslag van Volksraadsdebat. Sien ook Die Nasionale Boek, p. 109. Mening van Louis Karovsky. Tielman Roos het ook later daarop gewys dat die voorsiening van kos en klere aan die stakers die uitbarsting vertraag het. Sien Die Burger, 22.6.1923. Verslag van toespraak van Roos op Uitenhage.

Genl. Smuts het egter sy tyd verspeel, want later toe hulle wel bereid was om toegewings te maak, het die situasie al so ver ontwikkel en het gevoelens al só hoog geloop dat 'n vergelyk nie meer moontlik was nie. Slegs 'n klein vonkie was nodig om die kruitvat aan die brand te steek.

Op voorstel van H.L. Lindsay is 'n kommissie bestaande uit vyf verteenwoordigers van die werkgewers en vyf van die werknemers onder voorsitterskap van hoofregter Curlewis aangestel om 'n oplossing te soek.¹⁰⁹ Die Burger spreek dan ook die hoop uit dat aangesien die geskil nie meer uitsluitlik oor die opheffing van die kleurslagboom en die loonsverlaging gaan nie, die kommissie ook aandag aan groter wrywingspunte tussen werkgewer en werknemer in die goudnywerheid sou gee. Die redakteur waarsku dat die argwaan en die wantroue by die arbeiders moet verdwyn anders sou daar weer moeilikheid kom.¹¹⁰ Die konferensie het op 14 Januarie begin en op 27 Januarie skielik tot 'n einde gekom toe die Kamer van Mynwese alle stakende steenkoolmynwerkers ontslaan het.¹¹¹ Geen oplossing is gevind nie en 'n kompromisvoorstel van die voorsitter dat die status quo-ooreenkoms net op laegraadse myne opgehef word, is verwerp.¹¹²

Weer eens het genl. Smuts in 'n brief aan die Federasie en die Kamer van Mynwese 'n beroep om 'n skikking gedoen. Hy het op die erns van die saak en die skade wat deur die staking veroorsaak word, gewys. Hy het beklemtoon dat die land oorstrom is met 'n „veldtog van verkeerde voorstellings oor die kleurslagboom.“ Volgens hom was daar geen beginsel op die spel nie, en is dit net 'n kwessie van die mins moontlike omvang te gee aan 'n onvermydelike skade vir die mynnywerheid en die gemeenskap in die algemeen.¹¹³

Die Kamer van Mynwese se antwoord op 29 Januarie het geen toegeeflikheid getoon nie. Dit het neergekom op 'n waarborg van 'n verhouding van 1: 10.5 tussen blanke en nie-blanke mynwerkers vir twee jaar; die reg van myncienaars om werk na goeëddunke te reël en oortollige mynwerkers te ontslaan; die lone sou dieselfde wees as in Desember 1921, maar die lewensduurtetoelaag wat net tot 30 Junie 1922 betaal sou word, sou net die helfte bedra; en dat Meidag en Dingaansdag

109. Die Burger, 16.1.1922 en 22.2.1922. Hoofartikels; en Die Regering en die staking, p. 9.

110. Die Burger, 16.1.1922. Hoofartikel.

111. Die Burger, 16.1.1922 en 27.1.1922; Hancock, op. cit., p. 68. Volgens Hancock het die Kommissie vanaf die 13de gesit en volgens The story of a crime, p. 45, het dit vanaf die 15de gesit.

112. Grobler, op. cit., p. 421.

113. Die Burger, 28.1.1922.

nie meer betaalde vakansiedae sou wees nie.¹¹⁴

Die Federasie het nie eens moeite gedoen om daarop te antwoord nie. Hulle het oorlog teen genl. Smuts verklaar en die regering van partydigheid beskuldig. 'n Oproep is aan alle werkers en hul simpatiserders gerig om kragte saam te snoer en saam met die Arbeidersparty en die Nasionale Party die Smuts-regering omver te werp en een daar te stel wat die blanke ras sou beskerm.¹¹⁵ Deur hierdie oproep het die arbeiders van die nywerheidsgeskil 'n politieke geskil gemaak.

Na verdere onderhandelinge tussen die Federasie, genl. Smuts, minister F.S. Malan en die Kamer van Mynwese op 4 en 6 Februarie was die Kamer van Mynwese op aandrang van genl. Smuts bereid om die status quo-ooreenkoms net op die lae-gradse myne op te hef totdat die verslag van die regering se raad van ondersoek verskyn wat genl. Smuts beloof het om aan te stel sodra die werk hervat word. Van sy kant was die Federasie nou ook bereid om op grond van Desember 1921 se voorwaardes die stakers na hul werk te laat terugkeer totdat die onpartydige raad se aanbevelings uitgebring word. Hoewel daar toegewinge aan albei kante gemaak is, was dit nog nie genoeg om die krisis op te los nie.¹¹⁶

In 'n verklaring op 11 Februarie het genl. Smuts gesê dat die toestand nou nie langer geduld kan word nie. Tensy die werk onmiddellik hervat word, sal die verlies van die werkers deur eventuele werkloosheid veel groter wees as die offerering wat oorspronklik van hulle geëis is om die myne van lae ertsgehalte te red. In sulke omstandighede word 'n oorwinning op sigself betekenisloos en die enigste uitweg is dat die staking sonder versuim beëindig word. Hy doen 'n beroep op die arbeiders om voorlopig hul werk volgens die Kamer se voorwaardes van 29 Januarie te hervat, en vra dat die Kamer tydelik die status quo-ooreenkoms in die ryker myne handhaaf. Die regering sal dan onmiddellik 'n onpartydige raad van ondersoek aanstel om aanbevelings aan die Parlement voor te lê. Verder beloof hy ook vanaf 13 Februarie polisiebeskerming aan werkers wat wou gaan werk.¹¹⁷

Die Kamer het genl. Smuts se voorstel aanvaar, maar die gesamentlike besture van die vakbonde het die polisiebeskerming wat aan die werkhervatters, ook „scabs” en „onderkruipers” genoem, belowe is, as 'n openlike uitdaging beskou.

114. Die Burger, 13.2.1922; en Grobler, op. cit., 422.

115. Grobler, op. cit., p. 422; en Hancock, op. cit., p. 68.

116. Grobler, op. cit., p. 424 et seq., en Die Burger, 8.2.1922. Hoofartikel.

117. Die Burger, 13.2.1922. Verklaring van genl. Smuts; en Die Regering en die staking, p. 10.

Hulle het genl. Smuts as die vyand van die werker gesien en besluit dat daar met die staking voortgegaan sou word totdat die mynbase die status quo-ooreenkoms herstel het en dat werkhervatting deur staakwagte verhoed sou word.¹¹⁸

Dit was duidelik dat drastiese regeeringsoptrede nou nodig geword het.¹¹⁹ Die werkers se verset was sterker as ooit tevore¹²⁰ en die volgehoue staking sou spoedig ontbering vir die werker en sy gesin meebring. Tyd was egter aan die kant van die party met die grootste beursie wat ook die laaste sê sou hê.¹²¹ Ten spyte van herhaalde waarskuwings van die goedgesinde pers en leiers van die Nasionale en Arbeidersparty dat wetteloosheid die saak van die stakers kan verongeluk en die openbare mening teen hulle kan laat draai¹²², het daar nou al hoe meer gevalle van geweldpleging in Johannesburg voorgekom.¹²³ Die stakerskommando's wat aan die begin van die staking gevorm is om rus en vrede te bewaar deur die stakers besig te hou, is deur revolusionêre elemente oorgeneem en was verantwoordelik vir sporadiese uitbarstings en dade van geweld. Die stakers wat begin werk het, is aangerand en daar is met die werkzaamhede van die myne ingemeng. Kol. Truter, Kommissaris van Polisie, het op 7 en 22 Februarie dan ook gewaarsku dat kommando's wat die werkers verhinder om te gaan werk, skuldig is aan 'n daad van openbare geweldpleging en dat die polisie nie sal huiwer om op te tree nie.¹²⁴

Die kommando's het werktuie van die Raad van Aksie geword.¹²⁵ Hierdie militante groep se hoofdoel was die vernietiging van die kapitalisme en die daarstelling van 'n beheer oor die nywerheid deur die werker. Hulle wou dus 'n kommunistiese liggaam in die plek van die vakbond daarstel¹²⁶, en die onrus en ontevredenheid onder die werkers het hulle 'n ideale kans daarvoor gebied. Fisher het openlik geweld gepredik. Op 'n vergadering op Fordsburg op 23 Januarie het hy gevra: „Whoever heard of a strike without bloodshed?” en op 6 Februarie sê hy: „We are out to win this fight, and by

118. Die Burger, 13.2.1922; U.G.35-22, p. 23; The story of a crime, p. 24 en 46; en Hancock, op. cit., p. 74.

119. Die Burger, 6.2.1922 en 14.2.1922. Hoofartikels.

120. Gitsham en Trembath, op. cit., p. 49.

121. Die Burger, 18.2.1922. Hoofartikel.

122. Die Burger, 13.1.1922, 25.1.1922 en 31.1.1922. Hoofartikels.

123. Die Burger, 14.2.1922, 22.2.1922 en 27.2.1922, et seq.

124. U.G.35-22, p. 23; The story of a crime, p. 47; Van Heerden, op. cit., p. 93 et seq.; Grobler, op. cit., p. 440; en Die Burger, 22.2.1922 en 27.2.1922, et seq.

125. Supra, p. 46.

126. U.G.35-22, p. 28; en Die Burger, 5.1.1922.

God we will; if we have to raze Johannesburg to the ground.¹²⁷ Fisher, Spendiff en drie ander lede van die Raad van Aksie is op 8 Februarie deur die polisie in hegtenis geneem, maar is twee weke later weer op borgtog vrygelaat en hulle kon toe met hul opswepingswerk voortgaan.¹²⁸ Hierdie toesprake deur heethoofde en die optrede van ekstremiste het onrus en agterdog te midde van toenemende spanning en broodsgebrek onder die stakers gesaai.¹²⁹

In die Nasionale Party se geledere is hierdie toestand sterk betreur en aan die werkers is dit duidelik gestel dat die Nasionale Party die arbeiders in hul redelike eise teen die kapitaliste sal steun, maar vir wanorde en geweld sou daar geen simpatie wees nie.¹³⁰ „Die stryd op die Rand is ekonomies en behoort sover moontlik tot die ekonomiese terrein beperk te word,” waarsku Die Burger.¹³¹ Die redakteur het daarop gewys dat die mynbase wel die reg het om die staking te breek deur „onderkruipers” in diens te neem maar dit is nie die taak van die regering om openlik „onderkruipers” te werf en aan hulle beskerming te belowe nie. Dit lyk na provokasie want genl. Smuts weet hoe dit die gemoedere verbitter.¹³² 'n Ander verslaggewer waarsku die Afrikanerarbeider dat dit onverstandig sou wees om aandag aan die Raad van Aksie met sy sosialistiese, sindikalistiese en Bolsjewistiese dromery te gee.¹³³

Genl. Smuts wat die opening van die Parlement van 20 Januarie na 17 Februarie uitgestel het in 'n poging om al sy aandag aan die oplossing van die geskil te wy, is versoek om dit so spoedig moontlik byeen te roep sodat die saak in die Volksraad bespreek kan word.¹³⁴ Reeds op 30 Januarie het 'n vergadering wat deur Nasionaliste en Arbeiders bygewoon is,

127. Herd., op. cit., p. 69; Boydell, op. cit., p. 196; Chilvers, H.A., Out of the crucible, p. 216 et seq.; en U.G.35-22, p. 7 et seq. Toesprake van Fisher op 23 Januarie te Fordsburg en op 28 Februarie, 4, 6 en 7 Februarie te Johannesburg.
128. U.G.35-22, p. 38; Herd, op. cit., p. 71; en The story of a crime, p. 46.
129. Die Burger, 4.1.1922, 5.1.1922, 31.1.1922, 6.2.1922 en 10.2.1922. Hoofartikels; en Ibid., 25.1.1922. Berig.
130. Die Burger, 31.1.1922. Hoofartikel; Ibid., 25.1.1922. Verslag van toespraak van H.H. Moll op Brakpan; en The story of a crime, p. 12. en p. 45.
131. Die Burger, 5.1.1922. Hoofartikel.
132. Die Burger, 18.2.1922. Hoofartikel.
133. Die Burger, 5.1.1922.
134. Hancock, op. cit., p. 67; Die Burger, 21.1.1922. Besluit van vergadering van 2,000 mense te Brakpan; Ibid., 24.1.1922. Besluit van die uitvoerende komitee van die N.P. van Transvaal; en Ibid., 2.2.1922. Verslag van toespraak van J. Christie, L.V., te Johannesburg.

'n deputasie bestaande uit adv. Tielman Róos, J.S.F. Pretorius, H.W. Sampson, Arbeider-L.V. vir Jeppe, W.B. Madeley, Arbeider-L.V. vir Benoni, na die Goewerneur-generaal gestuur met die versoek dat die Parlement in Pretoria moes sit ten einde 'n oplossing vir die staking te vind. Die Goewerneur-generaal het egter verklaar dat hy nie by magte was om op eie inisiatief die Parlement byeen te roep nie.¹³⁵ Adv. Roos het toe ná 'n besluit van die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Party van Transvaal, 'n beroep gedoen op alle Volksraadslede wat in die oplossing van die nywerheidsgeskil belang stel om op 6 Februarie in Pretoria te vergader om die saak te bespreek.¹³⁶

Op 5 Februarie het 'n vergadering van 3,000¹³⁷ stakers in die stadsaal van Johannesburg op voorstel van R.B. Waterston, Arbeider-Volksraadslid vir Brakpan en kommandant-generaal van 'n stakerskommando¹³⁸, 'n besluit aangeneem dat die byeenkoms van Parlementslede wat die volgende dag sou plaasvind, gevra sou word om 'n vrye republiek uit te roep en 'n voorlopige regering saam te stel.¹³⁹ Veral Afrikanerwerkers het in hierdie besluit die verkryging van hul verlore vryheid gesien, maar wat die revolusioniste eintlik in gedagte gehad het, was nie 'n konstitusionele republiek nie maar 'n werkersrepubliek op Russiese lees geskoci.¹⁴⁰ Fisher en andere het besef dat die politieke beweging wat hulle voorstel hemelsbreed verskil van die republikeinse beweging wat deur adv. Roos en die Nasionale Party voorgestaan word. Boonop het adv. Roos hom ook by verskeie geleenthede teen geweld uitgespreek en hy sou nie vir so 'n voorstel te vinde wees nie. Volgens die regeringskommissie van ondersoek, wat later aangestel is, was die „oorlogvoerende“ elemente op die Rand, nl. die Raad van Aksie, die Arbeidersparty, die Nasionale Party en die Kommuniste, op daardie tydstip verenig in een en dieselfde doel, nl. om die regering omvêr te werp.¹⁴¹ Met die doel voor oë is die steun van die Transvaalse Volksraadslede dan ook gesoek. Die besluit van die stakersvergadering is aan die Parlementslede oorgedra deur 'n afvaardi-

135. U.G. 35-22, p. 25; en Kruger, op. cit., p. 122.

136. Die Burger, 2.2.1922. Besluit van die uitvoerende komitee van die N.P. van Transvaal; en Ibid., 4.2.1922. Oproep van Roos in 'n toespraak te Fordsburg.

137. U.G. 35-22, p. 13 en p. 25. Sien ook Pirow, op. cit., p. 92 waarvolgens daar 6,000 mense was.

138. Die Burger, 24.2.1922. Rubriek: „Volksraad-Indrukke“. Volgens The Star was Waterston 'n generaal-majoor. Sien Humphriss en Thomas, op. cit., p. 213.

139. Die Burger, 6.2.1922; en U.G. 35-22, p. 13.

140. Kruger, op. cit., p. 122; en Die Burger, 10.2.1922. Hoofartikel.

141. U.G. 35-22, p. 28.

ging bestaande uit Percy Fisher, Ernest Shaw (ook 'n kommunist), Morris Kentridge en Piet Erasmus.¹⁴²

Die sogenaamde Roos-parlement wat op 6 Februarie vergader het; het bestaan uit tien Nasionale en vyf Arbeider-Volksraadslede.¹⁴³ Hulle het die versoek van die afvaardiging aangehoor, maar adv. Roos het verklaar dat hoewel die Nasionale Party 'n republiek wil hê, dit op 'n konstitusionele manier verkry moet word.¹⁴⁴ Adv. Roos het verder 'n beroep op die magte teen die regering gedoen om te konsolideer en genl. Smuts met die volgende verkiesing te verslaan.¹⁴⁵ Hulle het ook besluit om 'n afvaardiging bestaande uit vier lede van die hoofbestuur van die Nasionale Party van Transvaal nl. adv. Roos, ds. B.R. Mattingh, leier van die Nasionale Party in die Transvaalse Provinsiale Raad, P.G.W. Grobler, L.V. vir Rustenburg, en B.J. Pienaar, L.V. vir Wonderboom, te same met twee Arbeiders, R.B. Waterston en W.B. Madeley, na genl. Smuts te stuur om sy aandag op die grootskeepse werkloosheid wat met die opheffing van die status quo-ooreenkoms gepaard sal gaan, te vestig en hom te vra om dit te voorkom.¹⁴⁶

Na samesprekings met genl. Smuts en minister F.S. Malan op 7 Februarie was dit duideliker as ooit tevore dat nie één van die twee partye die status quo-ooreenkoms aan arbitrasie wou onderwerp nie.¹⁴⁷ Genl. Smuts het verklaar dat die regering nou magteloos is en dat hy verdere ontwikkeling van die situasie as toeskouer sou gadeslaan.¹⁴⁸

Hierdie houding het genl. Hertzog sterk betreur, want hy het gevoel dat dit die plig van die regering is om tussenbeide te tree. Hy was van mening dat die regering se optrede bewys het dat hy partydig vir die myne teen die witman is, en „Tot my diepe teleurstelling sien ek nou dat die regering volhard in sy niksdoen-politiek en daardeur die mynwerkers haas tot wanhoop dryf.“¹⁴⁹ Ook Die Burger se redakteur voer aan dat hy dit nie kan aanvaar dat die regering totaal magteloos is nie. Die kuns van regeer bestaan vol-

142. Ibid., p. 25; Die Burger, 7.2.1922; en Merid, op. cit., p. 34 et seq.

143. Ibid., p. 34; en Hancock, op. cit., p. 71. Volgens The story of a crime, p. 12 was daar 11 Nasionale Party en 5 Arbeiders.

144. Kruger, op. cit., p. 123.

145. Grobler, op. cit., p. 434.

146. Die Burger, 17.3.1922; en Grobler, op. cit., p. 435. Volgens 'n berig in Die Burger van 8.2.1922 het Madeley en Waterston eers na die samesprekinge daar aangekom.

147. Die Burger, 9.2.1922. Hoofartikel.

148. Die Burger, 8.2.1922.

149. Die Burger, 10.2.1922. Verslag van onderhoud.

gens hom tog daarin om die noodsaaklikheid van wapengeweld te vermy.¹⁵⁰

Genl. Hertzog se kommentaar op die versoek van sekere arbeiders om 'n republiek te verklaar; was: „Te groot 'n sotheid om ons daar ernstig mee besig te hou. Ons sal die republiek kry eendag; maar dit sal wees omdat die bevolking van Suid-Afrika hom oortuig het van die verdienstelikheid van die republikeinse regeringsvorms, nie omdat een seksie van die bevolking hom gegrief voel nie.“¹⁵¹ T.G. Boydell se reaksie op die republikeinse aanbeveling was dat genl. Smuts se weiering om die Parlement, die veiligheidsklep van die land, byeen te roep, die mense tot ongrondwetlike daade dwing, maar dat die Arbeidersparty hom gebonde voel vir die handhawing van die Grondwet. Hy voeg daaraan toe dat 'n Nasionalistiese republiek in elk geval 'n ekonomiese en sosiale onheil sal wees.¹⁵² Hy is gesteun deur A.G. Barlow, Arbeider-L.V. vir Bloemfontein-Noord, wat aangevoer het dat alles gedoen moet word om die werkers te help om hul stryd te wen, maar dat dit op 'n grondwetlike wyse moet geskied. Daarom sou hy enige poging om 'n republiek uit te roep en om die vlag af te trek, beveg.¹⁵³

Aangesien al genl. Smuts se pogings om die twee partye tot 'n ooreenkoms te bring, misluk het, het die stakers nou alle hoop op die sitting van die Parlement gevestig.¹⁵⁴ Genl. Smuts het reeds op die eerste dag van die sitting, 17 Februarie, verklaar dat die stakers nie op die onmiddellike optrede van die Parlement moet reken nie, omdat 'n noukeurige ondersoek van 'n onpartydige raad lank sal duur. Hy raai daarom die arbeiders aan om intussen op die Kamer van Mynwese se voorwaardes te begin werk.¹⁵⁵ Genl. Hertzog en Boydell het ook voorstelle vir die oplossing van die geskil ingedien. Genl. Hertzog se voorstel wat op 21 Februarie gewysig is, het op die volgende neergekom: die handhawing van alle regulasies en ooreenkomste wat die posisie van die blanke mynwerkers beskerm en hul vervanging deur goedkoop natuurleerarbeid belet; die verklaring van die Parlement dat die hervatting van werk uiters wenslik en noodsaaklik is; indien die myneienaars en die werkers binne sewe dae aan die Speaker kennis gee dat hulle bereid is om die werk te hervat, sal 'n

150. Die Burger, p.2.1922. Hoofartikel.

151. Die Burger, 10.2.1922. Verslag van onderhoud.

152. Die Burger, 7.2.1922. Verslag van onderhoud.

153. Die Burger, 7.2.1922. Verklaring van Barlow.

154. Die Burger, 15.2.1922 en 16.2.1922. Hoofartikel en berig; en Die Regering en die staking, p. 11.

155. Die Burger, 18.2.1922. Hoofartikel en verslag van Volksraadsdebat.

gekose komitee die voorlopige voorwaardes van werkhervatting bepaal; dan moet die Volksraad 'n onpartydige kommissie aanstel om die voorlopige voorwaardes te hersien en indien wenslik te ageer as 'n permanente skeidsgereg in toekomstige arbeidsgeskille.

Genl. Hertzog wys daarop dat alle oë op die Parlement gerig is en dat daar 'n onpartydige oplossing gevind moes word. Die strekking van sy mosie is dat die Volksraad die twee partye die geleentheid moet gee om hul saak voor 'n onpartydige en bevoegde hof te bepleit. Daarom moet die kommissie deur die Volksraad en nie deur die regering aangestel word, want die regering geniet nie meer die vertrouwe van albei twistende partye nie. Dit mag onredelik wees, maar daarmee moet rekening gehou word. Hy het dit beklemtoon dat die vraagstuk op 'n suiwer ekonomiese basis opgelos moet word. Hy erken dat die Volksraad nie oor lone, arbeid en arbeidsvelde kan beslis nie, maar is van mening dat dit wel 'n beslissing oor die kleurslagboom kan gee omdat dit 'n saak van politieke beleid is.¹⁵⁶

Die voorstel van Boydell het daarop neergekom dat die regering stappe moet doen om die ultimatus van die Kamer dadelik teruggetrek te kry; dat die vraagstuk van die status quo-ooreenkoms na 'n gekose komitee verwys word; dat 'n arbitrasieraad onder toesig van 'n regter van die Hooggeregshof aangestel word, en dat voorsiening gemaak word vir die hervatting van werk deur alle stakers volgens die voorwaardes van 1921 totdat die arbitrasieraad sy verslag uitbring.¹⁵⁷

In sy antwoord hierop het genl. Smuts die voorstelle as nutteloos en onmoontlik afgekeur. Volgens hom sou genl. Hertzog se gekose komitee 'n diktatoriale liggaam wees en die bevolking sou hulle dan aan 'n gedwonge skeidsgereg moes onderwerp. Hy het ook 'n oorsig oor die ontstaan en verloop van die staking gegee en beklemtoon dat die beamptes van die Victoria Falls Power Company en die steenkoolmynwerkers gestaak het oor loonsgeskille. Die status quo-ooreenkoms waaroor die mynwerkers staak, word verwar met die kleurslagboom wat wetlike beskerming geniet en waaraan nie geraak sal word nie. Hy het op die belangrikheid van die goudmyne vir die land gewys en verklaar dat die regering se optrede nog altyd op die verlenging van die lewensduur van die myne gerig was. Die regering het alles in sy vermoë gedoen om die geskil te besleg, maar is in sy optrede deur die handelswyse van die

156. Ibid.; en Die Burger, 22.2.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

157. Die Burger, 18.2.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

Arbeidersparty en die Nasionale Party gestrem. Hy was oortuig dat adv. Roos die „skurk in die stuk“ is en dat hy politieke munt uit die gebeure wou slaan. Die noodlottigste gebeurtenis van die staking was volgens hom toe adv. Roos in Germiston aan die stakers gesê het: „Gee nie in nie; die Nasionale Party staan by julle“. Die sekretaris van die Nasionale Party het nóg meer beloftes gemaak. Die Eerste Minister het die optrede van die Nasionale Party en sy pers betreur en aangevoer dat dit 'n baie slegte invloed op die staking gehad het. Die regering se voorstel is dat die stakers werk op die Kamer se voorwaardes moet hervat en dan sal hy 'n onpartydige kommissie aanstel om die saak te ondersoek en dié se verslag aan die Parlement voorlê vir bespreking, want hy was oortuig dat daar geen moontlikheid op versoening meer was nie.¹⁵⁸

Adv. Tielman Roos het ontken dat die regering ooit enige leiding in die geskil geneem het. Hy het gewys op al sy pogings en oproepe om die staking te verhoed en later om geweld te voorkom. Hy het ook genl. Smuts uitgedaag om te bewys dat hy op Germiston die stakers aangeraai het om nie 'n duimbreedte toe te gee nie. Hy het hom self nooit met die staking bemoei nie, maar wel met die beginsel van die staking. Die myneienaars wil die reg hê om die werkers alles voor te skryf. Die moeilikhede is ook veroorsaak deur die onbedagsame kennisgewings van die Kamer van Mynwese oor die status quo-ooreenkoms wat nog altyd as deel van die kleurlyn beskou is. Adv. Roos was van mening dat almal onder die politiek van die Kamer van Mynwese ly en dat die regering die reg behoort te hê om die mynlisensies in te trek sodat die Kamer van Mynwese op sy plek gehou kan word. Volgens hom het die staking een goeie gevolg en dit is dat rassehaat op die Rand verdwyn het. Hy raai genl. Smuts dan ook aan om Rhodesië by die Unie in te lyf om 'n paar ekstra ondersteuners te kry, anders sal die regering nie die volgende verkiesing wen nie.¹⁵⁹

Op die vraag van minister F.S. Malan waarom adv. Roos wil hê dat die staat die myne moet bewerk, het genl. Hertzog geantwoord: „Nie bewerk nie, net oorneem. Om dit uit die hande van die skelms te kry.“ Minister Malan het daarop gewys dat die status quo-ooreenkoms en die wetlike kleurslagboom saam 11,000 mynwerkers beskerm en volgens die strydkrete van die stakers, hang die behoud van 'n blanke Suid-Afrika dan van 11,000 werkers op die Rand af. In die algemene nywerhede van Suid-Afrika bestaan daar geen kleurslagboom nie

158. Die Burger, 18.2.1922 en 22.2.1922. Verslae van Volksraadsdebatte; en Die Regering en die staking, p. 11.

159. Die Burger, 28.2.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

en tog is die verhouding van swart tot wit daar 100:36. Hoe kan die toekoms van Suid-Afrika dan van die kleurslagboom afhang? Hy het daarop gewys dat die verhouding van die vakbonde in Kaapland wat geen kleurslagboom erken nie, 100:39 is en in Transvaal met sy streng kleurslagboom is dit net een meer.¹⁶⁰

J.X. Merriman, Volksraadslid van die S.A. Party vir Stellenbosch, was van mening dat dit die plig van die regering is om die kleurslagboom op te hef en die naturel diselfde voorregte as die blanke te gee, want hy sien dit nie as 'n bedreiging vir die voortbestaan van die witman nie.¹⁶¹

Adv. M. Alexander, onafhanklike lid vir Kaapstad-Kasteel, het verklaar dat die witman homself nie deur wette en regulasies kan handhaaf nie, maar slegs deur beter onderwys en ontwikkeling van sy gawes.¹⁶² Arthur Barlow het die S.A. Party aangeval en van oneerlikheid in sy belangstelling in die naturel beskuldig: „Hulle wil niks met hom te doen hê nie, behalwe in eleksietyd en as hulle goedkoop werkkragte nodig het.”¹⁶³

Die Volksraadslede het geesdriftig aan die debat deelgeneem en uit Nasionale en Arbeidersgeledere is die Kamer van Mynwese veroordeel en genl. Smuts van partydigheid teenoor die kapitaliste beskuldig. Op 27 Februarie het genl. Smuts aangekondig dat die stakingsdebat daardie aand beëindig moet word al duur dit tot middernag, want die tyd is kosbaar en die Raad moet tot 'n beslissing kom. Die môre van 28 Februarie om 9.35 is die debat dan ook beëindig toe maj. B.W. Hunt, regeringslid vir Turffontein, se voorstel dat die stakers hul werk dadelik moet hervat op die bes moontlike voorwaardes verkrygbaar, in afwagting van die uitslag van die ondersoek van 'n onpartydige raad deur die regering benoem, met 70 stemme teen 55 aangeneem is.¹⁶⁴

Genl. Hertzog se voorstel het skynbaar by die stakers byval gevind, want gedurende die debat is daar meer as een telegram in die Parlement voorgelees waarin stakersvergaderings genl. Hertzog se mosie as oplossing vir die geskil aanvaar het.¹⁶⁵ Selfs die Federasie was bereid om dit te aanvaar.¹⁶⁶ Die Kamer van Mynwese kon hom egter nie met hierdie voorstel versoen nie. In 'n onderhoud het J.L. van Byssen, 'n verteenwoordiger van die Kamer, verklaar dat die Kamer nie die status quo-ooreenkoms op die ryk myne kan handhaaf nie,

160. Die Burger, 25.2.1922. Verslag van Volksraadsdebat.
 161. Die Burger, 23.2.1922. Verslag van Volksraadsdebat.
 162. Ibid.
 163. Die Burger, 28.2.1922. Verslag van Volksraadsdebat.
 164. Die Burger, 1.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.
 165. Die Burger, 27.2.1922. Hoofartikel.
 166. Die Burger, 1.3.1922.

want geleidelik sal dié myne ook teen 'n lae wins of 'n verlies werk en as die status quo-ooreenkoms dan daar opgehef moet word, sal die Kamer weer 'n herhaling van die gebeure hê. Hy wys daarop dat sedert die begin van die staking tussen 50,000 en 60,000 naturelle na hul tuistes teruggestuur is en gevolglik sal die myne nie aan alle stakers werk kan verskaf nie, want as daar nie naturelle is nie, is daar nie werk vir die blanke toesighouers nie.¹⁶⁷ In 'n telegram aan Van Byssen op 23 Februarie het die Kamer dan ook verklaar dat die Hertzog-voorstel geheel en al onuitvoerbaar en onaanneemlik is.¹⁶⁸

Die staking het langer geduur as wat meeste stakers waarskynlik verwag het en daar was gebrek in baie huisgesinne. Ná genl. Smuts se oproep aan stakers om na hulle werk terug te keer en beloftes van polisiebeskerming, het hulle hier en daar weer begin werk te midde van toenemende geweldpleging van stakerskommando's teenoor die „onderkruipers”.¹⁶⁹ Botsings tussen kommando's en die polisie en geweldpleging was aan die orde van die dag¹⁷⁰ en op 28 Februarie word drie stakers op Boksburg in 'n botsing met die polisie doodgeskiet.¹⁷¹

Dr. D.F. Malan, L.V. vir Calvinia en leier van die Nasionale Party in Kaapland, het die volgende dag in die Volksraad 'n onpartydige ondersoek na die treurspel bepleit. Hy was van mening dat aangesien die regering skynbaar nie die saak kan oplos nie, 'n goeie gees tussen die stakers en die polisie bewaar moet word. As die stakers die polisie as instrumente van die Mynkamer gaan beskou, sal dit 'n oorlogsverklaring wees. Daarom is dit van die grootste belang dat die vertroue van die publiek en die stakers in die onpartydigheid van die polisie herstel word.¹⁷² Dr. Malan se voorstel het by die Nasionaliste en Arbeiders groot byval gevind en C.W. Malan het dit beklemtoon dat so 'n ondersoek 'n kalmerende invloed op die stakers sou hê en dat hulle dan in die onpartydigheid van die regering sou glo.¹⁷³ Die Arbeiders het benewens die kommissie van ondersoek ook die onmiddellike

167. Die Burger, 28.2.1922.

168. Die Burger, 5.4.1922.

169. Die Burger, 14.2.1922 en 18.2.1922. Volgens 'n berig in Die Burger van 18.2.1922 het 1,000 mense weer gewerk. Die Kamer het op 17 Februarie verklaar dat 4,500 mense weer werk. Sien The story of a crime, p. 47.

170. Die Burger, 22.2.1922, 27.2.1922 en 25.3.1922. Rubriek „Uit die lewe”.

171. Die Burger, 1.3.1922; en The story of a crime, p. 25. Volgens 'n verslag in Die Burger van 3.3.1922 het 20,000 mense die begrafnis bygewoon.

172. Die Burger, 2.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

173. Ibid.

skorsing van kapt. Fulford wat in beheer van die polisie was, geëis.¹⁷⁴ Genl. Smuts het egter verklaar dat die regering nie so 'n buitengewone ondersoek sou toelaat nie aangesien dit die polisie se moreel sou verswak. Hy was van mening dat die situasie toegelaat moet word om te ontwikkel. Minister F.S. Malan het hom gesteun en die versekering gegee dat indien dit ná die gewone regterlike ondersoek by die lykskouing nodig blyk, 'n verdere ondersoek ingestel sou word.¹⁷⁵

Die Boksburgse insident het die stakers beslis tot nadenke gestem. Die Federasie het nogeens 'n poging aangewend om sake te skik en die Kamer tot samesprekings uitgenooi waarop voorwaardes vir werks hervatting bespreek kon word.¹⁷⁶ Die klimaat was uiters geskik vir onderhandelinge aan die kant van die stakers en dit het voorgekom asof 'n oplossing in sig was. P.J. Baird, hooforganiseerder van die Suid-Afrikaanse Werkersbond, het reeds in 'n brief die werkers aangeraai om te begin werk.¹⁷⁷ Die plaaslike pers was dit eens dat die einde van die staking in sig was en dat die seën van die hele land op die beoogde konferensie van die Federasie met die Kamer van Mynwese rus.¹⁷⁸

Hierdie hoop is die nek ingeslaan toe die Kamer van Mynwese in sy antwoord aan die Federasie op 4 Maart verklaar dat sy voorwaardes nog dié van 29 Januarie is en dat verdere onderhandelinge nutteloos is. Daar sou nie verder tyd gemors word om mense van dié „mental calibre" te probeer oortuig nie. Verder sou die Kamer nie meer die Federasie erken nie, omdat dit nie langer die meerderheid van die mynwerkers in die goud- en steenkoolbedryf verteenwoordig nie. Die woordvoerder van die Kamer wys daarop dat baie van die werkers ten spyte van die Federasie se bevele werk hervat het, terwyl baie ontevrede is oor die intimidasie deur die Vergrote Uitvoerende Raad wat hulle uit die werk probeer hou. Indien die Federasie bly voortbestaan ná die ramp waarin hy sy misleide lede gedompel het, sal hy waarskynlik bestaan uit vakbonde wat niks met die goud- of steenkoolbedryf te doen het nie en die Kamer kan dus nie insien waarom hy sy sake met slagters en trenwerkers moet bespreek nie. Die Kamer was egter nog bereid om die vakbonde wat die beroepe van sy werknemers

174. Die Burger, 7.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

175. Die Burger, 2.3.1922 en 7.3.1922. Verslag van Volksraadsdebatte.

176. Grobler, op. cit., p. 442.

177. Die Burger, 4.3.1922.

178. Die Burger, 25.3.1922. Rubriek „Uit die lewe"; en Hancock, op. cit., p. 82. Volgens The story of a crime, p. 49 het 5,000 stakers al op 6 Maart gewerk.

verteenwoordig, te erken.¹⁷⁹

Hierna is aangevoer dat hierdie brief van die Kamer van Mynwese die vernaamste rede vir die geweldpleging was wat hierop gevolg het.¹⁸⁰ Genl. Smuts het die brief as betrourenswaardig en "couched in such deplorable tone" verdoem¹⁸¹, en adv. Leslie Blackwell, regeringslid vir Bezuidenhout, het verklaar dat dit "één van die grofste politieke misdade is wat ooit gepleeg is."¹⁸² Die Burger het later daarna verwys as die "noodlottige en misdadige brief van die Kamer"¹⁸³ en die Kommissie van Onderzoek na die latere gebeure het ook die brief uitgewys as een van die redes vir die onluste wat sou volg.¹⁸⁴

Die gematigde vakbondleiers was egter vasberade om 'n oplossing te vind en het by die Vergrote Uitvoerende Raad aangedring dat werk hervat moes word. Gevolglik het die Raad besluit dat 'n stemming vir werks hervatting op die Kamer se voorwaardes gehou sou word.¹⁸⁵

Die ekstremiste in die vakbondgeledere het nou tot aksie oorgegaan. Hulle wou ten alle koste voorkom dat so 'n stemming gehou word. Toe die Vergrote Uitvoerende Raad en die besture van die vakbonde op 6 Maart vergader om die besluit van die Vergrote Uitvoerende Raad in sake die stemming om werks hervatting te bespreek, het Fisher en Shaw, gesterk deur die welsprekendheid van W.H. Andrews, duisende stakers by die saal waar die vergadering gehou is, versamel. Die afgevaardigdes is nie toegelaat om die saal te verlaat nie en dreigemente is na hulle geskree as hulle sou waag om dié besluit te bekragtig. Uiteindelik het hulle toegegee aan die druk en 'n algemene staking vanaf 7 Maart afgekondig.¹⁸⁶ 'n Komitee van vyf man is benoem om die staking te beheer, maar spoedig het die leiding geheel en al in die hande van die Raad van Aksie, desperate manne wat vir niks sou stuit nie, oorgegaan. Die twee voorste belhamels was Fisher en Spendiff.¹⁸⁷

179. Die Burger, 6.3.1922.

180. U.G.35-22, p. 23.

181. Grobler, op. cit., p.443; en Die Burger, 8.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

182. Die Burger, 18.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

183. Die Burger, 29.3.1922. Hoofartikel.

184. U.G.35-22, p. 38.

185. Hancock, op. cit., p. 82; Die Burger, 6.3.1922; en Grobler, op. cit., p. 443.

186. Die Burger, 7.3.1922 en 18.3.1922; Hancock, op. cit., p. 82; en Die Regering en die staking, p. 12.

187. Die Burger, 11.3.1922; U.G.35-22, p. 24; Van Heerden, op. cit., p. 105; Grobler, op. cit., p. 444; Boydell, op. cit., p. 196; Kruger, op. cit., p. 123; Pirow, op. cit., p. 94; en Creswell, M., An epoch of the political history of South Africa in the life of Frederich Hugh Page Creswell, p. 76.

Op 7 Maart het alle werkers begin staak en die stakerskommando's het begin hand-uit ruk. Genl. Smuts het op 7 en 8 Maart in die Volksraad verklaar dat die georganiseerde arbeid beheer oor die massa verloor het, dat die oproerige element die oorhand gekry het en dat die regering niks gaan doen nie, want die stemming is sodanig dat dit nie sal help om met die gepeupel te onderhandel nie.¹⁸⁸ Motors is omgekeer, telefoondrade is vernietig, werkers is met geweld uit hul kantore gesleep, treine is ontspoor en polisie, spoorwegwerkers en mynampnare is aangeval.¹⁸⁹ Die aanvalle op naturelle in Vrededorp en Fordsburg waarin nie-blankes gewond en gedood is, het aan die saak 'n baie ernstige kleur gegee.¹⁹⁰

Genl. Smuts het ná hierdie gebeure dan ook verklaar dat die toekoms vir die blanke ras in Suid-Afrika op die spel is en alle partye gevra om hierdie daad ten sterkste af te keur. Hy het daarop gewys dat die skorriemorrie en misdadige element in die kommando's georganiseer is en dat hulle as wettelose en revolusionêre bendes rondtrek wat nie alleen naturelle vermoor nie, maar ook gehoorsame burgers molesteer.¹⁹¹ Die Nasionaliste en Arbeiders het hulle in die Volksraad ook sterk teen hierdie geweldpleging uitgespreek.¹⁹²

Toestande het so versleg dat genl. Smuts op 10 Maart verklaar het dat krygswet aan die Rand en aangrensende distrikte afgekondig is. Hy het verduidelik dat die regering met geduld en verdraagsaamheid opgetree het, maar nou verplig is om meer drastiese stappe te doen. Die stakers is gesterk in hul optrede deur beloftes van bystand en hulle het gedink dat hulle die regering op sy knieë sal bring, maar die regering sal wet en orde handhaaf, hoewel daar baie bloed vergiet sal word. Die naturelle is onrustig, veral na die aanvalle en moorde op hulle en dit is die plig van die regering om hulle te beskerm en te sorg dat hulle uit die stryd gehou word. Hy vra daarom die steun van al die partye om mee te werk dat daar so min as moontlik bloed vergiet word en dat die orde so gou as moontlik herstel word.¹⁹³

Dr. D.F. Malan het dan ook as leier van die Nasionale

188. Die Burger, 8-9.3.1922. Verslae van Volksraadsdebatte.

189. Die Burger, 8.3.1922 et seq.; Van Heerden, op. cit., p. 110 et seq.; en Humphriss en Thomas, op. cit., p. 214 et seq.

190. Die Burger, 10.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat en U.G.35-22, p. 75 et seq.

191. Die Burger, 10-11.3.1922. Verslae van Volksraadsdebatte.

192. Die Burger, 10.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat en onderhoud met Roos.

193. Die Burger, 11.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

Party in afwesigheid van genl. Hertzog verklaar dat die Nasionale Party erken dat die toestand aan die Rand sodanig ontwikkel het dat die handhawing van wet en orde en die beskerming van die eiendom van landsburgers nodig geword het. Die Party sal noukeurig let op die manier waarop krygswet deur die regering gebruik word maar sal niks doen om die regering se taak in die handhawing van wet en orde te bemoeilik nie.¹⁹⁴

Boydell het die volgende mosie voorgestel: Die Raad betreur die staat van burgeroorlog en afskuwelike slagting wat nou op die Rand plaasvind, en eis dat die regering dadelik stappe doen om onderhandelinge te voer tot beëindiging van die oorlog en om verdere verlies van lewens te voorkom. Dr. D.F. Malan het egter voorgestel dat die voorstel só gewysig word: ... terwyl ons erken dat dit die regering se plig is om wet en orde te handhaaf, dring ons by die regering aan om alle stappe te doen om onderhandelinge te voer tot beëindiging van die oorlog ...¹⁹⁵ Die volgende dag het dr. Malan ook voorgestel dat die Volksraad moet verdaag as teken dat die Raad die erns van die toestand besef en uit meegevoel met die lyding aan die Rand. Hierdie voorstel is deur Boydell gesekondeer. Minister F.S. Malan het dit egter afgekeur en was van mening dat dit as 'n mosie van steun aan die stakers en van simpatie met die gewapende vernet teen die regering vertolk kon word. Die mosie is toe met 63 teen 48 stemme verwerp.¹⁹⁶

Genl. Smuts het self na Johannesburg vertrek en van die nag van 11 Maart toe hy daar aangekom het, persoonlik die beheer van die magte op hom geneem.¹⁹⁷ Ook adv. Tielman Roos, Oswald Pirow, en H.H. Moll, L.P.R., het met toestemming van die regering na die Rand gegaan in 'n poging om 'n wapenstilstand te verkry en verdere bloedvergieting te voorkom.¹⁹⁸ Adv. Roos se voorstel aan genl. Beves, bevelvoerende offisier van die Sentrale Streek, om die stakers „geen teregstellings en 'n wapenstilstand om te kan onderhandel" aan te bied, is egter geweier en hy moes onverrigtersake na Pretoria terugkeer.¹⁹⁹ Ná bloedige gevegte het die oproerigheid op 14 Maart met die bombardement van Fordsburg en die selfmoord van

194. Die Burger, 14.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

195. Ibid.

196. Die Burger, 15.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

197. Die Burger, 13.3.1922; Hancock, op. cit., p. 83; en Grobler, op. cit., p. 446.

198. Die Burger, 13.3.1922.

199. Die Burger, 15-16.3.1922. Briewe van Roos aan die Minister van Verdediging; en Ibid., 17.3.1922. Antwoord van die Minister van Verdediging.

Fisher en Spendiff geëindig.²⁰⁰

In 'n verklaring op 16 Maart het die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie enige medepligtigheid aan die opstand ontken en verklaar dat die Vergrote Uitvoerende Raad in stryd met die konstitusie van die Federasie is en nie verteenwoordigend van al die vakbonde is nie. Boonop is die algemene staking onder dreigemente van geweld deur gewapende ekstremiste afgekondig. Die Vergrote Uitvoerende Raad is gevra om dadelik te vergader en die staking af te las.²⁰¹ Die Mynwerkersunie het hom ook van die oproer gedistansieer.²⁰² Die betrokke vakbonde het dan ook op 17 Maart die staking afgelas. So het die staking in die steenkoolmyne na 76 dae en in die goudmyne na 67 dae tot 'n einde gekom.²⁰³ Benewens die groot ontbering en broodgebrek daardeur veroorsaak is daar in totaal 534 mense gewond, 153 gedood en 4692 mans, 62 vroue en 4 kinders in hegtenis geneem.²⁰⁴ Van hierdie groep is 844 mans en 9 vroue op verskillende aanklagte verhoor.²⁰⁵ Agtien is ter dood veroordeel, maar daarvan is net vier se doodvonnisse bekragtig. Hulle was Carel C. Stassen, 'n Afrikaner, David Lewis en Herbert K. Hull, twee Engelse, en S.A. Long, 'n Wallieser.²⁰⁶ Op 30 Julie 1923 het die regering egter amnestie verleen aan almal wat minder as 5 jaar tronkstraf opgelê is en die ander langtermyn-gevangenes is op 17 Mei vrygelaat.²⁰⁷

Mog voor sy terugkeer na Kaapstad het genl. Smuts 'n beroep op die volk gedoen om 'n fonds vir noodleniging aan die Rand te stig.²⁰⁸ Die publiek se bydraes is aangevul deur 'n skenking van £20,000 deur die Kamer van Mynwese en £25,000 van die regering, terwyl £698 uit Londen ontvang is.²⁰⁹

Genl. Smuts het die burgers en die polisie vir hul snelle optrede bedank. Hy het die vinnige opkoms van die burgerlike kommando's vertolk as 'n uitdrukking van vertroue, iets waaroor hy baie dankbaar was.²¹⁰ Hy het 'n beroep op die werkgewers gedoen om viktimisasie te vermy en soveel moontlik

200. Die Burger, 15.3.1922 en 17.3.1922.

201. Die Burger, 16.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

202. Die Burger, 18.3.1922.

203. Ibid.

204. U.G.35-22, p. 17 et seq.; Die Burger, 29.4.1922. Verklaring van maj. Trigger; en The story of a crime, p. 5.

205. Ibid., p. 5; en Herd, op. cit., p. 183.

206. Hancock, op. cit., p. 88; Herd, op. cit., p. 186. en The story of a crime, p. 32.

207. Van Heerden, op. cit., p. 125; Herd, op. cit., p. 202.

208. Die Burger, 18.3.1922.

209. Die Burger, 20.3.1922, 1.4.1922 en 14.4.1922.

210. Die Burger, 20.3.1922. Verslag van toespraak van Smuts te Potchefstroom; en Armstrong, H.C., Grey Steel, p.257.

werkers in diens te neem.²¹¹ Genl. Smuts het ook in die Volksraad aangekondig dat krygswet opgehef sal word sodra die Vrywarings- of Indenniteitswet aangeneem is. Verder het hy belowe dat die regering 'n bekwame en onpartydige Nywerheidskommissie sal aanstel om die ernstige vraagstukke soos die status quo-ooreenkoms en die getalsverhouding tussen blanke en nie-blanke arbeiders in die myne, wat met die staking voorgekom het, te ondersoek en om leiding te gee oor wetgewing wat vrede in die nywerheid sal verseker.²¹² Hy verklaar ook dat die Kamer van Mynwese voortaan in so 'n posisie verkeer dat hy nie met die georganiseerde arbeid rekening hoef te hou nie. Dit is volgens hom 'n noodlottige toestand en die regering moet so iets verhoed, want nòg arbeid, nòg die Kamer mag baas speel en daarom is 'n Nywerheidskommissie nodig om die euwel met wortel en tak uit te roei.²¹³

Boydell het voorgestel dat die Volkebond die saak moes ondersoek, maar sy voorstel het nie steun gekry nie.²¹⁴ Die Burger het genl. Smuts in sy weiering hiervan gesteun „omdat ons nie kan gedoog nie dat 'n internasionale liggaam as die Volkebond of 'n ander buitelandse organisasie hom sal meng in ons binnelandse aangeleenthede. Die Unie is altans volkome meester oor sy binnelandse sake en ons reken ons baas genoeg om dit te behartig!“²¹⁵

Toe genl. Smuts op 24 Maart sy Vrywaringswetsontwerp voorstel, het genl. Hertzog gevra dat daar ook 'n parlementêre kommissie aangestel moet word wat ondersoek kan instel na die gebeurtenisse wat aanleiding gegee het tot die proklamasie van krygswet, die aard en omvang van die onluste, onreëlmatighede en buitensporighede met die onderdrukking van die onluste begaan, en na die aantal ongevallen en gearresteertes. Volgens hom is daar soveel gerugte van ongerymdhede dat daar onder die volk groot agterdog bestaan oor die manier waarop die opstand onderdruk is. Genl. Hertzog het verder gewaarsku dat indien genl. Smuts 'n ondersoek weier, die volk sou glo dat die regering iets het om weg te steek. Die Arbeidersparty het so 'n kommissie heelhartig gesteun, maar genl. Smuts wou dit nie in daardie stadium toestaan nie. Volgens hom sou dit die aanname van die Vrywaringswet en dus ook die opheffing van die krygswet vertraag. So 'n ondersoek sou verder die werksaamhede van die gewone howe in die wiele

211. Die Burger, 21.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

212. Ibid.

213. Die Burger, 24.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

214. Die Burger, 21.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

215. Die Burger, 24.3.1922. Hoofartikel.

ry:²¹⁶ Daar het egter baie stemme ten gunste van genl. Hertzog se voorstel opgegaan²¹⁷, en op 31 Maart kondig Smuts aan dat hy wel 'n kommissie van ondersoek sou aanstel, aangesien die regering se hande skoon is en hy niks het om weg te steek nie.²¹⁸ Dit sou egter 'n regterlike kommissie wees, bestaande uit sir Thomas L. Graham, regter-president van die Oostelike Distrikte, en sir John H. Lange. Hulle sou ondersoek instel na die gebeure onmiddellik voor die afkondiging van krygswet; na die noodsaaklikheid daarvan of nie; na die gedrag van die naturelle tydens die opstand en na enige onreëlmatighede deur regeringsamptenare in die uitoefening van hulle plig gepleeg.²¹⁹

Dr. D.F. Malan het voorgestel dat daar ook 'n kommissie aangestel word om ondersoek in te stel na die skade aangerig aan eiendom en letsels aan persone tydens die woelinge aan die Rand en om aanbevelings omtrent die uitbetaling van skadevergoeding te doen. Volgens hom sou dit baie doen om die wonde te heel.²²⁰ Hierdie voorstel is later deur adv. M. Alexander gesteun en aanbeveel²²¹, en op 21 April kondig minister Patrick Duncan aan dat die regering die plan aanvaar het en dat so 'n kommissie aangestel sou word.²²²

Die beskuldiging wat sedert die afkondiging van krygswet in die Volksraad teenoor die regering, die Nasionale Party en die Arbeidersparty gemaak is, was veelvuldig. Elke spreker wou tot die kern van die moeilikhede deurdring wat volgens sprekers van die Nasionale en Arbeidersparty aan die regering, en volgens die sprekers van die S.A. Party aan die opposisie se optrede te wyte was.

Genl. Smuts het daarop gewys dat die regering alles in sy vermoë gedoen het om die twee twistende partye tot 'n vergelyk te bring, maar dat die regering met twee koppige partye te doen gehad het. By elke byeenkoms het die afgevaardigdes van die stakers geweier om die status quo-ooreenkoms aan arbitrasie te onderwerp en die Kamer van Mynwese het die regering en die land voor twee alternatiewe gestel: dat of die myne gesluit word, of dat die myne op 'n bestaanbare basis

216. Die Burger, 25.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

217. Die Burger, 27.3.1922. Hoofartikel; en Ibid., 28.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

218. Die Burger, 1.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

219. Die Burger, 12.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat en berig; en U.G. 35-22, p. 1.

220. Die Burger, 13.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

221. Die Burger, 20.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

222. Die Burger, 22.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat; en Ibid., 25.4.1922. Hoofartikel.

opereer.²²³ Hy het daarop gewys dat die goudmynbedryf van groot belang vir Suid-Afrika is en met hierdie feit moes rekening gehou word. Die regering se mag is beperk en hy kon nie in 'n nywerheidsgeskil die twee partye dwing om sy oplossing aan te neem nie. Hy het egter sy bes gedoen en ook die Parlement uitgestel sodat die betrokke ministers naby die Rand kon wees om al hulle aandag aan die saak te gee.²²⁴ Hy toon aan dat die geskille die uiting van ekonomiese en arbeidsmoeilikhede was wat dwarsdeur die wêreld deur die oorlog meegebring is. Daar is 'n universele stryd vir goedkooper arbeidskragte en gelukkig is Suid-Afrika nou daardeur, hoewel nie sonder bloedvergiëting nie.²²⁵ Die revolusionêre gees is ook uit die oorlog gebore en dit is oral merkbaar. As dit nie gekeer word nie, sal die Europese beskawing permanent 'n terugslag kry.²²⁶ Ook in Suid-Afrika is daar 'n bandelose element wat wet en orde ondermyn. Meer as 'n geslag lank het mense uit alle dele van die wêreld en met allerhande politieke oortuigings na Suid-Afrika gekom en daarom is hier 'n kern van die mees ekstremistiese revolusionêre in die wêreld.²²⁷ Genl. Smuts wys verder daarop dat dit duidelik is dat die staking aan die Rand deur uitlanders met kommunistiese en ultra-sosialistiese oortuigings in 'n revolusie omskep is. Dit is al 'n geruime tyd duidelik dat die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie nie meer vrylik kon optree nie en dat daar 'n ander invloed, nl. die Raad van Aksie, agter hulle sit. Hierdie kommuniste het met die skoriemorie-element saamgewerk en hulle doel was die daarstelling van 'n Sowjet-republiek. Hulle het gehoop dat hulle die hulp van die platteland hierin sou kry. Daarom het die regering eers met die afkondiging van krygswet gewag, want „if there are revolutionary forces brewing in this country, if we are continuously walking on the edge of a volcano, let the country see it, let us even at the risk, the very serious risk of a couple days of revolution, delay the declaration of Martial Law and let the situation develop.“²²⁸

Genl. Smuts het daarop gewys dat die Afrikaner 'n baie groot rol in die opstand gespeel het en dat die oproer gro-

223. Die Burger, 8.4.1922. Verslag van toespraak te Kaapstad.

224. Die Burger, 29.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

225. Die Burger, 8.4.1922. Verslag en toespraak te Kaapstad; en Hancock, op. cit., p. 77.

226. Die Burger, 3.5.1922. Verslag van Senaatsdebat.

227. Die Burger, 1.11.1922. Verslag van toespraak te Bloemfontein.

228. Hancock, op. cit., p. 86; en Die Burger, 1.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

tendeels die werk van Nasionaliste was. Internasionale kommuniste het die Nasionaliste, wat reeds vergiftig was deur die republikanisme, die verderflike leer wat teen openbare gesag gaan, tot hul prooi gekies. Die kombinasie van hierdie twee elemente het die onkundiges beïnvloed en die hele moeilikheid ontketen.²²⁹ Verder het die Nasionale pers onkundige mense teen die regering aangehits. Volgens hom het die gif en venyn wat deur Die Burger versprei is, die revolutionêre gees veral by die jonger geslag aangewakker.²³⁰ Die stakerskommando's was ook die oorsaak van die uitbarsting en al die kommandante was Nasionaliste.²³¹ Hulle het hulp van die platteland verwag en daar is selfs boodskappers van die Rand na Lichtenburg gestuur om die mense op te roep.²³²

Hy het genl. Hertzog daarvan beskuldig dat hy net soos in 1914 stil gesit het en in die donker gewerk het. As hy sy standpunt in die openbaar duidelik gestel het, sou daar geen misverstand gewees het nie.²³³ Volgens hom het die Nasionale Party nou hand om die nek met die internasionale sindikalistes en Bolsjewiste gesit. „Ons party het die opposisie nou in een kraal saamgejaag en die volk kan nou sien wat aangaan.“²³⁴ Hy verklaar dat hy slegs van adv. Roos en nie van die ander Nasionale leiers notisie neem nie.²³⁵ Dit is adv. Roos wat van die Nasionale Party 'n republikeinse party gemaak het en nou het hy weer daarvan 'n arbeidersparty gemaak.²³⁶ Hy voorspel ook dat die Nasionale Party binne tien jaar sal opbreek, want elemente van Bolsjewisme en die ou boerebevolking kan nie saamgaan nie.²³⁷

Genl. Smuts het hom ook sterk teen die Arbeidersparty uitgespreek. Vir die houding van die Arbeidersleiers het hy slegs veragting. Roos was die eerste politieke leier wat op-

229. Die Burger, 1.4.1922 en 24.4.1922. Verslae van Volksraadsdebatte.

230. Die Burger, 8.4.1922. Verslag van toespraak te Kaapstad.

231. Hancock, op. cit., p. 85 wys daarop dat dit nie heeltemal waar was nie en dat die adjudant-generaal, ook soms kommandant-generaal genoem, 'n sekere A.A. Sandham was.

232. Die Burger, 1.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat. In die debat het minister Dentz en sir Abe Bailey dit ook beklemtoon. Sien ook U.G.35-22, p. 27.

233. Die Burger, 29.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

234. Die Burger, 8.4.1922. Verslag van toespraak te Kaapstad.

235. J. van der Merwe, regeringslid vir Wakkerstroom, het ook in die Volksraad verklaar dat Roos die drywer van die N.P. en genl. Hertzog die leier is. Sien Die Burger, 12.4.1922. Verslag van debat.

236. Die Burger, 24.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

237. Die Burger, 8.4.1922. Verslag van toespraak te Kaapstad.

getree het en eers daarna het die Arbeiders wakker geword en iets gedoen. Hulle het niks gedoen om die moeilikhede te beëindig nie. Waterston het homself aan die hoof van sy „legioene gestel, en hulle het rondmarsjeer soos om die mure van Jerigo“, terwyl Madeley op die Rand rondgegaan en gemoedere gaande gemaak het. Ook Boydell het die stakers aangemoedig om teen die regering te volhard.²³⁸

Genl. Smuts het erken dat die regering tydens die onderhandelinge foute gemaak het, maar dit neem nie weg dat hy sy uiterste bes gedoen het om die geskil op te los en geweld te voorkom nie.²³⁹ „Al het die Engel Gabriël met sy ander 8 Engels uit die hemel gekom dan kon hulle nie anders gehandel het as die Regering gedoen het nie“ naamlik om vir die stakers te sê: „gaan terug werk-toe ons sal vir julle die beste voorwaardes kry... En al het 'n Regering uit die hemel geval, kon hy nie beter gedoen het nie.“²⁴⁰ Hy het daarop gewys dat hoewel hy simpatie met die werkers het, dit nodig was dat die salarisse verminder word, aangesien die wêreld arm en bankrot is.²⁴¹

Volgens genl. Hertzog was genl. Smuts die hooforsaak van die bloedvergieting. Hy verklaar dat die belediging van die Eerste Minister, die aanhitsing van die polisie en die regering se beleid om sake maar te laat ontwikkel die stakers tot geweld laat oorgaan het. Volgens hom was genl. Smuts van die begin af vasberade om die mag van die arbeidsorganisasies te vernietig. Hy het nie omgee dat dit met bloedvergieting gepaard sou gaan nie en het hom daarop toegelê om geweld te gebruik. Genl. Smuts het hom van die begin af onvoorwaardelik by die Kamer van Hynwese geskaar en het voortdurend die stakers gewaarsku, maar nooit die Kamer nie. Hy het aan die vreedsame stakers die keuse gestel: „either you voluntarily leave and break your unions or I am ready with might of arms to break them.“ Die stakers is beveel om terug werk toe te gaan, om verraaiers van hulle eie organisasies te word en sodoende daardie organisasies te breek. Genl. Smuts het geweet wat die uiteinde sou wees toe hy die polisie beveel het om die verraaiers te beskerm. Hy wou die situasie laat ontwikkel, want hy het klaar beplan hoe dit moes ontwikkel. Genl. Smuts wou nie vrede gehad het nie, want dit sou sy plan om die georganiseerde arbeid te breek, vernietig. Daarom het genl. Smuts sy voorstel nie

238. Die Burger, 24.4.1922 en 29.4.1922. Verslae van Volksraadsdebatte.

239. Die Burger, 25.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat ; en Ibid., 3.5.1922. Verslag van Senaatsdebat.

240. Die Burger, 8.4.1922. Verslag van toespraak te Kaapstad.

241. Ibid.

aanvaar nie en die ondersoek ná die Boksburg-skieterij geweier. Die mense op die Rand het toe die kluts kwytgeraak en hulle het gewillige werktuie in die hande van 'n klein klompie revolusionêre geword en tot geweld oorgegaan. Toe het genl. Smuts sy kans gekry en sy gewone skietbeleid soos in die afgelope jare gevolg. Genl. Hertzog het op genl. Smuts se reputasie vanaf 1913 gewys. In 1913 het hy op die stakers laat skiet, in 1914 op die Rebelle, in 1920 op naturelle in Port Elizabeth en in 1921 by Bulhoek, en nou was dit weer die werkers aan die Rand wat geskiet moes word. Hy wys daarop dat genl. Smuts na adv. Roos verwys het as die skurk in die verhaal, maar wie was die skurk in 1914 toe Smuts sy ou oorlogskameraad, bedoelende Jopie Fourie, sonder reg van appèl doodgeskiet het? Genl. Hertzog se vraag was: Leef ons in 'n land waar ons reg en geregtigheid het of in 'n land waar ons moord en doodslag gaan hê? Volgens hom het genl. Smuts se spore van die bloed gedrup.

Genl. Hertzog het toegegee dat daar anargiste en Bolsjeweiste aan die Rand was, maar hulle het in troebel water visgevang en hulle was maar min in vergelyking met die duisende vredeliewende stakers.²⁴² Hy het die bewerings van minister Malan dat hy die stakers aangehits het, ontken. Hy het wel op 15 Februarie stakers op Witbank ontmoet, maar geweier om hulle toe te spreek. Later het hy 'n komitee van vyf ontmoet en hulle gewaarsku dat hulle slegs 'n republiek op konstitusionele manier kan verkry en dat geweldpleging hulle die simpatie van die platteland sou ontnemen. Ook op Germiston het hy hierteen gewaarsku.²⁴³ Heelwat later het genl. Hertzog in 'n toespraak op Bloemfontein verklaar: „Die volk verdien die vrugte wat hulle nou pluk van die 1921-wyse waarop toe gestem is. Die boer en die arbeider word teenmekaar afgespeel tot dat hulle eindelik saam deur die Regering geskiet is.“²⁴⁴

O.V. Malan het ook na die verkiesing verwys en verklaar dat die Kamer van Mynwese deur sy finansiële bydrae tot die verkiesingsveldtog die regering 'n gewillige werktuig vir sy politiek gemaak het. Daarom is dit eintlik die Kamer van Mynwese wat baas in die land is.²⁴⁵

242. Die Burger, 25.3.1922 en 4.4.1922. Verslag van Volksraadsdebatte; Ibid., 8.4.1922. Hoofartikel; en Mancock, op. cit., p. 86 et seq.

243. Die Burger, 29.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat; Ibid., 11.9.1922. Verslag van toespraak te Meidelsberg; en Kongresnotule van die Nasionale Party, O.V.S., 11-12.10.1922, p. 14. Verslag van toespraak.

244. Die Burger, 6.11.1922. Verslag van toespraak.

245. Die Burger, 28.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

Adv. Tielman Roos het in sy aanval op die regering daarop gewys dat die vrede wat daar nou in die land heers, die vrede van 'n kerkhof is. Hy was van mening dat politiek niks met die staking te doen gehad het nie. Hyself glo nie dat 'n staking kan slaag nie, maar die arbeiders is deur die optrede van die Kamer van Mynwese en die regering daartoe gedryf. Adv. Roos hoop egter dat die arbeiders in die toekoms deur middel van 'n politieke party hul saak sal stel. Hy het beklemtoon dat geen Nasionale leier ooit die stakers tot geweld aangespoor het nie en dat hy persoonlik sy bes gedoen het om dit te voorkom. Hy ontken ook beskuldigings dat hy enige geheime onderhoud met die Raad van Aksie gehad het.²⁴⁶ Hyself, Reitz en Pirow is afsonderlik deur sekere persone wat by die staking betrokke was, ingeroep om vas te stel watter hulp hulle van die platteland kon verwag, maar hy het hulle duidelik laat verstaan dat geweld die stakers se saak baie skade sou doen. Adv. Roos erken dat hy die Transvaalse Nasionaliste op die platteland aangeraai het om stil te sit in geval van onluste, want hy wou nie hê dat die plattelandse boer sy medemens in die stede moes gaan skiet nie. Dit is nie alleen ongerymd dat die platteland altyd die las van die stad moet dra nie, maar boer en werker moet bymekaar staan om die land te regeer en dit sal onmoontlik wees as hulle op mekaar begin skiet. Ook meen hy dat die oproep om hulp aan die platteland in die naam van wet en orde, 'n wapen in die hande van 'n outokratiese en wettelose regering is, om die gevolge van hul wanregering te ontduik. „Dit is nie die plig van die Nasionale Party om die Regering te sleep uit elke modderpoel waarin hul vassteek as 'n resultaat van hulle onnosele staatsbeleid nie.“ Volgens hom was dit die onbevoegdheid van die Parlement om 'n oplossing te vind, die doodskiet van die stakers op Boksburg en die brief van die Kamer van Mynwese van 4 Maart wat die stakers tot geweld laat oorgaan het. Die belangrikste oorsaak van die staking was egter die feit dat die mense as gevolg van die opheffing van die status quo-ooreenkoms deur werkloosheid bedreig is. Hy wys daarop dat aanvanklik 2,000 werkers ontslaan sou word, maar dat ongeveer 8,000 nou sonder werk is. Adv. Roos het ook aangetoon dat indien die grootste persentasie van die stakers Nasionaliste was, hulle optrede nie aan hul politiek toegeskryf kan word nie, maar wel met die oog op hulle beswil en selfbehoud geskied het. Hy het weer eens klem gelê op die verdwyning van die rassehaat aan die Rand, waardeur 'n gevoel

246. Die Burger, 18.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat en bewering van minister Mentz dat die Nasionaliste geheime vergaderings met die Raad van Aksie gehou het.

van eenheid tussen Afrikaner en Engelsman tot stand sou kom. Oor sy politieke aspirasies in die opsig verklaar hy: „Ek persoonlik sal my bes doen om wat die volgende verkiesing aanbetref, konflikte op die Rand te vermy tussen ons Party en die Arbeidersparty.“ 'n Nasionalis sou dus nie 'n Arbeider opponeer nie en daardeur „sal ons die Rand skoonveeg van die S.A. Party“ en ook die kapitalisme 'n gevoelige slag toedien.²⁴⁷

Dr. D.F. Malan was van mening dat genl. Smuts se twee beste wapens teen die Nasionale Party nl. dat die party vir rassehaat staan, dat hy ten gunste van onkonstitusionele metodes is, en die „bloed en traneparty“ is, nou uit sy hande geneem is. Die optrede van die Nasionale Party met die republikeinse voorstel het bewys dat dit 'n konstitusionele party is. Daarom is genl. Smuts se aanvalle op die Nasionale Party maar holle klanke en sal ook deur die land as sodanig beskou word.²⁴⁸ Hy wys daarop dat genl. Smuts 'n kring om die twee vegtende partye getrek het sodat hulle die saak kon uitveg, wel wetende dat die arbeiders moes verloor omdat hulle die mag van die geld kortkom. Dr. Malan verklaar dat hy en die Nasionale Party in wat reg en billik is altyd die Arbeidersparty sal steun.²⁴⁹

In 'n skerp aanval op die regering het adv. C.A. Fichardt, Nasionale lid vir Ladybrand, verklaar dat die regering al vanaf 1913 skiet. „So het die Regering steeds met 'n geweer rondgegaan om goed te doen. Die spoor van mensebloed is oor die hele land.... Die Eerste Minister met sy sameswerings en sy bloedvergieting het 'n warboel van die land gemaak.... Die Eerste Minister het die arbeiders na die werk teruggeskiet. Hy sal miskien 20 persent wen aan doeltreffendheid van werk maar ook 80 persent aan haat.“²⁵⁰ Hierdie skietreputasie van genl. Smuts is ook deur ander Nasionale sprekers en op Nasionale Partykongresse beklemtoon.²⁵¹ In sy

247. Die Burger, 13.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat; en Ibid., 20.4.1922. Brief van Roos.

248. Die Burger, 13.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

249. Die Burger, 29.9.1922. Verslag van toespraak te Brandvlei.

250. Die Burger, 8.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

251. Kongresnotule van die Nasionale Party, O.V.S., 11-12.10.1922, p. 8 en p. 14; Die Burger, 10.4.1922. Verslag van toespraak van adv. A.S. van Hees te Kaapstad; Ibid., 8.9.1922. Verslag van toesprake van J.H. Conradie en F.J. du Toit te Loxton; The story of a crime, p. 25 en p. 31; Die Burger, 20.6.1923. Verslag van toespraak van C.W. Malan te Steytlerville; Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal, 1922-1923, p. 3. Jaarverslag van die Sentrale Bestuur; en Ibid., p. 20. Kongresbesluit op 18.10.1922.

jaarverslag aan die Kaaplandse kongres van die Nasionale Party meld die Sentrale Komitee dat die parlementêre debatte oor die Randse onluste „helder en duidelik in die lig gestel het hoe die regering met sy verderflike politiek van 'let things develop' grotendeels vir die uitbarsting verantwoordelik gehou moet word. So lank as ons 'n regering aan die roer het soos dié van genl. Smuts, wat onder die plak van die mynrynag-nate en groot-kapitaliste staan, kan ons geen blywende oplossing van ons industriële vraagstukke verwag nie. Die toets van ware staatsmanskap lê nie in die handige gebruik van die roer, kanon of militêre vliegmasjien nie.“²⁵²

T.C. Boydell het genl. Smuts daarvan beskuldig dat hy die oorsaak van die treurspel was; dat hy georganiseerde arbeid met geweld vernietig het en dat hy die Kamer van Mynwese aangemoedig het om standvastig te staan in die opheffing van die status quo-ooreenkoms deur die werkers te beveel om na hul werk terug te keer. Hy het die bewerings van 'n kommunistiese komplot ontken en aangetoon dat die stakers wanhoopig geword het as gevolg van die politiek van die regering. Daarom is die regering die oorsaak van al die grafte wat op die Rand gegrawe is en dit sal baie jare neem om die „monumente“ wat die regering met sy handelswyse in die krisis opgerig het, te vernietig. „Ons loop diep in mensebloed net om die myne van lae ertsgehalte te red,“ het hy verklaar. Hy ontken ook die bewerings van genl. Smuts dat die Arbeiders niks gedoen het nie. Hyself het gedurig teen geweld gewaarsku en die Arbeider-Volksraadslede het hulle eintlik verneder en die Eerste Minister gesmeek om tog te help. Oor genl. Smuts se bewering dat die volk hom aan bewind gestel het, het hy verklaar dat dit die mag van die beursie en van die pers was wat hom daar gebring het. Nou is hy in 'n haggelike posisie en hy kan nie ontken dat sy bewind 'n mislukking is nie.²⁵³

R.B. Waterston het baie lof vir die optrede van adv. Tielman Roos en die Nasionale Party gehad. Dit was volgens hom die Kamer van Mynwese en die regering wat die stakers tot uiterste maatreëls en wanhoopsdade gedryf het. Hy meen dat die hoofoorsake van die revolusie die mislukking van die Parlement was om 'n vreedsame oplossing te vind, die berugte brief van die Kamer van Mynwese van 4 Maart en die Boksburgse treurspel waarin drie Afrikaners die lewe gelaat het. Hy

252. Van Rooyen, J.J., Die Nasionale Party: Sy opkoms en oorwinning - Kaapland se aandeel, p. 99.

253. Die Burger, 14.3.1922 en 29.4.1922. Verslae van Volksraadsdebate.

het ook ontken dat die kommandostelsel die oorsaak van die bloedvergieting was.²⁵⁴

Die Burger het ook die verantwoordelikheid vir die gebeure aan die deur van genl. Smuts en die myneienaars gelê. Op 14 Maart het die volgende in 'n hoofartikel verskyn: „Dis ons eie mense wat mekaar doodmaak... Verbittering heers daar onder die gemoedere en dit sal seker lank neem, voordat die spore van hierdie stryd uit ons volkslewe gewis sal wees ... Die besit van die goud is ten slotte geblyk 'n vloek te wees vir ons volk... In hulle opkoms het die myne die hebsug gewek van die nooit versadigde Britse Imperialiste en in hul ondergang word hulle gebruik om die lewe van 'n blanke in hierdie land onmoontlik te maak. Die myne het die Boere hulle vryheid en onafhanklikheid gekos. Die myne gaan die blanke nou hulle posisie teenoor die naturellebevolking in ons land kos. Want dit is eenvoudig terwille van die diwidende van aandeelhouders ergens elders in die wêreld, dat die kosbare bloed van die blanke hier gestort word." Broederbloed word nou vergiet omdat genl. Smuts nie 'n vinger verroer het nie en „Dis eenvoudig monsteragtig". Die artikel sluit af met die woorde: „Wel duur moet die volk boet vir die vertrouwe wat hy in genl. Smuts gestel het by die vorige verkiesings!"²⁵⁵ Die volgende dag verklaar hy: „Platskiet is die enige politiek wat ons Regering ken."²⁵⁶

Die Burger wys daarop dat die stakers hulle byna twee maande lank goed gedra het, maar toe het hulle uit wanhoop en magteloosheid oor die houding van die regering en uit teleurstelling oor die besluitloosheid van die Parlement, gewillige werktuie in die hande van 'n klein klompie revolusionêre geword.²⁵⁷ Daar was wel Bolsjewiste onder die onrusstokers, maar wat kan so 'n klein klompie mense tussen 'n tevrede bevolking maak? Eers as daar groot ontevredenheid heers, as wantroue in die regering bestaan en as die belange van die werkers altyd aan die hebsug van binne- en buitelandse kapitaliste opgeoffer word, dan kan die Bolsjewiste iets uitrig.²⁵⁸ Die redakteur erken dat die Raad van Aksie revolusionêr was, maar ontken dat die arbeiders wat onder sy invloed gestaan het, die Raad se leerstellings onderskryf het. Die stakers

254. Die Burger, 16.3.1922 en 18.3.1922. Verslae van Volksraadsdebatte.

255. Die Burger, 14.3.1922. Hoofartikel. Sien ook Ibid., 4.7.1922. Hoofartikel.

256. Die Burger, 15.3.1922. Hoofartikel.

257. Die Burger, 19.3.1922, 29.3.1922 en 14.8.1922. Hoofartikels.

258. Die Burger, 25.3.1922. Hoofartikels.

was misleides wat deur die regering in die steek gelaat is.²⁵⁹ Hy verwys ook na die hulp van die Kamer van Mynwese aan die S.A. Party met die algemene verkiesing en meen dat die beloning aan die Kamer daarvoor baie groot is. Eers was dit die afskaffing van die provinsiale belasting op myne in Transvaal, nou die opheffing van die kleurslagboom en die verplettering van die arbeidersorganisasies.²⁶⁰ Die redakteur het genl. Smuts 'n moderne Nero genoem en verklaar: „Die bloed wat gevloei het, kom op die hoofde van die Regering en veral van die Eerste Minister wat sy mede-regeerders en sy meerderheid in die Volksraad met yster tug beheers.“²⁶¹ Later was die redakteur se kommentaar: „Dit is lekker regeer daardie, met 'n gedweë meerderheid en nog slaafser pers.“²⁶²

In 'n reeks artikels deur F.C.D. in The Friend word verklaar dat die vernaamste blaam op die Kamer van Mynwese rus. Daarna rus die verantwoordelikheid by die Parlement, wat 'n belangrike nasionale strydvraag in 'n suiwer partypolitieke rusie verander het. Daarop volg die flater van die stakingsleiers wat hulle deur revolusionêre elemente laat lei het.²⁶³ The Friend self het in sy hoofartikels gewaarsku teen die outokratiese en wraaksugtige optrede van die Kamer van Mynwese en was oortuig dat al is die geldmag amper almagtig, die Parlement tog seker nie so hulpeloos en magteloos is om die belange van die land te beskerm nie.²⁶⁴ Die skuld van die Kamer van Mynwese was volgens die redakteur net so groot as dié van die Arbeidersparty wat nagelaat het om op te tree. Die Nasionale Party is ook skuldig, want hy het sy belange as politieke party hoër as dié van die gemeenskap gestel en sy kritiek was merendeels heftig en oordrewe. Hy wys daarop dat die leiers van die Nasionale Party sedert sy ontstaan nog in al die krisisse sigbaar in gebreke gebly het om die verskil tussen partypolitiek en nasionale belang raak te sien. Ook die regering moes 'n kragtiger houding teenoor die status quo-ooreenkoms en die Kamer van Mynwese ingeneem het. Genl. Smuts sê wel dat hy nie die Kamer kon dwing nie, maar hy het die stakers „oordonder“. ²⁶⁵

259. Die Burger, 15.3.1922. Hoofartikel.

260. Die Burger, 30.3.1922. Hoofartikel.

261. Die Burger, 9.3.1922 en 28.3.1922. Hoofartikels. Sien Ibid., 24.3.1922 en 1.4.1922. Hoofartikels.

262. Die Burger, 8.4.1922. Hoofartikels.

263. Die Burger, 24.3.1922. Verstrek die mening van The Friend.

264. Die Burger, 10.4.1922. Verstrek die mening van The Friend.

265. Die Burger, 24.4.1922. Verstrek die mening van The Friend.

Intussen het Nasionaliste baie gedoen om die lot van die stakers waarvan baie nou werkloos was, te verlig. Geld is ingesamel en die Nasionale Party van Transvaal het 'n komitee saamgestel om die fondse te beheer.²⁶⁶ By elke oproep aan die publiek om tot die fonds by te dra het die party sy gevoel teenoor die Kamer van Mynwese en die kapitaliste duidelik gestel. Die oproep van die Vroue Nasionale Party van Transvaal lui onder meer: „Alhoewel alle geweldpleging ten sterkste deur die party afgekeur word, is dit ons duidelik dat die staking met die bykomende gevolge gelyk staan aan 'n wanhoopskreet wat uiting gee aan die bitterheid van duisende harte van werkers - 'n bitterheid veroorsaak deur jarelange miskennis, onreg en agteruitstelling, hulle deur die Kamer van Mynwese aangedoen... In hul protes teen geweld van die Kamer van Mynwese kan elke Afrikanerhart met hul saamstem want die Kamer van Mynwese was in die verlede die grootste ongeluk vir ons volk en oorsaak van verlies van ons grootste kleinood - ons vryheid.“²⁶⁷ In sy versoek om bydraes tot noodleniging het adv. Tielman Roos die Nasionaliste daaraan herinner dat die beleid dat die werkers op die voorwaardes van die Kamer moet teruggaan werk toe, geseëvier het.²⁶⁸ Die Sentrale Komitee van die Nasionale Party van Kaapland het ook 'n beroep op fondse gedoen en gevra dat die regering werk aan die werkloos moet verskaf. Hulle was oortuig daarvan dat die revolusionêre elemente die oorhand oor die stakers gekry het omdat die regering in die ekonomiese geskil partydig was. Die stakers het besef dat hulle 'n hopelose stryd voer teen die gekombineerde magte van die regering en die Kamer van Mynwese, gesteun deur 'n slaafse meerderheid in die Volksraad.²⁶⁹

Geld is ook vir die stakers se verdediging ingesamel en advv. Roos en Pirow het stakers gratis verdedig.²⁷⁰ Adv. Roos het ook 'n beroep op die Nasionaliste in Transvaal en die Vrystaat gedoen om 'n deel van die boetes te betaal van mense wat geweier het toe hulle opgekommandeer is. Hy het verklaar: „Dit is ons plig om iets te doen vir die mense wat gewetensbesware gehad het waardeur hulle dit nie in

266. Die Burger, 10.4.1922 en 6.5.1922. Die Transvaalse Regshulpkomitee vir Stakers het die steun wat hy van die Nasionale Party ontvang het, erken in The story of a crime, p. 12.

267. Die Burger, 21.3.1922. Verklaring.

268. Die Burger, 22.3.1922. Oproep van Roos in Ons Vaderland.

269. Die Burger, 30.3.1922. Besluit van die Sentrale Komitee van die Nasionale Party van Transvaal. Sien ook Ibid., 6.5.1922. Besluit van die Nasionale Party-tak Worcester.

270. Barlow, A.G., Almost in confidence, p.183; Herd, op. cit., p.21; en The story of a crime, p. 32 en p. 34.

hul hart kon vind om die Regering te help in verband met die jongste onluste op die Rand nie. Grotendeels het hulle geweier om diens te doen weens die feit dat hulle gereken het dat die moeilikhede te wyte was aan wanregering."²⁷¹ J.D. Heyns, Nasionale L.V. vir Middelburg, het daarop gewys dat die boere geweier het omdat baie van hulle familie aan die Rand het en daarvoor is hulle met £10 beboet.²⁷²

Die vonnis van Stassen, die eerste van die stakers wat ter dood veroordeel is, het die hele land geskok en die regering is by wyse van besluite, deputasies en duisende telegramme versoek om die vonnis te versag.²⁷³ Een van die deputasies het bestaan uit lede van die uitvoerende komitee van die Nasionale Party van Transvaal en twee vroueledes van die hoofbestuur van die Vroue Nasionale Party, wat genl. Smuts wou spreek in 'n poging om die vonnis te verlig, maar hy was uitstendig.²⁷⁴ Genl. Hertzog self het in 'n brief aan genl. Smuts op grond van die omstandighede waarin die misdaad gepleeg is om genade gevra, maar alles was tevergeefs en Stassen is op 5 Oktober gehang.²⁷⁵ Die dag daarna het genl. Smuts op die eerste vergadering van sy besoek aan die Vrystaat verklaar dat hy sy plig sou versuim het as hy die Goewerneur-Generaal om genade vir Stassen sou vra. Hy het gewaarsku dat die neiging in Suid-Afrika om na die geweer te gryp sodra iets gebeur, sal moet verdwyn anders sal die land geruïneer word. Dit is alleen op die grondslag van wet en orde vir 'n land moontlik om vooruit te gaan.²⁷⁶

Die gevoel in die Vrystaat was so sterk teen genl. Smuts se optrede dat 'n groot deel van die publiek die vergaderings, wapenskouings en ontvangste wat vir hom gereël is, geboikot het.²⁷⁷ Senekal het aan genl. Smuts getelegrafeer dat die openbare vergadering en eetmaal afgelas is; Paul Roux en Kroonstad het sy ontvangs afgelas; op Dewetsdorp is die wapenskou gehou, maar dit is deur Nasionalistes geboikot; op Koppies is die wapenskou afgelas; op Vredefort is daar 'n beroep op die mense gedoen om nie na die vergadering te kom nie en op Zastron het Nasionalistes nie aan die ontvangs deelgeneem nie.²⁷⁸ Ds. B.R. Matting het op die Vrystaatse Nasio-

271. Die Burger, 29.4.1922.

272. Die Burger, 25.4.1922. Verslag van toespraak te Tulbagh.

273. Die Burger, 28.8.1922, 2.10.1922 en 26.10.1922. Hoofartikels.

274. Die Burger, 2.10.1922.

275. Die Burger, 6.10.1922.

276. Die Burger, 7.10.1922. Verslag van toespraak te Springfontein.

277. Die Burger, 10.10.1922 en 11.10.1922. Hoofartikels.

278. Die Burger, 10.10.1922.

nale Party-kongres beweer dat genl. Smuts vir Stassen laat hang het om nie-blanke stemme in die Kaap te behou.²⁷⁹

Die teregstelling van die ander drie terdoodveroordeel-des het die gevoel teen genl. Smuts verder verskerp. Die begrafnis van Taffy Long is deur duisende mense bygewoon²⁸⁰ en „Taffy Long took his place with Jopie Fourie in the list of martyrs whom Smuts, his enemies said, had done to death," aldus W.K. Hancock.²⁸¹

Volgens adv. Roos was dit 'n groot politieke flater.²⁸² Adv. H.C. Jansen, leier van die Nasionale Party van Natal en L.V. vir Vryheid, was van mening dat genl. Smuts deur sy optrede van Stassen 'n martelaar sou maak.²⁸³ Ons Vaderland het gewaarsku dat die bloed van Stassen, Hull Lewis en Long die sement sal word van 'n volkseenheid wat sy krag sal vind in 'n lewendige oortuiging dat die land gered moet word en dat aan die skiet-en-hang-politiek van die Smuts-regering vir goed 'n einde gemaak moet word.²⁸⁴ Die geskiedskrywer D.W. Kruger se kommentaar lui: „Smuts was to find to his cost that a few dead men could be more dangerous to him than all his living opponents put together."²⁸⁵

Oor die verslag van die Kommissie van Onderzoek na Krygswet wat op 16 Mei uitgebring is, was daar wydverspreide ontevredenheid. Volgens die verslag was die hooforsake van die revolusionêre beweging die vorming van werkstakingskommando's, hul geleidelike oorgang in 'n militêre mag en aanmoediging deur die Vergrote Uitvoerende Raad en sekere politieke leiers van die Arbeidersparty om tot geweldpleging oor te gaan; die geloof van stakers dat hulle gewapende hulp van die Vrystaat en Transvaalse platteland sou kry en dat die burgers adv. Tielman Roos se oproep om te weier as hulle opgeroep word deur die regering, sou gehoorsaam; die optrede van die Nasionale Party om politieke munt uit die staking te slaan; die doel van stakers om voordeel uit die staking te

279. Kongresnotule van die Nasionale Party O.V.S., 11-12.10.1922, p. 19.

280. Volgens Gitsham en Trembath, op. cit., p. 51., was daar 50,000 mense en volgens 'n berig in Die Burger van 20.11.1922 was daar 10,000.

281. Hancock, op. cit., p. 88.

282. Die Burger, 25.1.1923. Verslag van wantrouedebat. Sien ook Ibid., 6.11.1922. Verslag van toespraak van dr. C.F. Steyn.

283. Die Burger, 6.10.1922. Verslag van toespraak te Vryheid. Sien ook Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal, 1922-1932, p. 3. Verslag van die Sentrale Bestuur.

284. Die Burger, 15.11.1922. Verstrek die mening van Ons Vaderland.

285. Kruger, op. cit., p. 125.

trek en 'n republiek te bekom; die aanhitsing van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party; die geloof van die werkers, aangemoedig deur vakbondleiers, en leiers van die Nasionale, Kommunistiese en Arbeidersparty, dat die Kamer van Mynwese die kleurlyn wil ophef en die blankes deur natuurlike wil vervang; die onkunde van werkers oor die funksie van die vakbondstelsel en die swakheid van die Vergrote Uitvoerende Raad wat toegelaat het dat 'n nywerheidsgeskil in 'n politieke geskil omgesit word en dat die leiding deur gewapende kommando's uit hul hande geneem is. Minder belangrike oorsake was die Boksburg-skieters, die brief van die Kamer van Mynwese op 4 Maart en die vrylating op borgtog van sekere leiers wat gearresteer is weens aanhitsing tot geweld.²⁸⁶

Die opposisie was dit eens dat hierdie 'n baie partydige verslag was.²⁸⁷ Genl. Hertzog was oortuig dat hy nog nooit iets meer partydigs en onjudisiesel gelees het nie²⁸⁸, en adv. Roos het dit as 'n baie eienaardige verslag bestempel.²⁸⁹ Die Nasionale Party van Kaapland het in 'n besluit verklaar dat die kongres nie verder van so 'n eensydige en waardelose verslag kennis sou neem nie en het dit betreur dat sekere lede van die Nasionale Party aangeval is en dit sonder dat die persone eers gevra is om getuienis voor die kommissie af te lê.²⁹⁰ Die Burger het dit as 'n produk van politieke vooroordeel bestempel.²⁹¹ Boydell het aangevoer dat dit eensydig en 'n skandaal vir die regbank is en as 'n politieke pamflet van die S.A. Party beskou kon word.²⁹²

Die verslag van die Mynindustrieraad wat teen die einde van 1922 verskyn het, het groot klem op die vermindering van produksiekoste in Suid-Afrika se belangrike goudmynbedryf gelê. Die Raad was oortuig dat die Kamer van Mynwese ten volle geregtig was om die lone te verminder en die status quo-ooreenkoms op te hef. Volgens die verslag is 2,957 blan-

286. U.C.35-22, p. 38.

287. Herd, op. cit., p. 175; Kruger, op. cit., p. 124; Barlow, op. cit., p. 180; en Die Burger, 8.3.1923 en 10.3.1923. Verslae van Volksraadsdebatte. The story of a crime, p. 39 et seq., wys ook op die ongerymdhede deur regeringsmagte wat deur die verslag verswyg of goedgepraat is.

288. Die Burger, 30.1.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

289. Die Burger, 25.1.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

290. Die Burger, 2.11.1922. Adv. Roos het op die Transvaalse N.P.-kongres verklaar dat nie een Nasionale leier gevra is om voor die Kommissie getuienis af te lê nie. Sien Ibid., 21.10.1922. Verslag van toespraak.

291. Die Burger, 23.10.1922. Hoofartikel.

292. Die Burger, 9.11.1922. Artikel van Boydell oorgeneem uit The Guardian; en Ibid., 16.11.1922. Verslag van toespraak te Pretoria.

kes as gevolg van die nuwe reëling in die myne verminder, waarvan slegs 523 as gevolg van die opheffing van die status quo-ooreenkoms geraak is. Dit het ook die stigting van 'n versoeningsraad vir nywerheidsgeskille aanbeveel.²⁹³ Hierdie aanbevelings het dan ook gelei tot die Nywerheidsversoeningswet van 1924 waarin voorsiening vir 'n versoeningsraad en bemiddelaars in nywerheidsgeskille gemaak is.²⁹⁴

So het die Randse staking van 1922 dan ten einde geloop. Ekonomiese en sosiale toestande was wel die grondoorsaak van hierdie gebeure, maar takteloosheid, ontoegeeflikheid en wantroue tussen werkgewer en werknemer het die loop en uiteindelijke vorm hiervan bepaal. Norman Herd sê tereg: "the basic cause of the trouble was the determination of both the mine owners and their white employees to exploit the colour bar."²⁹⁵ Die Kamer van Mynwese het die toestand so swart as moontlik geskilder en hoewel daar myne was wat teen 'n verlies moes werk, wou die Kamer die maksimumvoordeel uit die verandering van werksvoorwaardes haal. Daarom was die Kamer nie bereid om die status quo-ooreenkoms net in die arm myne op te hef nie. Die mag van die vakbonde was groot en vir die Kamer was dit terselfdertyd ook 'n geleentheid om van hulle ontslae te raak. Taktvoller optrede kon die vertroue en toegeeflikheid van die werkers gewen het. Daarby was die Kamer van Mynwese se brief op 4 Maart, hoewel miskien geregtig in die lig van die samestelling van die Federasie, so moedswillig en ontoegeeflik dat die revolusionêre dit kon uitbuit en die stakers wat in daardie stadium graag na hul werk wou terugkeer, tot wanorde en geweld kon aanspoor. Die Kamer van Mynwese het nogtans sy doel bereik. Die mag van die vakbonde is gebreek en produksiekoste is drasties verminder nadat die nuwe werksvoorwaardes in werking getree het. Waar dit in 1920 en 1921, 25/8d per ton erts was, is dit na 21/2d in 1922 en na 20/- in 1923 verminder.²⁹⁶

Die vakbondleiers wou op hul beurt geen opoffering maak nie. Hulle was gewoond daaraan om hulle sin te kry en het nie besef dat die heersende depressie en werkloosheid die werkgewers begunstig het nie. Ekstremistiese vakbondleiers het die opheffing van die status quo-ooreenkoms uitgebuit en die werker laat glo dat sonder hierdie beroepsverskansing werkloosheid, armoede en uiteindelijke ondergang hul voorland is. Hulle kon deur 'n gees van hulpvaardigheid by die ver-

293. U.G.39-22; en Humphriss en Thomas, op. cit., p. 181.

294. Gitsham en Trembath, op. cit., p. 127 et seq.

295. Herd, op. cit., p. 13.

296. U.G.27-24, p. xi; en Humphriss en Thomas, op. cit., p. 184.

minderung van produksiekoste en deur toe te gee aan loonsvermindering' in 'n tyd van 'n daling in lewensduurte, die Kamer van Mynwese moontlik van paniekerige stappe weerhou het toe die goudprys in Desember vinnig gedaal het.

Teen die tyd dat albei partye besef het dat daar foute gemaak is en dat toegewings die probleem kon oplos, was die atmosfeer reeds so gespanne, en is die gemoedere so opgesweep omdat sowel staker as mynbaas reeds van die steun van minstens een politieke party verseker was, dat ekstremiste soos Fisher maklik beheer oor die massa verwarde stakers kon kry. Daardeur is die doel van 'n klein groepie rewolusionêre bereik met die werkers as die lydende party. In Augustus 1922 was daar nog 4,400 blankes minder in diens by die myne as toe die staking begin het.²⁹⁷ Die ontginning van nuwe myne en die bewerking van ou myne, wat deur die verlaaging in produksiekoste moontlik gemaak is, het egter geleidelik weer werk aan baie blankes verskaf.²⁹⁸ Die verhouding van blanke tot nie-blanke arbeiders in diens van die goudmyne was soos volg:²⁹⁹

	Blankes in diens.	Nie-blanke in diens.	Verhouding van nie-blanke tot blankes op Witwatersrand.
1921	21,607	181,323	8.3 : 1
1922	14,681	186,339	11.6 : 1 (gemiddelde vir die 9 maande)
1923	18,613	208,502	10.1 : 1
1924	19,448	210,986	9.7 : 1
1925	20,264	208,236	9.1 : 1

Die posisie van genl. Smuts was beslis onbenydenswaardig. Hy moes kies tussen die sluiting van myne en die opheffing van die status quo-ooreenkoms. Die sluiting van myne sou £1,800,000 jaarliks minder vir die staatskas en 'n amper ewe groot verlies vir die spoorweë-en-hawens-rekening beteken en boonop 10,000 werkloses meebring.³⁰⁰ Die tekorte in die

297. U.G.39-22, p. 11.

298. U.G.37-23, Annual reports of the Secretary for Mines and Industries and the Government Mining Engineer for the calendar year ended 31st December, 1922, p. v. The story of a crime, p. 7 ontken dat nuwe myne bewerk is en dat oues weer heropen is.

299. U.G.31-22, p. 5; U.G.37-23, p. 5; U.G.27-24, p. 5; U.G.42-25, Annual reports of the Secretary for Mines and Industries and the Government Mining Engineer for the calendar year ended 31st December, 1924, p. 9; en U.G.37-26, Annual reports of the Secretary for Mines and Industries and the Government Mining Engineer for the calendar year ended 31st December, 1925, p.9 en p.15.

300. Die Burger, 2.2.1923. Advertensie van die Kamer van Mynwese; en Ibid., 10.1.1922. Verklaring van die Kamer van Mynwese.

staatskas sou deur hoër belastings aangevul moes word en dit het van die stem van die belastingbetaler en werklose afgehang wie die volgende verkiesing sou wen. Daarteenoor sou die opheffing van die status quo-ooreenkoms tussen 2,000 en 4,000 mense werkloos laat. Genl. Smuts was ook onder die indruk dat die mense nie lank sonder werk sou wees nie, want in Mei 1924 het hy in 'n toespraak daarop gewys dat die mynbase in 1922 beloof het dat as daar 'n behoorlike ooreenkoms gemaak word en die laegraadse myne weer teen 'n wins kan werk, die blanke werkers wát ontslaan moes word, weens die vooruitgang weer in diens geneem sou word.³⁰¹ In 'n brief aan M.C. Gillet op 23 Februarie 1922 skryf hy: „The men have chosen to be unbending just at a time when all over the world labour has either to bend or to break before the wild economic storm which is raging. I am very sorry, but I feel that if the men win half the gold industry is dead, and if the Chamber of Mines win, they will return to their old dictatorial attitude towards labour.”³⁰² Hy het gehoop dat 'n vreedsame skikking bereik sou word, maar toe dit duidelik was dat so iets nie moontlik was nie, kon hy deur fermere en tydige optrede die twee partye tot toegewings gedwing het. Dit sou veel bygedra het om die houvas van die revolutionêre op die stakers te verswak en sonder bloedvergiëting 'n einde aan die staking gebring het. C.J. McCann, sekretaris van die Arbeidersparty, het in sy getuienis voor die Kommissie van Onderzoek verklaar dat indien krygswet tien dae vroeër afgekondig was, die Raad van Aksie nie beheer oor die situasie sou gekry het nie.³⁰³

Die optrede van die Nasionale Party in die staking moet gesien word in die lig van die groot persentasie Afrikanerarbeiders wat in die myne gewerk het en wat op die Rand gekonsentreer was.

Die Nasionale Party het reeds by sy stigting die belange van die arbeider deeglik in sy program van beginsels omskryf. In artikel 10 C word erkenning verleen aan „die heilsaamheid van die arbeider” en die bevordering van sy geluk en voorspoed word as doelwit gestel. „Die Party is van oortuiging dat die bereiking van die doel gesoek moet word

301. Die Burger, 14.5.1924, 15.5.1924 en 19.5.1924. Verslag van toespraak van Smuts in Johannesburg, verklaring van die Kamer van Mynwese oor die beskuldiging van genl. Smuts waarin die beweringe ontken word en verslag van 'n onderhoud van Smuts met The Star. Sien ook The story of a crime, p. 8.

302. Hancock, op. cit., p. 77.

303. Herd, op. cit., p. 71.

deur die verkryging van:-

- „(1) 'n Arbeidstoestand van so 'n aard, waardeur aan 'n burger wat homself respekteer 'n geskikte en gelukkige werkkring verseker word.
- „(2) 'n Gevoel van vertrouwe en simpatie tussen arbeider en werkgewer.
- „(3) Vertraoue in die simpatie en onpartydigheid van die Regering, en in laasgenoemde 'n opregte belangstelling en sorg vir die belange van die arbeiders, met behoorlike inagneming van die belange van die werkgewers.
- „(4) 'n Gevoel van tevredenheid onder die arbeiders wat die teenwoordige tyd aangaan, en van vertrouwe wat betref die toekoms.“³⁰⁴

Reeds in 1915 het 'n werker wat lid van die Arbeidersparty was, verklaar dat die rede waarom enige Afrikaanssprekende mynwerker vir die Nasionale Party stem, nie is omdat hy verskil van die beleid van die Arbeidersparty nie, maar omdat hy dink dat die Nasionale Party 'n soort van Afrikaanse Arbeidersparty is.³⁰⁵ Die Nasionaliste het wel deeglik die belangrikheid van die arbeiderstem, veral ná die 1921-verkiesing, besef. Die Burger het daarop gewys dat die Nasionale Party se krag op die platteland lê, terwyl die stedelike bevolking reeds sedert 1904 dié van die platteland in Suid-Afrika oortref het. Die redakteur het dit beklemtoon dat die Party iets daadwerkliks sal moet doen om sy invloed na die stede uit te brei.³⁰⁶

Die meeste van die Afrikaner-arbeiders was lede van vakbonde wat deur die Britse arbeiders geskep is om die belange van die werkers te beskerm, en met wie se funksies en organisasie die Afrikaner glad nie bekend was nie.³⁰⁷ Deur hierdie lidmaatskap het die Afrikaners baie gebaat, aangesien hulle as halfgeskoolde arbeiders nie juis in die posisie was om enige voorregte af te dwing nie en hulle moes selfs met die nie-blanke, wat teen 'n baie lae salaris gewerk het, meeding. Lidmaatskap van die vakbond het hulle die nodige beskerming verleen.³⁰⁸ Die ongeskoolde arbeider het egter nie toegang tot die vakbonde gehad nie, en daarom is in 1917 die Suid-Afrikaanse Werkersbond gestig.³⁰⁹

304. Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat, Beginsels, Konstitusie, Statute, p. 10.

305. Humphriss en Thomas, op. cit., p. 179.

306. Die Burger, 11.7.1921 en 5.3.1921. Hoofartikels.

307. Humphriss en Thomas, op. cit., p. 180 et seq.; en U.G.35-22, p. 38.

308. Kruger, op. cit., p. 120.

309. Die Burger, 15.3.1921 en 6.4.1921. Hoofartikels.

Die bond het geskoolde en ongeskoolde Afrikaner-arbeiders gewerf en daarop gewys dat die Afrikaner ontuis in die bestaande vakbonde voel. Dié vakbonde word oorheers deur uitlanders met Bolsjewistiese en sosialistiese oogmerke en is heeltemal onkundig omtrent die toestande in Suid-Afrika. Verder dryf die vakbondleiers in hul strewe na hoër lone en korter werksure deur stakings die mense tot werkloosheid.³¹⁰ Die Bond het veral probeer om die band tussen platteland en stad, en daardeur die volkseenheid, te behou.³¹¹ In sy doelstellings het die Bond steun van Die Burger gekry. Die redakteur wys daarop dat die arbeiders georganiseer is in vakbonde wat beheer word deur elemente met ideale en sienswyses wat nie deur die Nasionale Party gesteun kon word nie. Die taak van die Nasionale Party om die belange van die arbeider te bevorder, sal baie vergemaklik word indien hy kan saamwerk met 'n arbeidsorganisasie wat vry is van die smet van hierdie vreemde ideologië soos sosialisme en Bolsjewisme.³¹² Die Werkersbond het egter 'n opdraande stryd gevoer en in een stadium het die Mynwerkersunie sy lede opdrag gegee om te weier om saam met lede van die Werkersbond te werk.³¹³ Ten spyte van sy goeie invloed en hoë ideale vir die Afrikaner-arbeider het die Werkersbond geen noemenswaardige rol in die arbeidswêreld en in die staking gespeel nie omdat die Mynwerkersunie te sterk was en die invloed van die Bond maklik kon elimineer. Die Afrikaner-arbeider is dus hoofsaaklik beheer deur persone in organisasies met doelstellings wat vreemd vir hom was.

Na die uitslag van die 1921-verkieping en die neerlaag van die Arbeidersparty ten gunste van die S.A. Party, het adv. Tielman Roos aangetoon dat die arbeider sy belange ver-raai het toe hy vir sy natuurlike politieke vyand, die kapitaliste, gestem het. Hy het dan ook die Nasionale arbeider gewaarsku om so min as moontlik met stakings te doen te hê sodat die S.A.P.-kapitalis en sy arbeiderondersteuner die saak alleen kan uitveg. Hy was van mening dat die land baie nader aan 'n botsing tussen kapitaal en arbeid is as wat die arbeiders beseft het en dat die Nasionale Party nie in die posisie is om die arbeiders hierteen te beskerm nie.³¹⁴ Die Burger het ook gewaarsku dat die arbeiders, nou dat hulle

310. Die Burger, 15.3.1921 en 6.4.1921. Hoofartikels; en Ibid., 30.3.1921. Berig.

311. Die Burger, 19.3.1921 en 6.4.1921. Hoofartikels; en Ibid., 27.4.1921. Brief van P.J. Baird, hoforganiseerder van die Suid-Afrikaanse Werkersbond.

312. Die Burger, 6.4.1921. Hoofartikel.

313. Die Burger, 30.3.1921.

314. Die Burger, 16.2.1921. Brief van Roos.

reg van medeseggenkap in die Parlement en invloed op die bestuur van die landsake so 'n knou gekry het, hulle toevlug tot stakings sou neem, soos die geval in Frankryk en Italië was.³¹⁵

Van die mynwerkers op die Rand was minstens 75% Afrikaners waarvan slëgs 'n tiende geskoolde was.³¹⁶ Met die kennisgewing van die Kamer van Mynwese dat die status quo-ooreenkoms opgehef word en die voorstelling van ekstremiste dat die kleurslagboom sou verdwyn, was dit hoofsaaklik die ongeskoolde en halfgeskoolde Afrikaner wat deur die goedkoop nie-blanke arbeid bedreig gevoel was. Werkloosheid, armoede en 'n bedelbestaan het hom nou in die gesig gestaar en „Vir die Afrikaanssprekende vakbondlid het die staking 'n kruisvaart geword vir die toekomst van die blanke ras.“³¹⁷

Met hierdie ontevredenheid onder die arbeiders was daar nou geleentheid vir die Nasionale Party om deur sy optrede die stem van die werker te trek. Adv. Roos het dit beseef en die kans baie goed benut. Aanvanklik het hy teen 'n staking gewaarsku, maar toe dit 'n voldonge feit was, het hy die klem op die gevaar van die opheffing van die kleurslagboom laat val. Hy is hierin deur Nasionale koerante en ander Nasionalistiese gevolg. Die stakers is gesteun in hul oortuiging dat hulle vir die behoud van 'n blanke Suid-Afrika stry en is onder die indruk gebring dat hulle die volle steun van die Nasionale Party in hul optrede teen die mynmagnate en die regering het. Adv. Roos het selfs die nasionalisering van myne bepleit en daardeur die guns van die sosialistiese Arbeidersparty verower. Sy kragtige optrede en veldtog teen die partydigheid van die regering en die uitbuiting deur kapitaliste het 'n indruk op die werkers gemaak. Daar was selfs 'n klompie Afrikaner-nasionaliste wat in die situasie die geleentheid gesien het om hul verlore politieke vryheid terug te wen.³¹⁸ Hierdie element en die versekering van Nasionalistiese dat die platteland die stakers steun, het die ekstremiste die geleentheid gegee om 'n sterk houvas op die massa te kry ten einde tot geweld oor te gaan en om 'n werkersrepubliek tot stand te bring.

315. Die Burger, 11.2.1921. Hoofartikel.

316. U.G.35-22, p. 21.

317. Humphriss en Thomas, op. cit., p. 181; en The story of a crime, p. 22. Die skrywer Norman Herd wys daarop dat die werkers niks ongerymds daarin gesien het om 'n banier te dra met die woorde: „Workers of the World Unite, and Fight for a white South Africa.“
Sien Herd, op. cit., p. 21.

318. U.G.35-22, p. 40. Sien ook Humphriss en Thomas, op. cit., p. 181.

Die Cape Argus voer tereg aan dat daar geen twee klasse is wat minder met mekaar gemeen het as die sindikalistiese oproermakers langs die Rand, wat die beheer van die staking in hande het, en die oorgrote meerderheid van die Nasionale Party, wat bestaan uit boere en produsente. Hierop het Die Burger geantwoord dat die Nasionale Party wel niks met die sindikalisme of met die sosialistiese beginsels van die Arbeidersparty te doen het nie, maar dit beteken nie dat die party die belange en behoeftes van die werkers nie raaksien nie. Die redakteur toon aan dat die Nasionale Party nog altyd vir die ekonomiese belange van die arbeider in die bres getree het en hom teen die uitbuiting van die kapitalis wou beskerm soos uit die optrede van adv. Tielman Roos en sy ondersteuning aan die Rand duidelik blyk.³¹⁹ Die gunstige beeld van die Nasionale Party is ongetwyfeld deur die optrede van adv. Roos en Pirow, wat die stakers sonder vergoeding verdedig het, en deur die hoeveelhede kos van die platteland tydens en na die staking, versterk.

Adv. Roos is dan ook in die Parlement geloof vir sy optrede. Adv. J.H.H. de Waal, lid vir Piketberg, het verklaar dat adv. Roos nie alleen die grootste lof vir sy dapperheid verdien nie, maar ook vir sy verstandige optrede. Hy meen dat as dit nie vir adv. Roos se ontsaglike invloed was nie, die stakers nie vir twee maande sonder geweldplegingsou uitgehou het nie. Hy het hom die „moedigste man in die hele Huis" genoem.³²⁰ Hy is ook deur Madeley en Waterston lof toegeswaai.³²¹ Hoe hoog sy dienste op prys gestel is, blyk uit 'n voorstel van Piet de Lange, „bekende boer en Nasionale voorman", in Ons Vaderland, dat 'n plaas vir adv. Roos gekoop moet word uit waardering vir sy optrede in die staking en in die verlede as Transvaalse leier. Hyself sou die fonds met £100 open.³²² Die aanbod is egter deur adv. Roos van die hand gewys.³²³

Die belange wat die Nasionale Party en die Arbeidersparty by die stakers gehad het, het daartoe bygedra dat die twee partye in opposisie teen die Smuts-regering gekonsolideer is. Die Arbeider-Volksraadslede het reeds aan die begin van die Parlementsitting opdrag gekry om met die Na-

319. Die Burger, 9.3.1922. Hoofartikel.

320. Die Burger, 14.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

321. Die Burger, 23.2.1922 en 16.3.1922. Verslae van Volksraadsdebatte.

322. Die Burger, 30.5.1922.

323. Die Burger, 3.6.1922.

sionaliste teen die regering saam te werk.³²⁴ Vroeër was dit ook Nasionale en Arbeider-Volksraadslede wat onder adv. Roos se leiding in Pretoria kragte saangesnoer het om 'n oplossing te vind. Boydell het op 'n vergadering in Johannesburg op 12 Februarie 1922 verklaar dat die Arbeidersparty met enige ander party sou saamwerk om die regering uit die kussings te lig.³²⁵ Die republikeinse mosie van Waterston het die houding tussen die twee partye egter tydelik gestrem, maar adv. Roos en genl. Hertzog se besliste optrede het die vertroue weer herstel.³²⁶ Adv. Roos het aangevoer dat die verskille tussen die Afrikaner en die Engelsman weggeval het en dat Suid-Afrika in die toekoms deur die boere en werkers regeer sal word. Die gedagte dat die boer en die werker verenigd teen genl. Smuts en die geldmag moet optree, het diep ingeslaan en adv. Roos het die ongekroonde leier van die Nasionale en Arbeiders in Transvaal geword, na wie om leiding teen Smuts opgesien is.³²⁷ Toe adv. Roos dus in die Parlement aankondig dat hy hom persoonlik vir samewerking tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty in die eerskomende verkiesing sou beywer, was die grondslag hiervoor reeds gelê.

Hierdie samewerking tussen Nasionalis en Arbeider het egter nie net op hoë vlak plaasgevind nie. Die werkers is deur omstandighede gedwing om bymekaar te staan. Die afgelepe gebeure het by die werker 'n gevoel van bitterheid, haat en wantroue teen genl. Smuts en die Kamer van Mynwese gelaat. Die ontberings deur arbeiders van albei taalgroepe gely, het hulle as werkers teen die myneienaars en Smuts verenig.³²⁸ Toe 'n mynbestuurder weens oortreding van die mynregulasies vervolg is, het die Hooggeregshof in November 1923 regulasie 179 van die Wet op Myne en Werke No. 12 van 1911, i.s. die kleurslagboom, ultra vires verklaar.³²⁹ Nou was die blanke arbeider weerloos teen die insypeling van goedkoop nie-blanke arbeid. Hulle was geheel en al afhanklik van die goedgesindheid van die myneienaars wat hulle ge-

324. South African Labour Party Minutes. Mainly National Council, pp. 167-168. Notule van vergadering gehou op 14.1.1922.

325. U.G. 35-22, p. 26.

326. Die Burger, 6.2.1922.

327. Grobler, op. cit., pp. 436-437; en McQuade, J.G., "Tielman Roos: Leader, legislator and judge" in Reitz, H.J. en Oost, E. (reds.), Die Nasionale Boek, p. 18.

328. Die Burger, 6.2.1922; Long, B.K., In Smuts's camp, p. 33; Herd, op. cit., p. 14; en Gitsham on Trembath, op. cit., p. 52.

329. U.G. 27-24, p. v; The story of a crime, p. 8; Die Burger, 10.9.1923, 11.9.1923 en 13.11.1923; en Ibid., 12.9.1923 en 23.11.1923. Hoofartikels.

wantrou het. Daar was net één wapen oor. Hulle het teen 'n geweldige tempo by die Nasionale en Arbeidersparty aangesluit en binne 'n kort tydjie was hulle 'n politieke mag waarmee rekening gehou moes word.³³⁰

'n Brief van „Sagmoedige Neelsie“ aan „Baas Hoggenheimer“ was 'n voorbeeld van die gees wat onder baie Afrikaners geheers het: „Ja, Hoggenheimer. Jy het ons land gevat, ons gesag, ons lyf en ons goed. En jy het jou uiterste gedaan om ons siel ook te vat. En by sommige van ons, by een vir een stembus, het jy dit reggekry. Maar daar is ander van ons by wie jy dit nie reggekry het nie en nooit sal regkry nie: wat jy met al jou roofmiljoene te arm is om te koop vir jou gereedskap. En daardie siel wat oorbly, in 'n liggaam van lyding en slawerny, onder die bomme van wet en orde - die siel wat jy nie mee rekening hou nie omdat jy self dit nie besit nie - die siel van Suid-Afrika sal vir jou en jou handlangers verpletter.“³³¹

Hoewel die Nasionale hul doel om Smuts uit die kusings te lig in 1924 met die hulp van die Arbeidersparty bereik het, was die optrede en uitlatings van veral Tielman Roos nie sonder die smet van opportunisme nie. Art. 10 c nr. 2 van die Nasionale Party se program van beginsels ver wys na 'n gevoel van vertroue en simpatie tussen arbeider en werkgewer. Hierdie vertroue het nie bestaan nie, maar uit Nasionale geledere is niks gedoen om dit enigsins te bewerkstellig nie. Deur vroegtydig die aandag op die ekonomiese toestand van die land en sommige myne te vestig, kon die Afrikaner-arbeider oorgehaal word om die herreëling van die ondergrondse werk en loonsvermindering te aanvaar ten einde produksiekoste te besnoei, maar die klem is op die opheffing van die kleurskeidslyn laat val en die gevoel van die werkers teenoor hul werkgewers is verder opgesweep.

330. Kruger, op. cit., p. 124 et seq.; en Long, op. cit., p. 33.

331. Die Burger, 20.3.1922. „Sagmoedige Neelsie“ was die skuilnaam van senator G.J. Langenhoven.

H O O F S T U K III.DIE BEOOGDE INLYWING VAN SUID-RHODESIË
BY DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

Dit was die droom van Cecil John Rhodes, mynmagnaat, eerste minister van die Kaapkolonie van 1890 tot 1896 en verpersoonliking van die Britse imperialisme in Suid-Afrika, dat Rhodesië eendag deel van 'n groot Britse Suid-Afrika moet uitmaak. Genl. J.C. Smuts het hierdie droom van 'n groter Suid-Afrika met hom gedeel. Hy het Suid-Rhodesië as eerste doelwit gestel en het geglo dat as hy daarin kon slaag om die gebied by die Unie ingelyf te kry, hy in die posisie sou wees om aan die Portugese in Mosambiek te dikteer. Verder dat hy in staat sou wees om die ontwikkelende jong koperbedryf in Noord-Rhodesië onder Suid-Afrikaanse beheer te plaas en bes moontlik ook dié in Katanga, en dat hy ekonomiese en politieke brûe tussen al die gebiede met blanke inwoners tot sover noord as Kenia sou kon bou.¹

Die beheer oor hierdie gebied van byna 150,000 vk. myl ten noorde van die Unie se grense tot by die Zambezirivier is deur Rhodes van die kaptein van die Matabeles, Lobengula, bekom. Deur Rhodes se bemiddeling en 'n oktrooi van die Britse regering, is die British South Africa Company, algemeen as die Chartered Company bekend, in 1889 in die gebied gestig. Vier jaar later is Lobengula uit die gebied verdryf en in 1896 finaal verslaan. Die maatskappy het miljoene ponde bestee om die gebied te ontwikkel. Koloniste het hulle begin vestig en as gevolg van hul eise en ingevolge 'n Britse order-in-rade van 20 Oktober 1898, is daar vir Suid-Rhodesië 'n wetgewende raad van elf lede in die lewe geroep. Dit sou bestaan uit die administrateur, wat 'n amptenaar van die maatskappy was, die resident-kommissaris, deur die Britse minister van kolonies aangestel, vyf lede deur die maatskappy met goedkeuring van die Britse minister benoem en vier gekose verteenwoordigers van die geregistreerde kiesers. Hierdie verkose lede het in 1908 reeds tot sewe teenoor die vyf benoemdes gestyg. Die koloniste en die maatskappy was voortdurend in 'n stryd gewikkel, veral weens die aansprake van die maatskappy op onbewoonde grondgebied. Geleidelik het die koloniste hulle dan ook vir selfregering begin be-

1. Hancock, W.K., Smuts : The fields of force 1919-1950, p. 152. Sien ook The Round Table, vol. 49, p. 206; en Crafford, F.S., Jan Smuts, pp. 243-244.

ywer.²

Met die voorbereiding vir die unifikasie van Suid-Afrika het die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, lord Selborne, asook die Kaapse regering met L.S. Jameson as eerste minister, moeite gedoen om Suid-Rhodesië by die voorgestelde unie te betrek. Drie Rhodesiese afgevaardigdes het die Nasionale Konvensie dan ook op uitnodiging bygewoon, maar sonder enige stemreg.³

Hoewel Suid-Rhodesië slegs die tolverbond met die Unie aanvaar het, is daar in 'n spesiale klousule van die Unie-grondwet voorsiening gemaak vir die voorwaardes waarvolgens die gebied en ander gebiede deel van die Unie kon word. Artikel 150 het bepaal dat inlywing deur 'n proklamasie van die Koning op advies van die Geheime Raad, nadat dit met uitensetting van voorwaardes deur die Unie-Parlement aanbeveel is, kon geskied.⁴

Met die Rhodesiese verkiesing van 1911 het die Britse sekretaris van kolonies, Lewis Harcourt, dit duidelik gestel dat ernstige verskille tussen die verkose lede en die maatskappy die vraagstuk van inlywing by die Unie noodwendig na vore sou bring. Die uitslag van die verkiesing het egter duidelik getoon dat die meerderheid kiesers teen aansluiting was, want slegs één kandidaat van die party wat teen regering-deur-die-maatskappy gekant was, is verkies, en wel as gevolg van gediskwalifiseerde stemme.⁵

Die oorspronklike oktrooi van die British South Africa Company sou in 1914 verval en L.S. Jameson het in 1913 op 'n besoek aan Suid-Rhodesië daarop gewys dat die alternatief vir 'n hernuwing van die oktrooi inlywing by die Unie was. In die verkiesing wat in Maart 1914 gehou is, het die pro-oktrooi-party onder leiding van sir Charles Coghlan 'n oorweldigende meerderheid behaal en het die nuwe wetgewende raad ten gunste van die verlenging van die oktrooi vir nog tien jaar gestem. Die Britse regering het dit toegestaan, maar die oktrooi het bepaal dat as 'n absolute meerderheid van die totale getal lede van die wetgewende raad 'n besluit ten gunste van verantwoordelike regering sou aanneem en kon bewys dat die land ryp daarvoor was, dit toegestaan

2. Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L., Geskiedenis van Suid-Afrika, deel 1, pp. 675-678.

3. Ibid., p. 678; en The Round Table, vol. 45, p. 198.

4. Die Burger, 6.9.1921. Hoofartikel; The Round Table, Vol. 45, p. 198; en Davies, M.A.G., Incorporation in the Union of South Africa or selfgovernment: Southern Rhodesia's choice, 1922, p. 7.

5. Ibid., p. 7.

sou word nog voordat die oktrooi in 1924 sou verstryk.⁶

Die voorstanders van selfbestuur vir Suid-Rhodesië het in 1917 die Responsible Government Association gestig en voortaan sou hulle hul vir 'n verantwoordelike regering beweer. Aangemoedig deur die Unie-regering se steun aan Brittanje en die aktiewe rol van die Suid-Afrikaanse magte in die oorlog van 1914-1918, het die voorstanders van inlywing by die Unie die Rhodesian Union Association gestig.⁷

Die moontlikheid op sukses vir die voorstanders van inlywing in die naderende verkiesing is egter vernietig deur die uitslag van die Suid-Afrikaanse algemene verkiesing van Maart 1920 toe die Nasionale Party, met sy republikeinse ideale, meer setels as die Suid-Afrikaanse Party van genl. Smuts verower het. In die verkiesing wat kort hierna in Suid-Rhodesië gehou is, het die Responsible Government Association onder leiding van sir Charles Coghlan twaalf van die dertien setels verower.⁸

Die verteenwoordigers het gevolglik volgens die bepaling van die aanvullende oktrooi 'n versoek om selfbestuur aan die Britse regering gerig. Lord Milner, toe minister van kolonies, wou die saak tot na die Britse verkiesing in 1923 uitstel, maar die uitspraak van die Cave-kommissie in Januarie 1921 het sake bespoedig. Hierdie kommissie is aangestel toe die Britse Geheime Raad, na aanleiding van 'n langdurige stryd tussen die koloniste en die maatskappy om die beheer van onvervreembare grond in Suid-Rhodesië, in sy uitspraak bepaal het dat die grond aan die Imperiale regering behoort, maar dat die maatskappy op vergoeding vir die administrasie van die gebied geregtig is. Die bedrag moes verhaal word uit die verkoop van grond of uit openbare fondse indien die Britse regering die grond of inkomste daaruit aan iemand anders sou skenk. Die Cave-kommissie moes toe hierdie bedrag aan die maatskappy verskuldig, bepaal.⁹ Waar die maatskappy byna £8 miljoen, insluitend £1,630,870 vir openbare werke en geboue, geëis het, is daar slegs £4,435,225 met inbegrip van £860,295 vir openbare werke en geboue toe-

6. Ibid., pp. 7-8; The Round Table, vol. 43, p. 702; en Ibid., vol. 45, p. 196.

7. Davies, op. cit., pp. 9-11.

8. Ibid., p. 11; en The Round Table, vol. 45, pp. 198-199: Die skrywer wys daarop dat uit 'n totaal van 11,500 kiesers, 6,765 gestem het en hulle stemme was soos volg verdeel: 4,663 ten gunste van selfregering, 868 vir beheer deur die maatskappy, 420 vir verteenwoordigende regering onder die Kroon en 814 ten gunste van inlywing by die Unie.

9. Davies, op. cit., pp. 9-10.

ken.¹⁰

Suid-Rhodesië se staatskuld was nou aansienlik minder en Winston Churchill wat intussen vir Milner as minister van kolonies opgevolg het, het 'n komitee onder voorsitterskap van lord Buxton aangestel om te bepaal wanneer en met watter beperkinge, veral met betrekking tot naturelle-kroongronde, verantwoordelike bestuur aan die Rhodesiërs toegestaan kon word. Op grond van die Buxton-verslag, waarvolgens 'n konsep-skema vir verantwoordelike regering opgestel en aan Suid-Rhodesië deur 'n referendum voorgelê moes word, is 'n deputasie van die verkose lede van die Wetgewende Raad, onder leiding van sir Charles Coghlan, in Augustus 1921 na Engeland afgevaardig om finaal oor die voorgestelde konstitusie te onderhandel.¹¹

Die Rhodesiese voorstanders van inlywing het weer moed geskep toe die saamgesmelte Suid-Afrikaanse Party en Unionisteparty 'n klinkende oorwinning oor die Nasionale Party en die Arbeidersparty met die algemene verkiesing van Februarie 1921 in die Unie behaal het. Die Rhodesia Union Association het 'n petisie opgetrek waarin gevra is dat die voorwaardes waarvolgens Suid-Rhodesië by die Unie ingelyf kon word, van die Unie-regering verkry moes word en dat die Rhodesiërs dan in 'n referendum moes besluit oor die aanvaarding van selfregering of inlywing by die Unie, volgens Suid-Afrikaanse voorwaardes. Die petisie met 8,164 handtekeninge is op 22 Augustus 1921 aan sir Drummond Chaplin, die administrateur, gestuur vir deursending na Engeland. Die gevolge hiervan was dat die Britse sekretaris van staat die versekering gegee het dat 'n kommissie in die nabye toekoms na die Suid-Afrikaanse regering gestuur sou word om die voorwaardes vir inlywing te verkry.¹²

10. Ibid., p. 12; en The Round Table, vol. 45, p. 200.

11. Davies, op. cit., pp. 12-13; The Round Table, vol. 43, p. 702; Ibid., vol. 44, p. 954; Ibid., vol. 45, p. 200; Die Burger, 6.9.1921. Hoofartikel; en Ibid., 9.8.1921. Die afgevaardigdes was sir Charles Coghlan, J. McClery, W.M. Leggate, R.A. Fletcher, almal lede van die Wetgewende Raad, en sir Francis Newton.

12. Davies, op. cit., p. 13 en p. 17; The Round Table, vol. 43, p. 703; Ibid., vol. 45, p. 201; Die Burger, 6.9.1921. Hoofartikel; en Ibid., 25.3.1921. Verstrek die mening van adv. H.T. Longden, voorsitter van die Rhodesia Union Association, nl. dat die verkiesing vir genl. Smuts stewig in die saal geplaas en 'n einde aan die republikeinsé paaiboelie gemaak het. Sien ook Ibid., 31.7.1922. Verklaring van D.O. Malcolm, voorsitter van die British South Africa Company, dat die samewerking van die S.A. Party met die Unioniste, wat 'n moedige front teen die Nasionale onafhanklikheidstrewe en die Bolsjewisme bied, 'n merkbare uitwerking op die openbare mening gehad het.

Die deputasie onder leiding van sir Charles Coghlan het, op pad na Londen; genl. Smuts in Kaapstad op 2 en 3 September vir informele samesprekings ontmoet.¹³ Genl. Smuts het in sy antwoord aan die afvaardiging daarop gewys dat die regering nie nou al finale voorwaardes kan aanbied nie en dat hy bereid was om met 'n amptelike Rhodesiese afvaardiging daaroor te onderhandel. Die Unie-regering was nie slegs begerig om Suid-Rhodesië so spoedig moontlik tot die Unie toe te laat nie, maar was ook bereid om billike en ruime voorwaardes vir toelating aan te bied. Genl. Smuts het ook aan Suid-Rhodesië 'n groter parlementêre verteenwoordiging belowe as waarop Rhodesië volgens getalsterkte, in vergelyking met die Vrystaat en Natal by hul toetrede tot die Unie, op geregtig was. Verder is daar beloftes van finansiële steun vir nywerhede, landbou en spoorwegontwikkeling; 'n groot nedersettingskema waarvolgens die blanke bevolking in die gebied uitgebrei sou word, en die uitkoop van die belange van die Chartered Company in die kroongronde, mynbou en spoorweë gemaak. Genl. Smuts verklaar ook dat hy geen druk op Suid-Rhodesië in hierdie saak wil uitoefen nie en dat hy ongeag hul besluit steeds met hulle op 'n vriendskaplike voet sal bly.¹⁴

Volgens sir Charles Coghlan het genl. Smuts in 'n poging om sy goedgesindheid te wen, hom 'n kabinetspos belowe. Hy was egter oortuig daarvan dat die Smuts-regering meer stemme in die Parlement dringend nodig gehad het. Die regering het twee setels in tussenverkiesings verloor terwyl die Rhodesiese afvaardiging in Kaapstad was, en vir sir Charles het dit voorgekom of genl. Smuts die Rhodesiese stemme nodig gehad het, ongeag of dit in die belang van Suid-Rhodesië was aldan nie.¹⁵

Nadat die konsep-konstitusie vir Suid-Rhodesië in Londen opgestel is, het Winston Churchill, wat ten gunste van inlywing by die Unie was, opdrag gegee dat 'n afvaardiging na genl. Smuts gestuur word om die voorwaardes vir toetrede tot Unie vas te stel. Hierdie voorwaardes vir inlywing sou dan later as alternatief vir selfregering by wyse van 'n referen-

13. Die Burger, 3.9.1921.

14. Die Burger, 5.9.1921. Antwoord van genl. Smuts aan die afvaardiging; Ibid., 6.9.1921. Hoofartikel; Ibid., 8.9.1921. Verklaring van die Rhodesiese afvaardiging aan die volk van Rhodesië; en The Round Table, vol. 45, p. 201.

15. Davies, op. cit., pp. 14-15.

dum voor die kiesers van Suid-Rhodesië gelê word.¹⁶

Die reaksie in die Unie oor die verwickelinge met die moontlike inlywing van Suid-Rhodesië, met sy bevolking van 33,000 blankes en 770,000 nie-blankes,¹⁷ was een van afwagting gepaard met pessimisme aan die een kant en optimisme aan die ander kant. Reeds in Januarie 1921 het 'n sekere N.J. Basson van Moorreesburg gewaarsku: „As Rhodesië instap met sy 20 of 25 verteenwoordigers, en immigrasie is 'n voldonge feit; dan sal jy, my lieve vriend, vir my sê, die Filistynes, die Unioniste is oor ons, ons moet opstaan en vir hulle afskud, maar dan sal ons vind dat ons haarlokke af is, en die verwyf vir ewig te laat sal oor Suid-Afrika se berge en woude ruis as 'n kermende orkaan...“¹⁸

Nog voordat enige voorwaardes vir inlywing bekend was, het takke van die Nasionale Party en die kongres van die Nasionale Vroue-party hulle teen die aansluiting van Suid-Rhodesië uitgespreek. Die Nasionale Party-tak Rietvlei van Clanwilliam het dit verwerp op grond daarvan dat die Unie in die huidige omstandighede nie die administrasie van die nuwe gebied kon bekostig nie.¹⁹

'n Voorstel van D.E. Malan van Wellington en P. de Villiers van Caledon dat die kongres van die Kaaplandse Nasionale Party die inlywing van Suid-Rhodesië by die Unie afkeur, is egter ná bespreking teruggetrek.²⁰ Die Natalse Nasionale Party-kongres het op aanbeveling van sy leier, adv. E.G. Jansen, van die besprekingspunt oor Suid-Rhodesië afgestap aangesien nog geen vaste voorwaardes bekend was nie.²¹ Die sekretaris van die Nasionale Party van Trans-

16. Ibid., pp. 15-16. Verstrek die mening van sir Charles Coghlan dat Churchill ten gunste van inlywing is; Die Burger, 20.1.1922. Hoofartikel, berig oor die verklaring van Winston Churchill i.s. die Rhodesiese referendum en mening van J. McChlery, lid van die afvaardiging na Engeland, dat die Ryksregering ten gunste van inlywing is; en Ibid., 7.9.1921. Verklaring van ds. B.R. Hattingh, voorsitter van die Transvaalse Provinsiale Raad, dat daar druk deur die Imperiale regering op die Unie uitgeoefen word.

17. The Round Table, vol. 45, p. 201.

18. Die Burger, 31.1.1921. Brief van N.J. Basson.

19. Die Burger, 5.3.1921. Besluit van die N.P.-tak Wolmaransstad; Ibid., 5-6.4.1921. Besluit van die Nasionale Vroueparty-kongres te Rustenburg; Ibid., 22.2.1922. Besluit van die N.P.-tak Rietvlei en Clanwilliam; en Ibid., 3.4.1922. Besluit van die N.P.-tak Gougo.

20. Kongresnotule van die Nasionale Party van Kaapland, 4-6.10.1921, p. 16.

21. Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal, 1918-1922, p. 130.

vaal het weer die moontlikheid van die ontbinding van die Parlement in 1922 as gevolg van die debat oor die Rhodesiese kwessie voorsien, en 'n dringende beroep op Nasionale Party-takke gedoen om gereed te wees vir die nuwe verkiesing.²²

Dit was veral die pers wat hom oor die saak uitgespreek het. Die Burger se standpunt was dat niemand in beginsel teen die inlywing van Suid-Rhodesië kan wees nie, mits dit die wens van die inwoners van die Unie sowel as dié van Suid-Rhodesië is, aangesien dit geografies een gebied is. Suid-Rhodesië is ook die natuurlike emigrasiegebied vir die Unie se groeiende bevolking soos dit oorspronklik deur Rhodes met sy „hinterland“-idee bedoel was. Die redakteur het egter nie vir genl. Smuts met die bepaling van die voorwaardes vir toetreding vertrou nie. Hy voel dat genl. Smuts behep is met die idee om tot elke prys te regeer en dat hy daarom bereid sal wees om alles op te offer vir die instandhouding van sy eie mag. Dit blyk veral uit sy verklaring dat hy bereid is om aan Suid-Rhodesië groter parlementêre verteenwoordiging te gee as waarop hy volgens getalsterkte geregtig is. Ook die feit dat hy 'n groot nedersettingskema belowe het en daardeur vry is om soveel Britse immigrante as moontlik na Suid-Rhodesië te bring, wat natuurlik meer parlementêre verteenwoordigers sal meebring, versterk die vermoede dat politieke oogmerke die eintlike rede vir genl. Smuts se gretigheid en „besondere voorbarige toegeeflikheid“ is. Daarom is die belange van die Unie - om van die belange van die Hollandssprekende deel van die bevolking nie eers te praat nie - geensins veilig nie. Met die oog op genl. Smuts se belofte dat Suid-Rhodesië, wat betref parlementêre verteenwoordiging, dieselfde as die Vrystaat en Natal met hul toetrede tot Unie behandel sal word, wys Die Burger daarop dat dié twee state oorspronklike en onmisbare dele van die Unie was, iets wat Suid-Rhodesië nooit is of sal wees nie. Hierdie bevoorregting van Suid-Rhodesië wat nog nooit 'n selfstandige regerende staat was nie, is onbillik teenoor die bevolking van die Unie en veral teenoor die Kaapprovinsie. Die redakteur verklaar egter dat die voorwaardes eers bekend moet wees voordat standpunt vir of teen inlywing ingeneem kan word.²³

Die Volksblad het ook beswaar teen die vrygewige parlementêre verteenwoordiging gemaak en was van mening dat die Rhodesiërs eers vir 'n tyd lank verantwoordelike regering

22. Die Burger, 23.11.1921.

23. Die Burger, 6.9.1921 en 20.1.1922. Hoofartikels.

moes ervaar voordat aansluiting by die Unie oorweeg kon word, aangesien die sprong vir Suid-Rhodesië te groot sou wees.²⁴ Hierdie mening is ook deur The Friend gehuldig. Suid-Rhodesië sal ná twee of drie jaar van selfregering beter in staat wees om die moeilikhede wat met die regering van 'n gebied soos die Unie met sy twee blanke bevolkingsgroepe, sy tweektalige stelsel en ander veelsydiger en ingewikkelder vraagstukke gepaard gaan, te begryp. Die redakteur waarsku dat hoewel daar gesê word dat die Rhodesiërs nie die beginsel van tweektaligheid sal aanvaar nie, hulle sal moet beseef dat die volk van die Unie geen provinsie wat nie artikel 137 van die Unie-grondwet streng uitvoer, sal toelaat nie, want vir Suid-Afrika is dit 'n lewenskwestie.²⁵

Het Westen van Potchefstroom was van mening dat hoewel Suid-Rhodesië se ligging en ekonomiese toestand faktore is wat inlywing onvermydelik maak, daar geen spesiale toegewings vir die land gemaak mag word om die gebied by die Unie ingelyf te kry nie. Die Rhodesiërs sal buitendien later deur omstandighede daartoe gedwing word. Die redakteur maak ook teen die beloofde parlementêre verteenwoordiging sterk beswaar. „Hulle loop nog te pronk met die groot woord ‚Britisher‘ en meen nog dat hulle uitsluitend die reg uit die hemel verkry het om al wat ‚non-British‘ is te vertrap en te verfoei. As hulle dan met hulle gloeiende Afrikanerhaat begin, en ons moet nog daarby weet dat ons hulle genadig 'n goeie aantal parlementêre stemme meer gegee het, om ons op die kop te kom trap, sal daar in die Afrikanerhart 'n bitterheid verwek word, wat nie somar met mooi woorde reg te maak is nie.“²⁶

Die vrees dat die Afrikaner oorstem sou word, is ook deur die Richmond Era en Ons Vaderland uitgespreek. Laasgenoemde waarsku: „Ons volk sal verstandig doen om die oë wyd oop te maak, want daar is weer nuwe en groot Imperiale gevare wat ernstig dreig.“ Die redakteur meen dat die kiesers deur genl. Smuts mislei is aangesien hy die Rhodesiese inlywing doelbewus by die laaste verkiesing verswyg het. Genl. Smuts het dus geen volmag om namens die kiesers op te tree nie.²⁷ Die skrywer van 'n artikel in Die Huisgenoot van April 1922 het gewys op die groot verantwoordelikheid wat op

24. Die Volksblad, 9.9.1921. Hoofartikel.

25. The Friend, 7.9.1921 en 20.1.1922. Hoofartikels.

26. Die Burger, 14.9.1921. Verstrek die mening van Het Westen.

27. Die Burger, 28.2.1921 en 7.9.1921. Verstrek die mening van Ons Vaderland; en Ibid., 26.3.1921. Verstrek die mening van die Richmond Era.

die skouers van die Afrikaner-staatsmanne in dié saak rus, aangesien Suid-Rhodesië se verlede en sy optrede teen die Afrikaner se ideale die Afrikaner in Suid-Afrika ongerus maak. Daar moet gewaak word teen die aanneme van voorwaardes wat sal inbreuk maak op die regte van die Afrikaanse bevolking in Suid-Rhodesië.²⁸

De Volkstem, 'n ondersteuner van die regering, het die inlywing van Suid-Rhodesië besonder wenslik geag, maar was ontstoke oor die Rhodesiërs se „kleinlike kondiesietjies en voorwaardes - komplete net of hul aansluiting en die uitkoping van hul konsessies vir die Unie so danig groot voordeel sou oplewer.“²⁹ Ons Land het voorspel dat die gebied ten suide van die Kunenerivier in die weste en die Zambezi tot aan die ooskus, insluitend Portugees-Oos-Afrika, eendag aan die Unie sal behoort en deur dieselfde regering gadministreer sou word. Die redakteur het daarop gewys dat Suid-Rhodesië onder die Suid-Afrikaanse grondwet sal moet aansluit en dat die gebied aan dieselfde wette as enige ander provinsie onderhewig sal moet wees.³⁰

Die Sunday Times gesteun deur die Cape Times, was ook oortuig - al was dit ook selfs in die verre toekoms geleë - dat vereniging tussen Suid-Afrika en Suid-Rhodesië onvermydelik was, aangesien hul belange, nasionale aspirasies en toekomsideale dieselfde is.³¹ Die Times of Natal het daarop gewys dat die geskiedenis van Natal getoon het dat taal en ander moeilikhede nie onoorkomelike probleme is nie en dat sy aansluiting by die Unie volkome geregverdig was.³² Die Londense Morning Post het verklaar dat Suid-Rhodesië sy gewig teen die republikeinse gesindheid in die suide in die skaal behoort te werp.³³

In hierdie atmosfeer, waarin die meeste Suid-Afrikanners dit eens was dat Suid-Rhodesië een of ander tyd deel van die Unie moes uitmaak dog oor die onmiddellike wenslikheid en voorwaardes verskil het, het die Rhodesiese afvaardiging van dertien lede en ses raadgevers, onder leiding van sir Drummond Chaplin, aan die begin van April 1922 in Kaapstad aan-

28. Die Burger, 24.4.1922. Artikel oorgeneem uit Die Huisgenoot.

29. Die Burger, 24.4.1921 en 8.9.1921. Verstrek die mening van De Volkstem.

30. Die Burger, 12.9.1921. Verstrek die mening van Ons Land.

31. Die Burger, 12.9.1921 en 4.4.1922. Verstrek die mening van die Sunday Times en die Cape Times.

32. Die Burger, 11.4.1921. Verstrek die mening van The Times of Natal.

33. Die Burger, 26.1.1922. Verstrek die mening van die Morning Post.

gekóm. Die konferensie met genl. Smuts het op 3 April begin en het agter geslote deure plaasgevind.³⁴

Op 'n vraag van T. Boydell, Arbeiderlid vir Greyville, oor die konferensie het genl. Smuts in die Parlement verklaar dat die onderhandelinge op versoek van die Britse regering geskiëd en dat die Britse regering die Rhodesiërs by wyse van 'n volkstemming oor die kwessie van inlywing volgens die Unie se voorwaardes sal laat beslis. Hy het daarop gewys dat die onderhandelinge deur die Unie-regering alleen gevoer sal word en dat die voorwaardes vir inlywing eers ná die konferensie en ná deeglike bespreking openbaar gemaak sal word. Hy was van mening dat die regering wel voor inlywing 'n wetsontwerp vir goedkeuring by die Parlement sal indien, maar hy is nie van plan om die volk van die Unie omtrent die kwessie van inlywing op enige wyse, hetsy deur middel van 'n algemene verkiesing of 'n referendum, te raadpleeg nie. Volgens genl. Smuts is dit die prosedure wat deur die grondwet bepaal is, en deur die aanvaarding van die grondwet het die volk na sy mening reeds besluit dat Suid-Rhodesië uiteindelik deel van die Unie sal word.³⁵

Die Nasionaliste was erg verontwaardig oor die miskenning van die regte en minagting van die volk van Suid-Afrika.³⁶ Die Burger het in hierdie verklaring van genl. Smuts „'n hooghartigheid wat niks anders as sy eie wil en posisie van mag in aanmerking wil neem nie, 'n totale onverskilligheid oor die gevolge van sy willikeurige magsuitoefening en

34. Davies, op. cit., pp. 18-21; The Round Table, vol. 48, pp. 904-910; en Die Burger, 1.3.1922 en 5.4.1922. Die lede van die afvaardiging was: sir Drummond Chaplin, administrateur van Suid-Rhodesië en voorsitter, sir Charles Coghlan, R.D. Gilchrist, mev. Tawse Jollie, W.M. Leggate en J. Stewart, almal lede van die Wetgewende Raad, R.G. Garwin, kol. sir Raleigh Grey, H.T. Longden, J.G. McDondald en sir Bouchier Wrey, lede van die Rhodesia Union Association, sir Randolph Baker en L.F. Moore, twee Noord-Rhodesiese afgevaardigdes wat op versoek van genl. Smuts ingesluit is.

35. Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as reported in the Cape Times, vol. 7, p. 117; Die Burger 4.4.1922. Verslag van die Volksraadsdebat; en Ibid., 5.4.1922. Hoofartikel.

36. Die Burger, 4.4.1922. Rubriek: Volksraad-Indrukke; Ibid., 10.4.1922. Besluit van die N.P.-tak Beaufort-Wes; Ibid., 27.4.1922. Besluit van die N.P. Distriksbestuur van Carnarvon; Ibid., 6.5.1922. Besluit van die N.P.-tak Worcester; Ibid., 5.6.1922. Besluit van die N.P.-tak Kliphoek, wyk 4, Carnarvon; Ibid., 9.6.1922. Besluit van die N.P.-tak Gouph nr. 3, Beaufort-Wes; en Ibid., 26.6.1922. Besluit van die N.P.-tak Klipkraal, Fraserburg. In elk van hierdie besluite is op 'n referendum in die Unie voor inlywing aangedring.

'n diepe veragting vir die vryhede en regte van die volk" gesien. Die redakteur het daarop gewys dat al vier provinsies met die totstandkoming van die Unie geraadpleeg is en dat toe die toekomstige samestelling van die Senaat 'n paar jaar gelede bepaal moes word, 'n nasionale konvensie in die klein, onder voorsitterskap van die Speaker, gehou is. Hy meen dat 'n baie gewigtiger saak as die Senaat nou bespreek word, nl. die aanhegting van 'n groot gebied wat 'n nuwe faktor in die nasionale en politieke lewe van die Unie meebring, en daarom moet al die politieke partye in die land geraadpleeg word. Hy vertolk genl. Smuts se optrede as desperaatheid om ten alle koste aan bewind te bly en wys daarop dat die Eerste Minister nie alleen die steun van die Hollandssprekende Afrikaner en dié van die Arbeiders verloor het nie, maar dat die Kleurling- en naturellestem nou ook onseker word. Vandaar dat hy buite die Unie hulp soek.³⁷

Oor die argument dat die Unie-regering al die partye in die onderhandelinge moes ken, het die Rhodesia Herald verklaar dat die uitnodiging van 'n erkende republikeinse party soos die Nasionale Party na die konferensie, 'n dwase daad en 'n belediging vir Rhodesiërs sou wees.³⁸

Op 18 April het die konferensie ten einde geloop en die volgende dag het 'n aankondiging van genl. Smuts in die pers verskyn. Hy het daarop gewys dat die doel van die konferensie was om uit te vind op watter voorwaardes die Unie-regering gewillig sou wees om die inlywing van Suid-Rhodesië by die Parlement aan te beveel en wat die toekomstige verhouding tussen Suid-Rhodesië en die Unie sou wees. Hoewel die sake deeglik bespreek is, kon hy egter nie die finale voorwaardes aan die Rhodesiese afgevaardigdes bekend maak voordat hy nie eers met die British South Africa Company oor die uitkoop van kroongrond, mineraleregte en spoorweë onderhandel en ooreengekom het nie. Genl. Smuts het aangetoon dat die Britse regering ook by die saak betrokke is en geken moet word voordat finaliteit oor die voorwaardes bereik kon word.³⁹

Die Burger het dit betreur dat só min besonderhede oor die konferensie bekend gemaak is. Oor die onderhandelinge met die maatskappy het die redakteur daarop gewys dat die maatskappy nie winsgewend is nie en dat dit gestig is met die oog op uitbreiding van die Britse gebied in Suider-Afri-

37. Die Burger, 5.4.1922.

38. Die Burger, 18.4.1922. Verstrek die mening van die Rhodesia Herald.

39. Die Burger, 19.4.1922; en The Round Table, vol. 48, p. 907.

ka en ook vir die insluiting van die Boererepublieke in die Britse invloedssfeer. Hy het gevolglik gewaarsku dat dit 'n suiwer sake-transaksie moet wees en dat die Suid-Afrikaanse volk slegs bereid sal wees om vir die werklike bate te betaal en nie ook vir Britse ideale nie.⁴⁰

Die Smuts-regering het die stilswye oor die onderhandelinge bewaar en intussen het die einde van die Parlementsitting aangebreek sonder dat enige voorwaardes bekend gemaak is. Die volksraadslede het beseef dat die Rhodesiese referendum in die lente van 1922 gehou sou word en was onrustig oor die feit dat die Parlement nie die geleentheid sou hê om die saak te bespreek nie. Twee dae voor die einde van die sitting het kol. F.H.P. Creswell, leier van die Arbeidersparty en lid vir Stamford Hill, sy standpunt oor die saak in die Parlement gestel. Hy beskou 'n bespreking van die saak in die algemene belang van die land, en genl. Smuts behoort die Parlement en die volk oor die voorwaardes in sy vertroue te neem. Soos sake nou staan, sal die voorwaardes aan Suid-Rhodesië voorgelê word en hulle sal die kans hê om in 'n referendum uitspraak oor die saak te gee sonder dat die Parlement in staat gestel is om die voorwaardes te bespreek of goed te keur. Hy vrees dat as genl. Smuts en sy party die saak uit 'n partypolitieke oogpunt benader, daar ooreenkomste met die maatskappy aangegaan kan word „for the purpose of securing to the Union the immense privilege of continuing to be governed by the present Prime Minister and his Cabinet,” wat die volk nie bereid sal wees om na te kom nie. Kol. Creswell meen dat Suid-Rhodesië uiteindelik by die Unie ingelyf sal word maar of dit nou raadsaam of vir die volk aanvaarbaar is, is 'n ander vraag.⁴¹

In sy antwoord het genl. Smuts die versekering gegee dat geen partybelange die regering se optrede sal beïnvloed nie. Buitendien glo hy nie dat enige party voordeel uit die inlywing sal trek nie. Die regering het verder op 'n suiwer sakegrondslag met die maatskappy onderhandel. Die onderhandelinge duur lank aangesien daar met die maatskappy en met die Britse regering ooreengekom moet word en daarom is die voorwaardes nog nie bekend gemaak nie. Dit is volgens hom noodsaaklik dat daar eers met die maatskappy ooreengekom word voordat die voorwaardes aan Suid-Rhodesië bekend gemaak word. Indien dit andersom geskied, sou dit ten koste van Suid-Afrika wees aangesien die maatskappy dan in die posisie

40. Die Burger, 22.4.1922. Hoofartikel.

41. Debates of the House of Assembly..., vol 7, pp. 360-361; en Die Burger, 18.7.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

is om sy prys na willekeur te verhoog, want Suid-Afrika sal dan reeds deur 'n belofte aan die Rhodesiërs gebonde wees. Genl. Smuts het sy spyt uitgespreek dat die saak nie afgehandel kan word voordat die Parlement verdaag nie, maar het belowe dat hy die voorwaardes sal laat publiseer sodra finaliteit bereik is. Die Eerste Minister het daarop gewys dat hoewel die Rhodesiese referendum voor die einde van Oktober sal plaasvind, dit nogtans die Unie-parlement sal wees wat finaal sal moet besluit of die gebied ingelyf sal word of nie, soos neergelê deur die Suid-Afrikaanse grondwet.⁴²

Mierna het dr. D.F. Malan aan die woord gekom en die regering van die mees outokratiese optrede in die geskiedenis van Suid-Afrika en 'n volkome verontagsaming van die Parlement beskuldig. Aan die een kant word die onderhandelinge so gerek dat die Parlement nie geraadpleeg kan word nie en aan die ander kant word die Rhodesiese referendum vroeg gehou voordat die Parlement weer byeen kan kom om sy mening te lug. Hy meen dat as dit toeval is, dit 'n baie ongelukkige toeval is. Dr. Malan gee toe dat die grondwet vir die moontlikheid van inlywing van Suid-Rhodesië voorsiening maak, maar daar word nie van wenslikheid gepraat nie. As daar in Suid-Rhodesië 'n referendum gehou word, is dit noodsaaklik dat die volk van Suid-Afrika ook geraadpleeg word, want dit is 'n gewigtige besluit wat groot laste op die volk sal lê. Hy aanvaar nie genl. Smuts se versekering dat hy geen bymotiewe met die inlywing het nie, want as genl. Smuts oortuig was dat hy reg gehandel het, sou hy die saak op 'n konvensie soortgelyk aan die Nasionale Konvensie van 1909 waarop al die politieke partye verteenwoordig is, laat bespreek het. Hy kan ook nie sien hoe die voorwaardes aan Suid-Rhodesië as finaal beskou kan word as die Unie-parlement dit nie goedgekeur het nie. Dit kom nou daarop neer dat as die Rhodesiërs die Unie se voorwaardes goedkeur, die Unie-parlement dit nie meer kan wysig nie en hy sal dit dan in geheel moet aanneem of verwerp. Dr. Malan wys ook daarop dat as die inligting wat oor die besprekinge van die voorwaardes in die konferensie uitgelek het, waar is, daar rede vir besorgdheid oor die voorwaardes is. Keerente het beweer dat die Rhodesiërs oor artikel 137, naamlik tweetaligheid, beswaar gemaak het en dat genl. Smuts hulle tevrede gestel het en op die bevredigende toestand in Natal gewys het. Dit lyk nou asof die regering besig is om die Unie af te kamp in strekê waar artikel 137 nie van toepassing

42. Debates of the House of Assembly..., vol. 7, pp. 360-363; Davies, op. cit., pp. 262-263; en Die Burger, 18.7.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

hoef te wees nie. Daarom waarsku dr. Malan dat artikel 137 een van die fondamentstene van Suid-Afrika se grondwet is en as die regering van plan is om dit nie uit te voer nie, kan hy ernstige moeilikheid in die land verwag.⁴³

T. Boydell het genl. Smuts se optrede as die toppunt van outokrasie en „government by dictatorship” bestempel. Hy wys ook daarop dat die voorwaardes wat aan Suid-Rhodesië voorgelê sal word, nie die voorwaardes is van die Unie-bevolking of van die Parlement en nog minder dié van die Suid-Afrikaanse Party, wat nie eers geraadpleeg is nie, maar wel dié van die Eerste Minister en sy kabinet. „The House would not be consulted in the matter. What they were expected to do was to shut their eyes, open their mouth, and see what the Prime Minister would give them.”⁴⁴

In sy kritiek teen genl. Smuts se optrede het Die Burger weer eens die bepaling van artikel 150 van die grondwet verduidelik waarvolgens die Koning op advies van die Geheime Raad ná 'n aanbeveling met voorwaardes van die Unie-parlement, Suid-Rhodesië by die Unie kon inlyf. Die redakteur het aangetoon dat die regering die saak aangepak het sonder om die volksverteenvoordinging te ken. Daarteenoor het Suid-Rhodesië inlywing nie alleen 'n verkiesingstrydpunt gemaak nie, maar sal hy ook 'n referendum oor die voorwaardes hou. Die situasie is sodanig dat as die Rhodesiërs daarvoor besluit, dit vir die eerste keer as voldonge feit voor die Unie se volksverteenvoordingers gelê word. Indien die Parlement dan nie tevrede is nie en van die voorwaardes wysig, moet Suid-Rhodesië weer 'n referendum oor daardie gewysigde klousule hou. Die redakteur meen dat die regering van die medewerking van die volksverteenvoordinging, waartoe hy deur die grondwet verplig is, eenvoudig 'n klugspel maak. Genl. Smuts „bak en brou” en lê dit daarna aan die Parlement voor. Dit is 'n verkragting en miskenning van die demokratiese grondslag waarop die staat gebou is. Die Burger wys ook daarop dat as Suid-Rhodesië nie die voorwaardes aanneem nie en die saak verval, „dan het ons die eienaardige posiesie dat die deur die Grondwet aangewese liggaam in geen enkele opsig deelgeneem het aan 'n transaksie waarin hy as een van die hoofpersone deur die Grondwet aangewys is” nie. Die redakteur meen dat die saak so belangrik is dat dit uitgestel kan word totdat die volk en die Parlement in vertroue geneem is.⁴⁵

43. Ibid.

44. Ibid.

45. Die Burger, 19.7.1922. Hoofartikel.

Ons Vaderland betreur ook die regering se optrede en beskryf dit as noodlottig uit 'n sake-oogpunt, as onkonstitusioneel, 'n moedswillige ingryping in die soewereine regte van die volk en as 'n staatsgreep.⁴⁶

The Friend is van mening dat die toespraak van die Eerste Minister die agterdog wat daar onder die volk heers dat die Unie oorrumpel word om Suid-Rhodesië as 'n vyfde provinsie te aanvaar, bevestig het, aangesien die Parlement nie die voorwaardes sal kan bespreek voordat die Rhodesiërs daaroor besluit het nie. Die redakteur voer aan dat 'n volkstemming in die Unie nie nodig is nie maar dit is noodsaaklik dat die Parlement die saak voor die Rhodesiese referendum bespreek, al is dit op 'n spesiale sitting. Hy raai ook vir genl. Smuts aan om samesprekinge met die leiers van die Nasionale Party en die Arbeidersparty oor dié nasionale aangeleentheid te voer.⁴⁷

Die Parlement het op 19 Julie 1922 verdaag en twee dae later het berigte oor die voorwaardes wat die maatskappy aangebied het, Suid-Afrika bereik.⁴⁸ Die amptelike verklaring oor die voorwaardes het egter eers op 31 Julie in die koerante verskyn nadat dit deur die aandeelhouders van die maatskappy eenparig goedgekeur is.⁴⁹

Die voorlopige ooreenkoms met die British South Africa Company het bepaal dat die Unie-regering op 31 Maart 1924, die datum waarop die transaksie na verwagting afgehandel sal word, die bedrag van £6,836,500 aan die maatskappy sal betaal vir sy regte op die onvervreembare grond, spoorweë, openbare werke en sy voorkeurregte in die Betsjoeanaland-protektoraat. Die maatskappy sal egter al sy ander beleggings, spoorweë uitgesluit, tesame met sy mineraleregte, handelsregte en handelsbelange behou. Die Imperiale regering het hom ook bereid verklaar om, indien Suid-Rhodesië by die Unie ingelyf word, sy eis teen die maatskappy vir 'n bedrag van byna £2,000,000 vir buitengewone militêre uitgawes gedurende die oorlog te laat vaar.⁵⁰

Hierdie voorwaardes is deur die Londense finansiële koerante as baie gunstig vir die maatskappy beskou en die maatskappy se aandele het dan ook dadelik op die effektebeurs

46. Die Burger, 16.8.1922. Verstrek die mening van Ons Vaderland.

47. The Friend, 10.7.1922. Hoofartikel.

48. Die Burger, 22.7.1922. Hoofartikel en berig.

49. Die Burger, 29.7.1922.

50. Davies, op. cit., pp. 21-22; en Die Burger, 31.7.1922.

begin styg.⁵¹ Die Burger was onmiddellik op die aanval en het in 'n hoofartikel onder die opskrif: „Die Smuts-Malcolm-ooreenkoms”,⁵² 'n ontleding van die implikasies daarvan gegee. Eers het die redakteur genl. Smuts daarvan beskuldig dat hy die Parlement bedrieg het toe hy verklaar het dat hy nog geen inligting oor die ooreenkoms met die maatskappy kan verstrek nie. Hy moes die ooreenkoms al in sy sak gehad het, want 'n paar dae later het Reuter se nuusagentskap al die voorwaardes in Londen verneem. In sy uiteensetting van die voorwaardes het die redakteur die vorige bepalings van die waarde van die maatskappy se eiendom bespreek en tot die gevolgtrekking gekom dat die maatskappy op slegs £4,860,000 geregtig was. Die Unie-regering is egter bereid om hom £4,400,000 vir kroongronde en £830,000 vir openbare werke te betaal en dan nog eise ten bedrae van £40,000 vir grond wat die maatskappy vir handelsdoeleindes geneem het en £330,000 vir grond in ruil vir kontant, prys te gee. Die regering betaal dan nog £1,606,500 vir spoorweë, £25,000 aan die direkteure van die maatskappy en 'n bedrag wat nog nie vasgestel is nie, vir pensioene en ander kompensasie aan amptenare in die staatsdiens en spoorweë. Volgens die Cave-kommissie sal 'n verdere som van £663,000 nodig wees vir oorname van voor-skotte en lenings vir roerende eiendom van die Imperiale regering. Dit bring die totale skuld aan die maatskappy op £7,524,000, pensioen-verpligtinge uitgesluit, te staan. Daarbenewens sal die maatskappy al die mineraleregte behou en teen spesiale belasting beskerm wees. Dan is daar nog die normale jaarlikse tekort van 'n verdere halfmiljoen pond wat in ag geneem moet word. Die Unie sal dus die administrasie van Suid-Rhodesië met ± £8 miljoen begin en waar die Unie nou 'n bedrag van £115 per kop van die blanke bevolking skuld, sal dit na £230 vermeerder word.⁵³ By 'n later geleentheid het Die Burger daarop gewys dat die skuld op die Rhodesiese spoorweë reeds £11,250,000 bedra en dat die aanvangskuld dus byna £19½ miljoen sal wees.⁵⁴

Die Volksblad se mening was dat genl. Smuts se onderneming

51. Die Burger, 24-25.7.1922. Verstrek die menings van The Times, Morning Post, The Financial Times en Sunday Times; Ibid., 1.8.1922. Hoofartikel; en The Round Table, vol. 49, p. 202.

52. D.O. Malcolm, direkteur van die British South Africa Company, het namens die maatskappy met genl. Smuts onderhandel. Hierdie artikel is later herdruk en onder die titel „Die Smuts-Malcolm-ooreenkoms” versprei. Sien Davies, op. cit., p. 28, voetnoot 63.

53. Die Burger, 17.7.1922 en 24.7.1922. Hoofartikels. Sien ook Davies, op. cit., p. 28.

54. Die Burger, 5.8.1922. Hoofartikel.

om die bedrag van byna £9 miljoen aan die maatskappy te betaal slegs 'n voorsmaak is van die laste wat Suid-Afrika nog sal moet dra om die outokraat van Suid-Afrika tegemoet te kom in sy imperialistiese bedrywighede.⁵⁵

Nadat die maatskappy die voorlopige voorwaardes goedgekeur het, kon genl. Smuts die regering se voorwaardes aan Suid-Rhodesië finaliseer. Hy het intussen van die Rhodesiese Wetgewende Raad verlof gekry om die voorwaardes nie later as 31 Julie bekend te maak nie. Die datum van die referendum is vasgestel op 27 Oktober 1922.⁵⁶ Op 31 Julie is die volgende voorwaardes dan ook bekend gemaak: Suid-Rhodesië sal deur tien lede in die Volksraad verteenwoordig word en die getal sal verhoog word ooreenkomstig die toename van die volwasse manlike blanke bevolking tot 'n maksimum van sewentien. In die Senaat sal Rhodesië deur vier verkose en een benoemde senator verteenwoordig word, en nadat sy verteenwoordiging in die Volksraad tot sewentien gestyg het, sal sy senatore tot agt verkose en twee benoemdes vermeerder word. Die Rhodesiese kieswette sou voorlopig van krag bly. Artikel 137 van die Uniegrondwet sal van toepassing wees en Engels en Hollands sal die amptelike tale wees. 'n Provinsiale Raad bestaande uit twintig lede sal ingestel word en 'n bedrag van £50,000 sou bo en behalwe die gewone jaarlikse subsidie aan die gebied toegeken word. Onderwys sal onder die Provinsiale Raad ressorteer. Die Hoë Hof van Suid-Rhodesië sal 'n provinsiale afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika word. Die algemene belastingstelsel van die Unie sal in Suid-Rhodesië van toepassing wees, maar vir die eerste drie jaar ná inlywing sal die bestaande grens van vrystelling van inkomstebelasting daar van krag wees, nl. £1,000 vir 'n getroude en £500 vir 'n ongetroude persoon. 'n Spesiale ontwikkelingstoelaag van nie minder nie as £500,000 per jaar vir die eerste tien jaar sal vir ontwikkeling van openbare werke, besproeiing, nedersetting en die vervoerstelsel aan die gebied gegee word. Die Unie se Landbank sal ook na Rhodesië uitgebrei word. Die spoorweë van Suid-Rhodesië en Masjonaland sal oorgeneem word en die spoorvegtariewe van die Unie sal daar van toepassing wees. Die hawe in Beira sal ontwikkel word. Kroongronde sal van die maatskappy oorgeneem word en 'n spesiale nedersettingsraad saamgestel uit inwoners van Suid-Rhodesië sal aangestel word om nedersetting te bespoedig. Die mineraleregte sal mettertyd van die maat-

55. Die Burger, 3.8.1922. Verstrek die mening van Die Volksblad.

56. Davies, op. cit., pp. 22-23; en Die Burger, 2.9.1922.

skappy oorgeneem word en die Rhodesiese mynwette en regulasies sal behoue bly. Die staatsdiens, spoorwegdiens en polisie sal deel van die Unie s'n word maar Suid-Rhodesië se verdedigingstelsel sal voorlopig bly bestaan. Daar sal geen beperking op verkeer van blankes tussen Suid-Rhodesië en ander provinsies wees nie en wat ander persone betref, sal die Unie se immigrasiewette toegepas word. Geen werwing van arbeiders in Suid-Rhodesië vir ander dele van die Unie sal toegelaat word nie. Munisipaliteite sal onder provinsiale beheer geplaas word en die bestaande dorpsgronde sal aan die munisipaliteite geskenk word. Die bestaande naturelleresservate sal gerespekteer word en die algemene naturellebeleid van die Unie sal met inagneming van omstandighede toegepas word.⁵⁷

In Londen is die voorwaardes as baie vrygewig beskou⁵⁸ en die Engelse pers in die Kaap, Natal en aan die Rand tesame met die Rhodesiese Bulawayo Chronicle en Rhodesia Herald het die voorwaardes as baie goed bestempel.⁵⁹ In Natal is die hoop uitgespreek dat die toetrede van Suid-Rhodesië met die maksimum provinsiale outonomie, tot die uitbreiding van die magte van provinsies, gerugsteun deur 'n groter bydrae van die regering, sou lei.⁶⁰ Die Times of Natal was van mening dat die regering se voorwaardes die opregtheid van genl. Smuts se verklaring 'n tyd gelede bewys, naamlik dat die Unie die Rhodesiërs altyd as lede van die Suid-Afrikaanse familie beskou en hulle nie net as vriende nie, maar as broers sal behandel. Die redakteur wys ook daarop dat die taalkwessie vir die Rhodesiërs nie onoorkomelik is nie, want die geskiedenis toon dat Natal in weerwil van die tweetaligheid sy wesenlike Engelse karakter bly handhaaf het.⁶¹

Hoewel De Volkstem nie die voorwaardes afgekeur het nie, het hy dit as baie toegeeflik beskou.⁶² Ook The Friend het dit nie as strydig met die belange van die Unie gesien

57. Die Burger, 1.8.1922; en Davies, op. cit., pp. 72-82.

58. Die Burger, 4-5.8.1922 en 7.8.1922. Verstrek die mening van The Daily Chronicle, lord Milner en lord Selborne.

59. The Round Table, vol. 49, p. 204; Die Burger, 1.8.1922. Verstrek die mening van die Rand Daily Mail en The Pretoria News; Ibid., 14.8.1922. Verstrek die mening van The Star en die Sunday Times; Ibid., 21.8.1922. Verstrek die mening van die Eastern Province Herald; en Ibid., 2.8.1922. Verstrek die mening van die Bulawayo Chronicle en die Rhodesia Herald.

60. The Round Table, vol. 49, p. 204.

61. Die Burger, 4.8.1922. Verstrek die mening van The Times of Natal.

62. Die Burger, 1.8.1922. Verstrek die mening van De Volkstem.

nie en weer op die belangrikheid van eenheid van die Kaap tot by die Zambezi gewys. Die redakteur het dit egter betreur dat die voorwaardes nie tydens die Parlementsitting bekend gemaak is nie. Hy meen dat genl. Smuts daardeur aan die Nasionale Party genoeg rede gegee het om van 'n nasionale saak 'n politieke saak te maak, want nou kan hulle met reg betoog dat die handelswyse van die regering ongrondwetlik en 'n miskenning van parlementêre beginsels is.⁶³ In teorie is dit volgens hom nie ongrondwetlik nie maar in die gees wel. Die redakteur voer aan dat hoewel die aantal Rhodesiese volksraadslede daarop dui dat daar politieke oogmerke met die aansluiting is, dit vir die toekoms tog beter is dat Suid-Rhodesië ingelyf word.⁶⁴ De Hoogvelder van Ermelo was van mening dat 'n referendum oor die saak noodsaaklik was en dat inlywing nou ten koste van die reeds „uitgemergelde" belastingbetalers sou geskied. Die redakteur was bevrees dat artikel 137, wat reeds in die Unie so swak toegepas word, nie in Suid-Rhodesië gehandhaaf sou word nie.⁶⁵

Volgens Die Volksblad word Suid-Afrika as speelbal deur dié Britse regering, die maatskappy en die Smuts-regering gebruik. Almal is kop in een mus en daar word niks ontsien om hulle doel te bereik nie. Genl. Smuts is die lokaas en hy moet sake so aantreklik moontlik maak om Suid-Rhodesië ingelyf te kry. Daarin het hy geslaag, want selfs lord Milner moes erken dat hy nie daarop kon verbeter nie. Die redakteur het aangetoon dat die Rhodesiërs tot elke prys versoen moes word. Daarom kry hulle tien volksraadslede en die kleurslagboom, wat 'n lewenskewessie vir Suid-Afrika is, word nie in hul myne toegepas nie. Daarby ontvang hulle uniforme spoorwegtariewe en belastingtoegewings. Genl. Smuts is bereid om te betaal, ongeag wat dit die Unie sal kos.⁶⁶

Die eerste mening van Die Burger was: „Die aard van die terme van inlywing, tesame genome met die van die Smuts-Malcolm-ooreenkoms, is die beste bewys van die nood waarmee die Smuts-regering gedrywe word om nuwe ondersteuners te soek.”⁶⁷ Met die bespreking van die voorwaardes het die re-

63. Dit is ook die mening van die Cape Times soos verstrekk in Die Burger van 18.2.1922. Die redakteur vra dat die regering moet verduidelik waarom die voorwaardes nie aan die Parlement voorgelê is nie. Sien ook The Round Table, vol. 49, p. 201.

64. The Friend, 2.8.1922 en 12.8.1922. Hoofartikels.

65. Die Burger, 10.8.1922 en 6.9.1922. Verstrek die mening van De Hoogvelder.

66. Die Burger, 9.8.1922. Verstrek die mening van Die Volksblad. Vir die mening van lord Milner, sien Ibid., 5.8.1922.

67. Die Burger, 1.8.1922. Hoofartikel.

dakteur verklaar: „Dis sonneklaar dat ons hier te doen het aan die een kant met die opoffering van die Unie vir Imperialistiese en veral vir kapitalistiese doeleindes, en aan die ander kant met 'n kolossale en eienagtige uitbuiting van die Unie-belastingbetaler met die doel om die wankelende posisie van Jan Smuts te bevestig.” Die redakteur het hom sterk teen 'n hele aantal van die voorwaardes uitgespreek: Die parlementêre verteenwoordiging en seggenskap in die Unie se sake is buite verhouding tot die bevolking.⁶⁸ As Suid-Rhodesië op gelyke voet met die Kaapprovinsie, Oranje-Vrystaat en Transvaal behandel is, moes hy net vier volksraadslede gekry het. Die wanverhouding in die Senaat is veel erger. Hoewel die Unie se volwasse manlike blanke bevolking 34 maal so groot as Suid-Rhodesië s'n is, kry laasgenoemde een agste van al die seggenskap in die Parlement. Suid-Rhodesië kry dus ses en Natal drie lede meer as waarop hulle volgens die verhouding in die ander provinsies, wat oorwegend Afrikaanssprekend is, geregtig is. Dit is juis die twee oorwegend Engelssprekende provinsies, maar so iets kan van die kwasi-Afrikaanse Smuts-regering verwag word. Dit kom daarop neer dat die werklike mening van die meerderheid van die Unie-bevolking nou gesmoor sal kan word.⁶⁹

'n Ander bron van kommer vir Die Burger was die toepassing van artikel 137 wat volgens sy mening seker net in naam sou geskied. Suid-Rhodesië sal nog sy kieswette behou en gevolglik sal die Hollandssprekende wat 'n diktaat van vyftig Engelse woorde nie korrek kan skryf nie, nog altyd van die kiesreg uitgesluit wees. Ook sal die onderwys onder 'n anti-Afrikaanse Provinsiale Raad ressorteer. Verder sal Suid-Rhodesië die Unie jaarliks £550,000 net aan toeloes kos en dit is nog sonder die gewone jaarlikse tekort op die spoorweë wat weens die laer Unietariewe 'n paar duisend pond sal beloop. Terwyl die Unie-belastingbetaler ter wille van Suid-Rhodesië swaar onder die finansiële las gebuk sal gaan, sal die Rhodesiese belastingbetaler in die eerste drie jaar feitlik heeltemal van belasting vrygestel word. Op die skatryk Chartered Company sal ook geen spesiale belasting gelê kan word om die Unie se belastings ligter te maak nie. Daarby kry Suid-Rhodesië 'n spesiale nedersettingsraad en genoeg

68. In die voorwaardes is daarop gewys dat by Uniewording aan Natal een volksraadslid vir elke 2046 volwasse manlike blankes toegeken is, aan Transvaal een vir elke 2,958 en aan die Kaapprovinsie een vir elke 3,285. Suid-Rhodesië s'n kom neer op een vir elke 1,208. Sien Davies, op. cit., p. 73.

69. Die Burger, 2.8.1922 en 5.8.1922. Hoofartikels.

geld uit die ontwikkelingstoelae om groot getalle Britse immigrante daar te vestig, terwyl die armblankes van die Unie daar uitgehou sal word: „Terwyl Rhodesië dus in staat sal wees om op eie houtjie ons hele politieke kompleksie radikaal en beslissend te affekteer, sal ons die genoeë hê om hul daarvoor die nodige fondse te verskaf en om bowendien so goed of so sleg as ons kan, ons mas probeer opkry met ons eie arm-blanke.“⁷⁰

Die redakteur van Die Burger voel veral onthuts daaroor dat die maatskappy in sy spesiale beskermde posisie en met sy bykans vier miljoen akker grond, handelsregte en minerale rykdomme, „die kapitalistiese elemente in ons openbare lewe oneindig sal versterk..., en dat ons téen die uitsuijingsproses wat die vloek van Suid-Afrika is, magteloser sal staan as ooit tevore.“ Suid-Rhodesië sal wel in naam aan die Unie behoort, maar die werklike mag sal deur die maatskappy uitgeoefen word. Dit kan die Smuts-regering egter nie skeel nie omdat sy „politieke siel“ al lank reeds aan die groot kapitaliste verkoop is. Vir die volk van Suid-Afrika maak dit egter wel saak of hulle en hul kinders vry sal wees en self hul eie land sal regeer en nie „uitgemergel en doodgedruk sal word in die yster kloue van die oktopus van kapitalisme“ nie.⁷¹

Die redakteur kom tot die gevolgtrekking dat die voorwaardes aan Suid-Rhodesië nie die resultaat van bona fide-onderhandelinge is nie, maar 'n opsetlike poging van genl. Smuts om die Rhodesiese volkstemming te beïnvloed. Eers moes die maatskappy omgekoop word sodat hy sy magtige invloed ten gunste van inlywing kan gebruik en daarna moes genl. Smuts seker maak dat sy voorwaardes nie verwerp word nie. Hierdie skaamtelose omkoperij om genl. Smuts aan bewind te hou, geskied ten koste van die Unie se belastingbetalers. Tot die Imperiale regering probeer die volkstemming beïnvloed deur die belofte om £2 miljoen oorlogskuld vry te skeld indien daar ten gunste van inlywing gestem word. Geen wonder dus dat die Eerste Minister nie die voorwaardes aan die Parlement kon voorlê, of die volk oor die saak kon raadpleeg nie.⁷² Die redakteur stel gevolglik voor dat aangesien die Unie onmoontlik nie soveel vir die inlywing van Suid-Rhodesië kan betaal nie, die hele saak laat vaar word of die aanbod by wyse van 'n nasionale konvensie soos in 1910 in oor-

70. Ibid.

71. Ibid.

72. Ibid. Sien ook Die Burger, 7-8.8.1922 en 17.8.1922. Hoofartikels.

eenstemming met die werklike waarde gebring word.⁷³

Hierteenoor was die Sunday Times van mening dat alle kleinlikhede oor die hoof gesien moet word en dat die kans om 'n groter unie te vorm, aangegryp moet word. Die redakteur meen dat in die geskiedenis van die ontwikkeling van 'n halwe wêrelddeel, 'n paar duisend pond of 'n paar lede van die volksraad geen saak van lewe of dood is nie.⁷⁴

Dit is duidelik dat genl. Smuts vasbeslote was om Suid-Rhodesië by die Unie ingelyf te kry. Ná die konferensie met die Rhodesiese afgevaardigdes in Kaapstad het hy in 'n brief aan A.B. Gillett na die konferensie en na onderhandelinge met die Portugese oor 'n nuwe Mosambiek-verdrag verwys, en verklaar dat dit nie lyk asof hy enigsins in die onderhandelinge slaag nie. „But I am going to try very hard. It would be a great thing to round off the South African state with borders far flung into the heart of the continent.“⁷⁵ In 'n toespraak wat hy drie weke later op Caledon gehou het, het hy ook verklaar dat dit altyd die beleid van die Suid-Afrikaners se voorouers was om die landsgrense uit te skuif en dat dit ook vandag die Suid-Afrikaner se plig is om sy grense noordwaarts uit te brei.⁷⁶

Genl. Smuts het dan ook alles in sy vermoë gedoen om die Rhodesiërs tot sy standpunt oor te haal. Hy het ingewillig om 'n landbouskou in Salisbury op 8 Augustus te open en het van die geleentheid gebruik gemaak om die land vir 'n paar weke te deurreis. Voor sy vertrek skryf hy: „I hope they will vote to come into union but I am told that the great current of opinion is still the other way. They are afraid of our bilingualism, our nationalism, my views of the British Empire. In short they are little Jingoese and the sooner they are assimilated by the Union the better for them and for us.“⁷⁷ Hy het wel vooraf die versekering gegee dat dit geen politieke reis sou wees nie, maar hy het die kans benut om die voorwaardes te verduidelik, die Rhodesiërs se vrese uit die weg te ruim en te beklemtoon watter geweldige voordele aansluiting vir die ontwikkeling van die land inhou.

73. Die Burger, 12.8.1922. Hoofartikel. In kommentaar op die mening van die Cape Times, het die redakteur van Die Burger 'n nasionale konvensie soos die in 1909, oor die saak aangevra. Sien Ibid., 18.8.1922.

74. Die Burger, 14.8.1922. Verstrek die mening van die Sunday Times.

75. Hancock, op. cit., pp. 151-152. Die brief is gedateer 17.4.1922.

76. Die Burger, 22.5.1922. Verslag van toespraak.

77. Hancock, op. cit., pp. 153-154. Brief aan H.C. Gillett.

In verskeie toesprake wat hy gedurende sy besoek aan die gebied gelewer het, het genl. Smuts daarop gewys dat die unifikasie van Suid-Afrika, veral op ekonomiese gebied, Rhodes se groot ideaal was. Ter wille daarvan en vir die toekoms van Suider-Afrika was hy begerig om 'n groter Suid-Afrika van die Kaap tot by Tanganjika te vorm. Die Rhodesiërs moes besluit of hulle deel van 'n groter nasie wil word wat in die toekoms 'n groot rol in die Britse Ryk - die waarborg van vrede - en in die wêreld sal speel. Hierdeur sal hulle 'n sterk verenigde Suid-Afrika - 'n bolwerk vir die beskawing in die suidelike deel van die vasteland - vorm, en aan hulle kinders 'n groot erfenis nalaat. Genl. Smuts het ook beklemtoon dat daar in die Unie geen rassehaat meer is nie en dat daar tussen Boer en Brit volle samewerking is. Hy het ook die twee taalgroepe in Suid-Afrika en Suid-Rhodesië gemaan om te waak teen die valse sentiment waarvan daar in die verlede heelwat was. 'n Derde punt waarop genl. Smuts klem gelê het, was die belangrikheid van die mynweese as die vernameeste bron van die ontwikkeling van 'n land. Hy het dit betreur dat die Unie-regering nie met die maatskappy oor die onteiening van die minerale bates kon ooreenkom nie, maar het belowe dat as die gebied deel van die Unie word, 'n besliste poging om beheer daaroor te verkry, aangewend sou word. Hy het ook gewys op die noodsaaklikheid van kapitaal en lae spoorwegtariewe vir die ontwikkeling van die land.⁷⁸

Met die opening van die landboustrou op Salisbury het hy op die gemeenskaplike belange van die boere in die Unie en Suid-Rhodesië gewys en verklaar dat die Unie-regering geen onderskeid tussen produkte van die twee gebiede maak nie en dat hy Suid-Rhodesië so ver hy kan, ondersteun. Weens die klein bevolking van die Unie en Suid-Rhodesië is die mark baie beperk en is hulle van buitelandse markte afhanklik. Slegs deur die gebied as geheel te organiseer, sal hulle buitelandse markte kan bekom. Die Unie het in die afgelope volksraadsitting ook 'n aantal wette om die boere en primêre produsente te beskerm, aangeneem en hy wil graag hê dat die Rhodesiërs in daardie voorreg moet deel.⁷⁹

Genl. Smuts het verder die Rhodesiërs verseker dat daar in die Unie geen kritiek teen die voorwaardes aan hulle is nie - wel teen die voorwaardes aan die maatskappy. Daarom

78. Die Burger, 7.8.1922, 12.8.1922 en 14-15.8.1922. Verslae van toesprake te Bulawayo, Umtali, Salisbury en Gatooma; en Davies, op. cit., pp. 24-26.

79. Die Burger, 9.8.1922. Verslag van toespraak te Salisbury.

is hy oortuig dat as hulle besluit om hul lot by die Unie in te gooi, die Parlement die werk van die regering sal bekragtig.⁸⁰

Genl. Smuts het ook verskillende afvaardigings ontvang, besware van veral spoorwegwerkers uit die weg geruim en gunstige vooruitsigte beklemtoon. Daarom kon hy op 22 Augustus skryf: „It has been a most interesting and busy time. I have done good work and I think the Referendum will now probably go in favour of entry into the Union.“⁸¹

Met sy terugkeer na die Unie het hy ook 'n paar vergaderings in Transvaal en later in Natal toegespreek en gewys op die bloei en ontwikkeling wat ook vir die Unie wag as Suid-Rhodesië aansluit. Hy het beklemtoon dat die blanke bevolking in Suid-Afrika daaglik groei, dat die plase kleiner word, die skole voller en dat die Suid-Afrikaanse grense uitgebrei moet word om te verseker dat die kinders nie bywoners in hul eie land sal word nie. Nou kan Suid-Rhodesië vir 'n paar miljoen gekoop word, maar spoedig sal die gebied nie meer bekom kan word nie. Hy het aangetoon dat president Kruger Suid-Rhodesië al wou inlyf dog deur die Engelse gedwarsboom is, maar nou het die tyd aangebreek om Suid-Rhodesië én Swaziland by die Unie in te sluit want al die grond wat bekombaar is, moet gevat word. „Ons ken geen pale nie, ons sal uitbrei sover as die Voorsienigheid ons toelaat om dit te doen“ verklaar hy op Louis Trichardt. In Durban het genl. Smuts weer gepraat van uitbreiding tot aan die Belgiese Kongo.⁸²

Die Burger het genl. Smuts se Rhodiese reis as politieke propaganda bestempel en beweer dat dit grootskeepse stemwerwery was. „Die droom van rokende skoorstene van die Limpopo tot aan die Tanganjika is klaarblyklik die werk van 'n brein wat onnatuurlik verhit is deur die sug na mag en die nood vir stemme.“⁸³ Die redakteur het genl. Smuts daarvan beskuldig dat hy aan die Rhodiesers „koeie met goue horings“ belowe het. Hy was van mening dat aan die spoorwegwerkers by monde van sir William Hoy allerhande beloftes gemaak is, en met beloftes van spoorwegtariefvermindering het genl.

80. Die Burger, 7.8.1922. Verslag van toespraak te Bulawayo.

81. Hancock, op. cit., p. 154; en Die Burger, 15.8.1922 en 8.9.1922. Hoofartikels.

82. Die Burger, 28.8.1922. Verslae van toespraak te Louis Trichardt, Pietersburg, Makwassie en Wolmaransstad; Ibid., 29.8.1922. Verslag van toespraak te Ottosdal; en Ibid., 9.9.1922 en 12.9.1922. Verslae van toesprake te Durban en Empangeni.

83. Die Burger, 30.8.1922. Hoofartikel. Sien ook Ibid., 8-9.8.1922 en 15.8.1922. Hoofartikels.

Smuts die boere en handelaars aan sy kant gekry. Genl. Smuts het die Afrikanerhater ook omgekoop deur die versekering dat artikel 137 nie in Rhodesië toegepas hoef te word nie en dat Suid-Afrika se armblikes nie toegelaat sal word om na die gebied te gaan nie. Die redakteur het daarop gewys dat Genl. Smuts beweer het dat die taak van die blanke in Suid-Afrika om die naturel op te hef reeds te groot is, en daarom wil hy meer blanke immigrante invoer. In Suid-Afrika is die verhouding $1\frac{1}{2}$ miljoen blankes tot 5 miljoen naturelle en nou droom hy nog daarvan om 'n gebied in te lyf waar die nie-blankes 23 keer die blankes oortref.⁸⁴ Hy het ook aangetoon dat die Eerste Minister volgens 'n verslaggewer van die Cape Times beloftes vir 'n spoorweg tussen Victoria en Messina gemaak het, terwyl baie dele van die Unie reeds lank op spoorverbindings wag. Hy vra sy lesers of dit nie nou tyd geword het om halt te roep nie: „As Jan Smuts nog baie langer toegelaat word om ons volk te demoraliseer en ons politieke lewe te verpes dan mag ons uiteindelik welsien dat ons grense hul sal uitstrek tot ook die Sahara ingesluit is, maar ekonomies en veral sedelik sal ons volk in die afgrond wees.”⁸⁵

Oor genl. Smuts se optrede in die Rhodesiese aangeleentheid het die Nasionale Party op 'n baie ondubbelsinnige wyse sy stem laat hoor. Die onderskeie provinsiale partyleiers het elkeen sy mening oor die saak gelug. Genl. J.B.M. Hertzog, hoofleier en Vrystaatse leier, het dit duidelik gestel dat die Nasionale Party nie teen die inlywing van Suid-Rhodesië by die Unie gekant is as dit op grondwetlike wyse, d.w.s. ná goedkeuring deur die volk geskied nie. Hy persoonlik meen dat die Rhodesiërs hulle eers vir 10 of 15 jaar lank self moet regeer voordat inlywing oorweeg moet word. Teen daardie tyd sal hulle meer ervare wees en ook die Unie se probleme beter verstaan. Op die oomblik skuil daar moeilikheid in die bestaande voorwaardes. Genl. Hertzog het veral geprotesteer teen die regering se geheime onderhandelinge terwyl die Parlement in sitting was. Die Parlement en die volk is geminag en die regering matig homself die reg aan om die Unie te verkoop sonder om die volk te raadpleeg. Die regering misbruik sy mag en tree soos 'n verligte despoot op - 'n optrede wat eg „Smuts-Sap-Unionis” is. Nóg die Nasionale Party nóg die Arbeidersparty is in die saak geken, maar op 'n „agterbakse wyse is te werk gegaan om hul lewensbestaan te bestendig.” Wat die voorwaardes betref, wys genl. Hertzog daarop dat die vier provinsies in 1910 op 'n uniale grondslag verenig het,

84. Die Burger, 30.8.1922. Hoofartikel.

85. Die Burger, 22.8.1922. Hoofartikel.

maar indien Suid-Rhodesië die voorwaardes wat hom aangebied is aanvaar, sal sy verbintenis met die Unie op 'n federale grondslag wees. Hy was van mening dat die Parlement sal moet toesien dat die uniale grondslag ook in Suid-Rhodesië geld. Volgens hom sou die regte van die vier provinsies aan die handjievul Rhodesiese kiesers opgeoffer word en hy het 'n beroep op die volk gedoen om teen die ongrondwetlike optrede van die Smuts-regering, wat die vernietiging van die vryhede van die volk tot gevolg sal hê, te protesteer en om die regering omver te werp.⁸⁶

Dr. D.F. Malan, Kaaplandse leier, het genl. Smuts ook van politieke motiewe in die saak beskuldig en beswaar teen sy optrede gemaak - 'n staatsgreep wat „nie verbeter kan word deur 'n D'Annunzio of 'n Korfanti nie". Hy glo dat om Suid-Rhodesië in te lyf sonder om die volk te raadpleeg en sonder om die Parlement 'n kans te gee om die voorwaardes te verander, 'n misdadad teenoor die grondwet en die volk sal wees. As die gebied volgens die bestaande voorwaardes ingelyf word, sal dit nie inlywing wees nie, maar aanhegting, aangesien die Rhodesiërs toegelaat sal word om sover hul verkies eenkant te bly. Deur Suid-Rhodesië se beleid van nedersetting sal die Unie se armes uit die land gehou word en sal duisende Britte op die Unie se koste ingevoer word. Ook kan Suid-Rhodesië hom volgens genl. Smuts se beweerde versekering wat tweetaaligheid betref, eenkant hou en die Afrikaner wat nog steeds vyftig woorde in Engels korrek moet kan skryf, sal altyd 'n vreemdeling in die gebied bly. Dr. Malan het daarop gewys dat die finansiële las in die Unie reeds geweldig swaar is en danksy rojale voorwaardes aan die maatskappy sal die Unie, waar die skuld nou £116 per kop van die blanke bevolking is, 'n beginskuld van tussen £580 en £600 per kop van die blanke Rhodesiërs oorneem. Terwyl die Rhodesiërs vir die volgende drie jaar van belasting vrygestel word, word hulle deur 'n parlementêre verteenwoordiging wat 2½ keer groter is as waarop hulle geregtig is, in staat gestel om 'n deurslaggewende rol in die bepaling van die toekoms van die Unie te speel.⁸⁷

Adv. Tielman J. de V. Roos, Transvaalse leier, het gewaarsku dat die Nasionale Party, sodra hy aan bewind kom, die voorwaardes sal wysig en dan sal die Rhodesiërs weer die ge-

86. Die Burger, 19.8.1922 en 11.9.1922. Verslae van toesprake te Johannesburg en Heidelberg (Tvl.); en Ibid., 9.10.1922 en 16.10.1922. Verslae van toesprake te Bloemfontein en Winburg. Sien ook Kongresnotule van die Nasionale Party, C.V.S., 11-12.10.1922, p. 27.

87. Die Burger, 16.8.1922 en 25.8.1922. Verslae van toesprake te Kaapstad en Graafwater.

leentheid gegee word om te besluit om hulle nog in die Unie wil bly of nie.⁸⁸ In Natal het adv. E.G. Jansen daarop gewys dat die grootheid van 'n volk en sy land nie in die uitgestrektheid van sy grondgebied geleë is nie, maar in sy voorspoed. Hy het niks teen die beginsel van inlywing gehad nie, maar net teen die prys en wyse waarop dit gedoen word.⁸⁹

Die afkeer aan die optrede van genl. Smuts is egter nie net aan die proteste van die Nasionale Party se leiers oorgelaat nie. Toe die Federale Raad van die Nasionale Party op 9 Augustus 1922 in Bloemfontein vergader het, is die volgende besluit geneem: „Die Federale Raad van die Nasionale Party van Suid-Afrika protesteer ten sterkste teen die wyse van optree van die Smuts-regering met betrekking tot die inlywing van Suid-Rhodesië in die Unie, sowel as teen die terme van Suid-Rhodesië en die Gecharterde Maatskappy aangebied, en wel onder andere om die volgende redene:-

„1. Die optree van die Regering, deur die Volk en die Parlement verby te gaan in verband met gemelde aanbod is onkonstitusioneel en 'n aanval op Parlementêre Instellings. Daardeur ontstaan die ongerymde posiesie dat terwyl die Rhodesiane vooraf per referendum geraadpleeg word, die Volk van die Unie geïgnoreer word, dewyl die Regering van die Unie willekeurig en ongrondwettelik optree, tasbaar uit 'n Party-politieke oogpunt handel, en feitlik 'n staatsgreep begaan en die Rhodesiane en die Gecharterde Maatskappy op onbehoorlike manier beïnvloed.

„2. Terwyl die Nasionale Party nie 'n politiek van kibbeling en afknibbeling in sulke aangeleenthede vir 'n oomblik voorstaan nie, is die aangebode terme klaarblyklik nie die van 'n Regering wat selfs by benadering die Unie-belange behartig nie; daar is haas nie 'n skyn van betragting van Unie-belange nie.

„3. Die seggenskap wat aan Suid-Rhodesië toegeken word, nl. 10 Volksraadslede en 5 Senatore, is buite alle verhouding tot sy bevolkingsterkte, en 'n growwe onreg teenoor die bestaande Provinsies.

„4. Deur die toekenning van sekere regte en vrystellings (b.v. die bepalinge re landnedersetting en kiesreg), nie gedeel deur die bestaande Provinsies van die Unie nie, word Suid-Rhodesië toegelaat om sy karakter en toekoms na

88. Die Burger, 19.9.1922 en 19.10.1922. Verslae van toesprake te Lichtenburg en Pretoria.

89. Die Burger, 6.10.1922. Verslag van toespraak te Vryheid; en Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal, 1922-1932, p. 5. Verslag van toespraak van adv. Jansen by N.P.-kongres.

eie verkiesing en selfs in 'n gees van afsondering van en stryd met die gevoelens van die res van die Unie te bepaal.

„5. Onder die heersende finansiële druk word deur die aanbod op die belastingbetalers van die bestaande Unie 'n geldlas gelê, wat beslis onregverdig is.

Afgesien van al die ander finansiële bepalinge ten gunste van Suid-Rhodesië, sal, as die aanbod aanvaar word, die aanvangskuld daardeur aan die Unie veroorsaak omtrent neentien miljoen pond wees, met 'n jaarlikse rente en aflossing van sowat een miljoen. Hierdie las sal altans vir vele jare uitsluitlik deur die bestaande Provinsies van die Unie moet gedra word.

„6. Die aanbod beoog klaarblyklik die beskerming en bevordering van die belange van die Grote Geldmag, en insonderheid van die Gecharterde Maatskappy ten koste en tot skade van die landbouer, die kleinbesitter en die werkende klasse.

„7. As die inlywing van Suid-Rhodesië deurgaans onder die gestelde terme, sal daardeur 'n verderflike president daargestel word wat sal dien as basis van inlywing van ander geweste by die Unie.

„Met die oog op bostaande, besluit die Federal Raad om 'n sterk beroep op die Volk te doen om by wyse van resolusie op publieke vergaderinge hul protes aan te teken teen die terme van inlywing en die onkonstitusionele en outokratiese optree van die Regering.“⁹⁰

Hierdie besluit is dan ook onder dekking van 'n omsendbrief van die organiserende sekretaris, C.W. Malan, gedateer 16 Augustus 1922, in opdrag van die Sentrale Komitee van die Nasionale Party van Kaapland aan alle sekretarisse van distriksbesture gestuur met die versoek dat dit aan alle Nasionale Partytakke besorg moet word. In die omsendbrief het C.W. Malan die belangrikheid van die saak beklemtoon en partybesture gevra om handelend op te tree om te verseker dat die agitatie sal slaag. Hulle is ook versoek om besluite in die verband na partykoerante vir publikasie te stuur, en waar moontlik dit ook aan die nuusagentskap Reuter te verskaf. 'n Afskrif van die besluit moet ook aan die Eerste Minister gestuur word. Hy doen verder 'n beroep op die besture om die samewerking van andersdenkendes in die politiek by die hou van die protesvergaderings te verkry. „Die vorregeande outokrasie van die Smuts-regering word so duidelik gesien en ondervind in hul optree in hierdie verband, dat dit 'n beson-

90. Gedrukte omsendbrief van die N.P. van Kaapland, gedateer 16.8.1922 en geteken deur C.W. Malan as organiserende sekretaris. Sien ook Die Burger, 11.8.1922.

dere gunstige geleentheid bied om ons geledere te versterk."⁹¹

Die Burger het die Federale Raad se protes as saaklik en gematigd bestempel: „Dis 'n waardige dokument, opgetrek met geen ander oogmerk hoegenaamd as om die beskerming van die Unie-belange en die regte van die volk te verseker nie."⁹²

Die voorwaardes vir die inlywing van Suid-Rhodesië was dan ook die hooftema van talle Nasionaliste waar hulle vergaderings op uitnodiging of verslagvergaderings moes toespreek.⁹³ Die Burger het gereeld 'n kumulatiewe lys van plekke waar vergaderings gehou is, en waarop besluite teen inlywing van Suid-Rhodesië op genl. Smuts se voorwaardes aangeneem is, gepubliseer. In aparte kolomme is die vergaderings waarop slegs Nasionaliste teenwoordig was en dié waarop Nasionaliste en ondersteuners van die S.A. Party was, aangedui. Die besluite op hierdie vergaderings het gewissel van vereenselwiging met die besluit van die Federale Raad tot protes teen die metodes en voorwaardes vir inlywing en verzet teen inlywing as sodanig.⁹⁴

Talle Nasionale Party-takke het gevolglik ook beskrywingspunte in die verband na die kongresse gestuur en nie minder nie as 77 takke het beskrywingspunte oor die Rhodesiese kwessie by die kongres van die Transvaalse Nasionale Party ingedien. Die Transvaalse kongres het dan ook die outokratiese optrede van genl. Smuts en die voorwaardes aan Suid-Rhodesië afgekeur en 'n algemene verkiesing, voordat die aansluiting finaal goedgekeur word, geëis. „Cok bind die Nasionale Party homself nie aan die voorwaardes as die nie in alle opsigte en onmiskienbaar aan die volk bekend gestel is nie of as dit onuitvoerbaar blyk."⁹⁵ Die Nasionale Partykongres van die Vrystaat het 'n soortgelyke besluit aangeneem en ook op 'n algemene verkiesing of referendum „spesiaal oor die saak" aangedring.⁹⁶ In die Kaapprovinsie het die kongres ook 'n protes teen die optrede van die Smuts-regering aangeneem.⁹⁷

91. Ibid.

92. Die Burger, 12.8.1922. Hoofartikel.

93. Die Burger, 3.8.1922-2.11.1922. Verslae van vergaderings dwaroor die land.

94. Die eerste lys is op 19.9.1922 en die laaste op 23.10.1922 in Die Burger gepubliseer. Hiervolgens het meer as 60 vergaderings waar net Nasionaliste teenwoordig was, en meer as 80 vergaderings waar ondersteuners van meer as een party verteenwoordig was, protes aangeteken.

95. Die Burger, 19.10.1922. Kongresbesluit.

96. Kongresnotule van die Nasionale Party, O.V.S., 11-12.10.1922, p. 26.

97. Die Burger, 3.11.1922. Kongresbesluit.

Die Natalse kongres het die Federale Raadsbesluit gesteun en besluit dat indien die Rhodesiërs vir inlywing stem, 'n referendum in die Unie gehou moet word ten einde die mening van die volk oor die voorwaardes te toets.⁹⁸

Uit die Arbeidersparty se geledere was dit kol. Creswell wat in 'n artikel in The Guardian, orgaan van die Arbeidersparty, die party se standpunt gestel het. Hy het die uiteindelijke inlywing van Suid-Rhodesië as 'n voldonge feit aanvaar, maar ten sterkste teen die regering se optrede in die saak beswaar gemaak. Hy was oortuig dat genl. Smuts met opset die bekendmaking van die voorwaardes aan die maatskappy weerhou het totdat die Parlement verdaag het en toe van 'n nasionale saak 'n partysaak gemaak het - 'n gewoonte van die regering in baie aangeleenthede sedert die oorlog. In plaas van om die opposisieleiers in die saak te ken en die voorwaardes vir inlywing aan die Parlement voor te lê, het die regering baie outokraties opgetree. Kol. Creswell meen dat genl. Smuts se minagting van die Parlement die mees afkeurenswaardige kenmerk van sy staatsmansbeleid is. Hy het die regering gewaarsku dat sy dae getel is en dat sy vlagswaaiery en die sesessiespook hom nie langer aan bewind gaan hou nie. Hy doen dan 'n beroep op die volk van die Unie om saam te span en by die volgende verkiesing 'n Parlement daar te stel wat die volk verteenwoordig en wat nie sal toelaat dat die regering hom met minagting behandel nie.⁹⁹ Die Arbeiderlid vir Soutrivier, W.J. Snow, het op sy beurt die Rhodesiërs gewaarsku dat hulle hul gaan vasloop in die kloue van die kapitalisme in die Unie.¹⁰⁰

Adv. M. Alexander, onafhanklike lid vir Kaapstad-Kasteel, het op uitnodiging vergaderings in Kaapstad, Malmesbury en Worcester toegesprek en sy siening oor die Rhodesiese inlywing uiteengesit. Ook hy het die uiteindelijke inlywing aanvaar, maar die regering se minagting van die Parlement, sy buitensporige voorwaardes aan die maatskappy en aan Suid-Rhodesië betreur. Daarom het hy 'n buitengewone Parlementsitting, al is dit ter elfder ure, bepleit.¹⁰¹

Hoewel die voormanne van die S.A. Party genl. Smuts se optrede in die saak volmondig gesteun en geregverdig

98. Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal, 1922-1932, p. 9. Kongresbesluit op 18.10.1922 te Utrecht.

99. Die Burger, 7.8.1922. Verstrek die mening van kol. Creswell in 'n artikel oorgeneem uit The Guardian.

100. Ibid.

101. Die Burger, 1.9.1922, 7.10.1922 en 30.10.1922. Verslae van toesprake te Kaapstad, Malmesbury en Worcester.

het,¹⁰² was daar tog regeringsondersteuners wat twyfel oor die saak gehad het. In Natal was daar van die veeboere wat baie vyandig teen inlywing was, want hulle was bang dat die Rhodesiërs met hul goedkoop grond en naturelle arbeid die markte sou oorstroom.¹⁰³ W. MacIntosh, S.A. Party-lid vir Port Elizabeth-Suidwes, het dit in die openbaar betreur dat die Parlement nie oor die voorwaardes geraadpleeg is nie.¹⁰⁴ Manfred Nathan, 'n regeringsondersteuner en voormalige lid van die Provinsiale Raad vir Johannesburg, het dit veral teen die voorwaardes aan die maatskappy, sonder raadpleging van die volk, gehad.¹⁰⁵

Intussen was die referendumstryd in Suid-Rhodesië tussen die Rhodesia Union Association, met H.T. Longden as voorsitter, en die Responsible Government Association, met sir Charles Coghlan aan die spits, in volle gang. In 'n brief aan sy suster skryf sir Charles dat hy in die grootste geveg van sy lewe gewikkel was, 'n stryd vir die lewe en vryheid van sy land. Hierdie stryd was volgens hom teen 'n geweldige oormag, naamlik die plaaslike, Suid-Afrikaanse en Britse pers, onbeperkte geld vir propaganda, die onsimpatieke houding van die Britse Koloniale kantoor, die magnetiese persoonlikheid van genl. Smuts en 'n georganiseerde leuenveldtog, toegespits op mense wat onkundig omtrent die finansiële toestand van die Unie en die verhouding tussen sy Engels- en Afrikaanssprekende inwoners is.¹⁰⁶

Genl. Smuts het by monde van sir William Hoy, hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, sekere addisionele voorwaardes aan die spoorwegwerkers belowe en in die Rhodesiese Gazette is ook gunstige voorwaardes aan die polisiemag aangebied.¹⁰⁷ Hierteen het sir Charles Coghlan ten sterkste beswaar gemaak omdat hy dit as 'n propagandaset beskou het.¹⁰⁸ Die Burger se kommentaar hierop was dat genl. Smuts se propagandareis na Suid-Rhodesië op sigself 'n „laakbare verbreking van etikette" was, maar die feit dat hy so ver

102. Die Burger, 27.9.1922-4.11.1922. Verslae van vergaderings van minister J.W. Jagger, minister H. Mentz, minister F.S. Malan, sir Abe Bailey en sir Thomas Smartt. Sien ook Ibid., 24.10.1922. Hoofartikel.

103. Reitz, D., No Outspan, p. 60.

104. Die Burger, 25.8.1922. Hoofartikel; en Ibid., 7.10.1922. Verslag van toespraak van adv. H. Alexander te Malmesbury.

105. Die Burger, 7.8.1922. Verstrek die mening van Creswell in artikel oorgeneem uit The Guardian.

106. Davies, op. cit., p. 34. Vir die referendumstryd. Sien Ibid., pp. 31-35.

107. Ibid., p. 50; en Die Burger, 4.10.1922. Hoofartikel.

108. Die Burger, 3.10.1922.

kan gaan om amptelike Rhodesiese verteenwoordigers verby te gaan en direk met die bepaalde groepe kiesers te onderhandel, is die „toppunt van politieke onbetaamlikheid“. Genl. Smuts doen dit alles nie net ter wille van die verwesenliking van sy ideale nie, maar vir sy eie politieke voortbestaan. Die redakteur erken dat geen party sou weier om internasionale verpligtinge, al is dit deur 'n vorige regering aangegaan, na te kom nie, maar waarsku dat die party geensins aan enige latere beloftes, buiten die amptelike voorwaardes, gebonde sal wees nie.¹⁰⁹

Genl. Smuts was vasberade om alles in sy vermoë te doen om die uitslag ten gunste van inlywing te verseker. Minder as 'n week voor die referendum het hy 'n vergadering in Johannesburg toegesprek wat duidelik vir die Rhodesiese kiesers bedoel was. Twee dae vóór die referendum het genl. Smuts 'n boodskap met ongeveer dieselfde inhoud as die toespraak aan Suid-Rhodesië gestuur. Hy het die kiesers die versekering gegee dat al die voorwaardes tesame met die verduidelikinge en uiteensettinge wat amptelik daarvoor gemaak is, in letter en gees gehandhaaf sal word en dat die Unieparlement dit sal goedkeur. Ook sal die bevolking van die Unie toetrede verwelkom. Hy is oortuig dat dit vir Suid-Rhodesië soos vir die ander vier provinsies, 'n seën sal wees aangesien dit vinnige groei, vrugbaarheid en 'n edel lotsbestemming sal meebring. Die Unie sal dan vir die Afrikaanse vasteland word wat die Verenigde State vir die Amerikaanse vasteland is. Hy het die Rhodesiërs verseker dat hulle hul individualiteit sal behou en in die Unie ten volle sal ontwikkel. Genl. Smuts het vir Suid-Rhodesië 'n donker toekoms in vooruitsig gestel as hy selfbestuur onder die teenswoordige konstitusie, soos deur die Britse regering aangebied, sou aanvaar. Daaronder sal die magtige maatskappy in besit van al die bates soos grond, mineraleregte, spoorweë en natuurlike bly, terwyl die Rhodesiërs die land daarsonder sal moet bestuur. Daarom voorsien hy dat dit tot 'n onvermydelike botsing tussen die maatskappy en die Rhodesiese regering sal lei. Boonop sal Suid-Rhodesië in hierdie ongelyke stryd alleen staan, selfs sonder die stiefmoederlike Koloniale Kantoor om in tye van moeilikheid op te steun. Genl. Smuts verklaar dat die konstitusie vir 'n verantwoordelike regering baie onbillik teenoor die Rhodesiërs is, en dat die land 'n beter begin verdien. Die Imperiale regering is bewus daarvan en daarom begerig dat Suid-Rhodesië by die Unie moet

109. Die Burger, 4.10.1922 en 6.10.1922. Hoofartikels.

aansluit ten einde 'n werklike imperiale diens te bewys. Ten slotte doen genl. Smuts 'n beroep op die Rhodesiërs om hulle nie deur bloot plaaslike oorweginge te laat beïnvloed nie maar die breëre aspek van hul posisie en handelswyse in gedagte te hou.¹¹⁰

Ten spyte van al genl. Smuts se pogings het die Rhodesiese kiesers op 27 Oktober 1922 met 8,774 stemme teenoor 5,989, 'n meerderheid dus van 2,785, ten gunste van verantwoordelike bestuur beslis.¹¹¹

Kort ná die uitslag het sir Francis Newton Johannesburg besoek en aan sir Charles Coghlan soos volg geskryf: „The High Finance people are very sick. (Cresswell tells me they are furious). I mean men like Dalrymple, Jeppe, Christopher-son, Wools Sampson, what I call the 'jackals' of Finance. Ross Frames very good humoured over it, and I have seen something of him : but the ordinary person not closely identified with Gold or Smuts are (sic) really pleased - especially those from Natal, like O'Brien and Pepsworth..... Cresswell is of course delighted, but he is concentrated anti-Smuts.”¹¹²

Die regeringsondersteunende Engelse koerante het die besluit betreur maar dit as 'n tydelike verdragings beskou, aangesien hulle die toekomstige inlywing van Rhodesië as 'n vol-donge feit aanvaar het. Volgens hulle was die ligkant van die saak dat die Rhodesiërs deur verantwoordelike regering waardevolle ondervindig en voorbereiding vir uiteindelijke aansluiting by die Unie sal opdoen. Daar is egter gevrees dat Suid-Rhodesië ekonomies nie op eie bene sal kan staan nie.¹¹³ De Volkstem was nie so seker van uiteindelijke inlywing nie. Die redakteur meen dat in sy stryd om onafhanklikheid daar veral op ekonomiese gebied 'n verwydering tussen die twee lande sal ontstaan en dat die begeerte na 'n paar jaar by albei die bevolkingsgroepe sal verdwyn.¹¹⁴ The Pretoria News was van mening dat baie mense oor die uitslag verlig is, aangesien die swaar ekonomiese las en verantwoordelikheid nou van die Unie weggeneem is.¹¹⁵

110. Die Burger, 25.10.1922; en Davies, op. cit., pp. 27-28.

111. Die Burger, 7.11.1922; en Davies, op. cit., p. 35.

112. Davies, op. cit., p. 62.

113. Ibid., pp. 63-64. Verstrek die menings van die Cape Times, Diamond Fields Advertiser, Cape Argus en Daily Dispatch.

114. Ibid., pp. 64-65. Verstrek die mening van De Volkstem.

115. Ibid., p. 64. Verstrek die mening van The Pretoria News; en Die Burger, 8.11.1922. Verstrek die mening van De Volkstem en The Pretoria News.

The Friend het die uitslag van 'n politieke oogpunt be-
treur omdat dit genl. Smuts se oorwinning by die volgende
verkiesing onseker maak. Dit was 'n morele nederlaag vir
genl. Smuts en 'n ernstige slag vir die prestige van die re-
gering. Volgens die redakteur is die rede vir die uitslag
dat die regering nagelaat het om die Parlement en die volk
in die Unie te raadpleeg en die Rhodesiërs het gevolglik
soortgelyke optrede teenoor hulle gevrees. Hy meen verder
dat uit nasionale oogpunt beskou en met die oog op die same-
smelting van die Afrikaans- en Engelssprekendes in die Unie
die beslissing nie onwelkom is nie. Omdat die Rhodesiërs
nog nie ryp vir aansluiting is nie, sou hulle ongetwyfeld
vraagstukke en moeilikhede wat die volk van die Unie reeds
opgelos en ter ruste gelê het, laat herleef. Die moeilik-
hede en verantwoordelikhede van selfbestuur sal die Rhode-
siërs baie goed doen en voorberei vir uiteindelijke inly-
wing.¹¹⁶

Volgens Die Burger het die uitslag van die volkstemming
bewys dat genl. Smuts nie die mag het wat aan hom toegeskryf
word nie. Die Rhodesiërs het ten spyte van die gunstige
voorwaardes, genl. Smuts se persoonlike besoek, sy beloftes
en dringende beroep op die vooraand van die stemming en die
mag van die pers, teen aansluiting gestem. Hulle is dus oortuig
dat selfbestuur vir hulle nog gunstiger sal wees, want
volgens genl. Smuts se voorwaardes sou die maatskappy teen
spesiale belasting beskerm wees, maar nie onder 'n verant-
woordelike bestuur nie. Daarom moet genl. Smuts die uitslag
ook wyt aan sy besorgdheid om die kapitalistiese belange te
beskerm en te bevorder. Die redakteur was oortuig dat die
proteste vanuit die Unie groot invloed op die stemming uitge-
oefen het. „Hierdie uitkoms is vir 'n aansienlike deel te
danke aan die Nasionale Party en die simpatie wat die party
met die Afrikaner in Rhodesië getoon het.“¹¹⁷

Ons Vaderland was van mening dat die uitslag 'n groot
politieke neerlaag vir genl. Smuts was en dat as hy nog self-
respek besit, hy soos Lloyd George ná 'n neerlaag van die
Britse regering by die stembus, behoort te bedank.¹¹⁸

Hoewel genl. Smuts in 'n toespraak op 8 November in Jo-
hannesburg verklaar het dat hy verwag het dat die uitslag
teen inlywing sou wees, het hy geweier om die aangeleentheid
as afgehandel te aanvaar. Aan Bonar Law het hy geskryf dat

116. The Friend, 7.11.1922. Hoofartikel.

117. Die Burger, 7.11.1922. Hoofartikel.

118. Die Burger, 8.11.1922. Verstrek die mening van Ons
Vaderland. Sien ook Davies, op. cit., p. 65.

Suid-Rhodesië binne 'n paar jaar tog verplig sou word om by die Unie aan te sluit. „But I must add that it would not be a good policy to extend any financial favours to Rhodesia, as she ought to seek relief for her financial troubles in the Union. Indeed, finance would be one of the principal causes to bring her into the Union, and the British government should not in any way lessen the force of the cause. For the entry of Rhodesia into the Union is not only in her own interest and that of the Union but also in the interest of the British Empire. Rhodesia as a separate state struggling vainly with her impossible task is certain to become an embarrassment to the British government in the end.“¹¹⁹

In die parlementêre wantrouedeбат van Januarie 1923 het die opposisie vir die eerste keer die geleentheid gehad om genl. Smuts tot verantwoording te roep. Genl. Hertzog was die eerste spreker en het daarop gewys dat die regering die Parlement geminag het en dat genl. Smuts die eersgeboortereg van die Unie vir 'n bord lensiesop - tien stemme - wou ver-ruil. Die rol wat genl. Smuts in die Rhodesiese aangeleentheid gespeel het, was vernederend daar hy met die buitelandse aangeleenthede van 'n naburige staat ingemeng het. Om alles te kroon het die Eerste Minister, toe hy sien dat sy invloed nie die gewenste uitwerking het nie, 'n boodskap aan die Rhodesiërs gestuur met die strekking: Julle is bedrieg deur die Britse regering en die Chartered Company en as julle nie by die Unie aansluit nie, is julle verlore. Almal het daarvoor gelag. Genl. Hertzog het gowaarsku dat geen regering met sulke streke die vertroue van die volk wen nie.¹²⁰

Hierna was kol. Creswell op die been. Hy het dit hoofsaaklik daarteen gehad dat genl. Smuts die dag voor die verdagting van die Parlement verklaar het dat hy die Raad niks oor die onderhandelinge kan vertel nie en die volgende dag is die voorwaardes in Londen bekend gemaak. Dit is 'n wonderlike toevalligheid en 'n skandvlek op die regering se naam. Op kol. Creswell se aandrang is die dokumente en korrespondensie met die Ryksregering, die maatskappy en die Rhodesiese verteenwoordigers met betrekking tot die voorwaardes ter tafel gelê.¹²¹

119. Hancock, op. cit., p. 154. Brief van Smuts aan Bonar Law; en Die Burger, 10.11.1922. Verslag van toespraak te Johannesburg.

120. Die Burger, 24.1.1923. Verslag van Volksraadsdebat; en Debates of the House of Assembly..., vol. 8, p. 5, p. 7 en p. 10.

121. Ibid.

In sy antwoord het genl. Smuts daarop gewys dat hy deur die Imperiale regering gevra is om die Rhodesiërs te ontmoet en gevolglik was daar 'n byeenkoms van die twee regerings. Sy doel was om die posisie van die blanke ras in Suid-Afrika te versterk, maar nou word hy van stemvangery beskuldig. Hy was egter van die begin af oortuig dat Suid-Rhodesië nie sou aansluit nie en die uitslag het sy vermoede bevestig. Genl. Smuts wys verder daarop dat as die Unie-parlement die voorwaardes vir een of twee maande lank bespreek het en die Rhodesiërs het dit nogtans verwerp, die Volksraad aansien sou verloor het. Daarom is hy oortuig dat hy sy optrede die waardigheid van die Parlement gered het (gelag van die opposisie). Die saak sou tog vir finale beslissing aan die Parlement voorgelê word.¹²²

Sprekers soos adv. Tielman Roos, adv. M. Alexander, T. Boydell en adv. C.G. Fichardt het genl. Smuts se antwoord en optrede baie sterk afgekeur en dr. D.F. Malan het dit be-treur dat die Eerste Minister bereid was om sy waardigheid prys te gee ter wille van die Ryk net omdat Churchill hom gevra het om voorwaardes vir Suid-Rhodesië aan te bied.¹²³

Die Burger was van mening dat genl. Smuts in sy verklaring oor sy optrede homself „as die grootste politieke gek wat ons het“ veroordeel het. As hy dan geweet het dat Suid-Rhodesië nie sou aansluit nie, waarom het hy nie aan die Imperiale regering onderhandelinge geweier en so verhoed het dat hy van homself 'n „politieke nar“ maak nie?¹²⁴

* * *

Sterk argumente kon ten gunste van die inlywing van Suid-Rhodesië by die Unie aangevoer word. Daar was noue ekonomiese en kulturele bande tussen die twee gebiede. Hulle het albei aan dieselfde tolunie behoort en Suid-Rhodesië was grootliks vir sy handel van die Unie afhanklik. Suid-Afrikaanse spoorwegamptenare het die treine tot by Bulawayo be-man. Die Romeins-Hollandse regstelsel was in albei state van toepassing en Rhodesiese appèlle is in Bloemfontein ver-hoor. Rhodesië is vanuit die suide gekoloniseer en baie van die setlaars daar het familie in die Unie gehad. Dit is dus duidelik waarom aanvaar is dat Suid-Rhodesië se „tradisio-

122. Die Burger, 25-27.1.1923. Verslae van Volksraads-debatte.

123. Ibid.

124. Die Burger, 26.1.1923. Hoofartikel.

nele bestemming" aansluiting by Suid-Afrika was.¹²⁵

Ten spyte hiervan was daar in die Unie sterk verset teen aansluiting en het die Rhodesiërs teen inlywing besluit. Die redes hiervoor is nie ver te seek nie. In die Unie is dit telkens beklemtoon dat daar geen verset teen die inlywing van Suid-Rhodesië is nie, maar genl. Smuts se hantering van die saak het aanstoot gegee. Eerstens is die opposisie, die Nasionale Party en die Arbeidersparty, nie in die onderhandelinge geken nie. Die Parlement is ook in die duister gehou en sonder goedkeuring van die volksverteenwoordigers, is voorwaardes aan die maatskappy en Suid-Rhodesië aangebied wat swaar finansiële laste vir die Unie se belastingbetaler sou meebring. In die voorwaardes aan Suid-Rhodesië het veral die Afrikaanssprekendes 'n gevaar en bedreiging gesien. Eerstens was die voorgestelde verteenwoordiging in die Volksraad en Senaat buite verhouding met dié van die ander provinsies en daardeur kon die Rhodesiërs te veel seggenskap in sake van die Unie verkry waarvan hul geen kennis gedra het nie, veral omdat hulle hul nog nooit self regeer het nie. 'n Ander rede was die taalvraagstuk. Hoewel Suid-Rhodesië die bepalinge van artikel 137 moes aanvaar, het gerugte die rondte gedoen dat genl. Smuts die Rhodesiërs verseker het dat slegs amptelike kennisgewings in albei tale moet wees en dat Suid-Rhodesië as provinsie oor sy eie taalmedium kon besluit.¹²⁶ Ook het sir William Hoy volgens die Bulawayo Chronicle die Rhodesiese spoorwegwerkers verseker dat geen amptenaar die tweede taal hoef te leer nie en dat hulle sonder tweetaligheid dieselfde reg op bevordering sal hê.¹²⁷ Hierdie gerugte moes ongetwyfeld daartoe gelei het dat die Afrikaner in Suid-Afrika, wat so lank vir die erkenning van sy taal moes stry, die Rhodesiërs gewantrou het, veral in die lig van die wete dat Suid-Rhodesië in die verlede volstrek geweier het om enige erkenning hoegenaam aan die Hollandse taal te gee.¹²⁸ 'n Verklaring van sir Bouchier Wrey, 'n inlywingsvoorstander in Suid-Rhodesië, dat 'n opname getoon het dat ten spyte van artikel 137, genl. Smuts se twee sekretarisse Engelssprekend is, dat daar vyf Engels- en vyf Hollandssprekende ministers in die kabinet is (met Suid-Rhodesië se een sou dit ses Engelssprekendes wees), dat 26 uit 35 departementshoofde, 50 uit 62 senior klerke en die groot-

125. The Round Table, vol. 45, p. 208; en Crafford, op. cit., p. 245.

126. Die Burger, 7.4.1922. Hoofartikel.

127. Die Burger, 22.9.1922. Hoofartikel.

128. Sien Davies, op. cit., pp. 40-41.

ste persentasie van die 80,000 staatsamptenare Engelssprekend is, het hierdie vrees dat artikel 137 slegs in teorie sal bestaan, versterk.¹²⁹ Ook is die Rhodesiese kieswet behou waarvolgens die Afrikaner se stemreg van sy kennis van Engels afhanklik was, en die Bulawayo Chronicle was van mening dat Suid-Rhodesië net so Brits binne die Unie sou bly as wat hy ooit daarbuite kon wees.¹³⁰ Die Burger het dan ook 'n beroep op die Afrikaners in Suid-Rhodesië gedoen om ter wille van die Afrikaners in die Unie en hulself, teen inlywing te stem om so te verseker dat die stryd van die volksgroep in die suide nie moeiliker word nie.¹³¹

Ander faktore was die nedersettingsraad-bepaling waardeur Suid-Rhodesië beheer oor sy nedersetting sou verkry. Uit die Unie se skatkis sou Engelse immigrante na Suid-Rhodesië gebring word en die armlankes van die Unie sou uitgehou word.¹³² Die gedurige beklemtoning deur veral buitenlandse en Rhodesiese koerante dat die inlywing moes dien as waarborg teen die republikeinse ideaal, afskeiding van die Britse Ryk en beskerming van die Ryksbelange, het onteenseglik 'n groot rol gespeel om die Afrikaner met sy sterk drang na onafhanklikheid van Rhodesiese inlywing afkerig te maak.¹³³

Die redes waarom Suid-Rhodesië aansluiting verwerp het, word deur die skrywer M.A.G. Davies soos volg uiteengesit: Vrees vir Afrikaner-nasionalisme met sy anti-Britse en republikeinse neigings; nasionale en Rykstrots; vrees vir tweetaligheid; vrees vir die instroming van armlankes uit die Unie en vrees vir Smuts se diktatorskap, veral ná sy optrede teen georganiseerde arbeid in die Randse staking. Verder was daar ook die griewe van die spoorwegwerkers, en staatsamptenare - omtrent 15% van die stemtotaal - teen die voorwaardes. Die feit dat byna 90% van die Rhodesiese kiesers gestem het, toon in welke ernstige lig hulle die saak beskou

129. Die Burger, 15.9.1922. Verslag van toespraak te Eiffel Flats.

130. Die Burger, 2.8.1922: Verstrek die mening van die Bulawayo Chronicle.

131. Die Burger, 10.10.1922. Hoofartikel.

132; Sien Davies, op. cit., p. 27 vir Smuts se toespraak te Springfontein; en Die Burger, 15.9.1922. Verslag van sir Bouchier Wrey te Eiffel Flats i.s. die versekering van sir Thomas Smartt oor die saak.

133. Die Burger, 26.1.1922, 4.8.1922, 9.8.1922, 23.9.1922, 5.10.1922 en 6.10.1922. Verstrek die mening van die Morning Post, Daily Chronicle, The Times, Saturday Review, almal Britse koerante, die Bulawayo Herald, Rhodesia Herald, R.D. Gooch in die Bulawayo Chronicle, en die Bulawayo Chronicle.

het.¹³⁴

Die uitslag van die Rhodesiese referendum was vir genl. Smuts beslis 'n gevoelige terugslag¹³⁵ en die Nasionale opposisie se rol daarin moet nie geringskat word nie. Die feit dat genl. Smuts sedert die verkiesing reeds drie setels aan die Arbeiders moes afstaan,¹³⁶ het getoon dat hy nie so sterk gestaan het as wat hy of die Rhodesiese voorstanders van Unie graag sou wou glo nie. Die groei van die Nasionale Party was vir die Rhodesiërs duidelik waerneembaar en die moontlikheid van 'n Nasionale oorwinning in die nabye toekoms was nie uitgesluit nie. Die sterk reaksie wat genl. Smuts se voorwaardes onder Nasionaliste in die Unie uitgelok het, het die Rhodesiërs duidelik op hoogte met die mening van die Nasionale Party oor sake soos taalgelykheid en Britse oorheersing gestel. Die ideale van die Britse Rhodesiërs en 'n Afrikaanse Nasionale regering was vir hulle nie versoenbaar nie.

134. Davies, op. cit., pp. 36-56. Volgens die kieserslyste was daar 18,810 kiesers in Suid-Rhodesië maar die Bulawayo Chronicle van 8.11.1922 stel dit op 16,500 nadat die dooies, emigrante en die wat na ander kiesafdelings verhuis het, afgetrek is.

135. Kruger, D.W., The making of a nation, p. 131; en Hancock, op. cit., p. 155.

136. Die Burger, 27.9.1922. Sien ook hoofstuk 7 van hierdie verhandeling.

H O O F S T U K I VDIE VRAAGSTUK VAN BLANKE EN NIE-BLANKE
VERHOUDINGE

Die rassevraagstuk wat later Suid-Afrika se grootste enkele probleem geword het, het nie veel aandag gedurende die eerste vyftien jaar ná die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika geniet nie. Met die opstel van die Uniegrondwet is daar geen eenvormige naturellebeleid vir al die provinsies neergelê nie weens die uiteenlopende menings wat die opstellers oor stemreg vir naturelle nagehou het. Gevolglik het die stemreg vir nie-blankes in die Kaapprovinsie en Natal behoue gebly. In Kaapland is dit boonop verskans sodat dit slegs met 'n tweederde-meerderheid van albei huise van die Parlement gewysig kon word. In Transvaal en die Vrystaat het nie-blankes geen stemreg gehad nie.¹

Hoe uiters belangrik die bepaling van 'n duidelike verhoudingsbeleid tussen blank en nie-blank vir die voortbestaan van die blanke beskawing in Suid-Afrika was, blyk uit die getalsterkte van die verskillende rassegroepe:²

	<u>Blankes</u>	<u>Naturelle</u>	<u>Asiate</u>	<u>Kleurl.</u>	<u>Totaal</u>
1911	1,276,242 21.37%	4,019,006 67.28%	152,309 2.56%	525,837 8.79%	5,973,394
1921	1,519,488 21.93%	4,697,813 67.80%	165,731 2.39%	545,548 7.88%	6,928,580

Die bevolking van Suid-Afrika ná 1910 kan in drie hoofgroepe verdeel word. Daar was die „Afrikanergroep, verdeeld ten spyte van 'n toenemende nasionale gevoel, en inherent deurdrenk met die tradisie van rassedifferensiasie“.³ Dan was daar 'n „Brits-georiënteerde groep, dikwels sterk liberaalgesind jeens die Nie-Blankes en in volslae beheer van die land se ekonomie“.⁴ Derdens was daar „'n getalsterker maar staatkundig ondergeskikte Bantogroep, hoofsaaklik besig om ekonomies met die Blankes geïntegreer te raak“.⁵

1. Thompson, L.M., The unification of South Africa 1902-1910, p. 109 et seq; Kruger, D.W., The making of a nation, pp. 34-36.

2. Official Year Book of the Union of South Africa, no. 7, p. 114, p. 115 en p. 853.

3. Rhodie, M.J. en Venter, H.J., Die apartheidsgedagte, p. 120.

4. Ibid.

5. Ibid.

1. DIE NATURELLE
Beleidsverklarings

Die verskillende politieke partye het elkeen sy eie siening oor die hantering van die naturellevraagstuk gehad. Dié van die S.A. Party en die Unioniste-party was vaag. Die Arbeidersparty daarenteen het 'n baie duidelik omlynde beleid gehad. Dit was die eerste politieke party in Suid-Afrika wat segregasie of gebiedskeiding in sy verkiesingsprogram voorgestaan het.⁶ Die party het die skeiding tussen blanke en nie-blanke rasse d.m.v. die volgende maatreëls bepleit: „(a) Separate representation for Kaffirs in native areas in separate Advisory Councils, and no further extension of the Parliamentary franchise to them. (b) Prohibition of squatting and 'Kaffir farming' and of native ownership of land in areas occupied by whites, and provision of suitable native reserves. (c) Prohibition of intermarriage and cohabitation between natives and whites within the Union. (d) Proper educational facilities and agricultural training for natives in reserves. (e) The application of reasonable sums out of the proceeds of native taxation to the establishment of suitable industries, such as cotton or sugar planting in native reserves, so as to provide for any native who, in pursuance of the white labour policy, may be displaced from areas occupied by whites. (f) The application of any eventual profits accruing towards the reduction of native taxation.”⁷

Genl. J.B.M. Hertzog, leier van die te stigte Nasionale Party, het reeds van die begin van sy politieke loopbaan 'n duidelike mening oor die oplossing van die naturellevraagstuk gehuldig, naamlik dié van territoriale segregasie. As Minister van Naturellesake in die kabinet van genl. Louis Botha het hy in 1911 'n wetsontwerp opgestel waarin die segregasiebeginsel as kerngedagte vervat was. Die wet het voorsiening gemaak vir die toekenning van byna elf miljoen morg grond uitsluitlik aan naturelle. As gevolg van sy uitsetting uit die kabinet in 1912 is hierdie wet in 'n gewysigde vorm eers in 1913 onder minister J.W. Sauer as die Wet op Naturellen Grond no. 27 van 1913 op die wetboek geplaas. Die hoofdoel van die wet was om willekeurige grondaankope, „kafferboerdery” en plakkery te beëindig. Naturelle sou

6. Grobler, F.J., Die invloed van geskoolde blanke arbeid op die Suid-Afrikaanse politiek van 1886-1924, D.Litt.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1968, p. 497.

7. Ibid., pp. 514-515.

voortaan net in spesiale afgebakende gebiede grond kon koop. Genl. Hertzog kan dus met reg die vader genoem word van die eerste Suid-Afrikaanse maatreël waarin die beginsel van territoriale segregasie statutêr omskryf is.⁸

Genl. Hertzog het herhaaldelik in hierdie jare sy mening oor die saek gelug en toe die Nasionale Party in 1914 gestig is, is die beginsel van segregasie in sy program van beginsels opgeneem. Artikel 10 E lui soos volg: „Deur by ons optrede teenoor die natuurlike as grondreel te stel die oorheersing van die europese ras in 'n gees van kristelike voogdskap, met strenge wraking van elke poging tot menging van die rasse. Voorts word ten doel gestel om aan die natuurlike die kans te verskaf om homself te ontwikkel ooreenkomstig sy natuurlike aanleg en vatbaarheid.“⁹ Die onderontwikkelde natuurlike moes die geleentheid gegee word om teen sy eie tempo te ontwikkel en in sy eie opvoedingsinrigtings d.m.v. sy eie taal onderrig te word.¹⁰

Hoewel genl. Hertzog en die Nasionale Party nie voor 1925 in die posisie was om enigiets daadwerkliks in dié rigting te doen nie, is die segregasie-gedagte voortdurend as beleid verkondig en verdedig. „The policy of segregation as expounded by those who have really studied it,“ aldus Edgar Brookes, „is the policy of partial, gradual and natural segregation, and it is segregation of this type which General Hertzog, for example, has been preaching for so many years - for long 'a voice crying in the wilderness', but able at last to initiate the long process of which the next generation will reap the benefit; to inaugurate the policy which it is to be hoped will be associated by future historians with his name.“¹¹

Die beleid van segregasie is deur die oorwig van die

8. C.R. Swart-versameling. Brief ged. 23.3.1924 van genl. Hertzog aan prof. Edgar Brookes; Van As, B.S., „Hertzog, James Barry Munnik (Natuurlikebeleid)“ in De Kock, W.J. (red.), Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, p. 392; Van den Heever, C.M., Generaal J.B.M. Hertzog, p. 335 en p. 539; Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog, pp. 197-198; U.G.61-1955, Samevatting van die verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, (Tomlinson-verslag), p. 44; en Rhoadie en Venter, op. cit., p. 122 en pp. 126-127.
9. Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat. Beginsels, Konstitusie, statute, (1926), pp. 10-11.
10. Coetzee, D.J.J., Die geskiedenis van die Nasionale Party 1914-1921, M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1967, p. 172.
11. Brookes, E.H., History of Native policy in South Africa from 1830 to the present day, p. 347.

blanke bevolking in Suid-Afrika aanvaar met die teenstanders daarvan verreweg in die minderheid.¹² Daar was egter meningsverskille oor hoe en wanneer hierdie beleid uitgevoer moes word.

Genl. Hertzog het die erns van die saak beseef en verklaar: „Die naturellekwessie is 'n lewenskwestie vir Suid-Afrika. Die Naturel erken dit asook die Nasionale Party en ons gaan die kwessie 'n oplossing gee wat ons bestaan sal bestendig.“¹³ Die twee beginsels waarop hy sy beleid gebou het was: „De te volgen politiek moet de voortbestaan van de blanke waarborgs en de rechten van de naturel moeten geëerbiedigd worden. Ten tweede moet de scheidings tussens de twee rassen op maatschappelik gebied, die altyd zo diep gevoeld in de Vrijstaat en Transvaal gehandhaafd worden. En wel ter wille van beide rassen.“¹⁴

Genl. Hertzog het die bestaan en voortbestaan van drie afsonderlike rasse in Suid-Afrika erken. Hulle was die blankes, die Kleurlinge en die naturelle. „Dit is vir spreker altoos duidelik gewees dat as ons 'n groot volk wil wees, geen deel van die bevolking kan onderdruk word, agtergehou word, klein gehou word nie. Almal moet voorentoe gebring word, opdat ons die nodige krag sal hê, intellektuele en andere, om Suid-Afrika groot en sterk te maak ... Maar dit kan nie ontken word nie, dat nóg wat die kleurling nóg wat die naturel betref, handel die blanke reg, om die volk kragtig te maak.“¹⁵ Hy het daarop gewys dat die naturelle besig is om te ontwaak en te beseef dat hulle 'n volk is. Daar is by hulle 'n drang na ontwikkeling en opvoeding en dit is die blankes se plig om hierdie geleentheid te skep want „Die Kaffer gaan nie 'n slegte instrument in die lewe word nie, maar wel 'n betere. Die beskawing veredel, en versleg nie 'n mens nie.“¹⁶ Genl. Hertzog meen dat elke beskaafde volk die reg het om as vrye volk te bestaan, maar het ook die plig om swakkere en onbeskaafde volke te beskerm sodat hulle vooruit kan gaan. Die blanke beskawing in Suid-Afrika het dus die reg om te bly voortbestaan en moet homself ook handhaaf, maar is ook verplig om die naturel te beskerm en hom

12. Rhoadie en Venter, op. cit., p. 127 en p. 133.

13. Kongresnotule van die Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat, 11-12.10.1922, p. 15.

14. Coetzee, op. cit., p. 169. Verslag van toespraak gehou in Augustus 1912 te Pietersburg.

15. Die Burger, 9.4.1924. Verslag van toespraak gehou te Stellenbosch.

16. Die Burger, 14.10.1921. Verslag van toespraak gehou te Bloemfontein; en Ibid., 17.10.21. Hoofartikel.

in die geleentheid te stel om homself te ontwikkel.¹⁷ Genl. Hertzog het daarop gewys dat met die opvoeding van die natuur, politieke regte nie vir altyd van hom weerhou sal kan word nie. Indien dit wel aan hom toegeken word, sal dit weens hulle getaloorwig, die ondergang van die blanke beskawing beteken en terselfdertyd ook vir die natuur noodlottig wees.¹⁸ Die blankes is dus nie bereid om aan die natuurlike stemreg te gee nie. Die klein persentasie wat wel ten gunste daarvan is, is volgens hom verwaarloosbaar.¹⁹ Die enigste uitweg is dus om die twee rasse te skei. Daardeur sou die natuurlike in die geleentheid gestel word om as volk te ontwikkel en stemreg binne hul eie gebied uit te oefen.²⁰

Genl. Hertzog se beleid van segregasie het behalwe vir skeiding op maatskaplike gebied ook skeiding op territoriale en industriële gebied beteken. Volgens sy beleid van territoriale segregasie moet aan die natuurlike 'n eie gebied toegeken word waarin hulle onder leiding van die blanke, teen hul eie tempo kan ontwikkel, hul stamverband en volkseenheid kan behou en hul stemreg uitoefen. In hierdie natuurlike gebied sou die blanke op geen regte aanspraak kan maak nie, net soos die natuurlike geen regte in die gebied van die blanke sal hê nie.²¹ Genl. Hertzog meen dat industriële segregasie ook nodig is omdat die teenwoordigheid van die natuurlike in die blanke gebied ten nouste met die grootskaalse werkloosheid onder die blankes en met die armblankevraagstuk saamhang. Hy het aangetoon dat daar op ekonomiese gebied 'n ongelyke stryd tussen die blanke en die natuurlike heers. Weens sy lae lewenstandaard kan die natuurlike teen 'n loon van tweederdes minder as die van die blanke werk. Die beskawing konkurereer nou met die onbeskawing en die blanke word uit sy werk gedruk.²² Daarom was twee maatreëls volgens genl. Hert-

17. Die Burger, 9.12.1921. Verslag van toespraak te Theunissen.
18. Ibid.; en Die Burger, 14.3.1923. Verslag van Volksraadsdebat.
19. Die Burger, 17.10.1921. Hoofartikel; Ibid., 9.12.1921. Verslag van toespraak te Theunissen; Ibid., 14.3.1923. Verslag van Volksraadsdebat; en Kruger, D.W., The age of the generals, pp. 376-377.
20. Die Burger, 17.10.1921. Hoofartikel; Ibid., 9.12.1921. Verslag van toespraak te Theunissen; en Ibid., 14.3.1923. Verslag van Volksraadsdebat.
21. Die Burger, 14.10.1921. Verslag van toespraak te Bloemfontein; en Ibid., 17.10.1921. Hoofartikel. Sien ook Coetzee, op. cit., p. 170.
22. Kongresnotule van die Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat, 17-18.10.1923, pp. 16-17. Sien ook Die Burger, 26.3.1923. Verslag van Volksraadsdebat; Ibid., 24.7.1923. Verslag van toespraak te Heilbron; Ibid., 18.10.1923. Verslag van toespraak te Kroonstad; en Ibid., 5.5.1924. Verslag van toespraak te Smithfield.

zog onontbeerlik. Dit was die uitsluitlike grondbesit deur blankes en natuurlike in hul onderskeie gebiede, en in daardie gebiede moet sekere bedrywe en arbeidsvelde uitsluitlik tot die besitters van die gebied beperk word.²³ Geen blanke sou die reg hê om as dokter, advokaat of prokureur in die natuurlikegebied te praktiseer nie en ook nie omgekeerd nie. Daardeur sou die onderlinge wrywing en bitterheid uit die weg geruim word.²⁴ „Die plek van die opgevoede kleurling en Kaffer is nie by die witman nie, maar by sy volk om hulle op te lei en ons moet hulle daarin help.“²⁵ Genl. Hertzog meen dat die handarbeiders in die verre toekoms in elke gebied slegs moet bestaan uit persone wat daar woon. Hy voorsien egter dat dit waarskynlik eers na 300 jaar die geval sal wees.²⁶

Met hierdie beleid het dr. D.F. Malan, Kaaplandse leier van die Nasionale Party, saamgestem. Volgens hom het industriële segregasie daarop neergekom dat sekere werk slegs vir blankes in blanke gebiede gereserveer word. Geen werkgewer sal sonder 'n lisensie nie-blankes in sy diens mag hê nie. So kan natuurlike-arbeid dan beheer word en slegs toegelaat word waar die beskikbare blanke en kleurlingarbeid onvoldoende is.²⁷ Hy het daarop gewys dat die blanke nie van sy verpligtinge teenoor die naturel sal ontkom net deur hom te segregeer nie. „As dit nie gepaard gaan met sy Christianisasie en beskawing en met 'n beter kennis en beoefening by hom van landbou nie, sal segregasie alleen maar lei tot verdere uitputting van die grond en ophoping van 'n bevolking sonder 'n behoorlike lewensbestaan in die natuurlikegebiede, en sal dit alleen dien om op ons grense broeineste te skep van ontevredenheid en onrus.“ Gedurende die oorgangsjare lê „die enigste hoop om Suid-Afrika vir die blanke en gekleurde beskawing te red, ... in segregasie, en uiteindelik lê dit in die beskaafde en ekonomiese toestande in die natuurlikegebiede, waar die naturel dieselfde industriële en politieke beskerming teen die blanke en die Kleurlinge sal geniet as die

23. Die Burger, 23.10.1923. Verslag van toespraak te Durban.

24. Die Burger, 9.12.1921. Verslag van toespraak te Theunissen; Ibid., 26.3.1923. Verslag van Volksraadsdebat; Ibid., 24.7.1923. Verslag van toespraak te Heilbron; Ibid., 18.10.1923. Verslag van toespraak te Kroonstad; en Ibid., 5.5.1924. Verslag van toespraak te Smithfield.

25. Die Burger, 14.10.1921. Verslag van toespraak te Bloemfontein. Sien ook Kruger, The age of the generals, p. 377.

26. Die Burger, 14.11.1921. Verslag van toespraak te Smithfield.

27. Malan, D.F., Die groot vlug, p. 21.

blanke en Kleurling dit sal geniet in hul eie gebied teen die indringing van die naturel geniet."²⁸ Dr. Malan het ook aangetoon dat dit in belang van die naturel self is dat hy verbied word om grond in blanke gebied te koop want as die reg aan hom toegestaan word, is dit vanselfsprekend dat die naturellegebied ook vir die blanke oopgesit moet word. Binne 'n paar jaar sal die grootste deel van die naturellere-serwes in die hande van die blankes wees.²⁹

Dr. Malan het die noodsaaklikheid van opvoeding beklemtoon en daarop gewys dat die uitgawe vir die opvoeding van die naturel en die Kleurling selfs op politieke gebied vrugte afwerp. „Met meer kennis is hul vandag beter instaat om hul burgerpligte behoorlik na te kom deur vir hulself te dink en te oordeel, deur te weier om mislei te word deur leë beloftes en om vir bloot party-politieke doeleindes geëksploiteer te word. Hul gesigskring is weliswaar vir die teenswoordige nog hoofsaaklik beperk tot hul eie klasbelang, maar hul behoort ten slotte tog tot die permanente bevolking van die land, en hul belange hang ten volle saam met die van Suid-Afrika. Met die opheffing van hul ras en die verruiming van hul blik moet die leus van 'Suid-Afrika eerste' ook by toeneming vir hul aangryp, sodat van hul kant die Nasionale Party in die toekoms niks te vrees het nie ... Die taak van die N.P. was swaar en die stryd lank en geweldig, maar spreker het die volste vertroue in die toekoms.“³⁰

Oor die onafhanklikheid van die naturellegebiede het dr. Malan verklaar dat die kleurvraagstuk slegs opgelos kan word deur die daarstelling van groepsgebiede waarin elke groep sy onafhanklikheid kon verkry omdat dit „die hoogste vir 'n volk is om sigself te wees en dit is moontlik met segregasie.“³¹ Volgens dr. T.C. Visser, Nasionale L.V. vir Vrededorp, moes die naturelle hulle eie parlement hê maar alle wette wat die blankes raak, moet aan die goedkeuring

28. Van Rooyen, J.J., Die Nasionale Party : Sy opkoms en oorwinning - Kaapland se aandeel, p. 116. Verslag van toespraak op Oudtshoorn; en Die Burger, 27.9.1923. Verslag van dieselfde toespraak. Sien ook Ibid., 1.6.1923. Verslag van Volksraadsdebat; en Malan, op. cit., p. 21.

29. Die Burger, 2.6.1923. Hoofartikel.

30. Die Burger, 1.11.1922. Verslag van toespraak op Malmesbury. Nev. F.W. Beyers het op die kongres van die Nasionale Vroueparty verklaar dat die naturel volgens die nasionale leuse van „Suid-Afrika eerste“ opgevoed moet word. „Hy is nie ons gebore vyand nie, maar behoort tot die land net so goed as ons.“ Sien Die Burger 30.3.1923.

31. Coetzee, op. cit., pp. 174-175.

van die Unie-parlement onderhewig wees.³²

'n Ander mening uit die geledere van die Nasionale Party was die van senator W. Ehrlich. Hy was van mening dat die Nasionale Party met sy beleid van segregasie nie aan die stemreg van die nie-blankes in die Kaapprovinsie sal raak nie. Hy het dit betreur dat die nie-blankes, wat in baie Kaaplandse kiesafdelings die beslissende stem het, geen verteenwoordiging in die Parlement gehad het nie. By verkiesings word hulle deur mooi beloftes mislei en deur politici misbruik. As oplossing hiervoor doen hy aan die hand dat die Kaapprovinsie in drie dele verdeel word, naamlik oos, wes en middelland. Die nie-blankes moet dan toegelaat word om in elkeen van die gebiede hul eie kandidaat wat hul regstreeks in die Parlement kan verteenwoordig, te kies.³³

Adv. Tielman Roos, leier van die Nasionale Party in Transvaal, het 'n soortgelyke mening uitgespreek toe hy verklaar het dat die natuurlike sekere burgerregte moet verkry en dat hulle deur 'n aantal lede deur hulself gekies en heeltemal afsonderlik van die blankes, in die Volksraad verteenwoordig moet word.³⁴ Hy het ook die segregasie-beleid onderskryf maar erken dat dit moeilik uitgevoer sal kan word.³⁵ Hy was van mening dat die gesegregeerde natuurlike in staat gestel moet word om hul eie geskoolde arbeiders in diens te neem, waardeur geskoolde nie-blankes dan nie meer 'n gevaar vir die blanke arbeider sou wees nie.³⁶ Volgens hom moet die natuurlike slegs toegelaat word om ongeskoolde arbeid in die blanke gebiede te verrig.³⁷

Die Nasionalistiese het die beleid van segregasie eenparig gesteun hoewel baie van hulle na alle waarskynlikheid nie al die implikasies van die toepassing van so 'n beleid besef het nie. Die ondersteuners van die S.A. Party daarteenoor het verskillende menings oor die oplossing van die natuurlike-vraagstuk gehad. Hoewel baie die segregasiebeleid aanvaar

32. Debates of the House of Assembly as reported in the Cape Times, vol. 8, p. 64.

33. Die Burger, 3.7.1923. Verslag van toespraak te Upington.

34. Die Burger, 24.5.1924. Verslag van toespraak te Lichtenburg. Volgens die kort verslag in Die Burger is dit nie duidelik of hy wou hê dat die verteenwoordigers die natuurlike in blanke gebiede of natuurlike in natuurellegebiede moet verteenwoordig nie.

35. Die Burger, 18.7.1923. Verslag van toespraak op Sabie. Sien ook Ibid., 5.1.1923. Verslag van toespraak op Newcastle; en Ibid., 26.4.1923. Verslag van toespraak op Hendrina.

36. Die Burger, 30.4.1924. Verslag van toespraak op Lichtenburg.

37. Die Burger, 24.5.1924. Verslag van toespraak op Lichtenburg.

het, is dit deur 'n groot persentasie, waarvan baie oud-Unioniste, verwerp.³⁸

In teenstelling met genl. Hertzog het genl. Smuts geen vaste naturellebeleid gehad nie en die nege jaar vanaf 1910 tot sy verkiesing as Eerste Minister, is gekenmerk deur sy stilswe in die debatte oor naturellesake.³⁹ Sy party se amptelike beleid soos vervat in artikel 9 van die S.A. Party se program van beginsels was heel vaag. „De oortuiging dat alle vraagstukke betreffende naturellen politiek, door de blanke bevolking van Zuid-Afrika zullen worden genaderd in een brede geest van samewerking tussen Partijen, en in de poging om voor de naturellen rassen hun natuurlike en eigenaardige ontwikkeling te verzekeren, en te verkrijgen dat in de opbouwing van Zuid Afrika alle toekomstige twistgronden tussen blanken en gekleurden zullen worden vermeden.“⁴⁰ In Mei 1917 het genl. Smuts in Londen sy standpunt oor die saak gestel: „We have realised that political ideas which apply to our white civilization largely do not apply to the administration of Native affairs ... and so a practice has grown up in South Africa of creating parallel institutions - giving the Natives their own separate institutions on parallel lines with institutions for whites. It may be that on those parallel lines we may yet be able to solve a problem which may otherwise be insoluble ... In land ownership, settlement and forms of government we are trying to keep them apart, and in that way laying down in outline a general policy which it may take a hundred years to work out, but which in the end may be the solution of our Native problem. Thus in South Africa you will have in the long run large areas cultivated by blacks and governed by blacks, where they will look after themselves in all their forms of living and development, while in suitable parts you will have your white communities, which will govern themselves separately according to the accepted European principles.“⁴¹ Ook by die tweede lesing van die Naturellerade-Wetsontwerp van 1920 het genl. Smuts aangevoer: „Segregatie was geen kwessie van politiek. 't was de wet des lands. De wet van 1913 was bijna zonder tegenstem door't Huis gegaan ... 't Wetsontwerp was niet gericht tegen de segregatie-politiek. Segregatie was de wet van 't land en zou blijven. En dit Ontwerp zou in zekere mate helpen om die politiek uit te

38. Sien voetnoot 41.

39. Hancock, W.K., Smuts: The fields of force 1919-1950, p. 112.

40. Program van Beginselen en konstitusie van de Zuid Afrikaanse Partij, p. 2.

41. Hancock, op. cit., p. 113.

voeren."⁴² Segregasie is egter nie deur genl. Smuts deur wetgewing bevorder nie en die Nasionaliste het beweer dat na die amalgamasie van die S.A. Party en die Unioniste, laasgenoemde vir Smuts nie in so 'n beleid sou steun nie.⁴³

Die program van beginsels van die ou Unioniste-party oor die naturelle was vaag. Die Unioniste wou die levensomstandighede van die bevolking verbeter o.m. „by a Native policy, admitting of the treatment of questions relating to Natives, in accordance with the degree of civilisation attained by them, and with the different and local conditions under which they live and work.“⁴⁴ Baie van die Unioniste het gelyke regte vir blank en nie-blank, sonder bloedvermenging, bepleit.⁴⁵

In Desember 1921 het genl. Smuts verklaar dat daar niemand in die land is wat 'n vaste kleurbeleid kan neerlê nie. Om die rede wil hy ook geen vaste wette voorskryf nie, maar verklaar hom bereid om meer daarvoor te leer. Hy het die verantwoordelikheid van die blanke teenoor die nie-blanke erken asook die behoud van die segregasie-beginsel waarvolgens blank en nie-blank elk volgens hul eie aard ontwikkel. Hy het dit egter betwyfel of dit 'n algehele oplossing vir die probleem sou bied. Genl. Smuts het die gevaar van mededinging op ekonomiese gebied besef en voorspel dat die naturel in 'n groot mate altyd 'n werknemer van die blanke sal bly.⁴⁶

Drie jaar later, in Desember 1924, het genl. Smuts in sy verkiesingsmanifest genl. Hertzog se beleid van territoriale en nywerheidssegregasie veroordeel. Hy het verklaar dat dit 'n dwaasheid is en dat genl. Hertzog die land sal laat skipbreuk ly met sy segregasie-stokperdjie. Die Eerste Minister het egter geen duidelike alternatief aan die hand gedoen nie.⁴⁷

42. Die Burger, 30.4.1924. Hoofartikel; en Langenhoven, C.J. en Conradie, J.H., Die witman se pand. Die natuurlike vraagstuk en die kieser se verantwoordelikheid, p. 29. Hierdie wet is wel deur die Unioniste bestry. Sien The South African Nation, 7.6.1924, p. 3.
43. Die Burger, 17.10.1921, 14.12.1922, 28.8.1923, 22.4.1924 en 30.4.1924. Hoofartikels; en The South African Nation, 7.6.1924, p. 3.
44. Kruger, D.W., South African Parties and policies 1910-1960, p. 46.
45. Van der Schyff, P.F., Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse politiek 1910-1921, M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.C., 1964, pp. 82-87.
46. Die Burger, 8.12.1921. Verslag van toespraak te Theunissen; en Ibid, 30.4.1924. Hoofartikel.
47. Smuts, J.C., Die volk moet kies, (1924), pp. 22-24. Verslag van toespraak te Pretoria; Die Burger, 24.4.1924. Verslag van dieselfde toespraak; en The South African Nation, 4.6.1924, p. 4.

Die vae en onduidelike beleid van die S.A. Party is beklemtoon deur één van sy kandidate vir die setel Griekwaland-Oos, L.D. Gilson, toe hy aangevoer het: „Die S.A. Party is ten gunste van 'n breë natuurelpolitiek ..., maar dat die party teen segregasie gekant is.“⁴⁸

F.S. Malan, Minister van Mynwese en Nywerheid, wat dikwels vir genl. Smuts moes instaan as Minister van Naturellesake, het verklaar: „Die natuurelkwessie is verbonde met die lewe van die land, en die kwessie sal hier wees solank as die blanke en naturelle hier woon. Om van 'n oplossing te praat is geen bewys van staatsmansbeleid ... Die politiek van die Regering is reeds bekend. Segregasie is geen oplossing nie, want wat word daardeur verstaan. Afskeiding word behandel in die Wet van 1913. Die politiek wat die Regering vandag uitvoer is dat die kommissies bepaal dat 'n streek blank is, en dan word 'n naturel uitgekoopt, en omgekeerd.“ Hy meen egter dat die probleem van die opgevoede naturel nog nie opgelos is nie. Verder verklaar hy hom ten gunste van maatskaplike skeiding en as die blanke bereid is om al die werk te doen op industriële gebied, meen hy dat daar ook heelwat te sê sal wees vir industriële en professionele grense. Wat politieke regte betref, is hy van mening dat blankes nie nou op die besluit van 1910 sal kan teruggaan nie.⁴⁹ By 'n later geleentheid het hy verklaar dat as met nywerheidsegregasie bedoel word dat sekere werk in sekere gebiede uitsluitlik deur blankes gedoen moet word en in ander gebiede uitsluitlik deur naturelle, dan is dit totaal onuitvoerbaar.⁵⁰

Sir Thomas Smartt, gewese leier van die Unioniste en Minister van Landbou, het in 1924 verklaar dat elke persoon van watter ras of kleur ookal wat die nodige opvoedingskwalifikasies besit, stemreg behoort te hê. Hy het hom sterk teen die kleurskeidingslyn uitgespreek.⁵¹

Die Burger het aangetoon hoe moeilik die posisie van die minder beskaafde naturel in 'n blanke omgewing is. Die redakteur het gereageer op die besluit van 'n groot vergadering van naturelle in die Heidelbergse lokasie. Hulle het stemreg geëis op grond van hul dienste as getroue onderdane in die Eerste Wêreldoorlog.⁵² Volgens die redakteur was hierdie eis

48. Die Burger, 30.4.1924. Hoofartikel.

49. Die Burger, 25.6.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

50. Die Burger, 8.8.1924. Verslag van toespraak te Kimberley.

51. Die Burger, 24.5.1924. Brief van D.J. Jooste i.s. 'n toespraak van sir Thomas Smartt.

52. Die Burger, 2.3.1921.

natuurlik en billik. Vir die naturelle moet dit na 'n skreiende onreg lyk omdat waar dit plig geld, hulle as gelykes van die blankes behandel word, maar kom dit by reg, word hulle as minderwaardiges behandel. Die redakteur meen egter dat dit noodlottig sou wees om die stemreg na naturelle buite die Kaapprovinsie uit te brei. Hy wys daarop dat 'n demokratiese regeringstelsel alleen heilsaam is as die landsburgers in algemene sake belang stel en in staat is om tussen die verskillende politieke leuses wat aan hulle voorgehou word, te kies. Indien die kiesers dit nie kan doen nie, ontaard demokrasie in 'n despotisme wat veel erger as die van 'n despoot is, omdat dit onder die dekmantel van demokrasie staan. Die Burger verklaar dat as die kieserskorps nie begryp waaroor die stryd gaan nie, die handige en gewetenlose demagoog in staat is om hulle met allerhande praatjies dinge wys te maak waaraan hyself nie glo nie. „Met alle eerbied vir die gunstige uitsonderinge moet ons konstateer, dat uit die oogpunt van die handhawing van 'n gesonde demokrasie die toekenning van die stemreg aan die Naturelle en Gekleurdes hier in die Kaapprovinsie nie 'n sukses gewees het nie. Die intellektuele peil van die gekleurde kieser is nie byster hoog nie en dit het praktyke met hom saamgebring, wat vir elke demokrasie op die duur noodlottig word.⁵³ Teenswoordig is die naturelle net stemvee wat na die hoogste bieder gaan.⁵⁴

Die redakteur het aangetoon dat segregasie die beste oplossing vir die vraagstuk is. Die naturel kan dan politieke regte binne sy eie gebied beoefen, sy land bestuur en sy eie staatsvorm uitwerk.⁵⁵ Voordat hy uit die blanke gebied onttrek word, moet die blankes toesien dat die naturel 'n behoorlike lewensbestaan in sy gebied kan maak.⁵⁶ Dit is verder noodsaaklik dat die naturel nie grond in blanke gebied mag besit nie, want sodra dit toegelaat word, sal blankes op dieselfde reg aandring en dit moet tot „die opbreek van die naturellereserwes, en die afsak van die naturellevolk tot die peil van die landelose, swart proletariaat, met al die skrikwekkende gevare daaraan verbonde“ lei.⁵⁷ Deur segregasie sal die naturel dus teen die moordende kompetisie van die blanke, wat ekonomies en politiek soveel beter toegerus is, beskerm word. Die redakteur meen dat die kompetisie tus-

53. Die Burger, 3.3.1921. Hoofartikel.

54. Die Burger, 29.6.1921, 14.12.1922 en 19.1.1923. Hoofartikels.

55. Die Burger, 3.3.1921 en 5.4.1923. Hoofartikels.

56. Die Burger, 24.7.1923. Hoofartikel.

57. Die Burger, 2.6.1923 en 30.4.1924. Hoofartikels.

sen blank en swart op politieke en nywerheidsgebied soveel wrywing en vyandskap veroorsaak dat alle goeie gesindheid en goeie wil tussen twee rasse sal verdwyn. Hy was van mening dat segregasie nie beteken dat alle naturelle uit blanke gebiede onttrek sal word nie. Hulle sal nog daar bly, maar in die blanke gebied geen ekonomiese en politieke regte hê nie.⁵⁸

Koerante soos The Friend en die Cape Argus het die oplossing van die naturellevraagstuk in die immigrasie van meer blankes gesien.⁵⁹ Die redakteur van die Cape Argus was van mening dat die afkamping van naturelle in gesegegreerde gebiede geen oplossing vir die vraagstuk bied nie. Dit sou nie alleen rassevyandigheid teenoor die blankes kweek nie, maar die naturelle sal ook op selfbeskikking en onafhanklikheid aandring. Volgens hom lê die oplossing eerder in die herstel van die ewewig tussen die kleure, deur die vermeerdering van die blanke bevolking.⁶⁰ Die Cape Times het segregasie as 'n blote frase en as prakties onuitvoerbaar bestempel.⁶¹

Eerste roersels van swart nasionalisme

Te midde van hierdie uiteenlopende menings oor die oplossing van die naturellevraagstuk en die laissez-faire-beleid van regeringsweë sedert 1910, het daar onder die naturelle 'n eie nasionalisme begin ontwaak. In 1912 is die Native National Congress gestig. Dit het hoofsaaklik uit naturelle-geleerdes bestaan wat in toenemende mate teen die sogenaamde diskriminerende wetgewing teenoor naturelle te velde getrek het.⁶² Die Eerste Wêreldoorlog het verreikende gevolge vir swart nasionalisme gehad. „Voortaan sou die naturel die eersgeboortereg van alle ‚onderdrukte‘ nasies ook vir homself toeëien ongeag die netelige posisie waarin dit die Blanke sou dompel.“⁶³

Die stakings van naturelle in Johannesburg, Kaapstad en Kimberley sedert 1918 was simptomaties van die nuwe gees onder die naturelle. In Oktober 1918 het 'n deputasie van die African National Congress die regering versoek om die pas-

58. Die Burger, 26.10.1921. Hoofartikel.

59. The Friend, 14.10.1921. Hoofartikel.

60. Die Burger, 20.10.1921. Verstrek die mening van die Cape Argus.

61. Die Burger, 22.4.1924 en 27.5.1924. Hoofartikels.

62. Hancock, op. cit., en Rhodie en Venter, op. cit., p. 131.

63. Rhodie en Venter, op. cit., pp.130-131.

wette op te hef en in 1919 is 'n lydelike versetveldtog met dieselfde doel geloods. 'n Tweede sterk nie-blanke organisasie is in dieselfde jaar deur die naturelleleier Clements Kadali gestig nl. die Industrial and Commercial Workers' Union of Africa, kortweg die Naturelle-Arbeidsbond genoem. Dit was die eerste effektiewe nie-blanke vakbond in Suid-Afrika en was lank aan die voorpunt van proteste teen beweerde diskriminerende wette en praktyke.⁶⁴

In April 1920 het daar onluste onder die nie-blanke studente by die Lovedale-Instituut plaasgevind en ongeveer 83,000 se skade is deur die studente aan geboue aangerig.⁶⁵ In Oktober 1920 was daar weer 'n voorval in Port Elizabeth. Masabalala, president van die Naturelle-Arbeidsbond, is in hegtenis geneem toe hy lede van die Bond aangemoedig het om te staak en hoër lone te eis. Naturelle het om die tronk waar hy aangehou is, saangedrom en in 'n botsing met die polisie is twee blankes en 25 naturelle gedood terwyl vier blankes en 46 naturelle gewond is.⁶⁶

Kort na die verkiesing van 1920 het die uittredende biskop van Pretoria in 'n ope brief aan genl. Smuts gewaarsku dat die naturelle besig is om rasbewus te raak, dat hulle uitgebuit voel en dat die regering hom nie aan hul menings steur nie. Hy het die stigting van naturelle-adviesrade in die vier provinsies aanbeveel, wat later in plaaslike bestu- re vir naturelle en ook in 'n Uniale adviesraad kan ontwikkel.⁶⁷

Genl. Smuts, wat die portefeulje van Naturellesake saam met sy Eerste Ministerskap sedert die dood van genl. Louis Botha behartig het, het betreklik vinnig gereageer en op 26 Mei 1920 het hy die tweede lesing van sy Wet op Naturellesake voorgestel. Hoewel van die biskop se aanbeveling was in die wet vervat. Die wet het voorsiening gemaak vir 'n permanente Kommissie vir Naturellesake van drie lede met adviserende mag. Dit het ook voorsiening gemaak vir die aanstelling van plaaslike naturellerade in die reservate en vir die byeenroep van verteenwoordigende naturellekonferensies met die doel om die gevoelens en sienswyses van die naturelle

64. Ibid., p. 131; Hancock, op. cit., p. 118; en The Round Table, vol. 44, p. 946.

65. U.G.34-22 : Verslag van het Departement van Naturellen- zaken voor de jaren 1919 tot 1921, p. 2. Hierdie gebeure is aan die invloed van leerstellinge waarvoor die naturelle nog te onvolwasse is, toegeskryf.

66. Ibid., p. 2; en Crafford, F.S., Jan Smuts, a biography, p. 226.

67. Hancock, op. cit., p. 119.

teenoor voorgestelde wetgewing te bepaal.⁶⁸

Baie Nasionaliste het die wetgewing gesteun, maar talle sprekers uit Nasionale en Arbeidergeleedere het aangedring op die erkenning van die beginsel van absolute territoriale segregasie, terwyl ander weer die opheffing van nie-blanke stemreg in Kaapland bepleit het. In sy toespraak op 13 Julie 1920 in die Volksraad het genl. Hertzog die opheffing van nie-blanke stemreg bestempel as noodsaaklik vir die selfbehoud van die blanke. Hy het die wet gesteun omdat hy meen dat dit 'n stap in die regte rigting was. Adv. Tielman Roos wou hê dat die beginsel van segregasie in die wet erken moes word. Hy was bevrees dat die voorgestelde naturellekonferensies die voorspel sou wees tot die toekenning van stemreg aan alle naturelle in die Unie.⁶⁹

Hierdie wetgewing is deur lord Buxton, gewese Goewerneur-generaal van die Unie, verwelkom as „the first time that the Native question, the greatest of all South Africa's domestic problems had held pride of place in a legislative programme in the Cape or the Union for over twenty years.”⁷⁰

Die regering van die saamgesmelte S.A. Party en die Unioniste-party het somer van die staanspoor af met die opkoms van die groeiende swart nasionalisme kennis gemaak. Die gebeure met die „Israeliete” by Bulhoek en dié met 'n Hottentotstam, die Bondelswarts, in Suidwes-Afrika het die oë van baie blankes vir die toenemende rassebewustheid onder die nie-blankes geopen.⁷¹

Bulhoek

Die „Israeliete” was 'n godsdienstige beweging wat sy oorsprong in The Church of God and Saints of Christ gehad het. Laasgenoemde was 'n negerorde wat in 1890 deur 'n Amerikaanse neger, W.S. Crowdy, gestig is. Hulle het die Joodse kalender gehandhaaf en geglo dat hul leiers profetiese magte besit. John Msikinya, 'n naturel uit die distrik Fort Beaufort en 'n gewese Wesleyaanse Metodisteprediker, het tydens 'n besoek aan Amerika met hierdie orde in aanraking gekom en na Suid-Afrika as biskop van hierdie kerk teruggekeer. Ná sy dood het die mantel van „biskop, profet en wagter” op

68. Ibid., pp. 119-120; en Die Burger, 27.8.1923. Verklaring van die Departement van Naturellesake i.s. „Wet op Naturellegegrondgebied van 1913 en latere bestuurspolitiek.”

69. Hancock, op. cit., p. 120.

70. The Round Table, vol. 44, p. 945; en Hancock, op. cit., pp. 120-121.

71. Rhodie en Venter, op. cit., p. 131.

die skouers van Enoch Mgijima geval. Die sekte het toe in twee geskeur en Enoch wat in 1918 uit The Church of God and Saints of Christ geskors is, het met sy eie kerk in Bulhoek, 'n sublokasie van die Kamastonelokasie naby Queenstown, voortgegaan. Hy het 'n tabernakel op sy stukkie grond opgerig, maar dit het spoedig vir sy volgelinge, die „Israeliete“, wat jaarliks die Pasga daar kom vier het, te klein geword. In 1918 het Enoch toestemming van die superintendent van die Kamastonelokasie gekry om sy tabernakel op 'n stuk dorpsgrond bekend as Wtabilanga vir die jaarlikse byeenkoms op te rig. Na die Pasgaviering van 1920 het die „Israeliete“ egter nie soos vroeër uitmekaar gegaan nie, maar hutte begin bou en daar gebly.⁷²

Enoch het aanvanklik die versekering gegee dat hulle spoedig uitmekaar sou gaan, maar toe niks gebeur nie het die polisie op versoek van die superintendent dagvaardings op hulle gedien, dog sonder enige reaksie. Die „Israeliete“ het wagte rondom hul kamp opgestel en niemand kon die kamp sonder toestemming binnekom nie. Na herhaalde pogings van die superintendent om hulle tot besinning te bring en hulle te laat registreer, het die magistraat van Queenstown, bygestaan deur 'n mag van omtrent honderd polisie, op 8 Desember 1920 na die kamp gegaan. Hul onderhandelinge het egter misluk. Aangesien die polisiemag te klein was om die „Israeliete“ tot oorgawe te dwing, het hulle daar naby in afwagting op versterkings kamp opgeslaan. Toe hulle egter 'n boodskap van Enoch ontvang dat hulle hul kamp dadelik moet ontruim en die „Israeliete“ 'n dreigende houding inneem, het hulle na 'n naburige plaas teruggeval en hul tente en voorrade agtergelaat. Versoeke om versterkings is deur die regering geweier en die sekretaris van Naturellesake, E. Barrett, die Hoofkommissaris van Polisie, kol. T.G. Truter, en 'n senior militêre offisier, genl. J. van Deventer, is na Bulhoek gestuur om die saak te ondersoek. Hul poging op 17 Desember 1920 om met die „Israeliete“ 'n ooreenkoms te bereik, het op niks uitge-loop nie. Die „Israeliete“ het op 'n persoonlike onderhoud met genl. Smuts aangedring.⁷³

Genl. Smuts het belowe om 'n onderhoud aan hulle toe te staan, maar aangesien hy midde in die verkiesingstryd was, kon hy nie dadelik aan die versoek voldoen nie. Enoch het

72. Die Burger, 8.6.1921. Kommissieverslae; Hancock, op. cit., pp. 89-95; U.C.39-25, Report of Native Churches Commission, pp. 7-12; U.C.15-22, Rapport van de Naturellezaken Kommissie voor het jaar 1921, pp. 9-11; U.C.34-22, pp. 3-4; Die Burger, 5.5.1921, 19.5.1921 en 31.5.1921. Verslae van gebeure.

73. Sien voetnoot 72.

die tyd gebruik om hom in te grawe. Die getalle van die „Israëliete“ het gegroei en al hoe meer hutte is gebou. Hulle het geen belasting betaal nie, geboortes en sterfgevallen is nie aangemeld nie en amptenare en regulasies is geïgnoreer. In opdrag van genl. Smuts het die Naturellesakekommissie op 6 April 1921 'n onderhoud met Enoch en sy volgelinge gehad. Hulle standpunt was dat hoewel hulle die landswette wou gehoorsaam, Jehowa magtiger as die wet is en dat hulle bang was dat hulle Hom sou beledig deur sy wense te verontagsaam en die wette van die mense te gehoorsaam. Uit samesprekings met die naturelle en die blankes van die omgewing was dit vir die kommissie duidelik dat almal so gou as moontlik van die klomp godsdienstige dwepers ontslae wou raak, selfs met geweld as dit moes, aangesien diefstalle aan die orde van die dag was. 'n Blanke het intussen al 'n „Israëliet“ op sy grond doodgeskiet en 'n tweede gewond en is aangekla van manslag. Die „Israëliete“ wat as kroongetuies moes optree, het egter geweier om in die hof te verskyn en 'n bevel vir hul inhegtenisname is uitgereik.⁷⁴

Op aanbeveling van die kommissie is die volgende voorstelle aan die „Israëliete“ gedoen: padkos en vry vervoer vir die plakkers na hul huise; 'n stuk grond waarop die „Israëliete“ hul feeste kan hou, maar wat nie as woonplek gebruik mag word nie en die plasing van naturelle wat nie meer 'n woonplek het nie, in 'n kroonnedersetting wat bewoon word deur lede van dieselfde stam. Hierdie voorstelle is op 11 Mei deur die kommissie aan die „Israëliete“ voorgelê, maar hulle het dit van die hand gewys. Gevolglik het die kommissie by die regering aanbeveel dat 'n sterk mag gestuur moes word om die instruksies oor onwettige plakkery uit te voer en om die getuies wat weier om in die hof te verskyn, in hegtenis te neem.⁷⁵

Kol. Truter het op 21 Mei 1921 in Queenstown aangekom en in 'n brief aan Enoch die doel van sy sending uiteengesit. Dit was om met 'n polisiemag sekere „Israëliete“ teen wie lasbriewe uitgereik is om voor die hof te verskyn, te arresteer; om toe te sien dat die onwettige inwoners Ntabilanga verlaat en om alle huise wat sonder goedkeuring opgerig is, te vernietig. Kol. Truter het gewaarsku dat hy geen weerstand sou duld nie. Hy het op 24 Mei met 'n mag van omtrent 800 man na Ntabilanga opgetrek en toe die sowat 500 „Israëliete“, met assegaie en kieres gewapen, weerstand bied, is die polisie bevel om te skiet. Van die „Israëliete“ is 171

74. Ibid.

75. Ibid.

gedood, 129 gewond en Enoch en sy volgelinge is gevange geneem en weens hoogverraad aangekla.⁷⁶

Die regering se optrede het wye reaksie uitgelok. Die Algemene Raad van die Transkei het sy leedwese met die bloedvergieting uitgespreek, maar besluit dat dit skynbaar onvermydelik was.⁷⁷ 'n Soortgelyke besluit is op 'n monstervergadering van naturelle in die lokasies van Kamastone en Oskraal geneem.⁷⁸ Die Suid-Afrikaanse Naturellekongres het egter die regering se optrede veroordeel en dit betwyfel of die regering tot dieselfde drastiese stappe sou oorgaan indien dit blankes was. Hulle het „met ontsteltenis die herhaalde verwoesting van die Bantocras sonder redelike of voldoende oorsake nagegaan,” en besluit om die regsverdediging van die gevangenes van Bulhoek op hulle te neem.⁷⁹

Op 'n vergadering van die Verenigde Kommunisteparty in Kaapstad op 30 Mei as protes teen die Bulhoek-gebeure, het die voorsitter, D.L. Dryburgh, verklaar dat die regering se hande reeds met bloed besoedel is. Volgens hom was die „Israeliete” vredeliewende mense wat 'n eenvoudige lewe wou lei maar die plaaslike kapitaliste wat wou hê dat hulle teen honderlone moes werk, het druk op die regering uitgeoefen om op te tree. Daar is besluit dat die vergadering „sy nadruklike protes boekstaaf teen die Regering van Suid-Afrika in hulle wrede slagting van 200 Kaffers, met die doel om hulle van die grond af te drywe, waarop hulle as 'n vredeliewende en Kristelike samelewing gewoon het.”⁸⁰ Die komitee van die Suid-Afrikaanse Vredes- en Arbitrasievereniging het ook in 'n ope brief aan die waarnemende Eerste Minister sy afsku en verontwaardiging oor die „slagting” te kenne gegee.⁸¹

Die pers se reaksie was meer gematig. Die Star was van mening dat die gesag van die regering sonder soveel slagting gehandhaaf kon word en dat die polisie te lank gewag het voordat hulle geskiet het. Daardeur is onnodig bloed vergiet. Die redakteur het aangevoer dat die „Israeliete” geen rebelle

76. Hancock, op. cit., pp. 95-97; U.G. 39-25, pp. 13-15; The Round Table, vol. 44, pp. 950-952; Ibid., vol. 46, pp. 449-452; Barlow, A., Almost in confidence, pp. 171-172; U.G. 34-22, pp. 3-4; en Die Burger, 24.5.1921, 26.5.1921, 28.5.1921, 31.5.1921, 22.11.1921 en 27.11.1921. Volgens 'n berig in Die Burger van 3.6.1921 is daar nog gewondes oorlede en het die sterftesyfer op 181 te staan gekom.

77. Die Burger, 28.5.1921.

78. Die Burger, 7.6.1921 en 18.6.1921. Brief van H.W.S. Ben-Mazwi.

79. Die Burger, 27.5.1921.

80. Die Burger, 1.6.1921; en Harrison, W.H., Memoirs of a Socialist, pp. 75-80.

81. Die Burger, 7.6.1921.

of misdadigers in die gewone sin van die woord nie, maar eenvoudig 'n bende godsdienstige waansinniges was. Hy meen dat die Bulhoek-gebeure meer na 'n teregstelling as 'n geveg lyk en is oortuig dat 'n paar bomme uit vliegtuie minder lewens sou geëis het.⁸² In 'n hoofartikel van 27 Mei verklaar The Friend dat die gebeure op Bulhoek betreurenswaardig was weens die verlies van lewens, maar onvermydelik met die oog op die uitdagende en selfs aanvallende houding van die „Israëliete! Wet en orde moet sonder aansien van ras of kleur gehandhaaf word anders sal die beskawing in Suid-Afrika die begin van die einde beleef. Die redakteur wys ook daarop dat godsdienste nie as 'n dekmantel vir wetteloosheid gebruik mag word nie.⁸³

Het Westen het die gebeure toegeskryf aan „die verderflike Kafferpolitiek en sentimentele gesukkel van ons Engelse vriende, waarna ons regering glad te veel luister en wat niks anders is nie as om die Naturelle vir goeie vriende te hou om hulle as troefkaart uit te speel in belang van die Britse Ryk, teen ons, as die geval hom mag voordoën dat ons die band met daardie Ryk wil verbreek.“ Die redakteur protesteer daarteen en verklaar dat die land moeg is om gedurig onskuldige bloed te sien vloei - al is dit naturellebloed - tot voordeel van 'n nasie wat Suid-Afrika net gebruik om hom uit te buit. Die naturel moet streng maar regverdig behandel word, want „sieklike toegewendheid“ is 'n gevaar vir swart en wit.⁸⁴

Die Burger was van mening dat die bloedprys wat die misleide slagoffers vir hul waansinnige gedrag betaal het, verskriklik was en dat die misdaad nie so 'n straf regverdig het nie. Die regering het die saak nie met die nodige erns en ook nie betyds aangepak nie en daar was ook te veel magsvertoon. Gewapende polisie in plaas van diplomate is gestuur. Die redakteur het gewaarsku dat die naturelle geskok is en dat die gebeure op Bulhoek vir hulle 'n Slagtersnek sal word as daar nie 'n onpartydige ondersoek na die gebeure ingestel word nie.⁸⁵ Die Volksblad was baie heftiger in sy kritiek en het aangevoer dat die regering koelbloedig toegelaat het dat die situasie ontwikkel. Volgens die redakteur moes die regering al voor die verkiesing handelend opgetree het maar hy was bang dat hy die stemme van die naturelle en Kleurlinge

82. Die Burger, 27.5.1921. Verstrek die mening van die Star.

83. Die Burger, 7.6.1921. Verstrek die mening van The Friend.

84. Die Burger, 1.6.1921. Verstrek die mening van Het Westen.

85. Die Burger, 30.5.1921 en 16.6.1921. Hoofartikels.

daardeur sou verloor.⁸⁶

Op 25 Mei 1921 het genl. Smuts in die Volksraad verklaar dat die regering die gebeurtenis betreur. Hy het dit beklemtoon dat hoewel daar aanvanklik met baie geduld opgetree is; die landswette gehandhaaf moes word. „'n Paar honderd goed gewapende polisiemanne het daar teenoor 'n paar duisend van die arme, misleide, sleg gewapende naturelle gestaan, en die gevolg was onvermydelik. Die regering het absoluut geen ander keuse gehad nie as om die landswette meedogenloos en gelykelyk te handhaaf teenoor swart sowel as wit.”⁸⁷

Genl. Hertzog het die debat oor Bulhoek op 14 Junie in die Volksraad ingelei en dit duidelik gestel dat hy geen partypolitieke munt uit die situasie wou slaan nie en dat die sake wat betrekking op die verhouding tussen die naturelle en die blankes het, baie versigtig gehanteer moet word. Hy het 'n kommissie van ondersoek na die gebeure bepleit, aangesien dit volgens die eerste verslae lyk asof daar dinge gedoen is wat nie nodig was nie. „Dit was vir ons 'n pynlike skok, maar die naturelle is dieper geskok as ons, die daders,” en daarom moet daar 'n naturel in die kommissie van ondersoek wees sodat die naturelle die volste vertrouwe in die kommissie kan hê. Die blankes is as voogde oor die naturelle aangestel en aan die naturelle moet nou gewys word dat die regering reg opgetree het. Genl. Hertzog het daarop gewys dat die naturelle die vraag stel of die regering ook teen blankes so sou optree en hoewel hy nie hierdie mening deel nie, meen hy dat die verlies aan menselewens onbehoorlik was en „sonder die kommissie sal ons nie skoon staan teenoor die toekoms nie.”⁸⁸

Minister F.S. Malan, wat as Eerste Minister moes waarnaem terwyl genl. Smuts vir die Imperiale Konferensie in Londen was, het genl. Hertzog se kalm bespreking van die saak geloof. Hy het verklaar dat hoewel hy aanvanklik eers wou wag op die verslag van die Kommissie van Naturellesake en die lykskouing om te sien of 'n kommissie van ondersoek nodig is, hy nou oortuig is dat so 'n ondersoek geen doel sal dien nie, aangesien al die gegewens reeds bekend is. Volgens hom aanvaar die regering die volle verantwoordelikheid vir die gebeure en het hy niks om weg te steek nie.⁸⁹ Hy meen dat as 'n aantal van die polisie deur die naturelle vermoor

86. Die Volksblad, 27.5.1921. Hoorartikel.

87. Die Burger, 26.5.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

88. Die Burger, 15.6.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

89. Ibid.

is, die verwyd teen die regering sou wees dat hy sy plig teenoor die polisie versuim het.⁹⁰ Minister Malan het aangetoon dat die „Israeliete“ die landswette verbreek het deur grond onwettig te bewoon, huise daarop te bou, eiendom van ander naturelle te vat, 'n staatsinspekteur toegang tot die kamp te verbied en te weier om bevele van die Hooggeregshof te gehoorsaam. Hy is oortuig dat die regering reg opgetree het, soos ook blyk uit die steun van al die naturelle-koerante en ook ander koerante nadat hulle die verslag van die Kommissie van Naturellesake onder oë gehad het.⁹¹

J.X. Merriman, regeringslid vir Stellenbosch, het ook genl. Hertzog vir sy verstandige en onpartydige behandeling van die saak bedank. Hy was van mening dat die Naturelle-kommissie alles in sy vermoë gedoen het om die naturelle tot besinning te bring, maar dat die insident nou gebruik word om swart teen wit op te sweep. Daarom is 'n kommissie van ondersoek nodig, want die naturelle is 'n onopgevoede en onbeskaafde nasie, en die blankes behoort versigtig te wees hoe hulle in sulke sake optree.⁹²

A.C. Barlow, Arbeiderlid vir Bloemfontein-Noord, het op sy beurt genl. Hertzog bedank vir die wyse waarop hy die saak ingelei het maar minister Malan se houding betreur. Hy meen dat 'n kommissie van ondersoek noodsaaklik is. „Life was held too cheaply in this country in the past; Englishmen, Dutchmen, Indians and natives had been shot down during troubles in the past. In fact, all the troubles of the day had ended - he did not say deliberately - with the bringing in of the police, the military, and the machine-guns. It was now time to call a halt.“ Barlow het daarop gewys dat allerhande verkeerde stories die rondte onder die naturelle doen. Daarom eis die Arbeidersparty 'n kommissie van ondersoek waarin daar ook naturelle moet dien. Hy het gewaarsku dat daar gewaak moet word dat Kamastone nie dieselfde betekenis vir die naturelle kry as Slagtersnek vir die blankes nie.⁹³

Genl. Hertzog se voorstel van 'n kommissie van ondersoek is deur lede van al die partye gesteun.⁹⁴ Op 22 Junie het minister F.S. Malan dan ook aangekondig dat die regering

90. Die Burger, 25.6.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

91. Die Burger, 15.6.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

92. Ibid.

93. Ibid., en Debates of the House of Assembly..., vol. 6, p. 243.

94. Die Burger, 15.6.1921 en 23.6.1921. Verslae van Volksraadsdebatte.

so 'n kommissie sou aanstel.⁹⁵ Hierdie kommissie sou ondersoek instel en verslag uitbring oor die oorsprong, aard en omvang van enige onruswekkende invloede onder die naturelle in die Unie. Dit sou meer in besonder ingaan op die oorsprong van die Israeliëte-beweging en op die oorsprong, aard en omvang van die verskillende godsdienstige organisasies in die Unie wat geheel en al onder die beheer van naturelle staan.⁹⁶

Die verslag van die Kommissie van Onderzoek het in 1925 verskyn. Wat die Israeliëte-beweging betref, is die uitspraak van die regter-president, sir Thomas Graham, in die Enoch-verhoor as voldoende beskou en net so in die verslag opgeneem. Hiervolgens was die uiteindelijke gebeure onvermydelik en „Die Regering het met buitengewone toegewendheid, amper met laakbare swakheid gehandel.” Regter Graham was van mening dat die regering die sake te ver laat ontwikkel het. Daardeur het die naturelle die indruk gekry dat die regering te bang was om hulle van die grond te verdryf en hulle geloof dat Enoch bonatuurlike magte besit, is daardeur versterk.⁹⁷

Die Bondelswarts

Die Bondelswarts was 'n stam van gemengde blanke- en Hottentot-afkoms wat hulle teen die einde van die agttiende eeu in die distrik Warmbad in Suidwes-Afrika gevestig het. Na die Duitse oornaming van die gebied in 1890 het die Bondelswarts 'n staat van gedeeltelike onafhanklikheid geniet. Hulle was egter in 1896 saam met die Hottentotte en in 1904 weer saam met die Herero's in 'n oorlog teen die Duitsers betrokke. In albei gevalle is hulle verslaan. Jacobus Christiaan, hul kaptein, en Abraham Morris, 'n invloedryke krygsman, het met 'n paar volgelingen na die Kaapkolonie gevlug en hulle in Namakwaland gevestig. Met die vredesooreenkoms in 1906 is die grondgebied van die Bondelswarts tot 175,000 hektare beperk en Christiaan en Morris is voëlvry verklaar.⁹⁸

Toe die Unie in 1919 die mandaathouer oor Suidwes-Afrika word, het die Bondelswarts hoë verwagtings van die rege-

95. Die Burger, 23.6.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

96. Die Burger, 27.8.1921.

97. U.G.39-25, pp. 15-17; en Die Burger, 7.12.1921. Hoofartikel en verslag van regter Graham se uitspraak.

98. U.G.16-23, Rapport van de Kommissie benoemd tot het instellen van een onderzoek in zake de opstand van de Bondelswarts, pp. 2-6.

ring gehad. Hulle het gehoop dat hulle die grond wat die Duitsers van hulle afgeneem het weer terug sou kry en dat hul leiers weer na die stam sou kon terugkeer. Toestande het egter feitlik onveranderd gebly en herhaalde versoeke dat Christiaan en Morris toegelaat moes word om terug te keer, was sonder sukses. Gevolglik het Christiaan sonder verlof in Julie 1919 met 50 volgelingen na Warmbad teruggekeer. Die polisie het op sy wapens beslag gelê en hy is met £100 beboet. Die vonnis is egter opgeskort en hy is toegelaat om in die reserwe te bly, maar hy is nie deur die owerheid as kaptein van die stam herstel nie. Hendrik Schneewe was toe kaptein en in 1920 is Timothy Beukes, 'n baster, deur die regering aangestel.⁹⁹

Hierdie gebeure het wrywing veroorsaak en in Mei 1921 het die administrateur, G.R. Hofmeyr, opdrag gegee dat ondersoek na die ontevredenheid onder die Bondelswarts ingestel moet word. In sy verslag het die kommissaris van Naturellesake, maj. Manning, klem gelê op die armoede van die Bondelswarts, hul gebrek aan geld om die opgelegde hondebelaasting te betaal en hul onvermoë om geld te bekom aangesien werk skaars en lone gering was. Hulle was ook gegrief omdat Beukes as leier op hulle afgedwing was, terwyl Christiaan deur almal as leier beskou is.¹⁰⁰

In April 1922 het Abraham Morris ook besluit om na sy volk terug te keer. Hy het die Oranjerivier met ses van sy volgelingen, hul gesinne, gewere en vee oorgesteek. Daarna het ander stamlede by hom aangesluit en toe hy by Christiaan kom, was sy aanhang 15 of 16 man met net soveel gewere. Hy het nie probeer om sy terugkeer geheim te hou nie en op 5 Mei is 'n sersant, Van Niekerk, gestuur om Morris te arresteer aangesien hy Suidwes sonder verlof binnegekóm en diere sonder permit en gewere sonder lisensie binnegebring het. Die arrestasie is egter deur sy stamlede verydel en pogings van die owerheid om Christiaan te oorreëdel om Morris en sy vyf volgelingen uit te lewer, was vrugteloos. Gemoedere het hoog geloop en gerugte van 'n opstand teen die blankes wat al geruime tyd in omloop was, het die administrateur laat besluit om handelend op te tree. Hy het opdrag gegee dat die 6 mans, asook al die wapens en ammunisie wat in besit van die Bondelswarts was, uitgelewer moes word, en hulle gewaarsku moet word dat verontagsaming van die bevel ernstige ge-

99. Ibid.

100. U.G. 30-22, Rapport van de administrateur over de Bondelswarts opstand, 1922. Bylae A, pp. 7-9; en Hancock, op. cit., p. 105.

völge sou hê. Toe Christiaan nie gehoor wou gee nie, het Hofmeyr 'n strafekspedisie gereël en 'n goed gewapende mag van omtrent 400 man het teen die Bondelswarts se sowat 600 weerbare manne opgetrek. Die eerste geveg het op 26 Mei plaasgevind en op 29 Mei is twee vliegtuie gebruik om die stam se hoofnedersetting, Guruchas, te bombardeer. Morris en omtrent 250 van sy volgelingen het suidwaarts die berge in gevlug, maar is deur die polisie agtervolg. Na die bombardement het genl. Smuts vir Hofmeyr laat weet om verdere optrede te staak, maar voordat hy die boodskap kon kry, is Morris en 'n aantal van sy volgelingen doodgeskiet en het Christiaan en die res hulself oorgegee.¹⁰¹

Genl. Smuts het in die Volksraad aangekondig dat Hofmeyr die dank van die hele land vir sy optrede verdien. Hy het daarop gewys dat daar al lank onrus in die gebied broei en dat handelende optrede nodig was. Hy het ook belowe dat indien daar griewe onder die Bondelswarts is, die regering dit uit die weg sou ruim.¹⁰² Op 'n versoek van genl. Hertzog dat die regering 'n kommissie van ondersoek na die oorsake van die opstand en die optrede van die opstandelinge moet aanstel, het Smuts geantwoord dat hy eers wag vir die verslag van die administrateur. Die verslag sal ter tafel gelê en bespreek word en daarna kan die Raad besluit of 'n ondersoek wel nodig is.¹⁰³ Verdere bespreking hieroor in die Volksraad is gevolglik tot 1923 uitgestel.

Die Burger het daarop gewys dat daar 'n verbasende eenstemmigheid in die pers oor die aangeleentheid is. Die redakteur het aangetoon dat hy van die staanspoor af gevra het om verstandige optrede teenoor die Kottentotte, wie se belange deur die Volkebond aan die Unie toevertrou is, want as die Unie nie sy bes doen nie, kan die mandaat van hom wegge neem word.¹⁰⁴ Hoewel die vinnige en volkome onderdrukking van die opstand 'n dankbare gevoel van veiligheid gee, is dit volgens die redakteur noodsaaklik om die oorsaak van die ontevredenheid by die naturelle in Suidwes-Afrika vas te stel en te verwyder.¹⁰⁵ Hy meen verder dat die naturellepolitiek in die gebied drasties verander moet word. Die Unie-regering het 'n klag van wreedheid teen die Duitsers ingebring om sy

101. U.G.16-23, pp. 14-29; U.G.30-22, pp. 1-7; Hancock, op. cit., pp. 105-108; Die Burger, 25.5.1922 en 1-2.6.1922; en De Kock, W.J. (red.), Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel 1, p. 779.

102. Die Burger, 9.6.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

103. Die Burger, 10.6.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

104. Die Burger, 8.6.1922. Kommentaar van die redakteur van Die Burger op die mening van die Cape Times.

105. Die Burger, 9.6.1922. Hoofartikel.

aanspraak op Suidwes te staaf, net soos Engeland al honderd jaar sy anneksasie van Suid-Afrika in die oë van die wêreld regverdig met die bewering dat die Boere die inboorlinge onderdruk en weer sal verdruk as die beskerming van die Britse vlag weggeneem word. Toe daar in die verlede oorwintende in die mandaatgebied gekla is, het die administrasie beweer dat dit 'n reaksie is na die wreedhede van die Duitse oorheersing. Die gevoel van die naturelle teen die Duitsers is verder versterk toe lord Buxton, die Goewerneur-Generaal, met sy reis deur Suidwes-Afrika aan die inboorlinge vertel het dat hulle deur die Duitsers onderdruk is, maar nou vry is. Buitensporige verwagtinge is gevolglik by die inboorlinge gewek en veediefstal en leeglopery het dan ook vererger.¹⁰⁶ Die Burger is van mening dat die skynbare voorkeur wat die owerheid aan die inboorlinge bo die blankes gegee het, waarskynlik 'n verkeerde indruk by die Hottentotte en die naturelle laat ontstaan het. Hulle kon hierdie voorkeur maklik daaraan toeskryf dat die owerheid vir hulle bang was.¹⁰⁷

Die Star het die blaam op die administrasie van Suidwes-Afrika geplaas en verklaar dat daar 'n vermoede bestaan dat die Bondelswarts nie billik behandel is nie.¹⁰⁸ Hierdie mening is ook deur die Cape Times gehuldig.¹⁰⁹

Na ontvangs van administrateur Hofmeyr se verslag¹¹⁰ - Die Burger het dit as onvoldoende en té apologeties beskryf¹¹¹ - het die regering 'n kommissie aangestel om verslag te doen oor die oorsake van die opstand, die wyse waarop dit onderdruk is en om aanbevelings te doen oor die verbetering van die toestand.¹¹²

Die verslag van die kommissie van ondersoek tesame met 'n memorandum van administrateur Hofmeyr het in April 1923

106. Die Burger, 14.6.1922 en 3.7.1922. Hoofartikels. Volgens korrespondente uit Suidwes-Afrika was die naturellepolitiek van die administrasie daar en die wanindruk van vryheid waaronder die naturelle a.g.v. veral lord Buxton se toesprake verkeer het, die hoofoorsake vir die botsing. Sien Die Burger, 31.5.1922, 13.6.1922, 14.6.1922 en 17.6.1922.
107. Die Burger, 31.5.1922. Hoofartikel.
108. Die Burger, 7.6.1922. Verstrek die mening van die Star.
109. Die Burger, 8.6.1922. Verstrek die mening van die Cape Times.
110. U.G. 30-22.
111. Die Burger, 21.7.1922. Hoofartikel. The Round Table, vol. 53, p. 171 verklaar dat Hofmeyr se verslag 'n verdediging van sy optrede en nie 'n verklaring van die gebeure is nie.
112. Die Burger, 22.7.1922 en 10.8.1922.

verskyn en wêreldwye kommentaar uitgelok. Die New Stateman en die Manchester Guardian het dit sterk gekritiseer en verklaar dat die mandatekommissie van die Volkebond nie daarmee tevrede sou wees nie.¹¹³ Die Burger het die verslag as baie onbevredigend bestempel aangesien die kommissie nie eenstemmigheid kon bereik nie en omdat die veld van die ondersoek te beperk was. Die redakteur het gewaarsku dat Suid-Afrika nie daarmee sou slaag om die Volkebond en die stemme wat uit Europa oor die gebeure opgegaan het, tevrede te stel nie. Hoewel die Afrikaner sy saak kan verdedig en met gesag kan praat weens sy kennis van die naturelle en hul toestande, is daar in die verslag so baie verwarrende menings dat dit nie maklik sal oortuig nie. Selfs waar menings uitgespreek is, lyk dit of die kommissie bang was om 'n oordeel te vel. Hy wys daarop dat indien die opdrag van die kommissie nie net tot die Bondelswarts beperk was nie, hul ondersoek 'n waardevolle leidraad kon wees vir die vaslegging van 'n gesonde naturellepolitiek in die mandaatgebied waardeur redes tot ontevredenheid uit die weg geruim kon word.¹¹⁴

Na die verskyning van die verslag is die saak in die Volksraad bespreek. Die debat is gekenmerk deur die stilswye van die Nasionaliste en die skerp aanvalle van die Arbeiders op die regering. Die skietery in Port Elizabeth, op Bulhoek en die Witwatersrand is alles opgehaal met die klem veral op genl. Smuts se skiet-reputasie. A.G. Barlow het die regering daarvan beskuldig dat hy vir die gebeure verantwoordelik is. „We had made a damnable mess in German South-West.” Hy was van mening dat genl. Smuts meer sy aandag aan Suid-Afrikaanse aangeleenthede en minder aan wêreld-sake moet gee. „Our name was going to stink in the nostrils of the countries of the world.”¹¹⁵ Kol. Creswell het 'n ondersoek gevra na die bewerings dat van die gewonde Bondelswarts doodgeskiet is. Hierop het genl. Smuts uitgeroep: „As a South African I feel disgraced by this charge.” Kol. Creswell het na die skietery op die Randse stakers verwys en verklaar: „Our complaint of the practice of the Government is that in its power and ability to use the weapon it is too greatly inclined to rely upon that weapon rather than upon other and gentler methods in composing differences and

113. Die Burger, 15.5.1923. Verstrek die mening van J.M.H. in New Stateman; en Ibid., 18.5.1923. Verstrek die mening van Manchester Guardian. Sien ook Hancock, op. cit., p. 108.

114. Die Burger, 13.4.1923. Hoofartikel.

115. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, p. 325; en Die Burger, 22.5.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

troubles..... The iron hand must be applied at all costs. I am going to tell the Prime Minister what a danger his government is to South Africa, and of the ruthless way in which they do not care whether it is a little or great people who are denied their rights."¹¹⁶

R.B. Waterston, *Arbeiderlid vir Brakpan*, het op behoorlike ondersoek na die gebeure aangedring. Hy het dit betreuer dat die Eerste Minister die houding inneem dat sy troepe geen foute kan maak nie. Hy was van mening dat die opstand van die Bondelswarts in bloed gesmoor is en die moontlikheid bestaan dat genl. Smuts in die geskiedenis as die „bloody Jeffreys of South Africa“ bekend sal staan.¹¹⁷ J. Stewart, *Arbeiderlid vir Oos-Londen*, het aangevoer dat genl. Smuts òf nie weet wat in sy departement aangaan nie òf hom andersins nie daaraan steur nie. Hierdeur word die naturelle tot wanhoop gedryf en hulle word dan deur die regering met geweld onderdruk.¹¹⁸

Genl. Smuts het in sy antwoord die beskuldigings teen sy troepe verwerp. Oor die kritiek teen homself het hy verklaar dat dit hom koud laat, nie omdat hy ongevoelig is nie, maar omdat hy vir die verskillende skietvoorvalle geen morele of politieke blaam dra nie. Hy het aangetoon dat hy met die voorval in Port Elizabeth niks te doen gehad het nie. Hy is ook nie vir die gebeure op Bulhoek verantwoordelik nie, en ten spyte daarvan word hy in Moskou op plakgate as die slagter van Bulhoek voorgestel. Genl. Smuts was van mening dat dit verkeerd is om in die bespreking van sulke sake die party-bitterheid vol te hou. „We are treading on very dangerous ground, and for any party in this country to hold up the Prime Minister, who is primarily responsible for native affairs, to hold him up to the millions of natives of this country as a criminal, as a man not to be trusted, as a man of the rifle, is dangerous and is not serving the best interests of South Africa.“ Veral omdat Suid-Afrika hier met die mandaatgebied te doen het, moet hy 'n verenigde front teen die buitewêreld vorm. Genl. Smuts meen dat die toesprake in die Volksraad in Genève aangehaal sal word en dit

116. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, p. 327 en p. 332; en Die Burger, 23.5.1923 en 24.5.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

117. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, p. 333; en Die Burger, 24.5.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

118. Ibid.; en Debates of the House of Assembly..., vol. 8, p. 334.

sal Suid-Afrika se naam beklad.¹¹⁹ Hy is oortuig dat die kommissie se verslag 'n eerlike poging is om die ware toedrag van sake weer te gee. "It so happened that the report brings out the cleavage of public opinion which has existed in South Africa on these matters almost from the beginning of time.... You see the point of view of the colonist and that of the missionary - the realistic. I am sure that both the majority and minority of this Commission tried absolutely to do their best in grappling with the difficult question which was presented to them." Genl. Smuts het toegegee dat die Bondelswarts griewe gehad het, maar dit het nie 'n rebellie regverdig nie.¹²⁰

Die aantygings en beskuldigings van die Arbeiders teen die regering se optrede in Suidwes-Afrika het heftige verset by die blanke Suidwesters uitgelok. Op 'n massavergadering in Windhoek is daar eenparig besluit dat daar ten sterkste beswaar gemaak word teen die handelswyse en woorde van sekere Volksraadslede soos Creswell, Barlow en andere en „wens verder sy oortuiging uit te spreek dat sulke metodes, gebedsig deur persone in hoogs verantwoordelike posisies nie anders kan nie as lei tot die ondermyning van die wettige gesag van enige regering hier sowel as in die Unie, nou sowel as in die toekoms in sy handeling met één van die moeilikste vraagstukke waarmee die land te doen het daar dit as't ware 'n aanmoediging is vir die naturelle afsonderlik en gesamentlik om wet en orde op willekeurige wyse te verontagsaam..." Verder is besluit dat die Parlementslede nie op hoogte van die toestand in die land is nie en dat te oordeel na die toesprake in die Volksraad die onveilige toestand van die blanke inwoners geheel en al uit die oog verloor is.¹²¹

Die Burger se kommentaar op die besluit was dat dit niks anders was as 'n poging om die regering te verontskuldig nie. Die redakteur gee toe dat inboorlinge nie opgehits mag word nie, maar die regering moet hierdie les ook leer. Hy kan nie die een oomblik die Britse prokonsul van Suid-Afrika na 'n gebied stuur om allerlei gevaarlike leerstellings te verkondig en buitensporige verwagtings te wek wat dan ontevredenheid, weerspanning en opstand in die hand werk en as die opstand dan kom, dit in bloed smoor nie. Volgens hom

119. Ibid., pp. 334-335; en Die Burger, 24.5.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

120. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, pp. 328-329; en Die Burger, 23.5.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

121. Die Burger, 11.6.1923 en 20.7.1923. Verslag van vergadering en besluite.

het die regering sake net soos by Bulhoek maar hulle loop laat neem. „As krygsheer steun genl. Smuts te veel op sy militêre talent, maar as diplomaat teenoor sy medeburgers is hy 'n hopelose mislukking, soos geblyk het met die onluste op die Witwatersrand.“ Vir genl. Smuts is die plat-skiet-politiek die doeltreffendste, maar vir die gewone burger is die vuurwerke darem te gevaarlik.¹²²

Wetgewing 1921-1924

Die regering se optrede teenoor die „Israëliete“ en die Bondelswarts het genl. Smuts se skiet-reputasie verstewig. Met die verskyning van genl. Smuts se boek Holism and Evolution het die digter Roy Campbell die volgende oor hom geskryf:

„The love of Nature burning in his heart
Our new St Francis offers us his book.
The Saint who fed the birds at Bondelswaart
And fattened up the vultures at Bull Hoek.“¹²³

Genl. Smuts se optrede het ook sy hantering van naturellesake onder die soeklig geplaas. Die portefeulje van Naturellesake is van Mei 1910 tot September 1919 deur ministers H. Burton, J.B.M. Hertzog en J.W. Sauer behartig. Daarna het die Eerste Minister, genl. Louis Botha, dit self onder sy sorg geneem. Hierdie gebruik is deur genl. Smuts voortgesit toe hy genl. Botha in September 1919 as Eerste Minister opgevolg het.¹²⁴ Sy pligte as regeringshoof was veelvuldig en gevolglik het hy 'n groot deel van sy verpligtinge as Minister van Naturellesake op F.S. Malan, Minister van Mynwese en Nywerheid, afgeskuif.¹²⁵ Die departement het gevolglik nie die aandag geniet wat so 'n uiters belangrike portefeulje op geregtig was nie.

Genl. Smuts is dikwels oor sy hantering van die departement gekritiseer. 'n Partygenoot, J.X. Merriman, lid vir Stellenbosch, het by een geleentheid toe die pos Naturellesake in die Volksraad onder bespreking was, dit betreur dat genl. Smuts by die bespreking van so 'n belangrike pos afwesig was.¹²⁶ Die opposisie het dikwels daarop gewys dat die portefeulje van Naturellesake 'n eie minister moes hê wat sy

122. Die Burger, 3.7.1923. Hoofartikel.

123. Hancock, op. cit., p. 100.

124. Van der Poel, J., „Smuts, Jan Christiaan“ in De Kock., op. cit., p. 780; en Hancock, op. cit., p. 112 en p. 113.

125. Cloete, B., Die lewe van senator F.S. Malan, p. 346 en p. 404.

126. Die Burger, 5.7.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

aandag vóltjds daaraan kon wy.¹²⁷ Regeringslede, o.a., maj. R. Ballantine, lid vir King William's Town, adv. L. Blackwell, lid vir Bezuidenhout, en minister F.S. Malan het die standpunt gesteun.¹²⁸ Hierdie gedagte is ook in 'n besluit van die African National Congress vervat. Die kongres het sy wantroue in genl. Smuts as Minister van Naturellesake uitgespreek en die regering versoek om 'n minister spesiaal vir die portefeulje af te sonder.¹²⁹ Dr D.F. Malan het beswaar gemaak daarteen dat die departement soos 'n voetbal tussen genl. Smuts en minister F.S. Malan rondgegooi word, aangesien dit die onverdeelde aandag van een man vereis.¹³⁰

Die pers het genl. Smuts ook skerp oor sy hantering van dié portefeulje gekritiseer. Naas die volgehoue kritiek van Nasionale blaaië, veral Die Burger,¹³¹ het regeringskoerante ook bedenkinge geopper oor die reëling waardeur die naturelledepartement deur genl. Smuts opsy geskuif en deur minister F.S. Malan as bysaak behartig is. Die Star het 'n afsonderlike minister vir die portefeulje bepleit en daarop gewys dat die uiters belangrike nasionale vraagstuk sedert Unie-wording nog baie min aandag geniet het, waarskynlik omdat die naturellestemme so 'n verwaarloosbare faktor in die politiek is.¹³² The South African Quarterly was van mening dat genl. Smuts se stilswye oor naturellesake en veral sy verwaarlosing van die naturelle gedurende 'n reis van hom deur Natal en Zoeloeland, twyfel aangaande die werklikheid van sy liberale sienswyse binne en buite naturellekringe veroorsaak. Die redakteur was van mening dat naturellesake nog nooit minder persoonlike aandag van die kabinet geniet het nie, en dat die departement se aansien en doeltreffendheid sonder 'n toegewyde ministeriële hoof baie skade ly. Daarom bepleit hy ook 'n eie minister vir hierdie departement.¹³³ Die Eastern Province Herald het die gebrek aan 'n vaste naturellepoleitiek by die regering betreur en was van mening dat die teenswoordige Departement van Naturellesake geen voordeering toon of kan toon nie.¹³⁴

127. Die Burger, 23-24.6.1921, 5.7.1922, 10.2.1923 en 24.5.1923. Verslae van Volksraadsdebatte.

128. Die Burger, 5.7.1922 en 1.6.1923. Verslae van Volksraadsdebatte; en Ibid., 17.10.1923. Verslag van toespraak op King William's Town.

129. Die Burger, 10.7.1923. Verslag van kongres.

130. Die Burger, 1.6.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

131. Sien veral Die Burger, 2.6.1923. Hoofartikel.

132. Die Burger, 22.7.1922 en 14.12.1922. Verstrek die mening van die Star.

133. Die Burger, 29.12.1922. Verstrek die mening van The South African Quarterly.

134. Die Burger, 30.1.1923. Verstrek die mening van die Eastern Province Herald.

Die geboure op Bulhoek en in Suidwes-Afrika het nie alleen die optrede van die regering teenoor die naturelle onder die soeklig geplaas nie, maar ook die belangrikheid van die naturellevraagstuk te midde van 'n opkomende swart nasionalisme beklemtoon. Genl. Hertzog het dan ook in die debat oor die Bulhoek-gebeure, op die noodsaaklikheid van 'n duidelike naturellebedeid en die oplossing van die vraagstuk gewys. Hy het gewaarsku dat as dit nie gedoen word nie, daar meer insidente soos dié in Port-Elizabeth en Bulhoek sou voorkom. „Agter al die dinge is 'n gees by die naturelle wat tot uiting wil kom, en dit kom dan in botsing met die indiwidu of met die gesag. Om dit te negeer sal ons dit nie dood maak nie. Dit is 'n gees wat nie kan doodgesmoor word nie..... Die naturel het gekom tot 'n bewussyn van nasionale uitdrukking, wat nie onderdruk kan word nie. ... Ons moet die gevoel by die naturel in die regte bane lei, anders gaan ons gevaarliker insidente tegemoet.“ Genl. Hertzog het die regering daarvan beskuldig dat hy in 1913 met die politiek van segregasie begin het, maar dit nog nooit verder gevoer het nie en nou veroorsaak dit verwarring onder die naturelle. Hulle is onrustig oor die toekoms en wil weet wat die blanke met hulle gaan doen. „Dit is ons plig om die belange van die naturel opreg en openlik te behandel. Ons moet die gemoedere ook van die blanke in Suid-Afrika tevrede stel. Die naturel word nie altyd behandel soos dit behoort nie.“ Hy het gewys op die noodsaaklikheid van 'n duidelike naturellebeleid en die regering gevra om standpunt in te neem oor vrye onderlinge maatskaplike verkeer en vermenging of maatskaplike afsondering van die twee rasse-groepe; vrye of beperkte konkurrensie tussen blank en nie-blank op professionele en nywerheidsgebied; stemreg vir naturelle in blanke gebiede en vir blankes in naturellegebiede en indien nie, oor die regte wat hulle in mekaar se gebiede moes hê. „Ons moet vandag die saak so skik sodat 'n waarborg sal gelewer word vir die belange van blanke en naturelle.“ Genl. Hertzog het verder die versekering gegee dat hy en sy party die vraagstuk nie as 'n politieke saak sal beskou nie en beklemtoon dat daar nie langer met die oplossing gewag kan word nie. „Ons sal eendag die vrugte pluk van die saad wat ons vandag saai.“¹³⁵

R.E. Waterston was van mening dat die groeiende ontevre-

135. Die Burger, 24.6.1921 en 25.6.1921. Verslag van Volksraadsdebatte. Sien Ibid., 18.10.1921 en 20.10.1921 vir waardering van die Cape Times en die Star oor die houding van genl. Hertzog in die saak.

denheid onder die natuurlike die regering vroeër of later sal genoodsaak om naturellesake ernstiger op te neem.¹³⁶ Dr. D.F. Malan het gewaarsku dat daar opgehou moet word om oor segregasie te teoretiseer en dat die saak aangepak moes word aangesien die Europese beskawing besig was om vir sy voortbestaan te veg. Hy meen dat as sake so voortgaan, Suid-Afrika binne tien jaar as beskaafde witmansland gedoem sou wees. Dr. Malan het aangevoer dat baie van genl. Smuts se volgelinge in die Parlement tradisionele teenstanders van segregasie is en dat genl. Smuts self besef dat sy posisie van die naturellestem in die Kaapprovinsie afhanklik is. Volens hom het nóg die Eerste Minister nóg sy party ooit getoon dat hulle genoeg vaderlandsliefde besit om hulle bokant kleinlike party-oorweginge te verhef en die naturellevraagstuk aan te pak.¹³⁷

Die Burger wys ook op die algemene wens dat die hele naturellevraagstuk 'n saak is wat buite die partypolitiek behoort te staan.¹³⁸ Die redakteur het genl. Smuts se traagheid om die probleem aan te pak, betreur en verklaar dat die noodlottige politiek van die regering die politieke ontwaiking van die natuurlike verhaas het.¹³⁹ Hy beskuldig genl. Smuts daarvan dat die Unioniste in sy party en die stemme van 42,000 nie-blankes hom weerhou om die segregasiepolitiek uit te voer.¹⁴⁰ Die redakteur kom tot die slotsom dat „ons politieke lewe sal baie suiwerder word as die inboorling gesegregeer word.“¹⁴¹

In Londen het lord Buxton, gewese Goewerneur-Generaal van die Unie, ook in 'n pleidooi vir beter behandeling van die natuurlike daarop gewys dat die nie-blankes besef dat hulle 'n noodsaaklike faktor in die staatkundige, maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die land is en dat die geleentheid vir hul vooruitgang baie onbevredigend is. Hy voer aan dat hulle onder die besef verkeer dat hulle geen stem het nie, selfs nie in hul eie stamsake nie, en dat hulle belasting moet betaal, maar geen beheer oor die uitgawe daarvan het nie. Hy was egter oortuig dat hoewel die onrus onder die natuurlike 'n ernstige bedreiging vir Suid-Afrika

136. Die Burger, 24.6.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

137. Die Burger, 27.9.1923. Verslag van toespraak te Oudtshoorn; Ibid., 17.3.1924. Verslag van toespraak te George; Ibid., 29.11.1923. Verslag van toespraak te Sedarberge; en Malan, Die groot vlug, p. 19.

138. Die Burger, 14.12.1922, 5.4.1923 en 2.6.1923. Hoofartikels.

139. Die Burger, 3.3.1921. Hoofartikel.

140. Die Burger, 14.12.1922 en 28.8.1923. Hoofartikel.

141. Die Burger, 19.1.1923. Hoofartikel.

kan inhou, dit geen wesenlike gevaar is nie omdat genl. Smuts nou in beheer van naturellesake is en die gevaar van 'n „laat maar loop“-beleid besef.¹⁴²

Dat die erns van die naturellevraagstuk deur sekere volksleiers in die land besef is, blyk daaruit dat die vraagstuk op 'n volksfees wat in Desember 1921 te Theunissen gehou is, en waarop genl. Smuts en genl. Hertzog as sprekers opgetree het, baie aandag geniet het. Die aanwesiges het aanbeveel dat die vraagstuk buite die partypolitiek gehou en onmiddellik aangepak word. Omdat die naturel 'n mens is met die reg om sy geestelike gawes te ontwikkel, moet die blanke hom Christelik en regverdig behandel. Maatskaplike gelykstelling sal noodlottig wees. Immigrasie bied geen oplossing vir die vraagstuk nie omdat dit slegs die armblanke-vraagstuk vererger en nie rekening hou met die sedelike aspek van die probleem nie. Die byeenkoms vra dat staatkundige en industriële segregasie sonder versuim toegepas word. Grondbesit deur blankes in nie-blanke gebiede, en andersom, moet onwettig wees en ekonomiese konkurrensie moet sover moontlik uitgeskakel word.¹⁴³

Die mededinging tussen blank en nie-blank op ekonomiese gebied het wye kommer gewek. Die grootskeepse beskikbaarheid van goedkoop nie-blanke arbeid het verhoed dat blankes wat uitgeboer het, hul dienste teen redelike pryse kon verhuur. Gevolglik het die armbankedom vinnig aangegroei namate daar meer van naturelle-arbeid gebruik gemaak is. Die uitbuiting van hierdie mededinging deur kapitaliste het die situasie vererger. Die enigste oplossing vir die ongelyke mededinging was werksverskansing vir die blankes en die beginsel is vasgelê in die Naturelle Regelingswet van 1911, die Wet op Hyne en Werke van dieselfde jaar en die status-quo-ooreenkoms, wat in 1922 met wapens in die Randse staking verdedig is. Toe hierdie verskansing egter in November 1923 deur die Hooggeregshof kragteloos verklaar is, is die gevaar van naturelle-oorheersing verder beklemtoon.¹⁴⁴

Die sensus van 1921 het getoon dat blanke Suid-Afrika meer as 587,000 stedelike naturelle in sy midde het. Dit was 33.82% van die totale stedelike bevolking.¹⁴⁵ Die sensus het verder aan die lig gebring dat die blankes in 'n

142. Die Burger, 19.3.1921. Verslag van toespraak in Londen.

143. Die Burger, 9.12.1921. Verslag van byeenkoms te Theunissen.

144. Supra, p. 101.

145. Rhodie en Venter, op. cit., p. 132; en Official Year Book of the Union of South Africa, no. 7, p.124 en p. 126.

tempo van ongeveer 7,000 per jaar die platteland verlaat om 'n heenkome in die stede te soek,¹⁴⁶ waar baie nie met die natuurlike kon meeding nie en in armoede verval het. „Die natuurlike druk vandag met sy halfnaakte liggaam die blanke man stap vir stap terug, altyd verder terug. Hy doen dit sonder assegaai en alleen deur die feit dat hy barbaars is, en weinig behoeftes het, en vir Kafferloonwerk,“ aldus dr. D.F. Malan.¹⁴⁷ Hierdie toestand was onrusbarend aangesien die blanke beskawing skynbaar besig was om die stryd teen die onbeskaafde te verloor.

Op 'n kongres oor die armblankevraagstuk wat in Julie 1923 in Bloemfontein gehou is, is die ongelyke stryd tussen blank en nie-blank druk bespreek. Dr. N.J. van der Merwe het natuurlike-arbeid as die sondvloed van Suid-Afrika bestempel. Hy het daarop gewys dat daar by die boer en arbeider eenstemmigheid oor die beleid van territoriale segregasie is, maar wanneer dit by industriële segregasie kom, moet die arbeider alleen die stryd stry. „Dit is onuitvoerbaar, eenvoudig omdat blanke-arbeid hier in botsing kom met die belange van die besittende klasse, die Boer en die kapitalis Die goedkoop kafferarbeid, al is dit ten koste van die brood en lewe van die arme blanke, is te groot 'n baat vir die besittende klas.“ Die kongres het die regering versoek om die ongeskoolde blanke en Kleurling teen die mededinging van die natuurlike te beskerm. Wat geskoolde arbeid betref, is die regering gevra om „die beginsel van industriële segregasie gebaseer op die uitvoering van territoriale segregasieonverwyld sy ernstige aandag te gee.“¹⁴⁸

Na die kongres het dr. D.F. Malan 'n reeks hoofartikels in Die Burger geskryf waarin hy o.m. aangetoon het watter gevare die land bedreig as die natuurlike nie gesegegreer word nie. Hy het dit duidelik gemaak dat hy nie net 'n pleidooi vir die voortbestaan van die blanke lewer nie maar ook vir die opvoeding en beskawing van die natuurlike. Dr. Malan het daarop gewys dat die natuurlike nie 'n bedreiging vir die blanke beskawing is net omdat hy 'n natuurlike is nie. Dit is sy onbeskaafdheid, sy gevolglike geringe behoeftes en sy lae loon wat besig is om die blanke „te verarm, te verlaag en te verjaag.... As die natuurlike in sy eie gebied as 'n beskaafde man lewe, en nóg in die arbeidsmark nóg deur goed-

146. Malan, Die groot vlug, p. 22.

147. Die Burger, 23.7.1923. Hoofartikel geskryf deur D.F. Malan. Sien Malan, Die groot vlug, p. 20.

148. Notule van gesamentlike kongres oor die arme blanke vraagstuk te Bloemfontein, 4.5.1923, p. 13, p. 15 en p. 16.

koop produksie op 'n onbillike manier met die blanke kan kompeteer; dan en dan eers, het hy werklik opgehou om vir die blanke 'n gevaar te wees. En dan kan desnoods selfs die segregasie-grense weer oopgegooi word, sonder dat die blanke dan 'n duimbreed hoef te wyk."¹⁴⁹

Die teenwoordigheid van groot getalle nie-blankes in stedelike gebiede het nie alleen die werksgeleenthede van ongeskoolde blankes beperk nie, maar ook maatskaplike en gesondheidsprobleme meegebring. Hoewel daar geen duidelike skeidslyn tussen blanke en nie-blanke woongebiede was nie, was die twee rasse-groepe tog in 'n mate gesegegreer.¹⁵⁰ Die lokasies was nie alleen 'n broeiplek van siektes nie, maar het ook die sedelike en liggaamlike welsyn van die natuurlike ondermyn.¹⁵¹ Die Transvaalse kommissie vir plaaslike bestuur, ook die Stallard-kommissie genoem, het gewaarsku: „The unregulated mixture of the black, white and coloured races in congested areas, or slums, is a cause of social degradation."¹⁵²

Genl. Smuts het reeds in 1920 aan die Naturellesakekommissie opdrag gegee om die lewensomstandighede van natuurlike in stedelike komplekse te bestudeer. Die kommissie se verslag, tesame met die verslag van die Stallard-kommissie, was die grondslag van die wetsontwerp op natuurlike in stadsgebiede wat genl. Smuts aan die begin van 1923 ingedien het. Die wet het voorsiening gemaak vir die verbetering en administrasie van woontoestande, vir die beheer van dienskontrakte en van natuurlike-instroming in stedelike gebiede.¹⁵³

By die tweede lesing van die wetsontwerp het genl. Smuts aangetoon dat daar nog geen voorsiening vir die groot toevloei van natuurlike na die stede gemaak is nie en dat hulle met die res van die bevolking gemeng het. Die gevolge was betreurenswaardig aangesien die blanke beskawing deur die toestand verlaag is en die natuurlike onder die invloed van die beskawing waarteen hy nie opgewasse was nie, verval het. Hy was van mening dat, hoewel sekere aspekte van die natuurlike-vraagstuk onoplosbaar is, daar vir die aspek van natuurlike

149. Die Burger, 23-24.7.1923. Hoofartikels; en Malan, Die groot vlug, pp. 18-21.

150. Hancock, op. cit., pp. 122-123.

151. Die Burger, 9.2.1922. Hoofartikel; Ibid., 9.4.1921. Verslag van vergadering te Pretoria; en Ibid., 11.3.1921. Besluit van Munisipale kongres.

152. Rhodie en Venter, op. cit., p. 123; en Hancock, op. cit., p. 122. Die Stallard-kommissie is so genoem omdat sy voorsitter adv. G.F. Stallard was.

153. Hancock, op. cit., p. 122; Rhodie en Venter, op. cit., pp. 123-124; en U.G.47-23, Rapport van de Naturelle-zaken Kommissie voor het jaar 1923, p. 3.

in stadsgebiede wel 'n oplossing kan wees. Genl. Smuts het verduidelik dat stadsrade deur die wetgewing verplig sou word om behoorlike lokasies met huisvesting vir die naturelle te verskaf. Die lokasies sou deur 'n naturelle-adviesraad beheer word. Onderskeid sou tussen die opgevoede en die onbeskaafde naturel gemaak word. Die opgevoede naturel sou in 'n aparte woongebied mag woon waar hy grond kan koop en sy eie huis kan bou. Hostelle vir rondtrekkende naturelle sou in die lokasies opgerig word. Belastinge wat in die lokasie gevorder word, sou gebruik word om die woongebied te verbeter. Voorsiening word ook gemaak vir o.m. die brou en verkoop van kafferbier en vir die vestiging van munisipale winkels in die woongebiede.¹⁵⁴

Genl. Smuts het verder daarop gewys dat die naturelle-vraagstuk in die verlede van alle partypolitieke belange geskei was: „I now urge that we discuss it here in this House from that larger point of view, and not from any party or sectional point of view, which will make the native in this country understand that this is an impartial attitude of ours when we approach the native question of this country, or any individual aspects of that question.“¹⁵⁵

Genl. Hertzog het die bespreking ingelei en die wetgewing asook genl. Smuts se erkenning van die segregasiebeginsel daarin, verwelkom. Hy het egter daarop gewys dat die naturelle volgens dié wetsontwerp grond in die lokasies mag besit en dat dit 'n verbreking van die Wet op Naturelle-grondbesit van 1913 is. Volgens dié wet is die naturel net 'n tydelike inwoner in die blanke se gebied en mag hy daar geen grond besit nie. Genl. Hertzog meen dat as daar nou van die beginsel afgewyk word, die naturelle die indruk mag kry dat die wet van 1913 net skyn is. Dit tesame met verkiesingsbeloftes van politici, wat nooit uitgevoer word nie, laat die naturel aan die opregtheid van die blanke twyfel. Hy voer aan dat die naturel as grondbesitter in die blanke se gebied ook op politieke regte aanspraak sal maak en vir stemreg sal agiteer. Die naturel moet besef dat die blanke in sy gebied baas is en geen valse hoop moet by die naturel verwek word nie. Genl. Hertzog maak ook teen aparte woongebiede vir opgevoede naturelle beswaar. Hy verklaar dat afgesien daarvan dat dit groot somme geld gaan kos, daar nie maklik bepaal sal kan word watter naturel opgevoed en watter

154. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, pp. 52-54; en Die Burger, 8.2.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

155. Ibid.

een barbaars is nie. Die aparte woongebiede sal ook jaloesie en wrywing tussën die twee groepe veroorsaak. Hy is buitendien oortuig dat die opgevoede naturel se plek onder sy eie volksgenote is, want hul opvoeding is vir minstens 90% van hul eie mense afhanklik. Genl. Hertzog het versoek dat die gekose komitee waarheen die wetsontwerp verwys is al hierdie sake deëgliek oorweeg. Hy stem saam met genl. Smuts dat die naturellevraagstuk onafhanklik van partybelange bespreek word. Die naturelle is 'n groot bate vir die land en geen vloek nie. Hulle is egter soos kinders met 'n lewensbeskouing en kultuur wat vreemd vir die blanke is en moet daarom baie versigtig en eerlik gehanteer word sodat hul vertroue in die kultuur en beskawing van die blanke nie geskok word nie.¹⁵⁶

Kol. Creswell het die bespreking van die wetsontwerp onafhanklik van partybelange verwelkom. Hy het aangetoon dat daar eenstemmigheid by al die partye is dat die blanke beskawing in die land gehandhaaf moet word. Oor die regering se optrede is daar egter groot verskille. Hy meen dat die regering se beleid tot dusver die oorsaak was dat die gevaar van naturelleoorheersing vergroot eerder as verminder is. Al hoe meer naturelle word van werk voorsien terwyl die land meer blankes nodig het om die beskawing te handhaaf. „We could never depend upon a small, shallow white aristocracy to accomplish that great work.“ Kol. Creswell verskil van genl. Smuts se sienswyse dat die konsentrasie van naturelle in stedelike gebiede 'n natuurlike ontwikkeling van die land is. „It is not a question of natural law; it is a question of our own mistaken economic doctrines. In Europe the same system was producing a position of extreme gravity and causing untold misery to millions of the population, but, at all events, they had this, that they could not sink below being white persons, with the traditions of their own civilisation behind them. Here we had a condition of affairs which sent our own people, people who had names, who came from the finest families in Europe, living as poor whites, living below the level of the Kaffir.“ Hy voorsien dat daar groot naturellestede rondom die land se nywerheidsmiddelpunte gaan ontstaan en dat die naturelle geïndustrialiseer gaan word. Die gepraat oor die behoud van die blanke beskawing sal dan slegs holle woorde wees. Vir hom is die wetsontwerp

156. Die Burger, 8.2.1923. Verslag van Volksraadsdebat; en Debates of the House of Assembly..., vol. 8, p. 55.

net lapwerk.¹⁵⁷

Die Burger het genl. Hertzog se standpunt sterk gesteun en daarop gewys dat indien grondbesit deur natuurlike in blanke gebied toegelaat word, segregasie nooit uitgevoer sou kon word nie, aangesien dieselfde probleme ondervind sou word as in die geval met die repatriasie van die Asiate. Laasgenoemde besit soveel grond dat daar nie genoeg fondse is om die grond teen redelike vergoeding te onteien en hulle te repatrieer nie. Die redakteur beklemtoon dit weer eens dat „die vrede in Suid-Afrika eis segregasie“ en vra dat die segregasiebeginsel ondubbelsinnig in elke natuurlewetsontwerp neergelê word.¹⁵⁸

Hierdie mening is in die Volksraadsdebat deur talle sprekers gehuldig en slegs 'n paar het die beginsel van eiendomsreg verdedig.¹⁵⁹ Met die bespreking van die wetsontwerp in komitee het genl. Smuts aangekondig dat die gekose komitee besluit het dat die besit van eiendom in die lokasies nie toegelaat kan word nie. Die amendement van adv. W.H. Stuart, regeringslid vir Temboeland, dat die natuurlike wel eiendom mag besit, is met 69 stemme teen 18 verwerp.¹⁶⁰ Die wetsontwerp is gevolglik as Wet nr. 21 van 1923 op die wetboek geplaas en sou vanaf 1 Januarie 1924 in werking tree.¹⁶¹

Die weiering van grondbesit het ogter hewige protes onder die natuurlike tot gevolg gehad. Die Natuurlike-Waaksameheidskomitee van King William's Town het teen die toenemende neiging om die regte van natuurlike deur wetgewing te verminder, geprotesteer. Die komitee het beswaar gemaak teen die verbot op eiendomsreg en die passtelsel wat die natuurlike in die stede in ewigdurende slawerny hou en hulle van belangrike poste uitsluit. Die wetgewing is 'n „arglistiese veldtog teen die sedelike en ekonomiese vooruitgang van die Natuurlikebevolking van Suid-Afrika“ genoem.¹⁶² Die African National Congress het in Mei 1923 sy misnoë met die wetgewing uitgespreek en verklaar dat die Unie-parlement vasbeslote is „om die Bantoe te verneder tot aanhoudende diensbaarheid, soos aangetoon deur die wetgewing sedert

157. Ibid., p. 63; en Die Burger, 10.2.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

158. Die Burger, 9.2.1923. Hoofartikel.

159. Die Burger, 8.2.1923, 10.2.1923 en 13.2.1923. Verslae van Volksraadsdebatte.

160. Die Burger, 5-8.5.1923. Verslae van Volksraadsdebatte; en Debates of the House of Assembly..., vol. 8, pp. 282-287. Vyf Arbeiders het saam met die S.A. Party-lede gestem.

161. U.G.47-23, p. 2.

162. Die Burger, 22.5.1923.

1913." Hy bestempel die weiering van grondbesit as "'n onreg van die grofste aard" en verklaar dat dit 'n uitdaging aan die getrouheid van die naturel en 'n belediging vir sy billikheidsgevoel is. 'n Deputasie is ook afgevaardig om die naturelle se protes aan die regering oor te dra en om die Goewerneur-Generaal te versoek om die wetsontwerp af te keur.¹⁶³

Hoe noodsaaklik die naturelle grondbesit geag het, blyk uit die stelling van verskeie naturellesprekers op 'n konferensie in Johannesburg dat grondbesit die wortel van die kleurvraagstuk is. Die konferensie, van 27 - 29 September 1923 gehou, is deur die Federale Raad van die Nederduits Gereformeerde Kerke gereël en is deur verteenwoordigers van die Nederduits Gereformeerde, Anglikaanse en Nonkonformistiese kerke, naturelleverenigings, welsynsorganisasies, hoofmanne en ander naturelleafgevaardigdes bygewoon. Onder die besluite wat geneem is, was dat die regering versoek word om grond aan naturelle beskikbaar te stel en meer duidelikheid omtrent die bepalinge betreffende grondbesit te verskaf. Die konferensie het ook besluit dat die Christelike godsdiens die enigste grondslag moet vorm waarop die naturellepoltiek en -wetgewing vasgelê moet word. Op versoek van prof. Edgar H. Brookes spreek die konferensie hom uit ten gunste van segregasie volgens die beginsel van gedifferensieerde ontwikkeling van die naturel in soverre as sodanige skeiding gegrond is op naturelletradisies en -vereistes en nie as middel tot onderdrukking gebruik word nie. Die konferensie was ook van mening dat totale territoriale segregasie nie moontlik of raadzaam is nie, dog dat "'n gedeeltelike besit-segregasie", hoewel dit geen algehele oplossing van die naturellevraagstuk bied nie, tog 'n nuttige hulpmaatreël is waardeur administrasie vergemaklik word. Daar is aanbeveel dat die onaantasbaarheid van die bestaande lokasies gerespekteer en gehandhaaf word. Verder word ook besluit dat die naturelle toegelaat moet word om 'n stem in hul eie bestuur te hê en dat begin moet word om die naturelle op te lei in die vorme van selfbestuur deur die instelling van plaaslike naturellederade

^{163.} Die Burger, 28.5.1923. Verslag van kongresbesluit Sien ook Ibid., 18.5.1923. Verstrek die mening van Kanga lase Natal; Ibid., 19.5.1923. Besluit van 'n naturellekongres op Burgersdorp; Ibid., 29.5.1923. Verslag van T. Pelem op Queenstown; Ibid., 5.6.1923. Protes van vergadering op Queenstown; en Ibid., 16.11.1923. Besluit op provinsiale sendingkonferensie te Grahamstad.

soos vervat is in Wet nr. 23 van 1920.¹⁶⁴

Die Burger het die kongres in Johannesburg gebruik as aanknopingspunt om die blanke op sy verantwoordelikheid teenoor die naturel te wys. Die redakteur toon aan dat genl. Hertzog lank gelede al gewaarsku het dat as die blanke nie geleentheid skep waar die geleerde naturel sy talente kan gebruik nie, hy noodwendig as agitator sal optree. Daar is al reeds 'n groot aantal opgevoede naturelle wat nie hul kragte in ware diens van hul volk aanwend nie, maar vir regte en voorregte agiteer, nie soseer vir hul volk nie maar vir hulself. Die blad wys verder daarop dat die vertroue van die naturelle in die witman verminder het, nie net weens die agitatie van enkele heethoofde nie, maar ook as gevolg van die blanke se eie optrede. Oorsake hiervan is 'n gebrek aan 'n duidelike en vaste 'naturellepolitiek by die regering en ook 'n gebrek aan belangstelling by die oorgrote publiek - 'n aangeleentheid wat deur die konferensie beklemtoon is. Die redakteur voer aan dat die oorsaak van die belangeloosheid dikwels onkunde oor die idees en aspirasies van die naturel, oor die blanke se plig teenoor die naturel en oor die gevare wat onvermydelik is as sake toegelaat word om verder te ontwikkel. Hy meen dan ook dat indien die Kerk deur die konferensie daarin kon slaag om die gebrek aan belangstelling te laat verdwyn, die konferensie 'n wonderlike sukses was. Die Burger hoop ook dat daar nou 'n einde aan die bewering van sekere Engelssprekendes dat die Afrikaanssprekendes die naturel wil onderdruk, sal kom. „Verskil van opinie omtrent die beste naturelle politiek sal daar wel altyd wees, maar laat ons nou eenmaal besef, of ons Engels dan of ons Afrikaans praat, dat hier 'n vuur is waarmee nie gespeel kan word nie; laat ons nou almal eenmaal besef dat om naturelle op te sweep teen een van die twee blanke rasse, 'n onvergeeflike misdaad is teenoor die hele blanke bevolking; dat hy, wat hom daaraan skuldig maak, nog slegter is as 'n renegaat, dat hy 'n skurk is, wat sy eie volk beskadig, sowel as die volk vir wie hy sulke dinge gaan verkondig." Daarom sal dit tot heil van die naturel wees as die partye ophou om sy stem te soek want daardeur word hulself verlaag en die verstand van die naturel vergiftig. „Liewer wil ons sien dat in der ewigheid geen enkele naturel sy stem ooit vir 'n kandidaat van die Nasionale Party gee nie, dan dat die party hom skuldig maak aan hierdie onvergeeflike sonde teen die

164. Die Burger, 1.10.1923. Verslag van kongres; en European and Bantu, published by the Federal Council of the D.R. Churches, pp. 41-46.

blanke beskawing.¹⁶⁵

Dat die naturellestem vir partypolitieke voordeel misbruik is, blyk uit die verklarings van leiers soos dr. D.F. Malan en genl. Hertzog.¹⁶⁶ In kiesafdelings soos Temboeland, Uitenhage, Albert-Aliwal, Wodchouse, Griekwaland, Grens, Fort Beaufort, King Williams Town en Queenstown was die nie-blanke stem die beslissende faktor en die Nasionale se segregasiepolitiek is deur die kandidate van die S.A. Party uitgebuit om stemme te werf.¹⁶⁷ Dr. Malan het daarop gewys dat die uitvoering van die segregasiebeginsel al hoe moeiliker word namate meer nie-blankes in die Kaapprovinsie stemreg kry, en gevolglik al hoe meer Volksraadslede hulle setels aan die nie-blanke stem te danke het. Hy het aangetoon hoe onrusbarend die toestand reeds daar is. In 1909 was die verhouding tussen die nie-blanke en blanke kiesers, 1 : 5.7; in 1913, 1 : 5.3; in 1917, 1 : 4.9 en in 1921, 1 : 3.7. Dr. Malan meen dat hoe gouer segregasie uitgevoer word en die nie-blanke stemreg in sy eie gebied kry, hoe beter is dit vir die behoud van die blanke beskawing.¹⁶⁸

Nasionaliste het nie net vir die beskerming van die blankes teen naturelle-oorheersing gepleit nie maar ook die belange en welsyn van die naturelle in ag geneem. Hulle standpunt was dat die ondergang van die blanke beskawing ook noodlottig vir die naturel sou wees want „die beskawing veredel, en versleg nie 'n mens nie,“ aldus genl. Hertzog.¹⁶⁹ Die Nasionale Party het niks vir die blanke geëis wat hy nie vir die naturel in sy gebied gegun het nie. Sy beleid van territoriale segregasie het die opvoeding en ontwikkeling van die naturel volgens sy eie aard, tradisies en gebruike tot volwaardige nasieskap en ekonomiese selfstandigheid in die vooruitsig gestel. Die „kristelike voorgedyskap“ van die blanke vir die ontwikkeling is as 'n vereiste gestel.¹⁷⁰

Daarom het Die Burger die noodsaaklikheid van kennis van die gewoontes, gebruike en taal van die naturel ten einde sy standpunt te verstaan en die blanke se standpunt aan hom te verduidelik, beklemtoon. Die redakteur meen dat sodanige kennis veral by amptenare van die Departement van Naturelle-

165. Die Burger, 2.10.1923. Hoofartikel.

166. Sien p. 173 en p. 177; en Hancock, op. cit., p. 126.

167. Malan, Die groot vlug, p. 19.

168. Ibid. Die aantal geregistreerde nie-blanke kiesers in die Kaapprovinsie in Desember 1921 was 41,139 en in Junie 1922, 41,086. Sien Official Year Book of the Union of South Africa, no. 7, p. 350.

169. Supra, p.145, voetnoot 16.

170. Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat, Beginsels, konstitusie, statute, (1926) p.10.

sake onontbeerlik is.¹⁷¹ Hy het daarop gewys dat onkunde oor naturellegewoontes dikwels lei tot blanke veroordeling van die naturel en die afkeur van gebruike wat in werklikheid as waardevolle fondament kan dien om op voort te bou.¹⁷² Hierdie saak het ook in Februarie 1924 met die bespreking van die wetsontwerp oor die regsrag van naturellehoofde in die Volksraad ter sprake gekom.¹⁷³ P.G.W. Grobler, Nasionale lid vir Rustenburg, het die noodsaaklikheid dat naturelle-kommissarisse hulle nie te veel met die regspleging van kapteins moet inlaat nie, beklemtoon. Hy meen dat hulle vonisse op oorlewering, godsdiens en gebruike, wat soms vir die blanke onbillik lyk, gebaseer is. Die inmenging van blankes in die regspleging van die naturel ondermyn die gesag van die kapteins, veral oor die jong naturelle. „Ons moet nie met ruwe hand afbreek wat die Kaffers self opgebou het nie. Ons moet liewers probeer om op te bou op wat hul reeds besit.“¹⁷⁴

'n Beperking op die invoer van naturellemynwerkers uit Mosambiek was 'n ander saak wat deur genl. Hertzog in belang van die Unie se naturellebevolking bepleit is. Hy het aangevoer dat onbeperkte invoer die lone van Suid-Afrikaanse naturelle verlaag. Hy het daarop aangedring dat die inheemse naturelle by werksverskaffing voorkeur moet geniet en eers as die myneienaars teen die bestaande lone nie genoeg arbeiders kan kry nie, kon ander ingevoer word.¹⁷⁵

Genl. Hertzog het ook teen genl. Smuts se plan van onbeperkte immigrasie na Suid-Afrika, voordat die nodige werksgeleenthede hier bestaan, beswaar gemaak. Dit sou volgens hom nie net die aantal werkloses in die land vermeerder nie, maar ook die Kleurling en naturel uit hul werk stoot. Hy meen dat die nie-blankes landsburgers is, en dat die regering geen reg het om van hul werksgeleenthede aan immigrante te oorhandig nie.¹⁷⁶

* * *

Nie slegs Nasionaliste nie, maar die meerderheid blankes

171. Die Burger, 28.10.1921 en 10.1.1924. Hoofartikels.

172. Die Burger, 5.2.1924. Hoofartikel. Sien ook Ibid., 21.7.1923. Artikel deur Werner Eiselen i.s. kennis van naturellegewoontes.

173. Hiervolgens is appèl na die Hoërhof afgeskaf en teruggeplaas na die Naturellesakekommissaris. Sien Die Burger, 5.2.1924. Verslag van Volksraadsdebat.

174. Die Burger, 5.2.1924. Verslag van Volksraadsdebat.

175. Die Burger, 27.2.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

176. Die Burger, 16.6.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

het die segregasiebeginsel en die noodsaaklikheid van die uitvoering daarvan in hierdie jare erken en by die regering aangedring om die beleid uit te voer.¹⁷⁷ Dit wil egter voorkom asof die segregasiebeleid slegs 'n ideaal was waarvoor daar nog geen duidelikheid omtrent die uitvoering en implikasies daarvan bestaan het nie. Territoriale segregasie is deur baie blankes aanvaar, maar van industriële segregasie wat deur genl. Hertzog en kol. Creswell bepleit is, is teruggedeins. Dit blyk duidelik uit die standpunt van dr. N.J. van der Merwe dat boer en arbeider oor territoriale segregasie eens is, maar waar dit by industriële segregasie kom, die arbeider die stryd alleen moet voortsit.¹⁷⁸ In sy verkiesingsmanifes van 1924 het die Transvaalse Nasionale Party hom ook ten gunste van segregasie van naturelle uitgespreek, maar beklemtoon dat daar sorg gedra moet word dat die boer nie daardeur belemmer of sy plaasvolk weggeneem word nie.¹⁷⁹

Die Volksblad se standpunt oor hierdie saak was: „Dis eienaardig dat oor die Naturelle-Vraagstuk so min gespreek en geskryf word. Want dis tog 'n probleem waarvoor elke Afrikaner dink - sommige wel meer en dieper dan andere Segregasie meen vir die witman baie opoffering. Sonder opoffering sal dit nooit gaan nie en hoe langer ons wag, hoe groter sal die opoffering word, m.a.w. hoe moeiliker sal segregasie word. Daarom moet ons aan die segregasie-gedagte gou gewoon raak en die saak met volle erns aanpak. Deur ongemak nou kan ons vir ons seer veel bitterheid en ongerustheid in die toekomst spaar.“¹⁸⁰

Genl. Hertzog se duidelik geformuleerde segregasiebeleid was die eerste konstruktiewe poging om 'n behoorlike naturellebeleid vir Suid-Afrika neer te lê.¹⁸¹ Hoewel genl. Smuts met die beginsel van segregasie saamgestem het, het hy

177. Kongresnotule van die Nasionale Party van die Kaap-provinsie, 4-6.10.1921, p. 15; Die Burger, 30.9.1921. Besluit van die Transvaalse Nasionale Party-kongres; Kongresnotule van die Nasionale Party van Transvaal, 12-14.9.1923, p. 63. Program van aksie van die N.P. van Transvaal; Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal, 1918-1922, p. 134. Besluit van die Natalse N.P.-kongres op 18.10.1921; Ibid., 1922-1932, p. 46. Besluit van die Natalse N.P.-kongres op 24.10.1923; en Kongresnotule van die Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat, 19-20.11.1924, p. 16.

178. Supra, p. 175.

179. Die Burger, 15.5.1924.

180. Die Volksblad, 13.12.1921. Hoofartikel.

181. Brookes, op. cit., p. 347; en Rhodie en Venter, op. cit., p. 126.

genl. Hertzog se industriële segregasie verwerp. Hy het ook geen eenstemmigheid in sy koukus oor die natuurlikebeleid gehad nie.¹⁸² As Minister van Naturellesake het hy 'n poging aangewend om sekere aspekte van die naturellevraagstuk aan te pak maar „van daadwerklike, doelgerigte en gekoördineerde optrede kragtens 'n gemeenskaplike nasionale formule" was daar geen sprake nie.¹⁸³ Edgar H. Brookes verklaar: „There was a most lamented tendency to drift. Union Native Administration..... for fear of doing wrong, it has done nothing."¹⁸⁴ Die Naturellesakewet van 1920 het nooit behoorlik op dreef gekom, veral wat die beoogde natuurlikekonferensies betref, nie.¹⁸⁵ Die Stadsgebiedswet van 1923 waarin die belangrike beginsel van gebiedskeiding en instromingsbeheer vervat is; en waarin natuurlike-grondbesit in nie-blanke woongebiede danksy die Nasionale verbied is, was egter omseilbaar en onvoldedig. Die beheer van natuurlikearbeid is hiervolgens aan die verskillende munisipaliteite opgedra, maar as gevolg van eksploitasie van natuurlike-arbeid is dit nooit konsekwent toegepas nie.¹⁸⁶

Genl. Smuts het sy natuurlikewetgewing van 1920 en 1923 self as 'n waardevolle bydrae tot die oplossing van die naturellevraagstuk bestempel, en dit as die grootste voorwaartse stap beskou wat ooit in die geskiedenis van Suid-Afrika in dié verband gedoen is.¹⁸⁷

Die Nasionale opposisie, veral genl. Hertzog se sterk standpunt oor die segregasiebeginsel, binne en buite die Volksraad het daartoe gelei dat die volk in toenemende mate van die naturellevraagstuk bewus geword het. Territoriale en industriële segregasie was ook een van die raakpunte in die standpunte van genl. Hertzog en kol. Creswell, waarop samewerking tussen die twee partyleiers in die verkiesing van 1924 gegrond is. Hierdie samewerking sou tot die bewindsoorname van die Nasionale Party en 'n koalisieregering met die Arbeidersparty lei. „Die nuwe regime het 'n era ingelui wat vir die apartheidsgedagte van direkte en groot vormende betekenis sou wees.... Vir die eerste keer is dié vraagstuk as 'n geheel benader en is daadwerklike stappe gedoen om die nuwe benadering in 'n gekonsolideerde beleid ge-

182. Hancock, op. cit., p. 160.

183. Rhodie en Venter, op. cit., p. 124.

184. Brookes, op. cit., p. 146.

185. Rhodie en Venter, op. cit., p. 125.

186. Ibid.

187. Die Burger, 16.8.1923. Verslag van toespraak te Bloemfontein.

stalte te gee."¹⁸⁸

2. DIE KLEURLINGE.

Die Kleurlinge, in teenstelling met die naturelle, was weens hul getalle en beskawingspeil geen bedreiging vir die voortbestaan van die blanke beskawing nie. By die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika is bepaal dat die Kleurlinge in die Kaapprovinsie en Natal hulle stemreg behou maar die reg om as 'n lid van die Volksraad of die Senaat van die Unie-parlement verkies te word, is hulle ontnem. In die ander twee provinsies het die Kleurlinge geen stemreg gehad nie.¹⁸⁹

Die land se Kleurlingbevolking was volgens die sensus-syfers van 1921 soos volg versprei:¹⁹⁰

Kaapland	Natal	Transvaal	Vrystaat	Totaal
484,252	11,107	32,291	17,898	545,548

Die meerderheid Kleurlinge was dus in die Kaapprovinsie gesentreer maar in 1921 was die totale aantal Kleurlingkiesers daar net 26,790.¹⁹¹

Nie één van die politieke partye het in hierdie jare 'n duidelike beleid oor die toekoms van die Kleurlinge in die land gehad nie en in geen party se program van beginsels was daar 'n bepaling of standpunt oor hierdie volksgroep nie.

Die Nasionale Party by monde van sy leier, genl. J.B.M. Hertzog, het in November 1925 te Smithfield verklaar: „Vir die laaste 7 en meer jare, het die Nasionaliste in die Parlement die politiek aangeneem en voorgestaan, dat wat betref die Kaapse Kleurlinge, segregasie nie in sy geval kan toegepas word nie, en dat, ingeval van segregasie van die naturel, die Kaapse Kleurling ekonomies, industrieel en politiek dien opgeneem te word naas die Europeaan.“¹⁹² Hierdie beleid van gedeeltelike integrasie is deur hom in die voorafgaande jare broksgewys aan die volk bekend gemaak.

Genl. Hertzog het dit van die begin af duidelik gestel

188. Rhoadie en Venter, op. cit., p. 135. Verstrek die mening van The Round Table, Maart 1926, p. 407.

189. U.G.54-37. Verslag van die Kommissie van Onderzoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie, p. 244.

190. Official Year Book of the Union of South Africa, no. 7, pp. 119-121. Hierdie is die totale vir alle gekleurd- des, net naturelle en Asiate uitgesluit.

191. Thompson, L.M., The Cape Coloured franchise, p. 55.

192. Die segregasie-vraagstuk. Oplossing van Generaal Hertzog, uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party, p. 10.

dat die naturelle en die Kaapse Kleurlinge twee totaal aparte groepe of rasse is en daarom nie eners deur die blankes behandel kan word nie.¹⁹³ Hy het dit telkens beklemtoon dat die Kleurlinge deel van die blankes is met dieselfde wette, gewoontes, lewensuitkyk en ook dieselfde taal.¹⁹⁴ Daarom moet die Kleurlinge by die blanke aansluiting soek en op ekonomiese en politieke gebied daar inskakel.¹⁹⁵

Oor hierdie ekonomiese en politieke regte het genl. Hertzog in 1923 te Kimberley verklaar dat daar stadigaan besef word dat dié regte aan die Kleurlinge toegestaan moet word, maar dat dit weens rassevooroordeel tyd sal neem voordat hy so 'n verklaring in die publiek kon maak. Hy hoop egter dat hulle dit spoedig sou verkry.¹⁹⁶ Oor stemreg aan die Kleurlinge in die Vrystaat was sy beskouing: „Tot nog toe het ons die stemreg hier aan hulle onthou, maar selfbehoud laat dit nie toe nie. Ons kan die stemreg van die kleurling nie veel langer onthou nie.“¹⁹⁷ Hy meen dat die politieke regte vir Kleurlinge in al die provinsies dieselfde moet wees en het die afskaffing van die paswette vir Kleurlinge, wat in die Vrystaat bestaan het, bepleit.¹⁹⁸

Genl. Hertzog het dit beklemtoon dat daar geen sprake van maatskaplike gelykheid tussen blankes en Kleurlinge sal wees nie. Die gelykheid sal selgs geld „vir die politieke regte en ons pligte teenoor die kleurling as politieke lid van die maatskappy. Die bepleiting van maatskaplike gelykheid van die kleurling met die Europeaan sou na my oordeel die slegte diens wees, wat iemand vandag aan die kleurling kan bewys en ook aan die Europeaan, en ons kleurlinge weet nie alleen dat dit my sienswyse is maar het my ook herhaalde male verseker dat hulle die sienswyse met my deel.“¹⁹⁹ Die Kleurlinge moet as 'n volk ontwikkel en hy meen dat die plek van die opgevoede bruinman by sy volk en nie tussen die blan-

193. Die Burger, 14.10.1921. Verslag van toespraak te Bloemfontein; en Ibid., 14.12.1922. Verslag van toespraak te Aliwal-Noord.

194. Die Burger, 9.12.1921. Verslag van toespraak te Theunissen; en Ibid., 14.10.1921 en 14.12.1922. Verslae van toespraak te Bloemfontein en Aliwal-Noord.

195. Die Burger, 14.10.1921. en 14.11.1921. Verslae van toespraak te Bloemfontein en Smithfield; en Ibid., 14.5.1924. Verslag van toespraak te Upington.

196. Die Burger, 12.7.1923. Verslag van toespraak te Kimberley.

197. Die Burger, 14.10.1921. Verslag van toespraak te Bloemfontein.

198. Die Burger, 14.12.1922. Verslag van toespraak te Aliwal-Noord; en Ibid., 14.11.1921. Verslag van toespraak te Smithfield.

199. Die Burger, 21.10.1921. Telegram van genl. Hertzog aan Die Burger.

kes is nie. Sy kragte en vermoëns moet aan die opheffing van sy volksgenote gewy word.²⁰⁰ Dit is daarom noodsaaklik dat die Kleurlinge nie eiendom in dorpe tussen blankes moet besit en bewoon nië. Hulle moet hulle eie woongebiede hê, afgeskei ook van die naturelle.²⁰¹

Genl. Hertzog het ook verklaar dat die Kleurlinge met-tert tyd hul aandeel in die landsverdediging moet neem, maar dat hulle nie saam met die blankes in dieselfde geledere moet dien nie.²⁰² Hy het dit telkens beklemtoon dat die Kleurlingvraagstuk nie aangepak of opgelos kon word voordat die naturellevraagstuk deur middel van segregasie opgelos is nie.²⁰³

Hiermee het dr. D.F. Malan saamgestem toe hy verklaar het dat die versuim van die regering om met die segregasie van die naturelle voort te gaan, die ontwikkeling van die naturel en die uitbreiding van die regte van die Kleurlinge strem.²⁰⁴ Sodra die naturelle gesegegreer is, sal die Kleurlinge as blankes behandel kan word, en ook op industriële en politieke gebied teen die naturelle beskerm kan word.²⁰⁵

Volgens dr. Malan is die Kleurling die blanke se bondgenoot teen die oorheersing van die naturel en in die beskerming van die blanke beskawing. Hy voer aan dat die noordelike provinsies baie meerderwaardig op die Kaapkolonie met sy groot aantal stemgeregtigde Kleurlinge neersien. Hy erken dat die Kleurlinge dikwels die prooi van die grofste wanvoorstelling is en hulle stemreg maklik in verkiesings laat misbruik. „Maar kragtens die feit alleen dat hy die blanke beskawing aangeneem het, en die blanke se taal spreek en teenoor die naturel dieselfde belange het om te beskerm, kan hy ook, en sal hy ook, met behoorlike voorligting en simpatieke behandeling, die bolwerk en die verdediging van die blanke en sy beskawing word. As die noordelike Provinsies in benoudheid sal worstel in die ergste weë van die naturel-lekwessie sal die Kaapprovinsie veilig daar deur wees.“²⁰⁶

200. Die Burger, 14.10.1921 en 14.11.1921. Verslae van toesprake te Bloemfontein en Smithfield; en Ibid., 14.12.1921 en 12.7.1923. Verslae van toesprake te Aliwal-Noord en Kimberley.

201. Die Burger, 10.5.1922. Berig i.s. brief van genl. Hertzog aan die burgemeester van Smithfield.

202. Die Burger, 13.7.1923. Verslag van toespraak te Kimberley.

203. Die Burger, 14.12.1922. Verslag van toespraak te Aliwal-Noord.

204. Die Burger, 1.11.1922. Verslag van toespraak te Malmesbury.

205. Die Burger, 27.9.1923. Verslag van toespraak te Oudtshoorn.

206. Malan, D.F., Die groot vlug, p. 20.

Hy was net soos genl. Hertzog van mening dat die Kleurlinge spoedig volle politieke regte sou kry. In Desember 1923 skryf hy aan dr. Abdurahman, 'n Kaapse Kleurlingleier, soos volg: „Vir jare het die Kleurlinge hulle ingespan vir die verwydering van hul ekonomiese en politieke onderhorigheid. As ek die sienswyse van blanke Suid-Afrika reg vertolk, kan daardie verwydering nie meer veraf wees nie. Julle sowel as die Kleurlinge sal verhoogde status ontvang wat sal verseker daardie gelykberegting, ekonomies sowel as politiek wat julle verlang.”²⁰⁷

Dr. Malan het hom ook persoonlik vir die afskaffing van die paswette vir Kleurlinge in die Vrystaat beywer. Op 9 Mei 1923 het hy gedurende die bespreking van die wetsontwerp op Naturelle in Stadsgebiede voorgestel dat die Kleurlinge van die dra van passe vrygestel word.²⁰⁸ Genl. Smuts het die voorstel aanvaar en 'n mosie in die verband ingedien.²⁰⁹ Dr. Malan het die Eerste Minister hiervoor bedank. Hy het aangetoon dat sy motief nie is om Kleurlingstemme te werf nie. „Dis bloot 'n erkenning van die belangrikheid van ons groot vraagstuk. Ons wetgewing moet ooreenkom met veranderde... omstandighede... As die voorstel deurgaans sal nie alleen die kleurlinge van 'n anomalie onthef word nie, maar sal ook reg geskied aan die Vrystaat. Dis die enigste provinsie waar kleurlinge passe moet dra. Omdat die O.V.S. so 'n uitsondering vorm dra die provinsie 'n onverdiende odium by ons hele kleurlingbevolking. Hierdie odium sal deur die mosie weggeneem word.”²¹⁰

Hierdie voorstel is heftig deur twee Vrystaatse Nasionale geopponeer. Adv. J.G. Keyter, lid vir Ficksburg, het dit bestempel as 'n poging om stemme te werf. „Die Eerste Minister wil stemme vang om op die kussings te bly, en dr. Malan probeer om stemme te vang ten einde mag in hande te kry, en die Vrystaat moet die gelag betaal.”²¹¹ Hy noem dit 'n „onheilige verbond tussen dr. Malan en genl. Smuts, en dit toon nogeens hoe ver iemand, selfs dr. Malan, sal gaan om mag te kry.”²¹² Hy waarsku „die Vrystaatse volk en selfs die Transvaal dat dit die dun end van die wig is, en dat die volgende stap sal wees om stemreg aan die kleurlinge daar te gee.”²¹³ J.H.B. Wessels, lid vir Bethlehem, het aangetoon

207. Van Rhyn, A., Dr. Malan se kleurlingbeleid vanaf 1921-1932, p. 1.

208. Die Burger, 10.5.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

209. Die Burger, 12.5.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

210. Ibid.

211. Ibid.

212. Die Burger, 15.5.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

213. Die Burger, 12.5.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

dat in die Vrystaat, geen onderskeid tussen die naturel en die Kleurling gemaak kan word nie en dat daar groot verskille tussen die Vrystaatse en Kaapse Kleurlinge is. Die Vrystaatse Kleurlinge sluit allerlei rasse soos die Griekwas van Adam Kok en die Basters van Pieter Baadjies in. „In die Vrystaat is daar groot getalle kleurlinge wat baie laer staan as die Basoeto's en Soeloes, wat hoogstaande en suiwer rasse is. Onder daardie Basoetoerasse....sal 'n storm van verontwaardiging opgaan as hulle verneem dat die laag staande baster-kleurlinge bokant hulle gestel word.“ Wessels gee toe dat die beskaafde Kleurling, soos dié in die Kaapprovinsie, meer regte moet kry, maar „die Vrystaatse kleurling was altyd 'n heloot en was selfs in die lokasie verag.“²¹⁴ N.C. Havenga, lid vir Fauresmith, was egter van mening dat Keyter en Wessels nie namens die Vrystaat praat nie.²¹⁵

Genl. Smuts het daarop gewys dat die moeilikheid ontstaan het deurdát die Vrystaat geen onderskeid tussen naturelle en Kleurlinge gemaak het nie. „Dit mag 'n historiese uitleg hê, maar rég en billikheid eis 'n verandering, en spreker is oortuig daarvan dat dié Vrystaat op vraagstukke van reg en regverdigheid nie by die ander Provinsies agter staan nie.“²¹⁶ Na verdere bespreking is voorstelle dat die amendement tot die volgende jaar moet oorstaan sodat die Vrystaatse kiesers eers oor die saak geraadpleeg kan word, verwerp.²¹⁷ Die Vrystaatse Kleurlinge is gevolglik volgens die Wet op Naturelle in Stadsgebiede van 1923 wat op 1 Januarie 1924 in werking sou tree, van paswette vrygestel.²¹⁸

Dit is duidelik dat die noordelike provinsies nie vir politieke en ekonomiese integrasie met die Kleurlinge te vinde was nie. Hierteenoor was baie Kaapenaars ten gunste van gelykstelling met die blanke. Genl. Hertzog het dus in sy verklaring oor die Kleurlingbeleid nie namens al die Nasionaliste gepraat nie.²¹⁹ Francis Joshua, 'n Kleurling van Kimberley, het genl. Hertzog dan ook as 'n man van politieke eerlikheid bestempel omdat hy met sy verklaring dat die Kleurlinge nie tot hulle volle reg kom nie, sy posisie in die Vrystaat in gevaar stel.²²⁰

214. Ibid.

215. Ibid.

216. Ibid.

217. Ibid.; en Die Burger, 15.5.1924. Verslag van Volksraadsdebat.

218. Official Year Book..., nr. 7, p. 870.

219. Die Burger, 20.10.1921. Verstrek die mening van die Cape Argus; en Ibid., 12.7.1923. Verslag van toespraak van N.C. Havenga oor die vooroordeel in die O.V.S.

220. Die Burger, 12.7.1923. Verslag van toespraak.

'n Ander standpunt was dat Kleurlinge afsonderlike verteenwoordigers in die Volksraad moes kry. Op 18 Oktober het Die Burger die toekenning van politieke regte aan die Kleurlinge en opvoeding om die regte behoorlik te gebruik, bepleit. Die redakteur wou weet wat die moontlikheid is om die Kleurlinge deur 'n spesiale verteenwoordiger 'n groter aandeel in die wetgewing te gee.²²¹ Die Nasionale Party-tak van Oudtshoorn het hierdie gedagte van afsonderlike verteenwoordiging ook in 1922 in 'n beskrywingspunt op die Kaaplandse Nasionale kongres te Malmesbury voorgestel. Die voorstel is egter net by bespreking gelaat.²²² Eers baie jare later sou hierdie gedagte weer veld wen en as amptelike Nasionale Partybeleid aanvaar word.

Ten spyte van die stilswye van die S.A. Party oor die toekoms van die Kleurlinge, het hy die steun van die grootste persentasie van die Kaapse Kleurlinge geniet.²²³ Toe die Kleurlinge egter in 1922 'n beroep op die Parlement, by wyse van 'n petisie deur 50,000 Kleurlinge onderteken, doen om hulle groter politieke regte te gee en hulle stemreg na Transvaal en die Vrystaat uit te brei, het dit op dowe ore geval.²²⁴ Geen party was in daardie stadium bereid om as kampvegter vir die uitbreiding van die politieke mag van die Kleurling op te tree nie.

3. DIE INDIËRS

Die steeds groeiende Indiërbevolking in Suid-Afrika was 'n ander vraagstuk wat 'n spoedige oplossing geëis het. Volgens die sensus van 1921 was daar 165,731 Asiërs in die land.²²⁵ Natal het sowat 88% van die Indiërs gehuisves, Transvaal 8% en die Kaapprovinsie 4%. In die Vrystaat was daar net 395.²²⁶

Die Indiërs wat aanvanklik na Natal gebring is om op die suikerplantasies te werk, het hulle daar en in die ander provinsies geleidelik en in toenemende mate as handelaars

221. Die Burger, 18.10.1921. Hoofartikel.

222. Du Plessis, O., Afsonderlike verteenwoordiging van kiesers, p. 42.

223. Shifrin, T.S., „Abdullah Abdurahman" in De Kock, W.J. (red.), Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel 1, p. 3; en Die Burger, 29.4.1921. Verslag van 'n Nasionale Party-konferensie in Uitenhage.

224. U.G.54-37, p. 244.

225. Official Year Book of the Union of South Africa, no. 7, p. 115.

226. Ibid., pp. 118-121. Dit het beteken 7,696 in die Kaapprovinsie, 15,991 in Transvaal en 141,649 in Natal.

begin vestig. Hierdie infiltrasie was teen die einde van die negentiende eeu al 'n groot probleem. Die maatreëls in Transvaal en die Kaapprovinsie om Indiërimigrasie te beperk, was nie baie doeltreffend nie en net die Vrystaat kon daarin slaag om hulle uit te hou.²²⁷ Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, was die eerste wetgewing wat op Indiërs betrekking het, die Immigrasiewet van 1913. Dit het wel nie spesifiek na Indiërs verwys nie, maar hulle tog in sy praktiese toepassing op sosiale en ekonomiese gronde byna geheel en al uitgesluit. Die veldtog van Mahatma Gandhi, 'n Indiërleier, vir die herroeping van alle wette en regulasies wat die beweging van sy mense oor die hele Unie aan bande lê, het tot die aanneme van die Indiërverligtingswet deur die Parlement in 1914 gelei. Hierdeur is 'n persoonlike belasting op Indiërs in Natal afgeskaf, die toegang van Indiërvroue tot die Unie vergemaklik en voorsiening vir repatriasie van Indiërs op staatskoste gemaak.²²⁸

Die regte van Indiërs het van provinsie tot provinsie verskil. Hulle het vir alle praktiese doeleindes geen parlementêre stemreg gehad nie. Volgens die onderskeie provinsiale wette was daar in 1921 in die Kaapprovinsie 2,429 stemgeregtigde Indiërs, in Natal 45 en in Transvaal en die Vrystaat nie een nie.²²⁹ In Kaapland en Natal het Indiërs ook munisipale stemreg en onbeperkte regte wat betref handel en grondbesit, onderhewig aan die onderskeie provinsiale lisensiewette, gehad. Die Transvaalse Provinsiale Raad het eiendomsreg van nie-roerende eiendom deur Asië, behalwe in sekere woongebiede, verbied en hulle reg om handel te drywe is aan bande gelê. In die Vrystaat is hulle nie toegelaat om handel te drywe of grond te besit nie en is in werklikheid verbied om die gebied binne te kom of daar te bly.²³⁰

Dit was veral op handelsgebied waar die Indiërs 'n groot bedreiging vir die blankes geword het. In baie gebiede het hulle die handel gemonopoliseer en hulle was ook groot grondbesitters. In Durban alleen het die Indiërs in 1923 grond ter waarde van £1 miljoen, 'n vyfde van die stad

227. Die Indiër moet uit, uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Beskermingsvereniging, pp. 4-5; en Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L. en Kruger, D.V., Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 490-491.

228. Ibid., pp. 491-492; en Die Indiër moet uit, p. 7.

229. The Round Table, vol. 46, p. 488.

230. U.G.4-21, Report of the Asiatic Inquiry Commission, p.3; en Hancock, W.K., Smuts: The fields of force 1919-1950, p. 142.

se belasbare eiendom; besit.²³¹ Gevolglik het die regering in Februarie 1920 'n kommissie van ondersoek na die grondbesit en handel deur Asiate aangestel.²³² Die belangrikste aanbeveling in hierdie verslag wat 'n jaar later uitgebring is, was die aanmoediging van vrywillige repatriasie na Indië en die daarstelling van behoorlike woon- en handelsgebiede vir Asiate in munisipale gebiede sodat hulle daardeur aangemoedig sou word om in hierdie gesegregeerde gebiede te bly. Die kommissie het ook aanbeveel dat die bestaande Transvaalse wette waarvolgens Asiate se reg tot grondbesit beperk word, behoue bly, dat Asiate in Natal deur wetgewing verbied word om grond buite 'n 20 of 30 myl-kusstrook te koop, en dat alle handelswetgewing hersien word sodat 'n uniforme stelsel verkry kon word. Verder het die kommissie hom ten sterkste teen verpligte repatriasie en segregasie van Indiërs uitgespreek.²³³

Die verslag is deur Indiërs sowel as blankes skerp gekritiseer.²³⁴ Met die bespreking van die verslag in die Volksraad het J.S. Marwick, regeringslid vir Illovo, dit as baie onbevredigend bestempel en saam met sy partygenoot adv. H.G. MacKeurtan, lid vir Durban-Umbilo, 'n voorstel waarvolgens Indiërs in hul eie gebiede gesegregeer sou word, ingedien. Marwick het daarop gewys dat daar in Potchefstroom 36 Indiërwinkels in vergelyking met 16 blanke handelaars is en dat dié situasie geleidelik na al die Transvaalse dorpe uitbrei. „Unless the position of the Asiatics was clearly defined, unless his contact either with Europeans or natives was, to some extent, regulated, we should have a state of affairs under which the white man would steadily retrogress, and would be overwhelmed and submerged.”²³⁵ MacKeurtan meen dat dit suiwer 'n vraagstuk van blanke selfbehoud is. „Today there were more Asiatics in Natal than there were Europeans ... The antagonism had grown so much that it was almost a daily part of the life of Natal. It was not a trade or social antagonism, but a racial antagonism which was

231. Die Burger, 18.4.1923. Verslag van Volksraadsdebat en toespraak van adv. H.G. MacKeurtan; en Ibid., 17.1.1923.

232. U.G. 4-21, p. 1.

233. Ibid., p. 63.

234. Die Burger, 31.3.1921. Verslag van die Suid-Afrikaanse Indiese konferensie; Ibid., 20.4.1921. Verslag van vergadering van Indiërs te Johannesburg; Ibid., 9.5.1921. Verslag van vergadering van W. Cox te Kokstad; en The Round Table, vol. 46, p. 445.

235. Debates of the House of Assembly as reported in the Cape Times, vol. 6, p. 128; en Die Burger, 4.5.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

found on both sides and was based on the complete and transcendental differences between the two civilisations." Hy verklaar dat die Unie in sy eie belang moet optree en hom nie aan die Indiese regering moet steur nie. "There comes a time when we feel that our internal affairs are dealt with on too gentle lines, and we might be a little more firm."²³⁶

Hierdie kritiek uit eie geledere teen die regering se optrede in die oplossing van die Indiërvraagstuk is aangevul deur Arbeiders en Nasionaliste. T.G. Boydell, Arbeiderlid vir Greyville, was van mening dat dit nie net 'n rassevraagstuk is nie maar ook 'n handels- en ekonomiese vraagstuk. Die Indiër kompeteer nie net meer met die blanke handelaar nie, maar ook met die blanke loontrekker. Hulle ding met blanke kleremakers, skrynwerkers, verwers en poleerders mee. Verder skep die teenwoordigheid van Indiërs in 'n buurt ook behuisingsprobleme aangesien die blankes almal hul huise in daardie gebied verkoop sodra 'n Indiër 'n huis in die nabyheid bewoon. Boydell verklaar dat die Arbeidersparty se beleid nog altyd dié van repatriasie van Indiërs met voldoende vergoeding is.²³⁷

Adv. C.G. Fichardt, Nasionale lid vir Ladybrand, voer aan dat die vraag is of Suid-Afrika die Asiate kan absorbeer al dan nie. Hy het adv. MacKeurtan bedank vir sy eg Nasionale standpunt, nl. dat Suid-Afrika se belange bó die van Indië gestel moet word. Hy meen ook dat segregasie van geen waarde sou wees nie, aangesien die Indiërs nog altyd sal vermeerder en al hoe meer grond sal eis. Volgens hom is die enigste oplossing die repatriasie van al die Indiërs.²³⁸ Dr. T.C. Visser, Nasionale lid vir Vrededorp, was egter van mening dat aparte woongebiede vir Indiërs in die stede al 'n groot voorwaartse stap sou wees.²³⁹

In sy antwoord op die debat het minister Patrick Duncan, wat die portefeulje van Binnelandse Sake behartig het, verklaar dat die posisie slegs in Natal ernstig was. Daar is 122,000 blankes in vergelyking met die 135,000 Indiërs.²⁴⁰ Hy meen dat verpligte repatriasie nie moontlik is nie, maar dat die regering se skema van emigrasie met staatshulp nie onderskat moet word nie. Die minister verseker die Volks-

236. Ibid.

237. Debates of the House of Assembly..., vol. 6, pp. 128-129.

238. Ibid.; en Die Burger, 4.5.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

239. Ibid.

240. Volgens die Official Year Book..., no. 7, pp. 119-121, was daar in 1921 136,838 blankes en 141,649 Asiate.

raad dat hy die moontlikheid van segregasie tussen blankes en Indiërs in dié stede sal ondersoek en moontlik nog die volgende sitting wetgewing in die verband sal indien.²⁴¹

Die regering se posisie vir die oplossing van die vraagstuk is bemoeilik deur 'n besluit van die Imperiale Konferensie van 1921. Op aandrang van Indië is 'n voorstel waarvolgens Indiërs in alle dele van die Ryk volle burgerlike regte behoort te hê, goedgekeur. Genl. Smuts wat geen twyfel na die afgelope parlamentsitting oor die houding van sy volks-genote in dié verband gehad het nie, het teen die voorstel gestem. Hy het verduidelik dat as aan die Indiërs in Suid-Afrika politieke regte toegestaan word, dit ook aan naturelle gegee moes word. Volgens hom sou geen Unie-regering wat hom ten gunste van stemreg aan Indiërs verklaar, langer as veertien dae aan bewind bly nie.²⁴² Hierop het Indië gedreig om as lid van die Britse Ryk te bedank.²⁴³

In 1923 is die saak weer op die Rykskonferensie geopper. 'n Voorstel vir die benoeming van 'n plaaslike komitee in elke dominium om die moontlikheid van die uitvoering van die besluit van die 1921-konferensie te ondersoek, is aanvaar.²⁴⁴ Genl. Smuts het weer teen die voorstel gestem en verduidelik dat sy optrede nie in verband met die kleur van die Indiër staan nie. Dit is 'n geval van 'n klein gemeenskap wat gevaar loop om deur 'n baie ouer en magtiger beskawing en deur die ekonomiese mededinging van 'n volk met 'n heeltemal ander lewenstandaard en lewensopvatting oorweldig te word. Hy verklaar: „Dit gaan hier oor die bestaan van 'n blanke Suid-Afrika. Geen Regering kan in Suid-Afrika die toestand temper, of enig iets doen om die Indiese standpunt tegemoet te kom nie.”²⁴⁵ Genl. Smuts wys ook daarop dat die blote feit dat iemand 'n Britse onderdaan is, hom nie op stemreg in 'n dominium geregtig maak nie.²⁴⁶

Indië se verteenwoordiger het heftig teen Suid-Afrika se houding geprotesteer en het selfs gedreig dat Indië uit wraak die invoerregte op Suid-Afrikaanse steenkool sou op-

241. Debates of the House of Assembly..., vol. 6, p. 130.

242. Die Burger, 9.8.1921 en 3.9.1921. Verslae van konferensie; Ibid., 1.9.1921. Verslag van toespraak van Genl. Smuts te Kaapstad; en Hancock, op. cit., p. 144.

243. Ibid.

244. Die Burger, 31.10.1923, 2.11.1923 en 3.11.1923. Verslae van konferensie.

245. Die Burger, 3.11.1923. Verslag van toespraak.

246. Die Burger, 31.10.1923 en 3.11.1923. Verslae van toesprake. Sien ook Ibid., 23.7.1921. Artikel deur Richard Jebb waarin hy die bestaan van 'n Ryksburgerskap ontken.

Engeland se belange in Indië.²⁵¹ Die Burger wys ook daarop dat lande soos "Terland" en ander klein landjies, in stryd met die Unie se advies, Suid-Afrika se standpunt veroordeel het. Die redakteur meen dat hulle optrede te danke is aan die klassieke gevoel van „British justice and fairness" en omdat hulle nie self die nadelige gevolge van hierdie lofwaardige eienskap moet dra nie.²⁵² Hy stel dit duidelik dat Suid-Afrikaners hulle eie sake onderling en na goëddunke sal reël sonder inmenging of voorskrifte van vreemdelinge, hoe simpaktiek en bewonderenswaardig hul belangstelling ook mag wees.²⁵³ Die Sunday Times het hierdie standpunt gesteun.²⁵⁴

Genl. Smuts se sterk standpunt oor die toekenning van politieke regte en die opheffing van die streng beheer oor Indiërimmigrante op die Imperiale Konferensie, het algemene goedkeuring in Suid-Afrika uitgelok.²⁵⁵ Hy was egter versigtig om Indië nie te veel aanstoot deur verdere Suid-Afrikaanse maatreëls te gee nie. Dit was veral na aanleiding van die gebeure in Natal dat die mening ontstaan het dat die regering uit vrees dat Ryksbelange geskaad kan word, nie die Indiërvraagstuk wou aanpak nie. Die Natalse Provinsiale Raad het naamlik in 1921 'n ordonnansie aangeneem waarvolgens geen nuwe stemreg aan Indiërs in munisipale gebiede toegestaan word nie en waardeur Indiërs uiteindelik geen munisipale stemreg sou besit nie.²⁵⁶ Hierdie ordonnansie is egter deur die Goewerneur-Generaal-in-Rade geveto.²⁵⁷ In 1922 en 1924 is dit weer aangeneem, maar telkens geveto.²⁵⁸ 'n Ander Natalse ordonnansie waarvolgens die wette i.s. uitreiking van lisensies aan handelaars gewysig en die uitreiking van lisensies aan Indiërs beperk is, is egter ná 'n driejarige stryd tussen die Unie-regering en die Provinsiale Raad in 1923 deur die Goewerneur-Generaal-in-Rade bekragtig.²⁵⁹

Die inmenging van die regering in hierdie sake het ver-

-
251. Die Burger, 27.8.1921, 17.8.1922 en 10.5.1923. Hoofartikels. Sien ook Ibid., 16.1.1924 vir die mening van The Times of Natal.
252. Die Burger, 9.8.1921. Hoofartikel.
253. Die Burger, 22.4.1924. Hoofartikel.
254. Die Burger, 5.11.1923. Verstrek die mening van die Sunday Times.
255. Die Burger, 24.11.1923. Hoofartikel; en Die Volksblad, 16.8.1921. Hoofartikel.
256. Die Burger, 9.7.1921.
257. Die Burger, 26.8.1921.
258. Die Burger, 17.1.1924. Verslag van debat in die Natalse Provinsiale Raad; Ibid., 12.2.1924. Berig en brief van die Sekretaris van Binnelandse Sake aan die kongres van Natalse Indiërs; en Ibid., 10.2.1924.
259. Die Burger, 20.6.1923.

hef.²⁴⁷ Lord Peel, Britse onderminister belas met Indië, het daarop gewys dat 'n oplossing van die vraagstuk onontbeerlik vir die eenheid van die Britse Ryk is, en dat die Indiërs die diskriminasie teen hulle landgenote elders in die wêreld as 'n brandmerk van maatskaplike minderwaardigheid beskou. Hy meen dat die ongelyke behandeling van Indiërs uit die weg geruim moet word anders kan dit nie van Indië verwag word om die Ryksbande te help verstewig nie.²⁴⁸

Hierdie inmenging in die huishoudelike sake van Suid-Afrika ter wille van Ryksbelange het skerp verset in Suid-Afrika uitgelok. Die Rand Daily Mail het daarop gewys dat Suid-Afrika se belange nie ter wille van uniformiteit in die Ryk opgeoffer kon word nie.²⁴⁹ The Friend was van mening dat Suid-Afrika se standpunt oor burgerskap aan Indiërs suiwer 'n geval van selfbehoud is. "All the theoretical and dialectical jugglery of statesmen in Great Britain who, on the one hand, -have no Coloured question to contend with, and by members or ex-members of the Government of India, who, on the other hand, have no problem of White civilisation to bother about, will not change the view of European South-Africa, surrounded as it is by an overwhelming Black population, one jot or tittle." Die redakteur wys verder daarop dat die Ryk uit verskillende volke met verskillende beskawingspele bestaan en dat dit nutteloos is om deur wetgewing sulke dinge gelyk te probeer maak.²⁵⁰

Die Burger het ook heftig teen imperiale inmenging in Suid-Afrika se huishoudelike sake beswaar gemaak. Die redakteur het daarop gewys dat die Unie mans genoeg is om sy eie sake te behartig. Hy meen dat niemand werklik oor die lot van die Indiër in Suid-Afrika begaan is nie. Indië gebruik die onvermoë van Engeland om druk op Suid-Afrika uit te oefen om agitatie teen die Britse bestuur aan te stook. Daarteenoor wil Engeland homself in Indië handhaaf, want Indië is die sluitsteen van die Britse handel en geldwese en daarom moet Suid-Afrika se belange opgeoffer word. Engeland kan dus nie meer toelaat dat die dominiums 'n vrye hand in sulke sake kry nie. Die saak moet opgelos word met die oog op die belange van die Ryk, d.w.s. met die oog op Indië en

247. Die Burger, 2-3.11.1923, 6-7 .11.1923, 14-15.11.1923, 17.11.1923, 28-29.12.1923 en 8-9.2.1924. Verslae van toesprake en berigte uit Indië.

248. Die Burger, 2.11.1923. Verslag van toespraak.

249. Die Burger, 26.8.1921. Verstrek die mening van die Rand Daily Mail.

250. The Friend, 13.9.1922. Hoofartikel.

set van 'n groot deel van die blanke bevolking uitgelok. Die Federale Raad van die Nasionale Party het in 1921 sy protes soos volg geformuleer: „Die Federale Raad, gelet hebbende op die besluit geneem op die jongste Imperiale Konferensie in verband met die status van Indiërs binne die Britse Ryk, waarby afkeuring uitgespreek word oor die politiek deur ons eie Parlement in verband met die saak neergelê, en waardeur van Ryksweë, agitatie aan die kant van die Indiërs aangemoedig word, wens ten sterkste te protesteer teen sodanige inmenging van buite met ons inwendige sake. In verband hiermee het die Raad met verontwaardiging verneem dat die ordonnansie in verband met die stemreg van Indiërs deur die jongste vergadering van die Provinsiale Raad in Natal met so 'n oorweldigende meerderheid geneem, deur die Goewerneur-Generaal-in-Rade geveto is, blykbaar as gevolg van pressie uitgeoefen van Imperiale kant. Geen beter wyse kan in die mening van die Raad gevind word van die noodlottige gevolge van die Imperiale politiek en die wyse waarop langs daardie weg inbreuk gemaak word op ons status van gelykheid met Engeland.“²⁶⁰

In die Senaat het pres. F.W. Reitz in Maart 1922 'n mosie ingedien dat die Goewerneur-Generaal-in-Rade ter wille van Ryksbelange, in stryd met die belange van Natal in besonder en van Suid-Afrika in die algemeen, gehandel het. Duncan het egter verduidelik dat die ordonnansie geveto is omdat dit in belang van die Unie is en omdat die Natalse Provinsiale Raad buite sy bevoegdheid gehandel het. Ná 'n lewendige bespreking waarin veral Natalse senatore hulle afkeuring oor die regering se optrede uitgespreek het, is die mosie met 20 stemme teen 13 verwerp.²⁶¹

Die Afrikaner van Natal het gewaarsku: „Soos die sake vandag ontwikkel.....sal hierdie Indiese vraagstuk, wat ons aan die Britse konneksie te danke het, nog die middel in die toekoms blyk om die verbitterste Natalse Jingo die vurigste Nasionalis te maak, wat skryller dan die Afrikaner sal skree: ‚Suid-Afrika eerste‘.“²⁶²

Die gees van verset in Natal was duidelik merkbaar. Kol. H. Mentz, Minister van Verdediging, het erken dat daar ontevredenheid onder die regering se ondersteuners in Natal is.²⁶³

260. Kongresnotule van die Nasionale Party, O.V.S., 11-12.10.1921, p. 20.

261. Die Burger, 23.3.1922. Verslag van Senaatdebat; en Debates of the House of Assembly..., vol. 7, p. 84.

262. Die Burger, 16.8.1921. Verstrek die mening van Die Afrikaner.

263. Die Burger, 5.10.1922. Verslag van toespraak te Jansenville.

Toe H. Burton, Minister van Finansies, op Ladysmith die bewering ontken, het G.H. Hulétt, 'n invloedryke Provinsiale Raadslid van Natal, in Oktober 1922 by wyse van 'n verklaring in die pers, die Minister die versekering gegee dat daar wel grootskeepse ontevredenheid oor die regering se optrede heers. Hy het daarop gewys dat hy weer die ordonnansie wat geveto is, gaan indien en as dit weer gewoer word, sal vergaderings dwarsdeur Natal gehou word en Natalse Volksraadslede sal opdrag kry om hul steun aan die regering te onthou totdat hy die ordonnansie goedkeur. Hy vra dat aan die regering getoon word dat die Natallers vasberade is om nie die stryd teen die Indiër gewonne te gee nie.²⁶⁴

Adv. H.G. MacKeurtan wat in 'n sekere sin as leier van die anti-Asiatiese beweging in Natal opgetree het, het in 1922 en 1923 'n voorstel by die Volksraad ingedien waarin wetgewing vir die segregasie van Indiërs gevra is.²⁶⁵ Hy het daarop gewys dat die Indiërbevolking die blanke bevolking in Natal oorskry, dat in sommige dorpe daar meer Indiërs op munisipale kieserslyste as blankes is, dat die handel op die platteland in Indiërhande is, dat die Indiër sy laer beskawingspeil gebruik in die ekonomiese stryd teen die blanke en dat die werkloosheid in Natal aan die ongesonde mededinging van hulle kant toegeskryf moet word. Adv. MacKeurtan het die oplossing van die vraagstuk gesien in die segregasie van Indiërs in hul eie stedelike en landelike gebiede, waar hulle met behoorlike inagneming van hul belange, ooreenkomstig hul behoeftes en beskawingspeil kon ontwikkel. Hy meen dat dit 'n nasionale vraagstuk en nie 'n partysaak is nie, en dat Suid-Afrika nie ter wille van Britse belange in Indië die saak daar kan laat nie. Suid-Afrikaners wil al weet of hulle dan gedurig na die Indiese regering moet luister. „There was a time when patience was getting exhausted.“²⁶⁶ Sy standpunt is dat as die Indiërs onderdane van Indië wil wees, hulle na Indië moet terugkeer, maar as hulle in Suid-Afrika wil bly, moet hulle onder die 1½ miljoen blankes wat die land alleen verower het, buig. Suid-Afrika sal beslis nie voor Indië buig waar dit die oplossing van sy interne vraagstukke

264. Die Burger, 22.10.1922. Sien ook Ibid., 27.2.1924 vir Hulétt se kommentaar nadat die ordonnansie die derde keer geveto is. Hy het hom baie sterk teen die regering se beleidloosheid uitgespreek.

265. Die Burger, 10.5.1922 en 18.4.1923. Verslae van Volksraadsdebatte.

266. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, p. 226; en Die Burger, 18.4.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

aangaan nie;²⁶⁷

Dit was ook die mening van die meerderheid blankes in Natal, waar die Indiërvraagstuk as 'n nie-partypolitieke vraagstuk behandel is. Op 'n monstervergadering in Pietermaritzburg was daar verskeie soortgelyke uitlatings. Ene Braddock het verklaar: "Ons moet in die eerste plek Suid-Afrikaners wees en in die tweede plek Britte." G.H. Hulett se opmerking was: "Engeland moet kies tussen Suid-Afrika en Indië," en W. Cox, L.P.R., was van mening: "Dis ons land hierdie en ons gaan dit op ons eie manier regeer."²⁶⁸

Die regering kon hierdie openlike verset van sy eie ondersteuners teen sy stilswye oor die Indiërvraagstuk nie veel langer oor die hoof sien nie. Hy is uit alle oorde gewaarsku dat sy gesloer met die oplossing van die vraagstuk sy ondersteuners vervreem.²⁶⁹ The Friend verklaar: "The European people of South Africa are practically solid on this Asiatic question, and there is real disappointment that while the Prime Minister and other members of the Government make nice speeches about their determination to 'maintain a great European civilisation' in South Africa they are not backing up their words with actions."²⁷⁰

Minister Duncan het elke jaar van 1921 tot 1923 in die Volksraad die volk tot versigtigheid gemaak. Hy het aange-
toon dat dit 'n baie netelige vraagstuk is en dat Suid-Afrika in sy optrede met ander dele van die Ryk en met Oosterse lande rekening moet hou. Hy het daarop gewys dat 14,405 Indiërs die land al sedert 1914 onder die regering se vrywillige repatriasieskema verlaat het. Minister Duncan meen dat verpligte en algehele segregasie van Indiërs onuitvoerbaar en onprakties is, maar dat segregasie in stedelike gebiede wenslik is, en verklaar dat wetgewing in die verband ondersoek word.²⁷¹

Die kookus van die S.A. Party was oor die vraagstuk verdeeld. Die één groep het algehele segregasie voorgestaan terwyl lede soos sir Abe Bailey, lid vir Krugersdorp, die enigste oplossing in gedwonge en algehele repatriasie gesien

267. Die Burger, 10.8.1923. Verslag van toespraak te Durban.

268. Die Burger, 5.11.1923. Verslag van vergadering.

269. Periodieke berigte in Die Burger gedurende 1922 en veral 1923.

270. The Friend, 14.9.1922. Hoofartikel.

271. Debates of the House of Assembly..., vol. 6, p. 130; Ibid., vol. 7, p. 198; Ibid., vol. 8, pp. 227-228; Die Burger, 4.5.1921, 10.5.1922 en 13.4.1923. Verslae van Volksraadsdebate.

het.²⁷² Genl. Smuts self was nie baie seker oor 'n oplossing waardeur nie te veel aanstoot aan die Britse Ryk gegee sou word nie. In Desember 1921 het hy verklaar dat die beste oplossing sou wees om die Indiërs te oorreed om Suid-Afrika te verlaat en so te sorg dat die Asiatiese bevolking uit die land verdwyn.²⁷³ Op die kongres van die S.A. Party in Julie 1923 te Durban, het hy daarop gewys dat hoewel daar met die skema van vrywillige repatriasie voortgegaan word, die regering tot die gevolgtrekking kom dat die toestand in Natal so 'n vorm aanneem dat segregasie van Indiërs in stedelike gebiede noodsaaklik geword het. Hy het hom sterk teen stemreg vir Indiërs uitgespreek en verklaar dat Suid-Afrika baas in sy eie huis wil wees.²⁷⁴ By 'n vorige geleentheid het genl. Smuts egter aangevoer dat Suid-Afrika niks moet doen wat die Ryk onberekenbare skade kan doen nie.²⁷⁵ Hy het verpligte repatriasie met vergoeding as onmoontlik bestempel aangesien elke Indiër dan sou kon eis wat hy wou. Daarby twyfel hy of Indië hulle sal ontvang en die uiteinde van die saak sal wees dat hulle weer na Suid-Afrika sal terugkeer.²⁷⁶

Die standpunt van Nasionaliste oor die vraagstuk moet in die lig van die Nasionale Party se program van beginsels gesien word, waarvan artikel 10 F soos volg lui: „Deur die Europese bevolking sowel as die kleurling en die naturel te beskerm teen asiatiese immigrasie of konkurrensie, en deur die onthouding aan Asië van enige uitbreiding van reeds bestaande regte.“²⁷⁷ Van die Nasionale leiers was dit veral adv. Tielman Roos wat hom duidelik oor die oplossing van die vraagstuk uitgespreek het. Aanvanklik was hy van mening dat repatriasie met behoorlike kompensasie die enigste oplossing is.²⁷⁸ In Januarie 1923 het hy egter Natal besoek en verklaar dat die Indiërs wat in Suid-Afrika gebore is nie ge-

272. Die Burger, 10.5.1922 en 18.4.1923. Verslae van Volksraadsdebatte.

273. Die Burger, 21.12.1921. Verslag van toespraak op kongres van die S.A. Party in Natal. Sien ook Ibid., 23.3.1922. Verslag van toespraak van minister Duncan in die Senaat.

274. Die Burger, 25.7.1923 en 30.7.1923. Verklaring oor en verslag van toespraak op Natalse kongres.

275. Die Burger, 21.12.1921. Verslag van toespraak op Natalse S.A. Party-kongres.

276. Die Burger, 20.5.1924. Verslag van toespraak te Potchefstroom; en Ibid., 24.5.1924. Hoofartikel.

277. Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat. Beginsels, konstitusie, statute, (1926), p. 11.

278. Die Burger, 29.9.1921. Verslag van toespraak op Transvaalse N.P.-kongres; Ibid., 18.7.1922. Verslag van toespraak te Johannesburg; en Ibid., 19.10.1922. Verslag van toespraak op Transvaalse N.P.-kongres.

dwing kon word om na Indië terug te gaan nie en daarom moet hulle in hul eie gebiede gesegegreer word.²⁷⁹ Hierdie beginsel is ook in die program van aksie van die Nasionale Party van Transvaal, soos goedgekeur deur die partykongres in September 1923, vervat. Dié program voeg hieraan toe: „Die uitreiking van handels-lisensies aan Asië buite of binne die Unie gebore te belet behalwe in basaars uitsluitlik opsy gesit vir hulle gebruik!”²⁸⁰

Die kongres van die Natalse Nasionale Party het hom ook ten gunste van die inkorting van Indiërregte soos die aankoop van grond en die verdere uitreiking van handelslisensies uitgespreek.²⁸¹ In Kaapland het die Nasionale kongres aangedring op „wetgewing wat ten doel het om die onbillike kompetensie teenoor ons blanke en gekleurde bevolking deur die konsessies wat nou toegestaan word aan die Asiaat, te beperk; en sal enig voorstel ondersteun tot die repatriasie met behoorlike kompensasie op Regeringskoste van genoemde Asiaat.”²⁸² Genl. J.B.M. Hertzog was van mening dat die Indiërs wat nie in Suid-Afrika gebore is nie, maklik deur die regering gerepatrieer kan word sonder om die Britse regering enige moeilikheid op die hals te haal.²⁸³ Oor die onthouding van enige politieke regte en die verbod op immigrasie van Indiërs was daar in Nasionale geleedere eenstemmigheid.²⁸⁴

Kol. F.H.P. Creswell, leier van die Arbeidersparty, was ten gunste van die repatriasie van Indiërs. Hy het geglo dat as die regering bereid was om miljoene ponde vir die inlywing van Rhodesië by die Unie te betaal, hy ook 'n paar miljoen kan bestee om Natal vir die blankes terug te wen.²⁸⁵

279. Die Burger, 17.1.1923. Berig uit Natal.

280. Kongresnotule van die Nasionale Party van Transvaal, 12-14.9.1923, pp. 64-65. Sien ook Ibid., p. 45. Kongresbesluit.

281. Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal, 1918-1922, p. 126 en p. 131. Sien ook Die Burger, 7.3.1921. Verslag van toespraak van adv. E.G. Jansen op kongres te Pietermaritzburg i.s. Asiëvraagstuk.

282. Kongresnotule van die Nasionale Party van die Kaap-provinsie, 4-6.10.1921, p. 13.

283. Die Burger, 24.10.1923. Verslag van toespraak te Durban. Hy het hom in Desember 1922 ten gunste van die segregasie van Indiërs wat in Suid-Afrika gebore is, uitgespreek. Sien Ibid., 14.12.1922. Verslag van toespraak te Aliwal-Noord.

284. Die Burger, 30.3.1921, 5.10.1921 en 2.11.1921. Verslae van toesprake van dr. D.F. Malan te Potchefstroom, Cradock en Willowmore; en Ibid., 14.10.1921 en 14.12.1922. Verslae van toesprake van genl. Hertzog te Bloemfontein en Aliwal-Noord.

285. Die Burger, 18.4.1923. Verslag van Volksraadsdebat; en Ibid., 11.10.1923 en 7.12.1923. Verslae van toesprake te Pietermaritzburg en in sy kiesafdeling.

T.G. Strachan, Arbeiderlid vir Pietermaritzburg-Noord, het in sy kiesafdeling verklaar dat die Arbeidersparty die volgende verkiesing op o.m. die volgende beleid sou voer: die beskerming van Westerse standaarde teen die strooptogte van Asiatische mededinging en ruim finansiële voorsiening vir die aanmoediging van Asiatische emigrasie.²⁸⁶

Regeringskoerante soos De Volkstem en die Cape Times het die beginsel van algehele repatriasie gesteun.²⁸⁷ Die Cape Times was van mening dat indien die regering repatriasie finansiëel vir die Indiërs aantreklik maak, hulle binne 'n paar jaar so sal verminder dat die houding in Suid-Afrika teenoor die probleem heeltemal sal verander. Daarom meen die redakteur dat repatriasie klaarblyklik die enigste bevredigende oplossing is.²⁸⁸ The Friend het verklaar: "So far as this Continent is concerned, the European and the Asiatic can only be friends at a distance. The Indian is not wanted and his presence can never be anything else than a cause of dissension to both races and may even bring disaster to the British Commonwealth."²⁸⁹

Die Burger se standpunt was: "Dit is vandag vir ons miljoene ponde werd om die Indiër te repatrieer en ons poorte vir hom vir goed te sluit voordat Indië dit ons kan beliet." Die redakteur wys daarop dat as Suid-Afrika nie die reg het om die Indiërs te repatrieer nie, Indië ook nie die reg het om die Indiërs in Suid-Afrika as sy onderdane te beskou en vir hulle in die bres te tree nie.²⁹⁰ Hoewel geen Indiese immigrant meer in die land toegelaat kan word nie, sal die wat hier is, regverdig behandel word.²⁹¹ Hy waarsku die Indiërs dat hulle nooit stemreg hier sal kry nie²⁹² en dat Suid-Afrika eerder sal veg as om die besluit van die Imperiale Konferensie oor die toekenning van volle burgerregte aan Indiërs uit te voer.²⁹³

Die Burger het die regering daarvan beskuldig dat die ministers oor baie sake hopeloos verdeeld is en dat die enigste manier om die eenheid in die geledere van die S.A. Party te bewaar, is om strydpunte te vermy en dan as tydelike tege-

286. Die Burger, 9.7.1923. Verslag van toespraak te Pietermaritzburg.

287. Die Burger, 27.7.1921. Verstrek die mening van De Volkstem.

288. Die Burger, 24.5.1924. Hoofartikel.

289. The Friend, 28.7.1923. Hoofartikel.

290. Die Burger, 19.4.1923. Hoofartikel.

291. Die Burger, 3.8.1923. Hoofartikel.

292. Die Burger, 21.6.1922. Hoofartikel. Sien ook Ibid., 26.8.1921 en 10.9.1921 vir soortgelyke mening van die Rand Daily Mail en die Natal Witness.

293. Die Burger, 30.9.1921. Hoofartikel.

moetkoming lapwerk te doen. Met die Indiërvraagstuk is dit ook die geval. Die redakteur hoop dat hierdie vraagstuk ten minste die oë van die imperialis, wat in Suid-Afrika heelwat op sy kerfstok het, sal open. Hy wys daarop dat as daar 'n binnelandse krisis kom, die imperialis altyd die eerste is om buitelandse inmenging teen te gaan terwyl hy vir baie van die buitelandse inmenging, wat die samewerking van die twee taalgroepe in Suid-Afrika in die verlede al so benadeel het, verantwoordelik is. Die redakteur meen dat die Engelssprekendes in Natal nou besef dat hulle die hulp van die Afrikaanssprekendes in die bestaanstryd teen die Indiërs nodig het. Die Afrikaner reik hom dan ook die broederhand. Die koerant waarsku genl. Smuts dat Natal nie meer in die stemming verkeer om met halwe maaatreëls tevrede te wees nie.²⁹⁴

Die vraagstuk is eers in 1924 met erns deur die regering aangepak toe 'n wetsontwerp ingedien is waarvolgens Indiërs op versoek van 'n stadsraad in munisipale gebiede gesegreger kon word, indien die gebied deur die regering goedgekeur word. Die Indiërs sou dan net in hul eie gebiede mag woon, handel dryf en grond besit, hoewel die Goewerneur-Generaal waar nodig uitsonderdings kon maak.²⁹⁵ Toe minister Duncan die tweede lesing van die wetsontwerp op 2 April 1924 ingedien het, het hy verklaar dat daar met die wet beoog word om die verhouding tussen blank en Indiër in Suid-Afrika te verbeter, en om die oorsake van wrywing op rasselgebied uit die weg te ruim. Hy wys daarop dat die Indiërgevaar nie soseer in hulle getalsvermeerdering lê nie, maar in hul beskawings- en opvoedingspeil aangesien hulle in alle geskoolde vakke met die blankes meeding. Dit lê ook in die sosiale euwels en rassewrywing wat deur die aanwesigheid van die Asiat verhoorsaak word. Die wetsontwerp beoog skeiding tussen rasse wat weens hul verskillende oorsprong en karakter nie met mekaar oor die weg kan kom nie, en stel hoë eise vir die woon- en handelsgebiede vir die Indiërs. Hulle sal in hul eie gebiede volgens hul eie tradisies en aard kan ontwikkel. Minister Duncan het beklemtoon dat as so 'n woongebied toegewys is, die Asiate verplig sal wees om daar te gaan woon. Hy het ook die versekering gegee dat die Indiërs nog aangemoedig sal word om na hul eie land terug te gaan, waar hulle politieke regte kan verkry, terwyl dit vir hulle in Suid-Afrika altyd ontsê sal word. Verder het die minister gewaarsku dat die wetsontwerp nie die oplossing vir al die moeilikhede gaan wees nie, want 'n algehele oplossing.

294. Die Burger, 19.4.1923. Hoofartikel.

295. Die Burger, 14.1.1924. Hoofartikel.

is alleen moontlik as die blanke sy posisie t.o.v. die minder beskaafdes verstewig.²⁹⁶

Die wetsontwerp is in die Volksraad skerp gekritiseer. Die bespreking het op 'n nie-partypolitieke grondslag geskied en weer eens was dit duidelik dat daar groot meningsverskille oor die oplossing van die vraagstuk is. Die hoofbeswaar uit Arbeidergeledere was dat dit nie die kern van die vraagstuk, nl. mededinging op handelsgebied, aanroer nie. Kol. Creswell het aangevoer dat hy die maatskaplike skeiding tussen blankes en Asiate verwelkom, maar die bestaande Indiërhandel word onder die wetsontwerp nog in stand gehou. Hy meen dat die Indiërs wat onder die wet nie nuwe handelslisensies kan kry nie, nou met die blanke in sy arbeidsmark sal meeding en gevolglik sal die Indiërs 'n voorradeskuur vir goedkoop arbeid vorm. Hy stel voor dat die wetsontwerp na 'n gekose komitee verwys en gewysig word sodat die ongelyke Asiatiese mededinging verhoed word en sodat Indiërs wat nie aan 'n voorgeskrewe lewenstandaard voldoen nie, gerepatrieer kan word.²⁹⁷

Hierdie voorstel is deur T.G. Strachan gesekondeer. Hy was teleurgesteld oor die beperkte omvang van die wetsontwerp en het verklaar „it is a case of much ado about nothing.“ Hy meen dat die regering die wetsontwerp ingedien het onder druk van die Natallers. Die Engelssprekendes in Natal het volgens hom lank geswyg omdat hulle bang was vir imperiale verwickelinge maar nou verklaar hulle openlik dat Engeland moet kies tussen hulle en Indië.²⁹⁸ 'n Ander Arbeider, dr. R. Forsyth, lid vir Kaapstad-Tuine, het geweier om die wetsontwerp te steun omdat dit op die bestaande regte van Indiërs inbreuk maak. Hy stel die vraag: „is the European civilization so very weak that it cannot stand the impact and the contact with a few thousands of Asiatics?“²⁹⁹

Sommige regeringslede het hulle ten gunste van die wetsontwerp uitgespreek terwyl ander dit heftig gekritiseer, en aangevoer het dat repatriasie van al die Indiërs met voldoende vergoeding die enigste uitweg is. Adv. L. Blackwell, regeringslid vir Bezuidenhout, het gedwonge repatriasie as 'n skreiende onreg bestempel.³⁰⁰

Onder die Nasionaliste was daar ook meningsverskil. 'n

296. Die Burger, 3.4.1924. Verslag van Volksraadsdebat; en Unie van Zuid-Afrika, Debatten van de Volksraad, 1924, deel 1, pp. 1277-1285.

297. Ibid., pp. 1285-1290.

298. Ibid., pp. 1290-1293.

299. Ibid., pp. 1315-1317.

300. Ibid., pp. 1292-1326.

Paar sprekers het verklaar dat hulle die wetsontwerp sal steun omdat die beginsel van segregasie daarin vervat is, hoewel hulle glo dat die maatreëls ontoereikend is. Hulle wou dat die bepalinge van die wetsontwerp in komitee veel strenger gemaak moet word. Dr. T.C. Visser, lid vir Vrededorp, het egter verklaar dat hy dit nie kan steun nie omdat dit net meer Indiëragerbuurtes aan die Rand sal skep. P.G.W. Grobler, lid vir Rustenburg, was weer oortuig dat repatriasie al oplossing was, al kos dit die land miljoene ponde.³⁰¹

Die Burger en die Natal Mercury het die wetsontwerp as 'n stap in die regte rigting verwelkom.³⁰² Die Natal Advertiser het egter verklaar dat dit Suid-Afrika meer kwaad as goed sou doen. Die redakteur meen dat 'n rusie met Indië die moeite werd sou wees as die blankes daardeur van die Asiate bevry kon word, maar dit is dwaasheid om gevoelens gaande te maak ter wille van baie twyfelagtige voordele wat deur hierdie wetsontwerp beloof word.³⁰³

Die wetsontwerp is egter nooit bekragtig nie, want vier dae na die bespreking hiervan in die Volksraad het genl. Smuts aangekondig dat hy 'n nuwe verkiesing gaan uitskryf en die Parlement het op 10 April verdaag.

* * *

Hoewel genl. Smuts in 1924 'n poging aangewend het om die Indiërvraagstuk aan te pak, is die periode van 1921 - 1924 deur 'n beleid van laat maar loop gekenmerk. Sy poging om die Indiërs in stadsgebiede te segregeer, was halfhartig, want hy wou Brittanje nie in die verleentheid stel nie, terwyl hy terselfdertyd sy ondersteuners in Natal tevrede moes hou. Die blankes in veral Transvaal en Natal was verenigd in hul verset teen die teenwoordigheid van die Indiër in hierdie provinsies. Oor die verbod op immigrasie van en stemreg aan Indiërs was al die partye dit eens, maar oor die oplossing van die vraagstuk was nie net partye nie, maar ook partylede ernstig verdeeld. Sommige het algehele repatriasie en ander weer algehele segregasie voorgestaan, terwyl

301. Ibid.

302. Die Burger, 14.1.1924. Hoofartikel; en Ibid., 21.2.1924. Verstrek die mening van die Natal Mercury.

303. Die Burger, 16.1.1924. Verstrek die mening van die Natal Advertiser. Die wetsontwerp het ook heftige verset van Indiërs in Suid-Afrika en van oorsee uitgelok. Sien Ibid., 15.1.1924-21.3.1924. Berigte.

'n groot aantal die middeweg gekies het, nl. gedeeltelike repatriasie en segregasie vir die res. Ook hier was daar graadverskille. Weens hierdie meningsverskille ook binne die geleedere van die Nasionale Party, kon die party geen positiewe bydrae tot die oplossing van die vraagstuk lewer nie, behalwe miskien om sy ondersteuners in 'n toenemende mate van die Indiërvraagstuk bewus te maak.

H O O F S T U K V.

NA-OORLOGSE EKONOMIESE EN MAATSKAPLIKE

VRAAGSTUKKE.

Suid-Afrika se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog, die verset van baie Afrikaners daarteen, die Rebelle van 1914-15 wat daaruit voortgevloei het en die onderdrukking daarvan, het die regering van die Suid-Afrikaanse Party by 'n groot deel van die Afrikaanssprekende bevolking in onguns gebring. Dit het nie alleen die rassegevoel in Suid-Afrika verskerp nie, maar ook van die bitterheid en haat van die Anglo-Boereoorlog weer laat herleef. Die regering is daarvan beskuldig dat hy die belange van die Britse Ryk bó die van Suid-Afrika en sy inwoners stel.¹ Die gevoel teen die regering is deur die na-oorlogse ekonomiese en maatskaplike toestande in Suid-Afrika nog verder verskerp. Depressie, ongekende droogtes, immigrasie van Britse werkloos en soldate te midde van groot-skeepse werkloosheid en 'n steeds groeiende leër van arm-blankes in Suid-Afrika het in toenemende mate tot die regering se verleentheid en ongewildheid meegewerk. Die heersende ongunstige ekonomiese en maatskaplike toestande, tesame met die regering se hantering van die situasie en wyse van optrede, het ongetwyfeld tot die uiteindelijke val van genl. J.C. Smuts se regering in 1924 gelei. Die Nasionale Party, met sy beleid van Suid-Afrika eerste en die Arbeidersparty as bondgenoot, het hom in hierdie tydvak as die kampvegter van die belange van die boer en arbeider onderskei, en sou die party ten koste van die S.A. Party veld wen.

Om 'n duidelike begrip van die Nasionale Party as opposisie te verkry, is 'n grondige uiteensetting en ontleding van die na-oorlogse ekonomiese en maatskaplike vraagstukke derhelwe onontbeerlik.

1. EKONOMIESE VRAAGSTUKKE

In die jare 1915 tot 1920, gedurende en net na die Eerste Wêreldoorlog, het Suid-Afrika tye van besondere voorspoed beleef a.g.v. die buitengewone vraag na allerlei produkte. Daarby het die ongekende inflasie van 1916-19, die gevolglike prysstygings in die buiteland en die verhoging van skeepstariese, die Suid-Afrikaanse produsent in 'n besonder gunstige

¹ L. Coetzec, D.J.J., Die geskiedenis van die Nasionale Party 1914-1921, H.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1967, pp. 125-126.

pösisie geplaas. Die produksie van die landbou en nywerheid het aansienlik toegeneem. Deposito's van die handelsbanke het meer as verdubbel en die groothandel-prysindeks het van 120 in 1915 tot 260 in Julie 1920 gestyg.²

Die voorspoed van hierdie jare was egter in 'n groot mate 'n skynvoorspoed, want in werklikheid het die omvang van die nasionale produksie nie besonder toegeneem nie en die buitengewone hoë pryse wat die boere vir hul produkte gekry het, het daartoe gelei dat plase oorgekapitaliseer is en onrealistiese hoë pryse is met geleende geld vir nuwe grond betaal. 'n Wydverspreide spekulasiegees het geheers en banke het toegelaat dat krediet gevaarlike afmetings aanneem.³ Die ongekende inflasië en prysstygings in Suid-Afrika was grootliks 'n weerspieëling van wêreldtoestande en toe die prysin-eenstorting in 1920 in Amerika plaasvind, het Suid-Afrika soos die meeste ander lande, 'n skerp terugslag ondervind. Suid-Afrika het van die goudstandaard afgestap, banke het krediet ingetrek en die boere wat groot finansiële verpligtinge aangegaan het, is deur bankrotskap bedreig. Die prysindeks het skielik tot 144.5 in 1922 gedaal en die skerp daling in bankdeposito's en -voorskotte, in spoorweginkomste en invoer, getuig van die finansiële krisis en depressie wat na 1920 gevolg het.⁴

Die administrasie van die land gedurende en ná die oorlog was uit 'n finansiële oogpunt gesien, geen sukses nie. Die regering was só behep met die oorlog dat min aandag aan stabilisering van die ekonomie gegee is. Die finansiële las van die staat het geleidelik vermeerder a.g.v. onproduktiewe oorlogslenings. Om die begroting te laat klop is doeane- en aksynsbelastinge verhoog, belastingvrystellings is vermindert, 'n spesiale heffing op goudmynwinste, superbelasting op inkomste, 'n belasting op oormatige winste en 'n diamantbelasting is ingestel. Ook is kapitaalfondse aangewend om lopende uitgawes te dek.⁵

In die verkiesingsveldtog van 1920-21 het die Nasionale Party en die Arbeidersparty die klem hoofsaaklik op ekonomies-

2. Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L., Geskiedenis van Suid-Afrika, deel II, p. 272.

3. Ibid.; en The Round Table, vol. 46, p. 427.

4. Van der Walt, Wiid en Geyer, op. cit., p. 272. Bankdepositos het van £95 miljoen in Februarie 1920 tot £77 miljoen 'n jaar later gedaal. Sien Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as reported in The Cape Times, vol. 6, p. 81. Verslag van toespraak van minister H. Burton.

5. Kruger, D.W., The making of a nation, pp. 118-119. Sien ook Die Burger, 5.9.1922. Artikel deur dr. M.H. de Kock.

se vraagstukke laat val, maar die Eerste Minister, genl. J.C. Smuts, en die Suid-Afrikaanse Party het volgehou dat dit oor die vraagstuk van sesessie van die Britse Ryk gaan.⁶ Gevolglik is die verkiesing oor die konstitusionele vraagstuk beslis.

Hoewel genl. Smuts in Desember 1920 daarop gewys het dat die ekonomiese druk wat gewoonlik na 'n oorlog volg, Europa reeds getref het en dat dit ook toestande in Suid-Afrika sou bemoeilik, het hy en sy regering die krag van die depressie onderskat en weinig is gedoen om die intensiteit daarvan te verminder.⁷

Die portefeulje van finansies is na die verkiesing van 1920 aan adv. H. Burton toevertrou en dit was sy taak om die land deur die moeilike jare heen te stuur - 'n taak waarvoor hy nie opgewasse was nie. Die oorskot van sowat £2,460,000 vir die finansiële jaar 1919-1920 het verander in tekorte van sowat £399,000 in 1920-21, £1,206,000 in 1921-22 en £998,000 in 1922-23. In 1923-24 was daar weer 'n oorskot van £225,985.⁸

Minister Burton het in sy begrotingsrede van April 1921 kommer uitgespreek oor die finansiële toestand van die land en daarop gewys dat die landskuld van £173 miljoen in 1920 tot £178½ miljoen in 1921 gestyg het, waarvan £51 miljoen slegte skuld was. Volgens hom het die oorsake van die finansiële krisis gelê in die uitvoer van kapitaal weens die premie op goud en die enorme toename in Suid-Afrika se invoerhandel. Met die oog op besuiniging het hy bekend gemaak dat die spesiale lewensduurtetoelaag aan staatsamptenare met 25% per kwartaal ingekort sou word sodat dit na 'n jaar heeltemal wegval. Hierdie maatreël was nodig aangesien amptenare, weens die grootskeepse werkloosheid wat reeds geheers het, nie afgedank kan word nie. Ook die jaarlikse toelae van £200 aan Volksraadslede sou met die helfte verminder word en subsidies aan die Provinsiale Rade beperk word. Om die inkomste te verhoog, het hy onder meer verhoogde postariewe en seëlregte, belasting op films en hoër aksynsbelasting op drank en tabak aangekondig. Verder sou die boere in die toekoms verplig word om inkomstebelasting op die beraamde ver-

6. Supra, p. 15 et seq.

7. Die Burger, 6.12.1920. Verslag van toespraak te Pretoria.

8. Hierdie syfers is nie begrotingsyfers nie maar die totale inkomste van die land in vergelyking met die totale uitgawes (subsidies aan Provinsiale Rade ingesluit) soos verkry uit die Official Year Book of the Union of South Africa, no. 7, pp. 738-739, p. 750 en p. 769; en Ibid., no. 8, p. 756 en p. 790.

meerdering van hul vee te betaal - dit sou 'n ekstra inkomste van £75,000 vir die belastingsjaar meebring. Die keuse wat die boere in die verlede gehad het, nl. om op 'n kontant- of veebasis belasting te betaal, het dus verval.⁹

Minister Burton het gevrees dat sy aankondigings vir die land 'n skok sou wees. „It may be a very necessary shock to make the people realise what the position really is," verklaar hy. „There is no doubt that this has been the most difficult and in many ways the most important Budget since Union." Hy beklemtoon die feit dat daar geen rede vir paniek is nie maar dat besuiniging deur die staat en die private sektor noodsaaklik geword het.¹⁰

Die spoorwegbegroting het die swak ekonomiese toestand verder beklemtoon. J.W. Jagger is as Minister van Spoorweë en Hawens in die kabinet van 1921 aangestel en as knap sake-man is daar hoë verwagtinge van hom gekoester. Hy het onderneem om die spoorwegdepartement wat die vorige vyf jaar op 'n verlies gewerk het, op 'n gesonde grondslag te plaas en dit selfbetalend te maak.¹¹ In sy begrotingsrede op 18 April 1921 het hy aangetoon dat die opgehoopte tekort van die Spoorwegdepartement £2½ miljoen is en die beraamde tekort vir die volgende jaar £605,000. Spoorwegtariewe was volgens hom reeds te hoog en uitgawes moes dus besnoei word om tekorte die hoof te bied. Hy het besluit om net soos minister Burton, die lewensduurtetoelae van die amptenare geleidelik weg te neem. Treindienste sou waar moontlik verminder word en geen nuwe spoorlyne sou gebou word nie.¹²

Te oordeel na die stortvloed van protes wat die begroting uitgelok het, was minister Burton reg toe hy gesê het dat dit 'n skok vir die land gaan wees. In die Volksraad was dit adv. C.G. Fichardt, L.V. vir Ladybrand en woordvoerder van die Nasionale Party oor finansiële sake, wat die eerste sy stem laat hoor het: „Generaal Smuts mag iets weet van hoë politiek of van 'n hoër status, maar van die handel en finansies weet hy en sy Regering so min as 'n kind." Hy het die gebrek aan 'n behoorlike finansiële beleid van die regering in hierdie kritieke finansiële toestand en te midde van groot-skeepsse bankrotskappe wat baie mense in die gesig staar, aan-

9. Die Burger, 16.4.1921. Begrotingsrede in die Volksraad; en Debates of the House of Assembly..., vol. 6, pp. 81-85.

10. Ibid.

11. Die Burger, 22.3.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

12. Debates of the House of Assembly..., vol. 6, pp. 88-92; en Die Burger, 19.4.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

getoon en betreur. Swaarder belastings bestempel hy as misdadig. Sy aanbevelings vir besuiniging was dat die bydrae van £62,000 aan die Volkebond, £85,000 aan die Britse Vloot en £1,200 aan Reuter se nuusagentskap gestaak word; dat die spoorwegelektrifikasieprojek van £4 miljoen uitgestel en die durabele verdedigingsmag tot 'n kussgarnisoen beperk word - origens kan van 'n kommandostelsel soos in die ou republieke gebruik gemaak word. Dit alleen sou meer as 'n miljoen pond spaar. Verder beveel hy aan dat oortollige amptenare in die staatsdepartemente afgedank en 'n strenger toesig oor die uitgawes van elke departement uitgeoefen word. Hy haal ook uit die verslag van die Ouditeur-generaal aan om die roekelose geldverspilling van die regering aan te toon.¹³

Die Arbeiderlid vir Jeppe, H.W. Sampson, was die volgende op die been: „The people had been told at the elections that everything was right, and that the only thing that need to be done to bring the country into the desired haven was to vote South African Party, and now that they had done so they were told that the bottom was out of the financial bucket, and that they were going to be loaded with taxes.” Hy meen dat die weg van die minste weerstand gevolg is, nl. dié van belasting op die armes. Die regering moes liever onbewerkte grond as meel en koring belas het.¹⁴

Die aanbevelings van Fichardt oor besuiniging is aangevul deur genl. J.B.M. Hertzog, leier van die Nasionale Party, wat voorgestel het dat voorkeurtariewe vir die invoer van Britse goedere afgeskaf word. Dit sou 'n ekstra £1½ miljoen vir die staatskas beteken. Verder stel hy voor dat die kantoor van die Hoë Kommissaris in Londen wat Suid-Afrika jaarliks £73,000 kos, plus nog £25,000 vir die huur van Morley's Hotel, waar die kantoor gehuisves word, gesluit moet word. Hy het daarop gewys dat die Nasionale Party teen die betaling van lewensduurtetoelae aan staatsamptenare gekant was, maar dit verhinder die Nasionale Party nie om protes aan te teken as dit op 'n onregverdige wyse weer van hulle afgeneem word noudat hul daaraan gewoond is nie. Hy beveel aan dat die toelae onmiddellik van hoogbesoldigde amptenare weggeneem word en dat dié van die laagbesoldigdes geleidelik verminder moet word namate die lewenskoste daal.¹⁵ Ook die Arbeiders

13. Debates of the House of Assembly..., vol. 6, pp.102-103; en Die Burger, 23.4.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

14. Debates of the House of Assembly..., vol. 6, p. 103.

15. Die Burger, 26.4.1921 en 7.5.1921. Verslag van Volksraadsdebatte; en Debates of the House of Assembly..., vol. 6, p. 106 en p. 136.

het hierdie maatreël van die regering veroordeel as 'n politieke misdaad teen die laagbesoldigde amptenare van die land. Thomas Boydell, Arbeiderlid vir Durban-Greyville, het genl. Smuts daarvan beskuldig dat hy die vertroue van die publiek misbruik het. Voor die verkiesing het hy die staatsamptenare beskerming belowe en nou word hulle dubbel belas.¹⁶

Vir dr. D.F. Malan, Nasionale verteenwoordiger vir Calvinia, was die verhoogde posgeld op koerante 'n maatreël waarteen sterk protes aangeteken moes word. Hy het dit gesien as 'n belasting op die verspreiding van kennis en inligting, d.w.s. op onderwys, en aangesien dit hoofsaaklik die plattelandse Afrikaner raak, is dit feitlik 'n belasting op die Hollandse taal. Die boerebevolking is vir hulle kennis van landsomstandighede en wêreldtoestande grotendeels van die paar Hollandse koerante en tydskrifte afhanklik en dit is onbillik om hulle spesiaal uit te seek vir belasting.¹⁷ Dr. Malan het ook die groot kontras tussen die rooskleurige verkiesingstoesprake van genl. Smuts en die besorgdheid van minister Burton en Jagger in hul begrotings aangetoon. Volgens hom was dit opmerklik dat hoewel minister Burton gesê het dat elke deel van die gemeenskap die finansiële las moet help dra, die myne vrygespring het. Boonop het die regering deur die wysiging van die Finansiële Verhoudingswet die myne vrygestel van die £200,000 wat hulle in die verlede aan die Transvaalse Provinsiale Raad betaal het. Hy het beklemtoon dat die feit dat sekere myne teen 'n verlies werk, nie die rede vir hierdie maatreël is nie, aangesien belasting slegs op profyte gehef is.¹⁸

Die Burger het ook daarop gewys dat die goudmynbedryf, as 'n saak van gesonde politiek, in verhouding veel swaarder belas moet word as ander hulpbronne. Die myne put die land se natuurlike hulpbronne uit en die staat behoort soveel as moontlik van die rykdomme te bekom om die land te ontwikkel en nuwe permanente hulpbronne te skep, wat 'n inkomste kan verseker as die myne uitgeput raak. Die regering is egter met hande en voete aan die mynkapitaliste gebonde en behandel hulle met „liefdevolle sorg“ terwyl die skatte van die

16. Die Burger, 28.4.1921 en 5.5.1921. Verslae van toesprake van T.G. Strachan en T.G. Boydell in die Volksraad. Sien ook Ibid., 25.3.1921 vir menings van A.G. Barlow en W.B. Madeley in die Volksraad.
17. Die Burger, 26.4.1921 en 5.7.1921. Verslae van Volksraadsdebatte.
18. Die Burger, 26.4.1921. Verslag van Volksraadsdebat; en Debates of the House of Assembly..., vol. 6, p. 108. Vir die wysigingswetsontwerp van die Finansiële Verhoudingswet, sien Ibid., pp. 46-50.

myne die land uitgaan en „wij ten slotte blijven zitten met lege gaten.“¹⁹

Die inkomstebelastingstelsel vir boere en die verhoogde aksynsbelasting op tabak en drank was 'n verdere bron van protes in die Volksraad. Adv. C.G. Fichardt het daarop gewys dat die boere, die ruggraat van die land, in 'n naglike ekonomiese toestand verkeer. Bankrotskap het hulle in die gesig gestaar aangesien hulle geen afsetgebiede vir hulle produkte het nie, en die regering versuim om invoertariewe op wyn en meel te verhoog ten einde die plaaslike produk te beskerm.²⁰ Genl. Hertzog was op sy beurt van mening dat dit die regering se plig is om toe te sien dat die boere nie in die hande van hul skuldeisers val nie, en het 'n pleidooi vir meer hulp aan die boere d.m.v. die Landbank gelewer.²¹ Die Nasionale lid vir Kroonstad, A.J. Werth, het die regering vir die swak toestande verantwoordelik gehou. Vir hom was daar net twee uitweë vir die regering om die kritieke toestand van die boere die hoof te bied, nl. die instelling van 'n moratorium of 'n voorskot van papiergeld deur die Landbank aan boere vir hulle onverkoopte produkte.²²

Na diverse ander voorstelle ook uit Arbeidergeledere, het genl. Smuts sy mening gelug. Hy het erken dat die toestand van die boere ernstige aandag moet geniet. Dit was egter nie die regering nie, maar wêreldtoestande wat daarvoor verantwoordelik was, en sake sou weer normaal word as daar vrede in die wêreld is. Hy beskou ook die oplossings deur mnr. Werth aan die hand gedoen, as onmoontlik en onprakties. Hy belowe egter voorskotte aan boere op hul nuwe wol- en bokhaarskeersels as hulle dit nie verkoop kry nie, asook groter voorskotte aan die Landbank. Verder sou koöperatiewe verenigings nie verplig word om boere se voorskotte dadelik aan die Landbank te betaal nie, maar sou 'n paar jaar uitstel kry.²³ Hierdie toegewings van genl. Smuts het die Nasionale aan hulle volgehoue protes toegeskryf.²⁴

'n Ander toegewing wat deur heftige kritiek van die regering afgedwing is, is die vermindering van belasting op

19. Die Burger, 11.4.1921, 16.4.1921, 3.5.1921 en 18.11.1921. Hoofartikel.

20. Die Burger, 23.4.1921. Verslag van Volksraadsdebat; en Debates of the House of Assembly..., vol. 6, p. 102.

21. Die Burger, 26.4.1921. Verslag van Volksraadsdebat; en Debates of the House of Assembly..., vol. 6, p. 106.

22. Ibid., p. 109.

23. Die Burger, 27.4.1921, 27.5.1921 en 24.6.1921. Verslae van Volksraadsdebatte.

24. Die Burger, 27.4.1921. Rubriek „Parlement-Praatjies“; en Ibid., 28.4.1921. Hoofartikel.

tabak. Hieroor het genl. Hertzog verklaar: „Die Regering soek na 'n melkkoei om hul inkomste aan te vul, maar ek waarsku die Minister dat hy gevaar loop om 'n nekslag toe te dien aan 'n industrie wat menige Afrikaanse familie 'n karige maar fatsoenlike bestaan besorg.“²⁵ Aanvanklik is die belasting met 50% verminder en op 8 Junie het minister Burton aangekondig dat die belasting op rol- en afvaltabak nie voor die volgende finansiële jaar ingevorder sou word nie. Verder het die regering hom ook bereid verklaar om invoerregte op meel te verhoog.²⁶

In Die Burger se rubriek „Parlement Praatjies“ wys die skrywer daarop dat die muur van onwil en onverskilligheid waaragter die regering geskuil het, nie bestand was teen die aanhoudende aanvalle van die Nasionaliste - die verteenwoordigers van die platteland in die Volksraad - nie. Hy wens die Nasionale Party geluk met sy sukses en spreek die hoop uit dat hy ook daarin sal slaag om die inkomstebelastingstelsel vir boere te verongeluk.²⁷ Oor hierdie saak het die regering egter te midde van gedurige en volgehoue protes van die kant van die Nasionale Party voet by stuk gehou.

Ontevredenheid en proteste teen die regering se belasting- en besuinigingsmaatreëls het dwarsdeur die land weerklank gevind. Oral is vergaderings gehou en veeboere het protes aangeteken teen die verpligte inkomstebelastingstelsel, tabak- en wynboere teen die aksynsbelasting en koring- en mielieboere omdat die regering weier om 'n verbod op die invoer van koring en mielies te plaas. Toestande het al hoe meer versleg en talle deputasies het hul saak by die ministers, met die oog op verligting van finansiële druk, gaan stel.²⁸ 'n Aantal organisasies het ook ontstaan in 'n poging om die balju van menige boer se voordeur weg te hou. Op voorstel van L.J. Steytler, L.U.K. van die Kaaplandse Provinsiale Raad, is die „Boere Redmekeer-vereniging“ gestig om hulpbehoewendes weer op die been te bring,²⁹ en daar was 'n voorstel dat 'n „Armmansbeskermingsvereniging“ gestig moet word om boere teen hul skuldeisers te beskerm.³⁰ 'n „Suid-Afrikaanse Boere Ekonomiese Verbond“ is gestig om die boere

25. Die Burger, 23.6.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

26. Die Burger, 9.6.1921. Hoofartikel en verslag van Volksraadsdebat; en Ibid., 16.5.1921. Hoofartikel.

27. Die Burger, 9.6.1921.

28. Die Burger, 30.4.1921-30.11.1921.

29. Die Burger, 24.5.1921. Brief van L.J. Steytler; Ibid., 25.5.1921. Hoofartikel; en Ibid., 10.6.1921. Ontwerpstatute.

30. Die Burger, 1.6.1921.

te organiseer tot redding van hulself³¹ en op Standerton is 'n „Parlementêre Landbou-Industries-Bond" gestig om die belange van die boere te beskerm.³²

Die Federale Raad van die Nasionale Party het ook met die volgende besluit sy stem laat hoor: „Die Raad spreek dit as sy ernstige oortuiging uit dat ten gevolge van die algemene geldskaarste en die onmoontlikheid van die boer om teen 'n bestaanbare prys sy produkte van die hand te kan sit, dit vir die boerebevolking van die Unie in die algemeen gebiedend noodsaaklik geword het om tydelik beskerm te word teen die eise van die skuldeisers, en terwyl die Raad daar verder van oortuig is, dat indien dit nie gedoen word nie, 'n baie groot deel van die boerebevolking onverdiend tot algehele ondergang sal gebring word en onherstelbaar sal gedryf word tot armoede en ellende, so besluit die Raad dat sonder versuim by die Regering aangedring word dat daar dadelik 'n spesiale sitting van die Parlement word belê, met die doel om die nodige maatreëls te tref tot verlening van die vereiste hulp aan die boerebevolking van die Unie...." Die regering het belowe om die nodige aandag aan die saak te gee dog het 'n spesiale parlamentsitting as onprakties verwerp.³³

Op die onderskeie provinsiale kongresse van die Nasionale Party het die saak ook baie aandag geniet. Die redakteur van Die Burger het opgemerk dat die beskrywingspunte van die Kaaplandse Nasionale Partykongres 'n weerspieëling is van die ernstige ekonomiese krisis wat die land deurmaak en die stryd wat gestry word teen finansiële wanbeheer, en teen die blykbare kapitulasie van die regering aan die Unioniste in soverre as wat dit blyk uit die bevoorregting van die mynmagnate en die toenemende belastingdruk op boere.³⁴ Daar is geprotesteer teen die tabakbelasting³⁵ en teen die

31. Die Burger, 2.6.1921, 9.6.1921 en 2.9.1921.

32. Die Burger, 17.11.1921.

33. Kongresnotule van die Nasionale Party van Kaapland, 4-6.10.1921, p. 28. Jaarverslag van die Federale Raad.

34. Die Burger, 23.9.1921. Hoofartikel.

35. Kongresnotule van die Nasionale Party van Kaapland, 4-6.10.1921, p. 8; Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 11-12.10.1921, p. 12. Genl. Hertzog het dit as onmenslik beskryf; Ibid., p. 17. Adv. Roos het verklaar dat baie boere reeds daardeur geruïneer is en nog meer sal volg; Ibid., p. 24. Kongresbesluit; Die Burger, 30.9.1921. Proteste van die Kongres van die Nasionale Party van Transvaal; en Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal 1918-1922, p. 132. Kongresbesluit.

boere-inkomstebelastingstelsel.³⁶ Die regering is versoek om die boere te beskerm teen ruïnasie³⁷ en die Transvaalse Nasionale Party-kongres het 'n buitengewone parlementsitting bepleit sodat 'n moratorium ingestel kon word. Hierdie kongres het ook 'n kommissie behoem om die Eerste Minister te spreek ten einde banke te vra om boere 'n jaar uitstel te verleen.³⁸ In hulle openingstoesprake het die onderskeie provinsiale leiers die posisie in oënskoue geneem. Dr. D.F. Malan, Kaaplandse leier, het die ongeëwenaarde ekonomiese krisis in die land bespreek en daarop gewys dat daar vyf of ses maal meer bankrotskappe per maand is as in normale tye en dat die regering die belange van die boer ondergeskik aan dié van die kapitalis stel.³⁹ Genl. Hertzog, leier in die Vrystaat, het gewaarsku dat die toestand nog vir ten minste twee jaar sou voortduur en die boere gemaan om niks te doen wat hulle in geldelike moeilikheid kan bring nie. Hy het ook 'n beperkte moratorium voorgestaan.⁴⁰ Tielman Roos, Volksraadslid vir Lichtenburg en leier van die Transvaalse Nasionale Party, het die toestande gewyt aan die verkeerde politiek van die regering en het verklaar dat die staat die goud van die nuwe myne moet opkoop en dan staatswissels uitgee om boere te help. Hy stel ook voor dat 'n boerebank in die landboudistrikte opgerig moet word.⁴¹

Die Eerste Minister het by verkeie geleenthede die land probeer moed inpraat. Hy het erken dat daar nog nooit in die geskiedenis van die wêreld so 'n toestand was nie, maar dat Suid-Afrika se moeilikhede betreklik klein in vergelyking met dié van die res van die wêreld is. Hy het daarop gewys dat geen regering in enige deel van die wêreld vir die toestand verantwoordelik gehou kan word nie en beklemtoon dat hy wel in die verkiesing gewaarsku het dat slegte tye aan die kom was. Hy meen egter dat dit goed is vir die land om soms swaar te kry want „hierdie verskeidenheid van ervaring is nodig opdat ons 'n gesonde gemeenskap kan hê en ons

36. Kongresnotule van die Nasionale Party van Kaapland, 4-6.10.1921, p. 24; Die Burger, 30.9.1921. Verslag van N.P.-kongres van Transvaal; en Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal, 1918-1922, p. 132.

37. Kongresnotule van die Nasionale Party van Kaapland, 4-6.10.1921, p. 8.

38. Die Burger, 30.9.1921. Verslag van kongres.

39. Kongresnotule van die Nasionale Party van Kaapland, 4-6.10.1921, p. 19 en p. 24.

40. Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 11-12.10.1921, p. 11 en p. 13.

41. Die Burger, 29.9.1921 en 1.10.1921. Verslac van toespraak.

sin vir verhoudinge nie verloor nie." Ook beskou hy dit as 'n uitdaging om in sulke moeilike tye te regeer, aangesien hy dan iets tot stand kan bring waarvoor die volgende geslag hom kan onthou. Hy het op die nadelige gevolge van die druk van papiergeld en die instelling van 'n moratorium gewys. Verder verseker hy die publiek dat die regering sy uiterste bes doen om sake te verbeter en maan hulle tot geduld, spaarsaamheid en wedersydse hulp. Genl. Smuts het ook belowe dat hy sal help sover hy kan en die publiek meegedeel dat 'n ondersoek wat nou gedoen word, die regering in staat sal stel om te voorkom dat die volk geruïneer word.⁴²

Sy antwoord aan 'n deputasie van Hoëveldse boere, nl. „Daar is niks verkeerd in die land nie, net die banke is bietjie paniekerig, en hierdie ding sal ek regmaak“, het egter veral van twee Nasionale koerante skerp kritiek uitgelok. Die redakteur van Ons Vaderland het die uitlating gesien as 'n bespotting van die ellende van duisende mense wat gebrek ly en in wanhoopstoestande verkeer. „Die Nasionale Party het sy plig gedoen en die regering planne vir uitredding voorgelê. Die Eerste Minister glimlag en trek sy skouers op: „daar is niks verkeerd in die land nie“. En die mense vergaan van ellende.“⁴³ Die Burger het genl. Smuts, die „Handyman van die Empire“, gekritiseer oor sy gedurige bemoeiing met Europese sake ten koste van die belange van Suid-Afrika, veral dié van die boerebevolking, waarvoor hy betaal word, maar wat benede sy waardigheid is. „Daardie houding van ons Eerste Minister is besig om 'n vulkaan te skep, wat hom een van die dae die lug sal laat intrek. Eers dan sal hy merk dat daar iets verkeerd is in die land.“⁴⁴

Verligting vir boere het gekom toe die regering in Oktober 1921 in 'n omsendbrief aan magistrate aanbeveel het dat waaksaamheidskommissies gestig moet word om tussenbeide te tree as onredelike druk op boere uitgeoefen word, en om by skuldeisers op uitstel aan te dring. As hul pogings misluk, moet die Sekretaris van Justisie in kennis gestel word en hy sal dan verdere stappe doen. In 'n hoofartikel het Die Burger hierdie stap verwelkom en dit toegeskryf aan die onvermoeide ywer van die Nasionale Volksraadslede, kragtige besluite op vergaderings, deputasies en dreigemente. Hy het die boere aangemoedig om te organiseer en te agiteer,⁴⁵ want

42. Die Burger, 8-9.9.1921, 26.9.1921 en 21.10.1921. Verslae van toesprake te Pretoria.

43. Die Burger, 24.9.1921. Verstrek die mening van Ons Vaderland.

44. Die Burger, 21.9.1921. Hoofartikel.

45. Die Burger, 14.10.1921. Hoofartikel.

die enigste manier om die regering te dwing om iets te doen, is met deputasies en dreigemente.⁴⁶ 'n Verdere toegewing was die aankondiging van sir Thomas Smartt, Minister van Landbou, dat die regering van plan was om die laegraad-tabak op te koop en so die las van die boere te verlig.⁴⁷ Genl. Smuts het ook belowe dat die prys van mielies wat laer is as die produksiekoste, sy ernstige aandag sou geniet.⁴⁸ Nog 'n aankondiging wat groot byval gevind het, was dat die regering besluit het om 'n handelskommissaris in Rotterdam aan te stel - 'n saak waarvoor veral genl. Hertzog en dr. D.F. Malan hulle in die begrotingsdebat sterk beywer het.⁴⁹

'n Ander bron van grootskeepse ontevredenheid by die publiek en kritiek teen die regering was die inkorting van die lewensduurtetoelaag aan staatsamptenare en spoorwegwerkers en die verlenging van die werksdag van agt uur op die Spoorweë, wat met die oog op groter produksie ingestel is. Amptenare, spoorwegpersoneel en onderwysers vanoor die hele land het hulle proteste laat hoor. Die spoorwegpersoneel het selfs gedreig om te staak.⁵⁰

Genl. Hertzog het nogmaals die Nasionale Party se standpunt oor die saak gestel: „Ons het geprotesteer teen die gedobbel met salarisse, omdat ons wis dat hulle dit weer sou moes afneem. Nou word families van die gesalarieerde in armoede gedompel.”⁵¹ Dr. Malan het ook daarop gewys dat die staatsamptenare deur die regering mislei is: „Hulle is bereid om saam met die res van die bevolking die laste van die land te dra, waar nodig, salaris-vermindering te aanvaar, en langer te werk. Maar hulle agiteer vandag teen onreg, want beloftes aan hulle is nie uitgevoer nie, en hulle verlang in die politiek eerlikheid.” Voor die verkiesing was die regering bereid om die werksdag van agt uur te erken, maar nou word dit weggeneem.⁵²

46. Die Burger, 26.9.1921. Hoofartikel.

47. Die Burger, 12.11.1921. Verslag van toespraak te Alice.

48. Die Burger, 24.11.1921. Verslag van toespraak te Bloemfontein.

49. Die Burger, 12.11.1921. Verslag van toespraak van sir Thomas Smartt te Alice; Ibid., 23.11.1921; Ibid., 24.11.1921. Hoofartikel; Ibid., 31.5.1921 en 2.6.1921. Verslae van Volksraadsdebatte; en Ibid., 29.8.1921 en 2.11.1921. Verslae van toesprake van dr. D.F. Malan te Potchefstroom en Willowmore. Sien ook Ibid., 1.6.1921, 25.8.1921, 14.9.1921, 22.9.1921 en 1.10.1921. Hoofartikels.

50. Die Burger, 24.3.1921-4.10.1921.

51. Kongresnotule van die Nasionale Party, O.V.S., 11-12.10.1921, p. 15.

52. Kongresnotule van die Nasionale Party van Kaapland, 4-6.10.1921, p. 20. Sien ook Die Burger, 26.11.1921. Verslag van toespraak van genl. Hertzog te Bloemfontein.

Tielman Róos het dié spoorwegwerkers gewaarsku om nie te staak soos sommige gedreig het nie en beklemtoon dat hulle en die boere nou die wrange vrugte pluk van die verkeerde politiek van 'n regering wat deur hulle gesteun en bevorder is.⁵³ Oor die inkorting van die lewensduurtetoelaag het die Transvaalse Nasionale Party-kongres besluit dat aangesien besuiniging nodig is, dit slegs toegepas moet word op amptenare wat meer as £750 per jaar verdien. Die kongres het ook besluit dat dit onwenslik is om die werksdag van agt uur meteens af te skaf aangesien die beginsel deur byna die hele wêreld gehandhaaf word, en vertrou dat met die oog op die besondere omstandighede in Suid-Afrika die agt uur werkdag sover moontlik toegepas sal word.⁵⁴

Die regering se hantering van die finansiële toestand het wydverspreide kritiek uitgelok en in Oktober 1921 lug kol. F.H.P. Creswell, leier van die Arbeidersparty, in 'n brief aan genl. Hertzog sy mening: „We all know and admit, of course, that the depression is in a broad way the outcome of world conditions, but where you and I would probably agree is that it lies very much within our power to accentuate or assauge the effect on South Africa of those world conditions and that the policy that South Africa has been adopting has tended rather to accentuate that counteract them.“⁵⁵

In sy antwoord op hierdie brief wys genl. Hertzog daarop dat die regering met die stigting van die Reserwebank die inkorting van krediet veroorsaak het; dat banke en finansiële ondernemings voordeel uit die verhoogde waarde van geld en hoër rentekoers getrek het en dat boere en ander skuldenaars onder 'n swaarder las gebuk gegaan het. Volgens hom het die regering stilswyend toegelaat dat sake hul loop neem sonder om enige poging aan te wend om die uitwerking daarvan te versag. Hierdeur is die nadelige gevolge van die wêreldtoestand in Suid-Afrika vererger. In 'n poging om homself te red, het die regering sy toevlug tot afdanking van staatsamptenare en verhoogde belasting geneem. „I do not wish to criticise their action here beyond merely remarking that if more attention had been paid in time to the general welfare of the people, and less to that of certain moneyed corporations and individuals, very much would have been done to prevent the

53. Die Burger, 29.9.1921. Verslag van toespraak te Pretoria.

54. Die Burger, 1.10.1921. Verslag van N.P.-kongres van Transvaal.

55. Creswell, M., An epoch of the political history of South Africa in the life of Frederic Hugh Page Creswell, p. 79.

misery and hardship to-day inflicted by the measures resorted to. I cannot but feel that the policy of the government has led to a wholesale surrender to capitalistic influences, or at any rate is leading thereto. The more the people are thrown into helplessness and the government into debt, the more will the moneyed few extend their influence and their enterprises, and the more that they do that the more will they become the real governing factor." Hy beklemtoon die feit dat hy nie vyandig teenoor kapitaal is nie en selfs wens dat elke burger van die Unie 'n kapitalis was; maar dat hy die invloed van kapitaal in die regering van die land vrees en verafsku. Aangesien die regering in die afgelope paar jaar steun van die kapitaliste, eerder as van die volk geniet het, vrees hy dat die regering teen die tyd deur sy optrede en maatreëls sover gekompromitteer is dat hy nooit weer 'n vrye en onafhanklike houding sal kan aanneem nie.⁵⁶

In sy kwartaallikse oorsig het die korrespondent van The Round Table verklaar dat ten spyte van die kritiek 'n groot deel van die publiek tog die besuinigingsmaatreëls van die regering steun. Hy het dit egter betwyfel of die kombinasie van die Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste in staat daartoe was om leiding in 'n ekonomiese krisis te gee aangesien dit aanvanklik gevorm is om 'n politieke gevaar die hoof te bied.⁵⁷ In die geamalgameerde party wissel die ekonomiese siening van streng konserwatief tot uiters liberaal omdat die party uiteenlopende belange insluit - stedelike en landelike, vryhandelaars en proteksioniste, en voor- en teenstanders van grondbelasting. Ook het hy gewaarsku dat die regering steun gaan verloor a.g.v. sy besnoeiingsmaatreëls.⁵⁸

Met hierdie mening was die redakteur van Die Burger dit eens en hy het voortdurend op die onbekwaamheid van die regering gewys om die ekonomiese krisis die hoof te bied.⁵⁹ Hy het ook daarop gewys dat die regering baie ondersteuners verloor het en dat genl. Smuts se populariteit aan die kwyn was. Die grootste deel van die platteland is nie meer aan sy kant nie, want sedert die amalgamasie met die Unioniste het die swaartepunt van sy mag na die stede verskuif.⁶⁰ Ook die

56. Ibid., pp. 81-82. Brief gedateer 26.10.1921.

57. Supra, pp. 10-13.

58. The Round Table, vol. 46, pp. 424-425.

59. Die Burger, 11.4.1921, 7.5.1921, 28.5.1921, 14.7.1921, 16.7.1921, 15.9.1921 en 26.9.1921. Hoofartikels.

60. Die Burger, 3.5.1921 en 22.9.1921. Hoofartikels. Sien ook Ibid., 17.6.1921. Hoofartikel.

Sunday Times het die regering gekritiseer weens sy onvermoë om die brood-en-botter-probleme op te los.⁶¹ Hierdie toedrag van sake het ongetwyfeld groter steun vir die Nasionale Party verseker en Tielman Roos kon tereg opmerk: „Die belastinge doen ons party goed.”⁶²

In 1922 was daar weinig verandering op ekonomiese gebied. „Dis met groot besorgdheid dat ons die komende jaar tegemoet sien, want wantroue staat as stuurman aan die roer en die koers is reguit verderf toe”; het die hoofartikel van Die Burger op 3 Januarie 1922 gelui.⁶³ Die beskouing van talle Nasionalistes is deur C.W. Malan, L.V. vir Humansdorp, saamgevat in 'n toespraak in sy kiesafdeling aan die begin van Februarie. Hy wys op die slegte ekonomiese toestande; op die onvermoë van ministers om behoorlik beheer oor hul departemente uit te oefen soos blyk uit die verslag van die Ouditeur-generaal; op die grootskeepsse geldverkwisting deur die regering in 'n tyd waarin insolvensies op groot skaal in die Unie vermeerder; op die swaar las van vee- en koringboere a.g.v. hoë belastinge en op ruïnasie van wynboere weens die ondraaglike aksynsbelasting: „Deputasies wat by die Regering hulp gaan soek het niks verkry nie, maar die mynmagnate betaal groot dividende uit omdat hul in werklikheid die Regering van die land in hul mag het.”⁶⁴

Na aanleiding van die verslag van die Ouditeur-generaal vir 1920-21 is die regering pas voor die parlamentsitting deur Die Burger oor sy geldverkwisting voor stok gekry: „Die Regering staan amper bladsy vir bladsy beskuldig van die ergerlike verkwisting van die geld van die belastingbetalers en verontagsaming van die Parlement.” Daar is onder meer gewys op die hoë koste van Morley's Hotel, tuiste van die Hoë Kommissaris in Londen, die hoë koste van oorlogsmedaljes, onthale vir hoë buitelandse besoekers, vermorsing in die Departement van Verdediging en die onoordeelkundige aankoop van regeringsplase.⁶⁵

In die debat oor die aanvullende begroting waarin minister Burton 'n bedrag van £649,000 en minister Jagger

61. Die Burger, 25.7.1921. Verstrek die mening van die Sunday Times.

62. Die Burger, 13.10.1921. Verslag van toespraak te Vrededorp.

63. Die Burger, 3.1.1922. Hoofartikel.

64. Die Burger, 7.2.1922. Verslag van toespraak te Humansdorp. Sien ook Ibid., 10.2.1922. Verslag van toespraak van J.H.H. de Waal te Redelinghuys.

65. Die Burger, 28.1.1922; 31.1.1922, 6.2.1922, 8.2.1922, 10.2.1922 en 16.2.1922. Hoofartikels. Sien ook Ibid., 3.1.1922. Verslag van toesprake van Nasionalistes in die Strand.

byna 'n half miljoen pond ekstra gevra het, was John X. Merriman, S.A.P.-Volksraadslid vir Stellenbosch, die eerste om klem op die geldverspilling van die regering te laat val: „Well, we are in a mess - a great mess - and yet this is the time chosen to put in front of us Supplementary Estimates and Additional Estimates. We now go dancing down the primrose path which will lead to ruin, unless you stop.“ Sy voorstel was dat iemand met die moed van die Ouditeur-generaal of 'n komitee aangestel moet word om oor die begroting behoorlik toesig te hou.⁶⁶ Adv. C.G. Fichardt het hierdie voorstel gesteun en daarop gewys dat die Nasionaliste al twee of drie keer so 'n maatreeël voorgestel het, dóg sonder sukses. Die lang lys voorbeelde van geldverkwisting deur verskillende staatsdepartemente wat hy aangehaal en bespreek het, is deur ander sprekers uit die geledere van die Nasionaliste, Arbeiders en selfs ook die Suid-Afrikaanse Party aangevul.⁶⁷ Ook sir Abe Bailey, S.A.P.-lid vir Krugersdorp, het minister Burton gekritiseer en die hoop uitgespreek dat hy in die toekoms sy beleid op besparing sal skoei. „If he did not, he (sir Abe) was quite certain that on the economic policy the government would come to grief.“⁶⁸ Die dag ná die debat het die redakteur van Die Burger onomwonde verklaar dat Burton 'n swak Minister van Finansies is en nie vir sy taak opgewasse is nie. Hy kan sy departement nie beheer nie en weet só min van finansies af as die man in die maan.⁶⁹ Daarby het die regering, veral weens sy hantering van geldsake, die vertroue van die land totaal verloor.⁷⁰

Die begroting vir 1922-23 het nie veel gedoen om minister Burton enigsins gewilder te maak nie. Hy het aangekondig dat die tekort van die vorige jaar £1,361,000 was, wat tesame met die tekort van £400,000 vir 1920-21 en die oorskot van £460,000 vir 1919-20, die opgehoopte tekort nou op £1,301,000 te staan bring. Hy het egter weinig nuwe belastings aangekondig. Belasting op sigarette is verhoog, maar dié op tabak verminder. Ook het hy 'n moontlike vermindering van posgeld belowe. Verder is 'n boedelbelasting ingestel en die subsidies aan die Provinsiale Rade is verminder aangesien die grondslag van toekenning gewysig is.⁷¹

66. Debates of the House of Assembly..., vol. 7, p. 34 en p. 43.

67. Ibid., pp. 34-36 en p. 43; en Die Burger, 3.3.1922 en 7.3.1922. Verslae van Volksraadsdebate.

68. Debates of the House of Assembly..., vol. 7, p. 35.

69. Die Burger, 4.3.1922. Hoofartikel.

70. Die Burger, 22.3.1922. Hoofartikel.

71. Debates of the House of Assembly..., vol. 7, pp. 185-188; Die Burger, 6.5.1922. Verslag van Volksraadsdebat; en The Round Table, vol. 48, pp. 892-896.

In die daaropvolgende debat het die Nasionaliste hul verbasing uitgespreek oor die toon van optimisme wat uit die minister se toespraak te midde van die slegte finansiële toestande en vooruitsigte gestraal het. Die verslag van die Ouditeur-generaal was weer eens die bron van kritiek op die regering se hantering van landsfinansies. C.G. Fichardt het Burton daarvan beskuldig dat hy met die syfers goël om die finansiële toestand beter voor te stel as wat dit is. Die tekort is volgens hom in werklikheid veel groter, maar kapitaalinkomste soos die mynhuurgelde en die opbrengs uit die verkoop van kroongronde word aangewend vir lopende uitgawes. Hy was van mening dat die minister die swaar belastingdruk op die volk moes verlig het.⁷² Die opposisie het gevra vir beskerming van die koringboer deur 'n tydelike verbod op die invoer van koring en meel en deur die verhoging van die invoertarief daarop, maar minister Burton het dit geweier omdat die koringboere volgens hom reeds genoeg beskerming geniet het.⁷³ Aan die volgehoue protes van Nasionaliste teen die inkomstebelastingstelsel vir boere wou Burton nie gehoor gegee het nie, hoewel 'n geringe toegewing rakende die basis van aanslag toegestaan is.⁷⁴ Sy toegewings rakende tabakbelasting soos in die begroting aangekondig, het die Nasionaliste as 'n oorwinning beskou.⁷⁵

Kritiek op die begroting was nie net tot die Nasionaliste beperk nie. Arbeiders en lede van die regerende Suid-Afrikaanse Party het lustig meegedoen. Sir Abe Bailey het beswaar gemaak teen die hoë belasting en spoorwegtariewe waaronder die land gebuk moes gaan en Merriman wat die geldverkwisting betreur het, het gewaarsku: „As we are going now, we are steering straight - I won't say for ruin - but for a very complicated state of affairs. Unless this government looks out, it is going to be wrecked upon finances.”⁷⁶ Die kritiek vanuit die regerende party is egter deur Die Burger as van min waarde beskou aangesien al die regeringslede tog uiteindelik vir die begroting stem. Landsbelange word vir partybelange opgeoffer en die Minister van Finansies tree

72. Die Burger, 13.5.1922. Verslag van Volksraadsdebat. Sien ook Ibid., 16.5.1922, 19.5.1922 en 20.5.1922. Verslae van Volksraadsdebatte.

73. Die Burger, 31.5.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

74. Die Burger, 10.6.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

75. Die Burger, 23.3.1922. Hoofartikel; en Ibid., 31.3.1922 en 29.6.1922. Rubriek „Volksraad-Indrukke”.

76. Debates of the House of Assembly..., vol. 7, pp. 208-210, p. 220, pp. 222-224 en pp. 227-228; en Die Burger, 16.5.1922, 20.5.1922 en 23.5.1922. Verslae van Volksraadsdebatte.

völgens die redakteur soos 'n outokraat op.⁷⁷

Die spoorwegbegroting van minister Jagger het 'n heelwat slegter toestand as dié van sy kollega Henry Burton geskilder. Hy moes die nuwe begrotingsjaar met 'n opgehoopte tekort van £4,399,571, tesame met £250,000 vir die oorname vir die Suidwes-Afrikaanse spoorweg, begin. Ten spyte van drastiese besuiniging soos die ontslag van personeel, afskaffing van lewensduurtetoelaes, en die instelling van langer werksure was die tekort vir 1921-22, £1,600,000. Die staking van mynwerkers aan die Rand het egter in 'n groot mate tot die tekort bygedra. Minister Jagger het nogtans die spoorwegtariewe op sekere produkte vir lang afstande verlaag en dit betreur dat spoorwegtariewe nie oor die algemeen verlaag kan word nie, maar het dit tog in die vooruitsig gestel. Sy beraamde tekort vir 1922-23 was £111,218.⁷⁸ Spoorweguitbreiding ter waarde van £4 miljoen is aangekondig en in September is die verminderde tariewe vir lang afstande ook op korter afstande van toepassing gemaak.⁷⁹

In teenstelling met die wyse waarop Burton deur die opposisie behandel is, is Jagger geloof vir sy ernstige pogings om sy departement betalend te maak. Hy is ook minder gekritiseer vir die te hoë spoortariewe en geldverkwisting waarvan die verslag van die Ouditeur-generaal melding maak.⁸⁰ Nadat ministers Burton en Jagger op 24 Mei op die begrotingsdebat repliek gelewer het, het die redakteur van Die Burger daarop gewys dat mense geloof het in Jagger se sakebeginsels, eerlikheid en ernstige strewe om sy beste kragte aan 'n groot taak te wy. Hoewel daar ontevredenheid met sy beleid is soos bv. te veel klem op uitvoer en vervoer tussen die binneland en die kus, en te min op binnelandse vervoer van produkte en laer spoortariewe, word hy gerespekteer as 'n sakeman by uitnemendheid. Daarteenoor, sê die redakteur, het minister Burton in sy repliek vir hom 'n „sertifikaat van onbekwaamheid“ verwerf.⁸¹

77. Die Burger, 17.5.1922 en 27.5.1922. Hoofartikels.

78. Debates of the House of Assembly..., vol. 7, pp. 190-195, en pp. 236-237; en Die Burger, 9.5.1922 en 25.5.1922. Verslae van Volksraadsdebatte. Hoewel minister Jagger in sy begrotingsrede die spoorwegtekort vir 1921-1922 op £1,800,000 gestel het, het hy op 24 Mei aangekondig dat dit £1,600,000 is.

79. Debates of the House of Assembly..., vol. 7, pp. 283-284; Die Burger, 15.6.1922. Verslag van Volksraadsdebat; en Ibid., 5.9.1922. Hoofartikel.

80. Debates of the House of Assembly..., vol. 7, p. 206 en pp. 227-229; en Die Burger, 13.5.1922 en 23.5.1922. Verslae van Volksraadsdebatte.

81. Die Burger, 25-26.5.1922. Hoofartikels. Sien ook The Round Table, vol. 48, p. 894.

Teen die einde van die sitting het daar 'n insident in die Volksraad plaasgevind wat daartoe gelei het dat al die Nasionale Volksraadslede hulle aan die bespreking van die begroting in komitee onttrek het. Op 16 Junie het adv. C.G. Fichardt, in sy aanval op Burton, verwys na die minister se toespraak oor wolverkope. Die voorsitter van komitees het hom buite orde gereël op grond daarvan dat hy hom in komitee by die onderwerp van bespreking moet bepaal. Fichardt het hom egter op die Speaker beroep maar lg. het die beslissing gehandhaaf en daarop gewys dat die bespreking in komitee nie 'n begrotingsdebat in die klein is waar alles bespreek kan word nie. Genl. Hertzog het toe op 20 Junie na 'n private gesprek met die Speaker, 'n onbestrede mosie voorgestel dat aan die komitee i.s. die reglement van orde opgedra sal word om te oorweeg in hoeverre die reëls van die Volksraad verander behoort te word ten einde 'n doeltreffender bespreking van finansies te verkry. F.S. Malan, Minister van Mynwese en Nywerhede, het hom daarteen verset en die mosie is afgestem.⁸²

In 'n brief aan Die Burger het genl. Hertzog die saak verduidelik en bekend gemaak dat die Nasionale Party besluit het om hom vir die res van die sitting aan enige verdere deelname aan die bespreking in die begrotingskomitee te onttrek. „Dit is tegelykertyd meer as louter 'n formele verset. Die protes is tewens bedoel as 'n middel van stryd teen die voortsetting van 'n nuwe poging, deur die Regering aangewend om te verhinder dat daar behoorlik kritiek van die sy van die Opposisie op sy beleid uitgeoefen word ... Die tyd is aangebreek om sowel die Regering en die volk te doen voel dat die stelselmatige inkorting van die vryhede en regte van die lede van die Volksraad by hul beraadslaginge perke bereik het waarbuite dit nie mag toegelaat word te gaan nie, sonder om aan die volk te ontnem haas alle beheer oor Ministers en oor Regering.“ Hy het verder daarop gewys dat die reëling die bespreking oor die finansiële beleid van die minister so te sê onmoontlik maak. Die keuse voor die Nasionale Party was dus of deelname in naam, terwyl hul monde gesnoer was, of onttrekking aan die debat. Die lede het lg. verkies omdat hulle voel dat hul teenwoordigheid die land — onder die valse indruk bring dat hulle wel 'n aktiewe deel neem aan die verrigtinge, waarin hulle hoofsaaklik niks meer te sê het nie.⁸³ Die Burger het hierdie optrede goed-

82. Debates of the House of Assembly..., vol. 7, p. 290 en p. 292.

83. Die Burger, 21.6.1922. Brief gedateer 20.6.1922.

gekeur en bygevoeg dat die Nasionale Party wat die vorige jaar al teen die „muilband-taktiek“ geprotesteer het, nou aan die volk wil toon dat hy geen verantwoordelikheid dra vir 'n begroting waarvan die grondige behandeling en bespreking tot 'n blote formaliteit beperk word nie.⁸⁴

Die steeds groeiende uitgawes van die regering het daartoe gelci dat die gekose komitee insake die openbare rekeninge op 5 Julie 1922 in die Volksraad aanbeveel het dat 'n Geddes- of besparingskomitee, bestaande uit drie ekonome, maar nie parlamentslede nie, benoem moet word om die regering by te staan deur aanbevelings rakende besuiniging te maak. Hoewel die regering die aanbeveling in beginsel aanvaar het, is besluit om die komitee wel uit parlamentslede saam te stel. Twee lede van die Suid-Afrikaanse Party en één Nasionalis is benoem. Toe adv. C.G. Fichardt per brief van sy aanstelling in die besuinigingskomitee in kennis gestel is, het hy die aanbod van die hand gewys. Hy het daarop gewys dat die gekose komitee insake openbare rekeninge juis op nie-parlamentslede besluit het omdat hulle nie so maklik deur partybelange beïnvloed sou word nie. Aangesien die strengste besuiniging nodig is, bestaan daar altyd die gevaar dat 'n parlamentslid sal huiwer om sulke aanbevelings te maak weens die moontlike invloed daarvan op sy kiesers, of sy getrouheid aan of sy opposisie teen die regering. Gevolglik kon hy hom nie met die samstelling van só 'n komitee versoen nie.⁸⁵

Teen die einde van die jaar het minister Burton by verskeie geleenthede sy kommer uitgespreek oor die feit dat die finansiële toestand van die land steeds aan die versleg was. Hy het ook erken dat die land 'n las dra wat hy met sy hulpbronne in normale omstandighede nie in staat sou wees om te dra nie.⁸⁶ Hiermee het minister Jagger saamgestem en verklaar dat die belastingsdruk reeds sy grense bereik het en dat die regering verplig is om die onaangename weg van besnoeiing in sy departemente te volg.⁸⁷

Toestande het geen verbetering getoon nie en Nasionale Volksraadslede het in hul verslagvergaderings en by openbare optredes die klem in 'n groot mate op ekonomiese vraagstukke

84. Die Burger, 20.6.1922. Hoofartikel. Sien ook Ibid., 12.12.1922. Hoofartikel.

85. Debates of the House of Assembly..., vol. 7, p. 330; en Die Burger, 16.8.1922. Hoofartikel en brief van C.G. Fichardt aan Burton.

86. Die Burger, 22.9.1922, 25.10.1922 en 4.11.1922. Verslae van toesprake te Ladysmith, Kalkbaai en Port Elizabeth.

87. Die Burger, 4.11.1922. Verslag van toespraak te Kaapstad.

laat val. Hulle het die regering weens sy kortsigtigheid, wanbestuur en bevoordeling van die kapitaliste, vir die toestand verantwoordelik gehou.⁸⁸ G.W. Malan het sy „S.A.P.-broers“ afgepra: „Wat soek julle daar by die Baileys, die Harrisse, die uitmergelaars van Suid-Afrika?“⁸⁹ en A.J. Werth verklaar: „Die nuwe geamalgameerde party is moeg gebore en daarom ontbreek ook alle inisiatief.“⁹⁰ Die toekoms het donker gelyk, veral vir die boere wat geen markte vir hul produkte gehad het nie, en boonop gebuk moes gaan onder langdurige droogtes en sprinkaanplae.⁹¹ Op die Nasionale kongresse is weer eens protes aangeteken teen die swaar belastingdruk op boere, veral die inkomstebelasting en die nuwe boedelbelasting. Genl. Hertzog het in sy openingstoespraak op die Vrystaatse kongres daarop gewys dat wat die Vrystaat betref, 'n persoon bv. nou £1,800 i.p.v. £300 soos in die verlede, aan boedelbelasting betaal, en dan beweert die regering nog dat geen nuwe belastings gehef word nie.⁹²

„Die volk roep om brood. Van die Smuts-Regering het hulle tot hiertoe nog niks anders gekry nie as 'n steen,“ was die uitspraak van Die Burger.⁹³ Die korrespondent van The Round Table het bygevoeg dat die geamalgameerde Suid-Afrikaanse Party in sy optrede om die ekonomiese krisis die hoof te bied - waarvoor doelgerigte eenheid absoluut noodsaaklik was - die

88. Kongresnotule van die Nasionale Party, O.V.S., 11-12.10.1922, p. 7. Verslag van die Sentrale Bestuur; Ibid., pp. 13-14. Verslag van genl. Hertzog se toespraak; Ibid., p. 17. Verslag van toespraak van I.P. van Heerden namens die Kaapse Nasionaliste; Die Burger, 1.11.1922. Jaarverslag van die Sentrale Komitee aan die Kaaplandse N.P.-kongres; Ibid., 5.9.1922, 31.10.1922, 17.11.1922 en 29.11.1922. Verslae van toesprake van C.W. Malan te Humansdorp, Wynberg, Lindley en Kaapstad; Ibid., 14.7.1922, 28.10.1922, 14.11.1922 en 4.12.1922. Verslae van toesprake van genl. Hertzog te Stellenbosch, Dewetsdorp, Senekal en Aliwal-Noord; Ibid., 18.7.1922. Verslag van toespraak van J.H. Conradie te Aliwal-Noord; Ibid., 14.6.1922 en 19.8.1922. Verslae van toesprake van adv. Fichardt te Stellenbosch en Johannesburg; Ibid., 4.10.1922. Verslag van toespraak van dr. Malan te Darling; en Ibid., 6.11.1922. Verslag van toespraak van A.J. Werth te Bloemfontein.
89. Die Burger, 17.11.1922. Verslag van toespraak te Lindley.
90. Die Burger, 6.11.1922. Verslag van toespraak te Bloemfontein.
91. Die Burger, 7.6.1922 en 17.2.1922. Hoofartikels.
92. Kongresnotule van die Nasionale Party, O.V.S., 11-12.10.1922, p. 14; Die Burger, 1-2.11.1922. Verslag van die Kaaplandse N.P.-kongres en verslag van die Sentrale Komitee aan die kongres; en Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal, 1922-1932, p. 9 en p. 10.
93. Die Burger, 19.4.1922. Hoofartikel.

swakheid van 'n koalisie-regering duidelik geopenbaar het.⁹⁴

In sy troonrede met die opening van die Parlement op 19 Januarie 1923 het die Goewerneur-generaal, prins Arthur van Connaught, aangekondig dat hoewel depressie nog heers, daar tekens is dat die Unie op ekonomiese gebied stadig begin herstel. Die strengste besuiniging is egter nog nodig en die ministers wy hul volle aandag aan die saak.⁹⁵

Die finansiële toestand van die land was in 'n groot mate die onderwerp van genl. Hertzog se toespraak in die wantrouedebat. Hy het die regering vir ten minste 70% verantwoordelik gehou vir die swak ekonomiese posisie waarin die land verkeer het. Belastingdruk swaar en die ministers „breek hul koppe om nuwe belasting uit te dink.“ Hy wys daarop dat genl. Smuts en minister Burton albei erken dat die finansies in 'n slegte toestand is en het daardeur 'n oordeel oor hulself uitgespreek. Genl. Smuts se bewering dat Suid-Afrika beter daaraan toe is as die res van die wêreld, verander niks aan die aandadigheid van die ministers aan die finansiële toestand nie. Genl. Hertzog wys ook daarop dat die boere die afgelope paar jaar soos nog nooit tevore in die geskiedenis van die land gelyk het nie. Die boere het by die regering om hulp kom aanklop, maar al wat die regering gedoen het, was om £700,000 van die Landbank weg te neem en vir ander doeleindes te gebruik. Die pleidooie van Nasionaliste is geïgnoreer en eers toe die regering se eie ondersteuners begin beswaar maak, is meer geld aan die Landbank gegee. Dit is dus nie 'n vaste beleid wat hom daartoe gebring het nie, maar die oorwig van stemme.⁹⁶

In sy repliek het genl. Smuts heftig ontken dat die regering vir die depressie verantwoordelik gehou kan word. Dit is 'n wêreldwye verskynsel en die feit dat Suid-Afrika beter daaraan toe is as enige ander land en dat daglig al deurskemer, is volgens hom aan die bekwaamheid van die regering te danke.⁹⁷

Met die debat oor die addisionele begroting het daar uit opposisie-geledere 'n nuwe stortvloed van protes teen die geldelike beheer van die regering losgebars. Minister Burton het aangekondig dat die beraamde tekort vir die afgelope jaar meer as verdubbel het, maar hy was vol vertroue dat die laagtepunt van die depressie bereik is aangesien daar

94. The Round Table, vol.50, p. 422.

95. Debates of the House of Assembly..., Vol. 3, p. 2.

96. Ibid., pp. 5-7 en pp. 28-29; en Die Burger, 24.1.1923 en 30.1.1923. Verslae van Volksraadsdebate.

97. Debates of the House of Assembly..., vol. 3, pp. 12-14.

nou duidelike tekens van verbetering van die finansiële toestand van die land is. Hy wys ook daarop dat die regering daarin geslaag het om sy uitgawes te verminder. Hy het egter die gebruik van geld vir gewone uitgawes uit die lenings- en delgingsfondse, wat vir die ontwikkeling van die land bedoel was, as 'n ongesonde stap bestempel, maar aangevoer dat dit in abnormale toestande noodgedwonge gedoen moes word. Volgens hom het die regering ook besluit om die voorgestelde Geddeskommissie uit lede van die komitee insake openbare rekeninge te benoem, aangesien dit moeilik was om van die voorgestelde ekonome te beweeg om in die komitee te dien. Hy voer aan dat toe adv. C.G. Fichardt geweier het om sy benoeming te aanvaar, die regering aangeneem het dat geen ander Nasionalis dit sou aanvaar nie, en het gevolglik besluit om die komitee uit kabinetslede saam te stel. Burton verklaar dat hy saam met ministers Jagger en Duncan die finansies van die land ondersoek het en hulle bevinding het daarop neergekom dat die koste van die landsadministrasie heeltemal buite verhouding met die inkomste van die land is, en dat selfs nog drastieser besuinigingsmaatreëls getref moet word.⁹⁸

Benewens die kritiek wat in die Volksraad geopper is, verklaar Die Burger dat Burton 'n treurige mislukking van die land se geldsake gemaak het en dat hy al die waarskuwings van Nasionaliste in die wind geslaan het.⁹⁹ Ook die redakteur van The Friend wys daarop dat, hoewel Burton met onbepaalde faktore rekening moes hou, hy 'n mislukking as die beursdraer van die land is. Hy het dit baie onwenslik geag dat die Geddeskommissie uit ministers bestaan het wat ondersoek na hulle eie beleid moes instel. Verder was die redakteur van oortuiging dat Burton plek moes maak vir iemand wat die land se finansies op 'n gesonde grondslag kan plaas.¹⁰⁰

Die begroting vir 1923-24 en die nuwe belastings wat dit meegebring het, het minister Burton se aansien geensins verbeter nie. Op 28 Maart het hy sy begrotingsrede gelewer wat kortliks op die volgende neerkom: Die tekort vir 1922-23 het op £1,353,000 te staan gekom terwyl die beraamde tekort vir 1923-24 £896,000 sou beloop. Dit bring die totale

98. Ibid., pp. 74-75 en p. 77.

99. Die Burger, 15.2.1923 en 6.3.1923. Hoofartikels. Vir Volksraadsdebat sien Debates of the House of Assembly..., vol. 8, pp. 75-77.

100. The Friend, 16.2.1923. Hoofartikel.

tekort vanaf 1920 op £2,499,000 te staan en wel na die aanwending van die oorskot van 1919-1920 en leningsgelde ter waarde van £2,194,000. Die werklike tekort was dus meer as £4½ miljoen. Daarbenewens het die landskuld met £7,425,000 toegeneem waardeur die totale skuld op £199,210,000 te staan gekom het. Die nuwe maatreëls om die tekort aan te vul, het die verdubbeling van aksyns op vuurhoutjies, belasting op patente medisynes en reukwater, en die verhoging van die invoerregte op 'n hele aantal noodsaaklike lewensgoedere behels. Verder is die salarisskale van amptenare met 10% verminder wat 'n uiteindelijke besparing van tussen £800,000 - £900,000 per jaar sou meebring, en die subsidies aan Provinsiale Rade sou met £750,000 besnoei word.¹⁰¹

„The Budget would go down the history as a Budget of little niggling makeshifts,” was die kommentaar van adv. C.G. Fichardt onmiddellik nadat die begrotingsrede gelewer is.¹⁰² Fichardt het die begrotingsdebat ingelui en op die beskuldiging van minister Burton geantwoord dat die opposisie niks gedoen het om die uitgawes te besnoei nie. Dit was die opposisie wat jaar na jaar getrag het om die regering se dwase uitgawes te beperk. Selfs die aanstelling van die besuinigingskommissie was 'n voorstel wat van die opposisie afkomstig was. Toe hy (Fichardt) die vorige jaar daarop gewys het dat die totale tekort in die skatkis op 31 Maart 1923 £4,159,000 i.p.v. £403,000 sou wees, soos Burton beraam het, is die syfer as belaglik beskou. Nou kondig die minister aan dat die tekort tesame met leningsgelde ruim £4 miljoen is. Adv. Fichardt het ook aangetoon hoedat die opbrengs van die myne agteruitgaan, die bevolking baie stadig toeneem, die boere hulle markte verloor, dat dividende van myne en bankdeposito's verminder en dat bankrotskappe en openbare skulde toeneem. Die bewering dat Suid-Afrika beter daaraan toe is as meeste ander lande, het hy as onwaar bestempel. Brittanje het sedert vredesluiting sy landskuld verminder, terwyl Suid-Afrika s'n met £37 miljoen toegeneem het. Hoewel die minister elke jaar op die noodsaaklikheid van besnoeiing die klem lê, vermeerder die uitgawes steeds. „Om partyredes of weens die houding van sy partykowlus, kan die minister sy politiek nie uitvoer nie, kan hy sy begroting nie sluitend maak nie, kan hy sy uitgawe nie beperk nie en kan hy sy geldsake nie beheer nie. Jare lank, het die

101. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, pp.192-197; en Die Burger, 29.3.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

102. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, p. 202.

Regeringsparty en sy pers die waarskuwings van die Opposisie belaglik gemaak en die juistheid van sy syfers ontken. Vandag sê die Cape Times dat die Minister vier jaar gelede moes begin het.¹⁰³ Die uitgawe, die leningsuitgawe ingesluit en sonder oorlogskoste, het sedert 1914 met 100% vermeerder en die belastings met 1,000% terwyl die bevolking slegs met 12.8% toegeneem het. Sulke hoë belastings verskerp net die depressie. Fichardt het ook die feit betreur dat die besuinigingskomitee uit ministers bestaan wat hul eie besteding van staatsgeld moes kritiseer. Hy is daarvan oortuig dat die ekonome wat aanvanklik as lede van die kommissie voorgestel is, wel bereid was om daarin te dien. Hy het die hoop uitgespreek dat die volk sal besef watter wrange vrugte hy nou pluk en sal probeer om homself te red aangesien die regering nie daartoe in staat is nie. Ten slotte stel hy voor dat 'n parlementêre kommissie, waarin al die partye verteenwoordig is, aangestel word om ondersoek in te stel na die beste metodes om besuiniging in die administrasie van die land te bewerkstellig, met inagneming van die doeltreffende behartiging van die belange van die land en 'n toereikende besoldiging en sekuriteit vir amptenare.¹⁰⁴

Ander sprekers uit Nasionale geledere het hoofsaaklik op adv. Fichardt se toespraak uitgebrei. Dr. D.F. Malan het die toestand in Suid-Afrika met ander dominiums soos Kanada, Australië en Nieu-Seeland vergelyk wat net soos Suid-Afrika nie direk by die oorlog betrokke was nie. Hy het daarop gewys dat hoewel Suid-Afrika die enigste goudproduserende dominium is, hy ook die enigste is wat nog nie sy openbare skuld verminder het nie. Suid Afrika is dus geensins beter daaraan toe as ander lande nie, behalwe dié wat aan die oorlog deelgeneem en verwoes is. Die probleem met Suid-Afrika is egter dat daar geen gesonde finansiële beleid gevolg word nie en dat die regering sy finansiële beleid aan politieke oorwegings ondergeskik maak.¹⁰⁵ Genl. Hertzog het ook gekla oor die uitmergeling van die volk, deur direkte en indirekte belastings wat mense tot armlankedom dwing. Hy het ook die feit betreur dat die myne soos alle ander maatskappye belas word en dat daar nie spesiale belastings op hulle gehef word nie.¹⁰⁶ N.C. Havenga het op sy beurt daarop gewys dat lede van die regeringsparty openlik verklaar het dat slegs party-trou hulle daarvan weerhou om die regering se wanbeleid te

103. Die Burger, 14.4.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

104. Ibid.

105. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, p. 237.

106. Die Burger, 24.4.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

veroordeel.¹⁰⁷

Die Arbeiders het die Nasionaliste in hulle kritiek op die regering se finansiële beleid gesteun, en Boydell het Fichardt vir sy uiteensetting van die begroting bedank, dog het dit jammer gevind dat hy geen positiewe besuinigingsmaatreëls voorgestel het nie. Die begroting het hy bestempel as „the most pettifogging, painful and pitiful budget ever introduced into the House.” Om die staatskis te vul, het hy hoër inkomstebelasting, hoër boedelbelasting en grondbelasting voorgestel.¹⁰⁸ 'n Nasionalis, adv. J.G. Keyter, lid vir Ficksburg, het die houding van die Arbeiders om die Minister voortdurend in sy belastingsvoorstelle te steun, sterk veroordeel.¹⁰⁹ 'n Ander Arbeider, Arthur Barlow, het die begroting as een van uiterste opportunistiese bestempel en die hoë belastings gekritiseer. „Such taxation was emptying the white cradles, as the ordinary man could not afford to bring up children.” Hy het ook die regering gewaarsku: „You cannot win any more elections on the flag because the English-speaking people in South Africa have wakened up ... what they are going to nail you to now is the economic question.”¹¹⁰

Die spoorwegbegroting daarenteen het soos die vorige jaar weereens lof aan minister Jagger se sakevernuf besorg. Die minister het die tekort vir 1922-23 op £74,681 gestel, d.w.s. £36,537 minder as waarvoor begroot is, en dit het die totale spoorwegtekort op £2,264,055 te staan gebring. Vir 1923-24 het hy 'n tekort van £324,305 beraam. Die vernaamste besnoeiingsmaatreëls wat hy voorgestel het, was die vermindering van die salarisse van werkers op dieselfde grondslag as dié van die staatsamptenare.¹¹¹

Ontevredenheid met die regering se finansiële beleid was nie net tot die opposisie beperk nie. Ook uit eie gelede is daar voortdurend kritiek verneem. Op 'n openbare vergadering te Kaapstad het minister Jagger die finansiële beleid van die regering openlik afgekeur.¹¹² Tydens die begrotingsdebat het maj. B.W. Hunt, regeringslid vir Turffontein, hom sterk teen die vermindering van salarisse van

107. Ibid.

108. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, pp. 218-219.

109. Ibid., p. 234.

110. Ibid., p. 238.

111. Ibid., pp. 197-202; en Die Burger, 29.3.1923. Verslag van Volksraadsdebat. Sien ook Ibid., 27.4.1923. Verslag van Volksraadsdebat; en Debates of the House of Assembly..., vol. 8, pp. 255-257. Repliek van Jagger.

112. Die Burger, 12.6.1923. Verslag van toespraak.

werknemers van die Spoorweë en die staatsdiens uitgespreek. Toe die regering voet by stuk hou, het hy uit die S.A. Party bedank. In 'n besonderhoud het hy daarop gewys dat die salarisvermindering die laaste strooi was in 'n reeks optredes van die regering waarmee hy hom nie kon vereenselwig nie. „Ons het 'n skitterende kans gehad om almal vir die opbou van 'n groot en gelukkige Suid-Afrika saam te werk, maar die regering het gefaal.“¹¹³

Die regering se simpatieke behandeling van mynmagnate was 'n aangeleentheid waarop die Nasionaliste en Arbeiders voortdurend klem gelê het. Ná die parlamentsitting van 1923 het dit dan ook daartoe bygedra om die grootskeepse ontevredenheid van die kiesers met die regering te versterk. In Kimberley het genl. Hertzog, soos telkens in die verlede, verduidelik dat die Nasionale Party nie teen kapitaal is nie, maar teen staatspolitieke kapitalisme. Volgens hom het elke mens die reg om ryk te wees, maar kapitalisme mag nie die gelyke regte van ander aantas nie. Die staat behoort gesag uit te oefen oor eiendom, kapitaal en die individu. Die politiek van kapitalisme is strydig met die belange van die staat. Genl. Hertzog was ook van oordeel dat die staat nie 'n regmatige aandeel in die minerale rykdomme van die land ontvang nie.¹¹⁴

Dr. D.F. Malan het kapitalisme en jingoïsme as twee groot vyande beskou wat deur die Nasionale Party beveg moet word. Kapitalisme was vir hom 'n donker mag wat in die stilte werk om die lewensbloed van die volk uit te suig en moeilik te bestry is. Volgens hom kon die binnelandse politiek van die regering beswaarlik Suid-Afrikaans genoem word aangesien dit seksioneel en in belang van die Johannesburgse mynmagnate was. Hoewel die land in geldnood verkeer, het die regering die belastingdruk op die myne verlig, terwyl die boere deur nog swaarder belastings uitgeroei word sodat hulle jaarliks gedwing word om in hul duisende na die stede te vlug, waar hulle die geledere van die arables en werklooses aanvul. Die mynbase het groot somme geld in die verkiesing en in koerante belê en daarmee besonder goed gevaar. Dr. Malan wys verder daarop dat die getuigenis dat Suid-Afrika deur die groot mynbelange oorheers, geregeer en uitgeput word, so kumulatief en oorweldigend is dat die regering en sy aanhangers dit haas nooit waag om hulle op dié punt te

113. Die Burger, 7.6.1923. Persverklaring. Sien ook Debates of the House of Assembly..., vol. 8, pp. 352-353, p. 369 en p. 370.

114. Die Burger, 13-14.7.1923. Verslag van toesprake te Kimberley en Longlands.

verdedig nie! Hy waarsku dat as die volk ná die uitputting van die myne, nie met 'n nie-betalende spoorweg opgesaal wil sit wat spesiaal met die oog op die myne gebou is nie, dan moet die staat sorg dat die geweldige skuld las vermindert word deur 'n groter deel van die land se natuurlike rykdom vir hom toe te eien.¹¹⁵

Die Arbeidersparty het by monde van kol. Creswell sy standpunt oor die kapitaliste soos volg gestel, nl. dat die belange van enige persoon, hoe ryk hy ook al mag wees, ondergeskik moet wees aan die belange van die hele bevolking. Die aanklag teen die regering is dat hy nie op die bevolking van die land steun nie, maar wel op welvarende maatskappye en gevolglik laasgenoemde se belange dien.¹¹⁶

Op ekonomiese gebied was daar gedurende 1923 vae tekens dat die land geleidelik besig was om te herstel, hoewel die boerebevolking nog onder swaar laste gebuk moes gaan. Faktore soos droogtes, sprinkaanplae, veesiectes, groot verbande, hoë rentekoerse, drukkende belastings, gebrek aan markte, hoë spoorwegtariewe, gebrek aan hoë invoertariewe ter beskerming van die plaaslike produk en lae prys het alles meegehelp om die regering, tesame met sy traagheid om bystand te verleen, al hoe meer in onguns by die boere en nyweraars te bring.¹¹⁷

In 'n toespraak in Julie 1923 op Vermaas het genl. Smuts sy meegevoel met die boere se probleme betuig en aangekondig dat die Landbank voortaan nie net boere aan grond sou help nie, maar ook geld vir landbou-ontwikkeling sou voorskiet. Hy het aanbeveel dat klein koöperasies van twintig tot vyftig lede gestig word, waaraan die Landbank dan geld vir die nodige vee en gereedskap sou voorskiet.¹¹⁸ Minister Smartt het later bygevoeg dat die regering ook bereid was om die helfte van die risiko van hierdie lenings aan die koöperasies te dra.¹¹⁹

'n Ander saak wat die aandag geniet het, was die Baxter-verslag oor Provinsiale finansies en die inkorting van subsidies aan die Provinsiale Rade. Die Finansiële Verhoudings-

115. Die Burger, 30.7.1923 en 27.9.1923. Verslae van toesprake te Worcester en Oudtshoorn. Sien ook Ibid., 13.2.1923, 26.4.1923 en 5.10.1923. Verslae van toesprake van Roos te Malmesbury en Mendrina en van A.J. Werth te Johannesburg; en Ibid., 2-3.8.1923 en 10.8.1923. Hoofartikels.

116. Die Burger, 19.1.1923. Verslag van toespraak te Kaapstad.

117. Die Burger, 8.6.1923, 18.7.1923 en 27.7.1923. Hoofartikels.

118. Die Burger, 26.7.1923. Verslag van toespraak te Vermaas.

119. Die Burger, 11.10.1923. Verslag van toespraak te Pretoria.

wet van 1922 het vir 'n nuwe basis voorsiening gemaak waardeur die regering geld aan die Provinsiale Rade oordra en die provinsies addisionele belastings hef om hul toenemende uitgawes te dek. In September 1922 het die regering 'n kommissie onder voorsitterskap van W.D. Baxter aangestel om die provinsiale uitgawes te ondersoek met die doel om vas te stel op watter wyse bespaar kon word, en of enige wysiging in die bestaande toekenning van inkomstebronne nodig is. Die verslag wat in Mei 1923 gepubliseer is, het onder meer bepaal dat die uitgawes van die Provinsiale Rade veral op onderwysgebied besnoei moet word, aangesien dit buitensporig hoog was. Die gewysigde subsidiestelsel is goedgekeur, terwyl die moontlike belastingsbronne vir die provinsies vasgepen en ingekort is. Die moontlikheid van 'n belasting op vaste eiendom en grond vir provinsiale en plaaslike doeleindes, is ook deur die kommissie geopper.¹²⁰ In die Parlement het minister Burton aangekondig dat die verslag in hoofsaak deur die regering aanvaar is en dat hy 'n kommissie sou aanstel om ondersoek in te stel na die verantwoordelikheid van die staat vir die koste van onderwys, skoolfoeie, en ander verwante sake. Sy ingenomenheid met die verslag is sterk deur Nasionaliste soos dr. D.F. Malan, N.C. Havenga, genl. Hertzog en ander veroordeel. Hulle het daarin 'n gevaar gesien vir die inkorting van onderwys en die uiteindelijke afskaffing van die Provinsiale Rade omdat hulle weens gebrek aan geld verplig sou word om grondbelasting te hef, waardeur hulle baie onpopulêr sou word.¹²¹

Die Federale Raad van die Nasionale Party het die verslag bespreek. Met leedwese is bemerk dat die doel van die verslag is: „Om weer 'n sydelingse aanval te maak op die voortbestaan van ons provinsiale stelsel deur die Provinsiale Rade en Administrasies tot onmag te dryf wat beide inkomste en uitgawe betref, en insonderheid deur hulle te dwing tot die oplegging van onbestaanbare belastings,” en „Om die belange van ons laer onderwys, en veral op die gebied waar dit nog altyd die meeste onversorg was en die meeste staatsvoorsiening nodig had, te benadeel op 'n wyse wat niks minder as rampsalig sou wees nie; ja, in werklikheid om bevoorregte en begunstigde seksies van onderwyslaste te onthef, en

120. The Round Table, vol. 48, pp. 895-898; Ibid., vol. 50, pp. 433-434; Ibid., vol. 55, pp. 618-619; U.G. 19-23. Report of the Provincial Finances Commission; en Official Year Book of the Union of South Africa, no. 7, pp. 736-737.

121. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, pp. 405-409.

die onbevoorregtes en onbegunstigdes daarmee op te saal."¹²²

Hierdie besluit is deur die Vrystaatse Nasionale kongres onderskryf.¹²³ In sy openingsrede van die Kaapse Nasionale Kongres het dr. D.F. Malan die aanbevelings van die kommissie sterk afgekeur en toegeskryf aan die mag van die kapitalisme wat die Provinsiale Rade nou tot 'n drie-dubbele grondbelasting dwing. Hy het verder daarop gewys dat die mynmagnate reeds deur hulle sukses om van die provinsiale belasting vrygestel te word, daarin geslaag het om die Provinsiale Rade te dwing om ten koste van die onderwys, Suid-Afrika se grootste en dringendste behoefte, te besnoei. Dr. Malan het egter sy gehoor verseker dat die Nasionale Party die handskoen hierteen sal opneem.¹²⁴

Die Imperiale Ekonomiese Konferensie wat in Oktober en November 1923 in Londen gehou is, is met groot belangstelling in Suid-Afrika gevolg. Die konferensie is deur die Britse eerste minister Bonar Law belê om die onderlinge samewerking tussen Engeland en die dominiums in die ontwikkeling van die handel binne die Ryk, wat hy van lewensbelang vir die heropbou van die nywerheid ag, te bespreek. Die redakteur van Die Burger se eerste reaksie was: „As hy [genl. Smuts] die bewys wil lewer dat dit hom erns is met sy industriële program, met sy bevordering van ons plaaslike nywerheid, 'n bewys wat hy tot nou toe nie gelewer het nie, dan behoort hy die hou van die Konferensie sterk af te raai en daarby duidelik te maak, dat in geen geval Suid-Afrika daaraan sal deelneem nie, omdat in die ontwikkeling van die handel binne die Ryk 'n groot gevaar skuil vir die Suid-Afrikaanse nywerheid, 'n gevaar waaraan hy sy land nie mag blootstel nie, aangesien by hom die belange van Suid-Afrika in alle opsigte eerste kom.“¹²⁵ Die Burger het later daarop aangedring dat die Volksraad duidelike opdragte aan die afgevaardigdes moet gee ten einde te verhoed dat Suid-Afrika ten bate van die Ryk benadeel word, en dat die Britse fabrikant 'n monopolie oor Suid-Afrika se markte kry en sy jong nywerhede dooddruk. „Daar moet ook 'n end kom aan die eensydige handelsvoorkeur wat daar tot hiertoe geheers het. Ooreenkomstig die beginsel van resiprositeit moet die handelsvoordeel wat ons aan Engeland gee, ten volle gebalanseer word deur die handelsvoordeel

122. Kongresnotule van die Nasionale Party, O.V.S., 17-18.10.1923, p. 30.

123. Ibid., p. 10 en p. 22.

124. Die Burger, 27.9.1923. Verslag van toespraak te Oudtshoorn. Sien ook The Round Table, vol. 50, p. 434 en p. 439.

125. Die Burger, 16.11.1922. Hoofartikel. Sien ook Ibid., 5.2.1923. Hoofartikel.

wat Engeland aan ons gee." ¹²⁶

Die Imperiale voorkeur, 'n rabat van 3% op die waarde van die meeste goedere wat Suid-Afrika uit Brittanje, Kanada, Australië en Nieu-Seeland invoer, was 'n doring in die vlees vir Nasionaliste en hulle het die afskaffing daarvan bepleit aangesien dit net die Britse fabrikant bevoordeel sonder dat Suid-Afrika daarby baat. ¹²⁷ Die voorkeurtariewe wat Suid-Afrika aan Engeland toegestaan het, was £20,903 in 1921, £744,319 in 1922 en £846,627 in 1923 in ruil vir ongeveer £70,000 vir invoerregte wat Engeland per jaar aan Suid-Afrika toestaan. ¹²⁸ Die redakteur van Die Burger het dit bestempel as een van die middels van die Imperialis om die self-regerende volke van die Britse Ryk saam te bind om die eenheid van die Empire te bewaar en te versterk. „Waar eenheid van die Ryk niks minder beteken nie as die opoffering van individuele belange ten koste van die geheel, is ons ten sterkste gekant teen enig middel wat daardie eenheid kragtiger maak." ¹²⁹ Minister Burton het egter aangevoer dat die afskaffing van voorkeurtariewe die lewenskoste sou verhoog. ¹³⁰

Op aandrang van adv. F.W. Beyers, Nasionale Volksraads-lid vir Edenburg, dr. D.F. Malan en andere het genl. Smuts 'n verklaring gedoen oor wat hy met sy besoek aan die Imperiale Ekonomiese Konferensie beoog. Hy het daarop gewys dat sy eerste doelwit sal wees om markte vir Suid-Afrikaanse produkte te vind, nie net in Brittanje nie, maar ook in die res van die wêreld. Met die doel voor oë het hy ook aangekondig dat die regering van plan is om 'n handelskommissaris in Noord-Amerika aan te stel. Verder het hy erken dat die handelsvoorkeur wat Suid-Afrika verleen ten einde die fabrikan-te en produsente in ander dele van die Ryk te help, eensydig en hoofsaaklik tot voordeel van die Britse produsent is en

126. Die Burger, 23.4.1923, 26.4.1923 en 25.1.1923. Hoofartikels.

127. Die Burger, 3.1.1921. Artikel; Ibid., 26.4.1921. Verslag van toespraak van genl. Hertzog in die Volksraad; Ibid., 16.5.1922. Verslag van toespraak van E.C. Jansen in die Volksraad; Ibid., 9.6.1922. Rubriek „Volksraad-Indrukke"; Ibid., 14.6.1922. Verslag van toespraak van adv. Fichardt te Stellenbosch; Ibid., 3.11.1922. Besluit van die Kaaplandse N.P.-kongres; en Ibid., 27.11.1922. Verslag van toespraak van adv. Fichardt te Ladybrand.

128. Wonderduisende ponde verkwis. Gegewens uit amptelike blouboeke. Uitgegee deur die Nasionale Party van Kaapland, pp. 15-16.

129. Die Burger, 29.5.1922. Hoofartikel.

130. Die Burger, 9.6.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

het belowe om dit wederkerig te maak.¹³¹

Die dominiums het tog daarin geslaag om in 'n geringe mate groter voorkeur vir dominiale produkte te verkry, maar dit was onderhewig aan goedkeuring van die nuwe Britse regering aangesien Engeland 'n algemene verkiesing gevoer het.¹³²

Die Konserwatiewe Party het die verkiesing verloor, maar genl. Smuts het in 'n toespraak in Johannesburg verklaar dat die beloftes van die Konserwatiewe regering aan die Imperiale Konferensie deur sy opvolger uitgevoer moet word.¹³³

Hierdie uitlating het groot opskudding in Suid-Afrika en in Brittanje veroorsaak. In die wantrouedebat van 1924 het kol. Creswell, gesteun deur genl. Hertzog, voorgestel dat die beloftes deur 'n regering op 'n Rykskonferensie gedoen, nie bindend vir die betrokke land is voordat dit deur sy parlement bekragtig is nie; dat die Volksraad van die sienswyse van die Eerste Minister verskil en dat die Imperiale Konferensie geen status en geen bindende mag het nie. Genl. Smuts het verduidelik dat hy verkeerd verstaan is en dat hy daarmee eens is dat geen gesag dié van die Parlement kan oorskry nie.¹³⁴

Die finansiële maatreëls van die regering het geleidelik begin vrugte afwerp en in sy addisionele begroting op 20 Februarie 1924 kon minister Burton aankondig dat die tekort vir 1923-24 ongeveer £177,000 in plaas van die beraamde £200,000 is. £525,000 is uit leningsfondse gebruik. Hy het beraam dat dit op 31 Maart nog heelwat minder kan wees en daar selfs 'n klein surplus sou gewees het indien £340,000 nie aan die bekamping van die sprinkaanplaag bestee is nie.¹³⁵ Toe Burton op 8 April 'n voorskot van £4 miljoen op die begroting vra ten einde die staatsmasjienerie aan die gang te hou tot na die algemene verkiesing wat genl. Smuts die vorige dag aangekondig het, was hy heel optimisties oor die finansiële toestand van die land. Hy het aangekondig dat hy 'n surplus van nagenoeg £200,000 op die afgelope boekjaar toon en dat die begroting vir 1924-25 sou klop sonder ekstra belasting of hulp uit die leningsfonds. Hy het beklemtoon dat al die probleme nog nie verdwyn het nie maar die lig breek

131. Die Burger, 22.5.1923 en 25.6.1923. Verslae van Volksraadsdebatte. Hierdie voorstel is deur Australië ingedien. Sien Ibid., 30.11.1923. Hoofartikel.

132. Die Burger, 29.11.1923. Verslag van toespraak van Burton te Kaapstad.

133. Die Burger, 15.12.1923. Verslag van toespraak.

134. Unie van Zuid-Afrika. Debatten van de Volksraad, deel 1, pp. 8-15. Die mosie is met 61 stemme teenoor 54 verslaan.

135. Ibid., pp. 343-345.

deur en die toekoms lyk belowend. „I will conclude by saying that my only satisfaction about the part I have had to play in all these difficult and trying times is that we have been able, in spite of the difficult and unpleasant things we have had to do, to bring the country through to its present position.“¹³⁶

Die Nasionaliste het Burton se £200,000-oorskot met wantroue bejeën. N.C. Havenga het aangevoer dat dit 'n denkbeeldige surplus is aangesien £525,000 uit leningsfondse gebruik is. In werklikheid is daar dus 'n tekort van £325,000.¹³⁷

Minister Jagger het 'n nog rooskleuriger prentjie vir die Departement van Spoorweë en Hawens geskilder. Hy het 'n oorskot van £1,387,672 vir die jaar 1923-24 aangekondig en vir die volgende jaar 'n oorskot van £282,356 begroot.¹³⁸ Algemene tevredenheid is weer eens met sy hantering van sake uitgespreek, hoewel daar ook klagtes oor onoordeelkundige besnoeiing, soos bv. die sluit van kleiner stasies en die verplasing van personeel, was.¹³⁹ 'n Saak waarvoor Jagger hom egter deeglik moes verantwoord was die £200,000 wat volgens die verslag van die Ouditeur-generaal op die graansuiers in Durban verkwis is. Die uiteinde daarvan was dat 'n kommissie van ondersoek aangestel is.¹⁴⁰

Hoewel die finansiële toestand van die land verbeter het, het die toestand van 'n groot deel van die boerebevolking, veral in Wes-Transvaal en die Noordwes-Vrystaat, by die dag versleg. Droogtes en misoeste het toestande kritiek gemaak en diere moes vankant gemaak word weens gebrek aan kos en gebrek aan geld om hulle per spoor na geskikter weivelde te stuur.¹⁴¹ Die regering het ingegryp deur die Droogte-Hoofdenigingswet waardeur voorskotte tot 'n maksimum van £300 aan boere toegestaan is om diere, implemente, saad en kunsmis te koop. Die maatreël is deur al die partye verwelkom, maar die Nasionaliste het verklaar dat die wet nie voldoende hulp verleen nie en dat gans te min geld tot beskikking van die Landbank gestel word.¹⁴²

136. Ibid., pp. 1356-1360.

137. Ibid., pp. 1374-1378. Sien ook Die Burger, 10.4.1924. Hoofartikel.

138. Unie van Zuid-Afrika. Debatten van de Volksraad, deel 1, pp. 1362-1370.

139. Ibid., pp. 493-502.

140. Ibid., pp. 185-196 en p. 475. Sien ook Die Burger, 28.1.1924 en 13.2.1924. Hoofartikels.

141. Die Burger, 3.3.1924 en 22.4.1924. Hoofartikels; en Ibid., 8.3.1924. Oorsig van toestande.

142. Unie van Zuid-Afrika. Debatten van de Volksraad, deel 1, pp. 1200-1230 en pp. 1259-1277.

Oor die provinsiale finansies het daar ook meer duidelikheid gekom. Op 5 Maart 1924 het minister Burton in die Volksraad aangekondig dat hoewel die regering die aanbevelings van die Baxter-verslag in beginsel aanvaar en graag uitvoering daaraan wil gee, die provinsies en die kiesers nie bereid is om dit in daardie stadium te oorweeg nie. Hy vermeld ook die feit dat die voorstel dat Provinsiale Rade hulle inkomste deur belasting op onroerende eiendom moet aanvul, geweldige verset selfs van die kant van Natal uitgelok het. Dit het bewys gelewer dat die land nog nie vir grondbelasting ryp is nie. Die wetsontwerp insake Provinsiale Verhoudinge wat deur hom ingedien is, het hoofsaaklik om uniforme salarisskale vir onderwysers gegaan.¹⁴³

Genl. Hertzog het die verklaring van minister Burton dat die regering ten gunste van die Baxter-verslag en die volk daarteen was, beskou as 'n duidelike bewys dat die regering nie meer die volk verteenwoordig nie en daarom behoort te bedank. Hy het die regering daarvan beskuldig dat hy deur sy maatreëls die provinsies dwing om ten koste van die onderwys drastiese stappe ter wille van besnoeiing te doen.¹⁴⁴ Dr. Malan het daarop gewys dat die regering die Baxter-verslag nie uitvoer nie omdat hy die ophande verkiesing vrees. As die regering egter die eleksie wen, sal hy die aanbevelings uitvoer en grondbelasting sal 'n voldonge feit word. Hy het hom ten gunste van besuiniging deur die Provinsiale Rade uitgespreek en ook die inkorting van salarisse van onderwysers goedgekeur, aangesien almal hulle deel moes bydra. Hy het egter beswaar gemaak teen die vryskelding van die goudmyne, wie se laste nou op die boere en onderwysers afgeskuif word. Die £300,000 wat hulle aan die Provinsiale Raad van Transvaal moes betaal, is deur die regering se toedoen afgeskaf en in 1923 het die myne dividende van tussen 15% en 140% betaal. „En terwyl die myne op dié manier floreer, word daar kinders uit die skool gehou, omdat daar geen geld in die kas is nie en gaat die edelagbare die Eerste Minister die land rond en maak duidelik, dat ons teveel uitgee vir die volk se onderwys en dat ons teveel geleerde mense produseer.“¹⁴⁵

Die tweede lesing van die wetsontwerp is na heftige aanvalle van die opposisie met 'n meerderheid van slegs vyf stemme goedgekeur.¹⁴⁶ Die landwye protes van onderwysers

143. *Ibid.*, pp. 636-664.

144. *Ibid.*, pp. 641-644.

145. *Ibid.*, pp. 663-666.

146. *Ibid.*, p. 812. Vir bespreking sien *Ibid.*, pp. 636-694; pp. 722-757 en pp. 780-813.

teen die salarisvermindering wat hierop gevolg het, het ongetwyfeld daartoe bygedra om die regering nog ongewilder te maak.¹⁴⁷

Die ongewildheid van die Smuts-regering was nie net wensdenkery van die opposisie en sy pers nie, dit was 'n harde feit wat nie langer deur genl. Smuts oor die hoof gesien kon word nie. Ekonomiese redes sou ook geen geringe rol in die toenemende teenkanting teen die regering speel nie. Die Pretoriase korrespondent van African World berig dat die regering erg in die onguns verval het omdat die stadige ekonomiese herstel van die land, die noodsaaklikheid van drastiese besuiniging in die staatsadministrasie, die oplegging van verskeie ongewilde belastings, tesame met die politieke propaganda van die Nasionale Party saamgewerk het om die regering se posisie slegter te maak as wat dit ooit sedert Unie was.¹⁴⁸ Die redakteur van die Sunday Times het weer die ongewildheid van die regering toegeskryf aan die feit dat die regering deur die depressie tot besparing gedwing is om Suid-Afrika op 'n gesonder ekonomiese grondslag te plaas.¹⁴⁹

Die redakteur van Die Burger het op sy beurt die land se finansiële beleid as die swakste aspek van die Smuts-regering bestempel. Jaar na jaar word die volk en die regering se aandag daarop gevestig, eers deur die Ouditeur-generaal en daarna deur die Volksraadskomitee insake Openbare Rekeninge, maar sonder enige uitwerking. Klagtes van geldverspilling, onvoldoende toesig en onnodige uitgawes word elke jaar aangehoor. Herhaaldelik is daar sprake van wetsoortreding deur die regering en gedurig word melding gemaak van die misbruik van mag en die afwesigheid van kontrole. Daar word daarop gewys dat die verslae oor die beheer van die regering oorsee gelees word en dat dit beleggers afskrik. Ook die belastingbetalers neem daarvan kennis en dit is dus geen wonder dat daar ontevredenheid onder hulle heers nie.¹⁵⁰

* * *

Die Nasionale opposisie het getrou aan sy program van beginsels „'n waaksame oog ... (ge)hou oor die uitgawe en

147. Vir proteste sien Die Burger, 10-24.3.1924. Sien ook Ibid., 22.3.1924. Protes van die Sentrale Komitee van die N.P.-tak van Kaapstad.

148. Die Burger, 22.6.1923. Verstrek die mening van African World.

149. Die Burger, 11.6.1923. Verstrek die mening van die Sunday Times.

150. Die Burger, 15.6.1923. Hoofartikel.

inkomste van die land en met nadruk in die Parlement aan(ge) dring op 'n gesonder beheer van die finansies."¹⁵¹ Die aanstelling van 'n besparingskomitee kan seker in 'n mate aan die voortdurende verset van die opposisie teen die regering se geldverkwisting gewyt word. Die Nasionaliste se besware dat die goudmyne in verhouding tot hul inkomste te lig belas word, word toegelig deur die party se standpunt oor hierdie saak. Volgens artikel G (3) behoort die regering „voorsorgmaatreëls te tref, waardeur die bronne van staatsinkomste, ontstaande uit die ontginning van minerale en ander tydelike rykdomme van die land, by ewentuele uitputting op voldoende wyse sal vervang word deur nuwe bronne van inkomste van 'n duursame aard."¹⁵²

Die Nasionale Party se volgehoue protes teen te hoë en drukkende belastings veral op die boere is in ooreenstemming met artikel G(2) van sy program van beginsels, nl. „Deur 'n belastingstelsel in eweredigheid met die draagkrag van die belastingbetaler, en waardeur die natuurlike bronne van tydelike rykdom van die land in voldoende mate behulpsaam gemaak word tot die bevordering van die duursame welvaart van die land."¹⁵³ Artikel B erken o.m. die landbou, veeteelt en handel as „hoofbronne van die duursame stoflike welvaart van die land, en die ontwikkeling en aanmoediging daarvan op 'n wyse, wat mees bevorderlik sal wees aan die bestendige ekonomiese selfstandigheid van die land."¹⁵⁴

Die Nasionaliste het met hulle verset daarin geslaag om die belastingdruk veral op die tabakboer effens te verlig. Hulle heftige protes teen die aanbevelings van die Baxter-verslag was beslis 'n faktor waarmee die regering rekening moes hou en waarom wetgewing oor die geïmpliseerde grondbelasting op die lange baan geskuif moes word. Genl. Smuts se standpunt dat hy bereid was om 'n voorstel vir groter voorkeur vir dominiale produkte op die Ekonomiese Konferensie te steun, rym met genl. Hertzog se beleid van „Suid-Afrika eerste" wat sedert 1914 deur die Nasionale Party voortdurend bepleit is. Hoewel die besluite van die Ekonomiese Konferensie oor groter voorkeur aan dominiums later deur die Britse Laerhuis verwerp is,¹⁵⁵ het die Unie-regering deur sy standpunt tog getoon dat die Nasionale Party se beleid inslag gevind het, en waar Suid-Afrika se belange met dié van

151. Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat. Beginsels, Konstitusie, statute, (1926), p. 11. Artikel G(1).

152. Ibid.

153. Ibid.

154. Ibid., pp. 10-11.

155. Die Burger, 20.6.1924. Hoofartikel.

die Ryk bots, Suid-Afrika beslis voorkeur moes geniet.

As opposisie het die Nasionale Party en veral adv. C.G. Fichardt daarin geslaag om die swak punte in die regering se finansiële beleid bloot te lê en die volk daarvan bewus te maak dat die regering geen voorsorg getref het om die na-oorlogse depressie te verlig nie. Die depressie, tesame met die regering se besuinigingsmaatreëls, sy geldverkwisting en onvermoë om die finansiële krisis die hoof te bied, het veral die boer, die arbeider, staatsamptenaar en nyweraar geraak en die gevoel het ontstaan dat, soos genl. Hertzog dit gestel het: „Daar is net een klas wat onder ons teenswoordige regering welvarend is en dit is die geldklasse: die myneienaars en groothandelaars.“¹⁵⁶ Hierdie gevoel het ongetwyfeld 'n belangrike rol in die neerlaag van die Smuts-regering in 1924 gespeel.

2. DIE WERKLOOSHEIDS- EN ARMBLANKEVRAAGSTUK

Slegte ekonomiese toestande en die depressie wat op die Eerste Wêreldoorlog gevolg het, was in 'n groot mate vir die steeds groeiende getal blanke werkloosies in Suid-Afrika verantwoordelik. Laegraadse goudmyne moes weens 'n te hoë produksiekoste sluit en die diamantmyne het hul werksaamhede drasties ingekort. Daarby het duisende teruggekeerde soldate wat weens die ekonomiese toestande geen werk kon kry nie, die geledere van die werkloosies aanvul. Gevolglik het die regering in September 1920 'n kommissie aangestel om ondersoek na die werkloosheidsvraagstuk in te stel en oplossings daarvoor aan die hand te doen.¹⁵⁷

Die eerste tussentydse verslag van die Werkloosheidskommissie het in Maart 1921 verskyn en daarin is aanbeveel dat plaaslike nywerhede aangemoedig en kleinhoewes aan die Witwatersrand ontwikkel word.¹⁵⁸ Twee maande later is die tweede tussentydse verslag uitgebring oor die armblanke, wat op 120,000 siele geskat is. Die kommissie was van mening dat geen behoorlike ondersoek na die vraagstuk, omvang en oorsaak van werkloosheid ingestel kon word en aanbevelings oor metodes om die toestroming van ongeskooldes na die stede te keer, gemaak kan word sonder 'n deeglike ondersoek na die armblankevraagstuk, wat so nou met dié van werkloosheid saamhang nie. Dit blyk ook uit die meeste toesprake dat daar

156. Die Burger, 5.4.1924. Verslag van toespraak te Parow.

157. U.G.16-21. Tussentijds rapport van de Werkloosheids Kommissie. Maart 1921.

158. Ibid.

nóoit 'n duidelike onderskeid tussen arblankes en werkloses gemaak is nie en die twee vraagstukke vir alle praktiese doeleindes as sinoniem beskou is, hoewel baie arblankes teen 'n karige salaris gewerk het en nie noodwendig werkloos was nie. Die aanbevelings wat deur die kommissie gemaak is, sluit onder meer in die instelling van 'n permanente nedersettingsraad, wysiging van die Landnedersettingswet van 1912 om die vestiging van arblankes op plase te vergemaklik, voorsiening van hulp aan arblanke setlaars, skepping van werkkolonies en 'n behuisingskema wat deur die staat gesteun moet word.¹⁵⁹

Die Burger het die kommissie se aanbevelings onderskryf, maar daarop gewys dat nedersetters, groepe of kolonies moet vorm wat van spoorwegverbinding en onderwysgeriewe voorsien moet word. „Om die arblankedom in sy wortel te bestry moet ons sorg, dat ons kinders 'n behoorlike algemene ontwikkeling kry en bowendien die kans het om een of ander vak behoorlik te leer.“ Die redakteur lê klem op die gevaar van isolasie, wat nog meer arblankes skep. Hy het dit egter betwyfel of die regering enigiets omtrent die vraagstuk sal doen: „Ons arm mense sal moet wag tot 'n ander regering aan die bewind kom, wat meer oog het vir die belange van ons eie bevolking en minder dans na die pype van buitelandse kapitaal en die buitelandse politiekers.“¹⁶⁰

Die regering was wel deeglik van die steeds groeiende getal werkloses bewus en op 15 April 1921 het die Minister van Finansies, Henry Burton, in sy begrotingsrede aangekondig dat die regering £300,000 vir lone en hulp aan werkloses opsy gesit het. Verder is die lewensduurtetoelae van staatsamptenare en spoorwegwerkers ingetrek omdat die regering in sy besnoeiingsprogram nie nog mense wou afdank nie.¹⁶¹

Adv. C.G. Fichardt, Nasionale Volksraadslid vir Ladybrand, was egter van mening dat die oortollige personeel in die staatsdepartemente wel afgedank moet word. Hierin is hy deur Die Burger gesteun. Die redakteur het daarop gewys dat die spoorweg- en staatsdepartemente nie die toevlugsoord van werkloses behoort te wees nie. Volgens hom sou die afdanking van oortollige personeel meebring dat die regering die erns van die werkloosheidsvraagstuk besef en iets daaromtrent sou doen.¹⁶²

159. U.G.34-21. Werkeloosheid Kommissie. Tweede tussen-tydse rapport.

160. Die Burger, 4.10.1921. Hoofartikel. Sien ook Ibid., 7.7.1921. Hoofartikel.

161. Debates of the House of Assembly..., vol. 6, pp. 82-83.

162. Ibid., p. 103; en Die Burger, 20.4.1921. Hoofartikel.

Kritiek teen die £300,000 vir noodleniging aan werklo-
ses het uit die geledere van die Suid-Afrikaanse Party gekom
en wel van J.X. Merriman, veteraan-parlementariër en lid vir
Stellenbosch. Hy het die betaling aan werklooses gesien as
een van die sekerste maniere om die bevolking tot die bedel-
staf te dwing: „People had to learn even in South Africa
that they had to work in order to live, and that the only
golden road to prosperity is work.“¹⁶³ Daarteenoor het T.
Boydell; Arbeiderlid vir Durban-Greyville, die £300,000 as
heeltemal onvoldoende beskou en by die regering op 'n duide-
like beleidsverklaring aangaande werkloosheid aangedring.¹⁶⁴

Genl. J.C. Smuts het as eerste minister dit nodig geag
om self die regering se beleid oor werkloosheid te verduide-
lik. Op 20 Mei 1921 het hy in die Volksraad verklaar dat
die vraagstuk die afgelope paar maande dringend geword het,
en dat die regering dit nodig geag het om 'n kommissie, be-
staande uit verteenwoordigers van al die staatsdepartemente,
onder voorsitterskap van die Minister van Verdediging, kol.
H. Mentz, aan te stel om na te gaan hoe werklooses in die
staatsdiens opgeneem en in onderstandswerke gebruik kon word.
Volgens genl. Smuts was die onderneming baie geslaagd en
groot getalle werklooses is veral deur die Spoorweg- en Bos-
boudepartement in diens geneem. Aanvanklik was die loon op
die bystandswerke 7/6 per dag vir ongetroudes en 10/- vir ge-
troudes, maar dit was so aantreklik dat dit baie mense van
die plase en nie-werklooses daarheen gelok het. Die toestand
was dus sodanig dat die steun aan werklooses juis meer werk-
looses geskep het. Gevolglik het die regering besluit om die
loon vanaf 1 April 1921 na 4/6 vir ongetroudes en 7/6 vir
getroudes te verminder. Genl. Smuts het verduidelik dat die
£300,000 wat begroot is, slegs die verskil is tussen die 3/6
wat die Provinsiale administrasie bydra en die totale loon
wat uitbetaal word. Hoewel die loon laer is as wat billik
beskou word, is die doel van die regering net om tydelike
bystand aan werklooses te verleen en nie om met ander werkge-
wers mee te ding nie. Hy glo dat die maatreëls voldoende is
om die vraagstuk die hoof te bied en verseker die Volksraad
dat die vraagstuk nie so ernstig is as wat mense wil voorgee
nie en dat die regering sy bes daarentrent doen.¹⁶⁵

Die reaksie op hierdie verklaring het hoofsaaklik van

163. Debates of the House of Assembly..., vol. 6, p. 105.

164. Ibid., p. 167.

165. Ibid., p. 180; en Die Burger, 21.5.1921. Verslag
van Volksraadsdebat. Sien ook Debates of the House
of Assembly..., vol. 6, p. 169 vir verklaring van
Burton.

die kant van die Arbeidersparty gekom. Volgens W.B. Madeley, Arbeiderlid vir Benoni, was die regering se maatreëls net lapwerk en die onderstandswerke het hy as 'n tydelike maatreël bestempel wat die volk met pik-en-graafwerk verneder.¹⁶⁶

Toe die saak later weer in die Volksraad ter sprake kom, het adv. A.S. van Hees, Nasionale lid vir Christiana, daarop gewys dat die persentasie werkloos in Suid-Afrika hoër is as in enige ander land en dat 9% van die land se blanke bevolking reeds werkloos is. Die toename in die armlankedom het ook ernstige afmetings begin aanneem en sorg gebaar.¹⁶⁷ Dr. D.F. Malan, Volksraadslid vir Calvinia, het in die toestroming van blankes na die stede 'n duidelike bewys gesien dat daar iets op die platteland en met die boerderybedryf verkeerd was. Hy het op die noodsaaklikheid gewys van 'n meer simpatieke behandeling van die boer deur die regering sodat boere nie alleen 'n behoorlike bestaan kan maak nie, maar ook blankes in hul diens kon bekostig. Hy het ook die noodsaaklikheid van onderwys en tegniese opleiding vir seuns en boere wat geen bestaan op die plase kan maak nie, beklemtoon, en goedkoop en voldoende landbouskole om boerderymetodes te verbeter, bepleit. Volgens hom kon die regering maklik £15 miljoen bestee aan konstruktiewe skemas om die armlankes uit die stede weer terug op die land te kry. Hy het ook die waarde van nywerheidsontwikkeling om werksgeleenthede vir werkloos te skep, beklemtoon.¹⁶⁸

Die noodsaaklikheid van nywerheidsontwikkeling en -beskerming is 'n saak wat voortdurend deur Nasionale onder die regering se aandag gebring is. In die verkiesingsveldtog van 1921 het genl. Smuts belowe dat sy regering die nywerhede só sal uitbrei dat alle ongeskoolde blankes daar 'n heenkome kan vind, waardeur werkloosheid en armlankedom sou verdwyn. Daar was egter groot verdeeldheid in sy kabinet wat uit voorstanders van beskerming sowel as vryhandel bestaan en gevolglik is daar geen doelbewuste beskermingsbeleid gevolg nie.¹⁶⁹ Nywerhede wat die meeste onder hierdie beleid gely het, was die skoefabriek in Port Elizabeth, wat weens die kompetisie van Britse fabrikante ná die oorlog

166. Die Burger, 26.5.1921. Verslag van Volksraadsdebat. Sien ook Debates of the House of Assembly..., vol. 6, pp. 167-169, p. 180, p. 189 en p. 256.

167. Die Burger, 6.7.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

168. Ibid.

169. Generaal Smuts opent de strijd. Grote vergadering in Pretoria. Uitgegee deur die S.A. Party, pp. 10-11; The Round Table, vol. 48, p. 899; en Die Burger, 26.7.1921. Verslag van jaarvergadering van die S.A. Gefedereerde Kamers van Nywerhede.

produksie drasties moes inkort en werkers ontslaan.¹⁷⁰

Die Burger het herhaaldelik beklemtoon dat vooruitstrewende Suid-Afrikaanse nywerhede nie net die land se landbouprodukte kan verwerk en daardeur aan boere 'n afsetgebied en bestendige prys vir hul produkte kan verseker nie, maar dat dit ook goeie beleggingsmoontlikhede vir oorsese kapitaal bied. Dit sou verder die land ekonomies onafhanklik maak en die arbeidsmark vergroot. Volgens die redakteur kon die regering egter niks vir nywerheidsontwikkeling doen nie omdat hy afhanklik was van die steun van die mynmagnate vir wie die armlankes en werkloos 'n waardevolle bate is aangesien hulle lone en produksiekoste laag hou. Boonop sou genl. Smuts en sy imperialiste nooit aan die Britse fabrikante aanstoot gee deur hulle afsetgebied van hul weg te neem nie. Al uitweg wat die regering dus gehad het, was om duisende ponde aan werkloos te betaal en mense op die spoorweë en in die staatsdiens aan te hou, hoewel dat daar vir hulle nie werk is nie. Nywerhede wat in 1918 byna £14½ miljoen aan lone uitbetaal het, en goedere ter waarde van £70 miljoen geproduseer het, moet nou aan hulle lot oorgelaat word, terwyl die regering belastings hef om werkloos te onderhou.¹⁷¹

Hoe belangrik die fabrieksnywerheid met die oog veral op werkverskaffing in Suid-Afrika was, blyk uit statistieke wat deur H.F. Mossop, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Kamer van Nywerhede, vir 1921 verskaf is:¹⁷²

	<u>Myne</u>	<u>Fabrieke</u>
Produksiewaarde	£43,286,126	£98,307,910
Blanke arbeiders in diens	31,624	62,962
Ander rasse in diens	247,104	116,857
Lone aan blankes betaal	£13,258,606	£16,082,517
Lone aan ander rasse betaal	£ 7,665,070	£ 5,823,572

Verder het Suid-Afrika se 7006 fabrieke Suid-Afrikaanse grondstowwe ter waarde van £26,174,00 uit 'n totaal van £98,302,000 se grondstowwe, verwerk.¹⁷³

Hoewel J.W. Jagger, Minister van Spoorweë en Hewens, aangekondig het dat die Spoorweë, net soos die staatsdiens, salarisse van werksmense sal verminder pleks van mense af te

170. Die Burger, 9.4.1921; en Ibid., 19.3.1921 en 18.4.1921. Hoofartikels.

171. Die Burger, 16.5.1921, 23.8.1921 en 4.10.1921. Hoofartikels. Sien ook Ibid., 6.1.1921, 20.4.1921, 6.6.1921, 26.7.1921 en 3.9.1921. Hoofartikels.

172. Die Burger, 25.4.1923.

173. Ibid.

dank, het talle tydelike arbeiders, veral op die spoorweg-werkplase, hulle ontslag gekry. Die Arbeidersparty het hier-teen heftig geprotesteer en die regering van troubreuk beskuldig. Walter Snow, Arbeiderlid vir Soutrivier, het in 'n onderhoud daarop gewys dat slegs 38% van die spoorwegwaens in Suid-Afrika vervaardig word en dat 27% van die lokomotiewe weens 'n gebrek aan passers nie herstel kan word nie. Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar wel genoeg werk vir almal is. Die arbeiders was bereid om hul lewensduurtetoelae prys te gee solank hulle net nie ontslaan word nie, maar nou word hulle wel afgedank. Volgens hom was die Spoorweë geen private onderneming waar in alle omstandighede wins gemaak moet word nie - dit moet bydra tot die algemene welvaart van die land en die ontwikkeling van handel en nywerheid. Hy betreur die handelswyse van die regering en wys daarop dat dit ironies is dat die regering die 1921-verkiesing met die leuse van nywerheidsbeskerming, instroming van buitelandse kapitaal in die land en werk vir almal gewen het.¹⁷⁴

Na aanleiding van die onderhoud met Snow, het die redakteur van Die Burger opgemerk dat die imperialisme in die Arbeidersparty na die oorlog 'n gevoellige slag toegedien is, want toe die oorlog gewen moes word, is hulle gebruik, maar nou is hulle nie meer nodig nie en word hulle belange links laat lê. Hulle begin ook besef dat hulle nie meer na Engeland moet opsien nie, maar dat hulle die beleid van „Suid-Afrika eerste“ moet volg ten einde vir hulle en hul kinders 'n toekoms in die land te verseker. Die Burger verwelkom die verandering in die geestesgesteldheid van die voormanne van die Arbeidersparty en wys daarop dat: „Net als de boerebevolking ondervindt de arbeiderbevolking vandaag dat de Regering slechts tijd en hart heeft voor de kapitalisten.“¹⁷⁵

Adv. O.G. Fichardt het die ontevredenheid onder die spoorwegwerkers gebruik om hulle op hul plig in die volgende verkiesing te wys. Op 'n vergadering van die Nasionale Unie van Spoorweg en Hatedienste (N.U.R.A.M.S.) het hy op die regering se oneerlike behandeling, sy troubreuk en sy onsimpatieke houding teenoor werkers gewys. Boonop word spoorwegbenodighede teen hoë pryse in Engeland gekoop, terwyl dit in Duitsland baie goedkoper verkry kon word. Spoorwegwerkers moes die gelag betaal toe die begroting nie wou klop nie. Hy het die werkers gemaan om nie te staak soos sommige ge-

174. Die Burger, 13.8.1921 en 25.8.1921. Verslae van onderhoud met W. Snow. Sien ook Ibid., 15.8.1921. Verstrek die mening van A.G. Barlow, Arbeider-L.V. vir Bloemfontein-Noord.

175. Die Burger, 25.8.1921. Hoofartikel.

dreig het nie: „Julle het 'n beter wapen, 'n konstitusionele wapen; en dit is julle stem. Organiseer en gebruik julle stem om manne in die Parlement en in die Regering te bring wat julle belange sal ywer...“¹⁷⁶

Die armbanke- en werkloosheidsvraagstuk het toenemende sorg gebaar. In sy verslag vir 1921 versoek die Federale Raad van die Nasionale Party die regering om ooreenkomstig die tweede verslag van die Werkloosheidskommissie „sonder enig verder versuim 'n deeglike en omvattende skema vir die oplossing van ons armbankekwessie en werkloosheid in die algemeen behoort te ontwerp en deur te voer.“¹⁷⁷ Op die Kaapse Nasionale Party-kongres het sen. C.J. Langenhoven verklaar: „Die armbankevraagstuk is 'n vloek vir die land en die Nasionale Party moet bereid wees om vyftien miljoen [pond] aan hulle te bestee. Enige oplossing sal goedkoper wees as om toe te laat dat ons volk sy ondergang vind in die armbankedom.“¹⁷⁸ 'n Ander afgevaardigde op die kongres, I.P. van Heerden, Volksraadslid vir Cradock, het die bystand aan werkloos afgekeur omdat hulle geld ontvang waarop hulle nie geregtig is nie. Hy meen dat die £300,000 wat die regering vir die doel opsy gesit het, liever gebruik moet word om vir hulle grond te koop, waardeur hulle in staat gestel sal word om weer selfstandig te word.¹⁷⁹ Die kongres het besluit dat die ongesonde toestand van armoede en werkloosheid en die hoë lewensduurte in Suid-Afrika grotendeels toe te skryf is aan versuim in die verlede om die ekonomiese selfstandigheid van die land te verseker deur die ontwikkeling van bestaande hulpbronne, gebruik van beskikbare werkkrag en pogings om te voorkom dat die land deur buitelandse kapitaliste uitgesuig word. Verder het die kongres daarop aangedring dat nywerhede „beide as 'n bydraag tot die oplossing van die armbankevraagstuk, tot die versagting van die toestand van verkwistende en demoraliserende werkloosheid, en tot verligting van die ekonomiese druk,“ beskerm moet word.¹⁸⁰

Die Transvaalse Nasionale Party-kongres het ook vir die beskerming van nywerhede gevra, die ontslag van spoorwagwerkers afgekeur en die bou van nuwe spoorlyne aanbeveel om meer werksgeleenthede te skep. Die kongres het daarop

176. Die Burger, 26.11.1921. Verslag van toespraak te Bloemfontein.

177. Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 11-12.10.1921, p. 20.

178. Die Burger, 6.10.1921. Verslag van Kaapland se N.P.-kongres.

179. Ibid.

180. Kongresnotule van die Nasionale Party van Kaapland, 4-6.10.1921, p. 32.

gewys dat hoewel die regering se tydelike hulpmaatreëls waardeer word, dit nie die armblankevraagstuk sal oplos nie. Die kongres beveel daarvoor die aanstelling van 'n permanente kommissie van deskundiges aan om die regering van advies te bedien.¹⁸¹

Op die Vrystaatse kongres van die Nasionale Party is besluit om die regering te vra om meer rollende materiaal vir die spoorweë in Suid-Afrika te vervaardig om werkloosheid te bekamp. Adv. E.G. Jansen, leier van die Natalse Nasionale Party, het die vraagstuk gesien as 'n epidemie wat ernstige aandag vereis en dit as 'n skandvlek op die naam van Suid-Afrika bestempel.¹⁸²

'n Lid van die Werkloosheidskomitee in Kaapstad, ene Shaw, het op 'n vergadering van werkloos verklaar dat genl. Smuts nie in staat is om die werkloosheid in die land die hoof te bied nie. Hy het voorgestel dat genl. J.B.M. Hertzog, leier van die Nasionale Party, genader moet word vir 'n oplossing; want hoewel die generaal geen imperialis is nie, het hy hom nog altyd 'n waardige Afrikaner getoon wat die belange van Suid-Afrika op die hart dra.¹⁸³

Ook Die Burger het op die onvermoë van genl. Smuts om die vraagstuk op te los, gewys, en was van mening: „Ons het die oorlog deurgesien terwille van Engeland. Nou kom die dag aan, dat ons terwille van ons eie land en ons eie volk, die armblankekwestie moet deursien. Vir die oorlog, die afbrekende en vernietigende werk, was daar wel geld. Vir hierdie opbouende en lewewekkende arbeid moet ook geld gevind word.“¹⁸⁴ Op 8 Oktober 1921 het daar 'n spotprent van F.W. Boonzaier in Die Burger verskyn waarin genl. Smuts by die venster uitkyk na 'n groot skare wat buite om kos skree en aan sir Thomas Smartt vra: „Wat wil die mense tog hê? Ek het al £102,981 aan medaljes vir hulle gespandeer en die Volkebond aan hulle gegee en dan skree hulle nog bo-op vir

181. Die Burger, 30.9.1921. Verslag van die N.P.-kongres van Transvaal.

182. Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 11-12.10.1921, p. 25; en Die Burger, 21.10.1921. Verslag van toespraak van E.G. Jansen op Natalse N.P.-kongres. Sien ook Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal, 1918-1922, p. 139. Kongresbesluit van die N.P. an Natal.

183. Die Burger, 20.10.1921. Sien ook Ibid., 29.7.1921. Kritiek teen die S.A. Party op 'n vergadering van werkloos op Groenteplein, Kaapstad. Genl. Smuts en sir Thomas Smartt is by hulle terugkeer van die Imperiale Konferensie in Kaapstad deur sowat 300 werkloos wat hulle uitgejou het, begroet. Sien Die Burger, 31.8.1921.

184. Die Burger, 9.11.1921. Hoofartikel.

kos. "185

Minister Burton het in 1922 in die Volksraad aangekondig dat £450,000 i.p.v. die begrote £300,000 vir die jaar 1921-22 vir subsidies en bystand aan sowat 6,000 werkloos uitbetaal is.¹⁸⁶ Die totale bedrag wat hy vir 1922-23 begroot het, was heelwat meer, nl. £709,000, hoofsaaklik weens die staking aan die Witwatersrand wat duisende blankes tydelik werkloos gelaat het.¹⁸⁷ Minister Jagger het ook bekend gemaak dat die spoorweë vanaf April tot Desember 1921, 4,527 blankes en 12,733 nie-blankes afgedank het.¹⁸⁸

Die kritiek van Nasionaliste teen die regering se beleid is saamgevat in 'n toespraak wat genl. Hertzog op 14 Junie 1922 in die Volksraad gelewer het. Volgens hom is die grootste oorsaak van die werkloosheidsvraagstuk geleë in die gemis aan 'n arbeidsveld vir blankes. Daarbenewens is daar nog die groot getalle teruggekeerde soldate wat nie weer werk kon kry nie en boonop het die regering te veel mense in die staatsdiens en op die spoorweë in diens geneem wat weer ontslaan is toe daar besuinig moes word. Baie van die mense het 'n lang dienstyd agter die rug en kan nie nou op hulle klein pensioen lewe nie. „Die Regering is regstreeks verantwoordelik vir hierdie onverstandige politiek, waarteen die Nasionale Party in die laaste drie sittings geprotesteer het.“ Hy het verder gewaarsku dat as die regering langer met die toestand speel, en dit nie aan bande lê nie, die land oor 'n paar jaar met 300,000 armblankes sal sit. Die regering se maatreëls van spoorwegbou en besproeiingswerke is totaal onvoldoende. Blywende maatreëls is nodig want die volk word nie opgehef met pik-en-graaf-werk teen 7/- per dag op die bystandswerke nie. Boonop voer die regering nog gedurig immigrante in en doen hy niks behoortliks vir nywerheidsontwikkeling nie. Genl. Hertzog erken dat die nywerhede nie aan al die werkloos werk kan verskaf nie, maar 'n groot persentasie sal daar 'n heenkome vind.¹⁸⁹

Genl. Smuts het by verskeie geleenthede in die Volksraad die regering se beleid gestel. Volgens hom was die vraagstuk wel ernstig, maar geheel en al oordryf en die regering se maatreëls van spoorwegaanbou, besproeiingswerke en bosaanplanting heeltemal voldoende om die vraagstuk die hoof te bied. In antwoord op vrae van Nasionaliste en Arbeiders of

185. Die Burger, 8.10.1921.

186. Debates of the House of Assembly..., vol. 7, p. 6.

187. Ibid., p. 350.

188. Die Burger, 23.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

189. Die Burger, 15.6.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

die regering enigiets gaan doen oor die tweede verslag van die Werkloosheidskommissie wat die staat tussen £6,000 en £7,000 gekos het, het genl. Smuts sy standpunt duidelik gestel. Hy hoop dat die verslag opvoedkundige waarde sal hê, maar die hoofaanbeveling, en feitlik die enigste aanbeveling, nl. 'n nedersettingskema, is onaanvaarbaar. Volgens die verslag sal die skema £15 miljoen kos maar hy persoonlik meen dat dit dubbeld dié bedrag sal wees. Daar is egter ander ondernemings wat geld vereis en wat onmiddellik groter verligting sal bring. Daarbenewens het die regering al sedert 1910 duisende ponde bestee om arablankes op die land te vestig en dit het weinig gedoen om die vraagstuk op te los. Genl. Smuts het daarop gewys dat die Kommissie nie tot die wortel van die kwaad deurgedring het nie, nl. die getalswakhed van die blanke bevolking in 'n gemeenskap van miljoene swartes.¹⁹⁰

Oor die beskerming en aanmoediging van Suid-Afrikaanse nywerhede waarop nie net Nasionaliste nie maar ook regeringsondersteuners soos adv. H.G. MacKeurtan (Durban-Umbilo) en sir Abe Bailey (Krugersdorp) sterk aangedring het, het genl. Smuts ook 'n verklaring gemaak. Hy het saamgestem dat dit aangemoedig moet word, maar volgens hom was beskerming nie die beste beleid nie. Hy het egter erken dat die regering verplig is om dit in die geval van die skoenedryf toe te pas. Volgens hom was daar 'n paar metodes wat ondersoek moet word, nl. die heffing van 'n hoë invoertarief, waarvan hy nie 'n voorstander is nie omdat hoë tariewe hoë pryse en hoë lone beteken; 'n verbod op die invoer van goedere wat in Suid-Afrika gemaak word - dit is in die geval van die skoenedryf gedoen; 'n gesubsidieerde nywerheid soos die regering besluit het om vir die yster- en staalfabrieke te doen en ten laaste om eie nywerhede te ondersteun. Hy het ook beloof dat daar in die toekoms voorkeur aan tenders van Suid-Afrikaanse fabrikante gegee sal word.¹⁹¹

Gedurende die sitting van 1922 het die regering twee belangrike maatreëls deurgevoer, nl. 'n Elektrisiteitswet wat voorsiening maak vir die organisasie en beheer van die elektrisiteitstoevoer dwarsdeur die Unie, en 'n wet waardeur

190. Debates of the House of Assembly..., vol.7, p. 257, p. 286 en p. 362.

191. Die Burger, 23.5.1922. Verslag van Volksraadsdebat. Vir kritiek op die regering se beleid sien Ibid., 3.5.1922, 13.5.1922, 20.5.1922, 14.6.1922 en 15.6.1922. Verslae van Volksraadsdebate. Sien ook Ibid., 3.4.1922. Hoofartikel; en Ibid., 10.4.1922. Besluite van die hoofkomitee van die Kaaplandse N.P. en van die N.P.-tak van Kaapstad.

die regering in staat gestel word om yster en staal wat in die Unie van Suid-Afrikaanse erts verwerk is, te subsidiëer.¹⁹² Verder is die gedeeltelike verbod op die invoer van skoene vir nog 'n jaar verleng en magtiging is verkry om invoertariewe te verhoog as beskermingsmaatreël teen die „dumping“-metode van buitelandse fabrikante. Volgens hierdie metode is vervaardigde goedere teen baie lae pryse in die land verkoop om Suid-Afrikaanse nywerhede dood te druk.¹⁹³

Die Burger het die regering se maatreëls, veral vir die skoenedryf, as lapwerk bestempel: „Hier 'n bietjie beskerming, daar 'n bietjie vryhandel en alles gemeng met 'n dosis Imperiale voorkeur, is lapmiddels, wat die bestaan van ons nywerhede so onseker maak as dit maar moontlik kan wees.“ Wat die nywerhede nodig het, is 'n vaste beleid wat sekerheid, vertroue en gevolglik uitbreiding vir die toekoms sal meebring.¹⁹⁴ Die redakteur wys ook op die versuim van die regering om 'n Suid-Afrikaanse papierfabriek te beskerm teen „dumping“. „Ons is nie verwonder oor die handelswyse van die Regering in hierdie geval nie. Dit is konsekwent. Hy behandel ons skoenefabrieke op dieselfde manier. Die Regering word gedomineer deur invoerders, deur agente van Engelse fabrieke. En dis nie in belang van daardie agente, nog in die van die Britse nywerheid, nóg van die Imperiale verhoudings nie, dat in Suid-Afrika goedere sal vervaardig word, wat tot nou toe deur Engeland gelewer is Ons moet die ingevoerde goed bly koop. Ons moet aanhou om Britse fabrikante ryk te maak, om die werksmense van Engeland aan die lewe te hou. Ons eie goedere, eie fabrikante, eie werksmense, wel hulle kan maar naar die maan gaan.“¹⁹⁵ Die redakteur doen ook 'n beroep op die volk om Suid-Afrikaanse produkte te koop.¹⁹⁶

Die finale verslag van die Werkloosheidskommissie het in Mei 1922 verskyn. Daarvolgens was die hoofoorsake van die werkloosheid wêreldtoestande en die aanwesigheid van goedkoop nie-blanke arbeid in Suid-Afrika. Bykomende oorsake was kunsmatige en onnodige beperkinge ten koste van die mynbedryf; die vermindering en stilstand van produksie in plaaslike nywerhede; nywerheidsonrus veroorsaak deur haastige en onoorwoë stakings; instroming van ongeskoolde blankes van

192. Wet nr. 41 en no. 42 van 1922.

193. Die Burger, 17.3.1922. Hoofartikel; en Ibid., 14.4.1922 en 27.6.1923.

194. Die Burger, 17.3.1922. Hoofartikel.

195. Die Burger, 16.11.1922 en 30.11.1922. Hoofartikels.

196. Die Burger, 18.5.1922 en 22.5.1922. Hoofartikels.

die platteland na nywerheidsentrums; onvoldoende tegniese onderwys vir die jeug; ontoereikende plaaslike markte en onvoldoende vervoer vir produkte na die markte; handhawing van hoë lone ten spyte van 'n daling in die levensduurte; vroeë en oorhaastige huwelike en die aanwesigheid van die Asiatiese handelaar wat die klandisie van die blanke handelaars weglok. Die aanbevelings was hoofsaaklik dat die regering stappe moet doen om op hoogte te bly van die getal werklooses, behoeftiges, swaksinniges en liggaemlik ongeskiktes, veral kinders; opnames maak van die landbou en nywerheidsposisie ten einde vas te stel watter getal jongmense en vakleerlinge deur die verskillende beroepe geabsorbeer kan word; voorsiening maak vir beroepsopleiding vir jong mense op groter skaal en uitbreiding van die vakleerlingstelsel na alle industriële ondernemings; hulp aan goud- en steenkoolmyne verleen sodat hulle die hoogste moontlike produksie kan bereik, hulle belastings baseer op resultate en nie op ondernemingsgees nie en die ophef van beperkende maatreëls wat nie noodsaaklik vir openbare veiligheid is nie; industriële uitbreiding aanmoedig deur onder meer die aanpassing van spoorwegtariewe en die voorsiening van goedkoop vervoer en bemarkingstariewe sodat boere 'n beter bestaan kan maak; en die teenwerking van onnatuurlike verhuising na die stede.¹⁹⁷

Die kommentaar van Die Burger hierop was: „Vir die rus van die maatskappy, vir die rus van ons almal, moet daar maatreëls geneem word.“¹⁹⁸ Genl. Smuts was egter teen die einde van die sitting tevrede met wat die regering gedoen het en hy het verklaar dat die regering se werksvoorsiening so goed was dat daar nou meer werk as werksaemense is. Hy het ook daarop gewys dat meer as £10 miljoen deur die regering vir groot ondernemings gestem is om werkloosheid te bekamp, en dat daar werk beskikbaar is vir elke persoon wat wil werk.¹⁹⁹

Hoewel die werkloosheidsvraagstuk volgens genl. Smuts die hoof gebied is, was die armblankevraagstuk nog voortdurend 'n bron van kommer in die land. Die Vrystaatse Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het 'n volle dag aan die bespreking van die vraagstuk gewy en volgens die moderator was daar 10,400 gesinne met 'n sieletal van 39,000 wat in absolute armoede gedompel is, terwyl nog 16,600 gesinne

197. U.G.17-22. Rapport van de Werkloosheid Kommissie, pp. 22-23; en Official Year Book of the Union of South Africa, no. 6, pp. 311-312.

198. Die Burger, 19.5.1922. Hoofartikel.

199. Debates of the House of Assembly..., vol. 7, p. 362.

met 'n sieletal van 67,500 onder die broodlyn lewe.²⁰⁰ In 'n onderhoud met 'n afvaardiging van die Sinode het genl. Smuts onder meer verklaar dat die volk aan die doodbloei is, maar dat 'n nedersettingskema onprakties is en £15 miljoen sal kos. „Opmerker“ van Pretoria se reaksie hierop was dat die regering omtrent £40 miljoen uitgegee het om Engeland van ondergang te red en dat hy bereid moet wees om selfs meer as £40 miljoen te bestee vir die redding van sy eie volk, dog genl. Smuts is nie bereid daartoe nie. „Hoe duidelik blyk dit tog dat ons Eerste Minister met sy oorstap naar die Unioniste Party, ons volk, sy eie vlees en bloed, vir goed die rug toegekeer het.“²⁰¹

Die armblankevraagstuk is ook in Mei 1922 op die Transvaalse en Vrystaatse Sinodes van die Nederduits Gereformeerde Kerk, in Junie deur 'n opvoedingskongres onder leiding van die N.G. Kerk op Stellenbosch en in Augustus op 'n spesiale konferensie, belê deur die Ring van Swellendam, op Riversdal bespreek. Op al hierdie kongresse is gewys op die noodsaaklikheid van onderwys en opvoeding as oplossing vir die vraagstuk.²⁰² Waardering is deur Die Burger uitgespreek vir die goeie werk wat deur die Kerk veral op die Kakamas-nedersettingskema gedoen word, en dr. D.F. Malan het gewys op die groot bydrae van die Helpmekeer-vereniging om die armblankevraagstuk te bekamp.²⁰³

Genl. Smuts het in 'n toespraak op Montagu verklaar dat geen moeilikhede te groot vir Suid-Afrika is om op te los nie en dat selfs die armblanke hom nie bang maak nie - hulle is 'n deel van die oorgangstydperk waardeur Suid-Afrika gegaan het - en hy sal sy bes doen om die vraagstuk op te los.²⁰⁴ Volgens Die Burger het die tyd egter aangebreek dat die land se beste manne op alle gebiede koppe bymekaar moet sit om die volk en die land te red. „Ons sien ons volk onder gaan. Ons sien hoe die Afrikaner die houthakker en waterdraer word van die vreemdeling, hoe die Hollands-Afrikaanse aristokrasie van die veld van sy plase verdryf word en naar die stede en dorpe geja word.“²⁰⁵

200. Die Burger, 15.5.1922.

201. Die Burger, 17.6.1922. Brief gedateer 7.6.1922. Sien ook Ibid., 30.6.1922. Hoofartikel; en De Kerkbode, deel 13, p. 671.

202. Die Burger, 18.5.1922, 17-22.6.1922, 29.8.1922 en 4.9.1922; en De Kerkbode, deel 13, pp. 404-405, pp. 670-672, pp. 741-743 en pp. 1211-1213.

203. Die Burger, 5.9.1922. Hoofartikel; en Ibid., 11.11.1922. Verslag van toespraak van dr. Malan te Kaapstad.

204. Die Burger, 26.6.1922. Verslag van toespraak.

205. Die Burger, 20.6.1922 en 28.6.1922. Hoofartikels.

Op die onderskeie provinsiale kongresse van die Nasionale Party in 1922 is die saak weer bespreek en die besluite van die vorige jaar hoofsaaklik herhaal, veral betreffende die beskerming van nywerhede as skepping van 'n groter arbeidsveld. Die Vrystaatse kongres het ook by die publiek aangedring om voorkeur te gee aan goedere wat in Suid-Afrika vervaardig is en die Kaaplandse kongres het die regering versoek om die kroongronde in die Kalahari en langs die Oranjerivier aan armlankes te gee.²⁰⁶

In die wantrouedebat van Januarie 1923 is die regering daarvan beskuldig dat hy die vertroue van die volk verloor het omdat hy duisende mense uit sy diens ontslaan het, dat hy deur sy beskerming van en onderhorigheid aan die mynbase en kapitaliste die oorsaak daarvan was dat die staking van 1922 aan die Rand misluk het en dat 4,000 mynwerkers werkloos gelaat is, deurdat hulle plek moes maak vir naturelle van buite die Unie se grense; dat hy die twee groot private banke in die land toegelaat het om die geldmiddelle en krediet in die land so te manipuleer dat honderde mense bankrot is; dat weens sy gebrek aan behoorlike beskerming, Suid-Afrikaanse nywerhede nog nie eens aan plaaslike behoeftes voldoen nie en hulle nie as arbeidsmark benut word nie, en dat die land besig is om dood te bloei weens die regering se onvermoë om die armlankevraagstuk op te los.²⁰⁷

Die regering het egter in die sitting aan een van die gereelde klagtes van die opposisie, nywerheidsbeskerming, aandag gegee. Aanvanklik het die sluiting van nog drie skoefabriekke en hernude pogings van oorsese fabrikante om deur middel van „dumping“ Suid-Afrikaanse nywerhede dood te druk om daardeur die land se markte te behou, skerp kritiek uitgelok.²⁰⁸ Hoewel die regering die sement en kunsmisbedryf teen „dumping“ beskerm het deur die invoertarief te verhoog, is die ogiesdraad- en veral die skoefbedryf nog nie na wense teen Engelse fabrikante beskerm nie. Die Burger het hierin 'n neiging ten gunste van groot en invloedryke maatskappye in die regering se beskermingspolitiek gesien, aan-

206. Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 11-12.10.1922, p. 24 en p. 32; en Ibid., p. 23. Verslag van die Federale Raad; Die Burger, 2.11.1922. Verslag van die N.P.-kongres van Kaapland; en Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal, 1922-1932, p. 11.

207. Die Burger, 25-26.1.1923. Verslae van toesprake van o.a. genl. Hertzog, C.W. Malan, H.G. Jansen, J.H.H. de Waal en T. Boydell in die Volksraad.

208. Die Burger, 3.2.1923. Hoofartikel; en Ibid., 10.3.1923. Verslag van toespraak van C.W. Malan in die Volksraad.

gesien kunsmis grotendeels deur die De Beers-maatskappy ver-
vaardig is, en die sementfabriek in Pretoria hoofsaaklik
deur Corner House van Johannesburg beheer is. Die redakteur
het dan ook beter vooruitsigte vir die skoenedryf voorsien
„as die skoensfabrieke tog net 'n mynkonneksie wil opbou.“²⁰⁹

Minister Burton se aankondiging dat invoertariewe op 'n
hele aantal artikels, onder meer skoene, verhoog is, is met
groot tevredenheid ontvang. Nasionaliste was van mening dat
hul gedurige pleidooie 'n groot rol in hierdie stap gespeel
het en die skrywer van „Volksraad-Indrukke“ beweer dan ook:
„Dit is onteenseglik aan die agitatie van die Nasionale
Party te danke dat die Regering die eerste stap geneem het
om ons nywerheid te beskerm, en aan die spits van daardie
agitatie het mnr. Charl Malan gestaan.“²¹⁰

Wat die oplossing van die werkloosheid- en armblanke-
vraagstuk betref, het die regering volgens die opposisie nog
ver tekortgeskiet. In die bespreking van die pos van F.S.
Malan, Minister van Arbeid en van Handel en Nywerheid, het
W.B. Madeley, Arbeiderlid vir Benoni, sover gegaan om te sê:
„I accuse the Government deliberately of entering into a
conspiracy to cause unemployment and to cause what is known
to us as underemployment.“²¹¹ Die mening van W.J. Snow was:
„The only industries which the Prime Minister had succeeded
in developing were unemployment and insolvencies.“²¹² O.W.
Malan het veral 'n wetenskaplike ondersoek na die land se
nasionale vraagstuk bepleit en daarop gewys dat selfs be-
hoorlike statistieke oor die vraagstuk ontbreek: „The poor
white question was like a great, yawning abyss threatening
the whole of the white community, because that question
threatened the white man with degradation, humiliation and
with annihilation in South Africa.“ Hy was bewus daarvan
dat die probleem jare sou neem om op te los en het daarom 'n
beroep gedoen op almal, ongeag partyverband, om saam te werk
en die saak aan te pak.²¹³

Volgens genl. Hertzog kon die regering groot staats-
ondernemings aanpak - selfs 'n myn laat bewerk - ten einde
die vraagstuk die hoof te bied.²¹⁴ Adv. J.H.H. de Waal het

209. Die Burger, 3.3.1923. Hoofartikel. Sien Ibid.,
20.3.1923. Hoofartikel.

210. Die Burger, 4.5.1923. Rubriek „Volksraad-Indrukke“.
Sien ook Ibid., 30.6.1923. Hoofartikel; en Ibid.,
15.5.1923. Verslag van toespraak van dr. Malan in
die Volksraad.

211. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, p. 364.

212. Ibid., p. 366.

213. Ibid., p. 365.

214. Die Burger, 2.6.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

die oorsprong van die kwaad in onvoldoende onderwys gesien en die onafhanklike lid vir Kaapstad-Kasteel, adv. M. Alexander, het 'n afsonderlike ministerie vir arbeid bepleit sodat meer aandag aan die vraagstuk gegee kon word.²¹⁵

In sy repliek het minister Malan verklaar dat die regering nie bereid is om staatsondernemings soos fabriekke, nywerhede en boerderye te begin net om werk te verskaf nie. Dit beteken egter nie dat die regering niks vir werkloosheid doen nie. Hy wys daarop dat die regering al baie mense aan werk gehelp het deur ondernemings soos spoorwegkonstruksiewerke, besproeiingswerke en openbare werke. In antwoord op 'n vraag wat die regering omtrent die verslag van die werkloosheidskommissie gaan doen, het minister Malan verduidelik dat die eerste verslag oor myne van lae ertsgehalte uitgebring is en dat die regering reeds sover moontlik uitvoering daaraan gegee het. Oor die tweede verslag se aanbeveling van nedersettings vir armlankes, is die regering se beleid reeds bekend: dat dit nutteloos is om mense wat 'n mislukking van boerdery gemaak het, weer na die land terug te stuur. Om mense grond te gee en hulle van ploë te voorsien, is geen oplossing in sigself nie. Hy besef dat baie mense weens onvermydelike omstandighede soos droogtes en siektes van hul plase af weggedryf is en die regering is wel ten gunste daarvan om mense weer aan grond te help as die moontlikheid bestaan dat hulle 'n sukses daarvan sal maak. Die laaste verslag van die Kommissie het hoofsaaklik oor tegniese opleiding en nywerheidsontwikkeling gehandel en die afgelepe sitting getuig dat die regering die aanbevelings wil uitvoer, veral wat betref die skepping van gunstige omstandighede vir die stigting en aanmoediging van nywerhede. Verder het minister Malan gewys op die probleme wat die regering ondervind met mense wat weens hul opleiding net 'n kantoorpos kan vul en nie met hul hande kan werk nie. Vir hierdie mense kan die regering geen werksgeleenthede skep nie.²¹⁶

Die eise van werkloos het al hoe dringender geword soos blyk uit besluite op vergaderings van werkloos in Kaapstad en Johannesburg. Dit het gewissel van onmiddellike werk of voldoende onderhoud vir alle werkloos, tot bestendiging van die lewenstandaard vir blankes of 'n vry passaat vir persone wat na hul geboorteland wil terugkeer.²¹⁷ Hul gemoedere is verder opgesweep deur die toesprake van Arbeiders wat die toestand geheel en al aan die optrede van die regering gewyt

215. Die Burger, 5.6.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

216. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, p. 368.

217. Die Burger, 20.4.1923 en 15.6.1923.

het. 218

Die werkloosheidstoestand en ontevredenheid met die Smuts-regering is voortdurend in die hoofartikels van Die Burger bespreek en die redakteur was van mening dat as daar meer simpatie vir die boer, die fabrikant en die werklose is, daar minder ontevredenheid met die regering sal wees: „Maar juis die werkloosheid wat die Regering aan die dag lê, sodra dit die belange en die lewensbestaan van ander mense as die goudmagnate en die invoerders betref, het die stemming in die land veroorsaak." Die volk wil nou daad, voorligting, steun en bystand hê en „wanvoorstellings en bangmakery vir die Nasionaliste kan sy posisie nie meer red nie." 219 Verder het hy daarop gewys dat die regering se beswaar dat £15 miljoen te veel is om aan die armblankevraagstuk te bestee, geen argument is nie, want wat help stoflike vooruitgang vir een deel van die volk as die ander deel armblanke is? Vandaar dat dit vir die volk nodig geword het om te protesteer en die regering te dwing om iets daadwerkliks te doen. Die Burger het ook gewaarsku dat hongermense wat nie genoeg klere het nie, op die duur radeloos, redeloos en roekeloos word en in so 'n toestand skuil gevaar. „Ons Regering kweek deur sy werkloosheid nie alleen arm blankes nie maar ook misdadigers." 220

'n Insident in die Volksraad het opnuut die aandag op die werkloosheidsvraagstuk gevestig. Terwyl kol. D. Reitz, Minister van Lande, besig was om repliek te lewer op die begrotingspos Werkloosheid, waarin £250,000 vir noodleniging gestem is, het drie afgevaardigdes van werklooses in Johannesburg die Raad vanuit die openbare galery begin toespreek. Dit het 'n hele opskudding veroorsaak en toe die bodes hulle wou verwyder, het twee daarin geslaag om hulself aan die kopertralies van die galery vas te ketting - die derde persoon is egter gekeer voordat hy die slot kon toedruk. Die polisie is ontbied en nadat hulle die kettings afgeknip het, is die drie verwyder. 221

Die hele insident het omtrent vyf-en-twintig minute geduur en hoewel die Volksraad vir daardie periode verdaag het, kon die lede nog baie van die opmerkings van die betogers

218. Die Burger, 19.1.1923, 20.4.1923 en 18.6.1923. Verslae van toesprake van Creswell, Boydell, Snow en Madeley.

219. Die Burger, 17.4.1923. Hoofartikel.

220. Die Burger, 23.4.1923, 29.5.1923 en 6.6.1923. Hoofartikels.

221. Die Burger, 19.6.1923. Verslag van Volksraadsdebat; en Debates of the House of Assembly..., vol. 8, pp. 403-404.

hoor voordat hulle verwyder is. Hulle het onder meer geskree: „Ek het gekom om namens die werkloses te protesteer ...” „Ons wil werk hê, ons wil kos hê ... Ons vra werk en kos in die naam van ons vrouens en kinders ...”

„Ek is 'n teruggekeerde soldaat ... die ellende is skandalig. As julle die ellende nie versag nie ...”²²²

Hierdie gebeurtenis het meer krag aan die aanvalle van die opposisie verleen en hoewel hulle die metode van die werkloses afgekeur het, is dit gesien as 'n bewys van hoe ernstig die toestand werklik is. R.B. Waterston, Arbeiderlid vir Brakpan, was van mening dat die regering deur sy verwaarlosing van die belange van die armes, juis die groot aanmoediger van agitasies is. Hy het verder daarop gewys dat ten spyte van gedurige beskuldigings, die Arbeidersparty niks met Moskou, Bolsjewisme of kommunisme te doen het nie, maar dat die regering duisende mense in die arms van Bolsjewisme dryf deur van fatsoenlike witmense te verwag om teen 3/- per dag te werk.²²³

Die Burger het die insident ook afgekeur, maar dit as 'n bewys van die ontevredenheid van die publiek met die Smuts-regering gesien: „'n Regering wat sy skouers ophaal by elke vingerwysing van die ellende en die armoede wat in ons land heers, wat 'n mosie van wantroue beantwoord met sy eie lof te sing en altyd toon dat hy blind is vir sy eie foute, is die gevaarlikste element in ons samelewing. Met so 'n Regering kan 'n mens elke uitbarsting verwag. Hy verlig en voorkom nie ontevredenheid nie, hy tarta dit uit.”²²⁴

'n Vergadering van werkloses in Johannesburg het verklaar dat die insident slegs die begin van optrede en protes teen die regering is. Hulle meen dat die tyd van versoeke en verklarings verby is en dat hulle in die toekoms so sal optree dat die vernaamste inwoners van die Unie sal besef dat hulle hul plig teenoor die werksman in die land versuim het.²²⁵ 'n Vergadering van werkloses in Kaapstad het die afgevaardigdes van die Rand met hul moedige en vasberade protes in die Volksraad geluk gewens en hulle belowe om aan te hou stry totdat hul ideaal van werk of volle ondersteuning vir alle werkloses - mans en vroue - bereik is.²²⁶

Dit is duidelik dat die Nasionaliste veral in hulle steun aan die tweede tussentydse verslag van die Werkloos-

222. Die Burger, 19.6.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

223. Ibid., en Debates of the House of Assembly..., vol. 8, p. 404.

224. Die Burger, 20.6.1923. Hoofartikel.

225. Die Burger, 21.6.1923.

226. Die Burger, 25.6.1923.

heidskommissie, ten gunste daarvan was dat armlankes terug na die landbou gebring moes word. In 'n toespraak op Hendrina het adv. Tielman Roos, Transvaalse leier van die Nasionale Party, sy party se beleid ten opsigte van armlankes volgens sy siening verduidelik. Mense wat uitgeboer het, sal op groot nedersettings geplaas word en na 'n proeftydperk sal hulle in drie klasse verdeel word, nl. dié wat wil werk en vorentoe gaan, dié wat beter geskik is om vir ander te werk en dié wat glad nie wil werk nie. Die persone in eersgenoemde groep kry dan elkeen 'n klein plasie wat hulle nie mag verkoop nie en waarop skuldeisers nie beslag mag lê nie. Verder sal die Nasionale Party segregasie toepas en beskerming verleen aan produkte wat in die Unie verbou en gefabriseer word om werksgeleenthede te skep vir mense wat geskik is om onder ander mense te werk en vir armlankes.²²⁷ Roos het hom ook ten gunste van staatsversekering teen werkloosheid uitgespreek.²²⁸

In Julie 1923 is daar in Bloemfontein 'n kongres, georganiseer deur die Algemene Armesorgkommissie van die Nederlands Gereformeerde Kerk in die Vrystaat in oorleg met die Algemene Armesorgkommissies van die Gereformeerde Kerke, oor die armlankevraagstuk gehou en dit is deur ongeveer 150 afgevaardigdes bygewoon. In sy openingsrede het die voorsitter, ds. P.S. van Heerden, daarop gewys dat in Suid-Afrika die verhouding van armlankes tot die bevolking abnormaal hoog is. „Die arme blanke is 'n rem aan die wa van volksvoorspoed. Hulle moet gered word vir hulle familie en hulle volk.“ Volgens hom berus die verantwoordelikheid vir dié mense by die kerk en by die regering en die doel van die kongres is dan ook om samewerking tussen die twee instansies te verkry om 'n sinkende volk te red.²²⁹

Genl. Kertzog was van mening dat die getal armlankes op 140,000 gestel kan word en dat dit gevaarlik is om die oplossing van die vraagstuk langer te laat sloer, aangesien Bolsjewisme en kommunisme slegs uit armoede en werkloosheid gespruit het. Hy het ook gevra dat die naam armlankes laat vaar word aangesien dit vooroordeel skep. „Armlankes is enkel 'n benaming of 'n gevolg van 'n ander saak wat ons aandag ontsnap het nl. werkloosheid,“ en die kongres moet hom dan ook onder meer besig hou met hierdie vraagstuk van werks-

227. Die Burger, 26.4.1923. Verslag van toespraak te Hendrina.

228. Die Burger, 31.7.1923. Verslag van toespraak te Baberton.

229. Notule van die gesamentlike kongres oor die arme blanke vraagstuk, Bloemfontein, 4-5.7.1923, p. 3.

verskaffing aan persone volgens hul aanleg. Dit help tog nie om die mense terug na die boerdery te stuur as hulle weer 'n mislukking daarvan gaan maak nie. Hy meen dat dit die plig van die staat is om aan almal werk te verskaf en die opheffing van die volk te verseker.²³⁰

Die toestroming van die plattelandse bevolking na die stede is deur dr. D.F. Malan op die kongres behandel. Op sy voorstel is 'n besluit aangeneem dat die kongres met ontsteltenis kennis neem van die toestroming na die stede. Om dit te keer, moet toestande op die platteland aantrekliker gemaak word deur 'n simpatieke houding van die staat teenoor boere, veral ten tye van natuurrampe en plaë. Verder moet die boer van 'n regmatige aandeel in die vrug van sy arbeid verseker word. Die regering moet sorg vir meer uitgebreide en doelmatiger volksonderwys in die algemeen, landbou-onderwys in besonder en praktiese voorligting aan boere. Die regering moet kragtiger pogings aanwend om landelose boere van ondergang te red deur die wat nog geskik daarvoor is, selfstandige grondeienaars te maak deur grond aan hulle te gee of deur 'n stelsel van elementêre landbouskole en praktiese opleiding by vooruitstrewende boere. Die kongres besluit ook dat met die oog op kleurvooroordele werkgewers aangemoedig moet word om of net blankes of net gekleurdes in diens te neem en die staat moet poog om die lot van blanke bywoners en blanke landbou-arbeiders te verbeter. Die landelose veeboer moet eerste in aanmerking kom vir nedersetting op kroongronde wat net vir veeteelt geskik is en daar moet vir hulle kinders spesiale voorsiening vir landbou-opleiding en tegniese onderwys gemaak word. Dit is die taak van die Kerk om die moontlikheid vir ontwikkeling en vir nedersetting of landbou-opleiding onder die aandag van geskikte applikante te bring. Die kongres het verder besluit dat die nuwe stedelike bevolking gehelp moet word deur behoorlike organisasie van die Kerk se armesorg in samewerking met stedelike arbeidsburo's; jong mense behoorlik onder toesig te huisves en die behartiging van hul onderwysbelange deur toesig oor die benutting daarvan.²³¹

'n Saak wat deur dr. N.J. van der Merwe aengeraak is, was die goedkoop nie-blanke arbeid waarmee ongeskoolde blankes moes kompeteer. Hy stel dan ook voor dat 'n minimumloon vir blankes om beskaafd te kan lewe, vasgestel moet word en

230. Die Burger, 5.7.1923; en Notule van die gesamentlike kongres oor die arme blanke vraagstuk..., pp. 4-6.

231. Die Burger, 5.7.1923; en Notule van die gesamentlike kongres oor die arme blanke vraagstuk..., pp. 6-9.

dat industriële segregasie gegrond op die uitvoering van territoriale segregasie toegepas moet word. Verder stel hy voor dat elke blanke kind so goed opgelei word dat hy nie met nie-blankes hoef te kompeteer nie.²³²

'n Ander spreker, dr. H.P. van der Merwe, het daarop ge-wys dat geld nodig is om die armbblankes weer op te hef. Volgens hom is £40 miljoen vir die verowering van Wes-Duitsland gegee en miljoene was beskikbaar vir die inlywing van Rhodesië. „Al kos die opheffing en redding van ons sinkende volk ook miljoene, dan is dit geregverdig, want grootheid bestaan nie in uitgebreide gebiede nie, maar in 'n sterk, sedelike volk.“²³³

Verskeie besluite is aangeneem en sprekers het dit be-treur dat geen minister die kongres bygewoon het nie. Ten slotte is daar besluit „dat die kongres die Regering versoek om 'n blywende Raad van drie of vyf lede te benoem om die Regering met advies te dien ...; dat hierdie Raad by wetge-wing moet ingestel word en dat die Raad hom uitsluitlik be-sig sal hou met die wetenskaplike studie en volgens 'n wel-oorwoë plan.“²³⁴

Die verskillende besluite van die kongres is dan ook in 'n onderhoud op 19 Oktober onder genl. Smuts se aandag ge-bring en sy reaksie daarop was soos volg: Met tugkolonies betref, belowe hy om die saak weer voor die kabinet te lê, en hoewel hy persoonlik daarteen gekant is, sal hy niks doen om dit te verhoed as die meerderheid ten gunste daarvan is nie; die regering het reeds baie gedoen vir landbounederset-ting en hy kan niks meer belowe nie as gevolg van die onkoste daaraan verbonde en die ongeskiktheid van die mense vir neder-setting. Oor die aanstelling van 'n statutêre raad was genl. Smuts van mening dat so 'n raad nuttig kan wees, dog die ar-beidsburo's en die Minister van Lande behartig reeds die werk. 'n Kommissie van ondersoek beskou hy as onnodig aan-gesien die verslae oor die toestand reeds voldoende is. Hy erken dat die kredietstelsel 'n euwel is en die regering sal eersdaags wetgewing daaroor indien. Die versoek dat wetge-wing ingedien word om blankes uit naturellegebiede te verwy-der, vind hy onprakties en hy meen dat blankes in koshuise ge-plaas moet word ten einde los te kom van die naturelle-omge-wing. Die besluit insake industriële onderwys vir ouerlose

232. Ibid., pp. 11-15.

233. Die Burger, 5.7.1923; en Notule van die gesamentlike kongres oor die arme blanke vraagstuk..., pp. 17-23.

234. Die Burger, 6.7.1923; De Kerkbode, deel 13, pp. 1149-1152; en Notule van die gesamentlike kongres oor die arme blanke vraagstuk..., pp. 32-33.

en verwaarloosde kinders beskou genl. Smuts as die mees praktiese van al die kongresbesluite.²³⁵

Die Burger was van mening dat indien die besluite van die Armblankekongres deur die regering uitgevoer word, dit baie sou doen om die toestand op die platteland te verbeter, die stroom na die stede te keer, die landelose en verdienstelike armes 'n lewensbestaan of 'n goeie vooruitsig te verskaf, die nuwe inkomelinge in die stede van verval te bewaar en hulle aan werk, opleiding en 'n versekerde en eerbare toekoms te help.²³⁶ Volgens die redakteur van The Friend is daar geen voorstelle op die kongres aangeneem wat uitvoerbaar of prakties is nie. Die enigste redmiddel daarvoor, immigrasie van blankes, is nooit aangeroer nie. Tensy die blanke ras geleidelik deur 'n groot toestroming van nuwe bloed van oorsee versterk word, is dit tot uitdélging gedoem. Die redakteur sê verder dat ander middele ter bekamping van die armbankedom, nywerheidsontwikkeling en behoorlike opvoeding vir kinders is.²³⁷

Dr. H.P. van der Merwe het daarop gewys dat die doel van die kongres nie soseer was om nuwe maatreëls en redmiddels voor te stel of selfs nuwe lig op die bestaande toestande te werp nie, maar wel om die land weer opnuut van die vraagstuk bewus te maak. Daarom is daar besluit om 'n petisie waarin die besluite van die kongres kort saamgevat is, onder die bevolking te laat sirkuleer en te laat onderteken, om die volk te dwing om persoonlik aandag aan die ernstige vraagstuk te gee. Daar word gehoop dat dit belangstelling in die vraagstuk sal prikkel en dat weens die druk van publieke opinie, politieke partykongresse die besluite van die kongres sal onderskryf. Die idee is dus dat die petisie as suurdeeg moet dien om die regering tot optrede te dwing.²³⁸ So 'n petisie gerig aan die Speaker en lede van die Volksraad en waarin gevra word dat die tweede tussentydse verslag van die Werkloosheidskommissie uitgevoer word, dat 'n statutêre Raad aangestel word en dat die vraagstuk so spoedig moontlik opgelos word, is dan ook opgetrek en onder die volk

235. Die Burger, 15.11.1923; De Kerkbode, deel 13, pp. 1528-1529; en Notule van die gesamentlike kongres oor die arme blanke vraagstuk..., pp. 32-33. Nog 'n armblankekongres gereël deur die Afrikaanse Kerke van Transvaal is vanaf 14 Nov. 1923 in Johannesburg gehou. Engelse Kerke het ook aan die besprekinge deelgeneem. Sien Die Burger, 15.11.1923 en 1.12.1923. Verslag van besprekinge.

236. Die Burger, 11.7.1923. Hoofartikel.

237. The Friend, 6.7.1923. Hoofartikel.

238. De Kerkbode, deel 13, p. 1150.

gesirkuleer vir ondertekening.²³⁹ Die kongresbesluite is ook deur al die Nasionale Party-kongresse onderskryf.²⁴⁰

Op die armblankekongres is verder melding gemaak van die waardevolle rol wat die pers, „zeker een van de grootste faktoren in de bepaling van de lotgevallen van 'n volk,“ kan speel om belangstelling in die vraagstuk op te wek en die openbare mening te vorm.²⁴¹ Dr. D.F. Malan het dan ook as redakteur van Die Burger 'n reeks hoofartikels oor die armblankevraagstuk geskryf, wat in pamfletvorm onder die opskrif „Die groot vlug“ uitgegee is. Hy het klem gelê op die gevare van die toestand; en getoon dat die blanke landelike bevolking in groot dele van die Unie uitgeroei word, dat hulle na die stede moet vlug ten einde hul lewensbestaan en beskawing te behou. Hy het die droewige lot van die armblikes so gestel: „Voortgedrewe deur die snel aangroeiende assegaai-löse hordes uit Kaffer-land het in tien jaar tyd 70,000 blanke mense die platteland verlaat, en is hul vandag as vlugtelinge saamgeskool meesal in die groot industriële sentrums van die land. Op die platteland het hul weggevlug van dreigende of werklike honger en barbaarsheid. Van 'n eerlike broodwinning by die myne is hul, ter wille van groter profyte vir mynmagnate, met kruit en lood weggeskiet. In fabriek en kantore en winkels en selfs as dagloners omstrate te repareer en steenkool op die rug te dra, is daar vir hul in die stede werk..... Ongewoon is die arme vlugtende vreemdeling aan die stadslewe. Uiters ondoelmatig en meesal hoogs gebrekkig was sy algemene opvoeding - dank sy die jare-lange misdadige verwaarlosing van die plattelandse onderwys, en dank sy die gruwelike intellek-dodende Huirstelsel. In die geskoolde arbeid, wat die stad vereis, is hy onbedrewe. Deur ras-verskil alreeds van huis uit onsimpatiek, is die werkgewer daarby ook nog vir geslagte teen hom opgesweepte geword deur politieke vooroordele. En agter en onder dit alles rys stilweg maar seker, hoër en altyd hoër, die aanrollende, swart vloed..... O! die weedom, die bittere weedom van die ongeskoolde blanke man in Suid-Afrika, van ons vlees en bloed, van die kinders van Geuse en van

239. Die Burger, 25.9.1923.

240. Die Burger, 28.9.1923. Verslag van die Kaaplandse N.P.-kongres; Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 17-18.10.1923; Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal 1922-1932, p. 45; en Kongresnotule van die Nasionale Party van Transvaal, 12-14.9.1923, p. 63. Program van aksie.

241. De Kerkbode, deel 13, p. 1150.

Hugenote!"²⁴²

Verder wys dr. Malan daarop dat segregasie die kern van die oplossing van die armblankevraagstuk is en dat dit met erns aangepak en uitgevoer sal moet word indien die blanke beskawing staande wil bly. Hy glo egter nie dat die regering die oplossing sal aanvaar nie: „Segregasie wil hul nie uitvoer nie, omdat hul in die blanke gebied die Kafferstemme nodig het om vir hul 'n meerderheid te verseker as die blanke hul oorboord gooi. Aan hul setels klou hul vas met hande en voete en tande en, sover dit hul betref, kan die volk naar die hoenders gaan.”²⁴³

Die regering was wel deeglik bewus van die belangrikheid en omvang van die armblanke- en werkloosheidsvraagstuk en minister Jagger het op 'n vergadering in Kaapstad in September 1923 verklaar dat die toekomst van Suid-Afrika van die oplossing van die vraagstukke afhang.²⁴⁴ Genl. Smuts het egter by verskeie geleenthede daarop gewys dat die regering miljoene ponde aan produktiewe ondernemings soos besproeiingswerke, spoorweguitbreiding en bosbou bestee ten einde werk vir almal te vind en dat die posisie sodanig is dat daar nie genoeg werkers gevind kon word nie. Vir die mense wat wil werk, is daar dus genoeg werk maar die probleem is dat baie mense weier om die stede te verlaat. Hy meen dat die regering sy bes doen en nie alles kan verrig wat van hom verwag word nie. Op die kongres van die Suid-Afrikaanse Party in 1923 het hy ook verklaar dat hy nie wanhopig oor die armblankevraagstuk is nie, dat die regering sy aandag daaraan gee en dat dit opgelos sal word. Ten spyte van gedurige kritiek dat die regering niks doen nie, is baie al gedoen vir landbou, handel en nywerheid en die afgelope tien jaar het die regering al £5½ miljoen aan nedersetting bestee.²⁴⁵

Veral minister F.S. Malan het nedersetting van armblanke op plase as oplossing van die vraagstuk ten sterkste afgekeur. Op die kongres van die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie in Oktober 1923 het sir Thomas Smartt, minister van Landbou, verduidelik dat die regering wel daarna streef om verdienstelike armblanke terug op die platteland te kry. By dieselfde

242. Die Burger, 13-14.7.1923; en Malan, D.F., Die groot vlug, pp. 8-10.

243. Ibid., p. 8; en Die Burger, 12.7.1923. Hoofartikel. Sien ook Ibid., 10-14.7.1923, 17-21.7.1923, 24.7.1923 en 30.8.1923. Hoofartikels; en Ibid., 20.8.1923.

244. Die Burger, 7.9.1923. Verslag van toespraak te Kaapstad.

245. Die Burger, 24.7.1923 en 16.8.1923. Verslae van toesprake te Pietermaritzburg en Bloemfontein.

geleentheid het hy bekend gemaak dat die regering geld ten bedrae van £200-£250 teen 5% rente per jaar vir vyftien jaar beskikbaar sal stel vir die bou van behoorlike wonings vir blanke bywoners.²⁴⁶

Op 5 Februarie 1924 het genl. Hertzog weer die werkloosheidsvraagstuk in die Volksraad aangeroer met die volgende voorstel: „Dat dit Huis van gevoelens is, dat die oplossing van die toestand van werkloosheid en toenemende armoede in het land op een grondige en omvattende wijze die onmiddellike en ernstige aandacht van die Regering vereist." In die toelichting van sy voorstel het genl. Hertzog verduidelik dat hy met die voorstel beoog dat die Raad die uiters belangrike vraagstuk deeglik sal bespreek, nagaan wat die regering reeds gedoen het en meer ingrypende en afdoende maatreëls aanbeveel. Hy het weer eens op die dringendheid van 'n oplossing gewys en beklemtoon dat die omvang van die vraagstuk in Suid-Afrika buite verhouding met die blanke bevolking en met die ryk bestaansbronne van die land is. Boonop het daar in die afgelope jare meer blankes die land verlaat as wat geïmmigreer het. Die afgelope 6-7 jaar het die regering miljoene bestee om die euwel te bestry deur geldelike toelaes, ondersteuning, gratifikasie, pensioene, konstruksiewerke en dergelyke ondernemings, maar dit was slegs versagtende maatreëls wat net tydelik verligting gebring het. Volgens genl. Hertzog was die hoofoorsaak van die armblanke- en werkloosheidsvraagstuk die onsekere bestaan in die boerderybedryf, die onsekerheid in die nywerheidslewe, veral die goud- en diamantbedryf waar mense afgedank word sodra pryse van produkte daal, en die belangrikste oorsaak van almal is dat Suid-Afrika nie die nodige geleentheid vir beskaafde arbeid - bedoelende arbeid waardeur 'n persoon 'n fatsoenlike bestaan kan voer - bied nie. Vir blanke seuns is daar geen toekoms in die land nie omdat die blanke altyd die onderspit sal delf in die ongelyke stryd as ongeskoolde arbeider met die nie-blanke, soos in die staking van 1922 aan die Rand getoon is. As oplossing doen genl. Hertzog aan die hand dat die uitgangspunt, nie net van die regering nie, maar ook van elke blanke moet wees dat die blanke in Suid-Afrika reg van bestaan het en dat hy te alle tye voorkeur bo die nie-blanke moet geniet, nie net wanneer dit die sak pas nie. Die rege-

246. Die Burger, 11.10.1923. Verslag van toespraak; en Ibid., 12.10.1923. Hoofartikel. Vir mening van F.S. Malan sien Ibid., 29.6.1923, 17.7.1923 en 10.8.1923. Verslae van toesprake te Malmesbury, Aliwal-Noord en Hopetown.

ring moet dié beleid streng in alle staatsondernemings, veral op die Spoorweë, volg en nie op halfhartige wyse soos in die verlede nie. Selfs in nywerhede, by die beskerming en hulp aan individue of maatskappye, moet die regering as voorwaarde stel dat daardeur 'n arbeidsveld vir die blanke geskep sal word. Deur toe te sien dat blankes te alle tye op al die arbeidsmarkte voorkeur geniet, sal die regering die bestaan van die blanke, nie net in belang van die beskaafde nie, maar ook van die onbeskaafde, beveilig. „Dis geensins my doel dat die Regering sig alleen sal bedien van Europeaanse en kleurling arbeid en niet van naturelle arbeid ... Die naturel kan baje goed gebruik word, maar ek sê dat die naturelle arbeid nie gebruik moet word daar waar die witman se dienste gebruik kan en behoort te word, daar waar die witman van Suid-Afrika 'n lewensbestaan kan maak.“ Daarom is dit ook noodsaaklik dat segregasie of gebiedskeiding tussen blank en nie-blank uitgevoer word, want dan kan blank en nie-blank elk voorkeur in sy eie gebied geniet.²⁴⁷

Die voorstel is deur kol. Creswell gesekondeer en verder deur dr. D.F. Malan bespreek. Hy het gevra dat die vraagstuk, met die oog op die blywende belang van Suid-Afrika, nie in partypolitieke verband bespreek word nie. Dr. Malan het ook die toestroming van blankes van die platteland na die stad en die stryd teen goedkoop nie-blanke arbeid bespreek en daarop gewys dat die blanke werkers in die nywerheid vanaf 1916 tot 1921 met 59% toegeneem het en die nie-blankes met meer as 90%. Hy meen ook dat oordeelkundige en regverdig uitgevoerde segregasie die grootste oplossing vir die werkloosheidsvraagstuk bied.²⁴⁸

Minister Denys Reitz wat die volgende spreker was, het genl. Hertzog bedank vir die simpatieke gees waarin hy die saak bespreek het. Dit was 'n baie interessante akademiese dissertasie maar geen konkrete voorstel is deur die generaal gemaak nie. Die minister het ook genoem dat oplossings vir die armblankevraagstuk gedurig aan die hand gedoen word deur teoretici met goeie bedoelings, maar nie een van die uitvoerbare oplossings is beter as die huidige metodes van die regering nie. Baie kongresse word oor die saak gehou, maar geen praktiese konkrete oplossing word aan die hand gedoen nie: „There is always one certain factor about these gatherings, the deliberations invariably end with a resolution putting the whole of the responsibility on the government, and there-

247. Unie van Zuid-Afrika. Debatten van de Volksraad, deel 1, pp. 87-91.

248. Ibid., pp. 91-93.

after the delegates go home with the sense of duty satisfactorily performed." Volgens hom bestaan daar geen universele oplossing vir die vraagstuk nie. Die meeste mense voel dat die oplossing „terug na die land“ is, en dit is te verstaan, want die meeste van die armlankes kom van die land af. Die Kerk se pogings tot nedersetting op Kakamas en De Lagers Drift is, hoewel prysenswaardig, nie 'n groot sukses nie. Boere kan, deur hul plig te besef en blankes bywoners op hul plase te neem, baie daartoe bydra om die probleem op te los. Minister Reitz wys verder daarop dat die regering benewens die bystandswerke, baie doen om blankes werk te gee. Op baie konstruksiewerke word net blankes gebruik en die regering het bewys dat die blankes ongeskoolde werk teen 'n bestaanbare salaris kan doen en dat hy dus sy plek as ongeskoolde arbeider kan volstaan. Hy het geen beswaar teen genl. Hertzog se voorstel nie, maar voel dat dit onnodig is aangesien die regering reeds baie vir werklose armlankes doen en die regering se beleid ongetwyfeld die beste is.²⁴⁹

Hierop het genl. Smuts voorgestel dat „en die volk“ ook in genl. Hertzog se mosie ingesluit moet word aangesien die volk en nie net die regering nie, die erns van die saak moet besef.²⁵⁰

Toe die debat by 'n later geleentheid voorgesit is, is die posisie raak opgesom en saamgevat deur B.G.A. Saunders, S.A.P.-Volksraadslid vir Natal-Kus, in sy kritiek nie net teen die regering nie maar ook teen die kiesers. Hy het daarop gewys dat geen opbouende politiek in sake soos die ontwikkeling van die land en die oplossing van die werkloosheidsvraagstuk uitvoerbaar is solank die party daarvoor verdeeld bly nie en dit is bekend dat die Suid-Afrikaanse Party verdeeld is oor watter rigting ingeslaan moet word. Die enigste oplossing vir werkloosheid is om werk te verskaf volgens 'n vaste beleid wat behoorlik uitgevoer word. Behoorlike landbou-opleiding is nodig en spoorwegtariewe moet hersien word om boere se produkte goedkoop te kan vervoer. Nywerhede moet beskerm word, maar die regering se beleid is 'n baster tussen beskerming en vryhandel en daaronder sal Suid-Afrika nooit 'n groot produserende land word nie. Verder beveel hy ook uitbreiding van die mynbedryf aan en meen hy dat die myne, deur hul benodigdhede in hul eie werkwinkels te maak, sekondêre nywerhede kan aanhelp. Hy glo dat Suid-Afrika 'n groot nywerheidsland gemaak moet word ten einde aan almal, blank en nie-blank, werk te verskaf. Met die

249. *Ibid.*, pp. 93-97.

250. *Ibid.*, p. 100.

teenswoordige politieke verdeling op rassegrondslag en verdeeldheid binne die Suid-Afrikaanse Party, is dit egter onmoontlik om iets te bereik: „Whatever the position is, there is only one way in which this country can ever go forward as an industrial country, and that is that some day you may get a division of parties under which you may have people who should be determined to push the country, who will make use of the very much abused and misunderstood term of 'South Africa first' in its best sense for the good of the country.” Suid-Afrika het groot moontlikhede maar dit word nie na behore benut nie, „simply because there is not sufficient unity of opinion, to be able to return people to Parliament who will come with a determined and fixed policy to develop the country as it should be, industrially and agriculturally.”²⁵¹

In sy antwoord op die debat het genl. Hertzog sy waardering teenoor Saunders vir sy toespraak betuig en verklaar dat dit aangenaam was om die woorde „Suid-Afrika Eerste” uit die mond van 'n Engelssprekende te hoor. Die voorstel is toe, nadat genl. Smuts sy amendement teruggetrek het, eenparig aangeneem.²⁵²

* * *

Die kritiek van die Nasionale Party teen die regering se hantering van die werkloosheids- en armblankevraagstuk was geregverdig in die sin dat daar geen langtermynplan vir die oplossing of bekamping van die vraagstuk gevolg is nie. Die groot bedrae geld wat jaarliks aan bystand vir werkloos bestee is, is deur al die partye heftig gekritiseer, maar dit was soos genl. Smuts verduidelik het, 'n tydelike maatreël om mense van hongersnood te red. In hoe 'n mate dit in 'n groot behoefte voorsien het, blyk uit die feit dat daar in Augustus 1922, 7920 persone in diens op die bystandswerke was, in Mei 1923, 4,284 en in September 1924, 10,868.²⁵³ Groot regeringsondernemings soos spoorwegbou en bosaanplanting het ook 'n tydelike heenkome gebied en baie blankes weer op hul voete geplaas, dog dit kon geen toekoms vir die mense bied nie aangesien dit projekte was wat op een of ander tydstop voltooi is.

C.W. Cousins, direkteur van Sensus en Statistiek, het

251. Ibid., pp. 869-873.

252. Ibid., pp. 875-877.

253. Official Year Book of the Union of South Africa, no. 8, p. 210.

in 1923 daarop gewys dat daar 40,000 blanke kinders jaarliks in Suid-Afrika gebore word. Van die 16,000 seuns wat opgroei, is daar vir slegs 8,000 werk. Volgens hom was Suid-Afrika, te oordeel na die sensussyfers vir 1911-1921, besig om sy blanke bevolking te verloor aangesien baie meer die land verlaat as wat daar immigrante is. As oplossing het hy dan ook aanbeveel dat Suid-Afrika sy eie grondstowwe moet verwerk, om werksgeleenthede vir sy eie mense te skep.²⁵⁴ Hierdie maatreël vir nywerheidsbeskerming en -aanmoediging is in ooreenstemming met die Nasionale Party se konstitusie, voortdurend deur die Nasionale opposisie bepleit, nie net vir die daarstelling van 'n groot arbeidsveld nie, maar ook as 'n versekerde afsetgebied vir produsente en om Suid-Afrika ekonomies selfstandig en onafhanklik te maak. Weens die meningsverskille in die Suid-Afrikaanse Party oor beskerming van eie nywerhede of vryhandel, kon die regering egter geen doelbewuste beskermingsbeleid volg nie. Eers toe van sy eie ondersteuners hul stem begin dik maak, is geleidelik in dié rigting begin werk.

Die Nasionale Party, as kampvegter van veral die belange van die Afrikaanssprekendes, was bewus daarvan dat die armlankes hoofsaaklik Afrikaanssprekend was. Hulle moes dus veg teen die oorheersing van die kapitalis en die imperialis vir die belange van die deel van die volk wat al soveel jare moes stry vir die erkenning van sy regte en waarvan 'n groot persentasie nou met ondergang bedreig is. As oplossing is segregasie aan die hand gedoen om kompetisie met goedkoop nie-blanke arbeid uit te skakel; landbou-opleiding en tegniese onderwys om boere te help om op kleiner plase 'n behoorlike bestaan te maak en blanke arbeiders uit die ongeskoolde arbeidsveld weg te neem; meer regeringshulp aan boere om hulle op hul plase te hou en die ontwikkeling en aanmoediging van nywerhede. Vir baie Nasionalistes was die nedersetting van armlankes die belangrikste oplossing en die weskroep „terug na die land“ het by baie weerklank gevind. Genl. Hertzog het egter daarop gewys dat hoewel baie armlankes 'n sukses van boerdery sal maak, daar duisende is waarvoor 'n ander heenkome gesoek moet word weens onvermoë om te boer of gebrek aan belangstelling. Nedersetting is as oplossing van die armlankevraagstuk ten sterkste deur die regering afgekeur omdat dit so 'n duur projek was en weens die geringe mate van sukses wat in die verlede met sulke nedersettings behaal is.

254. Die Burger, 31.10.1923. Hoofartikel.

Adv. Tielman Roos het vol vertroue op 4 Januarie 1923 op Newcastle verklaar dat „As ons party twee of drie jaar aan die bewind is en daar is nog werkloosheid, dan is ons party 'n mislukking.“²⁵⁵ Genl. Hertzog het egter die probleme van die vraagstuk besef en daarop gewys dat armoede en werkloosheid nie iets van verbygaande aard is nie: „Die oorsake daarvan is permanent, en ons kan die oorsake nie stop nie, maar wat ons moet probeer is om die oorsake te matig; vernietig kan ons die oorsake nooit, want die oorsake is permanent en die gevolge van die permanente oorsake sal als permanent met ons bly, net so as die oorsake.“ Ook dr. D.F. Malan was van mening dat die armblankevraagstuk nie in een jaar of deur een wet opgelos kon word nie, maar dat verskillende maatreëls jaar ná jaar nodig is om die vraagstuk die hoof te bied.²⁵⁶

3. DIE IMMIGRASIEVRAAGSTUK.

'n Saak wat baie nou met die werkloosheidsvraagstuk saamgehang het, was die immigrasie van blanke werkslui na Suid-Afrika. Die Nasionale Party se standpunt omtrent hierdie saak is duidelik in sy program van beginsels uiteengesit: „Immigrante van Europese afkoms en goeie karakter, wat gereed is om hulle lot in te werp met die bevolking van die Unie, word welkom geheet; afgekeur word egter die stelselmatige invoer van regeringsweë van immigrante op staatskosse, vir so lang hulp tot vestiging op die land nie van die burgers van die land verstrekkend is nie.“²⁵⁷

Hierteenoor het die Suid-Afrikaanse Party voorsiening gemaak vir: „Die aanmoediging van gewenste Europese ... immigrasie na Suid-Afrika,“ terwyl die Unioniste-party „State aid to desirable immigrants“ voorgestaan het.²⁵⁸

Dit is dus duidelik dat waar die Nasionale Party immigrante welkom heet, die Suid-Afrikaanse Party hulle aanmoedig en die Unioniste-party staatshulp aanbied. Die beleid wat deur die regering van genl. J.C. Smuts, veral na die amalgamasie van die Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste-party gevolg is, was dan ook werwing van immigrante op

255. Die Burger, 5.1.1923. Verslag van vergadering.

256. Unie van Suid-Afrika. Debatten van de Volksraad, deel 1, p. 91 en p. 93.

257. Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat. Beginsels, Konstitusie, statute, (1926), p. 10. Artikel 10 D.

258. Program van beginsels en konstitusie van die Zuid-Afrikaanse Partij, p. 1. Artikel 8; en Kruger, D.W., South African parties and policies 1910-1960, p. 46. Artikel 4(b) van die Unioniste-party se program van beginsels.

staatskoste en hulp aan die van hulle wat nedersetters wou word.

Genl. Smuts het in die verkiesingstryd van 1920-21 verklaar: „Wij verwelkomen de setlaar, die de middelen bezit om een begin te maken, of de vakkundige, die gemakkelijk werk zal vinden. De Regering behoort de immigratie van deze klassen te helpen, zodat de ontwikkeling niet lijde door gebrek aan werkvolk. Er zijn sterke aanwijzingen dat de toestand reeds begint te ontstaan." Hy het die Nasionaliste daarvan beskuldig dat hulle teen alle immigrasie is en het dit genoem: „de politiek van de Chinese Muur, - door geen enkele Staat ter wereld gehandhaafd en waarin niemand buiten 'n krankzinnige-gesticht geloof stelt!! Voor Zuidafrika met z'n handjevol blanken betekent dit geen verdere industrie, de verdere toename van arme blanken, en het terugkeren naar barbarisme.”²⁵⁹

Die Nasionaliste het voorheen en herhaaldelik hierna hulle standpunt verduidelik. Hulle maak nie beswaar teen enige immigrant wat op eie koste na die land kom en hom hier vestig nie. Waarteen wel beswaar gemaak word, is dat daar met Britse of staatshulp mense ingevoer word wat met die Suid-Afrikaner kompeteer en as gevolg van die regering se beleid van voorkeur aan die Engelsman, die Afrikaner uit sy werk druk. Daardeur word die landsburger se brood uit sy mond geneem te midde van grootskeepse werkloosheid wat reeds in die land heers. 'n Ander rede vir verset was die voorkeur wat die regering aan Britse immigrante gegee het. Die Nasionale Party het in hierdie „politieke immigrasie" 'n gevaar gesien. Nie alleen sou die Britse element op so 'n manier in die land versterk word nie, maar dit sou meebring nog nouer bande met die Britse Ryk, slaafser onderworpenheid aan die wense van Engeland, beveiliging van die Suid-Afrikaanse minerale rykdomme en hulpbronne vir Engeland, groter steun vir die Smuts-regering en die miskennig van die regte van die Afrikaanssprekende. Wat nedersetters betref, was hulle standpunt dat daar eers voorsiening vir die armblikes gemaak moet word voordat enige steun aan immigrante gegee kon word.²⁶⁰

Die beskuldigings van Nasionaliste dat die regering im-

259. Generaal Smuts opent de strijd. Grote vergadering in Pretoria. Uitgegee deur die S.A. Party, p. 11.

260. Coetzee, op: cit., pp. 162-168; Die Burger, 10.1.1922, 3.6.1921, 28.6.1921, 4.7.1921, 8.7.1921, 27.7.1921 en 30.8.1921. Hoofartikels; en Ibid., 24.5.1921, 2.6.1921 en 11.6.1921. Verslae van Volksraadsdebatte.

migrante met staatshulp en met 'n politieke doel die land inbring, is heftig deur die regering ontken. Genl. Smuts het ook ontken dat sy regering enigiets te doen gehad het met 'n Britse skema waaronder 3,000 Britse soldate na Suid-Afrika gestuur is. Kol. L.S. Amery, lid van die Britse Laerhuis en voorsitter van die „Overseas Settlement Office" het in 'n brief aan die London Times die metode waarvolgens nedersetting binne die Ryk bevorder is, verduidelik. Hoewel die Britse regering die passaat van elke Britse soldaat na sy bestemming betaal het, moes die verteenwoordiger van elke dominiale regering self oor die geskiktheid van elke applikant beslis en hom 'n betrekking waarborg.²⁶¹

Genl. Smuts het ontken dat die Unie-regering oor die saak geraadpleeg is of medeseggenskap daarin het, dat die regering belowe het om die mense aan werk te help, dat enige immigrant as sodanig in die staatsdiens opgeneem is of dat spesiale spoorweg- of ander fasiliteite aan immigrante verskaf word. Die Hoë Kommissaris van die Unie in Londen het wel sitting op die Britse immigrasieraad, maar hy sien slegs toe dat elke immigrant aan die bepalings van Suid-Afrika se immigrasiewette voldoen.²⁶²

Dr. D.F. Malan, Nasionale Volksraads lid vir Calvinia, het daarop gewys dat die regering se verklaring nie met dié van die Britse regering ooreenstem nie. Hy het aangetoon dat sir Thomas Smartt, leier van die ou Unioniste-party, veertien dae nadat hy die pos as Minister van Landbou in die Smuts-kabinet aanvaar het, 'n omsendbrief aan boere gestuur het waarin hulle gevra is of hulle immigrante - teruggekeerde soldate - op hul plase as leerjongens in diens sal neem. Dr. Malan het die regering ook daarvan beskuldig dat hy die immigrasiebeleid van die ou Unioniste-party oorgeneem het - 'n beleid wat met 'n definitiewe rassistiese doel uitgevoer word en op rasse-oorheersing gemik is. Hierdie doel van die Unioniste blyk volgens hom duidelik uit 'n toespraak van lord Milner, toe nog leier van die Unioniste-party,²⁶³ waarin hy verklaar het dat slegs die Britse ras die Ryk in stand kan hou en dat dit daarom noodsaaklik is dat 'n aan-

261. Die Burger, 12.1.1922 en 19.1.1922. Hoofartikels.

262. Die Burger, 7.4.1921 en 21.4.1921. Hoofartikels; Ibid., 24.5.1921. Verslag van toespraak van dr. Malan in die Volksraad; Ibid., 3.3.1922. Verslag van genl. Smuts se toespraak in die Volksraad; en Ibid., 9.3.1922. Hoofartikel.

263. Lord Milner was nie leier van die Unioniste-party nie. Dr. Malan bedoel waarskynlik leier in figuurlike sin. Die Unioniste-party is eers in 1910 gestig terwyl Lord Milner Suid-Afrika reeds in 1905 verlaat het.

houdende stroom Britse immigrante na die jong lande gestuur moet word.²⁶⁴

'n Ander saak waarteen Nasionaliste beswaar gemaak het, was die aanstelling van A.H. Tatlow, 'n amptenaar van die Departement van Spoorweë, in 1920 in Londen om Suid-Afrika as toeristeland te adverteer. Hy moes ook advies aan voornemende immigrante gee en het later immigrasie openlik aangemoedig.²⁶⁵ Blane, voorsitter van die Johannesburgse Kamer van Koophandel, het in 'n toespraak verklaar: „Die werkloosheid is vir 'n deel veroorsaak deur die groot aantal ge-oefende arbeiders wat hier gekom het ten gevolge van die adverteer van die Unie deur die Regeringskantoor in Londen.“²⁶⁶

J.W. Jagger, Minister van Spoorweë en Hawens, het in Julie 1921 in die Volksraad erken dat Tatlow vermoënde mense - nie werkslui nie - aanmoedig om in Suid-Afrika te kom boer. Tatlow is egter teruggeroep en voortaan sou die kantoor van die Spoorwegdepartement in Londen net gebruik word om toerisme na Suid-Afrika te bevorder. John X. Merriman, S.A.P.-Volksraadslid vir Stellenbosch, het om 'n ander rede as die Nasionaliste teen Tatlow beswaar gemaak. Hy was van mening dat Tatlow Suid-Afrika as 'n luilekkerland adverteer en dat mense dan na Suid-Afrika kom, hier rondreis, soms met 'n derdeklas-passaat na Engeland moet terugkeer en dan boeke skryf wat die mense en die land in 'n slegte lig stel. Wat Suid-Afrika nodig het, is Engelse setlaars wat hulle hier kom vestig en die land hul tuiste maak: „For heaven's sake, don't send us any more tourists, with their noses cocked in the air and a contempt for everything except 'Home'.“²⁶⁷

In 1921 is 'n ander amptenaar, Dirk Boshoff van die Departement van Lande, as immigrasiebeampte na Londen gestuur om veral voornemende nedersetters oor Suid-Afrikaanse toestande in te lig. In 'n onderhoud het hy verklaar dat hy

264. Die Burger, 24.5.1921. Verslag van Volksraadsdebat; Debates of the House of Assembly..., vol. 6, p. 187; en Die Burger, 21.4.1921. Hoofartikel. Sien ook Ibid., 1.4.1921. Verslag van debat in die Britse Laerhuis i.s. immigrasie; Ibid., 7.4.1921. Hoofartikel; Ibid., 11.6.1921 en 7.7.1921. Verslae van Volksraadsdebate; Ibid., 29.7.1921. Verslag van toespraak van minister Mentz te Londen; Ibid., 21.9.1921 en 29.9.1921. Hoofartikels; en Ibid., 5.11.1921. Verslag van toespraak van maj. E. Wood, ondersekretaris van kolonies in die Britse Laerhuis.
265. Die Burger, 17.6.1921. Hoofartikel.
266. Die Burger, 27.7.1921. Verslag van toespraak.
267. Debates of the House of Assembly..., vol. 6, p. 310; en Die Burger, 12.7.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

immigrante, veral op die teenswoordige tydstip, tot groot nut vir die land ag aangesien daar te veel onbewerkte grond in Suid-Afrika is. Die nuwe setlaars sal grond en vee moet koop en gevolglik sal grondpryse styg en 'n mark vir vee geskep word. Hy het verduidelik dat immigrante geen kennis van boerdery hoef te hê nie, want by hul aankoms in Suid-Afrika sal hulle as leerjongens deur boere op hul plase ingeneem word of op die twee regeringsplase, Indwe en Begin-sel, opgelei word. Hiervoor betaal die immigrant £50 per jaar vir onderwys en huisvesting aan die regering, maar as sy opleiding voltooi is, word dit aan hom terugbetaal. Hy sal verder teen halfprys deur die spoorweë na die regeringsplase en later na sy bestemming vervoer word. Boshoff het ook daarop gewys dat 'n immigrant minstens £2,000 moet besit - twee setlaars saam kan ook die bedrag besit - voordat hy toegelaat word om na die land te kom. Hy hoop om op die manier £3 miljoen jaarliks na Suid-Afrika te stuur. Hy het beklemtoon dat hoewel immigrante van enige nasionaliteit welkom is, Suid-Afrika net in Engels adverteer. Hy persoonlik ag die Britse setlaars die geskikte vir hierdie skema.²⁶⁸

Oor die geskiktheid van die Britse setlaar het sir Edgar Walton, Suid-Afrika se Hoë Kommissaris in Londen, hom ook uitgelaat,²⁶⁹ en volgens die London Times was daar geen dominium wat meer gesteld daarop was om „settlers from the Old Country“ te verwelkom as juis Suid-Afrika nie.²⁷⁰

Die besluit om net in Engels te adverteer, het nie net kritiek van Nasionale koerante uitgelok nie, maar ook van koerante van die Suid-Afrikaanse Party, soos De Volkstem en die Vriend des Volks, wat ook immigrante uit Europa wou hê. Die Burger het dit verwelkom „dat ons kollegas van die S.A.P.-pers in die noordelike provinsies so grootliks met ons saamstem oor sulke Afrikaansnasionale kwessies en dat hulle onafhanklikheid van denke handhaaf, terwyl ons nog onlangs in 'n hoofartikel aangemerkt het, dit moeilik sal gaan om êrens ter wêreld 'n slaafser groep te vind as die Hollandssprekende Sap-Volksraadslede. Maar wat help dit tog nou dat die koerante, wat tog nog veronderstel word om die mondstukke van daardie groep te wees, ridderlik die oordeel van die oorgroot meerderheid van die Afrikaanse volk oor sulke vraagstukke wat vir ons van so diep-ingrypende belang is, verdedig, terwyl die volksvertegenwoordigers op wie se woord en stem dit ten slotte aankom om daardie insigte in die wetgewing en regeringsmaatreëls te weerspieël, in die

268. Die Burger, 17.8.1921. Verslag van onderhoud.

269. Die Burger, 20.5.1921. Hoofartikel.

270. Die Burger, 28.6.1921. Hoofartikel.

Volksraad hul Nasionalistiese kollegas met spot en hoon antwoord wanneer hulle in gemoede waarsku teen die gevolge van die immigrasie-politiek wat die Regering so skaamteloos aanvaar het?"²⁷¹

Die redakteur van Hollands Zuid-Afrika, lyfblad van die Nederlandse Zuid-Afrikaanse Vereniging, het opgemerk dat die Nederlandse pers reeds lankal beseft dat „offisieel Zuid-Afrika" hom na Engeland oriënteer. Die Burger se kommentaar hierop was dat hoewel die Suid-Afrikaanse regering verklaar dat hulle geen verskil tussen Engeland en Holland maak wat die bevordering van immigrasie betref nie, slegs in Engelse blaaië geadverteer word om „uitsluitend door middel van de Engelse taal Engelse settelaars aan te werven van de zuiverste Imperialistiese type om als stamvee voor genl. Smuts en Sir Thomas Smartt te diene in hún poging om de rug van het Afrikanerdom te breken!"²⁷²

Toe die Nasionale Party die regering in die Volksraad oor sy steun aan immigrante aangeval het, het Patrick Duncan, Minister van Binnelandse Sake, dit ten sterkste ontken. Hy het verduidelik dat die regering mense verwelkom wat met die ontwikkeling van die land kan help en daarom het hulle, soos enige Suid-Afrikaner, toegang tot opleidingskole en regeringshulp. Die Hoë Kommissaris in Londen, wie se taak dit is om immigrante na Suid-Afrika te keur, het nou as gevolg van die werkloosheid in die land opdrag gekry om ambagsmanne nie meer toe te laat om na die land te kom nie. Die minister moes egter erken dat volgens Suid-Afrika se immigrasiewette, enige persoon wat £20 besit, die land mag binnekom.²⁷³ Adv. N.J. de Wet, Minister van Justisie, het ook verklaar: „Ons moet nie 'n ringmuur om ons land sit nie. Dit is die politiek van die Regering om mense van enige nasie wat goed is hier te verwelkom." Hoewel daar volgens hom geen staatsondersteunde immigrasie bestaan nie, het immigrante vrye toegang tot die land se skole en poste as daar nog plek is, en die regering is gewillig om 'n helpende hand uit te steek om van dié mense nuttige burgers te

271. Die Burger, 23.8.1921. Verstrek die mening van De Volkstem; en Ibid., 26.8.1921. Verstrek die mening van die Vriend des Volks met kommentaar van die redakteur van Die Burger onderaan die berig.

272. Die Burger, 12.8.1921. Hoofartikel. Sien ook Ibid., 19.1.1922.

273. Die Burger, 7.7.1921. Verslag van Volksraadsdebat. Sien ook Ibid., 18.6.1921. Verslag van Volksraadsdebat waar minister Malan belowe het om sekere immigrante te keer.

maak. 274

Die redes wat veral deur dr. D.F. Malan en C.W. Malan, Nasionale Volksraadslid vir Humansdorp, aangevoer is as bewys dat die regering wel immigrasie aanmoedig, was dat Suid-Afrika se Hoë Kommissaris lid van die Britse Immigrasiekomitee is; dat sy kantoor vir immigrasiedoeleindes soos die uitbetaling van toelae uit verskillende fondse aan immigrante gebruik word; dat aan Tatlow £25,000 gegee is om die Unie te adverteer en Britse immigrante te werf; dat amptenare in Londen en Kaapstad aangestel is om immigrante te help en van advies te voorsien; dat 'n regeringsdepartement gebruik word om hulle by boere geplaas te kry en dat die regering twee plase gekoop het waar nedersetters opgelei word. „As dit nie immigrasie op staatskoste is nie, wat is?” vra C.W. Malan, en verklaar: „Wie bekend is met die toestande in ons land, weet dat die immigrasiepolitiek van ons Regering op hierdie kritieke tydstip uiters noodlottig is.”²⁷⁵ Dr. D.F. Malan het beklemtoon dat die Nasionale Party ten gunste is van immigrante wat 'n bate vir die land kan wees, maar gekant is teen politieke immigrasie. Verder behoort daar geen immigrant in die land toegelaat te word voordat die armlandes op die land gevestig is nie.²⁷⁶

Nasionaliste het ook heftig geprotesteer oor die diskriminasie teen Afrikaners by aanstellings in die staatsdiens, veral op die spoorweë. Nie alleen moes die Afrikaanssprekende vir die Engelssprekende Suid-Afrikaner terugstaan nie, maar ook immigrante het bó hom voorkeur gekry. Daar is beweer dat die Afrikaner selfs uit die spoorwegdiens ontslaan word om vir die immigrant en teruggekeerde soldaat plek te maak.²⁷⁷

Verskeie ministers het die bewerings ontken en ministers

274. Die Burger, 2.7.1921. Verslag van Volksraadsdebat; en Debates of the House of Assembly..., vol. 8, p. 290.

275. Die Burger, 2.7.1921 en 7.7.1921. Verslae van Volksraadsdebatte; Ibid., 23.7.1921. Brief van C.W. Malan; en Ibid., 27.7.1921. Hoofartikel.

276. Die Burger, 11.6.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

277. Die Burger, 1.6.1921 en 6.7.1921. Verslag van Volksraadsdebatte; Ibid., 7.6.1921, 8.6.1921 en 2.7.1921. Verslae van toesprake van genl. Hertzog te Riversdal en in die Volksraad; Ibid., 29.6.1921 en 17.9.1921. Verslae van toesprake van C.W. Malan in die Volksraad en te Port Elizabeth; Ibid., 3.10.1921, 20.10.1921 en 26.11.1921. Verslae van toesprake van A.J. Werth te Edenville, J.H.H. de Waal te Piketberg en C.G. Richardt te Bloemfontein; Ibid., 13.6.1921, 4.7.1921, 24.8.1921 en 25.8.1921. Hoofartikels; Ibid., 5.7.1921 en 11.7.1921. Briewe van H.C. de Wet en van „Spoorweg Amptenaar”; en Ibid., 15.7.1921, 27.7.1921, 10.8.1921 en 23.8.1921. Berigte.

Duncan en Jagger het onder andere daarop gewys dat as die kwalifikasies dieselfde is, die Suid-Afrikaner voorkeur geniet by aanstellings in die staatsdiens.²⁷⁸ Genl. J.B.M. Hertzog, leier van die Nasionale Party, het in antwoord hierop verklaar dat die regering nie die reg het om manne van oorsee op gelyke voet met die Suid-Afrikaner te behandel nie. As dit wel die regering se beleid is, is daar geen hoop vir die armlankes nie, want daar is reeds vir hom geen plek in die landbou nie en as staatsbetrokkinge ook vir hom gesluit word, wat sal van hom word? In die fabriek moet hy met die naturel kompeteer en al wat oorbly, is die myne en die spoorweë waar die arbeidsveld ook al versadig is. Genl. Hertzog wys daarop dat die politiek van voorkeur aan die immigrant al jare gevolg word en dit is dus geen wonder dat 90% van die armlankes in die land Afrikaanssprekend is nie. Hy is daarvan oortuig dat ook die Engelssprekende Suid-Afrikaner al begin besef dat daar deesdae net plek vir die immigrant in die land is. Hy meen dat die regering nie mag toelaat dat die nuwe inkomeling met die Suid-Afrikaner - Afrikaans- of Engelssprekend - kompeteer nie. „Dit sê nie van watter nasionaliteit hy mag wees nie, solank die seuns van Suid-Afrika sonder werk is, behoort geen uitlander in enige diens opgeneem te word nie.“²⁷⁹

Dr. D.F. Malan het hierdie standpunt gesteun, en 'n wet bepleit soortgelyk aan dié in Kanada, waarvolgens geen persoon in die staatsdiens aangestel mag word voordat hy nie 'n genaturaliseerde burger is en ten minste drie jaar in die land gewoon het nie. Minister Duncan het hierop verklaar dat hy die voorstel, dat die regering niemand mag aanstel wat nie reeds 'n aantal jare in die land is nie, nie kan aanvaar nie. Hy het egter belowe om op die Kanadese wet in te gaan en moontlik die volgende jaar 'n naturalisasiewet by die Parlement in te dien.²⁸⁰

Op 'n bewering van adv. J.H.H. de Waal, Nasionale lid

278. Die Burger, 8.6.1921 en 11.6.1921. Verslae van Volksraadsdebatte.

279. Ibid. Sien ook Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 11-12.10.1921, p. 14. Verslag van toespraak van genl. Hertzog; Die Burger, 2.6.1921. Verslag van Volksraadsdebat; en Ibid., 7.6.1921. Verslag van toespraak van genl. Hertzog te Riversdal.

280. Die Burger, 7.7.1921. Verslag van Volksraadsdebat; en Debates of the House of Assembly..., vol. 6, pp. 300-301. Sien ook Die Burger, 11.6.1921. Verslag van Volksraadsdebat; Ibid., 4.7.1921 en 2.11.1921. Verslae van toesprake van dr. Malan te Somerset-Strand en Clanwilliam; en Ibid., 26.11.1921. Verslag van toespraak van C.G. Fichardt te Bloemfontein.

vir Piketberg, dat byna 40% van die Spoorwegpersoneel in Europa gebore is,²⁸¹ het minister Jagger geantwoord dat 70% van die spoorwegamptenare Suid-Afrikaners is en dat 60% tweetalig is.²⁸² Die minister van Mynwese en Nywerheid, F.S. Malan, het daarop gewys dat die regering sekere vakmanne, weens gebrek aan die nodige opgeleide persone in Suid-Afrika, uit die buiteland laat kom het.²⁸³

Die Burger het beswaar gemaak teen die „verderflike gewoonte” om vir allerhande betrekkinge, veral in die spoorwegdiens, mense oorsee te gaan soek sonder om eers vas te stel of onder die Suid-Afrikaners nie geskikte persone is nie. „'n Mens sou sweer dat ons Regering 'n filiaal is van Downingstraat en betaal word om die belange van die oorsese mense te behartig in plaas van ons eie.” Die redakteur wys daarop dat ministers Duncan en Jagger met groot moeite sovergekry is om te belowe dat „as alles gelyk is” voorkeur aan die plaaslike man gegee sal word. Hy meen egter dat die belofte maar baie min beteken aangesien alles nooit gelyk in die oë van die opregte Brit kan wees nie en die man van „Home” sal altyd beter wees. Hy het aangetoon dat die Cape Times spesiaal 'n hoofredakteur uit Engeland laat kom het, want die Suid-Afrikaner word as minderwaardig en as „merely a colonial” beskou. „Maar, Goddank, so langsaamerhand groei hier tog op 'n geslag van ‚colonials’, selfs onder ons Engelssprekende medeburgers, wat voldoende Afrikaans-nasionale trots het om daardie minagting vir al wat ‚colonial’ het met interes terug te betaal, in die gevoel dat ons vir die oorsese mense nie terug hoef te staan nie.” Hy vrees egter dat hierdie leer maar min genade in die oë van die klein groepie kapitaliste wat die Engelse pers beheer, sal vind.²⁸⁴ B.K. Long, die nuwe hoofredakteur van die Cape Times, het by sy vertrek uit Londen verklaar dat die hoofredakteurs en redaksies van die groot koerante in die dominiums 'n belangrike taak het om te verrig, nl. om die Britse gees en die beginsels van vryheid en konstitusionalisme lewendig te hou.²⁸⁵

'n Organisasie wat immigrasie na Suid-Afrika aktief

281. Die Burger, 11.6.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

282. Die Burger, 12.7.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

283. Die Burger, 11.6.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

284. Die Burger, 24.9.1921 en 10.10.1921. Hoofartikels.

Sien ook Ibid., 23-24.9.1921. Hoofartikels; en Debates of the House of Assembly..., vol. 6, p. 106.

Beswaar van genl. Hertzog omdat die regering hom altyd na die buiteland wend as hy werksmense soek.

285. Die Burger, 20.10.1921. Hoofartikel. Die Burger het ook daarop gewys dat 12 van die 13 dagblaaie wat die S.A. Party steun, se redakteurs van Engeland kom. Sien Ibid., 13.8.1921. Hoofartikel.

bevorder het, was die „1820 Memorial Settlers Association“ wat in 1920 onder leiding van sir Charles Crewe gestig is. Dit het ten doel gehad om immigrante wat ten minste £1,500 besit (£2,000 vir getroudes) aan te moedig en te help om hulle in Suid-Afrika te vestig. Aan sulke immigrante is 'n derdeklas-passaat na Suid-Afrika en huisvesting en opleiding vir twee jaar verskaf. Genl. Smuts en prins Arthur van Connaught was ere-presidente en verskeie ministers het saam met leidende persone op verskeie gebiede, in die bestuur gedien.²⁸⁶ In Oktober 1921 het die voorsitter, sir Charles Crewe, aangekondig dat die vereniging vanaf Januarie reeds 155 setlaars met 113 afhanklikes en met 'n kapitaal van £400,000 na Suid-Afrika gebring het.²⁸⁷ Brig.-genl. J.J. Byron, S.A.P.-Volksraadslid vir Grens, het verklaar dat die vereniging beoog om vanaf 1923, 10,000 setlaars met 'n kapitaal van £3 miljoen jaarliks na Suid-Afrika te bring.²⁸⁸

In 'n omsendbrief van die vereniging is verklaar dat meer immigrante in Suid-Afrika nodig is om „die gevare waarvan die volgende geslag blootgestel sal word as gevolg van die groeiende krag van die sesessie-beweging en die altyd dreigende gevaar van burgeroorlog“ die hoof te bied. Daar moet verseker word dat „die ideale van trou aan die Konstitusie, eer en regvaardigheid ... waarvan die veiligheid van ons kinders en ons kindskinders in Suid-Afrika afhang“ verwezenlik word.²⁸⁹

Die Grocotts' Daily Mail van Grahamstad het in 'n hoofartikel volgens Die Burger nog nader aan die werklike doel van die 1820-Setlaarsvereniging gekom, nl. om die land so vinnig as moontlik met lojale Engelse te oorstroom sodat hulle die Nasionaliste kan oorstem. Die redakteur van Grocotts' Daily Mail het aangetoon dat die Nasionale Party in die afgelope verkiesing 7,000 meer stemme as in 1920 getrek het en dat die wins van die regeringsparty ten koste van die Arbeidersparty was. As 7,000 persone in een jaar hulle by die „skandelige saak“ aansluit, sal die posisie oor vyf jaar nog slegter lyk. Elke lid van die 1820-Setlaarsvereniging moet dus „aangevuur word deur 'n diepgaande en sorgwekkende begeerte dat Suid-Afrika ten alle tye manne aan die hoof van sake sal hê soos genl. Smuts, en dat die golwe van dislojaliteit en rewolusie nooit sal toegelaat word om die staat-

286. The Round Table, vol. 45, pp. 212-214; en Die Burger, 21.9.1921 en 19.1.1922. Hoofartikels.

287. Die Burger, 26.10.1921. Verslag van toespraak.

288. Die Burger, 16.6.1921. Verslag van Volksraadsdebat.

289. Die Burger, 19.1.1922. Hoofartikel.

skip uit die ingeslane koers te voer nie."²⁹⁰

'n Weerspieëling van die houding van 'n gewone Engels-sprekende in Suid-Afrika word gevind in 'n brief van mev. Hannah L. Brown in die Cape Times waarin sy vra dat die Britse setlaars waar moontlik gehelp moet word. Volgens haar sal die setlaars wat die 1820-Setlaarsvereniging vir Suid-Afrika beoog, die armblanke- en naturellevraagstuk help oplos. Hulle sal 'n afset bied en die armes by hulle in diens neem - ook naturelle, want hulle is nie bevooroordeel teen 'n swart vel nie en besef dat die naturel ook menslike, sosiale en politieke regte het.²⁹¹ Hierop het die redakteur van Die Burger gevra of die immigrante na Suid-Afrika kom op 'n tog van weldadigheid of om 'n bestaan te maak. Hy het daarop gewys dat volgens mev. Brown, mense wat die naturel glad nie ken nie, Suid-Afrika sal kom wys hoe om die naturel te behandel en die probleem op te los. "Wat een naiviteit."²⁹²

Die Burger het gewaarsku dat die Engelse met hierdie benadering beslis daarin gaan slaag om die imperialistiese element in die land te versterk en "ons sal die dood nie ont-kom nie, tensy ons ons verweer." Hy het 'n ernstige beroep op Afrikaners gedoen om te organiseer en te sorg vir die im-migrasie veral van Hollanders as teenwig teen Engelse oor-heersing.²⁹³

Nogtans het sir Charles Crewe in Londen verklaar dat die vereniging buite die politiek staan en dat dit deur die Suid-Afrikaanse Party, die Arbeidersparty en die Nasionale Party, onder wie president F.W. Reitz, gesteun word aange-sien almal besef dat die versterking van die blanke bevol-king na gelang die naturelle in getalle en vaardigheid toe-neem, levensbelangrik is.²⁹⁴

Die ekonomiese toestand wat na die Eerste Wêreldoorlog dwarsdeur die wêreld geheers het, het meegebring dat Brit-tanje te kampe gehad het met miljoene werklooses, vir wie 'n heenkome gesoek moes word. Organisasies soos die "British Empire League" en die "Ex-officers Resettlement Association" was nie opgewasse vir grootskeepse emigrasie nie. In Fe-ruarie 1921 het kol. Amery, parlementêre ondersekretaris van

290. Die Burger, 11.5.1921. Verstrek die mening van Grocotts' Daily Mail.

291. Die Burger, 8.9.1921. Vertaling van die brief van mev. Brown.

292. Ibid., Hoofartikel.

293. Die Burger, 11-12.4.1921, 11.5.1921 en 8.9.1921. Hoofartikels. Sien ook Ibid., 16.4.1921. Brief van C.J. Langenhoven.

294. Die Burger, 29.6.1923. Verslag van toespraak.

kolonies, aangekondig dat die Imperiale regering samesprekinge met die dominiale regerings vir die gesamentlike finansiering van nedersettings in dominiums gaan voer.²⁹⁵

Hierdie aankondiging het verset van verskeie koerantredakteurs soos dié van die Vriend des Volks, The Call en die Richmond Era uitgelok.²⁹⁶ De Volkstem het daarop gewys dat Suid-Afrika nie aan dié planne kan meedoen nie omdat hy genoeg armlankes en werkloses het en slegs vermoënde immigrante kan ontvang.²⁹⁷ Hiermee het Die Burger saamgestem en De Volkstem se houding gesien as 'n bewys dat die Nasionale Party en die Afrikaanssprekende lede van die Suid-Afrikaanse Party eners oor die saak voel.²⁹⁸ Die redakteur het ook opgemerk: „Hoe kan 'n mens verwag, dat 'n regering wat vlieë op die wenke van John Bull so hardvogtig sal wees om die arme Engelsman in Engeland te laat doodgaan net om 'n paar Afrikaners aan die lewe te hou?“²⁹⁹

Toe die Eritse emigrasieplan vir die dominiums op die Imperiale Konferensie van 1921 bespreek is, is 'n komitee onder lord Amery benoem om 'n skema uit te werk. Suid-Afrika se Minister van Verdediging, H. Mentz, het ook in die komitee gedien. Volgens die plan wat voorgelê is, was die Britse regering bereid om £2 miljoen jaarliks by te dra om emigrasie uit Engeland na die dominiums te bevorder. Die Britse regering sou 'n goedkoop passaat en £300 leningsvoorskot aan elke emigrant betaal, maar die dominium moet die helfte van die koste van die passaat asook dienste, opleiding, voorskotte of grond ter waarde van £300 aan elkeen verskaf. Verder dra die dominium alle verantwoordelikheid vir die invordering en terugbetaling van die voorskotte.³⁰⁰

Die Burger se Londense verteenwoordiger het die skema bespreek en opgemerk: „Die Afrikaner sal derhalwe nou vir die bespoediging van sy persoonlike en sy volksondergang nog moet betaal ook in die vorm van belasting aan 'n sogenaamde Afrikaner-Regering.“³⁰¹ Dr. A.J. Stals het dit as verreagaande vernietelheid van die Empire-politici beskryf om 'n staat op die een oomblik as die aflaaiplek van werkloses te beskou en op 'n ander oomblik dieselfde staat

295. Die Burger, 23.2.1921.

296. Die Burger, 21.3.1921, 9.3.1921 en 26.3.1921. Verstrek die menings van die Vriend des Volks, The Call en die Richmond Era.

297. Die Burger, 5.3.1921. Verstrek die mening van De Volkstem.

298. Die Burger, 9.3.1921. Hoofartikel.

299. Die Burger, 28.6.1921. Hoofartikel.

300. Die Burger, 5.7.1921, 23.7.1921 en 25.7.1921.

301. Die Burger, 25.7.1921.

weer as selfbeskikkend te verklaar. Hy meen dat so 'n situasie grappig sou wees as dit nie so ernstig was nie.³⁰²

Hoe imperialisties hierdie skema was, blyk uit 'n toespraak van Winston S. Churchill op 'n vergadering in Londen waar ministers Smartt en Mentz ook teenwoordig was. Volgens die verslag het hy gesê dat Engeland soveel moontlik van sy soldate en burgers in die dominiums moet versprei om die noodsaaklike Ryksbande nouer te trek en gemeenskaplike belange te bevorder.³⁰³ Die redakteur van Die Burger het die doel van die skema kortliks soos volg saamgevat: „Engeland is bang om sy melkkoei kwyt te raak.”³⁰⁴

Toe die immigrasieskema op die Imperiale Konferensie aanvaar is, het die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes egter verklaar dat weens die beperkte ruimte vir blanke arbeiders in Suid-Afrika, die Unie-regering nie op dieselfde wyse as die ander dominiums aan die skema kan meedoen nie.³⁰⁵ By sy terugkeer van die Imperiale Konferensie, het genl. Smuts daarop gewys dat die emmigrante wat Engeland na ander dele van die Ryk wil stuur, hoofsaaklik werksmense is, terwyl in Suid-Afrika die naturelle in 'n groot mate die werksmense is. „Ons wil vandag geen immigrasie van die gewone ongeoeffende werksman hê nie. Ons wil 'n heeltemal ander soort immigrant hê en ons sal ons uiterste doen om hom hier te kry.”³⁰⁶

De Volkstem het die regering se houding goedgekeur³⁰⁷ maar Die Burger was van mening dat die verklaring van die Suid-Afrikaanse verteenwoordigers op die Imperiale Konferensie, „'n stuk camouflasie en 'n voorbeeld van brutale misleiding” is. Die redakteur het gewaarsku dat die verklaring 'n oëning vir die Smuts-regering laat om met die immigrasieplanne saam te werk, terwyl hy die volk wysmaak dat hy niks daarmee te doen het nie. Hierdie bewering grond hy op die verklaring wat lui dat die Unie-regering nie kan saamwerk „op die lyne langs welke die anderen Dominiums zich voorstellen dit te doen” nie. Dit staan die regering dus nog vry om op sy eie manier saam te werk.³⁰⁸

302. Die Burger, 28.7.1921. Verslag van toespraak te Worcester. Hy was later Minister van Onderwys, Gesondheid en Volkswelsyn in die Nasionale kabinet van dr. D.F. Malan.

303. Die Burger, 8.7.1921. Hoofartikel. Die toespraak was op 15.6.1921 voor die „Empire Development Parliamentary Committee” in Londen.

304. Die Burger, 17.8.1921. Hoofartikel.

305. Die Burger, 8.8.1921 en 1.9.1921.

306. Die Burger, 1.9.1921. Verslag van toespraak te Kaapstad.

307. Die Burger, 18.8.1921. Verstrek die mening van De Volkstem.

308. Die Burger, 11.10.1921. Hoofartikel.

Die redakteur van Het Westen het hom ook by Die Burger geskaar en die mening uitgespreek dat te oordeel na die debat in die Britse Parlement oor emigrasie van werklooses na die dominiums, daar meer op die Rykskonferensie plaasgevind het as waarvan die volk bewus is. Hy het namens die volk 'n duidelike verklaring van genl. Smuts geëis om te sê of hy die Britse plan gaan steun of nie. Volgens hom is dit 'n ideale geleentheid om die waarde van Suid-Afrika se verhoogde status te toets deur eenvoudig te weier om Engeland se werklooses te ontvang.³⁰⁹

Dr D.F. Malan was ook van oordeel dat aangesien die regering nie immigrasie openlik kan bevorder nie, dit nou onder die dekmantel van die Britse regering gedoen sal word, terwyl die armlankes moet sien en kom klaar.³¹⁰

Die Star het dr. Malan skerp gekritiseer oor sy beweerde uitlating dat geen immigrant in Suid-Afrika toegelaat moet word solank die land met 'n armlankevraagstuk sukkel nie. Die redakteur glo dat iemand wat so 'n uitlating in die openbaar maak, geen openbare posisie mag beklee of leier van 'n politieke party kan wees nie.³¹¹

Na die Rykskonferensie het minister Mentz op versoek van die Nederlandse Zuid-Afrikaanse Vereniging (N.Z.A.V.), Nederland besoek om die samewerking van die vereniging te kry vir die stigting van 'n organisasie waardeur voornemende immigrante na Suid-Afrika van inligting voorsien kon word. Die plan was om dit die „Van Riebeeck Volksplanting-Komitee" te noem.³¹² Hoewel samesprekinge gevoer is, het daar niks van die plan gekom nie, maar die hoop is uitgespreek dat die verwagte besoek van Dirk Boshoff aan Nederland meer vrugte sou afwerp.³¹³

Die planne van die regering om die immigrasie van Hollanders aan te moedig, het groot byval by De Volkstem gevind.³¹⁴ Die Burger het dit gesien as die gevolg van die Nasionaliste se aanvalle op die immigrasiepolitiek van die

309. Die Burger, 16.11.1921. Verstrek die mening van Het Westen.

310. Die Burger, 5.10.1921. Verslag van toespraak.

311. Die Burger, 6.10.1921. Verstrek die mening van The Star. Die verslag van die toespraak in Die Burger van 5.10.1921 verstrek egter nie hierdie besonderhede nie.

312. Die Burger, 30.8.1921.

313. Die Burger, 31.10.1921. Daar is egter geen berig in Die Burger gevind wat aandui dat Boshoff wel Nederland besoek het nie. In 1922 was daar weer sprake van so 'n besoek. Sien Ibid., 24.11.1922 en 30.12.1922.

314. Die Burger, 31.8.1921. Verstrek die mening van De Volkstem.

regering. Volgens die redakteur was dit egter net oëverblindery en was die regering nie werklik van plan om Hollandse immigrante aan te moedig nie.³¹⁵

Die redakteurs van De Volkstem en die Cape Times het albei hul twyfel uitgespreek oor die geskiktheid van die N.Z.A.V. vir die werk aangesien die vereniging in die verlede 'n partydigheid vir die Nasionale Party getoon het.³¹⁶ Die Cape Times het egter bygevoeg dat as die doel van die N.Z.A.V. is om jong Hollanders met geld en verstand na Suid-Afrika te bring, dit aangemoedig moes word. Die redakteur het ook gevra dat Suid-Afrika sy immigrasiepolitiek nou duidelik moet omlin. Hy het daarop gewys dat die Verenigde State van Amerika dit nodig gevind het om beperkinge op immigrasie te plaas en dat die tyd vir sulke maatreëls spoedig in die Unie sal aanbreek.³¹⁷

Metodes om immigrasie te bekamp, is ook al aan die hand gedoen deur ds. H.C. de Wet van Worcester. Hy het voorgestel dat 'n brosjure opgestel word waarin aan voornemende immigrante verduidelik word presies wat die toestande in Suid-Afrika is - dat dit nie 'n land van melk en heuning is nie, maar dat dit besig is om uit te droog en dat grootskeepsse werkloosheid heers. Die geskrif, waaraan dr. J.D. Schonken van Brandfort reeds besig was, moet ook op groot skaal in die buiteland versprei word.³¹⁸ 'n Ander voorstel was dié van „Afrikaner-Sinn-Fein“ wat wou hê dat die Helpmeekaarvereniging 'n kongres hou om teen die regering se immigrasiepolitiek beswaar te maak en om metodes vir „selfverweer“ te bespreek.³¹⁹ Voorstelle wat hoofsaaklik daarteen gemik was om die groot persentasie Engelssprekende immigrante te neutraliseer en die Hollandse element te versterk, was talryk en het op die bewuste aanmoediging van immigrasie uit

315. Die Burger, 30.8.1921 en 1.9.1921. Hoofartikels.

316. Die Burger, 31.8.1921. Verstrek die mening van De Volkstem.

317. Die Burger, 2.9.1921. Verstrek die mening van die Cape Times.

318. Die Burger, 18.8.1921. Brief van H.C. de Wet; en Ibid., 30.6.1921 en 30.8.1921. Briewe van dr. J.D. Schonken van Brandfort.

319. Die Burger, 9.8.1921. Sien ook Ibid., 9.8.1921. Hoofartikel; en Ibid., 13.8.1921. Brief van A.P.N. du Toit waarin hy verduidelik dat die Helpmeekaar geen politieke organisasie is nie en hom dus nie met 'n politieke twisappel sal bemoei nie.

Holland deur 'n sterk organisasie, neergekom.³²⁰

Nasionaliste het teen die einde van 1921 met hernude ywer hul stemme teen die regering se immigrasiepolitiek laat hoor, veral omdat hulle oortuig was dat die regering na die amalgamasie met die Unioniste laasgenoemde se beleid van staatsondersteunde immigrasie aanvaar het. Benewens die gereelde proteste daarteen op takvergaderings, is die saak op al die provinsiale kongresse bespreek.³²¹ Die omvattende besluit van die Kaaplandse kongres soos vervat in drie voorstelle, was die mees verteenwoordigende: „Die Kongres protesteer ten sterkste teen die invoer van immigrante direk deur die goewerment of deur bemiddeling van andere met goedkeuring van die Goewerment, veral met die oog op die duisende werkloses in ons land,” en „dring aan by die Regering om die wet só te wysig dat immigrante van welke nasionaliteit ook (Britte ingesluit) ten minste drie jaar in Suid-Afrika moet woon voor hulle stemreg kan kry.” Ten slotte protesteer die kongres teen „die aanwerving en invoer van immigrante in Suid-Afrika, veral nou dat die land in so 'n benarde finansiële toestand verkeer, en versoek die Regering dringend om daaraan stop te sit. Ook word die Regering versoek om in vervolg nie meer Afrikaanse amptenare uit die staatsdiens terwille van ingevoerde amptenare te ontslaan nie. Die Kongres verbind hom verder, saam met ander goedgesinde organisasies om die onderduimse en verderflike immigrasiepolitiek van die Regering, wat direk tot ondergang van die werksman en plattelander moet lei, soveel as moontlik teen te werk.”³²²

320. Sien o.m. Die Burger, 9.4.1921. Brief van „Barbarossa” oorgeneem uit Die Volksblad; Ibid., 19.4.1921. Brief van „Afrikaner Vrou”; Ibid., 23.7.1921 en 26.7.1921. Besluit van die Nederlandse Vereniging van Pretoria; en Ibid., 19.9.1921. Brief van „Afrikaner” oorgeneem uit Ons Vaderland. Daar het skynbaar niks uitgekristalliseer nie. In Die Burger van 21.11.1921 verskyn daar 'n brief van J.D. Schoeller waarin verwys word na die bestaan van 'n „Adviserende Kommissie van Nederlandse Immigrante”.
321. Die Burger, 8.3.1921, 27.7.1921, 19.8.1921, 2.9.1921, 17.9.1921 en 24.9.1921. Besluite van die N.P.-takke Wyk 5, Hay, Worcester, Somerset-Strand, Paarl, Aurora, Vrede en Carnarvon.
322. Kongresnotule van die Nasionale Party van Kaapland, 4-6.10.1921, p. 7. Sien ook Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 11-12.10.1921, p. 24 en p. 20. Kongresbesluit en verslag van die Federale Raad; Die Burger, 1.10.1921. Besluit van die Transvaalse N.P.-kongres; en Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal 1918-1922, p. 31.

Die kommentaar van die Sunday Times op hierdie besluit was dat dit duidelik is dat die Nasionale Party aan bewind kom, immigrasie belet en die land geïsoleer en 'n tweede Tibet sal word.³²³

Statistieke toon dat daar in 1921 21,107 blanke immigrante na die land gekom het waaronder 16,782 Brits gebore of genaturaliseerde burgers was. Hierteenoor het 12,041 blankes die land verlaat.³²⁴ Van die 839 nuwe aanstellings wat in die tien maande eindigende 31 Januarie 1922 op die spoorweë gemaak is, was slegs 306 volkome tweetalig, terwyl 508 net Engels en 25 net Afrikaans kon praat. 'n Verdere ontleding toon dat 452 van hierdie mense in Suid-Afrika gebore is, 212 het ná die oorlog en 175 het binne die laaste drie jaar na die land gekom.³²⁵

Die staking van mynwerkers aan die Rand aan die begin van 1922 het die getal werkloses met nog duisende aangevul en die werkloosheidsvraagstuk verskerp.³²⁶ Gevolglik het adv. J.H.H. de Waal op 10 Maart 1922 in die Volksraad gevra dat immigrasie, met die oog op die grootskeepse werkloosheid, heeltemal stopgesit word. Volgens hom was die meeste van die immigrante wat in 1921 na Suid-Afrika gekom het, uit die armste klasse. Die Britse regering stuur net mense uit die land wat nie daar 'n bestaan kan maak nie. Hy meen dat die regering die immigrasiewette baie strenger moet maak om ook die Britse werkloses uit te hou. Hy het ook daarop gewys dat selfs die Arbeidersparty met die Nasionale Party oor die saak saamstem.³²⁷ Een van die regeringsondersteuners en lid vir Woodstock, Isaac Purcell, het ook kommer uitgespreek oor die skeepsvragte vol immigrante wat voortdu-

323. Die Burger, 11.10.1921. Verstrek die mening van die Sunday Times.

324. Official Year Book of the Union of South Africa, no. 5, pp. 168-169. Die 16,782 Brits gebore of genaturaliseerde burgers mag ook Asiate insluit maar die totale aantal gekleurdes en Asiate wat in 1921 na Suid-Afrika geïmmigreer het, was 673. Sien Ibid., p. 168. Dit beteken nog dat minstens 79% van die immigrante Engels was.

325. Die Burger, 1.4.1922. Hoofartikel. Hierdie gegewens is deur minister Jagger verstrek. Die redakteur wys ook daarop dat uit 38,677 permanente amptenare in diens van die Spoorweë, 20,489 nog eentalig is byna 12 jaar na Uniewording toe artikel 137 i.s. tweetaligheid van krag geword het. Dr. D.F. Malan het op 'n vergadering op die Strand verklaar dat 40% d.w.s. 3027 van die nuwe aanstellings op die Spoorweë in 1921, Engelssprekendes was. Sien Ibid., 3.1.1922. Verslag van vergadering. Sien ook Steyn, H.J., Ons nasionale strewe in Suid-Afrika, p. 28.

326. Sien Hoofstuk 2.

327. Die Burger, 11.3.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

rend in Kaapstad land.³²⁸ Hierop het minister F.S. Malan geantwoord dat die regering reeds alle handarbeiders in Europa afgeraai het om na Suid-Afrika te kom, maar dat hulle volgens die immigrasiewette nie belet kan word nie. Hy is ook nie bereid om die immigrasie van alle blankes na dié dunbevolkte land te belet nie.³²⁹ Minister Duncan het ook verklaar dat al die stappe wat onder die teenswoordige wetgewing moontlik is, gedoen is om immigrasie van persone wat net die getalle van die werkloses sal aanvul, te verhoed. Hy wou egter geen beloftes oor strengere wetgewing maak nie.³³⁰

In die Senaat is die regering deur Nasionaliste, asook deur sy eie ondersteuners, skerp gekritiseer omdat die Immigrasiewet nie strenger toegepas of strenger gemaak word soos in Kanada en Australië die geval is nie. Sir Thomas Smartt het aan die senatore verduidelik dat die regering die verskerping van die immigrasiebepalings oorweeg. Hy het daarop gewys dat die keuring van immigrante 'n baie moeilike saak is, aangesien ongeletterdes nie noodwendig slegte immigrante is nie. Die strengere toepassing van die immigrasiewette en deportasie van ongewenstes sou volgens hom voldoende wees.³³¹

'n Paar dae later het die regering vir die tweede keer in drie maande bekend gemaak dat immigrante wat nie aan die wetlike voorgeskrewe opvoedkundige toets voldoen nie, belet sal word om voet aan wal te sit.³³² Ook sou die bepaling van die Wet tot Regeling van Immigrasie (1913) aangaande persone wat om ekonomiese redes of met die oog op hul lewenstandaard of gewoontes wat volgens mening nie aan die eise van die Unie onder die teenswoordige omstandighede voldoen nie, voortaan strenger toegepas word.³³³

Die Burger het daarop gewys dat alle voornemende immigrante van die nuwe besluite in kennis gestel moet word. Die redakteur het aangetoon dat daar in Nederland amptelik

328. Ibid.

329. Die Burger, 11.3.1922 en 9.3.1922. Verslae van Volksraadsdebatte.

330. Debates of the House of Assembly..., vol. 7, p. 63. Sien ook Die Burger, 6.10.1922. Verslag van toespraak van minister Mentz te Middelburg dat dit hoog tyd is dat die immigrasiewette strengere gemaak word.

331. Die Burger, 28.3.1922. Verslag van Senaatsdebat; en Ibid., 29.3.1922. Verstrek die mening van die Cape Times oor die Senaatsdebat.

332. Die Burger, 30.3.1922 en 9.1.1922.

333. Die Burger, 15.4.1922. Antwoord van minister Duncan op 'n vraag in die Volksraad; en Ibid., 24.4.1922. Hoofartikel.

bekend gemaak is dat die Unie-regering met die oog op die slegte ekonomiese toestand en die heersende staking van arbeiders aan die Rand, immigrasie van persone wat nie oor voldoende geldmiddele beskik nie, ten sterkste afraai. Intussen gaan Tatlow nog in Suid-Afrika rond om geld vir sy werk in Engeland in te samel. Die regering het aan Tatlow £50,000 per jaar vir reklame vir Suid-Afrika toegesê as hy daarin kan slaag om £15,000 daarvan by stadsrade in te vorder. Immigrasie uit Engeland word dus nog onder die dekmantel van advertensie aangemoedig.³³⁴

Op 'n vraag van C.W. Malan het minister Jagger verklaar dat daar vanaf 1 April 1919 tot 28 Februarie 1922 reeds £8,536 uit staatsfondse aan die oorsese advertensieskema bestee is. Die doel hiervan is egter nie net om advies aan voornemende immigrante te gee nie. Die hoofdoel van die skema is om betroubare inligting oor Suid-Afrikaanse nywerhede, fabrieke en landbou te versprei, om die vraag na en markte vir Suid-Afrikaanse produkte uit te brei en om beleggingskapitaal en toeriste na Suid-Afrika te lok. Volgens die minister is die werkloosheid in die land reeds genoeg rede om met die skema voort te gaan aangesien kapitaalbeleggings in die nywerhede en landbousektor nuwe werkseleenthede sal skep.³³⁵

Toe die begrotingspos van die Eerste Minister in Junie 1922 in die Volksraad bespreek is, het genl. Hertzog 'n vermindering van £500 voorgestel onder meer omdat genl. Smuts nog vashou aan sy „ellendige rignarool van immigrasie“ en talle persone in staatsdepartemente aangestel word wat nouliks voet aan wal gesit het, terwyl die land met 150,000 armblanke en werkloses sit. Hy het gevra dat die regering se steun aan immigrante stopgesit word. Buitendien beskou hy staatsteun aan immigrante terwyl daar nog 'n enkele armblanke in die land is, as 'n misdad. C.W. Malan het daarop gewys dat Tatlow verklaar het dat daar nog daaglik nuwe setlaars gewerf word wat dan met behulp van die 1820-Setlaarsvereniging na Suid-Afrika gebring word.³³⁶

Hierop het genl. Smuts geantwoord dat hy persoonlik jammer is dat die regering behalwe vir advertensie, niks vir die bevordering van immigrasie kan doen nie aangesien immigrasie vir die vooruitgang van die land onontbeerlik is.

334. Die Burger, 13.4.1922 en 15.4.1922. Hoofartikels.

335. Die Burger, 3.5.1922. Verslag van Volksraadsdebat; en Debates of the House of Assembly..., vol. 7, p. 178.

336. Die Burger, 15-16.6.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

Die geleedere van die blankes moet aangevul word, want die stryd is nie tussen blankes onderling nie, maar tussen die blanke arbeider en nie-blanke arbeider, wat opgelei word om eersgenoemde se plek teen 'n laer loon in te neem. Die blanke word juis teruggehou deurdat daar te min van hulle is, en 'n vergroting van die blanke bevolking sal die werkloosheids- en armblankevraagstuk help oplos. Genl. Smuts het dit betreur dat landsomstandighede die regering genoodsaak het om Boshoff na Londen te stuur om mense wat nie genoeg kapitaal het nie, teen immigrasie na Suid-Afrika te waarsku. Hy is oortuig dat Boshoff en Tatlow goeie werk doen en vermoënde setlaars uit Engeland en Europa na Suid-Afrika lok. Hy meen dat as die regering gekritiseer moet word, dit juis moet wees omdat hy nie genoeg doen om blanke immigrasie te bevorder nie. Om 'n muur rondom die land te bou, sal slegs tot 'n ramp lei. Laat die immigrante kom, en die blankes sal saam die land opbou. Die Eerste Minister betreur dit ook dat Suid-Afrika nie voordeel kan trek uit die Britse skema waardeur miljoene jaarliks bestee word om emigrasie na die dominiums te bevorder nie. Ongelukkig kan Suid-Afrika nie nou die tipe mense wat onder die skema uitgestuur word, absorbeer nie. Hy het erken dat daar vir die behoeftige immigrant in die land teenswoordig geen plek is nie: „But the man who brings technical skill, the man who brings education, the man who brings capital, I think, that everyone of us will stand with open arms to welcome him.“³³⁷

Genl. Hertzog wou weet met watter reg genl. Smuts kan sê dat werkseleenthede vir die werklooses sal vermeerder deur die invoer van meer arbeiders wat die Kleurlinge van hul werk gaan beroof, en hoe gaan die regering die naturel uit sy werk stoot deur immigrasie? Die naturel en die Kleurling is burgers van die land en is hier om te bly. Met watter reg kan die regering dan hul reg op arbeid aan die immigrant oorhandig? Genl. Hertzog noem dit 'n „allersotlikste bewering“ en 'n oneerlike houding teenoor die nie-blankes, wie se werkseleenthede nou deur immigrasie ontnem moet word. Die Nasionale Party teken daarom protes aan teen hierdie politiek van die regering wat geen goed vir blank, swart of gekleurd inhou nie.³³⁸

Uit die daaropvolgende debat was dit duidelik dat lede

337. Debates of the House of Assembly..., vol. 7, p. 282 en p. 289; en Die Burger, 15-16.6.1922. Verslae van Volksraadsdebatte.

338. Die Burger, 16.6.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

aan albei kante van die Raad saamgestem het dat vermoënde immigrante welkom is, maar dat ander lande se werkloos uitgehou moet word. Adv. J.H.H. de Waal het beklemtoon dat die Nasionale Party geen muur rondom Suid-Afrika wil bou soos genl. Smuts beweert het nie, en dat hulle nog nooit beswaar gemaak het teen enige immigrant wat op die koste na die land gekom het en sy lot met die bevolking van die land ingegooi het nie. As die Nasionale Party teen goeie immigrante was, sou hulle mos nie die regering beveg het toe hy 6,000 Duitsers, waaronder predikante en sendelinge, uit Suidwest-Afrika wou repatrieer nie. Waarteen wel geïnteresteer word, is staatsondersteunde en politieke immigrasie waardeur die swakste klasse uit Engeland na Suid-Afrika gebring word om die landsburger uit sy pos te druk. In die spoorwegdiens alleen is daar 32,000 Britse gebore werkers.³³⁹

W.R. Veldsman, 'n Kleurling van Kaapstad, het in 'n brief aan Die Burger sy dank aan genl. Hertzog betuig vir die sterk standpunt wat hy ten opsigte van die Kleurlinge teen genl. Smuts se immigrasiepolitiek ingeneem het. Hy het daarop gewys dat die Kleurlinge nou die wrange vrugte pluk van hul steun aan die Suid-Afrikaanse Party in die vorige verkiesing.³⁴⁰ A.P.J. Fourie, Nasionale Volksraadslid vir Somerset, het op Wellington verklaar: „Ons Party is daarvoor dat die seun van die land die voorkeur moet kry of hy blank of gekleurd is.“³⁴¹

Die emigrasieskema van die Britse regering, waaraan die Unie tot genl. Smuts se spyt nie kon deelneem nie, is in Mei 1922 deur die Britse Parlement aangeneem.³⁴² Dit was hoofsaaklik dieselfde plan wat in 1921 met die Imperiale konferensie aan die dominiums voorgelê is. Die Britse regering was bereid om £3 miljoen jaarliks te bestee aan die bevordering van Britse nedersetting in die dominiums. Die uitlatings van Britse politici in die debat oor die wetsontwerp het nog meer wantroue by Nasionale Party oor die ware doel daarvan gewek en hulle bewerings van imperialistiese

339. Ibid.; en Debates of the House of Assembly..., vol. 7, pp. 286-289. Sien ook Die Burger, 26.6.1922 en 28.6.1922. Verslae van toesprake van genl. Smuts te Montagu en A.P.J. Fourie te Wellington; en Ibid., 25.5.1922 en 25.9.1922. Hoofartikels.

340. Die Burger, 27.6.1922.

341. Die Burger, 28.6.1922. Verslag van toespraak.

342. Sir Edgar Walton, Suid-Afrika se Hoë Kommissaris in Londen, het ook verklaar dat Suid-Afrika 'n geesdriftige ondersteuner van die Britse immigrasieskema is. Sien Die Burger, 9.5.1922. Hoofartikel.

doelstellings gestaaf.³⁴³ Daar is daarop gewys dat dit baie vraagstukke in Engeland en die dominiums sou oplos, bv. werkverskaffing, welvaart, verdediging, veiligheid, imperiale handel en handhawing van Imperiale eenheid. Ormsby-Gore, onder-sekretaris van kolonies, het in die Britse Laerhuis verklaar dat die doel van die wet op Ryksnedersetting meer as 'n opbouende plan om die hulpbronne van die Ryk en die Rykshandel te ontwikkel beskou moet word - dit moet gesien word as 'n oplossing vir die buitengewone werkloosheid in Engeland.³⁴⁴

Die Burger wys daarop dat die Britse immigrant dus nie na Suid-Afrika sal kom ter wille van die welvaart van die land nie maar as Britse handelsreisiger en as verdediger van die Britse bande.³⁴⁵ Hy moet 'n propagandis vir die Britse gees wees, 'n soldaat waarop die Ryk in tye van nood kan reken. Die Britse gees moet stelselmatig aangekweek word en as daar verset teen die sendingwerk kom, moet dit met geweld in die kele van die „volksiel“ afgestamp word. „Dit laat ons dink aan die Duitse rympte wat vertaal lui: „En wil je nie my boetie wees nie, dan slaan ek jou harsings in“. Dit kan 'n mens Turkse bekeringswerk noem.“ Die redakteur verheug hom daarin dat hoewel die regering ten gunste van die Britse immigrasiepolitiek is, hy dit nie openlik durf steun nie, weens die sterk verset in die land teen die invoer van „sendelinge van Britse Imperialisme.“³⁴⁶

Die regering se strenger toepassing van die Immigrasiewet - hoewel dit geen groot getalle immigrante uit die land geweer het nie - is deur adv. M. Alexander, onafhanklike lid vir Kaapstad-Kasteel, in die Volksraadsitting van 1923 skerp gekritiseer.³⁴⁷ Sy beswaar was dat die regering teen die Jode diskrimineer. Minister Duncan het verduidelik dat hoewel die regering ten gunste van immigrasie is ter wille van die ontwikkeling van die land, hy immigrante wat die werkgeleenthede van die Suid-Afrikaner bedreig, uit die land

343. Die Burger, 12.5.1922 en 10.7.1922. Verslae van Volksraadsdebatte.

344. Die Burger, 8.12.1922: Sien ook Ibid., 4.1.1923. Hoofartikel waarin die mening van sir Frederic Lugard gegee word.

345. Die Burger, 9.12.1922. Hoofartikel.

346. Die Burger, 16.11.1922. Hoofartikel.

347. Vanaf 1920 tot Januarie 1923 is 203 immigrante uit Engeland, 149 uit Rusland en 131 uit Sentraal-Europa toegang geweier. Sien Die Burger, 10.2.1923. Vrae in die Volksraad. Volgens die Official Year Book of the Union of South Africa, vol. 7, p. 144 was die totaal vir blanke en nie-blanke immigrante wat toegang geweier is, 848 vir 1920, 993 vir 1921, 1344 vir 1922 en 1,946 vir 1923.

moet weer, ongeag of hulle Jode of Christene is. Hy het daarop gewys dat in Europa tussen 100,000 en 200,000 mense is wat na ander lande wil emigreer en dat dit daarom noodsaaklik is dat die regering die spesiale maatreëls waarvoor die wet voorsiening maak, moet toepas.³⁴⁸

Met die Parlementsitting van 1923 het minister Duncan sy belofte aan dr. D.F. Malan in 1921 nagekom en is die Wet op die Staatsdiens en Pensioene gewysig. Volgens een van die nuwe amendemente sou net persone wat ten minste drie jaar in Suid-Afrika gewoon het, in die staatsdiens aangestel word. Indien geen geskikte persoon in die land gevind word nie, sal 'n uitsondering gemaak word, maar dan moet die betrokke minister dit aan die Volksraad rapporteer. Die ander amendement het bepaal dat nog vyf jaar grasia aan alle amptenare in die staatsdiens gegee sal word om ten volle tweetalig te word. Na die periode sal geen eentalige amptenaar bevorder word of salarisverhogings ontvang nie. Voortaan sou ook alle amptenare wat aangestel word, ten volle tweetalig moet wees.³⁴⁹ Hierdeur is die jarelange proteste van die Nasionale Party teen die diskriminasie teen Afrikaners en voorkeur aan Engelssprekendes en immigrante met sukses bekroon. Die wetgewing is as 'n groot oorwinning vir die Nasionaliste beskou.³⁵⁰

Geleidelik is algemene eenstemmigheid onder die volk bereik oor die beleid van die werf van die „regte soort“ immigrante, en die koms van kapitaalkragtige persone wat hulle veral op boerdery wou toespits. Volgens 'n Reuter-berig in Mei 1923 het die nagenoeg duisend immigrante wat die afgelopen twee jaar met die doel na Suid-Afrika gebring is, £4,130,000 met hulle saangebring.³⁵¹ Hierdie syfer is

348. Die Burger, 1.3.1923, 10.3.1923 en 29.5.1923. Verslae van Volksraadsdebate. Sien ook Ibid., 10.7.1922. Hoofartikel. Vanaf Des. 1921 tot Feb. 1923 is 99 Jode bo 16 jaar as „ekonomies ongewens“ afgewys, 94 van hulle het geappelleer, een se appèl is toegestaan en uiteindelik is net 16 Jode gedeporteer. Sien Ibid., 21.3.1923. Vrae in die Volksraad.

349. Die Burger, 9.6.1923. Verslag van Volksraadsdebat en hoofartikel; en Debates of the House of Assembly ..., vol. 8, p. 382.

350. Die Burger, 9.6.1923. Hoofartikel en rubriek „Volksraad-Indrukke“. Vir proteste gedurende 1922-1923 sien o.m. Die Burger, 12.1.1922, 30.6.1922 en 17.4.1923. Hoofartikels; Ibid., 9.3.1922, 27.1.1923 en 17.2.1923. Verslae van Volksraadsdebate; Ibid., 23.6.1922 en 28.6.1922. Verslae van toesprake van genl. Kemp te Wolseley, A.P.J. Fourie en J.H. Munnik te Wellington; Ibid., 4.12.1922. Verslag van toespraak van genl. Hertzog te Aliwal-Noord; en Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 11-12.10.1922, p. 7.

351. Die Burger, 14.5.1923. Sien ook Ibid., 20.1.1923.

egter deur Die Burger as misleidend en onbetroubaar bestempel. Die redakteur het daarop gewys dat Tatlow verduidelik het dat die syfers bereken word deur slegs aan voornemende immigrante te vra hoeveel kapitaal hulle besit. Daar is geen kontrole of die immigrante wel sy kapitaal met hom na Suid-Afrika saambring nie.³⁵²

Genl. Smuts het hom al sedert 1922 met al minder voorbehoud ten gunste van grootskeepse immigrasie uitgespreek. Op die laaste dag van die Parlementsitting in Junie 1923 het hy die agenda van die Imperiale Ekonomiese Konferensie behandel. Hy het weer eens daarop gewys dat hy vanweë die groot persentasie ongeskoolde swart arbeid in die land, nie die Imperiale immigrasieskema kon steun nie. Suid-Afrika het egter met groot probleme, veral op ekonomiese en sosiale gebied, te kampe, juis as gevolg van sy klein blanke bevolking. Tot dusver het die regering persone wat minder as £1,500 besit, afgeraai om na die land te kom. Vanaf die begin van 1921 het 632 van hierdie persone met 'n kapitaal van £1½ miljoen deur middel van die 1820-Setlaarsvereniging na die land gekom, terwyl 407 met 'n kapitaal van £975,000 deur toedoen van die Kantoor van die Hoë Kommissaris in Londen na Suid-Afrika gestuur is. Binne twee jaar het 1039 setlaars met £2½ miljoen hulle dus in die land gevestig.³⁵³ Genl. Smuts was van mening dat meer in die verband gedoen moes word. Hy het verduidelik dat hierdie setlaars die £300 wat die Britse regering bereid is om volgens die Ryksnedersettingskema aan elke emigrant vir 30 jaar te leen, verbeur het omdat Suid-Afrika nie aan die skema meewerk nie. Hy wil die saak graag regstel en wil verseker dat dié immigrante ook voortaan die voordele van die Rykskema kan geniet. Die Eerste Minister het verder aangetoon dat dié setlaars eers by private boere opgelei word en dan by die regering aansoek doen om grond onder die Nedersettingswet waarvolgens die regering vier-vyftes van die koopsom van die grond voorskiet, terwyl die nedersetter die orige vyfde kontant moet betaal. Hy verklaar dat die regering geen onderskeid tussen immigrante en Suid-Afrikaners maak nie, aangesien die regering almal wil aanmoedig om te boer, ongeag of hulle een of dertig jaar

352. Die Burger, 23.1.1923 en 15.5.1923. Hoofartikels.

353. Volgens Die Burger van 25.6.1923 se verslag is die aantal wat deur die 1820-Setlaarsvereniging gebring is, 652 en volgens die Cape Times se verslag in Debates of the House of Assembly..., vol. 8, p. 426, is dit 622. Die Cape Times se egter dat genl. Smuts die totaal as 1039 aangegee het, en aangesien albei verslae oor die 407 eners berig, moet die syfer 632 wees.

in die land is. Hy het egter bygevoeg dat die neiging wel is om aan Suid-Afrikaners voorkeur te verleen. Van die £1 miljoen wat die regering al op die manier voorgeskiet het, was die verlies slegs £10,000 en dit blyk dus dat dit die mees bevredigende stelsel vir staatsnedersetting is. Ten slotte verklaar genl. Smuts dat hy met sy komende besoek aan Engeland die saak met die Britse regering sal bespreek sodat Suid-Afrika ook die voordele van die Rykskema kan geniet.³⁵⁴

Dr. D.F. Malan het aangetoon dat genl. Smuts met die lening van £300 deur die Britse regering aan elke immigrant genoem het, maar verswyg het dat volgens die Britse nedersettingskema die dominium ook verplig is om grond of geld ter waarde van £300 aan elkeen voor te skiet. Die posisie is dus sodanig dat as 'n setlaar £300 van die Britse regering ontvang, die Unie-regering verplig is om die persoon aan grond te help ten koste van die ongelukkige boer in die land wat uit sy grond geraak het. Hy wys daarop dat genl. Smuts reeds verklaar het dat geen onderskeid tussen die immigrant en die landsburger by die aansoek om grond en ander voorregte gemaak word nie. Dr. Malan toon verder aan dat die Departement van Landbou immigrante help en spesiale opleidingsfasiliteite aan hulle gee, terwyl die verarmde Suid-Afrikaner

Ook adv. J.H.H. de Waal was van mening dat nedersettingsplase slegs vir die Afrikaner gegee moet word aangesien daar duisende van hulle is wat 'n heencome soek. Hy vra of dit billik is dat die regering met staatsgeld vir Engeland help om van sy werkloses ontslae te raak, terwyl die armblankes in Suid-Afrika vermeerder.³⁵⁶

In antwoord op die debat het die Eerste Minister verklaar dat die hulp wat die regering reeds aan setlaars verleen, voldoende is om die Britse regering tevrede te stel en dat die regering nie ook nog £300 sal moet voorskiet nie. Hy wys ook daarop dat die Landbank genoeg geld het vir die land se eie verdienstelike gevalle en vir die setlaars „I want more white population in this country, but I recognise the first prior claim of our own people, and every Government in our position would have to do the same. But consistent with our claims to South Africans, I think we should

354. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, pp. 426-428; en Die Burger, 25.6.1923. Verslag van Volksraadsdebat. Sien ook Ibid., 22.8.1923. Verslag van toespraak van genl. Smuts.

355. Die Burger, 25.6.1923. Verslag van Volksraadsdebat. Vir spesiale regeringshulp aan immigrante sien Ibid., 15.5.1922 en 5.9.1922. Hoofartikels.

356. Die Burger, 25.6.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

encourage other good people to this country."³⁵⁷

Uit die kommentaar van Nasionaliste hierna was dit duidelik dat hulle die deelname aan die Britse immigrasieskema waaronder die regering verplig sou wees om opleiding, voorskotte en grondtoekenning ter waarde van £300 te voorsien, as staatsondersteunde immigrasie beskou het.³⁵⁸ Die onderskeie provinsiale kongresse van die Nasionale Party het dan weer in 1923 hul jaarlikse besluit teen staatsondersteunde immigrasie aangeneem.³⁵⁹

Die Nasionale Party het hoegenaamd niks gedoen om immigrasie, nie eers van Hollanders, te bevorder nie. Tielman Roos, leier van die Nasionale Party van Transvaal, het hom wel ten gunste van 'n immigrasieplan verklaar sodra die landsake in orde is.³⁶⁰ Aan die begin van 1924 het die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Party van Transvaal egter goedkeuring verleen aan 'n immigrasieplan van dr. T.C. Visser, Nasionale Volksraadslid vir Vrededorp, en 'n aantal „invloedryke Nasionaliste“. Die beoogde vereniging, sou as die „Van Riebeeck-gedenk-setlaars“ bekend staan. Dit sou aan geen politieke party verbonde wees nie en het beoog om die blanke bevolking van Suid-Afrika te versterk deur die immigrasie van vermoënde mense van die „peil van ons geëerde voorvaders“. Die immigrante sal gehelp en van advies voorsien word oor hoe en waar hulle grond in die land kan kry. Die vereniging sou egter nie deel aan die koop of verkoop van grond hê nie sodat hulle geen belange, vanuit spekulatiewe oogpunt gesien, by die plan sou hê nie. Verder is beoog om 'n klas van kleinhoewe-eienaars te skeep. Komitees sou in al die provinsies gestig word en vier sekretariate sou dadelik opgerig word, waarvan een in Londen en een in Holland sou wees.³⁶¹

* * *

357. Ibid.

358. Die Burger, 27.6.1923 en 22.8.1923. Hoofartikels; Ibid., 9.7.1923 en 13.7.1923: Verslae van toesprake van J.H.H. de Waal te Leipoldville, genl. Hertzog te Kimberley en E.G. Jansen te Pietermaritzburg.

359. Die Burger, 29.9.1923. Besluit van die Kaaplandse N.P.-kongres; Kongresnotule van die Nasionale Party van Transvaal, 12-14.9.1923, p. 64; Die Burger, 12.1.1923. Ekonomiese program van die Nasionale Party van Transvaal; en Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 11-12.10.1922, p. 30.

360. Die Burger, 31.7.1923. Verslag van toespraak te Baberton.

361. Die Burger, 10.1.1924 en 17.1.1924.

Die Nasionaliste se beleid oor immigrasie was dus duidelik. Hulle verset teen die regering se beleid was in die eerste plek daarop gerig omdat hulle hul hoegenaamd nie met enige staatsteun kon versoen om immigrante na die Unie te lok, terwyl die land nog met nagenoeg 150,000 werkloos en armlankes te kampe gehad het nie. Alle kragte en fondse moes aangewend word om die landsburger te versorg voordat hulp aan enige immigrant verleen kon word. Tweedens is besef dat weens die regering se voorkeur aan Engelssprekendes, die Afrikaner nooit enige kans op 'n pos in die staatsdiens sou hê as die regering toelaat dat duisende Engelse immigrante jaarliks die land binnestroom nie.

'n Ander vrees wat voortdurend deur Nasionaliste geopper is, was dat die regering deur sy voorkeur aan Engelse immigrante, die Engelse element in die land sou versterk as teenvoeter vir die nasionale gedagte wat hom vir 'n onafhanklike Suid-Afrika beywer het en wat vry van Britse bande oor sy eie lot sou kon beslis. Genl. Smuts is dan ook voortdurend verwyt dat hy „stemvee" uit Engeland invoer om sy eie posisie te versterk en Suid-Afrika vir die Britse Ryk te bewaar. Die Burger het verduidelik dat as daar 'n bepaalde gevoel teen die Engelse immigrant bestaan, dit nie teen hom as persoon gerig is nie, maar teen die doel wat die regering met hom gehad het.³⁶²

Die immigrasiesyfers het ook bewys gelewer dat die Nasionale Party se vrees vir oorheersing nie uit die lug gegryp is nie.

	1921	1922	1923
Totale blanke immigrante	21,107	13,411	12,027
Britte	16,782	10,968	9,712
Ander	4,325	2,443	2,315

Van die totale aantal blanke immigrante wat in 1921 die land binnegekom het, was 79% Engelse, in 1922, 81% en in 1923, 72%.³⁶³

Die Nasionale opposisie het met sy proteste teen die regering se immigrasiepolitiek daarin geslaag om die gevaar van onbeheerde immigrasie te midde van grootskeepse werkloosheid in die land te beklemtoon. Gevolglik het die regering sy maatreëls teen ongewenste immigrante strenger toegepas.

362. Die Burger, 10.9.1923. Hoofartikel.

363. Official Year Book of the Union of South Africa, no. 7, p. 139. Hierdie getalle mag Asiëte insluit wat in 1921 609, in 1922 523 en in 1923 509 was.

Die Nasionale Party was ook nie bereid om aan die Britse werklooses en soldate 'n heenkome te bied, terwyl Suid-Afrika self met 'n werkloosheidsvraagstuk te kampe gehad het nie. Die openbare mening is ten gunste van die Nasionale standpunt beïnvloed en die regering kon gevolglik nie openlik so 'n immigrasieskema steun nie. Verder was die Nasionale Party se propaganda ongetwyfeld 'n demper op genl. Smuts se aanmoediging van immigrasie uit Brittanje sodat hy later net op die welgestelde klasse moes konsentreer en selfs pogings moes aanwend om Nederlandse immigrante na Suid-Afrika te lok.

'n Nuwe-produk maar tog 'n belangrike bydrae, van die Nasionale Party in hierdie tyd was ongetwyfeld die feit dat die party daarin geslaag het om die Staatsdienswet só gewysig te kry dat die Afrikaner voortaan 'n beter kans as die immigrant gebied is om in die staatsdiens opgeneem te word.

H O O F S T U K VI

TOENADERING EN SAMEWERKING TUSSEN DIE NASIONALE PARTY EN DIE ARBEIDERSPARTY.

Dit is opvallend dat die Arbeidersparty in Suid-Afrika hom gewoonlik in verkiesings geskaar het by dié politieke party wat hom op daardie tydstep vir die belange van veral die Afrikaanssprekendes beywer het. Dit was geensins omdat die Arbeidersparty die posisie, ideale of probleme van die Afrikaner verstaan of gedeel het nie. Intendeel, dit het vóór 1924 geen belang daarby en grootliks geen kennis daarvan gehad nie en het in baie gevalle selfs vyandig daarteenoor gestaan. Die Arbeidersparty het hoofsaaklik bestaan uit arbeiders uit Brittanje wat in die stede gewerk het.¹

Die rede vir die samewerking met Het Volk, die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party moet gesoek word in die Arbeidersparty se verset teen die mag van die kapitalis en mynmagnaat in Suid-Afrika. Vir die arbeider en die sosialis is die kapitalis 'n natuurlike vyand. Vir die Afrikaner se ideaal van onafhanklikheid en selfstandigheid was die kapitalisme 'n ewe groot struikelblok, want die kapitalis het konsekwent daardie politieke party gesteun wat hom vir nouer bande met die Britse Ryk beywer het.

In 'n verslag wat in Januarie 1930 aan die Nasionale Raad van die Arbeidersparty voorgelê is, word daarop gewys dat die Arbeidersparty nooit daarin kon slaag om meer as een setel in Transvaal sonder die hulp van één of ander politieke party te verower nie. Met die verkiesing van die Wetgewende Vergadering van Transvaal in 1907 was daar nie-amptelike samewerking tussen die Arbeiders en die Het Volk-party van genl. Louis Botha en die National Political Association van sir Richard Solomon en E.P. Solomon teen die Progressiewe Party van sir George Farrar. Daar het wel 'n verkiesingsooreenkoms tussen Het Volk en die Nationals bestaan maar die Arbeiders, soos verteenwoordig in die Labour Representative Committee, wou nie by die koalisie aansluit nie omdat die Nationals kapitaliste in hul geledere gehad het. Deur nie-amptelike samewerking met die koalisie het die Arbeiders eg-

1. A.H. Jonker-versameling, lêer 143. A report to the National Council of the South African Labour Party by the National Organising Committee, 1.1.1930, pp. 1-4. Die verslag is onderteken deur Jack Allen, L. Karovsky en Sidney J. Smith.

2. Ibid., p. 4.

ter twee van hul drie setels verower. Die derde setel is weer met behulp van die Progressiewe verower.³

Aan die begin van 1910 is die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty gestig met die doel: "The socialisation of the means of production, distribution and exchange, to be controlled by a Democratic State in the interests of the whole community, by means of a continued agitation for the demands from time to time contained in the Platform of the Party. The extension of the field of employment for white persons in South Africa."⁴

Die drie partye wat aan die eerste verkiesing van die Unie-Volksraad op 15 September 1910 deelgeneem het, was die Arbeidersparty, later onder leierskap van kol. F.H.P. Creswell, die koalisie van die te stigte Suid-Afrikaanse Party onder leiding van genl. Louis Botha en die Unioniste-party onder leiding van dr. L.S. Jameson. Hoewel daar geen amptelike verkiesingsooreenkoms tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Arbeidersparty bestaan het nie, was daar tog wedersydse hulpverlening in Transvaal, en laasgenoemde het drie setels verower. Die Suid-Afrikaanse Party het 67 setels verower en genl. Louis Botha het die Unie se Eerste Minister geword.⁵

Die Arbeiders wat sedert 1910 na die kant van Botha geneig het, is hierna geleidelik vervreem veral ná die regering se optrede in die stakings van die mynwerkers in 1913 en die spoorwegwerkers in 1914. Nege van die stakersleiers is sonder verhoor na Engeland gedeporteer en kol. F.H.P. Creswell, parlementêre leier van die Arbeidersparty en lid vir Jeppe, T.E. Boydell, Arbeiderlid vir Durban-Greyville,

3. Ibid.; Grobler, F.J., Die invloed van geskoolde blanke arbeid op die Suid-Afrikaanse politiek van 1886-1924, D.Litt.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1968, p. 66; Spoelstra, B., "Die bewindsaanvaarding van die Botha-regering oor Transvaal as selfregerende Britse Kolonie in 1907" in Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1953, deel II, pp. 345-346; Die ooreenkoms tussen Nasionaliste en Arbeiders. Verlede en hede 1907-1924. Uitgegee deur die Nasionale Party van Kaapland, pp. 1-16; en Die Burger, 10.11.1922. Verslag van onderhoud met adv. F.W. Beyers, lid van die Transvaalse Wetgewende Vergadering van 1907-1910.
4. Grobler, op. cit., p. 143 en p. 498.
5. Dr. C.H. Haggart is as onafhanklike Arbeider verkies en gevolglik kan sy setel nie as 'n Arbeiderssetel gereken word nie. Thompson, L.M., Unification of South Africa 1902-1910, p. 474; Grobler, op. cit., p. 142, pp. 153-154 en pp. 157-158; Jonker-versameling, A report to the National Council of the South African Labour Party..., p. 4; en Karovsky, L., "Experiments in National Partnerships" in Reitz, H. en Coet, H. (reds.), Die Nasionale Boek, p. 105; en Die Burger, 10.11.1922. Verslag van onderhoud met adv. F.W. Beyers.

tesame met ander arbeiderleiers is tronk toe gestuur.⁶

Intussen het genl. J.B.M. Hertzog van die Suid-Afrikaanse Party weggebreek, 'n aansienlike deel van Botha se volgelinge met hom saamgeneem en die Nasionale Party in 1914 gestig. Met die verkiesing wat op 20 Oktober 1915 plaasgevind het, was daar dus vier politieke partye in die stryd. Hoewel daar sprake was van samewerking tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty, is die bewering heftig deur genl. Hertzog ontken. Die uitslag het vier setels aan die Arbeiders en 27 vir die Nasionale Party besorg.⁷

Toenadering tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste-party was geruime tyd reeds waarneembaar. Na die dood van genl. Botha in 1919 het die twee partye onder leiding van genl. J.C. Smuts en sir Thomas Smartt nader na mekaar beweeg. Met die volgende algemene verkiesing in Maart 1920 was die Nasionale Party en die Arbeiders aan die Rand vas beslote om hulle gemeenskaplike vyande te verslaan. Vir die Arbeidersparty was die S.A. Party en Unioniste 'n simbool van kapitalisme, en vir die Nasionale Party was hulle 'n simbool van imperialisme.

Hoewel daar beslis samewerking tussen die twee partye was, het dit op 'n nie-amptelike vlak geskied. Louis Karovsky, 'n organiseerder van die Arbeidersparty in Johannesburg, is deur sen. P. Whiteside wat aan die hoof van die Arbeidersveldtog gestaan het, versoek om met Pretoria se Nasionale in verbinding te tree sodat hulle driehoekige gevegte kon uitskakel. Hy het dr. Hjalmar Reitz en Ben Pienaar, Nasionale kandidate vir Pretoria-Noord en Wonderboom, genader met die doel om die saak aan adv. Tielman Roos, leier van die Nasionale Party van Transvaal, voor te lê. Karovsky verklaar dat hy in kennis gestel is dat Roos nie bereid was om die saak met hom te bespreek nie, aangesien daar gevrees is dat die Nasionale Party stemme in die platteland sou verloor indien die onderhandelings rugbaar word.⁸

Gevolgtlik is privaat onderhandel, aanvanklik sonder Creswell, die leier van die Arbeidersparty, se medewete. Verskeie samesprekinge sou later tussen Creswell, H.H. Moll, sekretaris van die Nasionale Party van Transvaal, genl. J.J.

6. Grobler, op. cit., pp. 291-300; en Coetzee, D.J.J., Die geskiedenis van die Nasionale Party 1914-1921, M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1967, pp. 178-183.

7. Ibid., p. 182; Die Burger, 7.1.1924. Brief van kol. Creswell aan genl. Hertzog, gedateer 4.4.1914 i.s. samewerking tussen die twee partye, oorgeneem uit die Rand Daily Mail; en Malan, M.P.A. en Van Rensburg, M.C., Verkiesingsuitslae 1910-1943, p. 1.

8. Karovsky, op. cit., pp. 106-107.

Pienaar, adv. A.S. van Hees, Nasionale kandidaat in Christiana, dr. T.C. Visser, Nasionale kandidaat in Vrededorp en dr. A.M. Moll volg en daartoe lei dat die Nasionale kandida- te in Bezuidenhoutsvallei, Boksburg, Turffontein, Denver en Roodepoort beweeg is om ten gunste van Arbeiders terug te staan. Gevolglik is al vyf hierdie setels deur die Arbei- dersparty verower. In Langlaagte en Brakpan wou die Nasio- naliste nie terugstaan nie. Die gevolg was dat die Suid- Afrikaanse Party Langlaagte verower het, terwyl die Nasiona- lis, J.H. Munnik, Brakpan in 'n driehoekige geveg gewen het.⁹ Die finale stand van partye ná die eleksie was: Suid- Afrikaanse Party 41, Nasionale Party 44, Unioniste 25, Ar- beiders 21 en Onafhanklikes drie.¹⁰

Genl. Smuts het sy haglike posisie besef en die ander drie partye genader met die oog op 'n koalisie-regering, maar die Nasionale Party en die Arbeidersparty was nie daar- voor te vinde nie. Ná 'n uiters moeilike parlamentsitting waarin die Arbeiders en die Nasionaliste volgens genl. Smuts telkens probeer het om sy regering omver te werp, het die Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste saangesmelt en 'n nuwe verkiesing uitgeskryf.¹¹

Gedurende die verkiesingsveldtog is daar telkens be- skuldigings uit Suid-Afrikaanse Party-geledere gemaak dat die Nasionale Party en die Arbeiders saamwerk, maar beskul- digings van samewerking tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Arbeidersparty is net so dikwels geopper. Tjaart Fourie het in 'n brief aan De Afrikaansche Wachter daarop gewys dat dit beter is om soos die Suid-Afrikaanse Party en die Unio- niste openlik 'n politieke huwelik aan te gaan as om soos die Nasionaliste en Arbeiders ongetroud saam te leef: „Hy (de Nationale Party namelijk) nam een vrouw, de Arbeiders Par- ty, in het geheim. Hy trouwde niet met haar, hy en zy leef- den slechts by elkaar en hielpen de een de ander, waar no- dig.“¹²

Hoewel daar geen verkiesingsooreenkoms tussen die twee partye aangegaan is nie, het Die Burger die dag voor die ver- kiesing 'n beroep op sy lesers gedoen om in die kiesafde- lings waar daar geen Nasionale kandidaat staan nie, vir die

9. Ibid.

10. Malan en Van Rensburg, op. cit., p. 1.

11. Supra, p. 14 en p. 17; en Generaal Smuts opent de strijd. Grote vergadering in Pretoria. Uitgegee deur die S.A. Party, p. 14. Sien ook The Round Table, vol. 42, pp. 439-440.

12. De Afrikaansche Wachter, 18.1.1921. Brief gedateer 23.12.1920.

Arbeider te stem. Die redakteur het gewys op die noodsaaklikheid van 'n sterk Arbeidersparty in die Parlement om te verseker dat die geskille tussen kapitaal en arbeid langs 'n konstitusionele weg beslis kan word. Volgens hom was 'n regering wat so afhanklik van die steun van die kapitaliste soos die Smuts-regering is, nie in staat om die geskille behoorlik op te los nie: „En zeker is daartoe in het minst niet geschikt de man, die in 1913 heeft getoond, hoe weinig eerbied hij voor het wet en het recht heeft, waar het geldt een konflikt tussen Arbeiders en Kapitalisten.“ Die Burger het bygevoeg: „Tegenover de behoorlike voorziening in de rechtvaardige eisen van de Arbeiders staan wij alleszins sympatiek; al spreekt het vanzelf; dat wij voornog geen heil zien in de praktische toepassing van hun sosialistiese dogmas.“¹³

Volgens Karovsky het die Arbeiders Jeppe en Langlaagte met die hulp van Nasionaliste verower, terwyl hulle weer Brakpan en Bloemfontein-Noord met die steun van die Suid-Afrikaanse Party van die Nasionaliste afgeneem het. Die Nasionale Party het kandidate in al die setels gestel waar hy die vorige jaar ten gunste van Arbeiders teruggestaan het en gevolglik het die Suid-Afrikaanse Party al hierdie setels verower, behalwe Roodepoort wat deur die Arbeiders behou is. Die uitslag van die driehoekige gevegte het duidelik die noodsaaklikheid van nouer samewerking tussen die Nasionaliste en die Arbeiders tydens 'n algemene verkiesing getoon indien hulle die Suid-Afrikaanse Party effektief wou beveg.¹⁴ Baie kiesers wat die vorige jaar vir die Arbeiders gestem het, het om verskeie redes hulle by genl. Smuts geskaar en die Arbeidersparty is 'n gevoelige slag toegedien. Die Arbeiders het slegs nege setels met die verkiesing verower, terwyl die Nasionale Party se totaal op 44 bly staan het. Nadat die verkiesingsuitslae in die hof betwis is, is die getalle onderskeidelik na tien en 46 opgestoot.¹⁵

Toe die Nasionale Party ná die verkiesing oor sy hulp aan die Arbeidersparty aangeval is, was Die Burger se kommentaar: „Ons sien in die teenwoordige omstandighede in die S.A.P. 'n groter gevaar vir ons volkslewe dan in die Arbeiders. Daarom het ons hier en daar vir hulle gesteun teen

13. Die Burger, 7.2.1921. Hoofartikels.

14. Karovsky, op. cit., p. 107; Jonker-versameling. A report to the National Council of the South African Labour Party..., p. 5; en Die Burger, 1.5.1922. Hoofartikel.

15. Supra, p. 31 en p.33.

die S.A.P. "16

Na die Arbeidersparty se neerlaag het genl. Hertzog hom sterk teen die party uitgelaat, waarskynlik omdat die steun van soveel Arbeiders Smuts in 'n baie gunstige posisie geplaas het. "Die Arbeiders Party is op die Nasionale rots van die Afrikanerdom te pletter geloop. Tereg en tot groot wins van die Afrikanerdom, want die Arbeiders Party is sulks alleen in naam. In werklikheid is dit in hoofsaak slegs 'n Unionisties-imperiale party, wat dus tot sover 'n valse vlag seil en geen rede van bestaan het nie. Die Afrikaner wat daar lid van is, word alleen gebruik tot onderdrukking van alles en almal wat hom anders as Afrikaner dierbaar is. Deur die neerlaag aan die Jingo Arbeidersparty toegebring staan daardie party so in diskrediet by die Afrikaner-arbeider dat solang dit besiel bly met sy jingoistiese imperialisme, dit van hem weinig verdere ondersteuning sal geniet. Daardeur is die Nasionale Party versekerd van die Afrikaner-arbeider en is die oorwinning oor die Arbeidersparty vir ons 'n blywende baat."17

Dit is te verstaan dat Tielman Roos as Nasionale leier in Transvaal, waar daar in die afgelope jare samewerking met die Arbeiders ook in die Provinsiale Raad teen die Suid-Afrikaanse Party was, die swak posisie van die Arbeidersparty sou betreur het. Hy het daarop gewys dat die arbeiders hulle belange verraaï het toe so baie van hulle vir hul natuurlike politieke vyande, die kapitaliste, gestem het. Hy het ook gewaarsku dat die kapitaliste nou met alle mag teen die arbeiderklas sal optree en dat die Nasionale Party in geen posisie is om hulle te beskerm nie.¹⁸ Ons Vaderland was egter van mening dat die Arbeidersparty "nog enige imperiale koeëls nodig sal hê of 'n bietjie deportasie" om hulle te laat besef waar hul heil lê.¹⁹

Na aanleiding van genl. Hertzog se uitlatings oor die Arbeidersparty, het Die Burger verklaar dat die Generaal se verwyt dat die Arbeidersparty 'n Imperialistiese Jingoparty was, ietwat onregverdig is. Hy moes liever gesê het dat die

16. Die Burger, 7.3.1921. Brief van J.P. van Heerden, 'n ondersteuner van die S.A. Party, en kommentaar van die redakteur van Die Burger daarop.

17. Die Burger, 22.2.1921. Persverklaring. Sien ook Ibid., 28.2.1921. Berig uit Transvaal waarin o.m. gesê word dat die Afrikaner-arbeider die afgelope tyd geleer het dat die verwagting wat hy van die Arbeidersparty gekoester het, op onbetroubare imperiale sand gebou was.

18. Die Burger, 16.2.1921. Brief van Roos.

19. Die Burger, 12.2.1921. Verstrek die mening van Ons Vaderland.

jingoïstiese element in die party die botoon voer. Die redakteur was van mening dat daar wel plek vir 'n behoorlike Arbeidersparty in die samelewing is. Hy verduidelik egter dat hy hom saam met genl. Hertzog daarvoor verheug dat die houding van die Engelssprekende arbeider in die verkiesing baie Afrikaners van die Arbeidersparty vervreem het.²⁰ Kol. Creswell en Walter Madeley het op hulle beurt die Nasionale Party as 'n rasseparty en die tweetaligheidsvereiste waarop die Nasionale Party soveel klem gelê het as 'n onding bestempel.²¹

Ten spyte van hierdie wedersydse veroordeling was daar reeds in 1921 tekens van toenadering oftewel samewerking tussen die twee partye. In die Transvaalse Provinsiale Raad het die Nasionalistiese 'n Arbeider, S.A. van Lingen, as ondervoorsitter teen 'n Suid-Afrikaanse Party-kandidaat gesteun. De Volkstem het hierna die Nasionale Party daarvan beskuldig dat hy 'n „onheilige verbond“ met die Arbeidersparty aangegaan het en daarop gewys dat die Nasionalistiese geen geleentheid laat verbygaan om die Arbeiders teen die Suid-Afrikaanse Party te steun nie.²²

In die Volksraad het die Arbeidersparty al hoe meer met die Nasionalistiese teen die regering saangespan. Die Suid-Afrikaanse Party het waarskynlik na sy same-smelting met die Unionistiese-party alle simpatie van die Arbeidersparty verloor, want vir die Arbeider was die nuwe regering nou uit en uit 'n kapitalistiese-regering. Vir die Nasionalistiese was die nuwe geamalgameerde party meer imperialisties as ooit tevore. Om hierdie uiteenlopende redes en as gevolg van die toenemende ekonomiese druk en die regering se onvermoë om verligting te bring, is die twee opposisiepartye nader aan mekaar gebring en in die Engelse koerante is oor die moontlikheid van 'n geheime verdrag tussen die twee partye gespekuleer.²³

Die Burger se standpunt was: „Wij kunnen ons zeker niet met alle leerstellingen van de Arbeiderspartij verenigen; wij zijn evenmin voorstanders van het imperialisme in het Arbeiderspartij als aanhangers van de leer, zo vaak in die partij verkondigd, van gemeenschappelijk bezit. Maar waar de Arbeiderspartij streeft naar verbetering van onze Afrikaanse arbeiderstoestanden, naar verzet tegen de uitbuiting

20. Die Burger, 3.3.1921. Hoofartikel.

21. Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog, pp. 86-87.

22. Die Burger, 23.3.1921. Verstrek die mening van De Volkstem.

23. Die Burger, 24.6.1921. Hoofartikel.

van het kapitaal, daar zal de Arbeiderspartij in ons steeds medestanders vinden."²⁴

Die regering se optrede, hoewel dikwels geregverdig, het baie arbeiders veral op die Spoorweë van die regering vervreem. Die Minister van Spoorweë, J.W. Jagger, het in 'n poging om produktiwiteit te verhoog en om die groot tekorte die hoof te bied, besluit om die lewensduurtetoelae van die werkers weg te neem en die werkdag van agt uur te verleng.²⁵ Teen die verlenging van die werkdag het die spoorwegwerkers heftig geprotesteer en op 11 September 1921 is 'n groot monstervergadering in Bloemfontein gehou. By die geleentheid het twee Volksraadslede, 'n Arbeider en 'n Nasionalis, as sprekers opgetree. Arthur E. Barlow, lid vir Bloemfontein-Noord, het die werkers verwyt dat hulle ten spyte van waarskuwings, nog vir die Suid-Afrikaanse Party gestem het. Nou pluk hulle die vrugte van hul optrede. Hy meen dat die tyd aangebreek het om die regering uit te skop "en dit kan die Arbeiders alleen doen deur die Nasionaliste die hand te reik en met hulle saam te werk." Dr. Colin F. Steyn, Nasionale lid vir Bloemfontein-Suid, was verheug dat Barlow so "vooruitgegaan" het dat hy insien dat die Arbeiders die Nasionale Party moet steun.²⁶

Hierdie en ander uitlatings van Arbeiders in dié trant was waarskynlik die rede waarom adv. Tielman Roos kort hierna met vertroue kon verklaar dat die Nasionale Party se oorwinning in sig is. " 'n Groot gedeelte van die Arbeidersparty staan naby ons in ekonomiese politiek en ons begeer hulle hulp; en daar is geen twyfel nie: hulle sal ons volg, en hulle sal die Nasionale beginsels leer verstaan en met ons saamwerk."²⁷

In November 1921 het genl. Hertzog en adv. O.G. Fichardt, Nasionale lid vir Ladybrand, die kongres van die Nasionale Unie van Spoorweg en Hawedienste (N.U.R.A.H.S.) - hoofsaaklik Arbeiders - in Bloemfontein toegesprek. Genl. Hertzog is onder luide toejuiging skouerhoog na die verhoog gedra en het sy toespraak in Engels gelewer. Hy het daarop gewys dat daar 'n vervreëding tussen hom en die Engelssprekende deel van die volk gekom het. Dit was egter nie sy skuld nie

24. Die Burger, 25.8.1921. Hoofartikel.

25. Supra, p. 211.

26. Die Burger, 13.9.1921. Verslag van vergadering. Dr. C.F. Steyn het ook in die verkiesingsveldtog van 1920 daarop gewys dat die arbeider die natuurlike bondgenoot van die Nasionale Party is. Sien Coetzee, op cit., pp. 185-186.

27. Die Burger, 13.10.1921. Verslag van toespraak te Vrededorp.

maar dié van die politiek wat so sterk deur die Engelse pers gesteun word. Hy was egter oortuig daarvan dat die tyd van misleiding van die volk nou verby is. Genl. Hertzog het verduidelik dat die party waarvan hy die leier is, ook uit werkers bestaan en dat hy nog altyd van mening was dat daar spesiaal omgesien moet word na dié deel van die volk wat in die sweet van hul aanskyn hul brood eet. Die man wat met sy hande werk en wat met arbeid die wêreld oorwin, is 'n groot faktor in die samelewing. Verder het hy die spoorwegwerkers se griewe bespreek maar beklemtoon dat hy nie politieke voordeel uit die bestaande ontevredenheid wil skep nie. Nogtans het hy tot die gevolgtrekking gekom dat die oorsaak van die ontevredenheid, wantroue en vervreemding tussen die regering en die vakbonde toegeskryf moet word aan die outokratiese optrede van die regering en die verbreking van sy beloftes aan die werkers; Genl. Hertzog het aangetoon dat die boer die arbeider nog altyd baie goedgesind was omdat hulle belange in baie opsigte dieselfde is. Sy slotwoord was: „Vertrou op die gewete en gevoel van die volk van die Unie en maak gebruik van die mag wat die grondwet aan julle verleen; julle het vandag die simpatie van die volk.”²⁸

Adv. Fichardt se toespraak was 'n skerp aanval op die regeringsbeleid op die terrein van die ekonomie, arbeid, immigrasie en nywerheid en sy buitelandse politiek. Sy oproep aan die werkers was om reg te stem en mense na die Parlement te stuur wat hulle belange behartig: „Dit kom nie daarop aan nie of die nuwe Regering 'n Nasionalistiese Regering 'n Arbeidersregering of selfs 'n 'Nurahs'-regering is nie, solank dit maar nie 'n S.A.P.-Regering is, wat in die verlede duidelik bewys gelewer het dat hulle alleen en altyd in die belange werk van die vreemde uitheemse kapitalis.”²⁹

Die gemeenskaplike verset van Arbeider en Nasionalis teen die regering van genl. Smuts was reeds genoeg grond vir beperkte samewerking tussen die twee opposisiepartye. Wedersydse wantroue was egter die oorsaak dat hierdie samewerking op 'n baie losse voet geskied het en dit sou waarskynlik so aangehou het as dit nie was vir die staking van mynwerkers in 1922 aan die Rand nie. Met hierdie gebeurtenis het genl. Smuts beide nasionalisme en arbeid vervreem deur sy weiering om blanke arbeid teen die aanvalle van die mynkapitaliste te beskerm, wat blankes deur goedkoop nie-blanke arbeid wou vervang. Dit het die stimulus verskaf wat nodig

28. Die Burger, 26.11.1921. Verslag van toespraak.

29. Ibid.

was om die twee partye na mekaar toe te laat beweeg en hulle op besliste samewerking in verkiesings te laat besluit ten einde die Smuts-regering tot 'n val te bring.³⁰

Genl. Smuts se partydigheid vir die mynkapitaliste ten koste van die blanke arbeider soos met die staking al te duidelik geblyk het, het die Nasionale Party ook die eerste geleentheid gegee om sy belangstelling in die welvaart van die arbeider te toon. Die Nasionale Party het die geleentheid ten volle benut en daarin geslaag om die vertroue van die Afrikaner-arbeid - ten minste 75% van die werkers aan die Rand - in die Nasionale Party te herstel, asook die wantroue van die Engelse arbeider teen die party uit die weg te ruim.³¹

Veral Tielman Roos se optrede tydens die staking dui op 'n doelbewuste poging om die Nasionale Party as kampvegter vir die belange van die arbeider aan te dui. Hy het hom onmiddellik by die stakers geskaar en hulle verseker dat hulle die volle steun van die Nasionale Party in hul optrede teen die mynmagnate en die regering het. Hy het selfs die nasionalisering van myne bepleit en daardeur die guns van die sosialistiesgesinde Arbeiders verkry.³² Sy onmiddellike verwerping van die versoek van die stakers dat 'n republiek uitgeroep moet word en dat 'n tydelike regering saamgestel word om die Smuts-regering te vervang, het ook die wantroue van die Arbeiders teen die republikeinse Nasionale Party in 'n groot mate uit die weg geruim. Roos het dit duidelik gemaak dat hoewel die Nasionale Party 'n republiek wil hê, dit slegs op 'n konstitusionele manier verkry sou word.³³

Verder het die kragdadige optrede van die Nasionale Party in die Parlement ten gunste van die stakers, die spontane reaksie van die boere op die oproep om kos aan die stakers te stuur en die feit dat Roos en adv. Oswald Pirow die stakers in die houe sonder vergoeding verdedig het, ongetwyfeld 'n groot indruk op die arbeiders gemaak.³⁴

Die samewerking in hierdie tyd tussen die Transvaalse Nasionale Party onder Roos se leiding en Arbeidersleiers in 'n poging om 'n oplossing vir die geskil te soek, het dan ook die grondslag vir latere samewerking tussen die twee partye gelê.³⁵ By verskeie geleenthede het Roos 'n beroep op die

30. Supra, p. 43 et seq.

31. Supra, pp. 100-102.

32. Supra, pp. 56-57, p. 71, pp. 85-86 en p. 90.

33. Supra, p. 68.

34. Supra, pp. 62-91.

35. Supra, pp. 67-68; en Karovsky, op. cit., p. 109.

stakers en die magte teen die regering gedoen om te konsolideer en Smuts met die volgende verkiesing te verslaan. Hy het ook telkens beklemtoon dat die taalverskille tussen Afrikaner en Engelsman verdwyn het en dat hy Suid-Afrika sien as 'n land wat in die toekoms deur die boere en die werkers regeer sal word.³⁶

Die toenadering tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty was nie net van Nasionale kant afkomstig nie. Reeds in Januarie 1922 het die Arbeider-volksraadslede opdrag van die Nasionale Raad van die Arbeidersparty gekry om in die Parlement met die Nasionalistes teen die regering saam te werk in 'n poging om die regering tot 'n val te bring. Thomas Boydell het op 'n vergadering in Johannesburg op 12 Februarie 1922 verklaar dat die Arbeidersparty met enige ander party sou saamwerk om Smuts uit die kussings te lig.³⁷ Die posisie is deur Arthur Barlow in sy rubriek „Pictures in Parliament” wat in The Peoples' Weekly, 'n plaaslike Bloemfonteinse koerantjie, verskyn het, goed opgesom. Hy het die staking bespreek en op die landwye simpatie met die stakers en die gevoel teen die Smuts-regering gewys. Volgens hom was die Nasionalistes en Arbeiders nou oortuig dat die tyd aangebreek het dat die twee partye nie uit hul pad moet gaan om mekaar te opponeer nie, aangesien daar 'n gemeenskaplike vyand is waarvan ontslae geraak moet word. Verder het die Nasionale Party - al was hy 'n republikeinse party - se optrede in die staking getoon dat hy 'n ware vriend van die werker is en dit kan lei tot 'n nouer vriendskap tussen die konserwatiewe boer en die sosialistiese arbeider in die stad. Barlow het opgemerk dat die politiek eienaardige kamermaats oplewer. Vir hom was dit 'n uitgemaakte saak dat Smuts sal regeer solank die Nasionale Party en die Arbeidersparty mekaar bestry. Hy het ten slotte beklemtoon dat daar nog geen amptelike onderhandelings vir samewerking tussen die twee partye is nie, maar dat daar 'n gees van vriendskap heers.³⁸

Dit is te verstane dat sulke uitlatings en Nasionalistes en Arbeiders se optrede in die Parlement aanleiding gee het tot gerugte veral in die Engelse pers van 'n „onheilspellende en onnatuurlike” bondgenootskap tussen die

36. Supra, p. 57 en p. 68.

37. Supra, p. 101.

38. Die Burger, 13.3.1922. Verstrek die mening van Barlow in The Peoples' Weekly.

twee opposisiepartye.³⁹ Ook in die Volksraad het die Suid-Afrikaanse Party die Nasionaliste beskuldig van 'n „huwelik" met die Arbeiders.⁴⁰

Die Burger het sodanige „huwelik" ten sterkste ontken en verduidelik dat die Nasionale Party slegs die belange van die werker verdedig. Die feit dat die Nasionale Party en die Arbeidersparty soms aan dieselfde kant stem, is omdat altwee partye teen die regering se optrede gekant is: „Daarvoor bestaan hoegenaamd geen ander rede nie."⁴¹

Om sake op te klaar en aan spekulاسie 'n einde te maak, het adv. Roos op 13 April 1922 in die Volksraad verklaar dat die veelbesproke bondgenootskap tussen sy party en die Arbeidersparty nie bestaan nie en as daar eendag so 'n bondgenootskap gesluit word, sal die Nasionale Party openlik daarvoor wees en dit in die pers aankondig. Wat hom persoonlik betref, sal hy alles in sy vermoë doen om te verseker dat in die volgende verkiesing geen Nasionalis en Arbeiderkandidaat aan die Rand mekaar sal opponeer nie. Daardeur sal die twee partye 'n verenigde front teen die Suid-Afrikaanse Party vorm.⁴²

Dit is opmerklik dat Tielman Roos met hierdie eerste tree na samewerking tussen die twee partye die leiding op hom geneem het. Sy optrede is te verstaan as in ag geneem word dat hy nie namens die Nasionale Party gepraat het nie, maar slegs namens die Nasionaliste aan die Rand waar daar in die jongste twee verkiesings reeds gedeeltelik samewerking tussen die twee partye was, en waar die grootste krag van die Arbeidersparty gesentreer was. Roos se optrede in die staking en sy oproep dat boer en werker verenigd teen Smuts en die geldmag moet optree, het hom die ongekroonde leier van die Nasionaliste en Arbeiders in Transvaal gemaak, na wie om leiding teen Smuts opgesien is.⁴³ Hy het ook die vertroue van die Afrikaner sowel as die Engelssprekende geniet en baie Arbeiderleiers het onder sy vriende getel.⁴⁴

39. Die Burger, 4.3.1922, 9.3.1922 en 10.3.1922. Verstrekk die menings van die Daily Representative and Free Press van Queenstown, die Cape Argus en die London Times; en Ibid., 5.4.1922. Hoofartikel.

40. Die Burger, 14.3.1922, 28.3.1922 en 11.4.1922. Verslae van Volksraadsdebatte.

41. Die Burger, 5.4.1922. Hoofartikel.

42. Supra, p. 86. Roos het so 'n ooreenkoms reeds in Maart 1922 in 'n onderhoud met Ons Vaderland in die vooruitsig gestel. Sien Grobler, op. cit., p. 464.

43. Supra, p. 101.

44. McQuade, J.G., „Tielman Roos : Leader, legislator and judge", in Reitz en Oost, op. cit., p. 18; Oost, H., „Tielman Roos" in I remember him. Uitgegee deur die S.A.U.K.; en Van Rensburg, H., Their paths crossed mine, p. 40.

Adv. Roos se verklaring in die Parlement het genl. Smuts gebruik om te bewys dat die Nasionale Party hand om die nek sit met internasionale sindikaliste en Bolsjewiste wat vir die staking en geweld aan die Rand verantwoordelik was. Volgens hom het Roos die Nasionale Party 'n republikeinse party gemaak en nou maak hy dit weer 'n werkersparty: „Nationalists were to vote for Labour candidates and Labourites for the Nationalists; and, in the end, Mr. Roos would realise his Russian motto of a workers' and peasants' government!" Genl. Smuts het nogtans respek vir Roos as 'n man van moed en deursettingsvermoë en beskou hom as die leier van die Nasionale Party.⁴⁵

Genl. Hertzog het hierop die Nasionale Party se standpunt uiteengesit. Hy het die bewerings van 'n koalisie tussen die twee partye ontken en verklaar dat same-smelting met die Arbeidersparty nooit kan geskied nie. Die Nasionale Party tree ten gunste van die werkers op omdat hy van die begin af 'n volksparty was wat na die belange van alle seksies omsien en die harmonisering van die belange van almal beoog. Sy party het nog altyd die Arbeidersparty gesteun wanneer hulle in belang van die volk optree en dit sal sy beleid in die toekoms ook wees. Die Nasionale Party het ook nog altyd die Arbeidersparty op sekere punte, veral sy sosialistiese beginsels, beveg. Die Arbeidersparty is 'n klasseparty wat net na die belange van een groep omsien, soos die Suid-Afrikaanse Party ook is, want hy behartig uitsluitlik die belange van kapitaliste. Genl. Hertzog hoop dat die Nasionale Party geen plig getrouer sal vervul as om na die belange van die werker en die arm man om te sien nie. Hy meen dat die arbeiders reeds hul les geleer het en by die volgende verkiesing hul stem aan die Nasionale Party sal gee om Smuts uit die saal te lig. Op 'n direkte vraag van genl. Smuts of dit die politiek van die Nasionale Party is om met die Arbeiders saam te werk, soos Roos aangedui het, was genl. Hertzog se antwoord: „Dit is die onmiddellike doel van die Nasionale Party.“⁴⁶

Die Burger het hierby aangesluit en daarop gewys dat hoewel die beginsels van die twee partye te uiteenlopend is om ooit 'n koalisie te vorm, niks hulle verhoed om op bepaalde gebiede waar hulle wel saamstem, in belang van die land

45. Die Burger, 24.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat; en Debates of the House of Assembly as reported in The Cape Times, vol. 7, p. 156.

46. Die Burger, 29.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat; en Debates of the House of Assembly..., vol. 7, p. 171.

saam te werk nie. Só is albei partye bv. gekant teen kapitalistiese oorheersing, teen die dominasie van die geldmag en teen die feit dat genl. Smuts 'n gewillige werktuig in die hande van die geldmag is. Gevolglik is 'n onderlinge reëling in verkiesings tussen die twee partye om te verseker dat die regering geen setels present kry nie, nie net doodnatuurlik nie, maar ook noodsaaklik en in belang van die volk. "Sake is ongelukkig nou eenmaal sover in ons land gekom dat dit verkiesliker is om 'n arbeider 'n setel te sien wen dan 'n S.A.P.-man." Die redakteur verseker egter sy lesers dat die Nasionale Party nog vierkantig by al sy beginsels staan, dat hy die belange van die boerebevolking op die hart dra, volkome simpatiek teenoor die arbeider staan en dat hy met die Arbeidersparty 'n verkiesingsooreenkoms kan aangaan sonder om sy beginsels in die minste vir dié van die Arbeiders prys te gee.⁴⁷

Hierdie standpunt is hiërna dikwels deur Nasionalistes nie net van Transvaal nie maar ook van die Vrystaat en die Kaapprovinsie beklemtoon en openlik gepropageer.⁴⁸ Gevolglik het die Nasionale Party en die Arbeidersparty al sommer by die eerste tussenverkiesing wat ná die Randse staking gehou is, die provinsiale tussenverkiesing in Bloemfontein-Noord, kragte saamgesnoer toe 'n Nasionalis ten gunste van die Arbeider-kandidaat onttrek het. Arthur Barlow het verduidelik dat hoewel daar geen bondgenootskap tussen die twee partye gesluit is nie, daar 'n „nie-aanvallende verbond“ bestaan.⁴⁹

Ons Vaderland het hom oor die samewerking verheug en aangetoon dat adv. Roos die Nasionale Party se gedragslyn

47. Die Burger, 1.5.1922. Hoofartikel.

48. Die Burger, 8.5.1922, 15.5.1922 en 17.5.1922. Verslae van toesprake van sen. C.J. Langenhoven in die Senaatsdebat, J.F.T. Naude, Nasionale L.V. vir Pietersburg, te Swellendam en J.H. Conradie te Barkly-Oos; Ibid., 23-24.5.1922. Verslae van toesprake van genl. E.A. Conroy, Nasionale L.V. vir Hoopstad, te Hutchinson en Carnarvon; Ibid., 26.5.1922. Verslag van onderhoud van A.P.J. Fourie met Die Voorligter; Ibid., 14.6.1922. Verslag van toespraak van A.J. Werth te Worcester; Ibid., 20.6.1922. Brief van „Jong Vrystaater“; Ibid., 28.6.1922, 12.7.1922 en 18.7.1922. Verslae van toesprake van J.H. Munnik, Nasionale L.V. vir Vredefort, te Wellington, A.P.J. Fourie te Soutrivier en J.H. Conradie te Aliwal-Noord; Ibid., 17.7.1922. Verstrek die mening van Het Westen; en Ibid., 1.9.1922. Verslag van toespraak van J.H.B. Wessels te Port Elizabeth.

49. Die Burger, 24.5.1922; en The Friend, 23-24.5.1922. Verslag van vergadering te Bloemfontein. Sien ook Barlow, A.G., Almost in confidence, p. 177.

vir die toekoms duidelik neergelê het, nl. dat daar gepoog sal word om aan die Rand 'n verstandhouding tussen Arbeidersparty en die Nasionale Party te bewerkstellig „met die eerlike bedoeling om sonder prysgewing van beginsels mekaar te help“ om die Suid-Afrikaanse Party-kandidaat in die verkiesing te verslaan. Nou het die Vrystaat hierdie taktiek wat Roos aan die Rand voorgestaan het, reeds toegepas en die redakteur meen dat die Transvaalse Nasionale leier byna geen groter kompliment vir sy beleid sou kon kry nie.⁵⁰

Intussen het daar aan die Rand 'n Verenigde Front-beweging ontstaan waarvan die doel uitsluitlik was om alle magte teen die regering te konsolideer en die regering so gou as moontlik tot 'n val te bring. In 'n onderhoud het W.H. Andrews, verbonde aan die hoofkantoor van die Kommunisteparty, verduidelik dat dit slegs 'n frontbeweging is en geen party nie en dat daar van die regering ontslae geraak moet word, omdat dit slegs die Kamer van Mynwese Verteenwoordig en nie die volk nie. Hy het daarop aanspraak gemaak dat hy die steun van verskeie Arbeiders, o.a. kol. Creswell, het.⁵¹

Op 'n monstervergadering wat op 29 Junie 1922 in Johannesburg gehou is en bygewoon is deur Arbeiders, Nasionalistes en Kommuniste, is die doel van die beweging geformuleer. 'n Arbeider, George Hay, het verduidelik dat daar by verkiesings net aan 'n kandidaat gevra sal word of hy vir of teen die regering is. Vir hom is alle wapens in die hande van elke party wat die regering beveg, goed genoeg. Die vergadering het besluit om oral aan die Rand takke te stig, om die werker en middelstand te oortuig dat enige ander party beter as die Suid-Afrikaanse Party is en om alle partye en arbeidersorganisasies te verenig om die regering tot 'n val te bring.⁵²

Die Burger het hom met die doelstellings van die Verenigde Front vereenselwig maar was oortuig dat nog 'n frontbeweging nie nodig was nie en dat dieselfde doel baie beter deur die Nasionale Party bereik kon word. Volgens die redakteur is dit 'n „beweging van vernederde, uitgeskopte“ arbeiders wat herstel van hulle regte en gemeenskaplike optrede vir hulle belange seek. Arbeiders van enige party kan aan die organisasie behoort, soos die samestelling van die komitee wat die beweging geloods het, getuig. Daar is

50. Die Burger, 31.5.1922. Verstrek die mening van Ons Vaderland.

51. Die Burger, 24.6.1922. Verslag van onderhoud van Andrews met The Star; en Ibid., 26.6.1922. Hoofartikel.

52. Die Burger, 1.7.1922.

Andrews; 'n internasionale kommunis wat omtrent aan 'n Bolsjewis gelyk staan, J. Thompson en J. George; Arbeiders wat ten gunste van staatsosialisme is en E. S. Hendrikz, 'n Nasionalis. Hierdie mense is bereid om hulle politieke beginsels in 'n groot mate prys te gee en saam te werk om die regering omver te gooi. Hulle is deur 'n negatiewe beginsel; die omverwerping van 'n regering; in een kraal gejaag en hulle het geen opbouende program nie. Hulle sal niks konstruktiefs kan doen nie, want as die regering tot 'n val gebring is, sal die moeilikhede begin aangesien hulle verskillende politieke oortuigings hul uitmekaar sal laat spat. Die Burger wys daarop dat die Nasionale Party hierteenoor net soos die ander politieke partye 'n vaste program en gedragslyn het wat sy lede verenig en waarvolgens hy sal optree sodra hy aan bewind kom. Die wat ontevrede is met die kapitalistiese Smuts-regering sal hulle ook in die Nasionale Party, die volksparty, kan verenig en verseker daarvan wees dat hulle belange saam met al die ander klasse s'n behartig sal word.⁵³

Die Verenigde Front het slegs 'n heel beperkte plaaslike invloed, o.m. in Benoni, gehad. Die rede hiervoor was dat die kommunistiese medereisigers die Nasionaliste en die Arbeiders in die verleentheid gestel het, want na die staking aan die Rand het kommunisme byna 'n vloekwoord geword.⁵⁴

Hoe sterk die arbeiders aan die Rand teen die regering gekant was en hoe verenigd hulle na die staking gevoel het, of hoe verkeerd sommige van hulle die toenadering tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty vertolk het, blyk uit 'n voorstel van twee „bekende Nasionaliste“ die aand met die vergadering van die Verenigde Front op 29 Junie in Johannesburg. Venter en Butner het nl. voorgestel dat nege leiers van die Arbeiders en nege van die Nasionaliste samesprekings moes hou ten einde tot samesmelting van die twee partye oor te gaan.⁵⁵ Kort hierna het Roos in Johannesburg verklaar dat hy persoonlik reken dat samesmelting tussen die twee partye nie alleen onprakties nie, maar ook onverstandig sou wees.⁵⁶

Adv. Roos was intussen vasberade om toe te sien dat sy

53. Die Burger, 26.6.1922 en 3.7.1922. Hoofartikels.

54. Humphriss, D. en Thomas, D.G., Benoni, seun van my smart, (Vertaal deur Bartho Smit), p. 185. Sien ook Supra, pp. 75-76 en p. 92.

55. Die Burger, 7.7.1922.

56. Die Burger, 18.7.1922. Verslag van vergadering in Johannesburg op 14 Julie.

verklarings oor samewerking tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty nie net by voornemens bly nie en hy het hom vir 'n amptelike ooreenkoms begin beywer. Hy het samesprekings met Arbeidervolksraadslede soos Arthur Barlow, H.W. Sampson; lid vir Jeppe; en W.B. Madeley, lid vir Benoni, gevoer en ook hul leier kol. Creswell in die verband genader.⁵⁷

Dit het daartoe gelei dat Creswell en genl. Hertzog op 15 Julie 1922 die eerste samesprekings oor moontlike samewerking tussen die twee partye gevoer het. Creswell was van mening dat die samesprekings en moontlike ooreenkomste tussen Roos en die Arbeidersparty onwenslik was, maar dat die bestaande toestand in die land vir hom en Hertzog as leiers van die opposisiepartyte verplig om openlik die politieke situasie en die moontlikheid van toekomstige samewerking te bespreek. Hiermee het genl. Hertzog saamgestem en Roos se onverantwoordelike optrede, wat volgens hom die samewerking skade kon aandoen, afgekeur. Hulle het besluit om die samesprekings later in Bloemfontein voort te sit en die saak daar sonder vooroordeel deeglik te bespreek. Indien die toekoms dan leer dat die twee partye weens hul beginsels nie kon saamwerk nie, sou hulle dit aanvaar en die samesprekings sou in elk geval geen kwaad doen nie.⁵⁸

Dit was dus die eerste stap tot formele samesprekings tussen die twee leiers. Hoewel Roos se inisiatief, ywer en optrede in die verband afgekeur is, is dit tog duidelik dat hy direk daarvoor verantwoordelik was dat Creswell en Hertzog bymekaar uitgekome het.⁵⁹ Daar was egter 'n ander faktor wat die samesprekings ongetwyfeld vergemaklik het en dit was die vriendskap en wedersydse agting wat daar tussen kol. Creswell en genl. Hertzog bestaan het. Hulle het tydens die Parlementsitting lang gesprekke, hoofsaaklik glo filosofies van aard, met mekaar gevoer en tussen sittings en vanaf Februarie 1921, nadat Creswell sy setel verloor het, tot Julie 1922, toe hy weer in Stamford Hill verkies is, met

57. Barlow, op. cit., p. 174; en Creswell, M., An epoch of the political history of South Africa in the life of Frederic Hugh Page Creswell, p. 93.

58. Ibid., p. 93.

59. Sien ook McQuade, op. cit., p. 20; Karovsky, op. cit., pp. 109-111; Hancock, W.K., Smuts: The fields of force 1919-1950, p. 155; Crafford, F.S., Jan Smuts, p. 208; Pirow, op. cit., pp. 87-88; Neame, L.E., General Hertzog, p. 233; Kruger, D.W., The making of a nation, p. 133; Malan, D.F., Afrikaner-volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen, p. 75; en Boydell, T., "F.H.P. Creswell" in I remember him. Uitgegee deur die S.A.U.K.

mekaar gekorrespondeer.⁶⁰ C.M. van der Heever, genl. Hertzog se biograaf; se kommentaar oor die bewerings dat Roos eintlik vir die ooreenkoms tussen die twee partye verantwoordelik was, lui: „Terwyl niks afgedoen moet word aan hierdie aanvallige politikus se bydrae tot 'n verstandhouding nie; is dié ooreenkoms 'n regstreekse uitvloeisel van die goeie gesindheid wat daar toe al vir jare tussen genl. Hertzog en kol. Creswell bestaan het.“⁶¹

Die twee leiers het hul samesprekings op die plaas van Arthur Barlow, Tempe, naby Bloemfontein, voortgesit. Volgens Margaret Creswell het haar man en genl. Hertzog oor die volgende sake ooreengekom: elke party behou sy identiteit en afsonderlike koukus in die parlement; geen poging sal aangewend word om die konstitusionele posisie van Suid-Afrika as dominium te verander nie; aanstoot aan enige deel van die volk wat taal en ras betref, moet vermy word; hulle sal hul saam beywer vir ekonomiese en maatskaplike verbetering deur verligting van werkloosheid, 'n mynteringwet volgens die De Villiers-Kommissie, ouderdoms- en soldatepensioene, erkenning van die beginsel van 'n werksdag van agt uur op die spoorweë, steun en aanmoediging vir vakbonde en ander arbeidersorganisasies en die daarstelling van 'n departement van arbeid om die belange van die werkers te behartig. Ook sou hulle albei 'n naturellepolitiek van segregasie steun.⁶² Die amptelike ooreenkoms wat in April 1923 gepubliseer is, het egter net die eerste twee punte hiervan ingesluit.

Die samesprekings is verswyg en eers toe The Friend van 30 Augustus 1922 sekere bewerings oor die byeenkoms gemaak het, het genl. Hertzog in 'n onderhoud met Die Volksblad daarmee vorendag gekom. Hy het eerstens daarop gewys dat die gesprek tussen hom en Creswell slegs vriendskaplik en nie-amptelik van aard was. Dit was bedoel as 'n openhartige bespreking tussen die leiers van twee onafhanklike partye met 'n gemeenskaplike doel in die sin dat albei beoog om die regering tot 'n val te bring. Die doel was dus nie om tot 'n ooreenkoms te kom nie, hoewel die gesprek beslis bevorderlik was vir die sluiting van 'n moontlike verkie-

60. Grobler, op. cit., p. 453 en p. 464; Van den Heever, C.M., Generaal J.B.M. Hertzog, p. 435; Creswell, op. cit., p. 9 en pp. 78-82; en korrespondensie in die F.H.P. Creswell-versameling.

61. Van den Heever, op. cit., pp. 451-452. Sien ook Ibid., p. 453. Verklaring van Creswell.

62. Creswell, op. cit., pp. 93-94.

singsoorcenkoms, waarvan hy persoonlik ten gunste is.⁶³

In antwoord op 'n bewering van The Friend dat genl. Hertzog bereid is om ter wille van so 'n ooreenkoms van die „onafhanklikheidsbeweging, ten minste vir 'n bepaalde tydperk van jare" afstand te doen, het die Generaal eers die Nasionale Party se standpunt oor onafhanklikheid in die sin van afskeiding van die Britse Kroon, waarop die bewering gesinspeel het, duidelik gemaak. Hy het verklaar dat die Nasionale Party in sy program van beginsels nêrens bepaal dat afskeiding van die Britse Kroon een van sy beginsels is nie. Al waarop hy wel klem lê, is dat Suid-Afrika volle onafhanklikheid sal geniet. „Dit word in ons beginsels nie vereis dat die onafhanklikheid sal wees 'n republikeinse onafhanklikheid nie. Waarop die Nasionale Party in sy konstitusie aandring is onafhanklikheid, nie op die één of ander regeringsvorm nie. Die party het dus ook nog nooit beslis tot afskeiding en hoef dus as party ook geen afstand te doen van 'n afskeidingspolitiek nie.“⁶⁴

Oor The Friend se bewering dat die Nasionale Party by die afgelope verkiesing van sy republikeinse slagspreuk afstand gedoen het, wys genl. Hertzog daarop dat die Nasionale Party dit nog nooit as 'n slagspreuk gebruik het nie. Die party het by die laaste verkiesing dus nie daarvan afstand gedoen nie, maar wel duidelik deur middel van sy kongresse en toesprake deur hom, verklaar dat hy sesessie geen eleksiekreet sal maak nie. Die party het selfs verder gegaan en deur sy kongresse besluit dat geen Nasionale regering afskeiding as 'n politieke maatreël sal aanvaar nie, tensy die regering eers by wyse van 'n referendum of 'n algemene verkiesing 'n spesifieke beroep op die volk gedoen het en die volk gevra het om te beslis of die regering tot afskeiding mag oorgaan. „Hierdie besluit van die Nasionale Party is in elke opsig getrou aan die konsekwente politiek van die party, dat waar dit geld vraagstukke van buitengewone volksbelang, daar 'n buitengewone beroep op die volk behoort gedoen te word om die wil van die volk daaromtrent te verkry.“ Engels- sowel as Afrikaanssprekendes sal dus eers daarvoor moet beslis voordat die land 'n republiek word. Genl. Hertzog het verder daarop gewys dat hy in 1920, toe genl. Smuts met die Nasionale Party 'n koalisie-regering wou saamstel, onderneem het om gedurende die tydperk van

63. Die Burger, 2.9.1922. Verslag van onderhoud met Die Volksblad.

64. Ibid.

samewerking geen poging aan te wend om die konstitusionele posisie van die land te verander nie. „As u my dus vra of die Nasionale Party die afskeidingsbeweging kan staak, dan is my antwoord sekerlik ja; want dan sou die party niks meer doen as wat hy by vorige verkiesings reeds gedoen het en ook in 1920 bereid was om te doen nie. Dit is my duidelik dat so 'n onthouding in alle opsigte in ooreenstemming is met die kongresbesluite waarnaar ek verwys het en uitdrukking sal gee aan die algemene wens van die partylede.“⁶⁵

Die Burger het genl. Hertzog se standpunt ten volle onderskryf en die wenslikheid van 'n verkiesingsooreenkoms tussen die twee opposisiepartye beklemtoon. Die redakteur het wel die gevaar ingesien dat die Nasionale Party na die verkiesing nie sterk genoeg sal wees om sonder steun van 'n ander party te regeer nie en dat dit dan moeilik sal wees om met die Arbeiders tot 'n vergelyk te kom ten einde die bewind te kan aanvaar. Hy het dit egter nie as 'n onoor-komelike probleem beskou nie.⁶⁶

Hoewel genl. Hertzog duidelik verklaar het dat daar nog geen ooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty was nie en indien dit tot stand kom, dit slegs 'n verkiesingsooreenkoms sou wees, het die leiers van die Suid-Afrikaanse Party en die Afrikaanse regeringspers met 'n veldtog van verdagmakery oor die sogenaamde koalisie of „huwelik“ tussen die twee partye begin. Aan die boere is voorgehou dat hulle grond en eiendom onder so 'n koalisie-regering, waar die Arbeiders natuurlik in die kabinet opgeneem sou word, genasionaliseer en verbeurd verklaar sou word.⁶⁷ Daar is beweer dat die Nasionale Party twee jaar gelede weens sy republikeinse ideaal nie kans gesien het om met die Suid-Afrikaanse Party te herenig nie, maar nou word hierdie ideaal ten gunste van die Arbeiders se kommunisme en gevreesde Bolsjewisme oorboord gegooi. Albei partye ver-

65. Ibid., Sien ook Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat, Beginsels, konstitusie, statute, (1926) pp. 5-6. Artikel 4; en Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 19-20.10.1920, pp. 26-31. Verklarings oor die onafhanklikheidstrew.

66. Die Burger, 6.9.1922 en 9.9.1922. Hoofartikel.

67. Die Burger, 26.6.1922 en 29.8.1922. Verslac van toesprake van genl. Smuts te Montagu en sir Thomas Smartt te Richmond; en Ibid., 17.10.1922. Verslag van toespraak van F.S. Malan te Darling.

kwansel politieke ideale vir stemme.⁶⁸ De Volkstem het aangevoer dat die Nasionale Party nou die Vierkleur ver-ruil het vir die Rooi vlag wat triomfantelik oor die ver-bond wapper.⁶⁹ Volgens kol. H. Mentz en genl. Smuts het die eerste samewerking van die twee partye tot die rewolusie op die Rand gelei.⁷⁰ Op Potchefstroom het genl. Smuts weer al die gevare van so 'n koalisie geskets en uitgeroep: „God alleen weet wat van die land sal word.“⁷¹ By dit alles was genl. Smuts en minister Burton oortuig dat so 'n bondgenoot-skap voordelig vir die Suid-Afrikaanse Party kan wees aange-sien dit duisende Nasionaliste van die Nasionale Party sal vervreem.⁷²

Desnieteenstaande het Nasionaliste en Arbeiders die be-oogde verkiesingsooreenkoms gepropageer en verdedig.⁷³ Die Federale Raad van die Nasionale Party het in sy jaarverslag aan die provinsiale partykongresse die posisie weer eens op-gesom en verduidelik dat hoewel daar geen verbintenis met die Arbeidersparty bestaan nie, die party bereid is om by tussenverkiesings of 'n algemene verkiesing sy steun teen die Suid-Afrikaanse Party-kandidaat vir 'n Arbeider uit te bring „teneinde die euwel van die oorheersing van die Myn-magnate en hul geldmag uit te wortel of te verminder.“⁷⁴

68. Die Burger, 17-18.10.1922. Verslae van toesprake van minister Malan te Darling en Vredenburg; Ibid., 1.11.1922. Verslag van toespraak van genl. Smuts te Bloemfontein; Ibid., 6.11.1922. Verstrek die mening van De Volkstem en verslag van toespraak van W.S. Web-ber, L.V., te Troyeville; Ibid., 16.11.1922. Berig uit Transvaal; Ibid., 30.11.1922. Verslag van toe-spraak van minister Reitz te Uitenhage; Ibid., 1.12.1922. Boodskap van adv. F.J. van der Riet aan die Vroue S.A. Party; en Grobler, op. cit., p. 465.

69. Die Burger, 9.1.1923. Verstrek die mening van De Volkstem.

70. Die Burger, 3.10.1922. Verslag van toespraak te Somerset-Cos.

71. Die Burger, 6.11.1922. Verslag van toespraak.

72. Die Burger, 26.6.1922 en 22.9.1922. Verslae van toe-sprake van genl. Smuts te Montagu en minister Burton te Ladysmith.

73. Die Burger, 29.9.1922, 4.10.1922 en 19.10.1922. Ver-slae van toesprake van dr. Malan te Brandvlei, Cres-well te Durban en dr. R. Forsyth te Kaapstad; Ibid., 21.10.1922 en 6.11.1922. Verslae van toesprake van Creswell te Kimberley en C.F. Steyn te Bloemfontein; Ibid., 9.11.1922. Verstrek die mening van Het Westen; Ibid., 10.11.1922. Verslag van onderhoud met adv. F.W. Beyers; Ibid., 14.11.1922, 17.11.1922 en 27.11.1922. Verslae van toesprake van genl. Hertzog te Senekal, C.W. Malan te Lindley, Roos te Middel-burg, Tvl. en C.G. Fichardt te Ladybrand; en Ibid., 1.12.1922, 4-5.12.1922. Verslae van toesprake van W. Snow te De Aar, genl. Hertzog te Aliwal-Noord en Smithfield.

74. Kongresnotule van die Nasionale Party, O.V.S., 11-12.10.1922, p. 23.

Al die partykongresse het hulle hiermee vereenselwig.⁷⁵

Dr. D.F. Malan het op die Kaaplandse kongres die toekomstige samewerking tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty en sy mening oor koalisie baie duidelik en on-dubbelsinnig uiteengesit. Hy het dit verwelkom dat die Arbeidersparty begin besef dat hy as 'n anti-kapitalistiese party in werklikheid nader staan aan die Nasionale Party as aan die Suid-Afrikaanse Party, aan wie se kant hy hom nog in die laaste eleksie geskaar het. „Die Arbeiders het hul ewewig teruggekry sedert die ‚bloed-en-trane windstorm‘ van die laaste eleksie.“ Dr. Malan verklaar ook dat hy nie skaam is om te erken dat hy baie nader aan die Arbeidersparty staan as aan „die welbekende firma van Smuts-Smartt-Hoggenheimer en Ko“. Hy beklemtoon dit dat daar geen verbond tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty bestaan soos die leiers van die twee partye die volk ook versker het nie, maar wys daarop dat die leiers en pers van die Suid-Afrikaanse Party met die storie sal aanhou aangesien hulle vir hulle bestaan moet veg. Hulle vertel vir die boere dat die Nasionale Party die sosialistiese beginsels van die Arbeiders gaan aanvaar en vir die Arbeiders dat hulle niks by die verbond te wen het nie, aangesien die Nasionale Party by sy beginsels gaan staan. „Die waarheid is natuurlik dat die Nasionale en Arbeidersparty nie verder met mekaar sal saamwerk nie as hul wedersydse beginsels dit sal toelaat nie, en dat hul ook nie verder van mekaar af behoort te staan nie as hulle gemeenskaplike belange en beginsels, en as die lewe-en-dood-stryd van die volk teen kapitalisties-monopolistiese oorheersing dit vereis nie. Teen so 'n samewerking kan selfs genl. Smuts in beginsel geen beswaar hê nie, aangesien hy as lid van die ou Transvaalse Regering homself en sy volgelinge verbind het met die Arbeiders teen wat nou die oorheersende element in sy kudde is, en aangesien hy twee jaar gelede self samewerking tot so 'n mate gesoek het dat hy aan die Arbeidersparty-leier 'n setel binne die heiligdom van sy eie kabinet aangebied het.“⁷⁶

75. Ibid., Die Burger, 19.10.1922. Verslag van toespraak van Roos op die N.P.-kongres van Transvaal; Ibid., 20.10.1922. Besluit van die N.P.-kongres van Transvaal; Ibid., 8.11.1922. Verslag van toespraak van adv. Jansen op die Natalse N.P.-kongres; Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal, 1922-1932, pp. 4-5; en Die Burger, 1.11.1922. Verslag van toespraak van dr. Malan op die N.P.-kongres van Kaapland.

76. Die Burger, 1.11.1922. Verslag van toespraak te Malmesbury; Van Rooyen, J.J., Die Nasionale Party. Sy opkoms en oorwinning - Kaapland se aandeel, pp. 105-108.

Oor 'n koalisie-regering, soos die Suid-Afrikaanse Party volgens hom op die oomblik is, het dr. Malan hom baie sterk uitgelaat: „Dit beteken 'n godurige handeldrywe in beginsels en 'n verkragting van die gewete. Dit beteken dubbelhartigheid en oneerlikheid aan die kant van die politieke leiers wat gedurig moet probeer om die mees verskillende elemente onder hul ondersteuners te bevredig. Dit beteken die verheffing van opportunisme tot die rang van staatsmanskap en die onttroning van beginsels om plek te maak vir politieke karakterloosheid. Dit beteken ook die stilstand van oortuiging omdat geen bepaalde stap in enige rigting kan geneem word nie sonder dat daar oor die skouer gekyk word om te sien of die voorwaartse stap nie die helfte van die party hopeloos verlore agterlaat nie.“ Onder 'n koalisie kan geen enkele probleem dus op 'n manlike manier aangepak en opgelos word nie.⁷⁷

Dr. Malan het verder genl. Hertzog se verklaring onderskryf dat republikanisme nooit as partybeginsel deur enige kongres aanvaar is nie, dog dit verhoed niemand om 'n republiek voor te staan as die beste regeringsvorm vir Suid-Afrika nie. „Selfs die Vryheidsdeputasie het nie vir 'n republiek gaan vra nie, maar vir die herstel van erkende geskonde regte op grond van bepaalde beloftes aan die kant van die Geallieerde staatsmanne en verder vir die erkenning van die selfbeskikkingsreg wat in die konstitusies van die Kaapprovinsie en Natal voor Unie aanwesig was.“ Hy het verduidelik wat artikel 4 van die Nasionale Party se program van beginsels presies beteken en ook daarop gewys dat die woord „sesessie“ nêrens genoem word nie. Volgens hom is dit 'n baie misbruikte woord omdat die betekenis daarvan nog nooit gedefinieer is nie. Daardeur word die indruk verkeerdelik geskep dat as Suid-Afrika onafhanklik is, hy verhoed sal word om met Engeland of die dominiums 'n vrywillige bondgenootskap aan te gaan. „As dit [sesessie] beteken die volste vryheid te besit om ons eie sake inwendig en uitwendig te reël ooreenkomstig ons eie wil en ons eie belange, dan is die Nasionale Party vir sesessie. As dit egter 'n republikeinse regeringsvorm, en geen ander nie, beteken, dat is dit geen sesessieparty nie.“⁷⁸

77. Ibid.

78. Die Burger, 1.11.1922. Verslag van toespraak te Malmesbury. Sien ook Die Burger, 3.11.1922 en 8.11.1922. Oor die bewerings dat die Vryheidsdeputasie 'n republiek in Engeland gaan vra het, het genl. Hertzog verklaar dat die deputasie deur die Vrystaat gestuur is en nie deur die Nasionale Party nie. Sien Die Burger, 16.10.1922. Verslag van toespraak te Winburg.

Vir die Suid-Afrikaanse Party, die Arbeiders en ook die meeste van die Nasionaliste was die Nasionale Party se onafhanklikheidsideaal sinoniem met „sesessie“ en 'n republikeinse regeringsvorm, hoewel dit nie in soveel woorde in artikel 4 van die party se program van beginsels gestaan het nie. Die Arbeiders wat bereid was om met die Nasionaliste in die verkiesing saam te werk, moes beseef het dat dit nie net die Suid-Afrikaanse Party kan verswak nie, maar ook die Nasionale Party aan bewind kan bring en dit kon 'n verandering in regeringsvorm meebring. Dis te verstaan dat hierdie moontlikheid 'n groot struikelblok vir die Arbeiders, hoofsaaklik werkers uit Brittanje, was wat aan die Britse kroon verknog was. Veral sedert die verkiesing van 1920 het die Nasionale leiers herhaaldelik by wyse van toesprake en verklarings verduidelik dat onafhanklikheid nie noodwendig verbreking van die Britse bande beteken nie en dat as dit gebeur, die volk as geheel eers by wyse van 'n referendum daaroor sal moet beslis. Die Vrystaatse Nasionale Party het dit al in Oktober 1920 in sy program van beginsels opgeneem.⁷⁹ Hierdie versekering is egter deur die Suid-Afrikaanse Party verwerp en hoe goed hy daarin geslaag het om die Arbeiders te oortuig dat die Nasionale Party sodra hy aan bewind kom, 'n republiek gaan uitroep, blyk uit die uitslag van die 1921-verkiesing toe genl. Smuts volgens dr. Malan op die „skouers van swetende arbeiders“ na 'n oorwinning gedra is.⁸⁰

Dit was dus nodig dat Nasionale leiers ter wille van samewerking met die Arbeiders opnuut daarop moes wys dat die republikeinse bepaling nie in die program van beginsels vasgelê is nie, en dat die Nasionale Party dus in werklikheid geen republikeinse party was nie. Hulle moes egter daarteen waak dat dit nie vir hul ondersteuners lyk asof hulle nou van die republikeinse strewe afsien nie. Genl. Hertzog het in Oktober 1922 op Winburg erken dat negentig persent van die Nasionaliste, hy inklusief, republikein was. Op Senekal het hy verklaar dat hulle nog glo dat 'n republiek die beste regeringsvorm vir Suid-Afrika is en dat hulle die ideaal nie gaan begrawe nie.⁸¹ Adv. Roos het ook sy volgelinge in

79. Kongresnotule van die Nasionale Party, O.V.S., 19-20.10.1920, pp. 27-31.

80. Die Burger, 1.11.1922. Verslag van toespraak op die Kaaplandse N.P.-kongres; Wat het die Nasionale Party met die Arbeiders te doen? Uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party, p. 3.

81. Die Burger, 16.10.1922 en 14.11.1922. Verslag van toespraak te Winburg en Senekal. Sien ook Ibid., 13.7.1922. Verslag van toespraak van genl. Hertzog te Kimberley.

Transvaal die versekering gegee dat: „Die republikeinse gedagte bly nog die beginsel van die Nasionale Party. In elk geval kan ek dit sê van die Transvaalse Nasionale Party, wat dit nooit sal opgee nie.“ Oor die onafhanklikheidsideaal, met of sonder die Britse kroon, was Roos egter bereid om vir die duur van die volgende Parlement as die Nasionale Party met behulp van die Arbeiders aan bewind kom, hom nie te beywer nie. Hy het telkens belowe dat die republiek nie sonder 'n volkstemming verkry sou word nie.⁸²

Dit wil dus lyk asof Roos glad nie genoeë daarmee geneem het dat nou ontken is dat die Nasionale Party 'n republikeinse party is nie. Hy wou dit liever openlik propageer. Hy was egter bereid om vir 'n tyd lank niks daaromtrent te doen nie as die Nasionale Party met die Arbeiders se steun die regering oorneem.

Waar die republikeinse ideaal vir die Arbeiders 'n struikelblok in die weg van samewerking was, sou die sosialistiese beginsels⁸³ van die Arbeidersparty weer die Nasionale nie aanstaan nie. Genl. Hertzog se verklaring oor die republikeinse ideaal en kol. Creswell se optrede ná die samesprekings in Bloemfontein, dui daarop dat die twee leiers hierdie probleme openlik bespreek het en pogings wou aanwend om hulle partye vir mekaar aanvaarbaar te maak ten einde 'n verkiesingsooreenkoms moontlik te maak.

Creswell, wat self geen sosialis was nie, het naamlik teen die einde van 1922 aan die verskillende takke van die Arbeidersparty 'n memorandum gestuur waarin hy aanbeveel dat die sosialistiese klousule uit die konstitusie van die party geskrap word. Hy het verduidelik dat die doelstelling van die Arbeidersparty, soos vasgelê by sy stigting in 1910 onder klousule 1⁸⁴ en wat hy geskrap wil hê, vervat is en beter uitgedruk is in klousule 2 wat later bygevoeg is. Klousule 2 het soos volg gelui: „To secure for the producers by hand or by brain the full fruits of their industry and the most equitable distribution thereof that may be possible upon the basis of the common ownership of the means of life and the best obtainable system of popular administra-

82. Die Burger, 4.12.1922. Verslag van toespraak te Hamanskraal. Op spesiale versoek moes Roos die verklaring ook in Engels herhaal; en Ibid., 19.10.1922. Verslag van toespraak op die Transvaalse N.P.-kongres, waar hy verklaar het dat die jeug nie gevra kan word om sy ideaal van onafhanklikheid prys te gee nie. Sien ook Ibid., 22.1.1923. Brief van Roos aan die Rand Daily Mail; en Ibid., 25.11.1922. Hoofartikel.

83. Supra, p.302

84. Ibid.

tion of each industry or service."⁸⁵ Creswell het aangetoon dat die begrip „sosialisasie“ of nasionalisering op verskillende maniere geïnterpreteer kan word en hy wil die idee dat die Arbeidersparty alles, tot 'n mens se tandeborsel, wil nasionaliseer; uit die weg ruim. Klousule 1 skrik baie mense van die Arbeidersparty af en dit het nie eers 'n plek in die gewysigde konstitusie van die Arbeidersparty in Engeland en Australië nie. Gevolglik het hy die verskillende takke gevra om sy voorstel te bespreek en aan die kongres van die Arbeidersparty wat in Januarie 1923 in Durban gehou word; verslag te doen.⁸⁶

Genl. Hertzog het kol. Creswell se poging om van die sosialistiese klousule ontslae te raak, verwelkom en aangevoer dat die sosialistiese strewe na sy mening vir 75% van die Arbeiders in Suid-Afrika nooit 'n doelwit was nie. Van dié wat dit wel onderskryf, weet 90% volgens hom nie presies wat dit beteken nie. Die leerstellings van Karl Marx is anti-staat, terwyl die sosialisme in Suid-Afrika pro-staat is. Hy het dit ook beklemtoon dat hoewel samesmelting met die Arbeidersparty nooit oorweeg is nie, die verwydering van die sosialistiese doelstelling die twee partye nader aan mekaar sal bring, aangesien dit een van die fundamentele gronde van vooroordeel wat op die oomblik teenoor die Arbeidersparty bestaan, uit die weg sal ruim. Daardeur sal 'n verkiesingsooreenkoms tussen die twee partye ook bespoedig word.⁸⁷

Genl. Hertzog se mening is geheel en al deur die redakteurs van Ons Vaderland, Het Westen en Die Burger onderskryf.⁸⁸ Laasgenoemde het probeer aantoon dat die verwydering van die sosialistiese beginsel as gevolg van sekere faktore reeds 'n algemene verskynsel in Europa is. Waar die Arbeiderspartye in die verlede kommuniste, Bolsjewiste en revolusionêre elemente ingesluit het, is dit nou die neiging om van hulle ontslae te raak. Die redakteur het verder daarop gewys dat die sosialistiese beginsel soos Marx dit neer-

85. The Friend, 3.11.1922.

86. Die Burger, 3.11.1922. Verklaring van Creswell; The Friend, 3.11.1922; Die Burger, 2.11.1922. Besluit van die Bloemfonteinse tak van die Arbeidersparty ten gunste van Creswell se voorstel. Die tak het by dieselfde geleentheid besluit om voortaan met die N.P. in die Bloemfonteinse stadsraad saam te werk.

87. Die Burger, 4.11.1922. Verslag van onderhoud met genl. Hertzog. Sien ook Grobler, op. cit., p. 325 et seq. i.s. die groot persentasie anti-sosialiste in die Arbeidersparty; en Humphriss en Thomas, op. cit., p. 186.

88. Die Burger, 4.11.1922 en 9.11.1922. Verstrek die menings van Ons Vaderland en Het Westen.

gelê het, verouderd en verander is. Die revolusionêre sosialisme van Marx wat die bestaande maatskappy omver wil gooi om daarop 'n nuwe wêreldorde te bou, moes plek maak vir die evolusionêre sosialisme wat sy doel nou bereik deur geleidelik ontwikkeling en samewerking met die kapitalistiese burgerlike maatskappy. Die Bolsjewisme van Rusland was 'n terugkeer na die leer van revolusie en geweldadige omwenteling waar ook alle bedrywe genasionaliseer is, dog dit het nie die welvaart gebring wat voorspel is nie. Indien die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty dus die Bolsjewisme wil bestry deur alle skyn van kommunisme uit sy partybeginsels te weer, sal dit verwelkom word.⁸⁹

Die Burger wys ook daarop dat tydens die oorlog in Europa, toe state baie bedrywe moes nasionaliseer, dit duidelik geword het dat sosialisme nie in die praktyk werk nie en gevolglik het staatsbeheer by die arbeiders in onguns verval. Die redakteur meen ook dat die sosialistiese klousule verwyder behoort te word omdat die Arbeidersparty nie meer soos vroeër net uit Brits- en sosialistiesgesinde arbeiders uit Engeland of Australië bestaan nie. Ter wille van die groot aantal Afrikanerarbeiders moet die vreemde en ingevoerde beginsels verwyder word as die Arbeidersparty hom nie hopeloos wil vervreem van die Afrikaansdenkende en Afrikaansvoelende arbeider nie. By die verafrikaansde Arbeidersparty pas die sosialistiese beginsel dus glad nie en „met die verkondiging van leerstellings wat vandag van geen praktiese nut is, wat net van akademiese betekenis geag word, kan geen party 'n lewendige organisme bly nie!“⁹⁰

Op die kongres van die Arbeidersparty wat vanaf 1 Januarie 1923 in Durban gehou is, het sake nie so vlot verloop as wat die Nasionaliste verwag het nie. Creswell het sy saak gestel en verduidelik dat die sosialistiese beginsel baie werkers onnodig van die Arbeidersparty afskrik en die ander partye 'n stok gee om hulle mee te slaan. Hy het dit ook uitdruklik ontken dat sy optrede enigiets te doen het met enige gesprek wat hy met 'n Nasionalis gehad het. Creswell het egter sterk teenstand van veral Madeley ondervind en die saak is na 'n kommissie verwys. Uiteindelik is 'n kompromis bereik en die nuwe klousule sou soos volg lui:

„To secure for the producers by hand or by brain the full fruits of their industry and the most equitable distributions thereof, that may be possible, upon the basis of common ownership of the means of production and the best ob-

89. Die Burger, 6.11.1922 en 29.11.1922. Hoofartikels.

90. Ibid.

tainable system of popular administration and control of each industry or service, with a view to the ultimate achievement of a Democratic and Socialist Commonwealth." Hierdeur is die sosialistiese doelstelling effens afgewater, maar dit het aan die sosialiste in die Arbeidersparty nog voldoende grond onder hul voete gegee om hulle ideale te propageer.⁹¹

Ná die bekendmaking van hierdie besluit het Die Burger dit sy plig geag om sy lesers opnuut die versekering te gee dat daar nie die minste sprake van same-smelting tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty bestaan nie, en dat die Nasionale Party hom nooit met die beginsels van die Arbeidersparty, soos dit in Durban aangeneem is, sal versoen nie.⁹²

Die besluit van die Arbeidersparty het daartoe gelei dat die Suid-Afrikaanse Party in die wantrouedebat van 1923, waar Nasionalis en Arbeider 'n verenigde front teen die regering gevorm het, met hernude ywer die Nasionale Party daarvan beskuldig het dat hy sy beginsels prysgee en met Bolsjewiste en kommuniste hand om die nek sit en weer revolusie in die land sal aanblaas.⁹³

Aangesien die Nasionale Party en die Arbeidersparty van die begin af duidelik gemaak het dat hulle slegs 'n verkiesingsooreenkoms met mekaar wou sluit en beginsels dus nie op die spel is nie, het die besluit insake die sosialistiese doelstelling geensins die onderhandelings beïnvloed nie en is daarmee voortgegaan. Genl. Hertzog kon gevolglik op 10 Maart 1923 te Robertson aankondig dat hy en kol. Creswell ooreengekom het om by die stembus saam te werk en die regering uit te gooi. Hy het aangetoon dat die bewerings van genl. Smuts dat die Arbeiders Bolsjewiste en kommuniste is, onwaar is en dat dit slegs 'n poging van genl. Smuts is om die kiesers die skrik op die lyf te jaag.⁹⁴ Die kommuniste het hul eie party en is in werklikheid gekant teen die Arbeidersparty. Genl. Hertzog het daarop gewys dat die Na-

91. Die Burger, 3-5.1.1923. Verslae van kongres; en Grobler, op. cit., pp. 466-467.

92. Die Burger, 5.1.1923. Hoofartikel.

93. Die Burger, 24-27.1.1923. Verslae van Volksraadsdebatte.

94. Die Burger het vroeër opgemerk: "Vir die S.A.P.-blaaie is die arbeider 'n sindikalis, 'n rewolusionêr, 'n Bolsjewis, ens. Dit het hy natuurlik eers geword nadat die leier van die Arbeidersparty in 1920 geweier het om met genl. Smuts in 'n koalisie-Ministerie te sit. Voor die tyd was die Suid-Afrikaanse arbeider 'n man wat gepaai moes word en waar jy dus nie te baie sleg van moes sê nie." Sien Die Burger, 29.11.1922. Hoofartikel.

sionale Party en die Arbeidersparty se beginsels en belange in wese dieselfde is; want die belange van die boer en arbeider in Suid-Afrika is baie na aan mekaar. Die Arbeidersparty verskil egter van die Nasionale Party daarin dat hy 'n voorstander is van sosialisme wat die klem op staatsondernemings laat val. Volgens genl. Hertzog was dit egter geen rede waarom hy nie hul dienste by die stembus kan gebruik om aan bewind te kom nie. Deur so 'n ooreenkoms word nie één van die Nasionale Party se beginsels verkrag nie.⁹⁵

Hoewel genl. Hertzog verduidelik het dat dit slegs 'n verkiesingsooreenkoms is, was daar baie spekulasie en gissings oor wat daarna sou gebeur. Reeds in November 1922 toe Het Westen al aanvaar het dat die ooreenkoms gesluit gaan word, het die redakteur daarop aangedring dat die aard en omvang van samewerking duidelik bepaal en neergelê moet word „sodat die partye nie al dromende in mekaar se arms sal val nie en later met 'n skok wakker word nie.“⁹⁶ Toe genl. Hertzog op Robertson gevra is of die Nasionale Party 'n Arbeider in die kabinet sal opneem, het hy geantwoord dat daar nog nie finaal oor besluit is nie, maar dat die Arbeiders se konstitusie hulle verbied om met 'n ander party in een kabinet saam te werk.⁹⁷ Op Koster het genl. Hertzog op 'n soortgelyke vraag geantwoord dat as hy dit doen, hy niks verder sal gaan as wat genl. Smuts in 1920 bereid was om te doen toe hy kol. Creswell in sy kabinet wou opneem nie.⁹⁸

Hieruit het dit dus geblyk dat genl. Hertzog wel bereid was om Arbeiders in sy kabinet op te neem en dat daar samewerking tussen die twee partye ná die verkiesing sou wees. Baie Nasionale het 'n koalisie-regering met die sosialiste binne die Arbeidersparty gevrees, en hierdie vrees is deur die pers van die Suid-Afrikaanse Party verder aangeblaas. Die brief van „Verda“ wat op 11 April 1923 in Die Burger verskyn het, kan dan ook as verteenwoordigend van die mening van die deursnee-Nasionalis beskou word. „Verda“, ontsteld oor genl. Hertzog se verklaring op Koster, was van mening dat „ons die beginselstryd begin versak vir 'n stryd om die regeermag in hande te kry.“ Volgens hom is die volk

95. Die Burger, 12.3.1923. Verslag van toespraak te Robertson. Sien ook Ibid., 7.4.1923. Verslag van toespraak van genl. Hertzog te Zeerust.

96. Die Burger, 9.11.1922. Verstrek die mening van Het Westen. Sien ook Ibid., 26.5.1922. Hoofartikel.

97. Die Burger, 12.3.1923. Verslag van vergadering.

98. Die Burger, 3.4.1923. Verslag van vergadering te Koster; Ibid., 11.4.1923. Brief van „Verda“ waarin hy 'n verlag gee van die berig in die Cape Times oor genl. Hertzog se toespraak te Koster.

met behulp van Nasionale koerante lank in die duister gehou oor die ooreenkoms; maar nou kom dit tog op die lappe. Hy glo dat die bewering dat geen van die twee partye beginsels prysgee nie; of huigelary is, of „die Regering sal 'n kleurlose, onmagtige kombinasie wees wat aan die Nasionale saak ontsettend skade gaan doen.“ Daarom is hy oortuig dat die Nasionale Party by die ooreenkoms, indien dit na die verkiesing ook nog geld, niks te baat het nie, maar wel 'n kans staan om alles te verloor. Die Nasionale Party se beginsels moet suiwer gehou word en hy mag geen hulp aanvaar „ten koste van ons volkome selfstandigheid nie.“ „Werda“ voorsien dat as die twee partye die regering verslaan, 'n Nasionale-Arbeider kabinet gevorm sal word wat na 'n paar jaar uitmekaar sal spat soos dit noodwendig gebeur waar „sulke onverenigbare elemente saam 'n regering vorm.“ Die gevolg hiervan sal wees dat die Nasionale Party vir goed vernietig sal word. „Werda“ wou weet wat presies na die verkiesing gaan gebeur en het 'n duidelike antwoord van die Nasionale leiers geëis.⁹⁹

Die redakteur van Die Burger het in 'n lang en beredeneerde hoofartikel die Nasionale Party se optrede regverdig en „Werda“ se beskuldigings weerlê. Volgens hom is 'n politieke party geregverdig om vir die bereiking van sy ideaal alle hulp wat hy kan kry, te gebruik mits hy nie sy beginsels prysgee nie. Verder is 'n party se taak nie net om sy ideale direk te verwesenlik nie, maar ook om die gevare wat die volk van tyd tot tyd bedreig, te probeer afweer. Dikwels gebeur dit dat 'n party die hulp van 'n ander party kan verkry om die dreigende gevaar af te weer, terwyl hy vir die verwesenliking van sy ideale daardie party se hulp nie kan kry nie. Deur nou ter wille van blywende verskille die tydelike samewerking te versmaai en die onheil oor sy volk te laat kom, sal hy hom skuldig maak aan ontrou teenoor sy volk. Die redakteur kom tot die gevolgtrekking dat die teenswoordige omstandighede, soos die gevaar van kapitalistiese oorheersing en uitbuiting, vereis dat die Nasionale Party die hulp van die Arbeiders aanneem en gebruik sonder dat één van die twee partye beginsels of ideale versak. Die Nasionale Party se program van beginsels maak in artikel 11 ruim voorsiening vir sodanige samewerking: „Om die

99. Die Burger, 11.4.1923. Brief van „Werda“. Sien ook Hier het jy dit! 'n Beknopte opsomming van die party-politiek in Suid-Afrika gedurende die laaste kwarteeu. Uitgegee deur die S.A. Party, pp. 48-50. Kommentaar op „Werda“ se brief.

bogenoemde beginsels te verdedig en in die praktyk toegepas te sien, wil die Nasionale Party homself handhaaf as 'n selfstandige politieke groep. Die Party wil geen same-smelting hê nie met enige ander Party, wat in grondbeginsel verskil. Vir samewerking met enige ander Party sal hy bereid wees, wanneer en soverê gelykheid van strewe daartoe aanleiding gee. Maar die saamwerkende Partye sal dan op hulself onafhanklik van mekaar bly bestaan, om weer vry van mekaar te wees sodra die gelykheid van strewe ophou om te bestaan.¹⁰⁰

Die Burger gee die versekering dat die bestaande ooreenkoms geen een van die twee partye se ideale aan bande sal lê nie. Dit hoef nie op enige toegewings te berus of ná die eleksie te bestaan nie. Elke party beoog sy eie belang en gaan sterker uit die verkiesing tree. Die redakteur glo dat die ooreenkoms tussen kol. Creswell en genl. Hertzog nie vir Arbeiders in die kabinet voorsiening maak nie, maar voel dat 'n verklaring oor die saak nodig is sodat alle gissings en agterdog uit die weg geruim kan word.¹⁰¹

Kort hierna is die lug in 'n mate gesuiwer toe die volle ooreenkoms, soos uiteengesit in 'n brief van kol. Creswell aan genl. Hertzog, in die koerante gepubliseer is. Kol. Creswell se brief, gedateer 12 April 1923, het soos volg gelui:

„It is clear that any co-operation between our respective parties, however narrow or wide in scope, is certain to be made the subject of hostile propaganda by the South African Party and its Press. So I suggest that it would be as well to put on record the actual facts of the position.

„You and I have, on several occasions, discussed the present political situation quite candidly, informally and without prejudice, and I think that the substance of these conversations can be correctly summed as follows:

„(1) We found ourselves broadly in agreement in view that the present Government acts as though dominated by the conviction that the interests of this country are best served by its taking what may be termed by 'big financial' view of our various internal and financial problems. Its policy is not only injuring the present welfare of the country but

100. Die Burger, 11.4.1923. Hoofartikel; en Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat, Beginsels, konstitusie, statute, (1926), p. 12.

101. Die Burger, 11.4.1923. Hoofartikel.

is seriously jeopardising our destiny as a civilized people. The necessity to combat this trend of policy, which has been growing continuously more pronounced in recent years, is largely the cause of the common opposition of our two parties to the present government and the party supporting it.

„(2) We next examined whether there was any legitimate basis upon which we could recommend co-operation between our two parties, at all events insofar as elections were concerned. It is clearly undesirable to facilitate the election of Government candidates on a minority vote by splitting the anti-government vote.

„(3) The most obvious difficulty in the way of any such co-operation being effective is the fact that, quite irrespective of the real views and intentions of yourself and your party, the South African Party propaganda has inoculated numbers of the English speaking section of the people in many parts of the country with the belief that if your party achieved power you would at once set about trying to 'cut the painter' and establish a republic, - the old secession bogey, in fact, of the 1921 election.

„To a lesser degree, possibly, a few dwellers in the country districts have been induced to believe that the Labour Party is a Bolshevik group whose dearest wish is to decapitate or otherwise maltreat all owners of property - or some other such absurdity. As the former point was so successfully drummed into the public mind at the last election, it is most important to disprove it. At the same time you must remember that in common with the bulk of Labour's supporters, I am as you know unalterably opposed to any 'cutting of the painter.'

„I pointed out that this is a matter upon which the great majority of English speaking South Africans are very sensitive and that an essential condition for any such election co-operation being effective was an explicit declaration on your side to reassure them that their votes at the next general election would not be used contrary to their desires in this matter.

„In this regard you said that while no member of your party could be expected, any more than any member of the Labour Party, to renounce his freedom to

express; inside and outside of Parliament; any views he may hold on this or any other matter, you were able to give this explicit undertaking to electors at the next general election; viz. that in the Parliament that will then be elected; should a Nationalist Government come into power, no Nationalist Member of Parliament will use his vote to upset the existing constitutional relationship of South Africa to the British Crown. We agreed that under these circumstances we could quite properly recommend to our respective Parties election co-operation on the lines indicated in paragraph 2 of this letter. This co-operation would indicate that we both appreciate the urgent necessity for the next Parliament to devote itself single-mindedly to domestic measures required to promote the prosperity of the country upon lines more congenial to its people than those at present followed.

„(4) Pursuing our discussions we recognised that the logic of facts would compel the taking up of measures which both parties would probably, in principle, support. But we also recognised quite fully the differences which today exist between our Parties, not only in political outlook, but also, probably, in the racial and other prejudices which influence large numbers of habitual Party supporters, and we were agreed that in any election co-operation that may take place in any constituency it should be understood that the candidate of whichever Party, if elected, would owe allegiance to his own Party and no other, and that any votes given to him by supporters of the other Party should be given on this clear understanding.

„I think that the foregoing correctly expresses the substance of our conversations and I suggest that if this is confirmed by you we should send this correspondence to the Press.“

Hierop het genl. Hertzog in 'n kort briefie geantwoord dat hy hom geheel en al met die uiteensetting vereenselwig.¹⁰²

Saam met hierdie korrespondensie is ook genl. Hertzog se brief van 26 Maart 1920 aan genl. Smuts gepubliseer waarin hy hom bereid verklaar het om indien die Nasionale Party

102. Creswell, op. cit., pp. 94-96; Die Burger, 21.4.1923. Sien ook F.E.P. Creswell-versameling, band 4.

en die Suid-Afrikaanse Party 'n koalisie-regering vorm, met genl. Smuts 'n wapenstilstand binne die Parlement oor die onafhanklikheidskwessie te sluit.¹⁰³ Die doel hiervan was waarskynlik om aan die Nasionaliste te toon dat hul leier niks meer aan kol. Creswell belowe het as wat hy bereid was om in 1920 aan genl. Smuts toe te gee nie.

Dit is opmerklik dat daar in die ooreenkoms slegs toegewings van Nasionale kant insake sesessie en republikanisme was, maar nie van die Arbeiders oor hul sosialistiese doelstellings nie. Hoontlik was die wysiging van hul program van beginsels daarop gemik om die aggressiewe voorkoms van hul sosialistiese doelstellings te verminder.¹⁰⁴ Volgens die ooreenkoms was daar ook geen sprake van samewerking ná die verkiesing of oor die samestelling van die kabinet as die Nasionale Party die verkiesing sou wen nie. Dit het dus geensins daartoe bygedra om die spekulاسie oor die aangeleentheid te beëindig nie.

Die Suid-Afrikaanse Party en sy pers het hierdie onsekerheid ten volle benut en uitgebuit. Die kiesers moes bang gemaak word, want so 'n kombinasie van magte het vir die Suid-Afrikaanse Party 'n taai stryd en vir baie van sy kandidate 'n gewisse neerlaag in die verkiesing voorspel. Die ooreenkoms tussen die twee partye is in die sterkste taal afgekeur en verdag gemaak. Dit is onder meer genoem „onheilig“, „agterbaks“, „armsalig“, „lagwekkend“ en „gebore uit haat“. In die Parlement het Burton, die Minister van Finansies, dit tot groot vermaak van sy partygenote beskryf as 'n belofte van die Nasionaliste dat „we will not steal your Flag for five years“ terwyl die Arbeiders belowe het: „we will not steal your land for five years.“¹⁰⁵ Daar is voorspel dat die Nasionaliste saam met die Arbeiders 'n koalisie-regering sal vorm, dat die sosialistiese arbeiders die land sal regeer en dat die Nasionale Party sal ophou om te bestaan. Die boere sal geen genade of hulp van die Arbeiders kry nie, terwyl die werkers voorkeur sal geniet;

103. Ibid.; en Die begroting ontleed. Samewerking tussen die Nasionale en die Arbeidersparty. Uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party, pp.11-14. Sien ook Die Burger, 21.4.1923. Hoofartikel.

104. The Round Table, vol. 52, p. 868.

105. Ibid., vol. 52, pp. 868-869; Debates of the House of Assembly..., vol. 8, p. 868; en Die Burger, 26.4.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

grondbelasting sal gehêf word; die werkdag van agt uur sal ook vir die werkers op plase van toepassing gemaak word; grond en ander eiendom sal gekonfiskeer word en daar sal geen private eiendom meer wees nie. Die Nasionale Party wat reeds sy republikeinse beginsel prysgegee het, gaan nou met die Arbeiders saamwerk ten koste van die boere. Die kiesers is ook gewaarsku teen die gevare van sosialisme, Bolsjewisme en kommunisme waarmee die Nasionaliste nou gemene saak maak en wat slegs maatskaplike verwoesting, chaos en die ondergang van die blanke beskawing in Suid-Afrika kan meebring.¹⁰⁶

Om die ooreenkoms nog verder verdag te maak, is 'n pamflet getiteld „Die Werker-Nasionalis verbond. Hoe om die aaneensluiting permanent te maak, deur 'n Arbeider“, naamloos onder boere dwarsdeur die land versprei. Daarvolgens was die Arbeidersparty identies met Bolsjewisme en Creswell is op dieselfde voetstuk as Lenin en Trotski geplaas. „Arbeider“ het die nasionalisering van grond, die Bolsjewistiese politiek teenoor naturelle omhulle presies soos blankes te behandel en die vernietiging van die godsdiens aanbeveel.¹⁰⁷

Die Burger het „Arbeider“ onmiddellik as 'n „laaghartige huurling uit die geledere van die S.A. Party“ bestempel. Die redakteur was van mening dat dit 'n lompe en lae poging van die Suid-Afrikaanse Party is, om deur die Arbeidersparty in sulke Bolsjewistiese kleure te skilder, agterdog by die boere teen die Nasionale Party te wek. Volgens hom sou geen Bolsjewis op so 'n „onnosele wyse“ propaganda vir sy beginsels maak nie.

Genl. Hertzog het ook hierop gereageer en hoewel hy die Suid-Afrikaanse Party nie by sy naam genoem het nie, het

106. Die Burger, 3.3.1923. Verslag van Volksraadsdebat; Ibid., 5.4.1923. Rubriek „Dagpraatjies“ deur Dawie. Dawie wys ook daarop dat Ons Land die nuwe kombinasie die „Nat-Dol-regering“ noem; Ibid., 14.4.1923, 30.4.1923 en 16.8.1923. Verslae van toesprake van genl. Smuts te Kaapstad, te Ceres en Tulbagh en te Bloemfontein; Ibid., 14.5.1923 en 22.11.1923. Verslae van toesprake van minister Reitz te Caledon en Port-Elizabeth; Ibid., 29.6.1923, 17.7.1923, 8.8.1923, 4.10.1923 en 13.11.1923. Verslae van toesprake van minister Malan te Malmesbury, Aliwal-Noord, Kimberley, Kokstad en Kaapstad; Ibid., 30.10.1923. Verslag van toespraak van minister Mentz te Richmond; Ibid., 25.4.1923 en 15.8.1923. Verstrek die mening van die Natal Mercury en Ons Land; Ibid., 15.8.1923, 8.1.1924 en 23.1.1924. Hoofartikels; en Van den Heever, op. cit., p. 454.

107. Die Burger, 4.7.1923 en 6.7.1923. Hoofartikels.

108. Die Burger, 4.7.1923 en 6.7.1923. Hoofartikels. Sien ook Ibid., 4.8.1923. Hoofartikel.

hy gesê dat elkeen wat by sy verstand is, moes weet wat die oorsprong daarvan is. Hy het geantwoord op 'n brief van 'n persoon wat die pamflet aan hom gestuur en om 'n verduideliking gevra het. Genl. Hertzog het sy verbasing daaroor uitgespreek dat die Afrikanervolk wat al so dikwels deur leuens en laster bedrieg is, nie dadelik die wolf herken het nie. „Ek sou tog gedink het dat na 25 jaar lang se aanhoudende bepleiting deur my van die reg van ons boerebevolking tot die vreedsame besitting van die grond; van die reg van die blanke man tot 'n blanke Suid-Afrika en die noodsaaklikheid van skeiding tussen Kaffer en Europeaan; en van die volsterkte noodsaaklikheid dat ons volk altoos sal hoog staan in karakter en Godsdienst, dit nie langer nodig was vir my of die Nasionale Party om aan ons volk duidelik te maak wat ons houding en sienswyse was aangaande die onderwerp.“ Hy kom tot die gevolgtrekking dat „Die gereedheid van ons volk om hulle deur lis en bangmakery, van die kant van sy uiterste vyande, te laat mislei, is 'n swakheid waaraan dit byna al sy ellende in die verlede toe te skrywe gehad het, en nou nog het.“ Hy het ten slotte daarop gewys dat dit vir die vyande van die volk 'n gruwel is dat die Nasionale Party op die punt staan om die bewind oor te neem en dat hulle nou enige poging sal aanwend om dit te verhoed.¹⁰⁹

Die Arbeidersparty het by wyse van 'n amptelike verklaring die pamflet as 'n stuk politieke bedrog bestempel, ontken dat hy enigiets met die opstel of verspreiding daarvan te doen het en verklaar dat dit nie die standpunt van die party verteenwoordig nie.¹¹⁰

Die Bolsjewistiese bewerings van die Suid-Afrikaanse Party is verder teengewerk toe die hoofbestuur van die Arbeidersparty die aansoek van die Kommunisteparty om te affilieer, van die hand gewys het. Die rede wat die Arbeidersparty vir die weiering aangevoer het, was dat die Kommunisteparty te veel van die Arbeidersparty verskil en dat sy oogmerke, metodes en gedragslyn vreemd en in stryd met dié van die Arbeiders is.¹¹¹

Ten spyte van al die propaganda en verdagnakery teen die ooreenkoms tussen die twee opposisiopartye, is dit sonder slag of stoot deur die onderskeie provinsiale kongresse van die Nasionale Party goedgekeur. Genl. Hertzog het vir

109. Die Burger, 23.7.1923. Brief van genl. Hertzog. Sien ook Ibid., 16.7.1923. Verklaring van Roos te Lichtenburg i. s. Bolsjewisme.

110. Die Burger, 21.8.1923 en 25.8.1923.

111. Die Burger, 17.7.1923, 27.7.1923 en 1.8.1923.

die Vrystaatse Nasionaliste die ooreenkoms weer breedvoerig uiteengesit. Hy het hulle gerus gestel dat as 'n Nasionalis met behulp van Arbeiderstemme verkies word, hy nog steeds net aan die Nasionale Party verantwoordelik is en dat daar niks meer in die ooreenkoms steek as wat in die briewe gepubliseer is nie.¹¹² Die Natalse kongres het die ooreenkoms ook na 'n verduideliking van hul leier, adv. E.G. Jansen, eenparig aangeneem.¹¹³

Op Oudtshoorn het dr. D.F. Malan verduidelik dat die verstandhouding tussen die twee partye binne die grense van artikel 11 van die Nasionale Party se program van beginsels is en dat dit nie alleen geregverdig is nie, maar ook 'n duidelike vaderlandsliewende plig is wat nagekom moet word. Hy het die versekering gegee dat daar geen sprake van 'n koalisie of samesmelting met die Arbeidersparty was nie en dat geen beginsels deur dié samewerking prysgegee sal word nie. Die ooreenkoms is gevolglik met net een teenstem bekragtig.¹¹⁴ Adv. F.W. Beyers het die ooreenkoms as één van die vernaamste spykers in die doodkis van die regering bestempel.¹¹⁵

Adv. Tielman Roos het die Nasionaliste op die Transvaalse kongres verseker dat die land met behulp van die Arbeiders by die stembus gered gaan word. Hy het daarop gewys dat samesmelting met die Arbeiders buite die kwessie was, maar dat die twee partye na die verkiesing oor sekere sake, soos die instelling van ouderdomspensioene, die verbetering van werkstoestande vir arbeiders en die oprigting van 'n staatsbank, in die Parlement kan saamwerk. Roos het opnuut die versekering gegee dat geen beginsels opgeoffer sal word nie. Wat die onafhanklikheidsideaal betref, sal die Nasionale Party nou wel vir die duur van die volgende Parlement niks daaromtrent kan doen nie, maar dit bly steeds die hoeksteen van die party. Hy meen dat nege uit elke tien mense later wanneer die Nasionale Party 'n referendum oor republiekwording hou, daarvoor sal stem want "as 'n man teen onafhanklikheid is het hy geen selfrespek nie."¹¹⁶ Die onder-

112. Die Burger, 18.10.1923. Verslag van O.V.S. kongres; en Kongresnotule van die Nasionale Party, O.V.S., 17-18.10.1923, p. 10 en p. 22.

113. Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal, 1922-1932, p. 39.

114. Die Burger, 27.9.1923. Verslag van toespraak van dr. Malan; en Ibid., 28.9.1923. Verslag van kongres.

115. Die Burger, 29.9.1923. Verslag van kongres.

116. Die Burger, 12.9.1923. Verslag van toespraak te Pretoria, Ibid., 13.9.1923. Verslag van kongres; en Kongresnotule van die Nasionale Party van Transvaal, 12-14.9.1923, pp. 9-10.

leier vir Transvaal en Volksraadslid vir Rustenburg, P.G.W. Grobler, het in sy toespraak vóór die kongres ook die feit beklemtoon dat hoewel die Nasionale Party niks omtrent die republikeinse ideaal vir die volgende paar jaar mag doen nie, die propaganda daarvoor sal voortgaan en as die tyd ryp is, sal 'n beroep op die volk gedoen word om dit goed te kour. Die bewering van die Suid-Afrikaanse Party dat die Nasionale Party met Bolsjewiste sou saamwerk, het Grobler as vals bestempel en daarop gewys dat die Arbeidersparty affiliasie met die Kommuniste geweier het. Die kongres was tevrede en het die ooreenkoms goedgekeur.¹¹⁷

Op 14 en 15 Julie het die hoofbestuur van die Arbeidersparty in Johannesburg vergader en die ooreenkoms tussen genl. Hertzog en hul leier aanvaar.¹¹⁸ Die verklaring van Roos en Grobler in September op die Transvaalse kongres oor die voortsetting van die republikeinse propaganda het egter heftige reaksie van die Arbeiders uitgelok en daar is gevrees dat die ooreenkoms verongeluk kan word. Arthur Barlow het dadelik sy misnoeë met Roos en Grobler se toesprake uitgespreek en hulle gewaarsku dat die ooreenkoms nog nie deur die Arbeiderspartykongres bekragtig is nie en deur sulke toesprake verongeluk kan word. Hy het verklaar dat as die Nasionale leiers met hierdie dwaasheid van 'n republikeinse regeringsvorm voortgaan, hy persoonlik sy invloed sal gebruik om die ooreenkoms afgekeur te kry, aangesien die Arbeiders hulle nooit met 'n republiek sal vereenselwig nie.¹¹⁹

P.G.W. Grobler was baie verbaas oor Barlow se aanval en het daarop gewys dat die Nasionale Party nog nooit sy onafhanklikheidsideaal prysgegee het nie. Die ooreenkoms het alleen betrekking op die stemme van Nasionaliste in die Parlement. Daarbuite sal die Nasionale Party nog steeds met sy propaganda vir 'n republiek voortgaan.¹²⁰

Boydell het ook aangevoer dat die Nasionaliste die ooreenkoms geskend het nog voordat dit bekragtig is. Hy het verklaar dat kol. Creswell 'n ooreenkoms met genl. Hertzog gesluit het omdat dit noodsaaklik is dat die land 'n ander regering kry. In plaas van om hulle met ekonomiese vraagstukbesig te hou, haal die Nasionaliste nou die rassekwessie op en speel so reg in die hande van Smuts. Hy waarsku die Na-

117. Ibid., pp. 10-12; en Die Burger, 13.9.1923. Verslag van kongres.

118. Die Burger, 17.7.1923.

119. Die Burger, 14.9.1923. Verslag van toespraak te Bloemfontein.

120. Die Burger, 15.9.1923. Verslag van kongres; en Kongresnotule van die Nasionale Party van Transvaal, 12-14.9.1923, p. 59.

sionale Party dat indien hy met die onafhanklikheidsbeweging wil voortgaan; hy dit sonder die Arbeidersparty sal moet doen.¹²¹

Oor hierdie eerste tekens van 'n botsing tussen die twee opposisiepartye en die moontlike verbreking van die ooreenkoms het die Engelse pers hom verheug.¹²² Die Burger het die reaksie van die Suid-Afrikaanse Party se pers gesien as 'n bewys van hoeveel waarde die Suid-Afrikaanse Party aan die ooreenkoms heg. Die redakteur het die insident as van verbygaande aard beskou, maar gewaarsku dat as 'n herhaling daarvan en die gepaardgaande verswakking van kragte voorkom wil word, die lesse wat uit die insident te leer is, goed geleer moet word. Volgens hom het albei foute gemaak. Eerstens het persone wat van beter moes weet, verklarings gemaak wat verder as die ooreenkoms gestrek het. Die ooreenkoms bepaal slegs dat die Nasionale Party, as hy met behulp van die Arbeiders aan bewind kom, vir die duur van die volgende Parlement die Britse konneksie nie sal verbreek nie. Samewerking sal net by die verkiesing geskied, van samesmelting of koalisie is daar nie sprake nie en elke party sal sy beginsels en vryheid ongeskonde behou. „En tog, ten spyte van hierdie duidelike omskrywing, het ons aan die een kant 'n ongeoutoriseerde kabinetvormery gehad, wat klaarblyklik 'n koalisie veronderstel, en aan die ander kant 'n grootpraterery by een of twee dat die Arbeidersparty die onafhanklikheidsbeweging van die Nasionale Party vergoed sou doodgemaak het, wat klaarblyklik ook weer 'n ingryping in die beginsels en vryhede van die Nasionale Party veronderstel, waarvoor daar geen grond in die ooreenkoms te vinde is nie.“ Hierdie onregverdige en ongemagtigde oorskryding van die grense van die ooreenkoms het net wantroue gewek en die Suid-Afrikaanse Party van wapens voorsien.¹²³

Die redakteur het ook op 'n tweede fout gewys, nl. dat Nasionale Party nie altyd binne die perke van artikel 4 van die Nasionale Party se program van beginsels gebly het nie. Daarvolgens wil die Nasionale Party soewerein onafhanklik wees, maar verklaar nie dat dit juis 'n republikeinse onafhanklikheid moet wees nie. Die party het nog nooit besluit om na die afskaffing van 'n gemeenskaplike kroon te streef nie. Artikel 4 begin deur te verklaar dat die Nasionale Party

121. Die Burger, 15.9.1923. Verslag van toespraak te Bloemfontein.

122. Die Burger, 18.9.1923. Verstrek die mening van The Star, die Rand Daily Mail, die Londense Observer en die London Times.

123. Die Burger, 15.9.1923 en 29.9.1923. Hoofartikels.

„die bestaande betrekkinge tussen die Unie en die Verenigde Koninkryk sonder omweg erken.“ As Nasionaliste dus by hul program van beginsels bly, sal die Arbeiders geen rede tot klagte hê nie en die Suid-Afrikaanse Party-leiers en hulle pers sal magteloos wees.¹²⁴

Kol. Creswell het ook probeer om die gemoedere van sy partygenote te kalmeer. Hy het verklaar dat die ooreenkoms nie die propaganda vir 'n republiek verbied nie en dat Roos en Grobler binne hul regte opgetree het. Hy is egter bly dat sy kollegas hulle stem oor die saak laat hoor het, want nou weet die Nasionale Party hoe die gewone Engelsman oor 'n republiek voel. Kol. Creswell wys daarop dat, volgens die Nasionaliste se verklarings, onafhanklikheid alleen met die toestemming van die Britse bevolkingsdeel verkry sou word. In daardie geval sal hulle propaganda nutteloos wees aangesien hulle die Engelse nooit sal oortuig nie, want die grootste gros van hulle is net so min bereid om hierdie saak te bespreek as wat die Afrikaners is om Hollands as amptelike taal af te skaf. Hy is verder oortuig dat Roos en Grobler nie die gevoel of praktiese voornemens van die meerderheid Nasionaliste in die Kaapprovinsie, die Vrystaat of Transvaal vertolk nie en dat hulle deur sulke verklarings baie Engelse wat teen die regering wil stem, weer in Smuts se arms sal dryf. Hy verklaar ten slotte dat hy hom nie deur Roos sal laat afsit nie en dat hy die Arbeiderspartykongres sal aanraai om die ooreenkoms te bekragtig.¹²⁵

Die aanval van Creswell en Die Burger was direk teen adv. Roos gemik en aangesien hy as die oorsaak van die wrywing tussen die twee partye uitgewys is, is dit te verstaan dat hyself weer die lug sou suiwer, wat hy ook op 4 Oktober 1923 op 'n openbare vergadering in Johannesburg gedoen het. Hy het 'n geskrewe verklaring voorgelees en daarop gewys dat onafhanklikheid alleen verkry kan word deur samewerking van die twee blanke rasse in die land en dat dit daarom dwaasheid is om te beweer dat dit 'n teken van rassehaat is om onafhanklikheid vir die land te begeer. Hy het verduide-

124. Die Burger, 15.9.1923 en 29.9.1923. Hoofartikels. Sien ook Ibid., 27.9.1923. Dr. Malan se mening soos uiteengesit op die Kaaplandse N.P.-kongres te Oudtshoorn.

125. Die Burger, 26.9.1923. Verslag van toespraak te Durban. Sien ook Ibid., 15.9.1923. Verslag van toespraak van Creswell te Parktown-Noord; en die F.H.P. Creswell-versameling, band 4. Brief gedateer 26.9.1923 van Hertzog aan Creswell waarin hy hom met die hantering van die saak gelukwens.

lik dat hy besef dat tyd en geduld nodig sal wees voordat die Engelse hulle toestemming tot onafhanklikheid gee; waarsonder die verwesenliking van die Nasionale Party se ideaal onmoontlik sal wees. Daarom kon die Nasionalistes maklik vir die Arbeiders belowe om nie vir die duur van die volgende Parlement enige stappe in die rigting te doen nie. Hulle is bewus daarvan dat dit nog lank sal duur voordat hul ideaal verwesenlik sou word. Afgesien hiervan sal die ekonomiese moeilikhede waarin die regering die land gedompel het; soveel aandag van die kabinet verg dat daar geen tyd vir enigiets anders sal wees nie. Die onafhanklikheid van Suid-Afrika „sal alleen bereik word in die volheid van die tyd en lank nadat ons ekonomiese onafhanklikheid verseker is.“¹²⁶

Die Arbeiders was hiermee tevrede en die breuk is geheel. Die redakteur van The Guardian het hom daarin verheug dat die regering en sy pers met hul verdagmakery oor die motiewe van die Nasionale Party, nie daarin geslaag het om die opposisie te verdeel nie. Hy was van mening dat as die Arbeiders deur die ooreenkoms van die Smuts-regering verlos kan word en deur sy posisie in die Parlement die Nasionale Party kan dwing om onmiddellike aandag aan die ekonomiese sake van die land te gee, hulle 'n groot diens aan Suid-Afrika sal bewys.¹²⁷ Volgens Die Burger het die Arbeiders besef dat die Nasionale Party, hoe hy ook van hulle verskil, ten minste die belange van Suid-Afrika en nie dié van 'n groepie mynmagnate en groothandelaars behartig nie. Aangesien hulle tog geen hoop het om ooit 'n meerderheid in die Parlement te kry nie, is hulle belange veiliger in die hande van 'n Nasionale regering as in die hande van Hoggenheimer en sy lakeie.¹²⁸

Selfs A.G. Barlow was tevrede met adv. Roos se verklaring en op 'n vergadering in Durban op 31 Augustus het hy die ooreenkoms verdedig en die wantroue in Natal teen die Nasionale Party uit die weg probeer ruim. Hy het daarop gewys dat die Natallers al hul inligting oor die boere en Nasionalistes uit „Mercury Lane“ kry en daarom niks goeds van hulle weet nie. Hy het die Vrystaters en Afrikaners, wie se taal hy ken en praat, bestempel as die beste, die opgevoed-

126. Die Burger, 5.10.1923. Verslag van toespraak te Johannesburg. Sien ook Ibid., 25.6.1923 en 20.8.1923. Verslae van toesprake van Roos te Somerset-Oos en te Klerksdorp waar soortgelyke menings gelug is.

127. Die Burger, 13.10.1923. Verstrek die mening van The Guardian, lyfblad van die Arbeidersparty in Natal.

128. Die Burger, 7.11.1923. Hoofartikel.

ste en geleerdste mense in Suid-Afrika, wat graag die vriend van die Engelsman wil wees. Barlow het die ooreenkoms tussen die twee partye bestempel as 'n brug om die rassehaat te laat verdwyn en 'n beroep op die Arbeiders gedoen om die brug sterk te maak. Hy het die Natallers verseker dat hulle nie 'n republiek hoef te vrees nie. Dit is volgens hom nie die Nasionale Party wat die Britse vlag oneer aandoen nie, maar mense soos genl. Smuts wat dit vir politieke doeleindes misbruik en deur die modder sleep.¹²⁹

Kol. Creswell was van mening dat die volk nou voor drie vraagstukke staan waarvoor hy sal moet beslis. Die eerste vraag is of die blanke beskawing in Suid-Afrika opgebou en gehandhaaf gaan word. As die volk daarvoor besluit, sal hy moet sorg dat die regering dienooreenkomstig handel en 'n einde aan die invoer van inboorlinge uit Midde-Afrika maak. 'n Tweede vraag is of die afstammeling van die Engelse en die Hollanders in die land hulle geskille en twiste gaan bylê ter wille van nasionale belang. Of gaan hulle hul toekoms as volk ter wille van vooroerdele en onverdraagsaamhede opoffer? Die derde vraag is of die volk die magte van selfbestuur wat hy besit, gaan gebruik en doeltreffend maak. Of gaan die volk toelaat dat sy regering en wetgewing deur 'n mag beheer word wat deur sy geld, houvas op produksie en sy pers stadig besig is om die hele gees van demokratiese instellings te ontsenu en dit te verander in 'n blote werktuig om sy eie mag, rykdom en invloed te beskerm?¹³⁰ Volgens Creswell het die aanvaarding van die ooreenkoms dus gestaan tussen die behoud of ondergang van die blanke beskawing, 'n verenigde Suid-Afrikaanse volk of afsonderlike en vyandige volksgroepe, en 'n regering deur die volk of deur die geldmag.

Op die jaarlikse kongres van die Arbeidersparty wat vanaf 1 Januarie 1924 in Pretoria gehou is, het kol. Creswell voorgestel dat die ooreenkoms bekragtig word en in 'n toespraak van 'n uur lank sy voorstel gemotiveer. Hy het klem gelê op die slegte ekonomiese toestand, die groot getalle werkloos en armblankes, Asië wat besig is om die blankes in Natal te verdring en blankes wat plek moet maak vir Kleurlinge en naturelle ter wille van groter inkomstes vir die kapitaliste. Hy was van mening dat die blanke be-

129. Die Burger, 3.9.1923. Verslag van toespraak te Durban. Sien ook Ibid., 11.10.1923. Verslag van toespraak van Creswell te Pietermaritzburg i.s. misbruik van die Britse vlag.

130. Die Burger, 11.10.1923. Verslag van toespraak te Pietermaritzburg.

skawing nie in die heersende toestande gehandhaaf kan word nie en dat geen vooruitgang onder die huidige regering moontlik is nie. Daarom het hy 'n beroep op die Arbeiders gedoen om in die lig van dié groot vraagstukke nie toe te laat dat die rassevooroordeel tussen Afrikaner en Engelsman hulle blind maak vir wat in belang van die volk van Suid-Afrika is nie.¹³¹

Creswell is veral deur Barlow en Boydell sterk gesteun. Laasgenoemde het daarop gewys dat die Arbeidersparty nog altyd die magsewewig behou: „Net so sterk soos ons is om die Nasionaliste aan die roer van sake te hou so lank soos hulle die volk van Suid-Afrika billik behandel, net so sterk is ons om hulle uit die kussings te lig so gou soos hulle die vertroue van die bevolking skok. Ons behou ons onafhanklikheid en ons behou ons posisie van beheer oor die wetgewing van Suid-Afrika. Dit skyn vir my 'n baie gesonde argument.“ Na verdere besprekinge is die ooreenkoms eenparig aangeneem.¹³²

Hiermee het die verkiesingsooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty 'n voldonge feit geword. Genl. Hertzog en kol. Creswell het hul volgelinge verseker dat die ooreenkoms met uitsondering van die sesessie-belofte, die aand met die verkiesing beëindig sal word en dat daar geen verdere partyverpligtinge of individuele ondernemings aan enige kant bestaan nie.¹³³ Ten spyte hiervan was dit reeds voor die verkiesing duidelik dat veral na aanleiding van sekere uitlatings van Tielman Roos dit nie net by 'n verkiesingsooreenkoms sou bly nie. Nasionaliste wou nie aanvaar dat die Arbeiders die Nasionale Party sal help om aan die bewind te kom sonder om 'n deel van die buit te eis nie. Nasionale leiers se versekering dat dit wel die geval is, het gevolglik op dowe ore geval. Aangehits deur die Suid-Afrikaanse Party se pers wat beweer het dat Arbeiders in die Nasionale kabinet opgeneem sou word en dat die boere dan daaronder sou ly, is vrae oor die samestelling van die kabinet as die Nasionale Party aan bewind sou kom, gereeld op vergaderings aan Nasionale sprekers gestel. Ontwykende antwoorde soos dat die ooreenkoms nie voorsiening daarvoor maak nie, dat die Nasionale Party dus onder geen verpligting staan nie en dat dit tydverkwisting is om nou daaroor te

131. Die Burger, 3.1.1924. Verslag van kongres.

132. Ibid.; en Minutes of the Annual Conference of the South African Labour Party, 1-3.1.1924, p. 2.

133. Die Burger, 18.12.1923. Brief van genl. Hertzog; en Ibid., 3.1.1924. Verslag van die Arbeidersparty-kongres.

spekuleer, het geen tevredenheid verskaf nie. Die leiers moes gevolglik hulle persoonlike mening oor die moontlikheid of wenslikheid van opname van Arbeiders in 'n Nasionale kabinet verstrek.

Genl. Hertzog het aanvaar dat nie één van die drie politieke partye in die nabye toekoms 'n volstreekte meerderheid oor die ander twee partye sou behaal nie. Om aan die land 'n regering te besorg, sou één van drie kombinasies dus gevorm moes word. Die Nasionale Party kan met die Suid-Afrikaanse Party teen die Arbeidersparty saamwerk, of die Nasionale Party en Arbeiders kan kragte teen die Suid-Afrikaanse Party saamsnoer, of die Arbeidersparty en die Suid-Afrikaanse Party kon hulle teen die Nasionale Party verenig. Dat die Nasionale Party met die Suid-Afrikaanse Party sou saamwerk, was buite die kwessie en daarom sou die Nasionale Party hom dus na die Arbeiders moes wend. Genl. Hertzog het dit duidelik gestel dat as die Arbeiders as voorwaarde vir hulle hulp aan hom of aan genl. Smuts eis dat 'n Arbeider in die kabinet opgeneem word, hulle hul sin sal kry want die land moet 'n regering hê. Aan die vrees wat by sommige mense bestaan dat die opname van 'n Arbeider in die Nasionale kabinet kommunisme in die hand sal werk, kan niks gedoen word nie want „die gevreesde Kommunistiese aansteeklikheid, as dit bestaan, sal moet gedoog word hetsy deur middel van die S.A.P., hetsy deur middel van die Nas. P. Ons land kan dus doen wat ons wil, maar ons sal daar nie van verlos raak nie deur die poorte van die Kabinet vir die Arbeidersparty te sluit nie.“ Hy het beklemtoon dat die Arbeidersparty geen kommunistiese party is nie aangesien die kommuniste hulle eie party het. „Waarom nou die Arbeidersparty en die lede daarvan behandel of beskou as soveel meelaatses op politieke gebied, aanraking waarmee noodwendig moet lei, of vermoedelik sal lei, tot besmetting? Ek kan my geen optrede van ons kant voorstel wat meer noodlottig sal wees vir ons samelewing as juis gedrag van hierdie aard nie.“ Genl. Hertzog het aangevoer dat kommunisme eerder aangemoedig as bestry sou word deur dit te verban. Hy bepleit 'n beleid van verdraagsame toegewendheid en welwillendheid teenoor die arbeiderklasse. „Minagting en verwaarlosing ten opsigte van die arbeiderklasse, is jaarhonderde lank die reël gewees by staatshoofde en regerings in Europa, en Kommunisme en Nihilisme is daar uiteindelik die antwoord van die geminagte arbeiderklasse op gewees. Om die Kommunisme te bestry deur minagtende verstoting van die Arbeider uit die Kabinet, sou gelykstaan met 'n poging om kwade gevolge

te bestry met die oorsaak van die kwaad, - om die verdrukking van die graan deur onkruid, te belet deur die saai van meer onkruid. Ek voel daar oortuig van, dat as ons die voortgang van Kommunisme en ander verderflike leerstellings by ons wil teengaan, dan moet ons sorg om die hart van ons arbeiderklasse te behou, en daar die Afrikaanse volk (Engels- sowel as Hollandssprekend) 'n selfrespekterende volk is, sal ons daarin alleen slaag solang ons aan die Afrika-nerarbeider toon dat ons hom respekteer. Deur uitstoting doen ons die teenoorgestelde van eerbied te betoon, en dryf ons hom dadelik in die harnas teen ons met 'n gevoel van onreg en verbittering." Genl. Hertzog was dan ook bereid om Arbeiders in sy kabinet op te neem, aangesien geen staatsman die reg het om die „medewerking van gerespekteerde volks-klasse te weier waar die medewerking aangebied word tot instandhouding van die reëlmatige regering van die land en niks onredeliks vereis nie."¹³⁴ Op 'n vraag of die Nasionale Party in geval van 'n volstrekste meerderheid nog bereid sal wees om Arbeiders op hulle versoek in die kabinet op te neem, het genl. Hertzog geantwoord: „Dit sal buitengewoon dwaas wees van hulle om te vra om verteenwoordig te wees in die Regering daar dit die dood van die Arbeiders sou beteken. Maar as hulle so dom sou wees, sal ek geen beswaar daarteen hê nie."¹³⁵

Adv. E.G.Jansen het dieselfde standpunt ingeneem en geen beswaar teen die opname van Arbeiders in die kabinet gehad nie.¹³⁶ Dr. D.F. Malan was egter baie onwillig om so iets goed te keur. Hy het reguit verklaar dat die Nasionale Party in geval van 'n volstrekste meerderheid, geen Arbeider in sy kabinet sal hê nie. Indien die Nasionale Party egter nie sonder die hulp van 'n ander party kan regeer nie, is dit moontlik dat „'n deel van die los konglomerasie wat die S.A.P. is, die Nasionale regering sal steun. Daar is ook die moontlikheid van hereniging." Van die Arbeiders het hy weggeskram, maar tog verklaar dat as dit nie anders kan nie, en die Arbeiders een of twee kabinetsposte eis as voer-

134. Die Burger, 18.12.1923. Brief van genl. Hertzog; E.G. Jansen-versameling, lêer 83. Afskrif van brief aan ds. Theron. Sien ook Die Burger, 12.3.1923 en 3.4.1923. Verslae van toesprake van genl. Hertzog te Robertson en Koster; en Ibid., 21.4.1923. Hoofartikel.

135. Die Burger, 25.2.1924. Verslag van toespraak te Ceres; en Ibid., 13.7.1923. Verslag van toespraak te Kimberley.

136. Die Burger, 15.5.1923 en 10.4.1924. Briewe van adv. E.G. Jansen.

waarde vir samewerking, hulle tydelik in die kabinet opgeneem sal word totdat 'n suiwer Nasionale regering gevorm kan word.¹³⁷

Dit was net adv. Tielman Roos wat van die begin af sonder voorbehoud verklaar het dat hy hoop dat genl. Hertzog minstens drie Arbeiders of minstens 'n getal in verhouding met die aantal Arbeider-Volksraadslede, in die kabinet sal opneem. Hy het ook die hoop uitgespreek dat die Arbeiders hulle weg oop sien om met die Nasionalistes 'n koalisiering te vorm.¹³⁸

Genl. Hertzog, adv. Jansen, sowel as dr. Malan, het dit egter sterk betwyfel of die Arbeiders vir opname in die kabinet te vinde sou wees aangesien hul konstitusie sodanige samewerking met 'n ander party verbied het.¹³⁹ Hoewel die Arbeiders oor die saak geswyg het, het kol. Creswell in Januarie 1924 op die kongres van die Arbeidersparty laat deurskemer dat hy so iets wel sou oorweeg. Hy het daarop gewys dat as hulle gevra sou word om saam met die Nasionalistes in die kabinet te dien, hy 'n spesiale kongres byeen sou roep om daarvoor uitsluitel te gee. Dit sal van omstandighede afhang of hy hulle weer sal aanraai om soos in 1920, toe hy geweier het om in genl. Smuts se koalisiekabinet te dien, op te tree al dan nie.¹⁴⁰

Die Nasionale Party en die Arbeidersparty was dus na byna twee jaar se onderhandelings gereed om die Suid-Afrikaanse Party in 'n algemene verkiesing met verenigde kragte aan te pak. Die toenadering tussen die twee partye het met die staking van 1922 aan die Rand begin toe albei in belang

137. Die Burger, 8.9.1923 en 28.9.1923. Verslae van toesprake te Riversdal en Oudtshoorn. Sien ook Malan, op. cit., p. 73. Dr. Malan het in 'n toespraak op De Aar verklaar dat hy die ooreenkoms ten volle steun. Hy het die toestand in die land beskryf as 'n huis wat aan die brand is. Die Nasionale Party en die Arbeidersparty het die vlamme gesien en hulle verskille laat vaar om die brand te blus in stede van rusie te maak oor wat aan elkeen betaal moet word vir die aandra van die water. Sien Die Burger, 8.11.1923. Verslag van vergadering.

138. Die Burger, 18.4.1923 en 25.6.1923. Verslae van toesprake te Ermelo en Somerset-Oos; Ibid., 3.10.1923 en 2.11.1923. Verslae van toesprake te Chrissiemer en Pretoria; Ibid., 17.11.1923. Artikel van Roos oorgeneem uit The Guardian; en Ibid., 31.3.1924 en 8.4.1924. Verslag van toespraak te Amersfoort en persverklaring van Roos.

139. Supra, p. 329; Die Burger, 28.9.1923. Verslag van toespraak van dr. Malan te Oudtshoorn; en Ibid., 15.5.1923. Brief van adv. Jansen oorgeneem uit Die Afrikaner.

140. Die Burger, 3.1.1924. Verslag van kongres.

van die arbeiders hulle heftig teen die regering se optrede verset het. Die steun van die Nasionaliste aan die stakers, ongeag watter taal hulle praat, en die feit dat Afrikaner en Engelsman as arbeiders sy aan sy gestaak, hulle gesamentlik teen die regering se optrede verset het en saam onder die bomme gestek is, het nie alleen die rasseverskille in 'n groot mate laat verdwyn nie, maar ook die wantroue van die Engelse arbeider teenoor die Afrikaner-Nasionalis laat afneem. Die staking het dus 'n verandering in gesindheid tot gevolg gehad en Arbeiders en Nasionaliste het ondanks groot beginselverskille spoedig gemeenskaplike gronde vir samewerking teen die Smuts-regering gevind.

Die leiers van die Suid-Afrikaanse Party het dikwels na die ooreenkoms verwys dat dit uit haat gebore is. In werklikheid was dit gebaseer op 'n verset teen 'n gemeenskaplike vyand, die Smuts-bewind met sy pro-Britse, pro-kapitalistiese en anti-arbeider-beleid, en onvermoë om die ekonomiese en maatskaplike vraagstukke van die land op te los en om Suid-Afrika in belang van sy inwoners te ontwikkel. Die historikus D.W. Kruger wys dan ook tereg daarop dat: „Although it was apparently based on hatred of a common enemy, its real foundation was a common economic interest.“¹⁴¹

¹⁴¹. Kruger, op. cit., p. 133. Sien ook Karovsky, op. cit., p. 101.

H O O F S T U K VII.

POLITIEKE MAGSVERSKUIWING IN
SUID-AFRIKA.

Die Volksraadsverkieëing van 8 Februarie 1921 het aan die gekombineerde magte van die Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste-party 'n oorwinning en 'n volstrekte meerderheid van 24 setels bó die ander partye besorg. Die meerderheid het egter kort hierna na 20 gekrimp toe die hof beslis het dat die kiesafdeling Oos-Londen deur 'n Arbeider verower is en dat die Nasionale Party se minderheid van een stem in Rustenburg werklik 'n meerderheid van twee stemme is. Hoewel nog twee hofsake hangende was, was die stand van partye: Suid-Afrikaanse Party 77, Nasionale Party 46, Arbeidersparty 10 en Konstitusionele Demokratiese Party oftewel Onafhanklike 1.¹

Hoewel die Nasionale Party slegs twee setels meer as in die verkieëing van Maart 1920 gekry het, het hy 6,495 stemme meer op hom verenig.² Die fenomenale groei van die party is duidelik as in ag geneem word dat dit in 1914 gestig is, dat hy met sy eerste verkieëing in 1915 slegs 27 setels verower en dit na 44 in 1920 opgeskuif het.³ Die uitslag van die 1921-verkieëing en die feit dat die S.A. Party 'n hele aantal setels slegs met klein meerderhede behou het, het daarop gedui dat die Nasionale Party besig was om sy posisie te verstewig.⁴

Ná die uitslag van die verkieëing het genl. J.B.M. Hertzog, leier van die Nasionale Party, hom verheug oor die groot verlies van die Arbeidersparty wat elf setels moes afstaan omdat so baie Engelse arbeiders om verskeie redes vir die Suid-Afrikaanse Party van genl. J.C. Smuts gestem het.⁵ Hy was van mening dat die Arbeidersparty geen bestaansreg in die land het nie en dat dit 'n „Unionisties-imperiale party [is] wat tot sover 'n valse vlag seil en geen rede van bestaan het nie. Die Afrikaner wat daar lid van is, word alleen gebruik tot onderdrukking van alles en almal wat hom anders as Afrikaner dierbaar is. Deur die neerlaag aan die Jingo Arbeidersparty toebring, staan daar-

1. Supra, p. 33.

2. Kongresnotule van die Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat, 11-12.10.1921, p. 7. Verslag van Sentrale Bestuur.

3. Supra, p. 8.

4. Supra, p. 32.

5. Supra, p. 34.

die party so in diskrediet by die Afrikaner-arbeider dat so lang dit besiel bly met sy jingoistiese imperialisme, dit van hem weinig verdere ondersteuning sal geniet. Daardeur is die Nasionale Party versekerd van die Afrikaner-arbeider en is die oorwinning oor die Arbeidersparty vir ons 'n blywende baat."⁶ Genl. Hertzog het dus besef dat die Afrikaner-arbeider in die stede se stem wat in 'n groot mate deur die Arbeidersparty opgeëis is, nou vir die Nasionale Party verower kon word. Die Burger het dit ook beklemtoon dat die Nasionale Party se krag in die platteland geleë is, terwyl Suid-Afrika se stedelike bevolking sedert 1904 reeds dié van die platteland oorskry. Die redakteur was van mening dat die Nasionale Party iets daadwerkliks sal moet doen om sy invloed na die stede uit te brei anders sal hy altyd 'n minderheidsparty bly.⁷

Dit is dus duidelik waarom die Nasionale Party in toenemende mate sy aandag op die Afrikaner in die stad toegespits het. Hoewel die party eers in 1922 die geleentheid gekry het om sy invloedssfeer na veral die Rand, waar minstens 75% van die arbeiders Afrikaanssprekend was, uit te brei, het Die Burger by 'n paar geleenthede die klimaat vir daadwerklike optrede geskep. Die redakteur het daarop gewys dat 'n skynbare teenstelling in ekonomiese belange, die Afrikanervolk in twee kampe, dié van die platteland en dié van die stad, verdeel het. So 'n verdeling is veral opmerklik in ouer lande waar politieke partye gevorm is om die belange van een of ander groep te beskerm. So behartig die Arbeiders- of Sosialistiese Party gewoonlik die belange van die stedeling, terwyl die kapitaliste en grondbesitters in 'n ander party verteenwoordig is. Hoewel hierdie stelsel resultate lewer, is dit geen ideale oplossing nie, aangesien so 'n verdeling die verhouding tussen die twee groepe vergiftig en gewoonlik 'n noodlottige invloed op die verhouding tussen werkgewer en werknemer het.⁸

Die redakteur is oortuig dat dit veel beter sal wees as die twee groepe mekaar in één party kan ontmoet en leer om saam te werk. Hy meen egter dat dit net moontlik is waar hoë ideale en belange op die spel is, soos in Suid-Afrika die geval is. Die Afrikanervolk het behalwe moontlike teen-

6. Die Burger, 22.2.1921. Verklaring van genl. Hertzog. Sien ook Ibid., 28.2.1921. Berig uit Transvaal waar o.m. gesê word dat die Afrikanerarbeiders uit die gebeure van die afgelope tyd geleer het dat die verwagtinge wat hulle van die Arbeidersparty gekoester het, op onbetroubare imperiale sand gebou was.

7. Die Burger, 11.7.1921. Hoofartikel.

8. Die Burger, 3-5.3.1921. Hoofartikels.

strydige ekonomiese belange, nog soveel gemeenskaplike ideale dat dit as grondslag kan dien vir die vorming van 'n politieke party waaraan werkgewer en werknemer, stedeling en boer kan behoort. Die grootste ideaal is dié van volksbehoud, want as gevolg van die oorheersing van die Engelsman voel die Afrikanervolk hom bedreig. Elkeen wat dus oortuig is dat die Afrikaner as volk 'n sekere roeping en taak deur die Voorsienigheid opgelê is, glo dat die behoud van hierdie volk sy eerste en vernaamste plig is.⁹

Die Burger verduidelik dat so 'n groepering nie net noodsaaklik is nie, maar ook moontlik omdat die twee groepe in die land nog nie sover van mekaar af staan nie. Die stedelike Afrikaner is 'n nuwe produk en hyself of sy ouers is nog op die plaas gebore. Die kontak tussen landelike en stedelike Afrikaner is gevolglik nog groot want hulle word nog deur bande van bloed en vriendskap gebind. Die Afrikaner in die stad is nie heeltemal onbekend met die probleme van die platteland en is nie onverskillig teenoor die behoeftes van die boer nie. Hulle praat dieselfde taal, bely dieselfde godsdiens en stry dieselfde nasionale stryd. Hierdie faktore is genoeg om die volk bymekaar te hou as hulle bedreig voel, wat op die oomblik die geval is. Die Afrikaner se taal word bedreig en beveg, sy kerk loop gevaar om sy invloed in die stede te verloor as gevolg van die aanraking van die Afrikanerarbeider met die sosialistiesgesinde buitenlandse werker, terwyl die Afrikaner voel dat sy voortbestaan as volk op die spel is.¹⁰

Die redakteur wys verder daarop dat die trek van die platteland na die stad die afgelope jare sterk toegeneem het. Daar is 'n stedelike Afrikanerbevolking in wording en indien daar nie na hulle omgesien word nie, sal hulle soos in ander lande, geleidelik van die platteland vervreem word en dan sal dit baie moeilik gaan om die bande weer aan te knoop. Daar word aangetoon dat hoewel die Nasionale Party die stemme van die arbeider wil hê, hy nie juis uit sy pad gaan om hulle belange te behartig nie. Artikel 10 c van die party se program van beginsels erken wel die „heilsaamheid van die arbeider“ maar 'n duidelike beleid ontbreek nog. Die beginsel kan egter na sy mening as grondslag vir 'n behoorlike arbeiderspolitiek dien. Deur die werkgewer en die werknemer in die Nasionale Party saam te bring, kan ook uitvoering gegee word aan artikel 10 c waarin 'n gevoel van wedersydse

9. Ibid.
10. Ibid.

vertroue en simpatie tussen die twee beoog word. Die redakteur het dit betreur dat daar op die platteland 'n gevoel van onverskilligheid - hoofsaaklik te wyte aan onkunde - oor die welsyn van die arbeider heers. Hy waarsku dat as die Afrikaner sy volkseenheid wil handhaaf, die plattelander moet beseef dat die Afrikaanssprekende steding 'n deel van die volksliggaam is wat net soveel aandag moet geniet en na wie se belange omgesien moet word. Gevolglik sal daar op kongresse en in toesprake meer aandag aan hom gegee moet word.¹¹

Hy wys daarop dat genl. Hertzog hom oor die uitsterf van die Arbeidersparty verheug het, omdat hy reken dat die Afrikanerarbeider dan nie meer die Arbeidersparty sal steun nie. Dit blyk dus hieruit dat die Nasionale Party reeds 'n gedeelte van sy stemkrag aan die Arbeiders afgestaan het. Dit het gebeur omdat die Afrikanerarbeider oortuig was dat die Arbeidersparty sy materiële belange beter as die Nasionale Party sou behartig. Indien so 'n gedagte moet posvat, sal dit na sy mening noodlottig vir die Nasionale Party wees. Dit is dus nie genoeg dat die Nasionalistes hulle oor die neerlaag van die Arbeiders verheug nie. Dit is nodig dat die party deur sy politiek vertroue by die Afrikanerarbeider, wat betref die behartiging van sy materiële belange, moet inboesen. Die Burger beklemtoon ook die feit dat aangesien die Arbeidersparty se mag in 'n groot mate in die verkiesing gebreek is, dit die Nasionale Party se plig as 'n sterk opposisieparty is om die belange van die arbeiders te behartig en daardeur 'n ewewig tussen kapitaal en arbeid te bewaar.¹²

Slegte ekonomiese toestande en die depressie wat net na die oorlog oor die hele wêreld ingetree het, het ongetwyfeld daartoe bygedra dat die Nasionale Party sy aanhang uitgebrei het. Die regering was nie by magte om die situasie behoorlik te hanteer nie, en geen voorsorg is gemaak vir die toestand wat noodwendig op die oorlog moes volg nie. Die eerste sitting van die nuwe Parlement in 1921 het bewys dat die regering nie aan die hoë verwagtings wat van hom gekoester is, voldoen nie.

Die Ministers van Finansies en van Spoorweë het albei klem gelê op die tekorte in die staatskas en die noodsaaklikheid van besuiniging. Die spesiale lewensduurtotoelae aan

11. Ibid.

12. Die Burger, 3.5.1921, 5.3.1921, 15.3.1921 en 6.4.1921. Hoofartikels. 'n Nasionale vergadering op Uitenhage het besluit dat die N.P. meer simpatiek teenoor die werkers moet optree en vir hulle belange in die bres moet tree. Sien Ibid., 29.4.1921.

staatsamptenare is geleidelik met 25% per kwartaal vermindert totdat dit na 'n jaar heeltemal sou verdwyn. Die werksdag van 8 uur op die spoorweë is verleng en ondanks die ministers se beloftes dat personeel nie ontslaan sou word nie, het baie mense, veral op die spoorweë, hulle ontslag gekry. Postariewe en seëlregte is verhoog, hoër aksynsbelasting op tabak en drank is gehef en die boere se inkomstebelasting is so gewysig dat dit op 'n verhoging neergekom het.¹³ Weens droogtes, plaas, swak pryse vir hul produkte en hoë rente op geleende geld is baie boere van hul plase verdryf en hulle het 'n heenkome in die stede gaan soek waar daar reeds duisende werkloses was. Ten spyte hiervan is immigrasie na Suid-Afrika aangemoedig en die regering het min gedoen om die ongewenste immigrant wat die brood uit 'n landsburger se mond kom neem, uit die land te hou.¹⁴ Van die beskerming van nywerhede en die invloed van buitelandse kapitaal wat volgens genl. Smuts se verkiesingstoesprake nuwe werksgeleenthede sou skep, het niks gekom nie.¹⁵ Die regering se optrede by Bulhoek in Mei 1921 waar byna 300 godsdienstig waansinnige naturelle deur regeringstroepen gewond en doodgeskiet is, het verder tot die regering se ongewildheid bygedra.¹⁶

Met so 'n rekord moes die regering op 8 September 1921 weer opnuut die steun en vertroue van die kiesers in twee tussenverkiesings gaan vra. In die kiesafdeling Kaapstad-Tuine is G.W. Hawley, lid van die Suid-Afrikaanse Party, weens sekere ongerymdhede in die verkiesingsveldtog deur die hof ontsetel. In 'n ander Kaapse setel, Liesbeek, waar 'n byna soortgelyke klag teen die S.A. Party-lid, J.W. Mushot, gelê is, het hy bedank voordat die hof uitspraak gelewer het.¹⁷ Nie een van die twee kandidate het hulle weer verkiesbaar gestel nie. In Tuine is dr. E.B. Fuller teen 'n Arbeider, dr. R. Forsyth, genomineer terwyl W.J. Laite gekies is om C. Pearce, ook 'n Arbeider, in Liesbeek te opponeer.¹⁸

Hoewel hierdie tussenverkiesings slegs agt maande na die algemene verkiesing plaasgevind het, was die strydpunte waaroor dit beslis is, heel verskillend. Waar dit in die verkiesing in Februarie op genl. Smuts se aandrang hoofsaaklik oor die konstitusionele posisie van die land gegaan het, is dit nou oor brood-en-botter-vraagstukke gevoer. Die Arbeiders

13. Supra, pp. 210-211 en pp. 248-249.

14. Supra, p. 244 en p. 273 et seq.

15. Supra, p. 247.

16. Supra, p. 156 et seq.

17. Die Burger, 2.7.1921 en 5.7.1921.

18. Die Burger, 25.8.1921.

het klem gelê op die mooi beloftes van genl. Smuts voor die algemene verkiesing en aangetoon watter kontras die teenswoordige ekonomiese toestand daarmee vorm. Hulle het die regering vir die grootskeepse werkloosheid verantwoordelik gehou, want spoorwegbenodigdhede wat in Suid-Afrika vervaardig kan word, word van oorsee af ingevoer, arbeiders word uit die spoorwegdiens ontslaan om plek te maak vir immigrante en geen nuwe werksgeleenthede word deur die beskerming van nywerhede geskep nie. Daarbenewens is gekla oor onvoldoende onderwys en opleiding, die toename van insolvensies, verlenging van die werksdag van 8 uur, die wegneem van die lewensduurtetoelaag aan amptenare en onvoldoende behuising. Die S.A. Party is bestempel as 'n party wat net die belange van die kapitaliste behartig terwyl die grootste deel van die volk moet sien kom klaar. Die regering het selfs sover gegaan om die Transvaalse Provinsiale Raad te verbied om die goudmyne te belas. Arbeiders het ook die gebeure op Bulhoek aan die Kleurlinge en naturellekiesers voorgehou as bewys van hoe die regering oor die nie-blankes voel. Hulle het 'n beroep op die kiesers gedoen om vir die Arbeidersparty te stem, want as die S.A. Party 'n meerderheid kry, sal die regering dit vertolk as tevredenheid met sy beleid en op dieselfde trant voortgaan.¹⁹

Die Suid-Afrikaanse Party het self die waarde van die uitslag van hierdie twee setels besef en genl. Smuts en drie van sy ministers het verskeie vergaderings saam met die kandidate toegespreek. Hulle het ontken dat die regering vir die werkloosheid en depressie verantwoordelik gehou kan word, aangesien dit 'n wêreldwye na-oorlogse verskynsel is. Genl. Smuts het daarop gewys dat die regering sy bes in die heersende omstandighede doen en het 'n groot toekoms vir Suid-Afrika voorspel. Sir Thomas Smartt, Minister van Landbou, het weer die klem gelê op die gevare van die Arbeidersparty se sosialistiese beginsels, die gevolge van dié beleid in Euro-

19. Die Burger, 19.8.1921 en 23.8.1921. Verslae van toesprake van C. Pearce, T. Boydell en W. Snow te Maitland en Goodwood; Ibid., 25.8.1921. Verslag van onderhoud met Snow; Ibid.; 26.8.1921. Verslae van toesprake van R. Forsyth en Boydell te Kaapstad; Ibid., 1.9.1921. Verslae van toesprake van Forsyth en Snow te Kaapstad en van Forsyth, Boydell, J. Mullineaux en R. Balmforth te Kaapstad; en Ibid., 7.9.1921. Verslae van toesprake van sen. P.K. Fraser, Snow en Pearce te Goodwood.

pa en die ellende wat dit in Rusland meegebring het.²⁰

Gemoedere het hoog geloop en vergaderings van die S.A. Party was rumoerig. Op 'n vergadering in Maitland wou die gehoor selfs vir genl. Smuts nie behoorlik kans gee om sy toespraak te lewer nie.²¹ Hoewel die Nasionale Party hom buite die verkiesingstryd gehou het, het Die Burger die gebeure in Maitland afgekeur: „Ons staatslewe berus op demokratiese grondslag. Dis alleen wanneer beide partye behoorlik gehoor word, dat ons kan verwag, dat die kieser die geleentheid kry om behoorlik sy oordeel te vorm.“ Die redakteur het die kiesers gemaan om, al is dit soms moeilik, kalm te bly en selfbeheersing toe te pas.²²

Op 8 September is albei kandidate van die Suid-Afrikaanse Party verslaan. In Kaapstad-Tuine waar die stempersentasie 71 was, is dr. R. Forsyth met 'n meerderheid van 54 stemme verkies. In Februarie van dieselfde jaar is hierdie setel deur die S.A. Party met 'n meerderheid van 1039 stemme op die Arbeidersparty verower.²³ In Liesbeck is C. Pearce met 'n groot meerderheid van 1,230 stemme verkies terwyl die stempersentasie 68 was. Die meerderheid van die S.A. Party in Februarie was 100.²⁴ Met hierdie uitslae het die regering se meerderheid in die Volksraad van 20 na 16 gedaal.

Die uitslag het ongetwyfeld as 'n skok vir die regeringsparty gekom. Die regeringspers het die neerlaag aan 'n hele aantal faktore toegeskryf, dog almal was dit eens dat die regering baie steun verloor het as gevolg van sy verpligte besuinigingsmaatreëls en die slegte ekonomiese toestand waarvoor hy nie verantwoordelik gehou kan word nie.²⁵ The

20. Die Burger, 23.8.1921. Verslag van toespraak van W.J. Laite te Maitland; Ibid., 1.9.1921 en 3.9.1921. Verslae van toesprake van genl. Smuts te Kaapstad en Maitland; Ibid., 3.9.1921. Verslag van toespraak van dr. E.B. Fuller te Kaapstad; Ibid., 6.9.1921. Verslae van toesprake van minister Malan en Laite te Parow; en Ibid., 8.9.1921. Verslae van toesprake van minister Malan en Smartt te Kaapstad.

21. Die Burger, 1.9.1921 en 3.9.1921. Verslae van toesprake van genl. Smuts te Kaapstad en Maitland; en Ibid., 23.8.1921. Verslag van toespraak van W. Laite te Maitland.

22. Die Burger, 5.9.1921. Hoofartikel.

23. Die Burger, 9.9.1921; en Ibid., 10.9.1921. Hoofartikel. In Feb. 1921 was die stempersentasie 66. Sien Official Year Book of the Union of South Africa, no. 5, p. 414 en p. 416.

24. Die Burger, 9.9.1921. In 1921 was die stempersentasie slegs 55.

25. Die Burger, 10.9.1921. Verstrek die menings van die Cape Times en Cape Argus; en Ibid., 12.9.1921. Verstrek die menings van Ons Land, De Volkstem en die Sunday Times.

Friend was van mening dat dit die prys is wat 'n regering betaal omdat hy sy plig doen. Die redakteur was oortuig dat die kiesers weer vir die S.A. Party sal stem sodra die land weer welvarend is.²⁶

Volgens Die Burger was die uitslag 'n duidelike bewys dat die Arbeiders nou ná die mooi beloftes van genl. Smuts ontnugter is. Die redakteur het aangetoon dat dit die eerste geleentheid was om die reaksie van die arbeiders te toets. Die toets sou in Liesbeek en Kaapstad-Tuine des te suiwerder wees omdat albei kiesafdelings, wat politieke belydenis betref, gedurende die afgelope jare baie twyfelagtig en besonder vatbaar vir die invloed van die algemene strominge op politieke gebied was. Hy meen dat hulle uitspraak met veiligheid as 'n aanduiding van die algemene gevoel in die land vertolk kan word. Die feit dat soveel ministers en die Eerste Minister met die veldtog gehelp het en dat die S.A. Party twee koerante tot sy beskikking gehad het terwyl die Arbeidersparty geen enkele orgaan gehad het waardeur hy sy saak kon stel nie, bewys hoe groot die neerlaag vir die S.A. Party in werklikheid is.²⁷

Volgens C.W. Malan, Nasionale lid vir Humansdorp, en T.G. Boydell, Arbeiderlid vir Durban-Greyville, was die neerlae vir genl. Smuts maar net die begin van wat vir hom in die toekoms wag.²⁸ Genl. Smuts self het die neerlaag filosofies aanvaar. Hy het die slegte ekonomiese toestand aan wêreldtoestande gewyt en was van mening dat die regering hom in die omstandighede baie goed van sy taak kwyt: „Hulle moet net onthou dat die grondslae van die land gesond is ... Dit is seker dat ons baie sterker sal wees na hierdie storm. Hier en daar kan 'n tak afgebreek word en in dae soos dié kan ons verwag om spaanders te sien waai, maar spr[aker] glo dat juis hierdie storm 'n vermoede seën sal blyk.“²⁹

Die korrespondent van The Round Table het egter gewaarsku dat dit foutief sou wees om die neerlaag toe te skryf aan 'n blinde begeerte om die regering as gevolg van die depressie 'n skop te gee. As die regering nie 'n behoorlike en gesonde ekonomiese beleid volg nie, kon dit sy ondergang be-

26. The Friend, 10.9.1921. Hoofartikel.

27. Die Burger, 10.9.1921. Hoofartikel.

28. Die Burger, 13-14.9.1921. Verslae van toesprake van C.W. Malan te Humansdorp en Port Elizabeth; en Ibid., 9.9.1921. Verklaring van Boydell. Sien ook Ibid., 15.9.1921 en 17.9.1921. Verstrekk die menings van Die Afrikaner en Het Westen.

29. Die Burger, 26.9.1921. Verslag van toespraak te Pretoria.

teken.³⁰

Die uitslag van die twee tussenverkiesings, ten spyte van die S.A. Party se harde werk om hulle te behou, het duidelik getoon dat die arbeider en Engelssprekende begin besef het dat genl. Smuts hulle in die algemene verkiesing met mooi beloftes en waarskuwings dat die Britse vlag in gevaar is, gebruik het om aan bewind te kom. Hy was skynbaar nie van plan om sy beloftes uit te voer nie. Die gesamentlike protes van boer en stedeling, Afrikaans- en Engelssprekend, Arbeider en Nasionalis, en dikwels ook lede van die Suid-Afrikaanse Party, oor die ekonomiese, arbeids-, nywerheids- en immigrasiebeleid van die regering, het gedui op 'n groeiende verset teen die regeringse pro-Britse beleid wat nie in belang van Suid-Afrika was nie.³¹ Die Nasionale Party met sy beleid van Suid-Afrika eerste, het as gevolg hiervan meer geleentheid gehad om die steun van die Engelssprekendes te verower.

Reeds met sy stigting het die party die noodsaaklikheid van die eenheid van die blanke bevolking as grondslag vir die welvaart van Suid-Afrika aanvaar en dit in artikel 9 van sy program van beginsels opgeneem. Die Nasionale Party was dus nie 'n rasseparty of seksionele party soos die Suid-Afrikaanse Party voortdurend beweer het nie. Hy wou verseker dat die twee taalgroepe elk sy eie identiteit behou, maar deur hul gemeenskaplike trou aan één vaderland, Suid-Afrika, 'n hegte eenheid as die Suid-Afrikaanse volk vorm.³² Getrouheid en lojaliteit aan Suid-Afrika is dus as enigste vereiste vir lidmaatskap aan die Engelsman of immigrant gestel, aangesien dit die grondslag van die Nasionale Party was.³³

Hoewel die Nasionale Party hoofsaaklik uit Afrikaanssprekendes bestaan het, het hy besef dat die steun van die Engelssprekende in die land onmisbaar is vir die bereiking van sy ideale. Toestande in 1921 en daarna het die party 'n gulde geleentheid gebied om hierdie steun te bekom. Op 11 Augustus 1921 het Die Burger klem gelê op die noodsaaklik-

30. The Round Table, vol. 46, p. 426.

31. Supra, p. 208 et seq.

32. Nasionale Party van die Oranje Vrystaat. Beginsels konstitusie, statute, (1926), pp. 8-9. Artikels 5, 6 en 9; Coetzee, D.J.J., Die geskiedenis van die Nasionale Party 1914-1921, M.A.-verhandeling, U.C.V.S., 1967, pp. 78-81 en p. 84.

33. Ibid., p. 84. Genl. Hertzog het in Maart 1921 in 'n onderhoud met 'n Amerikaanse joernalis daarop gewys dat een van die sterkste motiewe van die Nasionale Party vir afskeiding van die Britse Ryk en die stigting van 'n republiek, die verkryging van 'n solidariteit tussen die Engelse en Afrikaanse element in Suid-Afrika is. Sien Die Burger, 23.3.1921.

heid om die Engelse landsburger oor die ideale en doelstellinge van die Nasionale Party in te lig. In sy betoog het die redakteur daarop gewys dat die leiers van die party al dikwels verklaar het dat die Nasionale Party geen party is wat sy steun uitsluitlik net by één deel van die blanke bevolking soek nie. Nasionaliste erken ook dat die verwesenliking van hul ideale nie moontlik is sonder die steun van 'n aansienlike deel van hul Engelssprekende medeburgers nie. „Het zou eenvoudig waanzin zijn ons te verbeelden, dat de Hollandse Afrikaner de lotsbestemming van ons land alleen in zijn hand heeft.“ Volgens die redakteur was dit nou die ideale geleentheid om die Engelssprekende geleidelik oor die party se beginsels in te lig. Hy het daarop gewys dat in navolging van Kanada 'n gees van nasionalisme in die dominiums vaardig geword het - 'n natuurlike reaksie op die imperialisme van die afgelope tyd. Dit was veral die Eerste Wêreldoorlog wat die mense se oë geopen het en hulle laat besef het dat imperialisme baie opofferings eis. Hy meen dat as 'n persoon hom permanent in Suid-Afrika gevestig het, dit tog nie moeilik vir hom is om te begryp dat hy sy politieke en ekonomiese lewe na die belange van sy eie land en volk moet rig nie. Op hierdie fondament staan nasionalisme en as daar konsekwent op die beginsel voortgebou word, lei dit vanself tot die beginsels van die Nasionale Party. Die redakteur doen gevolglik 'n beroep op die Federale Raad van die Nasionale Party om nie langer te wag om die Engelssprekende Afrikaner in die party te betrek nie. Hy wys ook op die nutteloosheid daarvan om te wag tot 'n paar maande of weke voor 'n verkiesing en dan deur 'n paar pamflette of toesprake - wat buitendien deur die Engelse pers verswyg of verdraai word - 'n verandering in die openbare mening te probeer bewerkstellig.³⁴

Nasionaliste het in toenemende mate in hul toesprake daarop gewys dat die Engelsman baie welkom in die Nasionale Party is. Adv. F.W. Beyers, lid vir Edenburg, het op 'n Nasionale byeenkoms op Worcester beklemtoon dat die Nasionale politiek die ganse bevolking van Suid-Afrika insluit, ook diegene wat nie in die land gebore is nie, maar wat Suid-Afrika as hul vaderland aanvaar.³⁵ Op die Transvaalse kongres van die Nasionale Party in September 1921 het adv. Tielman Roos, leier van die Nasionale Party in Transvaal en lid vir Lichtenburg, verduidelik dat nasionalisme beteken om Suid-

34. Die Burger, 11.8.1921 en 21.8.1921. Hoofartikels.

35. Die Burger, 1.8.1921. Verslag van toespraak te Worcester.

Afrika op te bou in belang van die inwoners van Suid-Afrika en dat die Nasionale Party se beginsels breed genoeg is om alle seksies in te sluit. Hy het hom daarin verheug dat die Engelssprekendes al hoe meer die beginsels van die Nasionale Party begin verstaan en hulle al hoe meer by die party skaar. Hy skryf dit daaraan toe dat hulle begin besef dat die regering hom nie wil beperk tot die belang van Suid-Afrika nie. Hy verwag ook dat baie regeringsondersteuners wat nog uit koppigheid by hul party staan, om ekonomiese redes spoedig by die Nasionale Party sal aansluit.³⁶ Op Vrededorp het adv. Roos almal uitgenooi om lid van die Nasionale Party te word: „Elkeen kan Afrikaner wees en aan ons party behoort, onverskillig wat sy geboorteland of sy taal is; dis selfs goed moontlik vir 'n nie-Afrikaner van geboorte om 'n beter Afrikaner te wees as genl. Smuts.” Hy voorspel dat die Nasionale Party as gevolg van soveel bekeerlinge op die oorswinningspad is en dat selfs Johannesburg binne 10 jaar Nasionaal sal wees.³⁷

Op die Natalse kongres van die Nasionale Party het A.J. Werth, Nasionale Volksraadslid vir Kroonstad, die mening uitgespreek dat die arbeiders besef dat hulle belange nie so in stryd met dié van die boer is as wat hulle gedink het nie en dat selfs die Engelssprekendes anders oor die Nasionale Party voel. Hulle is nou vatbaar vir oortuiging en daarom het die tyd vir kragtige propaganda van Nasionale beginsels aangebreek.³⁸

In Port Elizabeth het A.P.J. Fourie, Volksraadslid vir Somerset, verduidelik dat die kern van nasionalisme die begeerte is om 'n nasie te wees, om trou te wees aan en trots te wees op daardie nasie. Dit was die oorsprong van die Nasionale Party en hoewel genl. Hertzog die dop van die eier gebreek het, was die kiem reeds lankal daar. Elkeen wat hierdie begeerte het en wat voel dat Suid-Afrika sý land is en die volk van Suid-Afrika sý volk is, of hy nou Afrikaans- of Engelssprekend is, is volgens hom 'n Nasionalis. Hy het daarop gewys dat die Nasionale Party nie bestaan om die Engelse in die see te jaag of om genl. Hertzog eerste minister te maak nie, maar wel om uitvoering aan die aspirasies en ideale van die volk van Suid-Afrika te gee. Hierdie ideale

36. Die Burger, 29.9.1921 en 1.10.1921. Verslag van toespraak.

37. Die Burger, 10.10.1921 en 13.10.1921. Verslag van toespraak.

38. Die Burger, 21.10.1921. Kongresverslag.

sluit politieke en ekonomiese onafhanklikheid in.³⁹

Die beweging vir 'n Nasionale blad in Engels om die Nasionale standpunt onder die Engelssprekendes se aandag te bring en te verdedig teen aanvalle, wat reeds 'n geruime tyd bestaan het, het ook momentum gekry. Die Burger het voortdurend daarop gewys hoe die Engelse pers die ideale van die Nasionale Party verdraai en 'n verkeerde beeld van die party in die buiteland skep.⁴⁰ Die redakteur het die vyandigheid daaraan gewyt dat van die 13 dagblaaie wat die S.A. Party ondersteun, 12 Engelse koerante is wie se redakteurs almal uit Engeland ingevoer is. Die S.A. Party se pers wat rigting aan die denke van sy lesers gee, is dus Brits geïnspireerd. Vir die gewone Britse redakteur beteken patriotisme 'n gevoel van liefde vir Engeland en vir die Britse Ryk, 'n hartstog wat sy krag uit die Union Jack en die Britse oppermag put. Daarteenoor is die Suid-Afrikaanse patriotisme vir hulle 'n karikatuur en kan hulle nooit simpatiek teenoor die ideale van die Nasionale Party staan nie.⁴¹

C.W. Malan was ook van mening dat die oorsaak waarom Engelssprekendes nie die Nasionale Party steun nie, gesoek moet word in die feit dat hulle onbekend met die ware doelstellings van die party is, aangesien hulle deur die ou Unionistiese pers opgevoed word. Daarom is 'n Engelse blad noodsaaklik as die Nasionale Party sy invloedssfeer na die Engelssprekendes wil uitbrei.⁴²

Die Federale Raad van die Nasionale Party het in sy jaarverslag vir 1920-1921 die stigting van 'n Nasionale weekblad in Engels in beginsel goedgekeur en bekend gemaak dat die party se program van beginsels voortaan ook in Engels beskikbaar sal wees.⁴³ Die kongresse van die Nasionale Party van Kaapland en Natal het hulle steun vir die stigting van

39. Die Burger, 26.11.1921. Verslag van toespraak. Sien ook Ibid., 1.3.1921. Verslag van toespraak van F.W. Beyers te Worcester.

40. Sien veral Die Burger, 25.4.1921. Hoofartikel.

41. Die Burger, 13.8.1921. Hoofartikel.

42. Die Burger, 21.12.1921. Hoofartikel en verslag van onderhoud met Malan. Sien ook Ibid., 15.11.1921. Berig uit Transvaal waar op die noodsaaklikheid van 'n koerant om veral die Nas. Party se ekonomiese beleid aan die Engelssprekendes oor te dra, gewys word.

43. Kongresnotule van die Nasionale Party van Kaapland, 4-6.10.1921, p. 27. Verslag van die Federale Raad.

die weekblad beloof.⁴⁴

Op 14 Desember 1921 moes die regering met die Nasionale Party kragte meet in 'n tussenverkiesing in Queenstown. Die setel het na die afsterwe van A.H. Frost op 20 September vakant geraak.⁴⁵ Die Nasionale Party het adv. E.H. Louw as kandidaat in die tradisioneel sterk Unionistevesting benoem en sommige Nasionalistes het selfs geglo dat die party 'n kans staan om te wen as daar hard gewerk en goed georganiseer word.⁴⁶ L. Moffat is as kandidaat vir die S.A. Party aangewys.⁴⁷ Adv. Louw, bygestaan deur C.W. Malan, het 16 vergaderings in 19 dae toegesprek.⁴⁸ Die S.A. Party wou seker maak van 'n oorwinning en sir Thomas Smartt, gewese leier van die Unionisteparty, asook genl. Smuts, het 'n aantal vergaderings in die kiesafdelings toegesprek.⁴⁹ Die Nasionale Party het die stryd hoofsaaklik oor ekonomiese vraagstukke gevoer. Daar is hard probeer om die natuurlike stem te wen deur te wys op die regering se optrede by Bulhoek, en klem te lê op die voordele wat die Nasionale Party se beleid van segregasie op politieke, opvoedkundige en industriële gebied vir die natuurlike inhou.⁵⁰

Hoewel die Nasionale Party weinig kans in hierdie Engelse kiesafdeling gehad het, is tog daarin geslaag om die S.A. Party se meerderheid van 738 in Februarie 1921 na 516 te laat daal. Die geesdrif was ook hoër as 11 maande tevore, want die stempersentasie is van 72 na 82 opgeskuif.⁵¹ In sy bedankingswoord aan sy ondersteuners het adv. Louw daarop gewys dat die Nasionale Party binne 11 maande 356 stemme meer gekry het. Hy het opgemerk dat twee feite hom in die verkiesing opgeval het. Die Nasionale Party het minstens die helf-

44. Ibid., p. 7; en Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal 1918-1922, p. 138. Sien ook Die Burger, 27.4.1921 en 9.9.1921. Besluite van die N.P.-tak, Kaapstad; en Ibid., 30.9.1921. Besprekingspunt op die Transvaalse N.P.-kongres dat Ons Vaderland meer gematigd teenoor die Engelssprekendes moet optree. Na bespreking is van die punt afgestap sonder dat enige besluit geneem is.

45. Die Burger, 22.9.1921.

46. Die Burger, 7.10.1921. Verslag van toespraak van dr. D.F. Malan te Cradock; Ibid., 17.10.1921. Verslag van onderhoud met C.W. Malan; en Ibid., 22.10.1921. Nominasie van Louw.

47. Die Burger, 16.11.1921.

48. Die Burger, 22.11.1921. Reisplan van adv. Louw.

49. Die Burger, 11.11.1921, 22.11.1921 en 25.11.1921. Verslae van vergaderings.

50. Die Burger, 28.11.1921 en 7.12.1921. Verslae van toesprake van E.H. Louw te Sterkstroom en te Kamastone; en Ibid., 14.12.1921. Verslag van toesprake van C.W. Malan te Oskraal.

51. Die Burger, 16.12.1921; en Official Year Book of the Union of South Africa, no. 5, p. 417 en p. 418.

te van die uitgebragte naturellestemme op hom getrek en 'n nuwe gees was onder die gematigde Engelse kiesers teenoor die Nasionale Party te bespeur. Adv. Louw was van mening dat die fondament van die Nasionale Party nou in Oos-Kaapland behoorlik gelê is en dat daarop voortgebou moet word. Daarvoor het hy 'n Nasionale Engelse blad as noodsaaklik geag.⁵²

Die Nasionale Party is kort hierna weer in die geleentheid gestel om sy invloedssfeer uit te brei. Met sy optrede tydens die staking van mynwerkers aan die Rand aan die begin van 1922 het die party hom as kampvegter vir die belange van die Afrikaans- en Engelssprekende arbeider bewys.⁵³ Die bewerings van die S.A. Party dat die Nasionale Party 'n rassistiese party is, is hiermee ook die nek ingeslaan.⁵⁴ Die feit dat genl. Smuts se optrede partydig was, die staking met geweld onderdruk is, 153 mense gewond en 534 gedood, meer as 4,700 persone in hegtenis geneem en vier van die stakersleiers opgehang is, het die Eerste Minister se reeds kwynende gewildheid 'n verdere knou toegedien.⁵⁵ Die gewelddadige onderdrukking van die opstand van die Bondelswarts in Suidwes-Afrika in Mei 1922 het die kroon op genl. Smuts se sogenaande „skiet-reputasie“ gespan.⁵⁶

Nasionaliste het die Eerste Minister 'n diktator genoem wat krygswet afkondig sonder om die Parlement te raadpleeg.⁵⁷ Hy is daarvan beskuldig dat hy die Parlement minag en die volksverteenwoordigers se monde snoer deur skere parlementêre reëls toe te pas.⁵⁸ Klem is daarop gelê dat genl. Smuts se regering deur die gebruik van geweld gekenmerk word, soos blyk uit die gebeure in Port Elizabeth,⁵⁹ Bulhoek,⁶⁰ die Randse staking⁶¹ en in Suidwes-Afrika.⁶² Adv. C.G. Fichardt, Nasionale Volksraadslid vir Ladybrand, het op 'n groot vergadering in Johannesburg gesê dat genl. Smuts met die muilband en die mauser, met kanonne en vrywarings-

52. Die Burger, 3.1.1922. Brief van Louw.

53. Supra, pp. 42-102.

54. Supra, p. 71, p. 85 en p. 86.

55. Supra, pp. 42-102.

56. Supra, p. 163 et seq.

57. Die Burger, 24.3.1922. Hoofartikel.

58. Supra, p. 226 ; en Die Burger, 31.3.1922 en 1.4.1922. Hoofartikel.

59. Supra, p. 155.

60. Supra, p. 156 et seq.

61. Supra, p. 42 et seq.

62. Supra, p. 163 et seq.

wette regeer.⁶³ Genl. Hertzog het ten sterkste ontken dat die volk vir hierdie gewelddadige optrede van die regering verantwoordelik is. Hy het 'n beroep op die kiesers gedoen om die regering uit te gooi, want hy ontsien nie om die ge-weer te gebruik om sy doel te bereik nie. „Die Regering van geweld durf ons nie langer vertrou nie.“⁶⁴

Die regering se posisie was onbenydenswaardig. Die ekono-miese toestand het verder versleg, terwyl die verslae van die Ouditeur-generaal van grootskeepse geldverkwisting deur die regeerders van die land melding gemaak het. Om die reeds groeiende tekorte in die staatskas die hoof te bied, het minister Burton in 1922 o.m. boedelbelasting gehef en die subsidies van die Provinsiale Rade drasties ingekort. Ty-dens die Parlementsitting van 1922 was klagtes oor bankrot-skappe, boere wat uit hul grond raak weens ekonomiese druk, hoë belastings, immigrante wat na bewering op staatskoste na Suid-Afrika gebring word terwyl niks vir die duisende werk-loses en armlankes gedoen word nie, en onvoldoende besker-ming en aanmoediging van nywerhede aan die orde van die dag.⁶⁵ Genl. Smuts het tereg opgemerk dat dit lyk asof daar 'n fabriek van griewe teen die regering bestaan.⁶⁶

In hierdie atmosfeer het die setel Stamford Hill met die oorlye van J.G. Hunter op 26 Mei 1922 vakant geraak.⁶⁷ In 1921 het Hunter die setel met 'n meerderheid van 419 stemme verower, en is dit as 'n veilige S.A. Party-vesting beskou. Die S.A. Party het nogtans 'n sterk kandidaat in die persoon van brig.-genl. J.S. Wylie vir die tussenverkiesing op 4 Julie benoem. Kol. F.H.P. Creswell, leier van die Arbeiders-party wat in die algemene verkiesing sy setel verloor het, is as kandidaat van die Arbeidersparty genomineer.⁶⁸ Geen kragte is in die stryd gespaar nie en kol. Creswell het self van huis tot huis gegaan om hom aan die kiesers voor te stel.⁶⁹ Hy het die stryd hoofsaaklik gevoer oor genl. Smuts

63. Die Burger, 19.8.1922. Verslag van toespraak te Johan-nesburg. Sien ook Ibid., 13.7.1922 en 18.7.1922. Ver-slae van toesprake van A.S. van Hees te Soutrivier en adv. Roos te Johannesburg; Ibid., 6.11.1922 en 4.12.1922. Verslae van toesprake van genl. Hertzog te Bloemfontein en Aliwal-Noord; en Ibid., 8.11.1922. Verslag van toespraak van E.G. Jansen te Utrecht.

64. Die Burger, 11.9.1922, 28.10.1922 en 14.11.1922. Ver-slae van toesprake van genl. Hertzog te Heidelberg, Dewetsdorp en Senekal.

65. Supra, p. 222 et seq., pp. 252 et seq. en p. 290.

66. Die Burger, 24.4.1922. Verslag van Volksraadsdebat.

67. Die Burger, 29.5.1922.

68. Die Burger, 21.6.1922.

69. Creswell, M., An epoch of the political history of South Africa in the life of Frederic Hugh Page Cres-well, p. 83.

se beloftes vóór die algemene verkiesing van 1921 waarvan nog niks tereg gekom het nie, en Smuts se optrede met betrekking tot die staking aan die Rand.⁷⁰ Genl. Smuts het kol. Creswell se uitdaging om die verkiesing oor die regering se beleid oor die staking te laat beslis, aanvaar.⁷¹ Stamford Hill sou derhalwe 'n oordeel oor die regering se optrede vel. Die kiesers het teen die regering se beleid gestem en kol. Creswell is met 'n meerderheid van 13 stemme verkies.⁷²

Volgens T.G. Boydell was die uitslag van groot betekenis. Dit was 'n bewys dat genl. Smuts nie meer die vertroue en steun van die volk geniet nie. Verder was die uitslag die antwoord van die land op die politiek van die regering betreffende die heersende werkloosheid, die ontslag van staatsamptenare en die doodskiet van die drie Hanekom-broers tydens die staking.⁷³

Vir Het Westen was die uitslag 'n bewys dat genl. Smuts die volgende algemene verkiesing gaan verloor, „want wat het die twaalf jaar van die bestuur van genl. Smuts die land nie gekos aan geld en bloed nie, haat en afguns, vervreemding en jaloesie - 'n pynlike bladsyde in ons geskiedenis.“⁷⁴ Adv. Tielman Roos was dieselfde mening toegedaan.⁷⁵

Die redakteur van Die Burger het die uitslag as 'n verpletterende vonnis oor die regering se beleid tydens die staking en 'n mosie van wantroue in genl. Smuts beskou. Hy verheug hom egter oor die terugkeer van een van die „bekwaamste lede van ons volksvertegenwoordiging, 'n man wat aan alle partye eerbied vir sy gawe en karaktereienskappe afgedwing het.“⁷⁶ Volgens die Cape Argus was die regering dit te wagte dat die gevoelens wat deur die opskudding aan die Rand veroorsaak is, 'n invloed op die tussenverkiesing sou hê.⁷⁷

Vir genl. Smuts was dit 'n harde slag en op 7 Julie 1922 skryf hy aan M.C. Gillett: „I have just lost a by-election at Durban, Creswell, the leader of the Labour Party -

70. Die Burger, 24.6.1922.

71. Die Burger, 6.7.1922. Hoofartikel.

72. Ibid. Berig. Die stempersentasie was 77. Sien Official Year Book of the Union of South Africa, no. 5, p. 417 en p. 418.

73. Die Burger, 15.7.1922. Verslag van toespraak te Kaapstad. Vir die doodskiet van die Hanekoms, sien Supra, p. 73.

74. Die Burger, 10.7.1922. Hoofartikel en verstrek die mening van Het Westen.

75. Die Burger, 15.7.1922. Verslag van toespraak te Johannesburg.

76. Die Burger, 6-7.7.1922. Hoofartikels.

77. Die Burger, 10.7.1922. Verstrek die mening van die Cape Argus.

who fell out at the General Election - having beaten a very good man of ours. That stupid elector, Hard Times, is all the time against me. My majority of 22 in 1921 has dropped to 13, which is not a very promising number."⁷⁸

Genl. Smuts het nou met sy rug teen die muur geveg. Die Nasionale Party en die Arbeidersparty het intussen onder leiding van adv. Tielman Roos gemeenskaplike gronde vir samewerking teen die regering gevind. Uit die onderhandelinge het dit geblyk dat die twee partye 'n verkiesingsooreenkoms met mekaar sou sluit om, soos hulle dit gestel het, die kapitalistiese regering van genl. Smuts omver te gooi.⁷⁹ Ten spyte van die S.A. Party se verdagmakery teen die samewerking tussen die Nasionale en Arbeidersparty en beskuldigings dat die Nasionale Party besig is om ter wille van die samewerking sy beginsels oorboord te gooi, het die gedagte van 'n verkiesingsooreenkoms tussen die twee partye by Nasionaliste en Arbeiders al hoe meer veld gewen.⁸⁰ Met die meerderheid van 14 stemme in die Parlement te midde van grootskeeps ontevredenheid in die land, het die toekomst vir genl. Smuts nie rooskleurig gelyk nie.

Die Eerste Minister het in hierdie tyd dan ook sy bes gedoen om Rhodesië by die Unie ingelyf te kry. Sonder om die Parlement te raadpleeg, het hy aan Rhodesië uiters gunstige voorwaardes vir toetrede tot die Unie gestel. Dit sou die regering nagenoeg £19 miljoen kos en daarby sou Rhodesië deur 10 Volksraadslede en 5 Senatore in die Parlement verteenwoordig word.⁸¹ Daar was onmiddellik protes teen genl. Smuts se optrede omdat hy die Parlement nie in die saak geken het nie, terwyl dit 'n groot finansiële las op die volk sou plaas. Hy is deur Nasionaliste daarvan beskuldig dat hy met behulp van die Rhodesiese stemme aan bewind probeer bly.⁸² Toe die Rhodesiërs nog ondanks die aantreklike voorwaardes in 'n referendum teen inlywing by die Unie beslis, is genl. Smuts se prestige 'n verdere knou toegedien.⁸³

Terwyl Smuts se gewildheid vinnig aan die afneem was, het die Nasionale Party op 'n al groter wordende steun van die kieserskorps aanspraak gemaak. Adv. Tielman Roos het selfs met trots verklaar dat die Nasionale Party nou die toevlugsoord van die verdruktes en vervolgdes van albei taal-

78. Hancock, W.K., Smuts: The fields of force 1919-1950, p. 156. Genl. Smuts se meerderheid was 14 en nie 13 nie.

79. Supra, p. 309 et seq.

80. Supra, p. 314 et seq.

81. Supra, pp. 103-120.

82. Supra, pp. 120-124 en pp. 127-133.

83. Supra, pp. 135-141.

groepe geword het.⁸⁴ Die party het geen gras onder sy voete laat groei nie, en die gevoel teen die regering gebruik om groter steun vir hom te werf. Aandag is veral aan die Rand gegee. Nasionaliste het besef dat die streek besondere moontlikhede vir partyuitbreiding bied, want daar was nie slegs 'n groot konsentrasie van arbeiders en mynwerkers nie, maar dit was juis hulle wat deur die regering se optrede t.o.v. die staking verbitter was. Die Nasionale Party kon na sy optrede tydens die staking met reg daarop aanspraak maak dat artikel 10 c van sy program van beginsels geen dooie letter is nie en dat hy die belange van die arbeider op die hart dra. Daarvolgens het hy die heilsaamheid van die arbeider erken en onderneem om 'n waaksame oog oor sy voorspoed te hou deur aan hom 'n gelukkige werkkring te verseker en 'n gevoel van wedersydse vertroue tussen werkgewer en arbeider te skep.⁸⁵

A.P.J. Fourie het daarop gewys dat die Nasionale Party die enigste party is wat die belange van die boer, die handelaar, beroepsman, vakman en werksman op 'n billike, regverdige manier kan behartig en koördineer. Volgens hom is die probleem met die S.A. Party en die Arbeidersparty dat hulle elkeen die belange van slegs een groep - dié van die kapitaliste en dié van die arbeiders - verteenwoordig. Sodra daar botsings tussen die twee belange kom, is dit gewoonlik die boer wat opgekommandeer word om die vrede te herstel soos die geval met die Randse staking was.⁸⁶ Fourie meen dus dat dit nie net in belang van die boer nie, maar ook van die arbeider is dat één van hierdie twee partye verhoed moet word om te regeer. Hy was oortuig dat dit in belang van die hele volk is dat die Nasionale Party aan bewind geplaas moet word.⁸⁷ „Jong Vrystater“ het in 'n brief aan Die Burger die mening gelug dat die Arbeidersparty vir die werker van geen nut is nie, omdat daar soveel meningsverskille tussen sy ondersteuners is. Hulle verskil oor die verhouding van Suid-Afrika tot die Britse Ryk en oor die sosialistiese beginsels en dit verhinder dat die Arbeidersparty ooit 'n meerderheid in die Parlement sal kry. Daarom sal die arbeider in die Nasionale Party baie beter daaraan toe wees.⁸⁸ Volgens adv.

84. Die Burger, 26.6.1922. Verslag van toespraak te Pretoria.

85. Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat. Beginsels, konstitusie, statute, (1926), p. 10. Artikel 10 c.

86. Supra, p. 56.

87. Die Burger, 26.5.1922. Verslag van onderhoud oorge-
neem uit Die Voorligter. Sien ook Ibid., 26.5.1922
en 30.5.1922. Hoofartikels; en Ibid., 12.7.1922.

Verslag van toespraak van A.P.J. Fourie te Soutrivier.

88. Die Burger, 20.6.1922.

J.W. Roux, Nasionale Volksraadslid vir Ceres, was die Nasionale Party ook 'n Arbeidersparty, maar sonder kommuniste, sosialiste, sindikaliste of Bolsjewiste.⁸⁹

Die Federale Raad van die Nasionale Party het met die oog op propaganda twee pamflette in albei landstale versprei. „Die Regering en die staking“ en „Wat het die Nasionale Party met die arbeiders te doen?“⁹⁰ Hierin is die Nasionale Party se optrede in die staking uiteengesit en geregverdig. In lg. pamflet is verduidelik dat die Nasionale Party die hele volk verteenwoordig en geen boereparty of Afrikaanssprekende party of plattelandse party of dokters- of winkeliersparty kan wees nie. Dit is ook die party vir die werksman en die arm man. Die skrywer het te velde getrek teen die „onnasionale“ politiek van die regering wat die room van die volk verarm het en wat hulle na die stede gedryf het. Daar word hulle deur immigrante en naturelle uit Afrika uit werk gehou met behulp van die geldmag en die gesag van 'n „kapitalistiese handlangers-Regering“. Die Nasionale Party is die werkers se vriend en wil hulle teen die geldmag beskerm. Ook is hy daar om die „werkende man, die veragterdes van ons eie volk, die slagoffers van wanbestier en parasitisme en korrupsie, te oortuig dat daar geen baat vir hulle te haal is by sosialisme en kommunisme en Bolsjewisme en rewolusionêre buitensporighede nie maar alleen in die handhawing van die wetsgehoorsame opvatting van burgerplig en staatsonderdanigheid wat die groot lewensbeginsel van ons voorvaders was.“ Die skrywer het daarop gewys dat die „Nasionale Party net so min simpatie met die sosialistiese internasionalisme van die Bolsjewiste as met die parasitiese internasionalisme van die Imperialisme [het]. Hy staan as bolwerk tussen die skraapsug van die jingo's en die ontug van die Bolsjewiste. Teen die een is dit sy doel om die volk te bewaarvan uitsuiery; teen die ander om hulle te waarsku vir selfmoord.“ Daarom is dit die plig van elke arbeider om die Nasionale Party te steun.⁹¹

'n Korrespondent van Die Burger in Transvaal was van

89. Die Burger, 20.10.1922. Verslag van toespraak te Retreat. Sien ook Ibid., 4.11.1922. Verslag van toespraak van A.J. Werth te Bloemfontein.

90. Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S, 11-12.10.1922, p. 21.

91. Wat het die Nasionale Party met die Arbeiders te doen? In een sin het ons niks met hulle te doen nie. In die ander sin het ons alles met hulle te doen. Uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party, pp. 1-7; en Die regering en die staking. Duidelike antwoorde op eenvoudige vrae. Uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party.

mening dat die Nasionale Party ná die staking meer ondersteuners gekry het as ooit tevore en het 'n beroep gedoen op die Nasionale leiers om meer aandag aan die behoeftes van die Rand se inwoners te gee.⁹² Adv. Roos het kort hierna op 14 Julie 1922 'n groot vergadering in die Johannesburgse stadsaal toegesprek en op sekere kenmerke en ideale van die Nasionale Party gewys. Hy het beklemtoon dat die party geen rasseparty is nie. Volgens hom het genl. Smuts se gewere en bomme, toe Afrikaner en Engelsman sonder onderskeid platgeskiet is, die rassehaat wat nog bestaan het, laat verdwyn. Roos het ook verduidelik dat hoewel die Nasionale Party 'n republikeinse regeringsvorm verlang, dit nooit met geweld aan die volk opgedring sal word nie. Die volk sal in 'n referendum daarvoor kan beslis en 'n republiek sal gevolglik op konstitusionele manier en nie sonder die steun van die Engelssprekendes verkry word nie. Hy het gewys op die slegte ekonomiese toestand, grootskeepse werkloosheid en die noodsaaklikheid van samewerking tussen boer en arbeider om die S.A. Party in die verkiesing te verslaan.⁹³

'n Maand later het genl. Hertzog, adv. C.G. Fichardt en adv. Roos weer 'n vergadering van byna 7,000 mense in die Johannesburgse stadsaal in Engels toegesprek. Genl. Hertzog is minute lank toegejuig voordat hy met sy toespraak kon begin. Die sprekers het die regering gekritiseer oor sy swak ekonomiese en maatskaplike beleid, wanbestuur en geldverkwisting, misbruik van sy mag met die staking, ongrondwetlike optrede en minagting van die Parlement met die voorwaardes aan Rhodesië.⁹⁴

Uit 'n propaganda-oogpunt beskou, was die vergadering baie geslaagd.⁹⁵ Die Burger se kommentaar was: „Die groot en geesdriftige nasionale vergadering Vrydagaand in Johannesburg gehou, is 'n mylpaal in ons politieke lewe.“ Die redakteur was van mening dat daar sedert die laaste eleksie beslis 'n verandering in gesindheid onder die mense te bespeur is en dat die Nasionale Party daarin geslaag het om Afrikaner en Engelsman skouer aan skouer „in wedersydse vertroue vir die verdediging van hulle gesamentlike belange“ te laat

92. Die Burger, 7.7.1922.

93. Die Burger, 18.7.1922. Verslag van toespraak te Johannesburg; en Ibid., 4.8.1922. Die korrespondent berig dat adv. Roos 'n baie goeie indruk gemaak het en dat die Nas. Party al hoe meer respek by die Randse arbeiders afdwing.

94. Die Burger, 19.8.1922. Verslag van vergadering.

95. Die Burger, 21.8.1922. Berig uit Transvaal.

staan.⁹⁶

Daar was besliste aanduidings dat die Engelssprekendes nie meer so vyandig teenoor die Nasionale Party as in die verlede gestaan het nie. Faktore soos die ongewildheid van die regering, ekonomiese druk, die feit dat Afrikaner en Engelsman saam in die stede gewerk het en die Engelssprekende die ideale en probleme van die Afrikaner leer verstaan het, die toenadering wat daar tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty plaasgevind het en die geleentheid wat Nasionale leiers gebied is om die beginsels van hulle party ongestoord aan duisende Engelssprekendes in Johannesburg te verkondig, kan seker as rede hiervoor aangevoer word.

Genl. Hertzog het die tekens van toenadering tussen die twee taalgroepe verwelkom. Hy het daarop gewys dat die Engelssprekende vandag bereid is om sy plek langs die Afrikaner in te neem en dat die verdeeldheid wat daar nog heers, slegs tydelik is.⁹⁷ Hy verklaar dat 'n Engelsman uit Natal aan hom laat weet het: „Tell Hertzog that the National Party is today no longer a terror to me.“⁹⁸ Adv. Roos het ook die veranderde houding van die Engelssprekende teenoor die Nasionale Party beklemtoon en selfs beweer dat 99 uit elke 100 Engelse teen die regering is. Hy was van mening dat die Nasionale Party nou meer as ooit tevore die geleentheid het om hulle Nasionaal te maak.⁹⁹

Op die Nasionale kongres van Kaapland het die provinsiale leier, dr. D.F. Malan, op die groei van die Nasionale Party gewys en die feit vermeld dat die Engelssprekendes langsaam die beginsels van die party begin verstaan: „Afgesien van bepaalde tekens van openlike simpatie is daar 'n baie algemeen gevoel van onrus aan hulle kant dat met betrekking tot die feite hul stelselmatig in die donker gehou word en bedrieg word d.m.v. vergiftigde bronne van informasie, beheers deur monopolistiese bloedsuiers. Dat die Nasio-

96. Die Burger, 21.8.1922 en 23.8.1922. Hoofartikels. Sien ook Ibid., 20.6.1922 en 4.8.1922. Berigte oor komende vergadering.

97. Die Burger, 11.9.1922 en 28.10.1922. Verslae van toesprake te Heidelberg en Dewetsdorp; en Ibid., 6.11.1922, 1.12.1922 en 5.12.1922. Verslae van toesprake te Bloemfontein, Rouxville en Smithfield.

98. Die Burger, 4.12.1922. Verslag van toespraak te Aliwal-Noord. Sien ook Ibid., 20.9.1922. Brief van Jas. Abraham van Dundee aan die Natal Witness en kommentaar van Die Afrikaner daarop.

99. Die Burger, 21.10.1922. Verslag van toespraak te Pretoria. Sien ook Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 11-12.10.1922, p. 18. Verslag van toespraak van ds. B.R. Hattingh wat Transvaal op die kongres verteenwoordig het.

nale Party besig is om die vertroue van die Engelssprekende Suid-Afrikaners te wen ondanks die feit dat daar geen enkel Engelse koerant of tydskrif is wat sy politiek duidelik maak nie, is stellig 'n aller opmerklikste verskynsel ... Maar bowe dit alles opent dit 'n nuwe en glorieryke vooruitsig op die volledige en behoorlike oplossing van ons rasseproblome op die enige basis wat ons groeiende Suid-Afrikaanse nasionaliteit kan aanneem, naamlik 'Suid-Afrika eerste' in teorie en praktyk." Dr. Malan het aangevoer dat die S.A. Party en sy pers die Nasionale Party gedurig van rassehaat beskuldig sodra hy besef dat hy veld verloor. Hy wys daarop dat die Nasionale Party vir 'n beginsel staan en nie vir 'n ras nie. "Dit erken dat die Engelssprekende Suid-Afrikaner net soveel aanspraak op ons land en die voorregte van sy burgerskap en op volle deelname in 'n ware Suid-Afrikaanse Nasionaliteit het as die Hollandssprekende. Al twee rasse het eweveel reg om tuis te voel in enige deel van Suid-Afrika. Sover dit die publieke diens betref, sal die Nasionale seer seker aandring op praktiese sowel as teoretiese taalgelykheid. Dit is die wet van die land, en die gevolg van 'n plegtige ooreenkoms en 'n kwessie van goeie trou tussen die rasse. Maar onder voorwaarde dat hierdie fundamentele verstandhouding geërbiedig sal word, sal die Nasionale seker nie navraag doen naar die ras van publieke amp-tenare nie, maar alleen naar hul bekwaamheid." Dr. Malan het die leiers en die pers van die S.A. Party daarvan beskuldig dat hulle die bedekte vonke van rassehaat vir partydoel-eindes aanblaas en hul uiterste bes doen om die illusie van haat tussen Afrikaans- en Engelssprekende in die land op te wek en lewendig te hou. Hy meen dat dit oneerlik en 'n misdadad teenoor Suid-Afrika is. Hy het ook opgemerk dat die lank gevoelde behoefte aan 'n Nasionale lyfblad in Engels 'n dringende noodsaaklikheid geword het.¹⁰⁰ Die Burger het op 13 Desember 1922 opgemerk: "Die N.F. en die S.A.P. staan teenoor mekaar, omdat Nasionalisme en Imperialisme lynreg teenoor mekaar staan, en nie omdat die een vir rasseseamewerking is en die ander nie. Dit is die rotsbodem van ons verskille."¹⁰¹

In sy jaarverslag het die Federale Raad van die party ook op die noodsaaklikheid van 'n Nasionale weekblad in Engels klem gelê: "Die behoorlike voorligting van ons Engels-

100. Die Burger, 1.11.1922. Verslag van toespraak te Malmesbury. Sien ook Ibid., 29.11.1922. Verslag van toespraak te Kaapstad.

101. Die Burger, 13.12.1922. Hoofartikel.

sprekende medeburgers in hul eie taal omtrent die standpunt van ons Party, is een van dringende belang vir ons Party-organisasie. Sonder twyfel bestaan daar tans die ruimste geleentheid om vrugbare werk op hierdie gebied te doen."¹⁰² Hierdie behoefte is veral in Transvaal gevoel.¹⁰³ „Jong Turk“ van Kaapstad het, uit protes teen die skewe voorstelings van die Engelse pers oor die Nasionale Party, gevra dat die Federale Raad dit moet oorweeg om iemand aan te stel om gereeld bydraes in Engels oor die standpunte en ideale van die party aan die vernaamste tydskrifte in die wêreld te lewer.¹⁰⁴

Volgens baie Nasionale leiers was dit 'n voldonge feit dat die Nasionale Party die volgende verkiesing sou wen.¹⁰⁵ Genl. Hertzog was van mening dat daar nog nooit in die geskiedenis van Suid-Afrika so 'n gevoel van samewerking by die volk „om 'n onheil af te keer“ aanwesig was nie en hy was oortuig dat die Nasionale Party 'n groot meerderheid in die verkiesing sou behaal.¹⁰⁶ Hy het egter beklemtoon dat die party nie ontstaan het net om aan bewind te kom nie. „Die ontstaan is aan iets baie diepers te danke. Dit het ontstaan as 'n protes teen 'n rigting in ons volkslewe waarin niks nasionaals te bespeur was nie.“¹⁰⁷ Oor die gebondenheid van sekere konserwatiewe kiesers aan hul party en regering net omdat hy al so lank regeer en hulle 'n verandering as ondenkbaar beskou, het genl. Hertzog ook sy standpunt gestel. Niemand moet sê dat hy aan 'n party behoort en daarby gaan sterf nie, want „'n party is niks anders as 'n middel om die volksakker te beploeg nie en daar kom 'n tyd dat die ploeg uitgeslyt en opsy gegooi moet word.“ 'n Regering moet dus nie gesien word as iets wat uit die hemel gegee is nie. Hy hoop selfs die tyd sal aanbreek dat „dit 'n konstitusionele feit sal word dat 'n regering nie langer as 'n sekere tyd sal regeer nie. Elke regering wat te lang regeer, versleg, al is dit omdat hy mat en uitgeput is.“¹⁰⁸

102. Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 11-12.10.1922, p. 21.

103. Die Burger, 19.10.1922. Verslag van toespraak van adv. Roos; en Ibid., 30.11.1922. Berig uit Transvaal.

104. Die Burger, 27.7.1922.

105. Die Burger, 18.7.1922 en 4.12.1922. Verslae van toesprake van Roos te Johannesburg en Hammanskraal; en Ibid., 28.10.1922 en 6.11.1922. Verslae van toesprake van genl. Hertzog te Dewetsdorp en C.F. Steyn te Bloemfontein.

106. Die Burger, 14.11.1922. Verslag van toespraak te Senekal.

107. Die Burger, 4.12.1922. Verslag van toespraak te Aliwal-Noord.

108. Ibid.

Terwyl die Nasionale Party volgens berigte vinnig besig was om veld veral aan die Rand te wen, was daar sprake van skeuring in eie geledere. Geruime tyd reeds was daar in die Vrystaat sprake van die stigting van 'n Boereparty. Die boeregemeenskap het swaar gekry weens die drukkende belastinge, droogtes, sprinkaanplae, hoë rentes op geleende geld, swak markte en lae pryse vir hul produkte.¹⁰⁹ Sommige boere was van mening dat dit beter is as hulle almal in een party wat uitsluitlik hulle belange beskerm, georganiseer is. Die beweging het momentum gekry toe daar in Augustus 1922 'n oproep in Vrystaatse koerante verskyn het waarin boere versoek is om vergaderings by te woon wat vanaf 19 tot 23 Augustus op Tiersrivier in die distrik Bethlehem, Aberfeldystasie en Harrismith gehou sou word. Die party sou voorlopig nie die vorm van 'n politieke party aanneem nie.¹¹⁰ Die vergadering op Aberfeldy op 23 Augustus was bedoel om 'n voorlopige komitee saam te stel. Dit is bygewoon deur lede van die Nasionale Party sowel as die Suid-Afrikaanse Party, maar hulle kon nie tot 'n vergelyk kom nie en die plan het misluk.¹¹¹

Die Nasionale Party wat beklemtoon het dat hy geen groepsparty is nie en die belange van alle seksies behartig, kon hom nie met hierdie beweging vereenselwig nie en genl. Hertzog en dr. D.F. Malan het dit ten sterkste afgekeur.¹¹² Op die Vrystaatse kongres van die Nasionale Party in Oktober 1922 is die saak bespreek. Die Sentrale Bestuur het in sy verslag aan die kongres die gebeure baie simpatiek behandel. Daar is op gewys dat die toestand van die boere so rampsalig is dat dit geen wonder is dat hulle na enige redmiddel gryp en selfs in die stigting van 'n Boereparty verlossing uit hul ellende soek nie. Die Sentrale Bestuur was egter van mening dat die gedagte vir die stigting van so 'n party nie by die Nasionalistie ontstaan het nie, aangesien meer as die helfte van die lede van die Nasionale Party boere is en hulle dus klaar in 'n boereparty is. „Uit Nasionalistiese oogpunt moet dus die idee van 'n boereparty verwerp word as iets geheel en al oorbodig." Die bestuur het die boere gewaarsku dat hulle niks by die stigting sal wen nie, maar wel baie daardeur te verloor het. „Want nie alleen word daardeur alle

109. Supra, p. 208 et seq.; en Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 11-12.10.1922, p. 7. Verslag van die Sentrale Bestuur.

110. Die Burger, 18.8.1922.

111. Ibid. Verklaring van genl. Hertzog; Ibid., 30.8.1922; en Ibid., 5.9.1922. Hoofartikel.

112. Die Burger, 18.8.1922. Verklaring van genl. Hertzog; Ibid., 7.10.1922. Verslag van toespraak van dr. Malan te Oradock; en Ibid., 5.9.1922. Hoofartikel.

Nasionale eenheid verbreek nie, maar die boer met sy party kom daardeur tewens dadelik te staan as die politieke vyand van elke ander party, en verloor op die manier al die simpatieke hulp wat hy vandag geniet van almal wat met hom behoort tot dieselfde party. U hoofkomitee gevoel hom daar oortuig van, dat die boereparty-idee uitgegaan is nie van die boer as boer nie, maar van persone uit 'n ander party wat, ontevrede met die houding van hul party omtrent boerebelange en tog onwillig om by die Nasionale Party aan te sluit, deur middel van 'n boereparty soek om hul invloed by die boer te behou." Die kongres het hierop die stigting van 'n „politieke Boereparty“ afgekeur.¹¹³

Ook in die geledere van die Suid-Afrikaanse Party was daar tekens van wrywing en ontevredenheid. Die feit dat die Goewerneur-generaal-in-Rade in 1922 vir die tweede keer 'n ordonnansie van die Natalse Provinsiale Raad waarvolgens Indiërstemreg in munisipale gebiede beperk word, geveto het, het gevoelens in dié Engelse provinsie hoog laat loop.¹¹⁴ Adv. H.G. MacKeurtan, L.V. vir Durban-Umbilo en lid van die S.A. Party, was besonder uitgesproke teen die regering oor die aangeleentheid en daar was selfs sprake dat hy sou bedank.¹¹⁵ Dit was egter maar een bron van kommer vir die S.A. Party. Die Cape Times het op 21 September 1922 in 'n hoofartikel openlik na die ontevredenheid in die S.A. Party, veral in die stedelike kiesafdelings, verwys. Volgens die redakteur was die rede vir die onrus die vrees by ondersteuners van die S.A. Party dat die Eerste Minister só in beslag geneem word deur sy ambisie vir die vergroting van die Unie se grense dat hy onverskillig staan teenoor die kleiner strydvrage wat vir die gewone man só uiters belangrik is. Hy het opgemerk dat daar aan die regering se optrede die afgelope tyd in sake ondergeskikte - maar nie onbelangrike - sake, 'n skyn van sinisme kleef. Hy het 'n aantal klagtes van die kiesers opgenoem en op verskeie redes vir ontevredenheid veral in die Kaapprovinsie, Natal en Transvaal gewys.¹¹⁶ Ook die Eastern Province Herald het op die steeds groeiende stem van

113. Kongresnotule van die Nasionale Party van die C.V.S., 11-12.10.1922, p. 8; en Ibid., p. 25. Kongresbesluit. Die verklaring van genl. Hertzog wat op 18.8.1922 in Die Burger verskyn het, was hoofsaaklik dieselfde.

114. Supra, p. 197 et seq.

115. Supra, p. 199.

116. Die Burger, 22.9.1922. Verstrek die mening van die Cape Times.

protes teen die regering gewys.¹¹⁷ Die korrespondent van The Round Table het in die uitgawe van Maart 1923 die saak bespreek en die stigting van adv. H.G. MacKeurtan se Democratic Reform League in Durban as 'n poging beskou om die probleem op te los. Die beweging was nie bedoel om 'n skeuring in die S.A. Party te veroorsaak nie, maar sy doel was om die party van binne af te hervorm: „an infusion of greater energy and imagination into the somewhat placid frame of the party itself.“¹¹⁸ Adv. MacKeurtan het self op die groot hoeveelheid stedelike kiesers wat nie meer vertroue in die regering het nie, gewys: „In 1921 the majority whole-heartedly supported the S.A.P. To-day it is either openly hostile or indifferent to that party or supports it only because it believes the Nationalists or the Labour Party alternative to be worse.“ Hy was van mening dat die S.A. Party honderde stemme verloor het. „The result is that the bulk of moderate thinking opinion in Natal is to-day and will remain politically homeless.“¹¹⁹

Te midde van groeiende verset teen die regering, het adv. Tielman Roos, vergesel van adv. Oswald Pirow, aan die begin van 1923 'n besoek aan Natal gebring en vergaderings in Newcastle, Pietermaritzburg, Durban en Volksrust - nagenoeg 'n totaal van 3,000 mense - toegesprek. Die Burger het verklaar dat adv. Roos nie van plan was om 'n kruistog teen die S.A. Party op tou te sit nie, maar om die beginsels van die Nasionale Party aan die Natallers te verduidelik.¹²⁰ Roos het egter sterk klem gelê op dié sake waaroor daar in Natal ontevredenheid oor regeringsoptrede geheers het. Hy het die regering se beleid aangaande die Asiatevraagstuk, werkloosheid, die Randse staking en nywerhede skerp gekritiseer en die Nasionale Party se beleid daasteenoor gestel. Hy het ook die onafhanklikheidstrewe van die Nasionale Party verduidelik.¹²¹

Volgens Die Burger was dit 'n besonder geslaagde reis en was die stemming in Natal besig om te verander. Die redakteur was van mening dat genl. Smuts self vir die verandering verantwoordelik was aangesien sy regering 'n modelles is van hoe 'n land nie geregeer moet word nie.¹²² Hy wys

117. Die Burger, 5.10.1922. Verstrek die mening van die Eastern Province Herald. Sien ook Ibid., 23.10.1922 en 1.1.1923. Hoofartikels.

118. The Round Table, vol. 50, pp. 422-423.

119. Debates of the House of Assembly as reported in the Cape Times, vol. 8, p. 6. Aangehaal deur genl. Hertzog in die Volksraad.

120. Die Burger, 8.1.1923. Hoofartikel.

121. Die Burger, 5-10.1.1923. Verslae van vergaderings.

122. Die Burger, 8.1.1923. Hoofartikel.

ook daarop dat die goed bygewoonde vergaderings van genl. Hertzog in Johannesburg en dié van adv. Roos in Durban toon dat die Engelse bereid is om na die Nasionale Party se argumente te luister. Die Nasionale Party wil en moet met die Engelssprekendes saamwerk en „Dit is moontlik mits ons mekaar begryp en mits ons geleentheid het om regstreeks met mekaar te praat.” Dit bewys weer die noodsaaklikheid van 'n Engelse Nasionale dagblad. „Maar 'n dagblad in ons teenswoordige dae kos geld, baie geld. En die Nasionale Party is nie ryk mense, nie die miljoeners nie. Maar dit alles hef die noodsaaklikheid nie op nie.”¹²³

Volgens minister F.E. Mentz het adv. Roos met sy besoek aan Natal, tien jaar nadat genl. Hertzog uit protes teen genl. Louis Botha se konsiliasiepolitiek uit die kabinet getree het, dié konsiliasiebeleid onderskryf. Die Nasionale Party was nou besig om met die Engelse te verenig. Hy het dit as 'n oorwinning vir genl. Botha se politiek bestempel.¹²⁴

Genl. Smuts het die Parlementsitting van 1923 te midde van omvangryke misnoeë met sy regering tegemoet gegaan. Die regering het wel nog 'n meerderheid van 14 in die Volksraad gehad, maar op 16 Januarie 1923 is J.A. Raubenheimer, Volksraadslid vir Oudtshoorn, oorlede en W.R. Burch, lid vir Uitenhage, het in Engeland ernstig siek gelê.¹²⁵ Die regering het dus slegs oor 'n werkende meerderheid van 12 beskik.

Die Burger het die hoop uitgespreek dat dit genl. Smuts se laaste sitting as Eerste Minister sou wees. Die redakteur het daarop gewys dat net die mynmagnate rede het om met die teenswoordige regering in hulle skik te wees. Die volk is ontnugter en „die Regering het so baie op sy kerfstok dat met die volgende algemene verkiesing meer as een Regeringslid 'n politieke begrafnis tegemoet gaan.”¹²⁶

Op 23 Januarie 1923 het genl. Hertzog 'n mosie van wantroue in die regering ingedien en daarop gewys dat die regering nie meer die vertroue van die volk geniet nie. Hy het aangetoon hoe die land sedert 1910 onder die regering van die S.A. Party agteruitgegaan het. Klem is gelê op die ontevredenheid onder boere, handelaars, fabrikante en werkers, groot getalle werkloses en armlankes, slegte ekonomiese

123. Die Burger, 15.1.1923. Hoofartikel. Sien ook Ibid., Brief van dr. C.J. Bergh van Belfast.

124. Die Burger, 9.1.1923. Verslag van toespraak te Volksrust.

125. Die Burger, 17.1.1923 en 19.1.1923. Hoofartikels.

126. Die Burger, 19.1.1923 en 23.1.1923. Hoofartikels.

toestande, die swak finansiële beleid en geldverkwisting van die regering. Hy het aangevoer dat die regering 'n swakheid by die bepaling van inter-imperiale verhoudinge, Suid-Afrika se status en 'n naturellebeleid openbaar. Genl. Hertzog het op genl. Smuts se metodes gewys om Rhodesië by die Unie ingelyf te kry, sy minagting van die Parlement en sy optrede tydens die staking aan die Rand. In 1910 het die volk die regering vertrou en was daar tevredenheid en onderdanigheid. Dit moes egter plek maak vir ontevredenheid, bitterheid en vyandskap. Die regering moes die afgelope tien jaar al ses keer die rus en vrede met geweld herstel en die tronke sit vol mense wat van hoogverraad beskuldig word. Genl. Hertzog kom tot die gevolgtrekking dat die wantroue in die regering op die oomblik so erg is dat niks wat die regering doen die vertroue van die kiesers sal terugwen nie. Hy meen dat die regering homself vir hierdie toestand moet blameer en vir ten minste tagtig persent van die ellende in die land verantwoordelik is. Selfs die ondersteuners van die regering word nou afvallig en die rede is nie ver te soek nie. Die regering werk nie meer in belang van Suid-Afrika en al sy inwoners nie maar net in belang van die kapitaliste, ten koste van die res van die bevolking. Genl. Hertzog was ook oortuig dat die Eerste Minister dit nie sou kon waag om 'n verkiesing uit te skryf nie, aangesien hy gewis 'n neerlaag sou ly.¹²⁷

Kol. Creswell het genl. Hertzog se mosie namens die Arbeidersparty gesteun. Hy het veral klem gelê op die regering se optrede om Rhodesië te probeer inlyf en die regering se optrede tydens die staking aan die Rand sterk gekritiseer. „This hybrid Government has done a great injury to South Africa. First of all it has injured South Africa by lowering the reputation of government as standing for the interest of the people and preserving the interests of the powerful instead of the interest of the masses. It has done injury to South Africa by lowering the confidence of the people in the Government, that safeguard which the people have the right to expect in every Government. It has done a great injury by shaking the confidence of the government in the judiciary of this country.” Hy wys ook op die noodsaaklikheid van 'n ewewigtige naturelle- en Asiatebeleid ten einde die blanke beskawing te red, en vind die ekonomiese en nywerheidspolitiiek van die regering swak. Hy meen dat die regering nie meer die vertroue van die volk geniet nie. „We look upon

127. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, pp. 5-8; en Die Burger, 24.1.1923 en 30.1.1923. Verslae van Volksraadsdebatte.

the government as owing their power to the money power of big financial interests." Hy verklaar dat hy genl. Hertzog se mosie sal steun al is die enigste alternatief, indien die huidige regering verslaan word, om 'n regering uit die strate van Kaapstad saam te stel.¹²⁸

In sy repliek het genl. Smuts weer eens beklemtoon dat die regering nie vir die ekonomiese toestand verantwoordelik gehou kan word nie en dat die regering na sy mening baie goed gevaar het in die hantering van die wêreldwye depressie. Hy het sy optrede met die inlywingspoging van Rhodesië verdedig as in belang van die blanke bevolking van Suid-Afrika.¹²⁹ Die Eerste Minister het die opposisie daarvan beskuldig dat hulle vir die geweldpleging aan die Rand verantwoordelik was. Hy was van mening dat die regering se optrede in die omstandighede geregverdig was. Hy het ook die Nasionale Party en die Arbeidersparty geluk gewens met hulle nuwe bondgenootskap. Genl. Smuts verseker ook die volk dat hy geen dag langer as wat hulle verlang as premier sal aanbly nie. Hy het die volk egter gemaan om die loop van sake goed dop te hou en te kyk waarheen sake ontwikkel - bedoelende dat die Nasionale Party wat op die volgende regering aanspraak maak, nou gemene saak maak met Bolsjewiste en kommuniste wat geen wet en orde ken nie en waaronder die voortbestaan van die blanke beskawing in Suid-Afrika nie gewaarborg kan word nie.¹³⁰

In die wantrouedeбат wat tot 29 Januarie aangehou het, is die regering nie gespaar nie en talle griewe en klagtes is deur Nasionalistes en Arbeiders opgehaal. Adv. M. Alexander, die onafhanklike Konstitusionele Demokraat, het ook sy misnoeë met die regering te kenne gegee. Toe die mosie tot stemming gebring is, was die uitslag 57 daarvoor en 71 daarteen.¹³¹

Die gety was besig om teen genl. Smuts te draai en The Friend was van mening dat die wantrouedeбат daarop gedui het dat die regering nie langer die vertroue van die kiesers geniet nie. Die redakteur meen dat 'n verandering van regering in die omstandighede glad nie onmoontlik is nie.¹³² Adv.

128. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, pp. 9-10; en Die Burger, 24.1.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

129. Supra, pp. 103-141.

130. Debates of the House of Assembly..., vol. 8, pp. 12-14; en Die Burger, 25.1.1923. Verslag van Volksraadsdebat.

131. Die Burger, 30.1.1923. Verslag van Volksraadsdebat. Vir wantrouedeбат sien Debates of the House of Assembly..., vol. 8, pp. 13-29; en Die Burger, 24-30.1.1923. Verslae van Volksraadsdebatten.

132. The Friend, 25.1.1923 en 27.1.1923. Hoofartikels.

Roos was oortuig dat die Nasionale Party gouer aan bewind sou kom as wat die S.A. Party verwag het.¹³³ 'n Groot vergadering van Arbeiders het op 5 Februarie in Kaapstad 'n mosie van wantroue in die regering en 'n eis dat 'n algemene verkiesing dadelik uitgeskryf word, eenparig aangeneem.¹³⁴

Op 7 Maart 1923 het die tussenverkiesing in Oudtshoorn plaasgevind. Die setel is in 1921 deur die S.A. Party met 115 stemme van die Nasionale Party verower en die Nasionaliste was vasberade om dit weer terug te wen. Adv. S.P. le Roux is as Nasionale kandidaat aangewys terwyl J.H. Schoeman, oud-L.V., vir die S.A. Party genomineer is.¹³⁵ Adv. le Roux is in sy verkiesingsveldtog deur o.a. G.W. Malan, adv. Roos, A.J. Werth en J.H. Conradie, organiserende sekretaris van die Kaaplandse Nasionale Party bygestaan.¹³⁶ Die Nasionaliste het die klem op die drukkende tabakbelasting laat val, sowel as die onvermoë van die regering om 'n behoorlike mark vir volstruisvere en tabak in die buiteland te skep en om plaaslike nywerhede teen oorsese kompetisie te beskerm. Die Nasionale Party se beleid van nywerheidsbeskerming, uitbreiding van oorsese markte, hulp aan boere en verligting van belasting is daarteenoor gestel.¹³⁷ Albei partye het alles in die stryd gewerp. Die kandidaat van die S.A. Party het oor die hulp van minister F.E. Mentz, kol. B.I.J. van Heerden, L.V. vir Ventersdorp, sir Harry Grauman, L.V. vir Commissionerstraat en Louis Esselen, organiserende sekretaris van die S.A. Party, beskik.¹³⁸ By die stembus is die S.A. Party egter met 527 stemme verslaan¹³⁹ en genl. Smuts se meerderheid in die Volksraad het na 12 gekrimp.

Genl. Hertzog het die Nasionale Party se oorwinnig toegeskryf aan die treurige ekonomiese toestand waarin die regering die volk laat beland het en hy het vir genl. Smuts 'n soortgelyke neerlaag in die algemene verkiesing voorspel. Volgens hom het die uitslag verder bewys dat die verskillende dele van die bevolking in verset teen die Smuts-regering en ter wille van die beginsels wat op die spel was, begin saamwerk. Dit het ook bewys gelewer dat die Eerste Minister en sy ministers met al minder sukses die rassegevoel tot hul

133. Die Burger, 29.1.1923. Verslag van toespraak te Somerset-Strand; en Ibid., 13.2.1923. Verslag van vergadering te Malmesbury.

134. Die Burger, 6.2.1923. Verslag van vergadering.

135. Die Burger, 12.2.1923.

136. Die Burger, 5.3.1923 en 14.3.1923.

137. Die Burger, 20.2.1923 en 7-8.3.1923. Verslae van vergaderings.

138. Die Burger, 1.3.1923, 5.3.1923 en 14.3.1923.

139. Die Burger, 9.3.1923. Die stempersentasie was 86 terwyl dit in 1921 77 was.

voordeel kon uitbuit en dat die mosie van wantroue in die regering aan die begin van die sitting geregverdig en in ooreenstemming met die wil en gevoel van die volk was.¹⁴⁰

Die Burger het die uitslag as die skrif teen die muur gesien. „Die Nasionale party wat nou in die Parlement versterk word ... pluk nou die vrugte van hul vasberade stryd vir die belange van die boer en vir die arm man teenoor die Regering, wat maar één hartstog ken, en dit is die bevordering van die belange van die Empaaier en van die groot kapitalis, aan wie se geldsak hul hul posiesie te danke het.“ Die redakteur het die feit dat Engelsman, Jood en Kleurling vir die Nasionale Party gestem het, vertolk as 'n bewys dat die party se strewe in 'n wyer kring verstaan en waardeur word. Hy was verheug oor die feit dat die S.A. Party met sy paaiboelies van rassehaat en bondgenootskap tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty wat volgens hom sosialisme, kommunisme, Bolsjewisme, revolusie en onteiening van grond as nasleep sou hê, geen invloed op die kiesers gehad het nie. Die kiesers het die S.A. Party geoordeel op sy politieke en finansiële wanbestuur wat tot ontevredenheid, verdeeldheid, geweldpleging en armoede gelei het.¹⁴¹ Sommige regeringskoerante het saamgestem dat die regering 'n algemene verkiesing op daardie tydstip sou verloor.¹⁴² The Friend het die regering gemaan om sy finansiële en industriële politiek te wysig en te rehabiliteer indien hy nie nog meer kiesers wil vervreem nie.¹⁴³

J.H. Conradie was egter bevrees dat die Nasionaliste gevaar loop om terug te sit en te aanvaar dat almal teen die regering gekant was, en dat hulle maklik enige verkiesing sou wen. Hy het op 'n paar faktore gewys wat tot die Nasionale Party se sukses in Oudtshoorn bygedra het. Daar was die drukkende tabakbelasting wat die boere en Kleurlinge teen die regering laat stem het en die finansiële beleid van minister Burton wat Engelsman en Jood teen die regering laat draai het. Verder was die Jode ook ontevrede weens beweerde diskriminasie van die Minister van Binnelandse Sake teenoor

140. Die Burger, 9.3.1923. Verslag van onderhoud. Sien ook Ibid., 10.3.1923. Verslag van toespraak te Robertson.

141. Die Burger, 9.3.1923. Hoofartikel.

142. The Friend, 2.3.1923. Hoofartikel; Die Burger, 28.3.1923. Verstrek die mening van The Transvaal News; en Grobler, F.J., Die invloed van geskoolde blanke arbeid op die Suid-Afrikaanse politiek van 1836 tot 1924, D.Litt-proefskrif, P.U. vir S.E.O., 1968, p. 477.

143. The Friend, 2.3.1923. Hoofartikel.

Joodse immigrante.¹⁴⁴ Volgens hom sou die Nasionale kandidaat, adv. O.J. Langenhoven, die setel met 'n klein meerderheid in 1921 verower het as dit nie was vir die persoonlike invloed van dr. Raubenheimer in Oudtshoorn nie. Hy was van mening dat die Nasionale oorwinning nie 'n weerspieëling van die algemene gevoel in die land is nie en dat dit besondere omstandighede is wat die Nasionale Party die setel laat wen het. Derhalwe het hy Nasionaliste gemaan om te werk en te organiseer indien hulle nie by die volgende verkiesing ont-nugter wou word nie.¹⁴⁵

Kort hierna, op 20 Maart 1923, was daar weer 'n tussen-verkiesing in die kiesafdeling Albanie. Die setel het vakant geraak nadat die sittende lid, adv. F.J.W. van der Riet, tot regter benoem is. Dit was 'n ou vesting van die Unioniste wat in 1921 onbestrede deur die S.A. Party verower is. Nie één van die twee opposisiepartye het 'n kandidaat gestel nie, maar toe adv. F.G. Reynolds in die nominasiestryd om die kandidatuur van die S.A. Party teen H. Fitchatt uitval, het hy hom as onafhanklike verkiesbaar gestel.¹⁴⁶ Reynolds het sy veldtog hoofsaaklik gevoer oor die gebrekkige nywerheids-politiek van die regering en sy onwilligheid om plaaslike nywerhede tot voordeel van die buiteland en ten koste van Suid-Afrika te beskerm.¹⁴⁷ Hoewel Reynolds oor geen partyorgani-sasie beskik het om hom te help nie, het hy slegs 240 stemme minder as die kandidaat van die S.A. Party op hom getrek.¹⁴⁸ Die regering het wel die setel behou, maar die boodskap van verdeeldheid onder sy ondersteuners is duidelik oorgedra.

Op ekonomiese gebied was die vooruitsig steeds donker, hoewel minister Burton vol hoop was dat die keerpunt van die depressie bereik is. Hy het aangekondig dat die beraamde tekort vir die afgelope jaar, 1922-23, meer as verdubbel het en dat 'n komitee aangestel is om te help met besuiniging. In 'n poging om die tekorte die hoof te bied, is nuwe aksyns-belasting o.m. op patente medisyne gehef, staatsamptenare se salarisskale is met 10% verminder en die subsidie aan Provin-siale Rade is verder verminder.¹⁴⁹ Die opposisie het die re-gering hieroor heftig gekritiseer. Hy is daarvan beskuldig dat die belasting op patente medisyne direk op die boer en arm man gemik was, terwyl die vermindering van die provin-siale subsidies bedoel is om die onderwys nog verder in te

144. Supra, p. 294.

145. Die Burger, 17.3.1923. Verslag van onderhoud.

146. Die Burger, 22.2.1923, 24.2.1923 en 6.3.1923.

147. Die Burger, 20.2.1923; en Ibid., 22.3.1923. Hoof-artikel.

148. Die Burger, 22.3.1923.

149. Supra, p. 229 et seq.

kort. 150

Die Nasionale Party het groot klem op sy eie ekonomiese en industriële beleid gelê, veral aangesien dit die ekonomiese wanbestuur van die regering was wat elke belastingbetaler geraak het en wat soveel verset in die land uitgelok het. Reeds in Januarie 1923 het dr. F.C. Visser, Nasionale L.V. vir Vrededorp, die ekonomiese program van die Nasionale Party aan die hand van die party se program van beginsels in die Nasionale Klub in Johannesburg verduidelik. Die vergadering is byeengeroep deur dr. Visser in samewerking met die Economic Reform Association. Hierdie vereniging het ná die vergadering onderneem om 'n publisiteitsveldtog aan die Witwatersrand te loods en die program aan die publiek bekend te stel. Dit het o.m. verpligte werksverskaffing deur die staat aan werkloses en armlankes; ontwikkeling en aanmoediging van plaaslike nywerhede; vasstelling van werksure; geen aarmoediging van immigrasie voor alle Suid-Afrikaners nie van werk voorsien is nie; repatriasie van Asiëte met billike vergoeding; segregasie van inboorlinge en mobilisasie van staatskrediet ingehou.¹⁵¹ Hierdie beleid is dikwels deur Nasionale sprekers beklemtoon.

Die Nasionale Party was vol vertroue dat hy in al groter mate die steun van Engelssprekendes begin werf het.¹⁵² Genl. Hertzog het in April 1923 'n reis deur Wes-Transvaal en Betsjoeanaland onderneem en by sy terugkeer het hy verklaar dat die volk nog nooit tevore so beslis was oor die verandering van 'n regering as juis op daardie tydstip nie. Hy het ook genoem dat die gevoel van eenheid tussen Afrikaans- en Engelssprekendes baie opvallend is en hy was vol vertroue oor die sukses van die Nasionale Party by die oorskommende verkiesing.¹⁵³ Adv. Tielman Roos het in dieselfde maand 'n reeks vergaderings op die Transvaalse Hoëveld gehou en veral op die ekonomiese beleid van die Nasionale Party klem gelê. Hy het ook beskuldigings dat as die Nasionale Party aan bewind kom, hy die Engelssprekendes uit die staatsdiens sal ontslaan, ontken. „Namens die Nasionale Party gee ek die versekering aan die amptenare dat geen man sal uitgesit word omdat Engels sy moedertaal is nie. Die enigste wat ons wil hê is die nodige bevoegdheid, en ongelukkig is daar ook

150. Supra p.231 et seq.

151. Die Burger, 12.1.1923.

152. Die Burger, 24.3.1923. Hoofartikel; en Ibid., 12.3.1923. Verslag van toespraak van genl. Hertzog te Robertson.

153. Die Burger, 10.4.1923. Verslag van onderhoud. Sien ook Ibid., 22.3.1923, 3-9.4.1923 en 12.4.1923. Verslae van toesprake van genl. Hertzog.

Afrikaner-amptenare wat nie bekwaam is nie."¹⁵⁴

Genl. Smuts het sy bes gedoen om sy verlore prestige weer terug te wen deur agterdog teen die Nasionaliste en Arbeiders se doelstellings en hul verkiesingsooreenkoms, waarvoor toe nog net gespekuleer is, te saai. Op 'n vergadering in Kaapstad in April 1923 het hy teen die Nasionale Party te velde getrek en hom daarvan beskuldig dat hy uit rassehaat gebore is, dat dit nog steeds een van sy bestaansredes is en dat hy beheers word deur haat vir die Britse Ryk. Volgens hom is dit 'n republikeinse party wat die eerste geleentheid sal gebruik om van die Britse Ryk af te skei, terwyl die Ryk vandag Suid-Afrika se beste vriend is. Die Ryk is Suid-Afrika se beste mark en 'n afsetgebied vir tagtig persent van die land se produkte. Hy het die ooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty veroordeel en voorspel dat die twee partye na die verkiesing 'n koalisie sal vorm en die land onder hulle sal verdeel. Hy wyt die ooreenkoms aan genl. Hertzog se begeerte na mag en waarsku Nasionaliste dat hulle nog 'n duur prys vir hul hulp aan die Arbeidersparty gaan betaal.¹⁵⁵ Die Burger se kommentaar op genl. Smuts se toespraak was dat dit duidelik is dat die S.A. Party politiek bankrot is. Daarom is die sesessie-paaiboelie weer opgehaal en die rassestryd in ere herstel.¹⁵⁶

Op 21 April 1923 is die besonderhede van die verkiesingsooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty gepubliseer. Daarvolgens onderneem die Nasionale Party om as hy met behulp van die Arbeiders aan bewind kom vir die duur van die volgende Parlement niks omtrent sy onafhanklikheidsideaal te doen nie.¹⁵⁷ Die historikus W.K. Hancock wys terug daarop dat hierdie duidelike verklaring oor sesessie die skip wat genl. Smuts in 1921 so triomfantlik na die hawe gebring het, laat sink het.¹⁵⁸ Dit het genl. Smuts egter nie verhoed om met sy voorspeeksels van toestande onder 'n Nasionale-Sosialistiese koalisieregering voort te gaan nie. Hy het die boere gewaarsku dat hulle geen genade van die Arbeiders sou ontvang nie, dat hul grond onteien en genasionaliseer sou word en dat daar wetgewing teen kapitaal aange neem sal word. Volgens hom sou dit ook die ondergang van die

154. Die Burger, 16.4.1923 en 26.4.1923. Verslae van toesprake te Ermelo en Mendrina. Sien ook Ibid., 10.4.1923. Reisplan van Roos; Ibid., 21.4.1923. Verslae van toesprake te Oogies en Witbank; en Ibid., 28.4.1923. Berig uit Transvaal.

155. Die Burger, 14.4.1923. Verslag van toespraak.

156. Die Burger, 17.4.1923 en 20.4.1923. Hoofartikels.

157. Supra.p. 331 et seq.

158. Hancock, op. cit., p. 156.

blanke beskawing in die land beteken.¹⁵⁹ Nasionaliste en Arbeiders het egter daarop gewys dat hoewel genl. Smuts nou teen die Arbeidersparty uitvaar, hulle as 'n gevaar vir die land beskou en Nasionaliste teen samewerking met hulle waar-sku, die Arbeidersparty in 1920 goed genoeg was om 'n koa-lisieregering met die S.A. Party te vorm. In 1921 was Ar-beiderstemme weer goed genoeg om genl. Smuts sy oorwinning te besorg.¹⁶⁰

Op 14 Junie 1923 het 'n moeë genl. Smuts aan 'n vrien-din geskryf: „The pace is terrific ... How I shall get through it I dont know. The grind of politics is really more than one can bear. Times are hard, everybody is cursing the government, and I know nobody will do better than we do.“¹⁶¹ Die Eerste Minister het 'n week later 'n verdere aanduiding van die gevoel van die kiesers met die uitslag in die tussenverkiesing in Uitenhage gekry.

Die sittende lid van die S.A. Party, W.R. Burch, is ge-sekwestreer en moes volgens artikel 53 van die Suid-Afrika-Wet bedank.¹⁶² Die kiesafdeling Uitenhage was oorwegend En-gelssprekend en sedert 1910 'n setel van die S.A. Party. In 1921 het die S.A. Party dit met 'n meerderheid van 495 stem-me behou. Volgens die kieserslys was daar nagenoeg 1,100 stedelike kiesers, 800 spoorwegwerkers, 900 Kleurlinge en naturelle en 1,600 boere. Dit was die eerste verkiesing na-dat die ooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbei-dersparty bekend gemaak is en die Nasionaliste was vol moed dat hulle met behulp van die Arbeiders 'n kans staan om die setel te verower.¹⁶³ J.J. Bellingan, I.P.R., is as Nasiona-le kandidaat genomineer, terwyl die S.A. Party vir F.T. Dates, 'n spoorwegwerker in die plaaslike werkplaas, as sy kandidaat aangewys het.¹⁶⁴ Bellingan het sprakers soos C.W. Malan, J.H. Conradie, A.J. Werth, adv. Roos, P. de Lange en

159. Die Burger, 30.4.1923. Verslae van toesprake te Ceres en Tulbagh. Sien ook Ibid., 14.5.1923. Ver-slag van toespraak van minister Reitz te Caledon.

160. Die Burger, 18.6.1923. Verslae van toesprake van W. Snow e.a. te Somerset-Strand; Ibid., 18.8.1923. Verslag van toespraak van A. Badenhorst te Swellen-dam; en Ibid., 18.4.1923. Verstrek die mening van die Natal Witness.

161. Hancock, op. cit., p. 156.

162. Die Burger, 12.4.1923.

163. Die Burger, 26.6.1923. Verslag van onderhoud met C.W. Malan; en Ibid., 18.4.1923. Volgens Die Burger van 12.4.1923 was die meerderheid in 1921 498. Malan, M.P.A. en Van Rensburg, M.C., Verkiesingsuit-slae 1910-1943, p. 21 gee dit aan as 496. Die syfer in die Official Year Book of the Union of South Africa, no. 5, p. 417 is 495.

164. Die Burger, 16.5.1923.

Harm Oost van Transvaal asook W. Moore, die hoofsekretaris van die Nasionale Unie van Spoorweg- en Hawedienste gehad om hom by te staan. Sy kandidatuur is ook gesteun deur The Guardian en die Uitenhage Chronicle. Die regering is aangeval oor sy ekonomiese wanbestuur, geldverkwisting, mooi beloftes van voorspoed in 1921 terwyl depressie en werkloosheid gevolg het, oor sy drome van gebiedsuitbreiding en hoë politiek, terwyl die volk om brood en werk vra, en oor sy kapitalistiese politiek waaronder die boer en werker belas word en die myne beskerm word. Die klem is op die Nasionale Party se ekonomiese beleid, bevordering en aanmoediging van Suid-Afrikaanse nywerhede en werksverskaffing vir almal laat val.¹⁶⁵

T.F. Bates het oor die hulp van drie organiseerders van die S.A. Party en van minister F.S. Malan en adv. W.H. Stuart, L.V. vir Temboeland, beskik. Biljette soos: "A vote for the Nationalist Bellingan is a vote for secession, racialism and a republic, and F. Roos as first President," is op die mure geplak. Bates het sy mede-spoorwegwerkers ook belowe dat hy na die Volksraad sal gaan om te help om minister Jagger, teen wie die werkers griewe oor salarisvermindering, afdankings en verlenging van werksure gehad het, uit die ministeriële stoel van Spoorweë en Hawens te lig. Die S.A. Party het ook 'n spesiale verkiesingskoerant uitgegee.¹⁶⁶ Albei partye het hul uiterste gedoen om 'n oorwinning te verseker. Op 22 Junie 1923 is die kandidaat van die S.A. Party met 'n skrale meerderheid van 58 stemme verkies.¹⁶⁷

Die regeringspers was merkbaar verlig oor die uitslag. Hulle het dit as koue water op die samewerking tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty en as 'n versterking van die prestige van genl. Smuts bestempel.¹⁶⁸ Volgens die Natal Mercury was die uitslag 'n mosie van vertroue in die S.A. Party.¹⁶⁹ Hierop het The Guardian geantwoord dat as die regering nog 'n paar sulke mosies van vertroue kry, dit een

165. Die Burger, 18.4.1923, 4.5.1923, 23.5.1923, 28.5.1923, 5.6.1923, 7.6.1923, 16.6.1923, 19.6.1923 en 22.6.1923. Berigte oor verkiesingstryd.

166. Die Burger, 16.5.1923, 5-6.6.1923, 18.6.1923 en 22.6.1923. Berigte oor verkiesingsveldtog; Ibid., 26.6.1923. Verslag van onderhoud met G.W. Malan en Ibid., 12.4.1924. Hoofartikel.

167. Die Burger, 25.6.1923. In 1921 was die stempersentasie 79 en in 1923 83.

168. Die Burger, 26.6.1923. Verstrek die mening van De Volkstem; en The Friend, 26.6.1923. Hoofartikel.

169. Die Burger, 2.7.1923. Verstrek die mening van die Natal Mercury.

van die dae klaarpraat met hom is.¹⁷⁰

C.W. Malan en ander Nasionaliste was weer van mening dat dit 'n morele oorwinning vir die Nasionale Party was.¹⁷¹ Hy het daarop gewys dat dit net soos in die tussenverkiesing in Oudtshoorn, opmerklik was dat die Engelse al hoe meer bereid is om na die uiteensetting van die Nasionale Party se beleid te luister. Daar is egter nog baie van hulle wat as gevolg van die wanvoorstellings van die Engelse pers die Nasionale Party wantrou. Volgens hom het die tussenverkiesings 'n ideale geleentheid gebied om die Nasionale Party se beginsels te verduidelik en te propageer. Hy het daarop gewys dat die verkiesing weer die behoefte aan 'n Engelse Nasionale blad beklemtoon het.¹⁷² A.J. Werth het verklaar dat Uitenhage bewys gelewer het dat hoewel baie kiesers 'n ander regering wil hê en hoewel hulle die Nasionale Party simpatiek gesind is, vooroordeel en argwaan hulle nog verhoed om vir die party te stem. Daarom sal die Nasionaliste by die volgende verkiesing baie hard moet werk. Hy het ook die mening uitgespreek dat die volgende algemene verkiesing die moeilikste en hardste stryd in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika sou wees.¹⁷³

Op 25 Julie 1923 is die Nasionale meerderheid in die tussenverkiesing in Ladybrand weer verminder. Die setel het vakant geraak na die dood van adv. C.G. Fichardt. Adv. C.R. Swart, organiserende sekretaris van die Nasionale Party in die Vrystaat, is vir die Nasionale Party en J. Crowther, 'n boer, vir die S.A. Party as kandidate benoem.¹⁷⁴ Die S.A. Party het geen kans gestaan om die setel te verower nie, maar hy was vasberade om die Nasionale meerderheid te laat daal. Hierin het hy ook danksy sy ywer en organisasie geslaag.¹⁷⁵ Die Nasionale meerderheid van 604 in 1921 het na 512 gedaal.¹⁷⁶ Die uitslag het die waarskuwings van J.H.

170. Ibid. Verstrek die mening van The Guardian. Sien ook Ibid., 26.6.1923. Verstrek die mening van die Rand Daily Mail.

171. Die Burger, 25.6.1923. Hoofartikel; Ibid., 30.6.1923. Verslag van onderhoud met Roos; en Ibid., 14.7.1923. Verslag van toespraak van A.J. Werth te Victoria-Wes.

172. Die Burger, 26.6.1923. Verslag van onderhoud.

173. Die Burger, 14.7.1923. Verslag van toespraak te Victoria-Wes. Sien ook Ibid., 4.8.1923. Hoofartikel.

174. Die Burger, 30.5.1923 en 4.7.1923.

175. Die Burger, 20.7.1923 en 21.7.1923.

176. Die Burger, 27.7.1923. Die Burger gee die meerderheid van 1921 as 596 aan. Malan en Van Rensburg, op. cit., p. 33 as 624 en die Official Year Book of the Union of South Africa, no. 5, p. 417, as 604.

Conradie¹⁷⁷ en A.J. Werth¹⁷⁸ dat die Nasionaliste nie te gerus moet wees nie en hard moet werk en organiseer, opnuut beklemtoon.

Vir baie Nasionale leiers was dit 'n uitgemaakte saak dat hulle die volgende eleksie sou wen.¹⁷⁹ Volgens adv. Roos was daar geen twyfel dat die Nasionale Party die volgende regering sal saamstel nie. Hy het 'n gehoor op Lydenburg die versekering gegee dat die Nasionale Party binne twee jaar meer sal doen as wat die S.A. Party in tien jaar uitgerig het. As dit nie die geval is nie, kan die volk die Nasionale Party maar uitskop.¹⁸⁰ Hy het die vier hoekstene van die Nasionale Party aangedui as die beskerming van boerebelange, oplossing van die werkloosheid- en armlankevraagstuk, reëling van die finansiële toestand en die onafhanklikheid van Suid-Afrika.¹⁸¹ Adv. Roos het die kiesers verseker dat as die Nasionale Party aan bewind kom, hy dadelik werk aan die werkloos sal voorsien, pensioene en siekteversekering vir oues van dae sal instel, hoë belastings op myne sal hef, nywerhede sal beskerm en aanmoedig en hoë uitvoerbelasting op ongeslypte diamante sal hef om 'n slypery in Suid-Afrika te genoodsaak. Sy voorskrif om die toestande in Suid-Afrika te verbeter, is net om te kyk wat die Smuts-regering doen en dan die teenoorgesteldê te doen. So 'n beleid sal volgens hom minstens negentig persent suksesvol wees.¹⁸²

In Julie 1923 het C.W. Malan en W.A. Hofmeyer saam met adv. E.G. Jansen, die Nasionale leier in Natal, 'n politieke reis deur Natal onderneem. Die doel was om die Nasionale Party se beginsels te propageer en om nuwe lewe in die Natalse Nasionale Party in te blaas.¹⁸³ Die leiers is baie goed ontvang en hul vergaderings het ordelik en sonder voorvalle verloop. 'n Verslaggewer het opgemerk dat daar by die Engelse 'n toenemende verdraagsaamheid en selfs 'n belangstelling om meer van die Nasionale Party te wete te kom, te bespeur

177. Supra, p.378.

178. Supra, p.384.

179. Die Burger, 26.3.1923 en 19.3.1923. Verslae van toesprake van Roos by die Premiersyn en van J.H.B. Wesels te Wolseley; Ibid., 30.6.1923. Hoofartikel; en Ibid., 4.7.1923 en 9.7.1923. Verslae van toesprake van E.G. Jansen te Pietermaritzburg en J.H.H. de Waal te Leipoldville.

180. Die Burger, 16.7.1923. Verslag van toespraak te Lydenburg.

181. Die Burger, 11.7.1923. Verslag van toespraak te Pretoria.

182. Die Burger, 25.6.1923. Verslag van toesprake te Somerset-Oos. Sien ook Ibid., 30.6.1923. Hoofartikel.

183. Die Burger, 16.6.1923, 4.7.1923, 11-12.7.1923. Verslae oor reis.

was.¹⁸⁴ C.W. Malan en W.A. Hofmeyr het hul reis as baie vrugbaar beskou maar daarop gewys dat hoewel daar groot-skeepse ontevredenheid onder die Engelse in Natal heers, dit nie beteken dat hulle die Nasionale Party steun nie. Hulle toon slegs meer bereidwilligheid om na die party se standpunt te luister.¹⁸⁵

Gelyktydig met hierdie reis het genl. Hertzog en N.C. Havenga, L.V. vir Fauresmith, 'n reis deur Griekwaland-Wes onderneem en toesprake op Kimberley, Longlands en Windsorton gehou. Op Windsorton het genl. Hertzog verklaar dat daar na sy mening nie meer Engelse in Suid-Afrika is nie, behalwe besoekers uit Engeland. Vir hom is almal Afrikaners, Engels- en Afrikaanssprekendes, en hy sal graag die leier van almal wil wees. Hy het daarop gewys dat hy niks teen die beginsels van die S.A. Party as sodanig het nie. Die probleem is net dat hulle so vaag en wyd is dat die regering van die S.A. Party enigiets kan doen sonder om in stryd met sy konstitusie te kom.¹⁸⁶

Volgens Die Burger was die Nasionale Party 'n lewendige party met 'n skitterende toekoms,¹⁸⁷ terwyl dit reeds sons- ondergang in die politieke dag van die Smuts-regering was en die duisternis vir die S.A. Party vinnig aan die kom was.¹⁸⁸ Die redakteur het hierdie opmerking gemaak na aanleiding van 'n verdere terugslag wat die S.A. Party ondervind het toe maj. E.W. Hunt, L.V. vir Turffontein, o.m. as gevolg van die regering se besuinigingsmaatreëls uit die regeringsparty bedank het en op die dwarsbanke gaan sit het. In 'n brief gedateer 15 Junie 1923 aan genl. Smuts waarin maj. Hunt die redes vir sy bedanking uiteensit, het hy o.m. gesê: „Ek is met agterdog bejeën, omdat ek dit gedurf het om van u te verskil, en geweier het om 'n blote stemmasjien te wees, wanneer die besluite van die Kabinet in die Raad aangekondig is, sonder dat die S.A.P. in die saak geraadpleeg is.“¹⁸⁹

Berigte oor die ongewildheid van die regering was algemeen en van sy ondersteuners het dit openlik betwyfel of genl. Smuts die paal by die volgende algemene verkiesing sou

184. Die Burger, 2.8.1923.

185. Die Burger, 21.7.1923. Verslag van onderhoud. Sien ook Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal 1922-1932, p. 40.

186. Die Burger, 13-16.7.1923 en 21.7.1923. Verslae van vergaderings.

187. Die Burger, 30.6.1923. Hoofartikel.

188. Die Burger, 7.6.1923. Hoofartikel.

189. Die Burger, 6-7.6.1923 en 25.6.1923. Sien ook Supra, pp. 233-234.

haal.¹⁹⁰ Minister F.S. Malan het verklaar dat hy bewus daarvan is dat die regering nie gewild is nie, maar die regering het 'n plig om te doen. Hy meen dit is beter om nou onpopulêr te wees en later die dank van die volk vir sy optrede te ontvang.¹⁹¹ Wel deeglik bewus van die gevoel teen die regering het minister F.S. Malan na die Parlementsitting 'n reis deur die Vrystaat onderneem terwyl genl. Smuts in Natal en Transvaal verskeie vergaderings toegesprek het. Ook van die ander ministers was bedrywig, veral met die oog op die komende provinsiale verkiesing.¹⁹²

Op 30 Junie het maj. Hunt as Volksraadslid bedank en 'n tussenverkiesing in Turffontein is vir 28 Augustus bepaal. Maj. Hunt het hom as onafhanklike verkiesbaar gestel terwyl die S.A. Party H. Nourse as sy kandidaat benoem het.¹⁹³

Adv. Tielman Roos het namens die Nasionale Party van Transvaal aangekondig dat sy party geen kandidaat gaan stel nie. As rede het hy aangevoer dat die beweegredes vir maj. Hunt se bedanking - dat die regering nie die belange van die produsent en die werker behartig nie - dieselfde is waarvoor die Nasionale Party al jare lank stry. Hy het verder daarop gewys dat maj. Hunt die moed van sy oortuiging gehad het en die belange van die permanente bevolking van die land bo die van die internasionale kapitaliste gestel het. Adv. Roos het gevolglik 'n beroep op die Nasionale Party van Turffontein gedoen om te toon dat hulle sy handelswyse goedkeur en dat hulle sy vertrouwe waardig is.¹⁹⁴ Die Nasionale Raad van die Arbeidersparty het reeds vroeër aangekondig dat die party besluit het om met die oog op die omstandighede waarin maj. Hunt hom herkiesbaar stel en sy brief aan die pers waarin hy homself verbind om 'n mosie van wantroue teen die regering te steun, geen kandidaat te stel nie.¹⁹⁵

Genl. Smuts het persoonlik 'n vergadering in Turffontein ter ondersteuning van H. Nourse gehou en het die beskuldigings van maj. Hunt dat hy outokraties en ongenaakbaar is,

190. Die Burger, 7.5.1923, 7.6.1923, 20.6.1923 en 30.7.1923. Hoofartikels; Ibid., 18.4.1923 en 22.6.1923. Verstrek die menings van die Natal Witness, The African World en London Times; Ibid., 27.7.1923. Verstrek die mening van P.V. Gawith, voorsitter van die Kamer van Koophandel van Pretoria; en Ibid., 30.7.1923. Verstrek die mening van die Manchester Guardian.
191. Die Burger, 29.6.1923. Verslag van toespraak te Malmesbury.
192. Die Burger, 29.6.1923 et seq.
193. Die Burger, 11.8.1923.
194. Ibid. Verklaring van Roos as voorsitter en genl. J.J. Joubert as sekretaris van die N.P. van Transvaal.
195. Die Burger, 27.7.1923. Vir verklaring van maj. Hunt i.s. die wantrouemosie sien Ibid., 26.7.1923.

ontken. Hy het maj. Hunt se bedanking toegeskryf aan die onpopulêre maar noodsaaklike besuinigingsmaatreëls van die regering. Die Eerste Minister kon sy toespraak egter nie voltooi nie, aangesien hy deur die gehoor doodgeskree is.¹⁹⁶ Genl. Smuts het later in 'n verklaring voor die verkiesing daarop gewys dat maj. Hunt na sy mening 'n Nasionalis is en sy kleure by die eerste beste geleentheid sal wys.¹⁹⁷

Op stemdag het maj. Hunt, danksy die steun van die Nasionaliste en Arbeiders, 'n meerderheid van 716 stemme behaal en die regering se meerderheid in die Volksraad is na tien verminder.¹⁹⁸ Volgens Die Burger was die uitslag nog 'n bewys dat die kiesers sat vir die regering is.¹⁹⁹ Die Rand Daily Mail en The Star het egter daarop gewys dat maj. Hunt se persoonlike aanhang 'n groot rol gespeel het. Die redakteurs het albei erken dat daar grootskeeps ontevredenheid oor die ekonomiese toestand heers en gewaarsku dat die regering se sukses by die algemene verkiesing daarvan gaan afhang of hy daarin gaan slaag om die toestand te verbeter.²⁰⁰

In die kiesafdeling Parktown is op 26 September 1923 ook 'n tussenverkiesing gehou nadat adv. R. Feetham, 'n regeringslid, as regter in die Hooggeregshof aangestel is.²⁰¹ Hy het die kiesafdeling sedert 1915 verteenwoordig en in 1921 is hy onbestrede verkies. J. George is as kandidaat vir die Arbeidersparty en W. Rockey, vanaf 1910-1920 L.V. vir Langlaagte, is as kandidaat vir die S.A. Party genomi-
neer.²⁰² Hoewel die Arbeider die steun van die Nasionaliste gehad het, het hy slegs 508 stemme teenoor Rockey se 1797 stemme op hom getrek. Die meerderheid van die S.A. Party was 1,289.²⁰³

Op die onderskeie provinsiale kongresse van die Nasionale Party in September en Oktober 1923 was daar eenstemmigheid daaroor dat die party beslis vordering in die afgelope jaar

196. Die Burger, 24.8.1923. Verslag van vergadering. Die Burger van 25.8.1923 het hierdie gedrag ten sterkste afgekeur.

197. Die Burger, 27.8.1923. Verklaring van genl. Smuts o.m. oor die gedrag van persone op die vergadering.

198. Die Burger, 29.8.1923. In 1921 is maj. Hunt met 'n meerderheid van 257 bo 'n Arbeider verkies.

199. Die Burger, 30.8.1923. Hoofartikel.

200. Ibid. Verstrek die menings van die Rand Daily Mail en The Star.

201. Die Burger, 3.8.1923.

202. Die Burger, 21.8.1923 en 8.9.1923.

203. Die Burger, 27.9.1923.

gemaak het.²⁰⁴ Slegs in die Vrystaat, waar 16 uit die 17 setels Nasionaal was, was daar klagtes van belangeloosheid en gerustheid.²⁰⁵ Die Federale Raad het in sy jaarverslag aan die kongresse gemeld dat 'n viertal pamflette deur die Raad gedruk en versprei is om kennis aangaande politieke vraagstukke aan die kiesers oor te dra en die volk op hoogte van die ware politieke toestand te hou. Klem is weer eens op die noodsaaklikheid van 'n Engelse Nasionale blad gelê en die Federale Raad het in sy verslag aangekondig dat die blad moontlik binnekort uitgegee sou word.²⁰⁶

Die organiserende sekretaris van die Nasionale Party in Transvaal, genl. J.J. Pienaar, het in sy jaarverslag oor die Engelssprekendes soos volg berig: „Die landsomstandighede het meegewerk dat ons Engelssprekende medeburgers nader kennis gemaak het met die beginsels en met die ekonomiese en industriële program van ons Party, vandaar dat die vroeër onregverdigde vooroordeel - grotendeels veroorsaak deur die uitgebreide pers van ons teenparty - begin te verdwyn en in die plek daarvan 'n nuwe volkslewe te voorskyn kom wat met behulp van 'n Engelse dagblad, ons Party sy regmatige plek in die samelewing sal toeken. Alreeds is van ons vurigste teenstanders vandag ons beginsels toegedaan en arbeid saam met ons om 'n Nasionale Regering aan die bewind van sake te kry.“²⁰⁷ Die Transvaalse onderleier, P.C.W. Grobler, het by die afsluiting van die Transvaalse kongres daarop gewys dat die S.A. Party op die vlug is en dat die Nasionale Party gereed moet wees om die vyand geheel en al te verslaan.²⁰⁸

Op die Kaaplandse kongres was dr. D.F. Malan van mening dat die volgende verkiesing waarskynlik die taaiste stryd in die politieke geskiedenis van die land gaan wees. Hy het aangetoon dat die S.A. Party klaarblyklik in sy laaste loopgraaf verkeer en besig is om hom vir 'n laaste worsteling voor te berei. Die regeringsparty ontsien geen metode om sy verlore mag te herwin nie en probeer sy uiterste om die ooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty te verbreek. Genl. Smuts buit die rasse-wantroue vir politieke

204. Kongresnotule van die Nasionale Party van Transvaal, 12-14.9.1923, pp. 20-22. Verslag van organiserende sekretaris; Die Burger, 27.9.1923. Verslag van die Sentrale Komitee aan die Kaaplandse N.P.-kongres; en Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal 1922-1932, pp. 42-43.

205. Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 17-18.10.1923, p. 8. Verslag van Sentrale Komitee.

206. Ibid., p. 29.

207. Kongresnotule van die Nasionale Party van Transvaal, 12-14.9.1923, pp. 22-23.

208. Ibid., p. 62.

doelëindes uit, maar dr. Malan voorsien dat die dag sal aanbreek dat die Engelssprekende nyweraar, boer, handelaar en arbeider, saam met die Afrikaanssprekende skouer aan skouer in die Nasionale Party sal saamwerk. Dan sal daar rasseversoening wees sonder dat een van die twee taalgroepe sy beginsels hoef prys te gee. Dr. Malan het Oudtshoorn geluk gewens met sy terugkeer na die Nasionale Party. Hy was van mening dat die ontnugtering van Oudtshoorn tipies is van wat die hele land op die oomblik ondervind. Hy twyfel nie daaraan dat die volk soos die verlore seun, tot inkeer gekom het nie.²⁰⁹

Genl. Hertzog het op die Vrystaatse Nasionale Kongres aangevoer dat aangesien die Nasionaliste 800,000 van die 1½ miljoen blankes in die land is, die behoud van die blanke beskawing en die voortbestaan van die Afrikanervolk op die skouers van die Nasionale Party rus. „Die Nasionale Party verteenwoordig nie net die 800,000 nie maar duisende in die S.A. Party, want daar is talle van hulle wat net so Nasionaal is as ons, maar die ongeluk is dat hul in 'n posiesie van magteloosheid verkeer. Hulle besit nie die durf nie om te staan waar hulle behoort te staan. In die Suidafrikaanse Party voel hulle as vreemdelinge maar hulle bly daar. Die Nasionale Party is die mondstuk wat die behoefte vertolk ook van die duisende in die Suidafrikaanse Party. Daardie party is dood vir die politiek.“ Hy meen dat die Nasionale Party se hoop nou by die Engelssprekendes lê, wat ten spyte van vyandige propaganda besef waar hulle heil gelocë is.²¹⁰

Die verkiesingsooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty is deur die Nasionale provinsiale kongresse bekragtig en sou met die komende provinsiale verkiesing beproef word. Uitlatings deur adv. Roos en P.C.W. Grobler oor die Nasionale Party se republikeinse ideaal het egter verhoudings tussen die twee partye vertroebel. Die regeringspers het die voorval gretig gebruik om die Nasionaliste se motiewe met die ooreenkoms verdag te maak. Nasionale en Arbeidersleiers moes gevolglik vinnig reageer om die breuk te herstel.²¹¹ Veral in Natal waar genl. Hertzog persoonlik nog 'n onbekende vir die Engelssprekendes was, het Arbeidersleiers hul bes gedoen om die wantroue van hul volgelinge teen die Nasionale Party af te breek. Kol. Creswell het verskeie kere by genl. Hertzog aangedring om 'n besoek aan Natal te

209. Die Burger, 27.9.1923. Verslag van toespraak te Oudtshoorn.

210. Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 17-18.10.1923, p. 15 en p. 18.

211. Supra, pp.336 et seq.

bring sodat die Arbeiders hom persoonlik kon leer ken, selfs al sou daar nie onmiddellik politieke voordeel uit gehaal word nie.²¹² Genl. Hertzog het uiteindelik ingestem en op 23 Oktober 1923 'n geesdriftige vergadering te Pietermaritzburg toegespreek. Hy het o.m. die ooreenkoms tussen die twee partye en die samewerking tussen Afrikaans- en Engels-sprekendes, soos uit Nasionale oogpunt gesien en voorgestaan, uiteengesit. Baie Engelse het die vergadering bygewoon en 'n uur lank aan genl. Hertzog vrae gestel, wat hy met groot sukses beantwoord het. Genl. Hertzog het ook die Natalse Nasionale kongres bygewoon en twee vergaderings - een in Engels en een in Afrikaans - op Dundee toegespreek.²¹³ In 'n verslag oor genl. Hertzog se besoek aan Natal het die korrespondent van Die Burger daarop gewys dat dit duidelik is dat die Engelse gretig was om genl. Hertzog se kant van die saak te hoor. Hulle vrees vir 'n republiek is egter nog baie opmerklik en dit het veral geblyk uit die vrae wat aan genl. Hertzog gestel is. Hy glo dat die Generaal se besoek wat daarop gemik was om 'n beter verstandhouding tussen die twee taalgroepe te weeg te bring, geslaagd was en dat hy baie van die denkbeeldige gevare wat „ons Engelssprekendes 'n sielestryd besorg" uit die weg geruim het.²¹⁴

Die provinsiale verkiesing was op hande en die onderskeie politieke partye het hul slag gereed gemaak. Die pogings van die Nasionale Konvensie om partypolitiek uit die Provinsiale Rade te weer, het nie geslaag nie en gevolglik was 'n provinsiale verkiesing 'n kragmeting tussen die politieke partye. Die stryd was nie so opsigtelik in die Vrystaat, waar die Nasionale Party die Provinsiale Raad oorheers het, en in Natal waar die Nasionale Party geen kans gestaan het nie, as in Transvaal en in die Kaapprovinsie nie.²¹⁵

Reeds met die opening van die kongres van die S.A. Party in Augustus 1923 het minister F.S. Malan op die belangrikheid van die komende provinsiale verkiesing wat volgens hom so dikwels deur die S.A. Party onderskat word, gewys. Hy het gewaarsku teen die gevolge van die ooreenkoms tussen die twee opposisiepartye wat 'n bedreiging is vir die aanvaarde beginsels van eiendom en reg waarop die samelewing berus.

212. Grobler, op. cit., p. 474; en F.H.P. Creswell-versameling, band 4. Brief van Creswell aan Hertzog gedateer 8.10.1923.

213. Die Burger, 5.11.1923; en Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal, 1922-1932. Agenda van kongres.

214. Die Burger, 5.11.1923.

215. The Round Table, vol. 54, pp. 404-405.

Hy was van mening dat die opposisie groot politieke betekenis aan 'n oorwinning in die verkiesing sal heg. Minister Malan het dit betreur dat die politieke atmosfeer deur die ekonomiese depressie, hoewel dit nou aan die afneem is, vertroebel is en het 'n beroep op die ondersteuners van die S.A. Party gedoen om al hul kragte in die stryd te werp.

„Die ernstige belange van ons land eis van ons, as die matige middelparty, tussen die twee uiterstes, wat hulself saamgebind het in die wankelende kombinasie - maar wat juis omrede van hierdie onvastheid so gevaarlik is vir die toekomstige gestadige ontwikkeling en vooruitgang van die Unie - dat ons onself sal aangord vir die stryd, met hernuwde beslistheid en moed. Toon julle vermoë om voort te gaan met die verantwoordelikheid om hierdie veelbelowende land op vaste grondslag te regeer, met sy verskillende nasies en uiteenlopende belange. Dit is [in] tye van benoudheid en moeilikheid dat ware grootheid van karakter openbaar word.“²¹⁶

In die Vrystaat en Natal het die provinsiale verkiesing geen verrassings opgelewer nie. In die Vrystaat is slegs 5 van die 25 setels betwis en die Nasionale Party het een setel, Harrismith, aan 'n onafhanklike afgestaan. Die sittende Nasionale lid in dié kiesafdeling, C.H. Ochse, het nie weer die nominasie gehaal nie en toe as 'n onafhanklike teen die Nasionale kandidaat gestaan.²¹⁷ Die uitslag was: Nasionale Party 22 setels, Arbeidersparty 1, S.A. Party 1 en Onafhanklike 1.²¹⁸ In Natal het die meeste van die kandidate oudergewoonte as onafhanklikes gestaan, hoewel hulle eintlik lede van die S.A. Party was.²¹⁹ Die uitslag was 16 Onafhanklikes, 5 Arbeiders, 2 Nasionaliste en 2 lede van die S.A. Party. Die Nasionale Party en die Arbeidersparty se winste was een setel elk.²²⁰

Die verkiesingstryd in Transvaal was heftig. Dit was die eerste geleentheid waarop die Nasionale Party en die Arbeidersparty hul ooreenkoms aan die Rand op die proef kon stel. Die uitvoerende komitee van die Nasionale Party van Transvaal het besluit dat by die keuse van watter van die twee partye 'n kandidaat gaan stel, die sittende lid die voorkeur sou geniet. Waar die setel deur 'n lid van die

216. Die Burger, 15.8.1923. Verslag van vergadering te Bloemfontein.

217. Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 17-18.10.1923, p. 8, p. 20 en pp. 32-34.

218. Die Burger, 8.9.1923.

219. The Round Table, vol. 54, p. 405.

220. Die Burger, 9.11.1923. Volgens Die Burger van 15.11.1923 was daar 15 Onafhanklikes en 3 lede van die S.A. Party.

S.A. Party gehou word, sou die sterkste van die twee opposisiepartye in die kiesafdeling 'n kandidaat stel.²²¹ Hierdie beslissing is egter nie deur al die Nasionale takke aanvaar nie. In Germiston wou die plaaslike Nasionale Party-tak met geweld 'n kandidaat teen die sittende Arbeider stel. Eers ná samesprekings met 'n afvaardiging van die uitvoerende komitee van die Transvaalse Nasionale Party, het hulle van hul voorneme afgesien.²²²

Tydens die verkiesingsveldtog in die kiesafdeling Wonderboom, het 'n persoon 'n mosie van vertroue in die Nasionale Party maar van wantroue in die sittende lid en Nasionale kandidaat, dr. H.J. Reitz voorgestel. Hoewel die voorstel nie 'n meerderheid kon kry nie, het adv. Roos die gebeurtenis in 'n baie ernstige lig beskou. Hy was van mening dat dit tyd geword het om teen die politieke oneerlikheid van sekere Nasionalistes op te tree. Hy was oortuig dat die Nasionalistes in Wonderboom in die meerderheid is en dat die Nasionale Party slegs as gevolg van ontrouheid die setel kan verloor. Daarom het hy besluit dat as die Nasionale Party die setel verloor, hy as leier van Transvaal en Volksraads-lid sal bedank, aangesien daar iets met sy leiding verkeerd moet wees as Nasionalistes so ontrou word. „Die Nasionale Party-lede sal dus deur hul stem in Wonderboom op 7 November ook moet kies tussen hul Transvaalse leier en 'n halfgebakte onafhanklike kandidaat.“ Adv. Roos was dus bereid om sy leierskap in die weegskaal te plaas vir die behoud van die setel.²²³

Die Nasionalistes en Arbeiders het hoë verwagtinge van hul ooreenkoms gekoester. Sprekers van albei partye het saam vergaderings in verskeie kiesafdelings toegesprek.²²⁴ Die uitslag van die verkiesing was egter vir die „Vatmekaar“, soos De Volkstem die twee partye genoem het, teleurstellend. Die Nasionale Party se totaal het op 21 setels bly staan, die Arbeidersparty se setels het van 11 na 9 verminder en

221. Die Burger, 1.8.1923. Besluit van die uitvoerende komitee; Ibid., 1.10.1923. Besluit van die besture van die N.P.-takke aan die Rand; en Kongresnotule van die Nasionale Party van Transvaal, 12-14.9.1923, p. 16. Die N.P. sou kandidate in die S.A. Party-setels Krugersdorp, Vrededorp, Johannesburg-Noord, Brakpan en Noordoos-Rand stel en die Arbeiders in Pretoria-Wes en Pretoria-Sentraal.

222. Die Burger, 6.8.1923. Sien ook Ibid., 12.9.1923. Verslag van toespraak van Roos te Pretoria oor die verdeling van setels.

223. Die Burger, 31.10.1923. Verslag van toespraak te Wonderboom.

224. Die Burger, 31.10.1923-7.11.1923. Verslag van verkiesingstryd in Transvaal.

die S.A. Party s'n het van 16 na 20 vermeerder.²²⁵ In Wou-derboom waar daar groot belangstelling geheers het, het dr. H. J. Reitz, L.U.K., die setel met 692 stemme verower. Dit was 251 stemme meer as in die vorige verkiesing.²²⁶ In genl. Smuts se setel, Pretoria-Wes, het die Arbeidersparty die setel met 343 stemme van die S.A. Party verower, terwyl die S.A. Party in die vorige verkiesing daar 'n meerderheid van 191 stemme gehad het.²²⁷

Die S.A. Party was ook teleurgesteld met die uitslag. Partylede het gemeen dat die ontevredenheid oor sekere provinsiale belastings wat deur die Nasionale-Arbeider-meerderheid in die Provinsiale Raad opgelê is, vir hulle baie meer stemme sou besorg.²²⁸ Minister F.S. Malan het egter met trots daarop gewys dat die S.A. Party ten spyte van die „Vatmekaar“ versterk uit die stryd getree het.²²⁹ The Friend was oortuig dat die uitslag getoon het dat die ooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty 'n mislukking is.²³⁰

Adv. Roos was ook tevrede met die uitslag. Hy was van mening dat die ooreenkoms goed gewerk het en dat die Nasionale Party, te oordeel aan die verkiesingssyfers, die volgende regering gaan saamstel.²³¹ Hy het die Arbeidersparty egter gewaarsku om meer ingeskrewe lede te kry en minder van simpatieke stemme afhanklik te wees. Adv. Roos het ook verklaar dat hy persoonlik meen dat die Nasionale Party en die Arbeidersparty die oorwinning in die algemene verkiesing moet deel en 'n koalisieregering moet saamstel.²³²

Adv. M. Kentridge het in 'n onderhoud erken dat die Arbeidersparty baie teleurgesteld is. Hy was van mening dat die regeringsparty wat deur omstandighede verplig is om belastings te hef, met 'n verkiesing altyd in 'n ongunstige posisie is. 'n Ander rede vir die verliese van die Arbeidersparty was dat die kandidate die verkiesing te gemaklik opgeneem het. Volgens hom was daar 'n duidelike les uit die verkiesing.

225. Die Burger, 12.11.1923; Mulder, C.P. en Cruywagen, J.A., Die eerste skof van die Nasionale Party in Transvaal 1914-1964, p. 45 en p. 127; en The Round Table, vol. 54, p. 406. Die nuwe afbakening van kiesafdelings het die totale aantal setels met een vermeerder.

226. Die Burger, 8.11.1923.

227. Ibid.

228. Die Burger, 12.11.1923. Hoofartikel.

229. Die Burger, 13.11.1923. Verslag van toespraak te Kaapstad.

230. The Friend, 10.11.1923. Hoofartikel.

231. Die Burger, 13.11.1923. Verklaring van Roos.

232. Die Burger, 17.11.1923. Artikel deur Roos oorgeneem uit The Guardian.

sing te leer: by die volgende verkiesing sal dit nodig wees dat Nasionale leiers Arbeiderkiesafdelings wat oorwegend Engelssprekend is, besoek terwyl die Arbeiderleiers weer na plattelandse kiesafdelings sal moet gaan om met die boere kennis te maak.²³³

'n Korrespondent van Die Burger in Transvaal het daarop gewys dat as die Nasionale Party en die Arbeidersparty dieselfde hoeveelheid kandidate wat hulle in die Provinsiale Raad het, met die algemene verkiesing na die Parlement stuur, daar 'n regeringsverandering sal kom. Hy het ook getroos dat die ooreenkoms tussen die twee partye waarskynlik baie beter in die algemene verkiesing sal werk aangesien twee diere wat vir die eerste keer langs mekaar ingespan word, eers moet leer om langs mekaar te trek. Hulle lywe moet eers aan mekaar gewoond raak voordat hulle goeie trekmaats word. Hy was ook vol hoop dat die organisasie van die Arbeidersparty voor die verkiesing sou verbeter.²³⁴

Die provinsiale verkiesing in die Kaapprovinsie het 'n week na dié in Transvaal, op 14 November, plaasgevind. Anders as in Transvaal het die S.A. Party in die ou Provinsiale Raad 'n meerderheid gehad en het die Nasionalistes en Arbeiders die opposisie uitgemaak. Die meerderheidparty hier moes, net soos in Transvaal, drasties besnoei weens die verminderde subsidies van die regering. Wat in hierdie verkiesing egter 'n groot rol gespeel het, was die feit dat die regering die Baxter-verslag oor provinsiale finansies gedeeltelik aanvaar het. Dit sou besnoeiing op onderwys meebring en die belastingbronne van die provinsies vaspen. Die moontlikheid van belasting op vaste eiendom, grondbelasting ingesluit, vir provinsiale en plaaslike doeleindes is ook genoem.²³⁵ Hierteen het die Nasionale Party baie sterk te velde getrek en dit beskou as nog 'n sukses van die mynmagnate wat reeds daarin geslaag het om van provinsiale belastings onthef te word. Die boere sal nou deur grondbelasting die verskil moet betaal en die onderwys gaan daaronder ly.²³⁶ Nog 'n beswaar van die Nasionalistes was dat die S.A. Party-meerderheid 'n ordonnansie waarvolgens die tweetalighedsartikel van die Grondwet ook op plaaslike en openbare liggame van toepassing gemaak sou word, afgestem het.²³⁷

233. Die Burger, 13.11.1923. Verslag van onderhoud.

234. Die Burger, 16.11.1923.

235. Supra, pp. 235-236.

236. Supra, pp. 236-237.

237. Die Burger, 27.9.1923. Verslag van die Sentrale Komitee aan die N.P.-kongres van Kaapland en toespraak van dr. Malan.

Dr. D.F. Malan het namens die Sentrale Komitee van die Kaaplandse Nasionale Party 'n beroep op die kiesers gedoen: „By hierdie eleksie moet die volk verklaar of hul bereid is om hul kinders op te offer op die altaar van groot-kapitaal en of hul ter wille van die groep van selfsugtige finansiers, wat die S.A.P. beheers, gedwee wil toelaat dat opvoeding sal belas en dat hul nageslag tot onkunde en armoede gedoem word.” Hy het Nasionalistes gevra om eendragtig saam te werk en die verkiesing te wen. Waar daar nie 'n Nasionalis staan nie, moet hulle vir die Arbeidersparty stem.²³⁸ Die Burger het daarop gewys dat in geen kiesafdeling 'n Arbeider en 'n Nasionalis mekaar opponeer nie. Die redakteur het die Nasionalistes se aandag daarop gevestig dat in die kiesafdeling Liesbeek 'n gewese Nasionalis, Lagesen, as onafhanklike teen die sittende Arbeider, A. Palmer, staan. Aangesien Lagesen uit die Nasionale Party bedank het en nie meer Nasionale belang dien nie, moet die Nasionalistes nie vir hom stem nie maar wel vir Palmer.²³⁹ Die Burger het ook voortdurend klem daarop gelê dat baie op die spel is en dat 'n oorwinning vir die S.A. Party verwaarlosing van onderwys, miskenning van die Afrikaner se taalregte en driedubbele grondbelasting sou beteken.²⁴⁰

Vir die S.A. Party was daar baie op die spel, want 'n groot oorwinning sou baie vir die moreel van die party beteken. Minister F.S. Malan het die kiesers aangespoor om die verkiesing tog ernstig op te neem en die „onheilige verbond” 'n nekslag toe te dien. Hy het die Kaaplanders gewaarsku teen die sosialistiese Arbeidersparty met hul haat teen alle kapitaal en eindomsreg.²⁴¹ Genl. Smuts was op daardie tyd-stip in Londen vir die Imperiale Konferensie. Hy het voor sy vertrek dit betreur dat hy die land op so 'n kritieke tyd-stip moet verlaat, maar wys daarop dat dit 'n besonder belangrike sending is, aangesien die toekoms van Suid-Afrika in 'n groot mate afhang van wat in die buiteland gebeur.²⁴² Op die vooraand van die verkiesing het hy per kabelgram 'n beroep op die kiesers gedoen: „Ek vra die kiesers van die Kaapprovinsie om môre deur hul stemme te toon dat hulle my

238. Die Burger, 27.10.1923.

239. Die Burger, 31.10.1923. Hoofartikel; en Ibid., 2.11.1923. Besluit van die plaaslike N.P.-tak om Palmer te steun.

240. Sien o.m. Die Burger, 13.9.1923 en 20.10.1923. Hoofartikels.

241. Die Burger, 13.11.1923. Verslag van toespraak te Kaapstad.

242. Die Burger, 4.9.1923. Verslag van toespraak te Pretoria.

optree vir vrede en herstel in Europa, goedkeur. Transvaalse ondersteuning was kostelik en Kaapse ondersteuning in hierdie gewigtige uur sal nuwe krag gee aan my stem."²⁴³

Die uitslag het beslis nie krag aan die Eerste Minister se stem verleen nie. Die S.A. Party het 4 setels verloor en met 'n totaal van 23 geëindig. Die Nasionale Party het 21, die Arbeidersparty 4 en die Onafhanklikes 3 verower.²⁴⁴ Die gemiddelde stempersentasie was 65 terwyl dit in die algemene verkiesing van 1921 64 was. Opvallend was ook die hoë stempersentasie op die platteland en lae persentasie in die stede. Die S.A. Party moes veilige setels soos Worcester, Kimberley, Beaconsfield, Fort Beaufort en Malmesbury afstaan - lg. twee was die Volksraadsetels van ministers T. Smartt en F.S. Malan - terwyl die Nasionale Party oral vooruitgang getoon het. Die redakteur van Die Burger het daarop gewys dat die S.A. Party nie langer in één van die vier provinsies oor 'n meerderheid in die Provinsiale Raad beskik nie. Hy het Nasionalistes aangespoor om dadelik te begin werk vir 'n oorwinning in die algemene verkiesing wat na alle waarskynlikheid in 1924 gehou sal word. Deur die nodige ywer, organisasie en registrasie kon Nasionalistes nog beter as in die provinsiale verkiesing vaar.²⁴⁵

Minister D. Reitz het die S.A. Party verseker dat die morele peil van die regering nog hoog is, aangesien hy stemme prysgee ter wille van sy beginsels. Die Nasionale Party en Arbeidersparty daarenteen, gee beginsels prys ter wille van stemme. Volgens hom was dit opmerklik dat meer as negentig persent van die burgers wat in die Anglo-Boere-oorlog aan die kant van die republike geveg het, lode van die S.A. Party is terwyl negentig persent van diegene wat hulle plig versuim het, aan die Nasionale Party behoort. Dit lyk asof die kiesers op die platteland na die Nasionale Party neig maar dit is slegs omdat hulle nog nie met die uiterste vleuel van die Nasionale Party - die Bolsjewiste en die kommuniste - kennis gemaak het nie.²⁴⁶

Die Sunday Times het dit sterk betwyfel of die uitslag van die provinsiale verkiesings as aanduiding van die openbare mening en gevoel teenoor die regering beskou kan word, aangesien basies oor provinsiale sake beslis is. Die redakteur was van mening dat die skynbare gevoel teen die regering

243. Die Burger, 19.11.1923. Hoofartikel.

244. Ibid. Die Nasionale Party en die Arbeidersparty het elk een setel meer gekry.

245. Die Burger, 19.11.1923, 23.11.1923, 7.12.1923 en 8.12.1923. Hoofartikels.

246. Die Burger, 22.11.1923. Verslag van toespraak te Port Elizabeth.

maklik herstel kon word en as die leiers van die S.A. Party hul kaarte goed speel, hoef hulle nie vir 'n algemene verkiesing te vrees nie.²⁴⁷

Volgens die Nasionale Party was die uitslae wel 'n aanduiding daarvan dat die S.A. Party besig is om veld te verloor. Genl. Hertzog het die uitslag beskou as 'n duidelike bewys dat die Nasionale Party vooruitgaan en die S.A. Party besig is om incen te stort. Hy het die uitslag as 'n mosie van wantroue in die regering bestempel en het aanvaar dat 'n algemene verkiesing in 1924 gehou sal word - 'n stelling wat onmiddellik deur minister Reitz ontken is.²⁴⁸ Minister Reitz het die versekering gegee dat die verkiesing nie voor 1925 sou plaasvind nie.²⁴⁹

Die ooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty is op 1 Januarie 1924 finaal deur die kongres van die Arbeidersparty in Pretoria goedgekeur.²⁵⁰ Die Burger het daarop gewys dat die S.A. Party al vir die afgelope nege maande sedert die ooreenkoms tussen die twee partyleiers aangegaan is, onafgebroke alle kragte ingespan het om die ooreenkoms te laat misluk en „die mate van hul angs is te sien in die hardheid van hul geskree”. Hulle weet goed genoeg dat word hierdie ooreenkoms uitgevoer dit die dood beteken van die Smuts-regering, en die val van daardie Regering beteken die end van die kapitalistiese heerskappy in Suid-Afrika.“²⁵¹ Die redakteur het dit ook amusant gevind dat die S.A. Party so skielik van front verander het. Eers het die partyleiers en regeringspers teen die ooreenkoms „gedonder en gebanvloek.” Die Bolsjewistiese gevaar is beklemtoon en maatskaplike verwoesting en chaos onder 'n Arbeiderregering is geskilder. Nasionalistes wat tot so iets in staat was, is verdoem. Toe kom die algemene verkiesing in Engeland en die Konserwatiewe Party maak plek vir 'n Arbeidersregering met Ramsay MacDonald as eerste minister van Engeland. Die S.A. Party moes toe sy taktiek verander. Nou word die Arbeiders gevlei en al die geweld van die aanval word op Creswell toe-

247. Die Burger, 19.11.1923. Verstrek die mening van die Sunday Times. Sien ook Ibid., 6.9.1923; en The Round Table, vol. 54, p. 406 i.s. mening of provinsiale verkiesing 'n weerspieëling van die openbare gevoel teen die regering is.

248. Die Burger, 19.11.1923. Verslag van onderhoud. Sien ook Ibid., 20.11.1923. Verstrek die mening van Die Weste; Ibid., 24.11.1923. Hoofartikel; en Ibid., 29.11.1923. Verslag van toespraak van dr. D.F. Malan te Godarberge.

249. Die Burger, 23.11.1923.

250. Supra, p. 343.

251. Die Burger, 3.1.1924. Hoofartikel.

gespits.²⁵² Die koerant het ook gewys op die verskillende metodes van die regeringspers om stemme te werf. Vir plat-telandse kiesers en grondeienaars word vertel dat die Arbeidersparty in 'n koalisieregering van die Nasionale Party en die Arbeidersparty, die oorhand sou hê en dat grond genasionaliseer sou word. Aan die stedelinge word voorgehou dat die ooreenkoms die Nasionale Party sou versterk en dat 'n Nasionale regering vir die werkers noodlottig sou wees.²⁵³

In die Parlementsitting wat op 25 Januarie 1924 begin het, het die twee opposisiepartye doeltreffend saamgewerk en genl. Smuts moeilike dae besorg. Kol. Creswell het die Eerste Minister tot verantwoording geroep oor 'n toespraak waarin hy beweer het dat die nuwe Britse regering gebonde is om 'n besluit van die Imperiale konferensie oor Britse voorkeurtariewe aan dominiums uit te voer. Kol. Creswell, gesteun deur genl. Hertzog, het daarop gewys dat die Imperiale konferensie geen status of bindende mag oor enige land het nie en dat sy bewering inbreuk maak op die vryheid van elke soewereine parlement in die Britse Gemenebes.²⁵⁴ Genl. Hertzog se aanval was oor die armblanke- en werkloosheidsvraagstuk wat aan die toeneem was. Hy was van mening dat die regering meer werkseleenthede moet skep en moet sorg dat blankes te alle tye op al die arbeidsmarkte voorkeur geniet sodat die blanke beskawing beveilig kan word. Hy het ook op die noodsaaklikheid van die uitvoer van 'n segregasiebeleid gewys. Die opposisie het die toestroming van duisende blankes na die stede, die gebrek aan werkseleenthede vir hulle daar en die ongelyke kompetisie met die nie-blanke alles op die rekening van die regering geplaas. In die debatte is die botsende menings van kabinetslede oor sake soos nywerheidsbeskerming en naturellebeleid duidelik beklemtoon.²⁵⁵

Die finansiële toestand het verbeter en minister Jagger kon 'n groot oorskot op sy begroting vir die afgelope jaar wys, terwyl minister Burton ook 'n surplus vir die afgelope finansiële jaar voorspel het. Vir die boerebevolking het die toekoms egter nog donker gelyk. Droogtes, misoeste en sprin-

252. Die Burger, 3.1.1924, 23-24.1.1924 en 15.2.1924. Hoofartikels. Sien ook *Ibid.*, 3.1.1924. Verstrek die mening van *The Star* i.s. Creswell; en *Ibid.*, 4.10.1923. Verslag van toespraak van minister Malan te Kokstad waar hy verklaar dat die Nasionalistes nog berou sal hê oor hulle samewerking met die Arbeiders en dat 'n Arbeiderregering die beginsels van die beskawing sal ondermyn.

253. Die Burger, 8.1.1924. Hoofartikel. Die redakteur vergelyk die menings van *Ons Land* en die *Cape Times*.

254. *Supra* p. 239.

255. *Supra*, p. 257 ; en Hancock, *op. cit.*, p. 160.

kaanplae het hulle toestand kritiek gemaak en die regering moes ingryp. Hulp is verleen deur die aannane van die Droogte Noodlenigingswet. Die hulp is deur die opposisie verwelkom, maar die regering moes weer prestige inboet met sy wetsontwerp oor Provinsiale Verhoudinge. Die vernaamste kenmerk hiervan was eenvormige salarisskale vir onderwysers. Die salarisvermindering van onderwysers wat hieruit gevloei het, het die regering beslis steun in onderwyskringe gekos. Die mening het posgevat dat dit net die myneienaars en kapitaliste is wat onder die Smuts-regering welvarend is.²⁵⁶

Genl. Smuts se meerderheid in die Volksraad was nog steeds besig om te daal. Met die opening van die Parlement was sy meerderheid 10, maar op 2 Februarie is J. van der Merwe, L.V. vir Wakkerstroom, en op 10 Februarie is sir George Leuchars, L.V. vir Umvoti, oorlede.²⁵⁷ Die Volksraad het ook aan die 83-jarige J.X. Merriman, L.V. vir Stellenbosch, om gesondheidsredes verlof verleen om nie die sitting by te woon nie.²⁵⁸ Hierdeur het die regering se meerderheid verminder na sewe, maar op 5 Maart is J.A. Joubert, Nasionale L.V. vir Pretoria-distrik, oorlede en gevolglik was die meerderheid toe agt.²⁵⁹ Die tweede lesing van die wetsontwerp i.s. Provinsiale Verhoudinge is op 12 Maart met 'n meerderheid van slegs vyf stemme aangeneem. As dr. C.F. Steyn en W.B. Madelley nie afwesig was nie, sou die regering se meerderheid 'n skrale drie stemme gewees het.²⁶⁰

Die politieke spanning was besig om op te laai. Hoewel die algemene verkiesing eers in 1925 gehou moes word, het die S.A. Party al begin organiseer en sy pers het regeringsondersteuners aangemoedig om dadelik aan die werk te spring en seker te maak van 'n oorwinning.²⁶¹ Volgens 'n berig in die Cape Times het die hoofkomitee van die S.A. Party besluit om assistent-sekretarisse in elke distrik aan te stel en die party se organisasie op te knap.²⁶² Gerugte wou dit hê dat die Kamer van Mynwese 'n kwartmiljoen pond tot beskikking

256. Supra, p. 239 et seq.

257. Die Burger, 5.2.1924 en 11.2.1924.

158. Die Burger, 15.3.1924. Verslag van Volksraadsdebat. Hy was vir 55 jaar onafgebroke lid van die Kaapse Parlement en van die Unie-parlement.

259. Die Burger, 6.3.1924.

260. Die Burger, 13.3.1924. Rubriek „In en Uit die Volksraad.“

261. Die Burger, 24.1.1924 en 2.2.1924. Hoofartikels; Ibid., 24.3.1924. Berig uit Transvaal; Ibid., 18.3.1924. Rubriek „In en Uit die Volksraad“ i.s. gerugte dat 'n L.V. uit die S.A. Party gaan bedank; en Ibid., 11.3.1924. Minister Reitz kry 'n mosie van wantroue te Sutherland.

262. Die Burger, 19.2.1924. Hoofartikel.

van die S.A. Party se verkiesingsveldtog gestel het.²⁶³ Die algemene sekretaris van die S.A. Party, Louis Esselen, het deur 'n omsendbrief die redakteurs van die regeringspers in kennis gestel dat daar met die oog op die komende verkiesing, 'n reorganisasie van die party dwarsdeur die land plaasvind. Hy het die uiters belangrike rol van die pers in die verkiesingsveldtog beklemtoon en voorgestel dat daar nouer skakeling tussen die koerante en die party se hoofkantoor moet wees. Esselen was van mening dat die uitreiking van gereelde bulletins deur die hoofkantoor oor belangrike sake, feite, syfers en toepaslike uittreksels uit toesprake van politieke leiers en ander inligting wat van tyd tot tyd deur die pers gebruik kan word, van groot waarde kan wees. „I think that you will agree with me that the next general election will be the most important one that has been held in the history of our country, notwithstanding the fact that there prevails considerable apathy.“²⁶⁴

Die Nasionale Party het nie op hom laat wag nie. Die Burger het gewaarsku teen die groot veldtog van die duistere geldmag - wie se heerskappy nou bedreig word - teen die volk van Suid-Afrika. Die redakteur het gewys op die propaganda van die kapitalistiese pers en die verdagnakery van die verkiesingsooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty by die Engelse stedeling en die plattelandse boer in 'n poging om die aandag van die regering se wanbestuur af te trek. Hy het saamgestem dat die komende verkiesing die belangrikste in die geskiedenis van die land sou wees, wat vroegtydig die uiterste kraginspanning van elke Nasionale eis. Die S.A. Party het 'n invloedryke pers en baie geld, terwyl die Nasionale Party 'n paar koerante en byna geen geld het nie. Dit het slegs hoë ideale en 'n banier met die woorde: Suid-Afrika eerste! Hy het ook die noodsaaklikheid van harde werk, deeglike organisasie, geldinsameling en registrasie van alle kiesers herbeklemtoon.²⁶⁵

In Transvaal het die uitvoerende komitee van die Nasionale Party al op 9 Januarie 1924 'n kommissie benoem om die Arbeidersparty te ontmoet en die ooreenkoms tussen die twee partye sover dit Transvaal betref, te bespreek en die organisasie in orde te kry.²⁶⁶ Ná samesprekings met die Arbeiders-

263. Die Burger, 19.2.1924 en 28.3.1924. Hoofartikels. Dit is later deur die Kamer van Mynwese ontken.

264. Die Burger, 28.3.1924.

265. Die Burger, 2.2.1924, 19.2.1924 en 28.3.1924. Hoofartikels.

266. Die Burger, 10-11.1.1924. Die kommissie wat benoem is, het bestaan uit adv. Roos, P.G.W. Grobler, dr. T.C. Visser en ds. B.R. Hattingh.

party is 'n kommissie bestaande uit adv. T. Roos, P.G.W. Grobler en genl. J.C.G. Kemp van die Nasionale Party en kol. Creswell en T.G. Boydell van die Arbeidersparty aangestel om die Randse setels tussen die twee partye te verdeel. Op 23 Februarie het 80 afgevaardigdes van die verskillende Nasionale Partytakke aan die Rand vergader om die voorgestelde verdeling van setels te bespreek. Die kommissie se aanbevelings is eenparig aanvaar en daar is besluit om die ooreenkoms getrou na te kom.²⁶⁷ In Transvaal was die Nasionalistes dus slag gereed. Die ideaal van 'n Nasionale mondstuk in Engels is ook bereik toe die eerste eksemplaar van The South African Nation, 'n weekblad onder redaksie van adv. T.E. Dönges, op 12 April 1924 verskyn het.²⁶⁸

Nasionale leiers het hul volgelinge moed ingepraat vir die eleksie wat na alle waarskynlikheid nog voor die einde van die jaar sou plaasvind. Volgens G.W. Malan was die Nasionale stroom sterk en onkeerbaar.²⁶⁹ Genl. Hertzog het verklaar dat die regering ná 'n bewind van 13 jaar duidelik moeg en uitgeput is. Dit is dus in belang van die volk dat daar 'n verandering moet kom. Hy het die waarde van die ooreenkoms vir 'n Nasionale oorwinning besef en opgemerk dat hy oor min dinge so verheug is as oor die feit dat die Arbeiders ingesien het dat die Nasionale Party nie so 'n on-dier is dat hulle nie met hom kan saamwerk nie. Genl. Hertzog het die voorspooksele wat die S.A. Party aan die kiesers voorhou, bespreek. Vir die boere word vertel dat die Engelse arbeider 'n Bolsjewis is en vir die stedeling dat die Nasionalistes gevaarlike bedrieërs is. Genl. Smuts het egter self 'n kabelgram van gelukwensing aan die Arbeiderleier Ramsay MacDonald gestuur toe hy in Engeland aan bewind gekom het. Hy het gewaarsku dat die regering die verkiesingstryd nie oor politieke beginsels of praktiese vraagstukke gaan voer nie, maar wel met 'n veldtog van laster, lis en leuens. Die Generaal het 'n oproep op die kiesers gedoen om wakker te loop en al hulle kragte vir die stryd in te span.²⁷⁰

In hierdie tyd toe die Nasionale Party se oorwinning in

267. Die Burger, 25.2.1924. Die N.P. sou die volgende setels van die S.A. Party betwis: Krugersdorp, Vrededorp, Fordsburg, Noordoos-Rand en Pretoria-Sentraal. Die res sou aan die Arbeidersparty oorgelaat word.

268. Die Burger, 12.2.1924; en Ibid., 14.4.1924. Hoofartikel.

269. Die Burger, 12.2.1924. Verslag van toespraak te Bellville.

270. Die Burger, 16.2.1924 en 25.2.1924. Verslae van toesprake te Swellendam en Ceres; en Ibid., 20.3.1924 en 5.4.1924. Verslag van onderhoud en verslag van toespraak te Parow.

die volgende verkiesing vir baie Nasionaliste byna 'n vol-donge feit was, is daar weer hernude pogings in die Vrystaat en Transvaal aangewend om die Afrikaners wat met die stigting van die Nasionale Party in 1914 tussen dié party en die S.A. Party verdeel is, weer in een party te herenig. Verskeie pogings om die twee partye te herenig, het in die verlede telkens misluk weens die weiering van Nasionaliste om hulle ideaal van soewereine onafhanklikheid en selfbeskikkingsreg vir die Unie van Suid-Afrika af te sien.²⁷¹ Toe die Unioniste-party aan die einde van 1920 met die S.A. Party geamalgameer het, en genl. Smuts hom openlik met imperialiste versoen het, was hereniging met 'n party wat die Nasionaliste se aartsvyande gehuisves het, ondenkbaar.²⁷² Nasionale leiers het hierna alle Afrikaners uitgenooi om by die Nasionale Party aan te sluit en daardeur die volk weer te herenig in 'n party wat die belange van Suid-Afrika en sy inwoners eerste stel.²⁷³

Die hoop dat die twee partye, of ten minste die Afrikaners, weer in een party sou herenig, het nog by baie Afrikaners bestaan. In September 1921 is daar op 'n vergadering in Potchefstroom, op voorstel van J.G. Obermeyer, Nasionale L.V. vir die kiesafdeling, 'n kommissie bestaande uit Nasionaliste en lede van die S.A. Party benoem om die Afrikaner-volk weer bymekaar te bring. Ook op Witkopfontein, Venterskroon, Mooibank en Vyfhoek is soortgelyke kommissies aangewys.²⁷⁴ Daar is egter niks meer van die beweging verneem nie.

Twee jaar later, in September 1923, is daar weer 'n herenigingsbeweging in die distrik Wakkerstroom op tou gesit. Die ooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty, die verdagmakery van die S.A. Party daarteen en die onderneming van die Nasionale Party om vir die duur van die volgende parlement niks omtrent die onafhanklikheid van die land te doen nie, moes ongetwyfeld as prikkel hiervoor gedien het. Op Platberg is 'n vergadering gehou waarop eenparig besluit is dat die onafhanklikheidsvraagstuk, waaroor die laaste herenigingspogings misluk het, skynbaar nie meer 'n hindernis is nie. Die vergadering het 'n beroep op die

271. Coetzee, *op. cit.*, pp. 127-147.

272. *Supra*, pp. 11-13.

273. *Die Burger*, 16.6.1921 en 5.10.1921. Verslae van toesprake van dr. D.F. Malan en ds. B.R. Mattingh te Kaapstad.

274. *Die Burger*, 27.9.1921. Verslag van toespraak. Die kommissie wat op Potchefstroom benoem is, het bestaan uit J. Viljoen, A. Pienaar, Duncan, Bezuidenhout en A.M. van Deventer.

volk gedoen om „opnuut 'n kragtige poging aan te wend om 'n einde te maak aan die treurige toestand, deur met mekaar gedagtes te wissel in die nuusblaaië, oral gesamentlike vergaderings te hou, mekaar aan te spoor tot toenadering, besluite te neem ten gunste van hereniging en eindelik 'n volkskongres bymekaar te roep.“²⁷⁵

Op 29 Januarie 1924 is in Die Burger 'n program van beginsels van die Dullstroomse herenigingsbeweging en 'n oproep om steun daarvoor gepubliseer.²⁷⁶ Die program was onvolledig en vaag en die redakteur van Die Burger het daarop gewys dat dit oor die uiters belangrike konstitusionele verhouding tot Engeland en die Britse Ryk die formule van die S.A. Party volg en oor die ideaal van onafhanklikheid en selfbeskikkingsreg niks sê nie. Hy was verheug om te sien dat daar na soveel jare van verdeeldheid en stryd, nog die begeerte om politieke eenheid bestaan. Hy het egter beklemtoon dat die toestande die afgelope paar jaar baie verander het. Pogings om die twee partye te verenig, moet as iets van die verlede beskou word, want hereniging met die S.A. Party ná sy amalgamasie met die Unioniste - aanhangers van die imperialisme en kampvegters vir die mynmagnate en groot kapitaliste - is nie meer moontlik nie. Waar die vroeëre S.A. Party se beginsels in wese nog met dié van die Nasionale Party ooreengestem het, het die verskille tussen die twee partye sedertdien te groot en onoorbrugbaar geword. Daarom is same-smelting onwenslik en vir Nasionale beginsels gevaarlik. Die bestaan van die twee partye teenoor mekaar is dus geregverdig en wenslik. Al wat die onderskeie partyondersteuners in die omstandighede kan doen, is om mekaar se sienswyse te oerbiedig, om persoonlikhede en bitterheid te vermy, om verdraagsaamheid te beoefen en om te leer dat politieke verdeeldheid geen invloed op kerklike en maatskaplike samewerking behoort uit te oefen nie. Die Burger raai ook Nasionalistes wat aanhangers van die imperialisme en politiek van die mynmagnate is, aan om by die S.A. Party aan te sluit. Die lede van die S.A. Party wat teenstanders is van daardie politiek, en voorstanders van 'n beleid van Suid-Afrika eerste is, moet dan liever by die Nasionale Party aansluit.²⁷⁷

Daar was verskeie berigte oor herenigingspogings in Transvaal, maar gerugte wou dit hê dat dit nie juis steun van Nasionalistes geniet het nie. Op Ohrigstad het die bestuur van die plaaslike Nasionale Party-tak die afdelings-

275. Die Burger, 21.9.1923.

276. Die Burger, 29.1.1923.

277. Die Burger, 31.1.1924. Hoofartikel.

voorsitter gevra om weens sy deelname aan die herenigings-aksie te bedank.²⁷⁸

Adv. Tielman Roos was van mening dat die herenigingspraatjies wat in omloop was, slegs 'n openbaring is van hoe swak die S.A. Party hom vandag teenoor die al sterker wordende Nasionale Party voel. Daar is reeds twee sterk partye in die land en dit is hoogs onwenslik om nog 'n derde party te stig. Hy het die mense wat so moeg vir die S.A. Party is, aangeraai om maar by die Nasionale Party aan te sluit.²⁷⁹

Aan die begin van Februarie het 'n aantal Nasionalistes en lede van die S.A. Party in die distrik Hoopstad bymekaar gekom en besluit „om te doen wat hulle kan om die twis en tweedrag wat ons land en volk al so diep in die modder gedruk het, helemaal uit die wereld weg te ruim en te vergeet wat ons ou land die laaste reeks van jare al deurgemaak het.“ Hulle het die beginsels vir 'n Suid-Afrikaanse Nasionale Vredes Party opgetrek in 'n poging om eenheid en samewerking onder Afrikaners te bewerkstellig.²⁸⁰

In 'n brief gedateer 21 Februarie 1924 aan D.J. Smit, sekretaris van die Nasionale Party-tak Langkuil, het genl. Hertzog sy mening oor hierdie nuwe party gelug: „Ons arme volk sal dus gesegen word met nog 'n partij! - En dan nogal 'n Vredes Partij! Ons volk mag wel uitroep: „Die Hemel bewaar ons van die Vredemakers!“ Om vrede te maak, moet hul eers verdeeldheid bring; en waar daar vandag, binne die gelede van die Afrikaner Volk, twee Partije bestaan, moet daar drie geskep word om die vrede te behaal!“ Genl. Hertzog het sy verbasing uitgespreek oor die nuwe rekenkunde van die vredemakers waarvolgens $1 + 2 = 1$ en nie 3 nie. „Ik wil ons volk in alle ernst waarsku teen die politieke bedrog wat men hierdeur besig is om op hul af te speel. Onder dié skone woord hereniging is men op verskeie plekke besig om verdere verdeeldheid en bitterheid te weeg te bring bij ons volk. Agter die beweging sit politieke draadtrekkers die niks anders beoog dan om die nationale eenheid van ons volk dood te maak. Hul name sal nie lig op die voorgrond kom nie, en terwyl hul met hul eigenlike oogmerke in die skaduw verberg staan, gebruik hul die eenvoudige maar misleide manne van ons volk om onder die vlag van hereniging of vrede hul vuil werk te doen.“ Hierdie mense is daarop uit om twis, tweedrag en verdeeldheid in die Nasionale Party te saai, wat na

278. Die Burger, 26.2.1924.

279. Die Burger, 25.2.1924. Verslag van toespraak op 'n komitee-vergadering van N.P.-takke aan die Rand.

280. Die Burger, 7.3.1924. Brief van J.C. Greyling, e.a. aan genl. Hertzog.

hul mening nou te sterk word. Hy het dit betreur dat die Nasionaliste nie deur hierdie planne kan sien nie, en was van mening dat die volk vroegetydig teen die bedrog gewaarsku moet word want „Die uiteinde daarvan gaan wees groter verdeeldheid, groter bitterheid en groter ellende dan nog ooit tevore.“²⁸¹

Kort hierna het genl. Hertzog sy kans gekry om die volk te waarsku. 'n Viertal persone - skynbaar stigterslede - het aan hom die program van beginsels van die Suid-Afrikaanse Nasionale Vredes Party, tesame met die oproep aan die volk wat hulle binnekort in die pers wou publiseer, gestuur. In 'n dekbrief het hulle die motief vir die stigting uiteengesit. Daarvolgens het hulle altyd opgesien na die „room van ons land om vir ons te lei na hereniging, maar ons het tot die oortuiging gekom dat dit nie van daar kan kom nie.“ Daarom het hulle as plattelandse boere die leiding geneem. Hulle het 'n beroep op genl. Hertzog gedoen om raad, hulp en leiding oor hoe om te werk te gaan met die „grootste en edelste saak in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.“²⁸²

Genl. Hertzog het op 28 Februarie hulle brief beantwoord en sy brief sowel as hulle s'n aan die pers vir publikasie oorhandig. Hy het daarop gewys dat hulle eers klaar 'n party stig en toe by hom om raad kom aanklop. Hy noem dit 'n vriendelike maar naïef-kinderlike uitnodiging - so naïef-kinderlik dat hy aanvanklik gedink het dat hulle besig is om spot te dryf. Hy het egter besef dat dit nie in die aard van die Afrikaner-boer is om met 'n saak soos Afrikaner-volksverdeeldheid die spot te drywe nie. Hy is oortuig dat hulle die slagoffers van politieke draadtrekkers is wat probeer om die Afrikanervolk dood te maak. „As ek my dus hier ietwat hard uitlaat dan hoop ek, dat u dit nie sal aantrek as op u bedoel nie, maar wel op hulle wat in hul listigheid u mislei het of seek om u te mislei.“ Hy wou weet hoe hulle redeneer en die volk wil wysmaak dat drie partye eenheid beteken, terwyl twee verdeeldheid is. 'n Derde party sal slegs die bestaande verdeeldheid groter maak en die bitterheid verskerp. „Daardeur moet noodwendig die Afrikaner-volk tot magteloosheid gedoem word, om dan as prooi te dien van al die draadtrekkers wat nou besig is om u aan te spoor tot die grootste misdad wat nog ooit teen die Afrikaner gepleeg

281. C.R. Swart-versameling. Brief van genl. Hertzog aan D.J. Smit.

282. Die Burger, 7.3.1924. Brief van J.G. Greyling, G.S. Nieuwoudt, Gert Nieuwoudt en C.F. Marais van pk. Leeuwdoorns, distrik Hoopstad.

is."283

Genl. Hertzog het ook sy verontwaardiging uitgespreek oor hul versoek om hulp: „Het u al besef die belediging wat daarin opgesluit lê? Dewyl ek leier is van die Nasionale Party en u besig is om die Party te ondermyn, kom u my vra om u te help in u poging! Was dit nie dat ek u beskou as loutere instrumente in die hande van listige misleiers nie, sou ek my verplig gevoel het om hier enigsins harde woorde te besig.” Hy was nou tevrede dat hy sy plig gedoen het en hulle gewaarsku het. Hulle volgende optrede sou bewys in hoeverre hulle slegs misleide persone is. „Ek ken ons volk en weet hoe inniglik hulle verraad verafsku en valse misleiding wraak. As u dus, wat ek nie hoop nie, later hard mag getref word ten gevolge van die verkeerde stap wat u nou op die punt staan om te doen, mag u nóg die volk nóg my blameer. U sal tereg aangeteken staan as die vyande van die Afrika-ner-volk, ten minste van die Hollandssprekende; en dit sal die plig van die volk wees om u en diegene wat u ondersteun op die mees ondubbelsinnige wyse te veroordeel en te beveg.”284

Hierdeur is die herenigingsbeweging in die Vrystaat skynbaar die nek ingeslaan, maar in Transvaal was herenigers nog baie bedrywig op 'n redelik georganiseerde grondslag. Die bestuur van die herenigingskommissie op Belfast het sprekers aangewys om vergaderings op verskillende dorpe toe te spreek en hereniging onder die volk te propageer.285 'n Goed bygewoonde vergadering later op Belfast het met 'n oorgrote meerderheid, waaronder heelparty ondersteuners van die S.A. Party, besluit dat hereniging volgens die Dullstroomse grondslag moontlik is mits die woorde „vry” en „vryheid” in die program van beginsels verklaar word as insluitend „onafhanklik” en „soewereine onafhanklikheid” onderskeidelik.286 Die stryd oor die onafhanklikheid van Suid-Afrika het dus weer van voor af begin.

Op Kameelpoort naby Pretoria is besluit dat die grondslag vir hereniging op 'n volkskongres beslis moes word, maar tot tyd en wyl dit geskied, sal almal wat op die vergadering is, getrou aan hul onderskeie politieke partye bly.287 Baie

283. Die Burger, 7.3.1924. Die oorspronklike brief is in die C.R. Swart-versameling.

284. Ibid.

285. Die Burger, 15.3.1924. Besluit van die Herenigingskommissie waarin sprekers vir die vergaderings op Lydenburg, Carolina, Belfast en Roosenekal aangewys is.

286. Die Burger, 26.3.1924. Verslag van vergadering waarop Johan Schoeman die vernaamste spreker was.

287. Die Burger, 27.3.1924. Sien ook Ibid., 12.5.1924. Besluit van die Herenigingskomitee te Gordonia.

Nasionaliste was wantrouig, maar ander het die saak sterk ondersteun.²⁸⁸ Die voorsitter van die Raad van die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Transvaal het deur 'n omsendbrief aan alle gemeentes in Transvaal, die beweging na bewering 'n stoot gegee. Hy was van mening dat dit van die grootste belang is vir die kerk en vir die volk dat hereniging op politieke gebied plaasvind.²⁸⁹

Adv. Tielman Roos het daarop gewys dat hereniging tussen lede van verskillende partye op godsdienstige en maatskaplike gebied wenslik is, maar hereniging van politieke partye beteken skeuring en verdeeldheid. Hy was oortuig dat die herenigingsbeweging grotendeels vanuit die kantoor van die S.A. Party in Pretoria opgehits en aangespoor word. Hul le het beseef dat hereniging hul kragtigste wapen vir groter en steeds toenemende verdeeldheid onder Afrikaners is.²⁹⁰

Genl. Smuts het in 'n verklaring ook sy mening oor die beweging gelug aagesien sy ondersteuners in die Vrystaat en Transvaal om raad en leiding gevra het. Hy was simpatiek teenoor die bedoelings van die beweging, want die publiek is moeg vir verdeeldheid en bitterheid en verlang na vrede, eensgesindheid en samewerking. Volgens hom is baie kiesers ook bang vir die onlangse ontwikkeling op politieke gebied - bedoelende die ooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty. Hy is egter van mening dat die stigting van 'n derde party nie die gewenste middel is om die goeie doel te bereik nie. „Oordelende na die verskriklike bitterheid en woede waarmee genl. Hertzog die nuwe beweging reeds aangeval het, is ek bang dat die onderlinge haat en tweedrag met die stigting van 'n nuwe party gaan groter word.“ 'n Nuwe party sal alleen tot 'n verdere verbroekeling van kragte lei. Hy bepleit liever meer individuele erns en verantwoordelikheid oor die toekoms van die land by elke kieser. Wat die S.A. Party betref, wys genl. Smuts daarop dat sy party nie van alle blaam vry te spreek is nie, want dit is menslik om foute te maak, veral as die wêreld so moeilik en swaar as die afgelope vier jaar was. „Maar ons het altyd die voordeel

288. Die Burger, 26.3.1924. Brief van G.K. Smit van Nylstroom waarin hy na korrespondensie in De Volkstem oor die saak verwys en beweert dat dit net 'n slim set van die S.A. Party is; Ibid., 3.4.1924. Brief van „Ware Afrikaner“ wat die stigting van 'n derde party afkeur; en Ibid., 5.4.1924. Verslag van vergadering van Johan Schoeman wat in wanorde uitmekaar is.

289. Die Burger, 1.4.1924. Volgens Ibid., 19.6.1924 het die sinode van die N.G. Kerk in Transvaal reeds op 27.8.1923 'n besluit i.s. die noodsaaklikheid van politieke hereniging van die Afrikanervolk geneem.

290. Die Burger, 7.4.1924. Verslag van onderhoud.

gehad dat ons gestaan het op 'n basis van breë, gesonde beginsels. Daarom is dit vir my bemoedigend om te sien, dat die program van die Herenigingsbeweging so naby die hoofbeginsels van die S.A.P. kom." Volgens genl. Smuts was die poging wat sy party vier jaar gelede aangewend het om Afrikaans- en Engelssprekendes in Suid-Afrika te verenig, nie tevergeefs nie. Die S.A. Party het die moed gehad om met die Unioniste te verenig en die twee rassegroepe in een party te verenig - iets waarvoor die volk baie dankbaar moet wees. "Ek weet dit is nie die bedoeling van ons Herenigingsvriende om terug te gaan na rasselyne, en die Hollandse bevolking alleen te verenig nie. Maar laat ons tog baie duidelik en klaar wees op die punt, want enige hereniging op 'n rassebasis, d.w.s. van die boerebevolking alleen, sal 'n fatale teruggaan in ons geskiedenis wees ... Laat ons meer van die opregte Herenigingsgees hê en minder dink aan die stigting van 'n nuwe politieke party. Dan kan daar iets goeds uit die hereniging gebore word."²⁹¹

Die Burger het ten sterkste geprotesteer teen die manier waarop genl. Smuts probeer het om politieke munt uit die herenigingsbeweging te slaan. "Terwyl hy aan die een kant met lange en vage en kwasievrome woorde self trag om aan te toon hoe verkeerd die stigting van 'n nuwe party is en hoe goed en algenoegsaam sy eie S.A.P. is, probeer hy tog in die oerst deel van sy verklaring om genl. Hertzog se teenstand teen dieselfe beweging en om sy beweerde 'uiterste bitterheid en woede' voor te hou as die eintlike rede waarom hy self geen ander keuse sou hê nie as om die beweging ook teen te staan sogenaamd nogal om nog groter bitterheid te voorkom."²⁹²

Intussen was daar ander sake wat die publieke aandag besig gehou het. Die tussenverkieping in die Natalse setel Umvoti is op 27 Maart 1924 gehou. Die Nasionale kandidaat wat deur 'n verkiesingskomitee bestaande uit Nasionaliste en Arbeiders bygestaan is, was A.I.J. Nel terwyl W.A. Deane die kandidaat van die S.A. Party was. Genl. Smuts het op die vooraand van die verkiesing die volgende boodskap aan Deane gestuur wat dit weer aan die kiesers oorgedra het. "U teenstander verteenwoordig 'n party wat in 1912 van ons afgeskeur het op rassegronde en op die tweestroom-politiek. Daarna het dit die verdere politiek van afskeiding van die Britse Ryk aanvaar en nou het dit tydelike en rustelose rus

291. Die Burger, 27.3.1924. Verklaring van genl. Smuts.

292. Ibid. Hoofartikel.

gevind in die arms van die Sosialisteparty. 'n Kiesafdeling wat 'n Botha voortbring het en 'n Leuchars vertrou het, sal hom nie met so 'n party verenig nie. Ek verwag van hulle om trou te bly aan hulle verlede, aan hulle Party en aan Suid-Afrika."²⁹³ Die verkiesing is oor dieselfde sake as die afgelope paar tussenverkiesings beslis. Hoewel die meerderheid van die S.A. Party van 329 in 1921 na 11 gekrimp het, het die party tog die setel behou.²⁹⁴

Die Burger het spottend verwys na die vreugde van die S.A. Party oor hul oorwinning. "En vandag sak die grond onder hul voete weg, vinniger weg as ooit tevore. Die oorwinning van die S.A.P. is 'n beter bewys daarvan as hul neerlae. As die S.A.P. in 'n kiesafdeling wat nog altyd hulle s'n was, teruggeslaan word tot in die laaste loopgraaf, dan juig hul asof die vesting van hul teenstanders geval het. As hul sowel arms en bene in die slag verloor het, dan skree hulle hoera, omdat nie ook hul kop afgekap word nie." Hulle beseft blykbaar dat hulle gedoem is en daarom juig hulle oor die behoud van dit wat nog altyd hulle s'n was. Die redakteur het dit vergelyk met die blydskap oor die laaste sterk asemhaling van 'n sterwende man.²⁹⁵

'n Week later is die tussenverkiesing in Wakkerstroom gehou. In 1921 is die setel met 'n meerderheid van 51 stemme deur die S.A. Party behou. Genl. Smuts was vasberade om die krag van sy party teen die kombinasie van die twee opposisiepartye in die verkiesing te toon. Hy het daarom die sterkste moontlike kandidaat, A.G. Robertson, 'n bekende boer in die omgewing en geërde administrateur van Transvaal, gevra om hom verkiesbaar te stel. Minister F.S. Malan was hierteen gekant en het daarop gewys dat Wakkerstroom nie 'n veilige setel is nie en dat 'n Nasionalis die provinsiale verkiesing daar gewen het. Hy het gewaarsku dat as daar soveel op die spel geplaas word, 'n neerlaag 'n groot slag vir die prestige van die S.A. Party sal wees.²⁹⁶ Genl. Smuts het egter sy gang gegaan en Robertson het as administrateur bedank om vir die S.A. Party te staan.²⁹⁷ Die Nasionale Party se kandidaat was A.S. Naudé, 'n knap en gesiene boer in die distrik wat weens wonde in die Anglo-Boereoorlog opgedoen met krukke moes loop.²⁹⁸

293. Die Burger, 25.3.1924.

294. Die Burger, 29.3.1924.

295. Ibid. Hoofartikel.

296. Cloete, B., Die lewe van senator F.S. Malan, p. 348.

297. Die Burger, 28.2.1924; en H.O., "Die nekslag van die S.A.P. as regerende party" in Reitz, H. en Oost, H. (reds.), Die Nasionale Boek, p. 381.

298. Die Burger, 22.2.1924.

Uit die staanspoor het albei partye al hul kragte ingespan. Die S.A. Party het Louis Esselen en Pilkington as organiseerders na die kiesafdeling gestuur en hulle is bygestaan deur G.A. Kolbe, oud-L.V. vir Wakkerstroom, en G. Maasdorp, oud-L.P.R. vir die kiesafdeling.²⁹⁹ Nasionaliste en Arbeiders soos o.a. genl. J.J. Pienaar en L. Karovsky het saam in een verkiesingskomitee onder leiding van W. Knauer en A. Kuit, wat reeds in vier verkiesings die Nasionale kandidaat in die kiesafdeling was, saamgewerk. Hulle organisasie was puik en afwesige kiesers is oor die hele land opgespoor.³⁰⁰ Dit was die eerste geleentheid sedert die Arbeiderspartykongres die verkiesingsooreenkoms in Januarie 1924 goedgekeur het wat die twee partye in Transvaal gehad het om te toon waartoe hulle in staat is. Die Nasionale kandidaat is deur adv. Tielman Roos, J.B. Wessels, L.V. vir Frankfort, J.H.B. Wessels, L.V. vir Bethlehem, en Arbeiders soos adv. M. Kentridge, sen. P. Whiteside en A.G. Barlow bygestaan.³⁰¹ Die Arbeiders het hulle veral op die spoorwegwerkers van Volksrust toegespits³⁰² en ook saam met adv. Roos en ander Nasionaliste vergaderings toegesprek.³⁰³

A.G. Robertson het o.a. vir minister N.J. de Wet en minister P. Duncan gehad om met sy veldtog te help.³⁰⁴ Hulle het die klem hoofsaaklik op die ooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty laat val en gewaarsku teen die Bolsjewistiese gevaar en die uiteinde van so 'n koalisie-regering. Robertson het beklemtoon dat die Nasionaliste hereniging laat misluk het omdat hulle nie hul republiek wou prysgee nie en nou gee hulle dié beginsel prys ter wille van die steun van Arbeiders en om genl. Smuts uit die saal te lig. Hy het aangevoer dat die Arbeiders voorstan-

299. Die Burger, 25.2.1924; en H.O., op. cit., p. 381.

300. Die Burger, 25.2.1924; H.O., op. cit., p. 381; en Karovsky, L., "Experiments in national partnerships", in Reitz en Oost, op. cit., p. 111.

301. Ibid., p. 111; en H.O., op. cit., p. 381.

302. Die Burger, 26.3.1924. Verslag van toesprake van senator Whiteside en G. Kretschmar te Volksrust.

303. Die Burger, 20.3.1924. Verslag van vergadering van genl. J.J. Pienaar en Kentridge te Volksrust; Ibid., 1.4.1924. Verslag van vergadering van adv. Roos en A.G. Barlow te Volksrust; en Grobler, op. cit., p. 479.

304. Die Burger, 2.4.1924; en H.O., op. cit., p. 381. J.B. Wessels het in 'n onderhoud beweer dat die S.A. Party vir Karl Spilhaus, Suid-Afrika se handelskommissaris in Europa, gebruik het om saam met Esselen vergaderings toe te spreek en Duitsers te oorreed om vir Robertson te stem. Sien Die Burger, 3.4.1924. Sien ook Ibid., 9.4.1924. Verslag van Volksraadsdebat waar genl. Smuts die bewering ontken het dat Spilhaus propaganda vir die S.A. Party gemaak het.

ders van grondbelasting is en as hulle die ewewig in die Volksraad het, sal hulle genl. Hertzog dwing om dit te hef.³⁰⁵ Hierdie bewering is ook vroeër deur genl. Smuts in die Volksraad gemaak.³⁰⁶

Nasionale en Arbeidersprekers het die kiesers gevra om oor ekonomiese vraagstukke te beslis en nie oor die paaiboelies van die S.A. Party nie. Daar is gewys op die slegte ekonomiese toestand, die swak behandeling van boere deur die regering, die verset van die spoorwegwerkers oor salarisse en diensvoorwaardes, grootskeepse werkloosheid, armlankes, salarisvermindering van staatsamptenare en onderwysers, vermindering van subsidies aan die Provinsiale Rade ten koste van onderwys en die medisynebelasting wat swaar op die armes druk.³⁰⁷ Genl. Smuts is daarvan beskuldig dat hy die bondgenoot van die Kamer van Mynwese is en dat hy alle geskille met behulp van gewere, kanonne en bloedvergieting oplos. Hierteenoor is die Nasionale Party voorgelou as die beskermmer en handhawer van die blanke beskawing. Adv. Roos het selfs beweerd dat genl. Smuts ten gunste van stemreg aan Bantoevroue is.³⁰⁸ Adv. Roos het bewerings van die S.A. Party dat die Nasionale Party 'n rasseparty is, ontken.³⁰⁹ Hy het op Piet Retief verklaar dat hy die eerste persoon was wat die ooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty bepleit het en dat hy nou 'n stap verder sal gaan. Hy het daarop die Arbeiders gevra om 'n kabinet te help vorm. „Daar sal Engelse in die kabinet wees, sodat die Engelssprekendes geen vrees behoef te koester nie.“³¹⁰

Die bewerings van die S.A. Party oor grondbelasting is vinnig deur die Nasionalistes ook in die Volksraad ontken, want hulle het besef hoeveel boere-stemme dit hulle sou kos.

305. Die Burger, 12.3.1924. Verslag van vergadering te Graskop. Roberts het op Piet Retief 'n mosie van wantroue gekry en minister De Wet, wat nie oral vriendelik ontvang is nie, is daar doodgeskree. Sien Ibid., 24.3.1924, 27.3.1924 en 2.4.1924.

306. Die Burger, 25.3.1924. Verslag van Volksraadsdebat.

307. Ibid. Verklaring van Roos; Ibid., 20.3.1924 en 26.3.1924. Verslae van toesprake van genl. Pienaar en Kentridge te Volksrust en senator Whiteside en Kretschmar te Volksrust; en Ibid., 29.3.1924 en 1.4.1924. Verslae van toesprake van Roos te Piet Retief en Roos en Barlow te Volksrust.

308. Die Burger, 26.3.1924 en 1.4.1924. Verslae van toesprake van sen. Whiteside, Kretschmar en Roos te Volksrust.

309. Die Burger, 25.2.1924. Verklaring van Roos; en Ibid., 31.3.1924. Verslag van toespraak te Amersfoort.

310. Die Burger, 29.3.1924 en 31.3.1924. Verslae van toesprake van Roos te Piet Retief en Amersfoort.

Adv. Roos het verduidelik dat die grondbelasting wat die Arbeidersparty voorstaan, slegs op onverbeterde en onbewerkte grond is - waarteen hyself geen beswaar het nie, aangesien die landmaatskappye en grondspekulant, en nie die boer nie, belas sal word.³¹¹ In die Parlement het dr. D.F. Malan daarop gewys dat genl. Smuts se bewerings ongegrond is. In die Transvaalse Provinsiale Raad waar die Nasionale Party en die Arbeidersparty die meerderheid het, is daar ten spyte van die finansiële tekort, geen grondbelasting nie - ook nie in die Vrystaatse Provinsiale Raad waar die Nasionaliste in die meerderheid is nie. Die Kaapprovinsie, waar die S.A. Party tot aan die einde van 1923 'n volstrekte meerderheid gehad het, is die enigste provinsie wat 'n grondbelasting het.³¹² A.G. Barlow het daarop gewys dat grondbelasting één van die beginsels van sir Thomas Smartt se Unioniste-party was en dat hulle vandag nog daardie sienswyse huldig.³¹³

Op die vooraand van die verkiesing het genl. Smuts 'n telegram aan A.G. Robertson gestuur wat vir die eerste keer aan 'n gehoor op Volksrust voorgelees is. Daarin het hy die kiesers gevra om die onselfsugtige daad van Robertson wat „teen my persoonlike aandrang“ sy pos as administrateur bedank het om die distrik van diens te wees, te erken. „Die kiesers van Wakkerstroom kan nie onskuldig pleit omtrent die lot wat hulle sal wag onder 'n Vatmekaar-regering nie. Kameraad Kentridge het aan hulle die suiwere evangelie van Sosialisme verduidelik soos dit in die toekoms van toepassing sal gebring word op die platteland sowel as in die stede. Mnr. Tielman Roos, die vader van die afskeidingspolitiek en van die Vatmekaar, het aan hulle kenbaar gemaak dat die enigste alternatief vir 'n S.A.P.-regering 'n koalisie-regering van die Vatmekaar is. En hierin is genl. Hertzog dit met hom eens. Sosialisme, wat op sigself kragteloos en onbelangrik sou wees in Suid-Afrika, sal onder die Vatmekaar en met die steun van die Nasionaliste 'n bedreiging word vir die land. Van die blankes sal die Sosialisme na die naturelle oorgaan, en 'n geheime veldtog om dit te bereik is reeds aan die gang ... Die manier waarop die Nasionale leiers, in

311. Die Burger, 31.3.1924. Verslag van toespraak te Amersfoort; en Ibid., 12.4.1924. Brief van Roos aan De Volkstem.

312. Die Burger, 25.3.1924. Verslag van Volksraadsdebat. Sien ook Ibid., 17.3.1924. Verslag van toespraak van dr. Malan te George; en Ibid., 13.3.1924. Hoofartikel.

313. Die Burger, 25.3.1924. Verslag van Volksraadsdebat. Ministers Burton, Duncan en Jagger het hulle ten gunste van grondbelasting vir plaaslike doeleindes verklaar. Sien Ibid., 13.3.1924. Verslag van Volksraadsdebat.

hulle strewe na mag, hulle party kompromiteer en die toekoms van Suid-Afrika in die weegskaal lê, is genoeg om Paul Kruger en Piet Joubert in hulle grafte te laat omkeer. Maar ek het genoeg vertrouwe in die volk van Suid-Afrika om te verwag dat hulle die Vatmekaar sal uitgooi."³¹⁴

Op 4 April 1924 is A.S. Naudé met 'n meerderheid van 213 stemme verkies en het Wakkerstroom vir die eerste keer 'n Nasionale setel geword.³¹⁵ Hoe hard die stryd was en hoe ernstig dit deur die kiesers opgeneem is, blyk daaruit dat die stempersentasie 97 was.³¹⁶ Die uitslag was eerstens 'n bewys van die krag van die ooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty en tweedens van die ontevredenheid van die kiesers met die regering.

Adv. Roos was van mening dat in die lig van die manier waarop genl. Smuts die verkiesing laat veg het - 'n sterk kandidaat en 'n „groot leër van betaalde Sap-sekretarisse" - dit die grootste mosie van wantroue is wat 'n Suid-Afrikaanse politikus nog op sy skouers gehaal het. Hy het die uitslag as bemoedigend beskou vir diegene soos hy wat meen dat dit moontlik is vir die Nasionale Party om in verkiesings en oor sake van gemeenskaplike belang met die Arbeidersparty saam te werk.³¹⁷ Volgens genl. J.C.G. Kemp was die uitslag so ooglopend 'n mosie van wantroue in die regering dat as genl. Smuts nog die minste eergevoel het, hy 'n verkiesing moet uitskryf. Hy het Nasionale aangespoor om onmiddellik hulle organisasie in orde te kry, aangesien hy verwag dat die regering enige oomblik kan bedank.³¹⁸

Die Burger het in 'n hoofartikel onder die opskrif „Beginsels teen mag" gewys op die gevoelige slag wat die regering toegedien is. „Wakkerstroom se oorwinning is dus vir die Nasionale Party van die allegrootste betekenis. Dis ver naamlik die Nasionale Party-beginsels wat die stryd besleg en die skitterende oorwinning behaal het. By ons was die persoonlikheid van die kandidaat, die mag van die organisasie en die propaganda nie nommer een nie."³¹⁹

Die regeringspers het sy teleurstelling openlik te kenne gegee. Volgens die Rand Daily Mail was die uitslag 'n skok vir die S.A. Party en sou dit dwaas wees om die mag van die ooreenkoms tussen die opposisiepartye in die komende algemene

314. Die Burger, 8.4.1924.

315. Die Burger, 7.4.1924.

316. Van Rooyen, J.J., Die Nasionale Party. Sy opkoms en oorwinning - Kaapland se aandeel, p. 112. Die stempersentasie in 1921 was 77.

317. Die Burger, 7.4.1924. Verslag van onderhoud.

318. Ibid. Verslag van onderhoud.

319. Ibid. Hoofartikel.

verkiesing te onderskat en te verkleineer. Die redakteur het ook op die ontevredenheid van plattelandse en stedelike kiesers met die regering gewys, en die regering teen selftevreedenheid gewaarsku. Hy het die regering aangeraai om die ware toedrag van sake onder oë te neem en sy organisasie op te knap. Die Eerste Minister moes ook meer notisie neem van wat die volk van Suid-Afrika dink en sê.³²⁰ Die Volkstem was teleurgesteld oor die uitslag maar verheug daaroor dat die rassegevoel sy betekenis in die politieke wêreld verloor het aangesien Afrikaner en Engelsman eendragtig in een organisasie kan saamwerk. Die redakteur het verklaar dat die Nasionaliste en Arbeiders 'n mag is waarmee rekening gehou moet word. Volgens hom het die uitslag nie juis 'n uitwerking op die regering se sterkte in die Parlement nie. Die Smuts-regering kan na sy mening nog trots daarop wees dat hy 'n soliede toegewyde groep ondersteuners het, terwyl die opposisie uit 'n mengelmoes van elemente bestaan.³²¹

Hoewel genl. Smuts nog 'n meerderheid van 8 stemme in die Volksraad gehad het, het hy die neerlaag in Wakkerstroom in 'n baie ernstige lig beskou. Hy het die moontlikheid van 'n algemene verkiesing met ministers F.S. Malan en H. Burton bespreek. Minister Malan wou hom keer,³²² maar genl. Smuts het klaar besluit en sy beslissing die oggend van 7 April 1924 aan die kabinet meegedeel.³²³ Kort nadat die Volksraad daardie middag sy werksaamhede om 2.23 hervat het, het genl. Smuts opgestaan en 'n verklaring gemaak: „Die Regering beskou dat die Wakkerstroom verkiesing van kritieke belang is. Hoewel dit in naam maar 'n tussenverkiesing is, gee al die omstandighede dit 'n seer spesiale betekenis, die nie 'n gewone tussenverkiesing kenmerk nie. Na Wakkerstroom is die Regering onseker of hy nog die vertroue van die land geniet. Dit is waar, ons het nog 'n Parlementêre meerderheid, maar dit is nie genoeg nie. Ons is besig verreikende kwessies te behandel, kwessies wat alleen behandel mag word deur 'n Regering, wat die vertroue van die land, sowel as van die Parlement, besit. ... Sovêr as my kollegas en myself betref, is dit beslissend. Sonder die volle vertroue van die land is ons nie bereid aan te gaan die swaare laste van die Regering te dra nie. Onder al die omstandighede is die Regering van sienswyse dat die land geraadpleeg moet word so spoedig moontlik en dat 'n nuwe Parlement verkies moet word.” Die Parle-

320. Die Burger, 8.4.1924. Verstrek die mening van die Rand Daily Mail.

321. Ibid. Verstrek die mening van De Volkstem.

322. Cloete, op. cit., p. 349.

323. Die Burger, 8.4.1924. Hoofartikel.

ment sou op 10 April verdaag.³²⁴

Genl. Hertzog het die aankondiging verwelkom en was van mening dat die volk die Eerste Minister se besluit sal toejuig aangesien die regering se tyd uitgedien is en hy nie meer die volk verteenwoordig nie.³²⁵ Kol. Creswell het hiermee saamgestem: „Over in this corner of the House we have looked for the day of this election, and we look upon this Parliament as a Parliament elected on a completely false issue.“ Die Britse vlag was nooit in gevaar soos sir Thomas Smartt en andere die kiesers in die vorige verkiesing wysgemaak het nie. „We accept the challenge now; we have been challenging them for months, and I venture to say that however much they may laugh at the 'Pact', the 'Pact' expresses the determination of the mass of the people to see the Government's days numbered, and the Government dismissed into oblivion.“³²⁶

Na 'n kort sitting van 22 minute het die Volksraad te midde van groot opgewondeheid verdaag.³²⁷ Die aankondiging het ongetwyfeld as 'n groot verrassing vir die volk en vir Parlementslede gekom.³²⁸ A.S. Naudé is 'n „kabinetsbreker“ genoem,³²⁹ en Die Afrikaner het Wakkerstroom as genl. Smuts se Waterloo bestempel.³³⁰ Die Burger het die nuus die volgende oggend onder 'n groot banieropskrif aangekondig: „Regering van die kussing geja.“³³¹

Volgens The Star was dit nie net Wakkerstroom wat die regering op 'n verkiesing laat besluit het nie. Daar was 'n houding van sekere Natalse Volksraadslede wat die regering die afgelope maand hoofbrekens besorg het, asook die depressie en onsekerheid wat vir genl. Smuts en sy regering te veel geword het.³³² Sommige regeringskoerante was nie so gelukkig oor die besluit om 'n verkiesing uit te skryf nie. Die Natal Mercury was van mening dat die besluit halsoorkop was terwyl

324. Unie van Zuid-Afrika. Volksraad Debatten, deel 1, p. 1346.

325. Ibid.

326. Ibid.

327. Ibid., p. 1347.

328. Barlow, A.G., Almost in confidence, pp. 186-187; Die Burger, 8.4.1924. Rubriek „In en Uit de Volksraad“; en Ibid., 9.4.1924. Berig uit Transvaal.

329. Die Burger, 8.4.1924. Rubriek „In en Uit die Volksraad“.

330. Die Burger, 9.4.1924. Verstrek die mening van Die Afrikaner.

331. Die Burger, 8.4.1924.

332. Die Burger, 9.4.1924. Verstrek die mening van The Star. Die redakteur het hier verwys na die houding van adv. H.G. MacKeurtan en E.G.A. Saunders, L.V. vir Natal-Kus.

die Natal Witness die tyd as baie ongeleë beskou het. Die redakteur van die Natal Witness was egter vol vertroue dat genl. Smuts 'n skerpsinnige politikus is en weet wat hy doen. Hoewel dit lyk asof hy reguit op 'n ramp afstuur, het hy seker iets in die mou wat sal verseker dat hy met 'n groter meerderheid na die Parlement sal terugkeer.³³³ De Volkstem was tevrede met die Eerste Minister se besluit as in die beste tradisie van parlementêre gebruik.³³⁴ Die redakteur van die Rand Daily Mail was oortuig dat dit vir genl. Smuts 'n stryd om lewe en dood gaan wees.³³⁵ Verskeie Britse koerante het ook kommentaar op die voorgenome verkiesing gelewer en nie een was juis seker van 'n oorwinning vir genl. Smuts nie.³³⁶

Dr. E. Sthamer het in Der Deutsch Afrikaner sy mening oor die verkiesing en die houding wat die Duitsers in Suid-Afrika teenoor die teenswoordige politieke partye behoort in te neem, gegee. Volgens hom gee genl. Smuts nie aandag aan landsbelange nie. Sy nugtere oordeel oor die behoeftes van sy eie land het hy verloor en is verblind deur sy beroemdheid in die wêreld. Terwyl hy vrede in Ierland wou bewerkstellig of nuwe grense vir Pole of Tsjeggo-Slowakye gesoek het, het hy voeling met sy eie volk verloor. Gevolglik het die leiding van die nasionale beweging in Suid-Afrika in die hande van genl. Hertzog oorgegaan. Dr. Sthamer meen dat daarin die ware rede vir die Wakkerstroomse uitslag lê en nie in die onpopulariteit van die belastings nie. Nou is die Nasionale Party en sy leier die voorvegters van 'n gesonde Afrikaanse nasionale gedagte wat vandag nie net onder die ou, grondbesittende Afrikanerbevolking alleen bestaan nie maar ook die jongere toevoegings tot die Suid-Afrikaanse volk insluit. Hierdie volk bestaan uit afstammelinge uit Engeland, Duitsland en Holland wat die belange van Suid-Afrika eerste stel.³³⁷

Die Volksraad moes nog die nodigste werksaamhede, soos die goedkeuring van voorskotte op die begroting, afhandel, maar die lede was rusteloos. Almal wou na hul kiesafdelings terugkeer. Dit was opmerklik dat niemand meer soggens by hul banke in die Volksraad kom werk het om toesprake voor te

333. Die Burger, 9.4.1924. Verstrek die mening van die Natal Mercury en die Natal Witness.

334. Ibid. Verstrek die mening van De Volkstem.

335. Ibid. Verstrek die mening van die Rand Daily Mail.

336. Ibid. Verstrek die menings van die Financial Times, die Daily News, Daily Telegraph en Morning Post.

337. Die Burger, 19.4.1924.

berei nie.³³⁸ Met die addisionele begroting het minister Burton nog vir oulaas 'n lansie vir die regering se finansiële beleid probeer breek deur op die rooskleurige ekonomiese vooruitsig en die verwagte oorskot van £200,000 vir die afgelope boekjaar te wys. Minister Jagger se beraamde oorskot op die Spoorweë was £1,400,000.³³⁹

Genl. Smuts het aangekondig dat hy die Prins van Wallis aangeraai het om sy besoek aan Suid-Afrika tot ná die verkiesing uit te stel.³⁴⁰ Die besluit is deur genl. Hertzog verwelkom. Die Natal Witness het egter sterk hierteen ge-protesteer en die redakteur was van mening dat die Eerste Minister met die verkiesing moes wag tot na die Prins se besoek aangesien alle reëlings daarvoor reeds getref is. Hy het ook alle openbare liggeme en stadsrade aangeraai om genl. Smuts te versoek om sy besluit te verander. Hy was bevreës dat as die Nasionaliste deur die verkiesing aan bewind geplaas word, hulle sal weier om geld vir die Prins se ontvangs te stem of om daaraan deel ten neem.³⁴¹

Die Volksraad het op 10 April 1924 verdaag en die Parlement is op 9 Mei ontbind. Die algemene verkiesing sou op 17 Junie 1924 plaasvind. Die verkiesingsmasjinerie is aan die gang gesit en die verkiesingstryd het in alle erns begin. Die voorstanders van hereniging het hul werksaamhede tydelik gestaak en die meeste van hulle het hul kragte by hul eie party ingegooi.³⁴² Die S.A. Party het van 8 September 1921 tot 4 April 1924 agt setels in tussenverkiesings verloor en die volk is voor die keuse gestel om te beslis of die regering wel sy vertrouwe verloor het soos die opposisie herhaaldelik beweër het.

338. Die Burger, 9.4.1924. Rubriek „In en Uit die Volksraad“.

339. Ibid. Verslag van Volksraadsdebat.

340. Ibid.

341. Ibid. Verstrek die mening van die Natal Witness.

342. Ibid. Berig uit Pretoria; Ibid., 12.4.1924. Verklaring van die Sentrale Herenigingskomitee; en Ibid., 16.4.1924. Besluit van die Sentrale Herenigingskomitee. Die besluit lui dat hulle die volk nie verder wil verdeel deur die stigting van 'n derde party nie.

H O O F S T U K VIIIDIE ALGEMENE VERKIESING VAN 1924.

Die kiesers van Suid-Afrika het hul derde Volksraads-verkiesing in die tydsbestek van vier-en-'n-half jaar tegevoet gegaan. Die Eerste Minister, genl. J.C. Smuts, het die uitdaging van die Pakt aanvaar „and we must now fight it out.”¹ Hy was glad nie seker van 'n oorwinning nie, maar was van mening dat indien hy die verkiesing verloor, hy daarna sal terugkeer, sterk genoeg om die „verwoesters” in toom te hou. Op 12 April 1924 het hy aan 'n vriend, M.C. Gillett, geskryf: „I have once more gone and done it, and another General Election is pending. The trouble with us is that the business lasts 2 months instead of a week as with you. And by the time that the end is reached everybody is half or quite dead. I hope I shall survive, in more than one sense. But you will know a little spell of political rest will not be unwelcome to me personally. The indications are that I shall get it.”²

Daar is algemeen aanvaar dat die stryd een van die heftigste in die geskiedenis van die land sou wees. Die eerste verkiesingstoespraak is 'n dag na die aankondiging van die verkiesing, op 8 April, deur maj. G. Brand van Zyl, Volksraadslid van die Suid-Afrikaanse Party vir Kaapstad-Hawe, gehou. Die Burger se kommentaar hierop was: „Somar van die staanspoor bevestig die toespraak van maj. Van Zyl ons voorspellings omtrent die manier waarop die S.A. Party hierdie verkiesing gaan veg: Niks of so min as moontlik is oor gewigtige vrae van die dag; niks oor die werk van die Regering in die afgelope jare nie; net 'n aaneenskakeling van verdagmakery en swartsmeerdery!”³

Kort hierna het genl. Smuts 'n beroep op sy partygenote gedoen: „Ons moet eerlik veg, ons moet hard veg, ons moet moedig veg sonder bitterheid, sonder wrok, sonder venyn en sonder die gebruik van geweldige en opwindende taal, waartoe Suid-Afrikaners maar al te geneig is.”⁴ In die veldtog het dit egter geblyk dat baie min kandidate hulle aan hierdie oproep gesteur het.

1. Hancock, W.K., Smuts : The fields of force 1919-1950, p. 161. Telegram aan sir Edgar Walton.

2. Ibid., p. 161.

3. Die Burger, 9.4.1921. Hoofartikel.

4. Die Burger, 18.4.1921. Verslag van toespraak te Johannesburg.

Genl. Smuts het sy verkiesingsveldtog op 23 April 1924 met 'n groot vergadering in sy kiesafdeling, Pretoria-Wes, geopen. Hier en in 'n reeks toesprake daarna het hy sy party se program voor die kiesers gelê. Hy het eerstens 'n verslag van sy rentmeesterskap vir die afgelope drie jaar verstrek. Volgens hom het die amalgamasie van die S.A. Party en Unioniste-party rassehaat doodgemaak en die tweestroom-politiek van die Nasionaliste „wat byna die hartslag van die Unie uitgeruk het gedurende die eerste tien jaar van sy bestaan;“ die nekslag toegedien. Hy meen dat genl. Louis Botha, die „apostel van konsiliasie“, verheug sou wees om te sien dat sy groot visioen 'n paar jaar na sy dood verwesenlik is. Die regering het ook daarin geslaag om 'n oorwinning oor die Nasionale Party se sesessie-beleid te behaal met die gevolg dat 'n groot deel van die Nasionaliste nou daarvan weghardloop terwyl die res besluit het om dit vir 'n tydperk van vyf jaar opsy te skuif.⁵

Genl. Smuts was tevrede met wat sy regering die afgelope paar jaar vermag het. Hy het beklemtoon dat dit moeilike tye was - ongekend in die geskiedenis van die land. Daar was depressie, revolusie aan die Rand - wat grootliks tot die slegte finansiële toestand bygedra het - werkloosheid, droogtes en plaë. „Dit was treurige jare, jare van aansukkele deur die nag, deur digte duisternis en onverligte somberheid. Dit het gelyk of die elemente saangesweer het met ons vyande om ons tot niet te maak. In die woede van die storm, in die Babel van onenigheid en verdoemenis, kon 'n mens eenvoudig en streng jou plig doen en jou laaste greintjie krag aanwend om die staatsskip te probeer red.“ Daarin het die regering geslaag. Die begroting klop en belasting sal in die komende jaar verlig kan word. Eerstens sal die medisynebelasting afgeskaf word en die tabakbelasting sal verlig of opgehef word. Salarisse van staatsamptenare sal nie verder verminder word nie. Genl. Smuts het sy dankbaarheid uitgespreek vir die gees waarin die amptenare hulle bydrae gelewer het om die tekorte uit te wis.⁶

Die Eerste Minister het daarop gewys dat die regering ten spyte van die slegte toestande ook daarin geslaag het om spoorweë te bou, werksgeleenthede aan blankes te verskaf, buitelandse markte uit te brei, groter voorkeur vir Suid-Afrikaanse produkte in Engeland te verkry, nywerhede aan te

5. Die volk moet kies. Uitgegee deur die S.A. Party, pp. 1-7; Die Burger, 24.4.1924. Verslag van toespraak te Pretoria; en Ibid., 31.5.1924. Verslag van toespraak te Ladysmith.

6. Die volk moet kies, pp. 9-11.

moedig, elektriese krag vir die land te voorsien, ens. Hy het belowe om in die toekoms meer te doen deur meer spoorweë te bou, hawens te vergroot, spoorwegtariewe te verlaag, 'n handelskommissaris in Noord-Amerika aan te stel, markte in Afrika uit te brei, meer geld d.m.v. die Landbank aan die boere beskikbaar te stel, die katoenbedryf te bevorder, land-bouerssetting aan te moedig, nedersetters finansieel te ontmoet te kom en gekeurde immigrasie aan te moedig. Die regering sal ook opnuut probeer om 'n yster- en staalnywerheid in die land te vestig. Genl. Smuts het ook belowe om 'n nuwe portefeulje van Handel en Nywerheid in te stel sodat meer aandag aan die ontwikkeling van die land se hulpbronne gegee kan word. Nywerhede sou aangehelp en beskerm word. Suid-Afrika sou ook sy eie spoorwegbenodighede in die toekoms vervaardig en daardeur werk aan duisende blankes verskaf. „Dit sal 'n reuse en kosbare onderneming wees maar ek voel oortuig dat die tyd aangebreek is om 'n groot voorwaartse stap in die rigting te neem.“ Die beskuldigings dat hy nie genoeg vir nywerheidsontwikkeling gedoen het nie, het genl. Smuts verwerp: „Moenie vir my sê dat ek nie genoeg in die verlede gedoen het nie. Ek het gedoen wat ek kon, en onder baie moeilike omstandighede in die land.“ Die regering sal verder meer aandag aan onderwys, veral tegniese onderwys, gee ten einde die blankes in die land op te hof. Die Indiërvraagstuk sal ook meer aandag geniet. Genl. Smuts verklaar hom ten gunste van algemene stemreg vir vroue met die vereiste van hoë kwalifikasies. Hy is nie ten gunste van stemreg vir nie-blanke vroue soos die Nasionaliste beweer nie, maar dié in die Kaapprovinsie wat die nodige kwalifikasies besit, sal wel stemreg hê.⁷

Hy het die regering se optrede in die staking verdedig en die opposisie se bewerings dat hy 'n outokraat en diktator is, ontken. „Kragtens die posiesie wat ek bekleë is dit natuurlik dat ek in geval van 'n kriesis my plig moet doen en ek hoop en bid dat ek altyd die moed sal hê om dit te doen..... Maar dit maak my nie 'n outokraat of 'n diktator nie.“ As hy dit was, sou hy mos nie die Parlement ontbind het, terwyl hy nog 'n parlementêre meerderheid gehad het nie.⁸

Genl. Smuts hoop dat die volk aan hom by die verkiesing sal sê: „Ons weet dat u in 'n baie moeilike posiesie ge-

7. Ibid., pp. 11-25; en Die Burger, 20.5.1924. Verslag van toespraak te Potchefstroom.

8. Die Burger, 18.4.1924. Verslag van toespraak te Johannesburg.

plaas is. U het 'n verskriklike tyd deurgemaak. U was verplig om dinge te doen wat regerings nie dikwels moet doen nie. U het geldelike maatreëls moet tref om die openbare geldsake in orde te bring en dit was regtig onplezierig en verskillende dele van die bevolking het daaronder gely." Hy hoop egter dat hulle sal byvoeg: "Ons het daarmee rekening gehou en ons gaan u nie oor klein dingetjies beoordeel nie. Ons sal al die klein dingetjies oor die hoof sien wat verkeerd gegaan het en ook die foutjies wat u gemaak het en ons doen dit omdat ons daarvan verseker voel dat die Regering 'n groot en moedige poging gedoen het om die skip van die staat in die beste en veiligste rigting te stuur, deur die hewigste storms wat oor die land gewoed het."⁹

Die Eerste Minister het hom skerp teen die ooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty uitgespreek. Hy het dit genoem die mees outokratiese, mees diktatoriale, mees beginsellose, onsedelikste, vuil, onnatuurlikste en onderduimste daad in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika. Volgens hom was dit gebore uit haat, in die donker en in skande. "Ek beweer dat die Verdrag 'n onreine, ongesonde ding is, dat dit 'n duidelike negering en bespotting van alle politieke beginsels is en 'n demoralisasie en vernedering van ons openbare lewe is. Die Vatmekaar is in der waarheid 'n sameswering wat in die duisternis uitgebroei is, en sonder die voorkennis en toestemming van die gewone lede van die twee partye wat daardeur geaffekteer word. Dit is 'n elek-sie-set, bedoel om die ware oordeel van die land te verduister by hierdie verkiesing deur mense van die mees teenoor-gestelde en strydige sienswyses te laat saamstem asof hulle dit eens was. As hierdie set slaag en die eleksie gewen word sal die Vatmekaar die nuwe instrument van die Regering in hierdie land word en sal dit voortgaan om ons politiek te demoraliseer en ons openbare lewe te verneder. Dit sal lyk of die sesessioniste en lojaliste saamwerk terwyl hulle werklik probeer om mekaar die loef af te steek. Die Sosialisme van die stede sal kop in één mus saamwerk met die individualisme en konserwatisme van die platteland. Niemand sal weet waar hy is of op watter beginsels of politiek die land geregeer word nie; alles sal gedoen word by wyse van private ooreenkoms of skikking waarvan die gewone burger ongetwyfeld die slagoffer sal wees." Die Arbeiderleiers is ten gunste van die verbond omdat dit hulle in staat sal stel om sosia-

lisme op die platteland te verkondig. Die Nasionale leiers se oogmerk daarmee is weer om aan bewind te kom. Volgens genl. Smuts het die leiers die ooreenkoms so lank moontlik geheim gehou omdat hulle skaam daarvoor was. Toe dit uitlek, is die ooreenkoms gepubliseer, maar hy twyfel of dit die hele ooreenkoms is. Daar sal wel 'n paar geheime artikels wees waarvan die publiek nog nie gehoor het nie en waarvan die land eers bewus sal word as daar 'n ernstige krisis uitbreek. „God help die land as dit sovéer kom.“¹⁰ Dit is 'n uitgemaakte saak dat die Nasionale Party geen volstrekte meerderheid sal kry nie en dus Arbeiders in die kabinet sal opneem. So 'n „mengelmoes“ sal 'n groot politieke frontverandering teweegbring en dit sal nie alleen agteruitgang op alle gebiede tot gevolg hê nie, maar wet en orde sal verdwyn. Die Pakt besit geen politiek nie aangesien albei partye hulle beginsels vir mag verruil het.¹¹ Volgens genl. Smuts kan so 'n Pakt-regering nie met die regering van die S.A. Party en Unioniste vergelyk word nie. Die amalgamasie tussen laasgenoemde het uit die volk ontstaan, uit die grondslae van die twee partye en hulle het in teenstelling met die Vatnekaar, openlik 'n unie gevorm wat later die fondament van die politieke lewe van die land sal blyk te wees.¹²

Genl. Smuts kon nie besluit watter van die twee Pakt-partye die meeste onder 'n koalisie-regering gaan ly nie. Volgens sy toesprake o.m. in Durban, Pietermaritzburg en Johannesburg is die Arbeiders deur hul leiers verraaï toe hulle die ooreenkoms met die Nasionale Party gesluit het. As die Pakt wen, sal die Arbeidersparty, 'n klein swak partytjie, saam met die sterk Nasionale Party moet regeer. Die Arbeidersparty sal sy onafhanklikheid verloor en 'n blote linkervleuel van die Nasionale Party word wat aan sy stert rondgesleep word - 'n uiters vernederende posisie.¹³ Op plekke soos Klerksdorp, Potchefstroom, Cradock, Vryheid, Utrecht en Delmas het genl. Smuts weer die lot van die Nasionale Party in 'n Pakt-regering betreur. „Of genl. Hertzog lede van die Arbeidersparty in sy kabinet neem of nie, hy sal verplig wees om die politiek en die program van die Arbeiders

10. Die volk moet kies, pp. 30-31; Die Burger, 18.4.1924 en 16.5.1924. Verslae van toesprake te Johannesburg en Koster; Ibid., 17.5.1924, 5.6.1924 en 16.6.1924. Verslae van toesprake te Ventersdorp, Newcastle en Delmas; en The South African Nation, 10.5.1924.

11. Die Burger, 20.5.1924; 22.5.1924 en 14.6.1924. Verslae van toesprake te Potchefstroom, Kimberley en Johannesburg.

12. Die Burger, 18.4.1924. Verslag van toespraak te Johannesburg.

13. Die Burger, 2-3.6.1924 en 14.6.1924. Verslae van toesprake te Durban, Pietermaritzburg en Johannesburg.

uit te voer." Kol. Creswell wat die magsewewig hou, stel dus die prys vas en genl. Hertzog moet betaal anders sal Creswell sy steun aan die Nasionale Party onttrek. Genl. Smuts was van mening dat so 'n regering 'n gevaar vir die tradisies van die boerebevolking sal wees. In Australië is die boere bv. onder die hiel van die Arbeidersparty. In Engeland waar die Arbeidersparty al ses maande aan bewind is, het hy nog niks tot stand gebring nie. Genl. Smuts beweer verder dat adv. Tielman Roos tydens die staking sulke buitensporige verwagtinge van 'n Nasionale regering by die arbeiders gewek het dat die Nasionale Party alles sal moet uitvoer, anders sal daar 'n revolusie wees.¹⁴

Die Eerste Minister het ook gewys op ander gevare wat die land bedreig as die Nasionale Party aan bewind sou kom. Die gevaar van afskeiding van die Britse Ryk is nog nie afgeweer nie en die Nasionale Party sal weer daarmee te voorskyn kom sodra hy sterk genoeg is om alleen te regeer. Dank-sy die Arbeidersparty se hulp word die sesessie-politiek dus aan die lewe gehou en die ondersteuners daarvan versterk. Genl. Smuts voorsien dat genl J.C.G. Kemp, een van die leiers in die Rebelle van 1914, Minister van Verdediging in 'n Nasionale kabinet sal word. Dit kan daartoe lei dat die Unie van Suid-Afrika met geweld indien nodig, 'n republiek, onafhanklik van die Britse Ryk, gemaak word.¹⁵ Hy het gewys op wat die Ryksbande al vir Suid-Afrika beteken het. „Ons bestuur ons sake soos ons wil, en ons maak 'n deel uit van die groot gemenebes van die magtigste staat op aarde. Onder die beskermende muur van die Britse vloot kan ons jong volk op nywerheidsgebied en op nasionale gebied ontwikkel, en ek sê dat ons nie alleen verraaiers nie, maar dwase en esels sal wees as ons daardie groot posiesie prysgee vir 'n nietige kleinigheid of 'n denkbeeldige voordeel.“¹⁶

Onder 'n Pakt-regering sal die myne swaarder belas word, wat dié belangrike nywerheid lam sal lê. „Ek is ten seerste bevrees dat die mynwese-politiek van die Nas.-Arb.-Verbond sal beteken dat die land van die één ekonomiese kriesis na die ander sal voortgaan.“¹⁷ Die myne sal ook belet word om

14. Die Burger, 19-20.5.1924. Verslae van toesprake te Klerksdorp en Potchefstroom; Ibid., 3.6.1924. Hoofartikel; en Ibid., 4-5.6.1924 en 16.6.1924. Verslae van toesprake te Vryheid, Utrecht en Delmas.

15. Die volk moet kies, pp. 6-8 en p. 20; en Die Burger, 31.5.1924. Verslae van toesprake te Ladysmith en Colenso.

16. Die Burger, 26.5.1924. Verslag van toespraak te King William's Town.

17. Die volk moet kies, p. 22.

naturelle-arbeid van Mosambiek af in te voer en gevolglik sal die boere sonder werkvolk sit aangesien die myne al hul nie-blanke werkers met goeie salarisse sal trek.¹⁸ Papiergeld sal sonder dekking gedruk word, waardeur Suid-Afrika sy kredietwaardigheid sal verloor terwyl die waarde van eiendom sal verminder. Geen kapitaal sal die land binnekom nie.¹⁹

Genl. Smuts het adv. Roos se idee van 'n staatsbank ten sterkste afgekeur.²⁰ Hy was van mening dat die Nasionaliste die staatsdiens en verdedigingsmag sal reorganiseer, Engelssprekendes sal afdank en al die poste vul met „getroue politieke nalopers.“ Dit sal rassehaat weer laat herleef.²¹

Genl. Smuts het teen genl. Hertzog se segregasiepolitiek gewaarsku: „Generaal Hertzog is 'n politieke dweper en ek vrees hy gaan hierdie land laat skipbreuk ly met sy segregasie stokperdjie. Hy verkeer selfs onder die begogeling dat die naturelle van sy segregasie-politiek hou en dit verwelkom.“ Hiervolgens sal al die naturelle in reserwes geplaas word en in die Kaapprovinsie sal hulle hul stemreg verloor. Aan die Kleurlinge sal dieselfde stemreg en burgerregte as die blankes toegeken word en die klourslagboom sal verdwyn. Naturelle sal net toegelaat word om ongeskoolde arbeid buite hul reserwes te verrig. „Ek eersel nie om te verklaar dat dit 'n onmoontlike skema is en dat dit die allergrootste omwenteling sal teweeg bring wat nog ooit in die geskiedenis van Suid-Afrika geken is, dat in soverre as die werk van hierdie land afhanklik is van die samewerking tussen swart en wit dit die besigheid van die land tot 'n algemene dooie punt sal bring en dat dit so 'n gevoel van verongelyking, onregverdigheid en verdrukking in die harte van die naturelle sal verwek dat dit nie gemaklik weer uitgewis word nie. Die prys wat die blanke sal moet betaal vir soon dwase handeling sal onberekenbaar wees.“ Die regering se beleid daarenteen is om voorsiening te maak vir naturelle-selfregering in hul reserwes deur naturelle-rade. Deur die Stadsgebiedewet is naturelle in hul eie woongebiede gesegregeer.²²

Die Eerste Minister het ook gewaarsku teen die beskouing dat die teenswoordige regering al te lank aan bewind is

18. Die Burger, 19.5.1924. Verslag van toespraak te Klerksdorp; en Ibid., 17.5.1924. Hoofartikel.

19. Die volk moet kies, p. 21; en Die Burger, 16.5.1924. Verslag van toespraak te Koster.

20. Die volk moet kies, p. 21; en Die Burger, 14.5.1924 en 16.5.1924. Verslae van toesprake te Johannesburg en Koster.

21. Die volk moet kies, p. 11.

22. Ibid., pp. 22-25.

en dat 'n verandering wenslik is. Hy is bereid om terug te staan vir 'n regering van „manne wie se verlede van so 'n aard is dat ons hulle met veiligheid vir die toekoms kan vertrou... Dog wat is die posiesie hier? Ons moet plek maak vir manne wat die gevaarlikse en mees onheilspellende loopbane in ons openbare sake het, wie se verlede die resente geskiedenis van Suid-Afrika in duisternis gehul het, wat hierdie land skipbreuk sou laat ly het as dit nie was vir die heldhaftige opofferings en pogings van generaal Botha en die verstandige vaderlandsliewende manne van Suid-Afrika wat by hom gestaan het nie." Hy noem verder: „Die land sal 'n Regering hê, nie van verstandige, skerpsinnige, ervare hoofde nie, maar 'n Regering van amateurs, dwepers en ekstremiste wat in die verlede gestaan het vir al wat allergevaarliks is in ons politieke lewe." Hulle regering sou „'n ander donker hoofstuk in ons geskiedenis open."²³

Genl. Smuts het genl. Hertzog se verlede aan die kiesers voorgelê: Hy het die Nasionale Party „op 'n tweestroom politiek gestig teneinde die rasse-geskille tussen ons blanke bevolking te verewig en te verskerp“; hy het in die Rebelle geweer om standpunt in te neem en sy invloed te gebruik om die Rebelle te beëindig; hy het die Vryheidsdeputasie in 1919 na Engeland gelei en die ontbinding van die Unie van Suid-Afrika en die herstel van die Transvaalse en Vrystaatse republieke gevra. In 1920 het hy die veldtog van afskeiding van die Britse Ryk gelei. „Dit is die man wat nou vorendag kom en aanspraak maak op die Eerste Ministerskap van 'n verenigde Suid-Afrika." Genl. Smuts meen dat sy oordeelsfoute en politiek onvergeeflik is. „Dit is nie klein, nictige sake van besonderhede soos die medisynebelasting of die tabakbelasting nie, of die ander besware wat teen my ingebring word nie. Hulle raak die wortels van ons eenheid, van ons toekoms as 'n nasie en 'n land." Erger nog is die feit dat genl. Hertzog geen berou oor sy daede het nie en dat hy trots is op sy verlede. Hoewel sy karakter onberispelik is en hy bekwaam is, is sy politieke loopbaan sodanig dat Suid-Afrika hom nie as Eerste Minister kan kies sonder om ontrow aan homself te wees en sonder ernstige gevaar vir die toekoms nie.²⁴

Genl. Smuts het tot die gevolgtrekking gekom dat die kiesers 'n keuse moet doen tussen hom en genl. Hertzog: „As ek val, sal dit nie ek alleen wees wat ten onder sal gaan

23. *Ibid.*, pp. 25-26.

24. *Ibid.*, pp. 26-29.

nie. Julle sal die oordeel oor Suid-Afrika uitspreek."²⁵
Daarom moet die strydkreet in die verkiesing wees: „Die Suidafrikaanse nasie Eerste en weg met alle party-akkoordjies en alle seksie- of klasse-belange."²⁶

Die Eerste Minister se standpunt oor al die voormelde aangeleenthede is ten volle deur sy volgelinge onderskryf. Sommige sprekers het nog verder uitgebrei op die gevare wat 'n Pakt-regering sou meebring. Die oorwinning van die Pakt sou beteken die vertrapping van alles wat Engels is. Minister D. Reitz het die Nasionaliste rassehaters, rassedwepers, revolusionêre en rebelle genoem.²⁷ „Elke Nasionalis sit in die Raad as gevolg van 'n hewige rasse-pelgrimstog wat die land op die rand van ruïnasie gebring het."²⁸ Sir Thomas Watt het openlik verklaar dat genl. Hertzog nie vertrou kan word nie en dat sy waarborg i.s. 'n republiek van geen betekenis is nie. Die Arbeidersparty het in die staking van 1922 probeer om 'n republiek te stig, maar die Nasionale Party kon hulle toe nie steun nie omdat hulle geen wapens gehad het nie. Hy meen dat met genl. Kemp as Minister van Verdediging hulle beter toegerus sal wees as die Arbeiders weer hul kop verloor.²⁹ Volgens minister Reitz het genl. Hertzog se segregasiebeleid beteken dat geen naturel toegelaat sal word om in die myne of fabriek te werk nie.³⁰ Die Arbeidersparty is daarvan beskuldig dat hy die Nasionale Party sal dwing om die werkdag van agt uur ook op plase van toepassing te maak³¹, dat myne en nywerhede genasionaliseer sal word en dat boere se plase gekonfiskeer sal word.³² Volgens C.J. Krige, oud-Speaker, was die verderflike sosialistiese leer wat teen enige kapitaal of private besit is, verantwoordelik daarvoor dat twee miljoen grondeienaars in Rusland doodge-

25. Die Burger, 3.5.1924. Verslag van toespraak te Pretoria.

26. Die volk moet kies, p. 32.

27. Die Burger, 30.5.1924. Verslag van toespraak te Somerset-Cos.

28. Die Burger, 26.4.1924. Verslag van toespraak te Port Elizabeth.

29. Ibid. Verslag van toespraak te Dundee. Sien ook Ibid., 1.5.1924. Verslag van toespraak van minister Duncan te Johannesburg; en Ibid., 16.5.1924. Verslag van toespraak van H.J. Hofmeyr, kandidaat van die S.A. Party vir Noordoos-Rand.

30. Die Burger, 1.5.1924. Verslag van toespraak te New Brighton.

31. Die Burger, 5.5.1924. Hoofartikel.

32. Die Burger, 26.4.1924. Verslae van toesprake van minister Watt te Dundee en minister Reitz te Port Elizabeth; en Ibid., 21.5.1924. Verstrek die mening van Ons Land.

skiet is.³³ Die Arbeidersparty is voorgelou as 'n Bolsjewistiese party wat teen alle godsdiens is. Die Pakt-regering is dus 'n gevaar vir die kerk.³⁴ G. Schmolke, kandidaat van die S.A. Party in Namakwaland, het selfs sover gegaan om te sê dat die Arbeiders geen God of sabbat erken nie en dat hulle glo dat die mens geen siel het nie. Hy het beweerd dat wit en swart volgens die Arbeidersparty almal gelyk is. Sy oproep aan die kiesers was: „Weg met al die nuwe duiwelse leerstellings!“³⁵ Persoonlike aanvalle op genl. Hertzog was algemeen. Volgens De Volkstem was „nóg genl. Hertzog se impulsiewe temperament nóg sy politieke verlede“ gerusstellend.³⁶ Mnr. P. Duncan was van mening dat genl. Hertzog te swak is om sy ondersteuners in toom te hou en dat hy net in naam die leier van die Nasionale Party is. As die Pakt aan bewind kom, sal hy opsy gestoot word en ander magte sal regeer.³⁷ Volgens baie sprekers van die S.A. Party was die keuse tussen genl. Smuts en genl. Hertzog en vir hulle was dit ondenkbaar dat genl. Hertzog die land se Eerste Minister kan word.³⁸ Volgens sir Abe Bailey sou dit 'n vernedering vir die land wees.³⁹

Kol. Creswell het die Arbeidersparty se standpunt baie duidelik uiteengesit en sy party teen die aanvalle van die S.A. Party verdedig. Hy het die Arbeidersparty se verkiesingsveldtog amptelik op 30 April in Durban geopen. Kol. Creswell het genl. Smuts se toespraak in Pretoria bespreek en gesê dat dit hom laat dink aan 'n opposisielleier wat net beloftes maak en nie aan 'n regeringshoof wat 14 jaar tyd gehad het om daardie beloftes uit te voer nie. Genl. Smuts belowe nou eers die opheffing van die medisynebelasting, wysiging van die tabakbelasting, meer spoorweë, hulp aan setlaars en aanmoediging van nywerhede, veral vervaardiging van spoorwegmateriaal, terwyl hy al lankal daarmee kon begin

33. Die Burger, 23.5.1924. Verslag van toespraak te Caledon. Sien ook Ibid., 21.5.1924. Verstrek die mening van Ons Land; en Ibid., 7.6.1924. Manifest van G. Schmolke.
34. Die Burger, 21.5.1924. Pamflet uitgegee deur die S.A. Party „Die Nasionaliste en die Jode“; en Ibid., 31.5.1924. Hoofartikel.
35. Die Burger, 7.6.1924. Manifest van G. Schmolke.
36. Die Burger, 26.4.1924. Verstrek die mening van De Volkstem.
37. Die Burger, 15.5.1924. Verslag van toespraak te Yeoville.
38. Sien o.m. Die Burger, 26.4.1924. Verslag van toespraak van minister Watt te Dundee; en Ibid., 7.5.1924. Verslag van toespraak van sir David Harris te Kimberley.
39. Die Burger, 4.6.1924. Verslag van toespraak te Krugersdorp.

het.⁴⁰ Dit is buitendien ~~sake~~ wat die afgelope vier jaar al deur die opposisie bepleit is.⁴¹ Kol. Creswell meen dat die Eerste Minister se houding daarop neerkom dat hy die kiesers vra om hom terug te stuur na die Parlement, dan sal hy alles waarop die opposisie die afgelope jare aangedring het, doen. As die amalgamasie van die S.A. Party en die Unioniste so 'n wonderlike sukses is en die twee partye so verenigd en in harmonie saamwerk soos genl. Smuts wil voorgee, waarom het hy dan nie sy program van 1921 uitgevoer terwyl hy aan bewind was nie? Hy het tog nog 'n meerderheid in die Volksraad gehad en daar het nog twee sittings van die Parlement voorgele.⁴²

Volgens kol. Creswell is die regering van 1921 onder valse voorwendsels verkies. Die S.A. Party het die Engelsprekendes wysgemaak dat die Britse vlag en konneksie in gevaar is. Daar is op hul rassegevoel gespeel ter bevordering van selfsugtige doeleindes wat hoofsaaklik buite Suid-Afrika gevestig is en om politieke ambisie te bevredig. Nou probeer die party weer om die volk op dieselfde manier te mislei.⁴³ Kol. Creswell het dit betreur dat genl. Smuts rasshaat aanblaas deur die Engelssprekendes teen genl. Hertzog en die Afrikaanssprekendes aan te hits. Hy het die Eerste Minister se sesessie-kreet bestempel as 'n paasiboelie wat drie jaar gelede met groot sukses deur die regeringsparty gebruik is. Hy wou weet waarom dit dan vandag só gevaarlik is as genl. Smuts dit reeds in 1921 vernietig het, soos hy beweert. Die Arbeidersparty het die belofte van genl. Hertzog dat sesessie voorlopig nie 'n saak van praktiese politiek gemaak sal word of op die Engelssprekendes afgedwing sal word nie. Hy aanvaar die woord van 'n eerbare man aan wie se eerlikheid hy geen rede het om te twyfel nie.⁴⁴ Buitendien sal genl. Smuts, as hy werklik bang is dat die Nasionale Party van die Britse Ryk sal afskei, 'n sterk Arbeider-element wat vir die behoud van die Ryksband is, in die Parlement verwelkom en nie probeer om dit te vernietig nie. Die Ryk is ongetwyfeld net so veilig in die hande van die Engelse Arbeiders

40. Die Burger, 1.5.1924. Verslag van toespraak te Durban; en Grobler, F.J., Die invloed van geskoolde blanke arbeid op die Suid-Afrikaanse politiek van 1886-1924, D.Litt.-proefskrif, P.U. vir C.E.O., 1968, p. 482.

41. Die Burger, 28.4.1924 en 26.5.1924. Verslae van toesprake te Potchefstroom en Kimberley.

42. Die Burger, 25.4.1924. Verslag van onderhoud.

43. Die Burger, 9.4.1924 en 1.5.1924. Verslae van toesprake te Durbanville en Durban; en Ibid., 25.4.1924. Verslag van onderhoud.

44. Die Burger, 1.5.1924. Verslag van toespraak te Durban.

as in die hande van die S.A. Party.⁴⁵

Die leier van die Arbeidersparty het daarop gewys dat die regering daarop staat gemaak het dat die opposisie verdeeld is en dat hy sy bes gedoen het om hulle verdeeld te hou deur hulle teen mekaar te probeer afspeel. Die opposisieparty het egter besef dat dit in belang van Suid-Afrika is dat hulle sal moet saamwerk. Gevolglik is die verkiesingsooreenkoms gesluit sonder dat een van die twee partye enige beginsels prysgegee het.⁴⁶ Die ooreenkoms is dus ten volle geregverdig omdat dit in belang van die blanke beskawing van die land is. Hoewel genl. Smuts nou die samewerking tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty as immoreel bestempel, was samewerking van die S.A. Party met die Arbeiders in 1920 geregverdig toe hy 'n koalisieregering wou saamstel. Kol. Creswell het verduidelik dat die Arbeidersparty besef dat hy nie 'n meerderheid in die Volksraad sal kry nie, maar hoop om in die verkiesing sy aantal lede te verdubbel en daardeur die magsewewig in die hande te kry. Dit sal dan by die Arbeidersparty berus om te besluit watter party die land moet regeer en hoe lank hy aan bewind sal bly. Hy voorsien dat as die Nasionale Party die rassevraagstuk te berde bring of net in belang van 'n sekere groep wil regeer, die Arbeidersparty nie sal aarsel om genl. Hertzog se regering tot 'n val te bring nie. Die volk wil rus hê van die politiek van onrus oor denkbeldige paaiboelies en verlang 'n regering wat hom geheel en al op die ekonomiese vraagstukke van die land sal toelê.⁴⁷ Volgens kol. Creswell beteken die Pakt vrede en die einde van rassehaat, want die Engels- en Afrikaanssprekende arbeiders het nou ingesien dat hulle in die verlede bedrieg en deur die S.A. Party doelbewus teen mekaar opgesweep is.⁴⁸ Hy het die bewerings van genl. Smuts dat die ooreenkoms geheime klousules bevat, nadruklik ontken.⁴⁹ Hoewel die ooreenkoms die aand van die verkiesing beëindig word, voorsien hy dat dit in 'n sekere sin nooit sal eindig nie, want dit het 'n beter verstandhouding tussen die twee blanke rasse teweeggebring en in die toekoms sal

45. Die Burger, 7.6.1924. Boodskap van Creswell aan 'n Arbeidersvergadering te Kaapstad.

46. Die Burger, 9.4.1924 en 14.4.1924. Verslae van toesprake te Durbanville en Johannesburg.

47. Die Burger, 1.5.1924. Verslag van toespraak te Durban.

48. Die Burger, 9.4.1924 en 14.4.1924. Verslae van toesprake te Durbanville en Johannesburg; en Ibid., 12.4.1924. Boodskap van Creswell oorgeneem uit The Guardian.

49. Die Burger, 1.5.1924 en 26.5.1924. Verslae van toesprake te Durban en Kimberley; en Grobler, op. cit., p. 533. Manifest van die Arbeidersparty.

hulle kan saamwerk in sake waaroor hul eners voel.⁵⁰

Kol. Creswell het ook op die Eerste Minister se belof-
tes van 1921 gewys waarvan bloedweinig uitgevoer is. Hy het
die regering se beleid veral betreffende werkloosheid,
staatsamptenare, boere, nywerhede en die naturelle skerp ge-
kritiseer. Hy was oortuig dat die land nie ly as gevolg van
die Randse staking, soos genl. Smuts beweer nie, maar wel as
gevolg van die politiek waarteen die staking 'n onsuksesvol-
le protes was. Die regering werk in belang van die mynmag-
nate ten koste van die blanke beskawing in die land. Die
Eerste Minister se bewering dat die finansiële moeilikhede
van die land aan die oorlog toegeskryf moet word, word ook
geloënstraf deur die feit dat Australië en Nieu-Seeland nie
dieselfde probleme as Suid-Afrika het nie en baie beter
daaraan toe is.⁵¹ Hoewel hy nie genl. Smuts se dienste aan
die land wil verkleineer nie, besit die Eerste Minister geen
meegevoel met die breë volksmassa nie en dit maak hom onbe-
kwaam om die lotgevalle van die Suid-Afrikaanse volk te be-
stuur.⁵² Hy het hom ook sterk teen genl. Smuts se outokra-
tiese optrede en stoomrollermetodes in die Parlement uitge-
spreek en was van mening dat hy verwaand is as hy aanvoer dat
die kiesers tussen hom as persoon en genl. Hertzog moet
kies.⁵³

Die Arbeiderleier het die kiesers gewaarsku om hulle
nie aan die valse strydvrae en bewerings van die S.A. Party
te steur nie. Bewerings dat die Arbeidersparty teen gods-
diens gekant is of 'n werkdag van agt uur op plase voorstaan,
is onwaar.⁵⁴ Die Pakt-regering sal die myne ook geen rede
gee om hul werkzaamhede te staak en duisende arbeiders te
ontslaan nie. As hulle wel gesluit word, sal die regering
sorg dat hulle weer bewerk word.⁵⁵ Ook word beweer dat die
Pakt-regering kapitaal uit die land sal hou. Die Nasionalis-
te en Arbeiders sal seker hul koffers vol pak en met Suid-
Afrika se bankbalans uit die land vlug. Kol. Creswell het
aangetoon hoe die S.A. Party die Nasionaliste op die platte-

50. Die Burger, 2.6.1924. Verslag van toespraak te Cra-
dock.

51. Die Burger, 1.5.1924 en 28.4.1924. Verslae van toe-
sprake te Durban en Potchefstroom.

52. Die Burger, 1.5.1924. Verslag van toespraak te Durban.

53. Die Burger, 9.4.1924, 14.4.1924, 3.5.1924 en 13.6.1924.
Verslae van toesprake te Durbanville, Johannesburg,
Pietermaritzburg en Johannesburg.

54. Die Burger, 1.5.1924, 2.6.1924 en 6.6.1924. Verslae
van toesprake te Durban, Cradock en Pretoria; en Ibid.,
21.5.1924. Verklaring van Creswell.

55. Die Burger, 9.5.1924. Verslag van toespraak te
Alberton.

land met die Arbeiders bang maak en die Arbeiders in die stede weer met die Nasionale Party. Hulle het hierdie bedrog egter uitgevind en op 17 Junie gaan die Nasionale en Arbeiders sy aan sy staan om die kapitalistiese heerskappy van die Smuts-regering te beëindig.⁵⁶

Hy het die program van die Arbeidersparty uiteengesit soos dit ook in die party se verkiesingsmanifes gepubliseer is: die ekonomiese heropbou van die volk, die bevryding van die nadelige invloed van die finansiële trusts op die land en die oplossing van die werkloosheidsvraagstuk. Die invoer van goedkoop onbeskaafde arbeid moet gestaak word. Mineralewette moet hersien word. Mynregte wat deur die staat toegeken is, moet uitgeoefen word of na die staat terugval en uitgebreide gebiede wat deur die mynhuise as spekulatiewe bate gebruik word, moet ontgin word. Nywerhede moet beskerm word maar die verbruiker sal teen buitensporige pryse en die werkers teen lae lone beskerm word. Suid-Afrika moet sy eie krediet en geldsake beheer deur die oprigting van 'n staatsbank. 'n Segregasiebeleid moet uitgevoer word en die gebruik van nie-blankes om die lewenspeil van die beskaafde werker te verlaag, moet verhoed word. Die Asiatevraagstuk moet deur binnelandse wetgewing en repatriasie opgelos word. Die belastingstelsel moet hersien word en die natuurlike hulpbronne van die land moet aangemoedig en ontwikkel word. Ouderdomspensioene moet ingestel word. Die Arbeidersparty ag grondbelasting op onverbeterde grondwaardes wenslik, veral op die grond van groot maatskappye. Kol. Creswell het die hoop uitgespreek dat die Nasionale Party later die wenslikheid van so 'n belasting sal insien. Die oplossing van ander groot vraagstukke geniet egter eers voorkeur en daarom sal die Arbeidersparty die saak nie nou op die voorgrond stoot nie.⁵⁷

Volgens kol. Creswell moes die kiesers by die stembus beslis of hulle tevrede is met die regering se werk van die afgelope drie jaar, met sy politiek van verarming en verspreiding van ontevredenheid, met 'n Parlement wat op valse strydvrae gekies is en deur groot sakebelange beheer word en met 'n beleid wat die land in 'n kampong van goedkoop arbeid sal verander. Die alternatief is 'n ware parlementêre regering wat die volk verteenwoordig en waaronder die inwoners

56. Die Burger, 9.4.1924. Verslag van toespraak te Durbanville.

57. Die Burger, 1.5.1924. Verslag van toespraak van Creswell te Durban; Ibid., 9.5.1924. Manifes van die Arbeidersparty; en Grobler, op. cit., pp. 482-483 en pp. 523-524. Manifes van die Arbeidersparty.

van Suid-Afrika hul kinders sal kan opvoed in die wete en vertroue dat hulle 'n beskaafde lewensbestaan in die land sal kan maak. Hy het 'n beroep op die Arbeiders gedoen om hul leiers te vertrou, om die Pakt te steun en 17 Junie 'n gedenkwaardige dag en 'n ware baken in die geskiedenis van Suid-Afrika te maak.⁵⁸ Afrikaner en Engelsman moet hierdie een keer saamspan om die land onder die wolk van onwaarheid, verwarring en onenigheid uit te kry en waarheid, vrede en eensgesindheid in ere te herstel.⁵⁹

Genl. J.B.M. Hertzog het eers op 3 Mei met 'n toespraak op Smithfield die Nasionale Party se program aan die kiesers voorgelê. Hy het die regering daarvan beskuldig dat hy in 1921 onder valse voorwendsels gekies is en dat hy nooit die vertroue van die kiesers gehad of verdien het nie. Die wantroue van die volk blyk veral daaruit dat die regering se meerderheid van 24 binne drie jaar na agt gedaal het. Genl. Hertzog het die Eerste Minister verder daarvan beskuldig dat waar dit sy eersug geld, hy gevoelloos is vir die waardigheid en verantwoordelikheid van 'n staatshoof soos blyk uit verskeie gebeurtenisse in die verlede. „Die egoïstiese verwaandheid wat straal uit haas elke lyn van sy pas verskene manifes, is niks meer as wat ons reeds vir jare lank van hom gewoon is, maar juis omdat dit so iets allerdaags is, loop ons die gevaar om die noodlottigheid vir ons als volk van die verwaandheid oor die hoof te sien.“ Hy het genl. Smuts se optrede met die Randse staking veroordeel en dit vergelyk met die van 'n kind wat 'n vuur naby 'n hooimied maak in die hoop dat dit aan die brand sal slaan en hom die genot verskaf om die vlamme met sy emmer water te blus. Net so onverantwoordelik was sy optrede met die inlywing van Rhodesië: „Nòg van waardigheid as staatshoof van die Unie, nòg van gewetensvolle bekragting van sy plig was daar enige blyk toe hy hom die aanwys van 'n ander tiental ondersteuners in vooruitsig gestel het om hom in sy heerskappy te bevestig.“⁶⁰

Genl. Hertzog het aangetoon dat genl. Smuts se strydmetodes in die vorige verkiesing valse voorstellings, mis-

58. Die Burger, 1.5.1924 en 14.4.1924. Verslae van toesprake te Durban en Johannesburg; en Ibid., 13.6.1924. Boodskap van Creswell oorgeneem uit The Guardian.

59. Die Burger, 16.6.1924. Boodskap van Creswell. H.W. Sampson, Arbeider-kandidaat vir Jeppe, het aangevoer dat Afrikaans- en Engelssprekendes saam geskiet, saam in die tronk gesit en saam opgehang is. Nou moet hulle saam na die stembus optrek. Sien Ibid., 14.4.1924. Verslag van toespraak te Johannesburg.

60. Die Burger, 5.5.1924. Verslag van toespraak te Smithfield. Die oorspronklike toespraak is in die C.R. Swart-versameling.

leidende beloftes, opsetlike belasting van sy teenstanders en die opsweping van die Engelssprekendes se rassegevoel was. Hy probeer dit nou weer gebruik om sy posisie as Eerste Minister te behou. Van sy mooi beloftes het egter niks gekom nie. In plaas van die beloofde voorspoed en vrede, het depressie, geldskaarste, rampspoed, insolvensies, afdankings, salarisverminderinge en verhoogde belastinge gevolg. Die regering was vir die grootste deel hiervan verantwoordelik deur sy wanbestuur en geldverkwisting. „Werklik, dit vat 'n man met 'n onverbeterlike optimisme om hom so tevrede te doen voorkom met sy knoeiwerk as wat genl. Smuts dit doen met die van sy regering.” In plaas van vrede was daar bloedvergieting. Vir die vierde keer binne nege jaar moes genl. Smuts sy toevlug tot wapengeweld neem en wel hoofsaaklik teen manne wat hom so pas aan bewind van sake geplaas het. „Marsjiengewere, kanonne, vliegtuie en bomme; man, vrou en kind, skuldige en onskuldige, geen onderskeid nie. Dit was die bloedvergieting waarteen die Smuts-regering die land sou behoed en vrywaar.” Genl. Hertzog was verbaas dat 'n persoon wat so min waarde aan sy beloftes heg, nog aanspraak kan maak op die vertrouwe van die volk wat hy so gruwelik mislei het.⁶¹

Volgens genl. Hertzog kan genl. Smuts se manifes soos volg verdeel word: verdagnakery en opruiing van gemoedere teen sy teenstanders; 'n beroep om vir hom te stem op grond van sy verlede as Eerste Minister en beloftes oor wat hy sal doen as hy weer aan bewind kom. Die volk kan egter nie altyd mislei word nie en hy staan veroordeel as 'n persoon wat sy beloftes nie hou nie. Genl. Hertzog vind dit amusant dat die Eerste Minister verklaar dat die lug nou skoon is en dat hy weier om langer stil te sit en niks te doen as hy weer aan bewind kom nie. „Dit is inderdaad braaf van genl. Smuts om so 'n belofte te doen na soveel jare van slaap op die regeringskussing.” Hy bespreek genl. Smuts se „groot daad” wat hy na sy „ontwaking” van plan is om te doen soos die afskaffing van die tabak- en medisynebelasting, en beter vooruitsigte vir amptenare en onderwysers. Dit is alles sake waarvoor die opposisie al baie lank tevergeefs om veg. Hy meen dat die volk vir homself kan uitmaak hoeveel sukses genl. Smuts met sy nywerheidspolitiek sal hê met soveel uiteenlopende menings oor beskerming in sy party.⁶²

Genl. Hertzog het die Nasionale Party se program van aksie uiteengesit: Landbou-ontwikkeling en meer simpatie

61. Ibid.

62. Ibid.

met die boer; aanmoediging, ontwikkeling en beskerming van nywerhede met inagneming van die belange van die verbruiker en die arbeider, en 'n omvattende poging om die armblanke- en werkloosheidsvraagstuk op te los. Vir lg. beoog genl. Hertzog 'n selfstandige Departement van Arbeid. 'n Ander belangrike vraagstuk wat aangepak sal word, is die oplossing van die naturellevraagstuk sodat die blanke beskawing gehandhaaf kan word. Beskaafde arbeid moet in die blanke gebiede beskerm word terwyl die naturelle in hul eie gebiede ontwikkel moet word. Die belastingstelsel moet hersien word sodat die goudmyne hul regmatige aandeel tot die belasting van die land kan bydra en nie begunstig word soos in die verlede nie. Die Nasionale Party sal die goudmyne nie opsetlik benadeel nie en hulle sal die volle beskerming van die staat aan nywerhede geniet. Genl. Smuts se vrees oor wat met die goudmyne onder 'n Nasionale regering sal gebeur, is „'n loutere horsingskim, een van die baie nagmerries wat hom skynbaar nou ry solank hy besig is om na stemme te soek. Genl. Smuts is 'n baie vernuftige man, maar hy sal verstandiger wees as hy ander minder dwaas ag.“ Die Nasionale Party sal die onderwys teen ondermyning beskerm, soos in die Provinsiale Verhoudingswet en die Baxter-verslag beoog, waardeur die opvoeding van kinders van grondbelasting afhanklik gemaak word. Deeglike ondersoek sal na die wenslikheid van 'n staatsbank ingestel word want deur die oprigting van so 'n bank sal die land sy eie krediet kan beheer. „U sien dus die program van die Nasionale Party is nie so vol en omvangryk as die van die S.A. Party nie. Dog u hoef u daarvoor nie te bekommer nie. Dié van die Nasionale Party is bedoel om uitgevoer te word. Dié van genl. Smuts is bestem vir die snippermandjie. Die volk vandag is moeg en sat van beloftes; wat dit nou wil hê is nie langer mooie woorde nie maar die praktiese aandurf van ekonomiese en industriële vraagstukke waarvan die welvaart en geluk van ons bevolking afhang.... Die Nasionale Party sal voortgaan as dit aan bewind kom met sy strewe na 'n vreedsame ontwikkeling van die land, 'n onpartydige behartiging van al die klasse en dele van ons bevolking en 'n waaksame beskerming van die eer en welvaart van ons geliefde Suid-Afrika. Die orde sal gehandhaaf word so afdoende as ooit onder die Smuts-regering maar dit sal geskied in ooreenstemming met wat vereis word deur wet en reg en sonder die medepligtingheid van die Regering tot dade van wanorde.“⁶³

Daar was 'n paar ander sake waarop genl. Hertzog in die loop van die verkiesingsveldtog ingegaan het. Hy het geantwoord op genl. Smuts se beskuldigings dat hy in die Rebel-lie stil gesit het. „My getuienis voor die Parlementêre kommissie het aangetoon dat ek my dienste aan genl. Botha aangebied het, wat egter geweier is. Die getuienis bewys ook dat ek, op die versoek van genl. Botha, aan president Steyn uitgegaan is om genl. De Wet na 'n vergadering te bring; dat De Wet op weg was om Botha en Steyn te ontmoet toe hy aangeval en sy seun gedood is; dat dit aan my te danke was dat die suidelike deel van die Vrystaat nie gerebel-leer het nie.“⁶⁴ Sy tweestroompolitiek wat genl. Smuts gebruik het as bewys dat hy 'n rassehater is, het genl. Hert-zog ook verduidelik aan die hand van 'n toespraak wat hy in 1912 op Grahamstad by 'n eetmaal van regters en advokate ge-lewer het en wat deur albei taalgroepe toegejuig is. „Ek het gesê dat die volkslewe in Suid-Afrika voortvloei in twee strome, elke stroom met sy eie taal, traditiesies, groot manne, heldedade en edele karakters, en dat dit te wyte is aan die geskiedenis en geeneen daarvoor te blameer is nie, en elkeen die waardering van die ander kan eis. En dis ons plig om onself so te ontwikkel dat ons kan opgaan as een groot volk in gees.“⁶⁵ Die Nasionale Party is geen rasseparty nie. „The very foundation of the National Party, upon which is based its whole existence, is equality for Boer and Briton.“⁶⁶ Daar is dus ook geen sprake dat die Nasionalis-te die Engelssprekendes in die staatsdiens sal afdank as hulle aan bewind kom nie.⁶⁷

Genl. Hertzog het die kiesers opnuut die versekering ge-gee dat die Nasionale Party nog nooit 'n sesessieparty was nie en dat dit nie vir die Vryheidsdeputasie verantwoordelik gehou kan word nie aangesien die afgevaardigdes deur die volk gekies is. Hy het op 'n vergadering in Carnarvon skriftelik geantwoord op 'n geskrewe vraag i.s. die Nasionale Party se houding oor 'n republiek: „Nie alleen het ek onderneem om gedurende die leeftyd van die volgende Parlement, indien die Nasionaliste aan die bewind kom, geen sodanige poging te maak

64. Die Burger, 14.5.1924. Verslag van toespraak te Uping-ton; en Ibid., 15.5.1924. Regstelling van verslag. Sien ook Ibid., 16.5.1924. Hoofartikel.

65. Die Burger, 19.5.1924. Hoofartikel en verslag van toe-spraak te Ladismith. Sien ook Ibid., 5.6.1924. Ver-slag van toespraak te Johannesburg.

66. C.R. Swart-versameling. Tekst van toespraak gelewer te Johannesburg op 4.6.1924. Sien ook Die Burger, 5.6.1924. Verslag van toespraak.

67. Die Burger, 25.4.1924. Verslag van toespraak te New-castle.

nie, maar ek sê dat dit uiters dom sal wees om enigiets van die soort te probeer nou of oor vyf of oor vyftig jaar tensy dit begeer word deur die volk van hierdie land as 'n geheel, sowel Engels- as Afrikaanssprekend.⁶⁸ 'n Republiek sal beslis nie uitgeroep word sonder die toestemming van die Engelssprekendes nie.⁶⁹ Oor die houding teenoor die Britse Ryk het hy verklaar: „I shall always entertain the most friendly feeling towards Great Britain and the British people, and with no other country would I so much desire the best of relations to be maintained as with Great Britain. But to expect from me that I shall give my approval to any scheme of Empire prejudicial to the interests of South Africa, is no less than to expect that I shall betray my own country.“⁷⁰

Genl. Hertzog het erken dat hy na die verkiesing met die Arbeidersparty sal saamwerk. Daar is baie wat die twee partye gemeenskaplik het hoewel hy nie met sekere van hul beginsels kan saamstem nie. Die Nasionale Party sal ook Arbeiders in die kabinet opneem as hulle instem. Per slot van sake is 75% van die Arbeiders aan die Rand Boere-seuns en Afrikaanssprekend. Daar is ook Bolsjewiste tussen hulle, maar hulle is sowat 500 en nie deel van die Arbeidersparty nie.⁷¹ Op 'n vergadering in Johannesburg waar hy en kol. Creswell sprekers was, het genl. Hertzog die leier van die Arbeiders as „my friend and political comrade-in-arms“ aangespreek. „Together we stand here tonight to fight the cause of the people. He more particularly on behalf of the industrial and urban section of our people; I more particularly on behalf of the non-industrial section. But together those sections compose the one and indivisible nation of the Union - one in general interests and one in common destiny.... The Pact, so violently and abusively attacked by our opponents, is yet going to prove the greatest instrument of peace and welfare in our social and national life.“⁷²

Hy het genl. Smuts se beroep op die volk om te kies tussen die leier van die S.A. Party en die leier van die Nasionale Party beskou as 'n bewys van die politieke bankrotskap

68. Die Burger, 15.5.1924. Hoofartikel. Sien ook Die Nasionale Party en sesessie. Niks sonder instemming van Engelssprekendes nie. Verklaring van leiers. Uitgegee deur die Nasionale Party van Kaapland, 1924.

69. Die Burger, 8.5.1924. Verslag van toespraak te Victoria-Wes.

70. C.R. Swart-versameling. Teks van toespraak gelower te Johannesburg.

71. Die Burger, 25.4.1924 en 8.5.1924. Verslag van toesprake te Newcastle en Victoria-Wes.

72. C.R. Swart-versameling. Teks van toespraak gelower te Johannesburg.

van die regeringsparty. Daarom gaan hy deur die land en sê: „Behold: Smuts, the only possible ruler for the Union! Hertzog, the enemy of all that is British!”⁷³ Volgens genl. Hertzog is dit baie duidelik dat die regering moeg en afge- werk is, en beslis rus nodig het, veral minister H. Burton, een van die flou perde wat die kar stukkend geskop het.⁷⁴ Hulle het buitendien al tagtig persent van die Nasionale Party se program as hulle eie oorgeneem.⁷⁵

Die Nasionale Party van Transvaal het sy eie program gepubliseer. Dit het hoofsaaklik met dié van genl. Hertzog ooreengestem behalwe vir die invoeging van sy standpunt oor die Asiatiese vraagstuk. Hiervolgens sou dit die plig van die staat wees om die blanke beskawing in Transvaal te beskerm deur die repatriasie van Indiërs. Waar repatriasie onmoontlik is, moet 'n beleid van segregasie uitgevoer word. Die party is ten gunste van die segregasie van naturelle, maar sorg moet gedra word dat die boer nie daardeur belemmer of dat sy plaasvolk weggeneem word nie.⁷⁶ Adv. Tielman Roos het ook die instelling van ouderdomspensioene, die moontlike oprigting van 'n staalnywerheid en 'n diamantslypery aan die kiesers belowe.⁷⁷ Hy het verder die reorganisasie van die staatsdiens bepleit, sodat dit op 'n gesonde sakegrondslag geplaas kan word. Die amptenare is egter verseker dat geen bekwame persoon ontslaan sal word nie. Dié wat wel oortollig is, sal na die nuwe Departement van Arbeid oorgeplaas word. Teen die amptenare wat die rol van verkiesingsagente vir die S.A. Party speel, sal egter streng opgetree word. Adv. Roos het die Engelssprekendes in die staatsdiens die versekering gegee dat hulle billik behandel sal word.⁷⁸ Hy het homself ook verbind en die amptenare belowe dat hy sy bes sal doen om die Staatsdienswet so te wysig dat sentalige amptenare 'n verdere kans gegee sal word om hulle in die tweede landstaaal te bekwaam sonder dat hulle hul salarisverhoging verbeur.⁷⁹ Hy het verder gewaarsku dat die Nasionale Party die Verdedigingsdepartement sal suiwer van offisiertjies wat as verkie-

73. Ibid.

74. Die Burger, 17.5.1924. Verslag van toespraak te Ladismith waar minister Burton kandidaat was.

75. Die Burger, 26.4.1924 en 9.5.1924. Verslae van toesprake te Volksrust en Carnarvon.

76. Die Burger, 15.5.1924.

77. Die Burger, 16.4.1924 en 2.5.1924. Verslae van toesprake te Pretoria en Potchefstroom.

78. Die Burger, 14.4.1924, 28.4.1924 en 30.4.1924. Verslae van toesprake te Johannesburg, Pretoria en Lichtenburg.

79. Die Burger, 2.6.1924. Verslag van toespraak te Krugersdorp.

singsagente vir die regering optree en die mag meer doeltreffend sal maak.⁸⁰ Dieselfde waarskuwing is aan die myne gerig: „Ons moet hulle ontwikkeling voorthelp, omrede hul belangrikheid, en ons moet nie hul laste vermeerder nie. Maar die Kamer van Mynwese moet onthou dat as hy 'n lewendige aandeel neem aan 'n verkiesing teen ons dat hy die bloed van ons ondersteuners warm sal maak en daardeur die posiesie vir ons moeilik sal maak na die verkiesing.“⁸¹ Op 'n vraag oor die invoer van naturelle uit Portugese gebiede vir die myne, het adv. Roos geantwoord: „Ek is nie ten gunste daarvan om die myne op enige moontlike manier van hulle arbeid te beroof nie. Die Nasionaliste voel nie so sterk vir die beperking van Portugese kaffers nie, maar daar sal toegesien word dat hulle alleen onbedrewe arbeid sal doen.“⁸² Adv. Roos het beswaar teen die mag van die pers in die land gemaak. Hy het verklaar dat hy die vryheid van die pers nie aan bande wil lê nie, maar hoop dat wetgewing ingedien sal word waarvolgens valse verklaring's deur die pers - al is dit nie lasterlik nie - strafbaar gemaak kan word.⁸³ Hy het die koerante van die S.A. Party daarvan beskuldig dat hulle die vlamme van rassehaat brandend hou.⁸⁴ Oor die manifes van die S.A. Party was sy mening dat dit „opgemaak is met een waarheid en drie leuens. Die waarheid is die feit dat Wakkerstroom die Regering sover gebring het om die Parlement te ontbind. Maar die leuens is die goggas van Bolsjewisme, Republikanisme en daardie danige oorskot.“ Volgens adv. Roos sal Bolsjewisme in die land slegs aangemoedig word as die S.A. Party langer aan bewind bly, maar as die regering verdwyn, verdwyn die gevaar van Bolsjewisme ook. Dit sou na sy mening reeds lankal in die land posgevat het as dit nie was dat die bevolking so ordeliewend is nie.⁸⁵ Adv. Roos het die hoop uitgespreek dat Arbeiders in 'n Nasionale kabinet sal dien.⁸⁶

Dr. D.F. Malan, Kaaplandse leier, het dit veral teen genl. Smuts se bewering dat die Pakt in donker en in skande gebore is, gehad. Hy het daarop gewys dat dit openlik ge-

80. Die Burger, 14.4.1924. Verslag van toespraak te Johannesburg.

81. Die Burger, 30.4.1924. Verslag van toespraak te Lichtenburg.

82. Die Burger, 2.6.1924. Verslag van toespraak te Krugersdorp.

83. Die Burger, 28.4.1924 en 5.5.1924. Verslae van toesprake te Potchefstroom en Benoni.

84. Die Burger, 5.5.1924. Verslag van toespraak te Benoni.

85. Die Burger, 14.4.1924. Verslag van toespraak te Johannesburg.

86. Die Burger, 4.6.1924. Verslag van toespraak te Heidelberg.

skied het en deur die partykongresse goedgekeur is. Hy het dit betreur dat dieselfde nie van die samesmelting tussen die S.A. Party en die Unioniste-party gesê kan word nie. Genl. Smuts en sir Thomas Smartt het daarvoor ooreengekom en die koukus van die S.A. Party is slegs gedeeltelik daarvan in kennis gestel. Maande daarna het genl. Smuts nog oor die moontlike hereniging tussen die Nasionale en die S.A. Party gepraat en sy partyorgane het selfs die gedagte van amalgamasie met die Unioniste heftig verwerp. „Maar in elk geval besef genl. Smuts en sy party vandag dat daardie suiwere en heilige samesmelting vir alle praktiese doeleindes niks anders is nie as 'n onmoontlike koalisie tussen Imperialiste en anti-Imperialiste en selfs republikeine, tussen nyweraars en volbloedvryhandelaars, tussen voorstanders en teenstanders van segregasie, tussen voorstanders van 'n grondbelasting (waaronder die helfte van die Kabinet) en heftige teenstanders, tussen 'n oorblyfsel van boere en die hele stel mynmagnate en monopoliste.“ Onder die Smuts-regering word die kapitaliste al hoe ryker en die volk al hoe armer. „Wat ook al teen die Nasionaliste en teen die Arbeidersparty kan aangevoer word, hulle verteenwoordig die volk, die gewone eenvoudige, allerdaagse volk, waarop genl. Smuts nou besig is om met alle kraginspanning 'n beroep te doen.“⁸⁷ Dr. Malan het die samewerking tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty verduidelik en daarop gewys dat die samewerking sal ophou sodra die gemeenskaplike strewe nie meer bestaan nie.⁸⁸ Hy het die bewerings van geheime klousules in die ooreenkoms ontken en ook die storie dat die Nasionale Party 'n rasseparty is. „Die waarheid is dat rasschaat 'n siuwer uitvindsel is van die groot finansier en van die gesakte partypolietikus en niks kan groter en edeler wees as dat Engels- en Hollandssprekendes by hierdie verkiesing samegaan om vir eens en vir altyd 'n end te maak aan daardie rampspoedige en kwaadwillige spelletjie.“⁸⁹ Genl. Smuts se bewering dat die Nasionale Party 'n republiek sal uitroep sodra hy die kans kry, het dr. Malan verwerp aangesien die volk reeds 'n vierledige waarborg van die Nasionaliste daarteen het: die Nasionale Party is demokraties en sal nie 'n republiek proklameer voordat hy die volk geraadpleeg het nie. Al is die meerderheid van die twee taalgroepe daarvoor, sal die

87. Die Burger, 23.4.1924 en 6.5.1924. Verslae van toesprake te Kaapstad en Parow.

88. Die Burger, 6.5.1924. Verslag van toespraak te Parow.

89. Die Burger, 23.4.1924. Verslag van toespraak te Kaapstad.

meerderheid van die Engelssprekendes eers daarvoor moet wees voordat die Nasionale Party tot so 'n stap oorgaan. Die ooreenkoms tussen genl. Hertzog en kol. Creswell verbind die Nasionale Party om nie sy moontlike meerderheid in die Parlement te gebruik om 'n republiek te bekom nie. Daarbenevens het die Nasionale Party hom in sy program van beginsels nie ten gunste van sesessie verklaar nie. Artikel 4 van die party se program is ten gunste van soewereine onafhanklikheid wat slegs beteken onafhanklik van die Engelse parlement.⁹⁰ Dr. Malan was oortuig dat die volk moeg is van politieke bedrog en na die waarheid smag.⁹¹ Hy het ook genl. Smuts se houding dat as hy verslaan word, die doodvonnis oor Suid-Afrika gevel word, betreur: „Genl. Smuts is 'n groot man, maar daardie woorde toon dat hy opgevreet is deur groothedswaansin. Hy mis beskeidenheid, een van die grootste vereistes vir grootheid.”⁹² Dr. Malan het besluit dat die regering moeg is en uitgespan moet word. „'n Bitter ondervinding het geleer dat genl. Smuts waarskynlik 'n held van 'n kampvegter vir die miljoenêr, 'n ware vader vir ingevoerde fortuinsoekers en 'n eersteklas Eerste Minister vir Rhodesië sal wees maar vir die ware belange van die Unie-boer het hy geen gevoel.”⁹³

Ander Nasionale kandidate het veral klem gelê op die regering se finansiële beleid, die geldverkwisting, verdubbeling van die landskuld sedert 1910 en die verwagte oorskot van minister Burton. Aan die kiesers is getoon dat minister Burton sy oorskot van £200,000 gekry het nadat hy £525,000 uit leningsfondse vir lopende uitgawes gebruik het. Eintlik is daar dus 'n tekort van £325,000. J.G. van der Horst, kandidaat vir Aliwal, was van mening dat die regering se houding teenoor die tekort veel erger is as die tekort self, want geen verbetering kan verwag word as die regering die behoefte daaraan ontken nie.⁹⁴ Daar is veral die draak gestek met genl. Smuts se heftige verset teen die samewerking van die Nasionaliste met die Arbeiders, terwyl hy in 1907 en 1910 self met die Arbeidersparty saangewerk het en in 1920 kol. Creswell in sy koalisieregering wou opneem.⁹⁵

90. Die Burger, 6.6.1924. Verslag van toespraak te Windsorton.
91. Die Burger, 23.4.1924. Verslag van toespraak te Kaapstad.
92. Die Burger, 6.5.1924. Verslag van toespraak te Parow.
93. Die Burger, 27.5.1924. Verslag van toespraak te Nieuwoudtville.
94. Die Burger, 10.5.1924. Verslag van toespraak te Aliwal-Noord.
95. Die Burger, 9 April - 16 Junie 1924. Verkiesingstryd.

Die Burger het gereeld aanhalings uit genl. Smuts en genl. Louis Botha se toesprake in 1907 en 1910 gepubliseer, waaruit die samewerking tussen die Het Volk-party, die National Party en die Arbeiders geblyk het.⁹⁶ Die redakteur het daarop gewys dat genl. Smuts en die ander leiers toe geen vrees vir die sosialiste, die nasionalisering van eien- dom of „vir die duisend en een ander onnoemlike rampe wat, volgens die Sappe vandag, die land noodwendig moet tref as 'n ander party met die Arbeiders by 'n verkiesing saamwerk nie.“⁹⁷ Die Burger het ook klem gelê op die inkonsekwent- heid van die Eerste Minister oor sake soos o.m. die segre- gasiebeleid,⁹⁸ invoer van naturelle uit Mosambiek, 'n staats- bank,⁹⁹ die medisynebelasting en hawe-uitbreiding.¹⁰⁰ Die koerant het ook geraamde beriggies onder die opskrif: „Genl. Smuts se klein dingetjies“. gepubliseer waarin aan- getoon is hoe belangrik die „klein dingetjies“ is waarop die Eerste Minister die volk gevra het om hom nie te oordeel nie.¹⁰¹ Die redakteur het die Smuts-regering se verlede opgesom as een van „geweld, verwaarlosing, geknoei.“¹⁰² Die S.A. Party het volgens hom geen vaste politiek nie. Sy be- leid is dié van „laat gods water oor gods akker loop“ en van „allow things to develop... Daarom is daar so verskriklik baie op die spel. Omdat dit nie 'n stryd is tussen verskil- lende oplossings vir dieselfde nasionale vraagstukke nie; omdat dit nie 'n stryd is tussen volkspartye wat eweveel die belange van die hele volk op die hart dra nie. Maar omdat dit 'n stryd is om te beslis oor die vraag wie gaan Suid- Afrika regeer? Die volk van Suid-Afrika in die belang van Suid-Afrika, of die Kamer van Mynwese in die belang van die mynmagnate?“¹⁰³

Die verkiesingstryd was heftig en geen kragte is ge- spaar nie. Genl. Smuts, wat sy 54ste verjaarsdag op 24 Mei gevier het, het dwarsdeur die land gereis en vergaderings in elke provinsie toegesprek, maar veral op Transvaal en die Rand gekonsentreer. Sy gesondheid het teen die einde van die verkiesingsveldtog veel te wense oorgelaat.¹⁰⁴ Genl.

96. Sien o.m. Die Burger, 9-10.5.1924, 13-15.5.1924 en 17.5.1924; en Ibid., 12.5.1924 en 15.5.1924. Hoofartikels.

97. Die Burger, 9.5.1924. Hoofartikel.

98. Die Burger, 30.4.1924. Hoofartikel.

99. Die Burger, 17.5.1924. Hoofartikel.

100. Die Burger, 26.4.1924. Hoofartikel.

101. Die Burger, 7-13.6.1924.

102. Die Burger, 12.6.1924. Hoofartikel.

103. Die Burger, 10.5.1924 en 2.6.1924. Hoofartikels.

104. Die Burger, 17.4.1924 et seq.; en Hancock, op. cit., p. 161 en p. 169.

Hertzog en kol. Creswell het ook hul rondtes dwarsdeur die land gedoen en 'n veeleisende tempo gehandhaaf.¹⁰⁵ Hulle het ook baie aandag aan die Rand en Transvaal gegee, waar veral adv. Roos baie bedrywig was.¹⁰⁶ Genl. Kemp het nie minder as veertig vergaderings in Transvaal toegesprek nie.¹⁰⁷ Dit was van die begin af duidelik dat 'n felle stryd aan die Rand sou word en dat die deurslaggewende beslissing daar gelewer sou word. Hoe nader die verkiesingsdag gekom het, hoe intensiewer het die stryd aan die Rand geword en tientalle vergaderings is elke aand oor die lengte en breedte van die gebied gehou.¹⁰⁸

Die wenk van adv. M. Kentridge, ná die teleurstellende uitslag van die Transvaalse Provinsiale verkiesing, dat Nasionaliste saam met Arbeiders in die stede en Arbeiders saam met Nasionaliste op die platteland vergadering hou,¹⁰⁹ is veral in Transvaal gevolg. Adv. Roos en kol. Creswell was baie in aanvraag en het saam met Pakt-kandidate opgetree, terwyl hulle ook dikwels saam gehore toegesprek het.¹¹⁰ Ook genl. Hertzog en kol. Creswell het by verkieë geleenthede saam op dieselfde verhoog verskyn.¹¹¹ Die metode is ook in die Vrystaat, die Kaapprovinsie en in Natal met groot sukses gevolg. Die Nasionaliste en Arbeiders in Transvaal het besluit om 'n dagblad, The Pact Bulletin, vir die duur van die verkiesingsveldtog aan die Rand uit te gee aangesien die Engelse pers berigte oor die Pakt erg verdraai het. Die eerste uitgawe was op 20 Mei en was hoofsaaklik in Engels, behalwe vir twee kolomme in Afrikaans.¹¹² Die samewerking tussen die twee partye is vergemaklik deurdat albei partye die klem op die ekonomiese vraagstukke, waaroor hul saangestem het, laat val het. Die ooreenkomste blyk veral uit die twee partyprogramme.¹¹³

Die verdeling van setels tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty is sonder veel teenstand van die party-ondersteuners gereël. Slegs hier en daar was tekens van ontevredenheid. Aan die Rand waar die verdeling lank vóór die aankondiging van die verkiesing gedoen is en waar die Nasionale Party slegs vier van die 21 setels sou betwis, was som-

105. Die Burger, 14.4.1924 et seq.

106. Ibid.

107. Die Burger, 9.6.1924.

108. Die Burger, 14.6.1924.

109. Supra, pp. 394-395.

110. Die Burger, 14.4.1924 et seq.; en Karovsky, L., "Experiments in national partnerships" in Reitz, H. en Cost, H. (reds.), Die Nasionale Boek, p. 113.

111. Die Burger, 6.6.1924; en Karovsky, op. cit., p. 113.

112. Die Burger, 17.5.1924.

113. Sien ook Grobler, op. cit., pp. 484-485.

mige Nasionaliste van mening dat hulle in ten minste twee van die setels wat aan die Arbeidersparty toegewys is, die sterkste van die twee partye is. Hulle is egter getroos dat hulle toegewings aan die Rand in baie plattelandse kiesafdelings vergoed sou word waar die Arbeiderstem die beslissende faktor sou wees.¹¹⁴ Op 3 Mei het die Pakt-partye aan die Rand vergader om hulle verkiesingsorganisasie te bespreek. Daar is besluit dat elke party selfstandig sal werk, sy eie verkiesingskomitee in elke kiesafdeling sal hê en sy eie organisasie na goeddunke sou behartig. Elke party moes dus sorg dat sy ondersteuners by die stembus kom, of hulle nou vir hul eie kandidaat of vir 'n Pakt-kandidaat moes stem. Vir elke kiesafdeling is daar egter 'n raadgewende komitee aangestel waarin albei partye verteenwoordig was en wat as koördinerende faktor tussen die twee verkiesingskomitees moes dien.¹¹⁵

In die Vrystaat was daar aanvanklik verset by sommige Nasionaliste teen die Arbeidersparty se kandidaat in Bloemfontein-Noord, A.G. Barlow, maar die saak is uitgestryk. Arbeiders was weer ontevrede met die kandidatuur van dr. C.F. Steyn in Bloemfontein-Suid omdat hy omtrent nooit Parlementsittings bygewoon het nie, maar ook hier is die besware uit die weg geruim.¹¹⁶ Dr. D.F. Malan het erken dat daar by sommige Nasionaliste in die Kaapprovinsie oor die verdeling van setels ontevredenheid was. Hy was egter tevrede aangesien die Nasionale Party bereid moes wees om te gee as hy wou ontvang. Daar was volgens hom minstens agt setels wat die Nasionale Party met die Arbeiders se hulp kon verower. Hy het ook daarop gewys dat sommige Nasionaliste ontevrede is met die keuse van die Arbeidersparty se kandidaat in hulle kiesafdeling, maar aangetoon dat die Nasionale Party geen reg gehad het om aan die Arbeiders voor te skryf wie hulle moes nomineer nie.¹¹⁷

In Nasionale geleedere was daar in talle kiesafdelings onenigheid oor watter kandidaat die party sou verteenwoordig. In die Vrystaat het genl. Hertzog 'n beroep op alle aspirant-kandidate gedoen om vir die sittende Volksraadslid terug te staan.¹¹⁸ Genl. Smuts het hierdie oproep gebruik om te probeer bewys dat die Nasionale Party geen demokratiese party

114. Die Burger, 6.5.1924.

115. Ibid.

116. Die Burger, 21.4.1924 en 25.4.1924.

117. Die Burger, 6.5.1924. Verslag van toespraak te Parow. Dr. Malan het hier verwys na die Arbeider-kandidaat vir Liesbeek, C. Pearce.

118. Die Burger, 21.4.1924.

is nie. Genl. Hertzog se „sultansbevel“ was volgens hom suiwer diktatoriaal.¹¹⁹

Die Burger het 'n ernstige beroep op Nasionaliste gedoen om bymekaar te staan in hierdie uiters belangrike en harde stryd. Die redakteur het daarop gewys dat die Nasionale Party 'n sterk saak het. „Maar die magte, openlik en geheime, waarteen hul te veg het, is oorweldigend. En selfs die beste saak gaan verlore as daar in 'n krisis soos ons nou beleef, eiewilligheid, kleinsielige liggeraaktheid, kortsigtigheid, traagheid en verdeeldheid geopenbaar word. Die Nasionale Party het nou gekom op die mees belangrike en kritieke tydstip van sy bestaan. Om daar te kom het baie stryd en baie opofferings gekos. Absoluut niks mag daarom toegelaat word om in die pad van ons oorwinning te staan nie. Kleinere verskille en persoonlike griewe moet wyk vir ons groot volksaak. Hoeseer ons ook al dit waardeer dat daar baie goeie en bekwame Nasionaliste is, wat bereid is om in ruimere kringe ons volk te dien, moet ons almal verstaan dat dit nou nie 'n tyd is om ons kragte te verdeel in 'n nuttelose en dikwels skandelige worsteling om die partykandidaat te word nie. As daar geen eenheid van gedagte is nie, dan is in ieder geval die party-masjienerie daar om uit te maak wie die keuse van die Party is. En as die partykandidaat eenmaal aangewys is, dan word verwag dat alle Nasionaliste in die kiesafdeling, of hul hom nou ook al as die beste man beskou het of nie, en of hul nou ook al persoonlike griewe teen hom mag hê of nie, vir hom geesdriftig sal ondersteun en werk en stem. Die wat kleinsielig en kortsigtig weier om dit te doen, is geen Nasionalis nie.“¹²⁰

Die nominasie van kandidate het op 22 Mei plaasgevind. Van die 135 setels was net vier onbestrede.¹²¹ In slegs vyf kiesafdelings was daar driehoekige gevegte - almal tussen die S.A. Party, die Arbeidersparty en 'n onafhanklike kandidaat.¹²² In Denver waar kol. Creswell gestaan het, was die derde kandidaat 'n onafhanklike Arbeider. Dieselfde was die geval in Durban-Punt.¹²³ In Pretoria-Wes is genl. Smuts geopponeer deur 'n Arbeider, G.A. Hay, vroeër leier van die

119. Die Burger, 18.4.1924. Verslag van toespraak te Johannesburg.

120. Die Burger, 15.4.1924. Hoofartikel. Sien ook Ibid., 14.4.1924. Verslag van toespraak van Roos te Johannesburg.

121. Hulle was Fauresmith (N.P.), Frankfort (N.P.), Boshof (N.P.) en Queenstown (S.A.P.).

122. Die Burger, 23.5.1924. Die setels was : Denver, Pretoria-Wes, Troyeville, Turffontein en Durban-Punt.

123. Die Burger, 23.5.1924. Albei hierdie kandidate is uit die Arbeidersparty geskors.

Arbeidersparty in die Transvaalse Provinsiale Raad, en P.G. Botes, 'n onafhanklike Nasionalis, wat daarna uit die Nasionale Party geskors is.¹²⁴

Die Nasionale leiers en Arbeidervoormanne was van die staanspoor af seker van 'n oorwinning vir die Pakt. Hulle het egter telkens gewaarsku teen slapheid en 'n oormaat optimisme.¹²⁵ Die Burger het daarop gewys dat die S.A. Party doelbewus 'n Pakt-oorwinning voorspel ten einde die Nasionale gerus te maak en dan intussen hard werk om elke setel te verower. „Die S.A.P. sal by hierdie verkiesing verslaan word, maar nie deur optimistiese berekenings by 'n koppie koffie gemaak nie. Die oorwinning sal behaal word alleen as elke Nasionalis sy volle gewig in die stryd gooi, alleen as elke Nasionalis nou werk soos hy in sy lewe nog nie gewerk het nie.”¹²⁶

Die Pakt het steun van verskeie oorde ontvang. Die hoofbestuur van die Bond van Oudstryders het in 'n omsendbrief aan sy takke aanbeveel dat die Pakt-kandidaat gesteun moet word aangesien die regering nie die opdragte van die Parlement oor die oudstryders uitgevoer het nie.¹²⁷ Die Kaapse Federasie van Vakverenigings het ook besluit om vir die eerste keer aan 'n politieke stryd deel te neem en het 'n beroep op sy lede gedoen om teen die S.A. Party te stem.¹²⁸ The Star het berig dat 'n klompie Kommuniste besluit het om die Pakt te steun.¹²⁹ Ook die sekretaris van die African National Congress het per telegram aan nie-blanke leiers in Kaapstad wat hulle ten gunste van die Smuts-regering uitgespreek het, hulle versoek om teen die regering te stem.¹³⁰

Genl. Smuts het in 'n onderhoud kort voor die verkiesing die mening uitgespreek dat sy party se kans uitstekend is, maar dat die S.A. Party harder sal moet stry as ooit tevore.¹³¹ Hy het sy ondersteuners gewaarsku om nie die krag

124. Die Burger, 26.4.1924, 5.5.1924, 14.5.1924 en 23.5.1924.

125. Die Burger, 17.4.1924. Verklaring van Boydell; Ibid., 23.4.1924. Verslag van toespraak van dr. Malan te Kaapstad; Ibid., 8-9.5.1924. Verslae van toesprake van genl. Hertzog te Carnarvon en Krugersdorp; Ibid., 7.6.1924. Boodskap van Creswell aan 'n Arbeidersvergadering te Kaapstad; en Ibid., 21.4.1924. Verslag van onderhoud met E.G. Jansen oorgeneem uit Die Afrikaner.

126. Die Burger, 25.4.1924. Hoofartikel.

127. Die Burger, 13.5.1924.

128. Die Burger, 25.4.1924.

129. Die Burger, 16.6.1924. Hoofartikel. Sien ook Ibid., 2.5.1924. Verslag van toespraak van Perarie, 'n Kommunist, te Kaapstad.

130. Die Burger, 17.6.1924.

131. Die Burger, 9.6.1924. Verslag van onderhoud.

van die Pakt te onderskat nie.¹³² Die Eerste Minister het egter 'n paar terugslae ondervind. Die opposisie het heelwat klem laat val op die regering se optrede tydens die Randse staking en die grootskeepse werkloosheid wat dit tot gevolg gehad het. Daar is verklaar dat die Smuts-regering slegs in belang van die mynbase gewerk het. Gevolglik het genl. Smuts in 'n toespraak in Johannesburg verklaar dat die Kamer van Mynwese hom in 1922 belowe het dat as 'n behoorlike skikking getref word, die myne aanvanklik heelwat blanke mynwerkers sou ontslaan, maar later so sou ontwikkel en uitbrei dat daar meer poste sou wees as blankes wat dit kan vul. Hy het daarop gewys dat die belofte nog nie nagekom is nie en as hy weer verkies word, sal hy toesien dat dit uitgevoer word.¹³³ Die Kamer van Mynwese het by monde van sy voorsitter, sir Evelyn Wallers, egter beslis ontken dat so 'n belofte ooit aan die Eerste Minister gemaak is. Genl. Smuts het dit weerspreek en selfs gedreig om die saak verder te voer.¹³⁴ Die Burger het hierdie stryd tussen genl. Smuts en die Kamer van Mynwese as 'n skyngeveg beskou wat die publiek onder die indruk moes bring dat daar geen sprake van 'n vriendskaplike houding tussen die twee was nie. Dit was net 'n metode om stemme te vang.¹³⁵

Genl. Smuts se verklaring oor die grootskeepse nywerheidsontwikkeling wat veral vir spoorwegmateriaal beoog is, het daartoe gelei dat J.W. Jagger, Minister van Spoorweë en Hawens, op 19 Mei uit die kabinet bedank het. Hy was 'n vryhandelaar en het op 31 Maart 1924 in die Volksraad aangekondig dat die regering nie kans sien om al die land se spoorwegbenodigdhede self te vervaardig nie. Hy het die besluit sterk gemotiveer. Toe genl. Smuts 'n maand later die teenoorgestelde verklaar, skynbaar sonder raadpleging van sy kabinet, was minister Jagger nie bereid om langer as minister aan te bly nie. Hy sou egter nog lid van die S.A. Party bly, omdat dit volgens hom staan vir eenheid en samewerking van die twee blanke rasse en vir die handhawing van die Brit-

132. Die Burger, 17.4.1924. Verslag van toespraak te Johannesburg.

133. Die Burger, 14.5.1924. Verslag van toespraak.

134. Die Burger, 15.5.1924. Verklaring van sir Evelyn Wallers; Ibid., 16.5.1924 en 19.5.1924. Verslae van onderhoude van The Star met genl. Smuts; en Ibid., 17.5.1924, 4.6.1924 en 14.6.1924. Verslae van toesprake van genl. Smuts te Ventersdorp, Pietermaritzburg en Johannesburg.

135. Die Burger, 16.5.1924. Hoofartikel. Sien ook Ibid., 19.5.1924. Verslag van J. Christie, Arbeider-kandidaat vir Langlaagte.

se konneksie.¹³⁶ Genl. Smuts het die besluit van minister Jagger betreur, maar sy bedanking aanvaar en die beste van 'n slegte saak gemaak. Hy het dit gebruik om aan die kiesers te toon dat hy dit ernstig bedoel met sy nywerheids-politiek en dat dit nie bloot beloftes is soos die opposisie wil voorgee nie.¹³⁷ Hy het verklaar dat die regering se nywerheidspolitiek die ware kern van die toekoms van die land is en dat geen mens of openbare mening hom sal weerhou om die beleid uit te voer nie.¹³⁸

Die redakteur van Die Burger het daarop gewys dat niemand aan minister Jagger se opregtheid twyfel nie, maar hy het die briefwisseling tussen hom en genl. Smuts wat in die pers verskyn het, van groot belang beskou: „Dit openbaar die swakheid van die bontspan wat gedwing is om saam te trek in die Sap-tuig. Dit bring die gedurige heen-en-weer-trek-kery tussen die vryhandelaars en die proteksioniste binne die party nou in die ope daglig. En aan daardie onenigheid word hoegenaamd niks verander deur die bedanking van mnr. Jagger nie. Hy bly lid van die S.A.P. en saam met hom die groot aantal ander ou-Unioniste.“ Hy sal nou die aanvoerder van die sterk vryhandelaarselement in die S.A. Party word en genl. Smuts sal net soos voorheen met hulle rekening moet hou. Dit sal noodwendig beteken dat genl. Smuts se beloftes van nywerheidsontwikkeling ewe onuitvoerbaar as dié van 1921 is. „Die bedanking van mnr. Jagger bevestig alleen ons bewering dat van 'n Smuts-regering op geen groot vraagstuk 'n vaste politiek te verwag is nie.“¹³⁹

Genl. Smuts het op 17 en 19 Mei nege stakers en twee leiers van die Bulhoekopstand wat nog in die tronk was, vrygelaat.¹⁴⁰ Die steun wat hy met hierdie optrede gewen het, is egter weer geneutraliseer deur die publikasie van The story of a crime deur die Transvaal Strike Legal Defence Committee op 28 Mei. Daarin is die geskiedenis van die staking beskryf, die regering heftig aangeval en beskuldig van

136. Die Burger, 28.4.1924. Hoofartikel; Ibid., 23.5.1924. Korrespondensie tussen Jagger en Smuts; Ibid., 9.6.1924. Verslag van toespraak van Jagger te Kaapstad; en Ibid., 19.5.1924. Verslag van toespraak van Smuts te Klerksdorp.
137. Die Burger, 23.5.1924. Korrespondensie tussen Jagger en Smuts; en Ibid., 26.5.1924. Verslag van toespraak van genl. Smuts te King William's Town.
138. Die Burger, 31.5.1924. Verslag van toespraak te Colenso.
139. Die Burger, 23.5.1924. Hoofartikel. Sien ook Ibid., 4.6.1924. Hoofartikel; en The South African Nation, 7.6.1924. Hoofartikel.
140. Die Burger, 19.5.1924.

samewerking met die mynmagnate ten koste van blanke arbeiders. Die arbeiders is gewaarsku dat as die S.A. Party weer aan bewind kom „the Chamber of Mines will be rightly able to say that the country approves of their plans and methods, and it will then proceed to reduce the white men employed to a minimum.”¹⁴¹ Meer as duisend eksemplare van hierdie werk is op 4 Junie tydens 'n vergadering van genl. Hertzog en kol. Creswell in Johannesburg verkoop.¹⁴²

Minder as 'n week vóór die verkiesing het 'n ander bom gebars. E.J. Browning, voorsitter van genl. Smuts se verkiesingskomitee in Pretoria-Wes, het uit die S.A. Party bedank en skriftelik verklaar dat hy weens sekere ongerymdhede nie langer lid van die S.A. Party kan bly nie. Hy het 'n brief van P.J. Botes, die onafhanklike Nasionalis wat teen genl. Smuts en G.A. Hay gestaan het, bekend gemaak, waarvolgens Botes omgekoop is om te staan en die stemme van die Pakt te verdeel.¹⁴³ Die organiserende sekretaris van die S.A. Party, Louis Esselen, het dit ontken, maar die nuus het groot opskudding in Pretoria en Johannesburg veroorsaak. The Pact Bulletin, Die Weste, Ons Vaderland en Die Afrikaner was onder die koerante wat die nuus so belangrik geag het dat hulle spesiale uitgawes uitgegee het om dit aan hul lesers bekend te stel.¹⁴⁴

Die S.A. Party het na hierdie terugslae weer moed geskep toe J.B. Wolmarans en 12 Nasionaliste in Losberg uit die Nasionale Party bedank het weens sy samewerking met die Arbeidersparty en die moontlike opname van Arbeiders in 'n Nasionale kabinet. Die regeringspers was verheug hieroor en het selfs van 'n skeuring in die Pakt gepraat.¹⁴⁵ Dr. Abduhrahman, die Kaapse Kleurlingleier, het ook hoop gebring toe hy vergaderings dwarsdeur Kaapland gehou het en met vreesaanjaende voorstellings oor die lot van die Kleurlinge onder die Pakt-regering die Kleurlinge probeer oortuig het om vir die S.A. Party te stem.¹⁴⁶

141. The story of a crime, being the vindication of the Transvaal Strike Legal Defence Committee in connection with the great strike on the Witwatersrand in 1922, pp. 20-21.

142. Die Burger, 6.6.1924.

143. Die Burger, 12.6.1924. Briewe van Browning en Botes.

144. Die Burger, 12-13.6.1924. Sien ook Ibid., 14.6.1924. Verklaring van Louis Esselen dat geregtelike stappe teen die koerante oorweeg word; en Ibid., 16.6.1924. Hoofartikel en verslag van toespraak van genl. Smuts te Delmas.

145. Die Burger, 13-14.6.1924. Berigte uit Transvaal. In die verkiesingstryd van 1921 het daar ook vier Nasionaliste op Losberg na die S.A. Party oorgestap. Sien Ibid., 8.2.1921.

146. Die Burger, 4.6.1924 en 6.6.1924. Hoofartikels.

Die kansse van die S.A. Party het egter nie goed gelyk nie. Sir Thomas Smartt, minister H. Burton en minister F.S. Malan was onder die regeringsparty se kandidate wat almal mosies van wantroue op die lyf geloop het.¹⁴⁷ Baie sprekers van die S.A. Party is doodgeskree en vergaderings is in wanorde uiteen. Dit was 'n algemene verskynsel, veral aan die Rand en in Durban, maar het in die Kaapprovinsie en die Vrystaat ook voorgekom.¹⁴⁸ Minister H. Mentz en minister P. Duncan is onder andere doodgeskree,¹⁴⁹ maar die saak het ernstig geword toe genl. Smuts op Bloemfontein weens 'n oorverdowende geraas verhoed is om sy toespraak te lewer.¹⁵⁰ Op Ladysmith was sy vergadering baie rumoerig¹⁵¹ en in Durban waar 5,000 mense in die stadsaal vergader het om hom te hoor, was die wanordelikhede so erg dat hy hom nie hoorbaar kon maak nie. Genl. Smuts was hewig ontsteld oor sulke gedrag en het van die stadsaal saam met 'n aantal ondersteuners na die Esplanade gegaan waar hy in 'n kort toespraak 'n heftige aanval op die Pakt gedoen het. Hy het die voorval betreur en gesê dat dit vir die volk vernederend is dat die Eerste Minister van so 'n groot land nie meer sy medeburgers kan toespreek nie. Hy het dit beskou as 'n georganiseerde anargistiese plan en die eerste vrugte van die Pakt. „Die Rooivlag het na Suid-Afrika gekom. Die vrye woord word ons geweier. Die reg van vreedsame openbare vergaderings word ons ontsê.” Hy het aangevoer dat adv. Roos en ander leiers van die Pakt daarvoor verantwoordelik was dat mense met die Randse staking tot 'n kranksinige opstand opgesweep is, wat gelei het tot bloedige moorde op die polisie, naturelle en vredeliewende burgers. Vir hierdie misdade is Garnsworthy en andere ter dood en tot tronkstraf veroordeel. Nou het die leiers van die Pakt so laag gesink dat hulle van 'n persoon soos Garnsworthy 'n held maak. Vir verkiesingsdoeleindes verskyn hy nou saam met adv. Roos, die Pakt se Minister van

147. Die Burger, 19.5.1924. Verslag van vergadering van minister Smartt te De Aar; Ibid., 4.6.1924. Verslag van twee vergaderings van minister Burton in sy kiesafdeling Ladysmith; Ibid., 7.6.1924. Verslag van vergadering van minister Malan te Graaff-Reinet; Ibid., 12.6.1924. Verslag van vergadering van G.J. Krige te Somerset-Strand en G.A. Louw te Colesberg; en Ibid., 13.6.1924 en 17.6.1924. Verslag van vergaderings van G.H.D. Schmolke te Nieuwfontein, Bokkraal en in die distrik Vanrhynsdorp.

148. Sien veral Die Burger, 29.5.1924, 5-7.6.1924.

149. Die Burger, 23.5.1924. Verslag van vergadering van Mentz te Alberton; en Ibid., 28.5.1924. Verslag van vergadering van Duncan te Yeoville.

150. Die Burger, 29.5.1924. Verslag van vergadering.

151. Die Burger, 31.5.1924. Verslag van vergadering.

Justisie en toekomstige bewaarder van wet en orde in die land, op dieselfde verhoog. Genl. Smuts was oortuig dat die voorval in die Durbanse stadsaal meer gedoen het as enige van sy vorige waarskuwings om die publiek bewus te maak van die gevare wat dreig met 'n Fakt-regering aan bewind. „Die rooi lig is aangesteek. Daar is gevaar vir alles wat ons dierbaar is. Ontsegging van burgerregte, rewolusie en uiteindelijke sesessie. Ek vra u om op 17 Junie so 'n besliste antwoord te gee dat hierdie gevare vir goed uit die pad van hierdie jong land verwyder kan word.“¹⁵² Die Arbeider-kandidaat vir Pietermaritzburg-Noord, T.G. Strachan, het daarop gewys dat Garnsworthy in die Wêreldoorlog geveg en swaar gewond is en dat dit geen skande is om saam met so 'n persoon op 'n verhoog te verskyn nie. Hy wou weet of genl. Smuts die kiesers al vertel het dat een van die nege mans wat hy in 1914 gedeporteer het, Poutsma, vandag sy hoofsekretaris in Pretoria-Wes is.¹⁵³

Die Nasionale leiers en Arbeidersleiers het die opbreek van vergaderings ten sterkste afgekeur.¹⁵⁴ Ds. B.R. Hattigh en W.B. Madeley was van mening dat die vergaderings deur huurlinge van die S.A. Party opgebreek word ten einde die Fakt in 'n slegte lig te stel.¹⁵⁵ T.G. Boydell het die rumoer op vergaderings vertolk as 'n tasbare uitdrukking van die verontwaardiging en gebelgdheid van die volk met genl. Smuts.¹⁵⁶ Hiermee het Die Burger saamgestem. Die redakteur was van mening dat die strydmodes van die S.A. Party die volk nog verder verbitter. Hy het egter die kiesers versoek om elke kandidaat die geleentheid te gee om sy saak te stel. Elkeen wat dit verhinder, benadeel sy eie party. Hy was oortuig dat klein groepies oproermakers vir die wanorde verantwoordelik is. Geen party het enige tug oor hulle nie omdat

152. Die Burger, 2.6.1924. Verslag van vergadering. Sien ook Ibid., 31.5.1924 en 3-5.6.1924. Verslae van vergaderings van genl. Smuts te Ladysmith, Pietermaritzburg, Vryheid en Utrecht.
153. Die Burger, 12.6.1924. Verslag van toespraak te Pietermaritzburg. Sien ook Grobler, op. cit., p. 300.
154. Die Burger, 29-30.5.1924. Verklarings van die hoofbestuur van die Arbeidersparty; Ibid., 3.6.1924. Verslag van onderhoud van die Natal Advertiser met T. Boydell; Ibid., 6.6.1924. Verslag van toespraak van dr. Malan te Windsorton; en Ibid., 9.6.1924. Verslag van toespraak van adv. Roos te Heidelberg.
155. Die Burger, 2.6.1924. Verslag van toespraak van ds. Hattigh te Krugersdorp; en Ibid., 12.6.1924. Verslag van toespraak van Madeley te Benoni.
156. Die Burger, 7.6.1924. Brief van Boydell oorgeneem uit The Guardian. Hy het daarop gewys dat hy nie probeer om die wanordelikhede te verdedig nie, maar om dit te verklaar.

hulle nie aan 'n party behoort nie. Daarom is dit elke burger se plig om hulle te beveg want „dit is iets wat elke regskepe burger, elkeen wat voel vir die eer van sy land en volk, met afkeer en skaamte moet vervul.“ Die Burger het die bewerings dat die Pakt vir die opbreek van vergaderings verantwoordelik is, betreur en gevra of hulle dan ook verantwoordelik was vir die opbreek van Nasionaliste se vergaderings in 1915, toe sprekers met vrot eiers gegooi is. Toe het die pers van die S.A. Party en die Unioniste geswyg maar nou dat daardie element wat toe teen genl. Hertzog was, nou teen genl. Smuts is, nou kry die Pakt die skuld.¹⁵⁷

Die 17de Junie het vinnig genader en Die Burger het vanaf 12 Junie daagliks vetgedrukte geraamde slagspreuke gepubliseer om sy lesers na die stembus op te roep. Hulle is gemaan om hul opponente nie te onderskat nie, om hard te werk en te sorg dat hulle by die stembus kom. Die kiesers wat moontlik deur vol riviere van die stembus weggehou kan word, is selfs aangeraai om vroegtydig by vriende anderkant die rivier te luiert totdat die stendag verby is. Die uitgawe van 17 Junie het o.m. die volgende slagspreuke gehad: „Wie tuis bly help die S.A.P. aan 'n stem“, „Een stem kan die oorwinning besorg. Dit kan altemit u stem wees“, en „Wie vandag tuis bly, pleeg hoogverraad teenoor die volk.“¹⁵⁸

Die uitslag van die verkiesing was 'n ernstige neerlaag vir die regering van genl. Smuts. Die Pakt het uitstekend gewerk en was 'n groot sukses. Van die 135 setels is 131 betwis en daarvan het die S.A. Party 52 en die Pakt 77 verower. Die finale stand van partye was: Nasionale Party 63, S.A. Party 52, Arbeidersparty 18 en Onafhanklikes een. Die Pakt het 'n volstreekte meerderheid van 27 setels gehad.¹⁵⁹

Die rogeringsparty het swaar verliese gely. Genl. Smuts, ministers F.S. Malan, H. Burton en H. Montz was onder die kandidate wat hul setels verloor het.¹⁶⁰ Die S.A. Party

157. Die Burger, 26.5.1924, 30.5.1924 en 4.6.1924. Hoofartikels. Sien ook Ibid., 6.6.1924. Verslag van toespraak van dr. Malan te Windsorton.

158. Die Burger, 12-17.6.1924.

159. Die Burger, 21.6.1924. Die stand van partye by die ontbinding van die Volksraad was : Nasionale Party 48, S.A. Party 71, Arbeidersparty 13 en onafhanklikes 2.

160. Die uitslag in Pretoria-Wes was : G.A. Hay 1407, genl. Smuts 1022 en P.J. Botes 7. Die Arbeidersparty se meerderheid was 378 terwyl genl. Smuts in 1921 'n meerderheid van 873 stemme gehad het. Die stemper-sentasie in 1924 was 57.76 in vergelyking met die 48 in 1921. Sien Official Year Book of the Union of South Africa, no. 5, p. 418 en no. 7, p. 352; en Die Burger, 18.6.1924.

moes 17 setels aan die Nasionale Party en 7 setels aan die Arbeiders afstaan, maar het weer drie van die Arbeiders en twee van die Nasionale gebuit.¹⁶¹ Van die 21 setels aan die Rand waarvan die S.A. Party in 1921 14 verower het, het die Pakt 15 en die S.A. Party 6 gekry.¹⁶² Die verdeling van setels volgens die vier provinsies het soos volg daar uitgesien:¹⁶³

	N.P.	S.A.	ARB.	ONAFH.	TOTAAL
TRANSVAAL	26	12	12	-	50
KAAPPROVINSIE	20	28	2	1	51
ORANJE-VRYSTAAT	16	-	1	-	17
NATAL	1	13	3	-	17
TOTAAL	63	53	18	1	135

Die totale aantal stemme op die S.A. Party uitgebring was 153,029 en dié op die Pakt 153,581. Die rede vir die klein verskil in stemme in vergelyking met die groot verskil in setels was dat die S.A. Party meer as die helfte van sy setels in die Kaapprovinsie verower het, waar die kiesafdelings 'n abnormale hoë getal kiesers per kiesafdeling gehad het omdat die kwota volgens die blanke stemgeregtigdes bereken is en die nie-blanke kiesers nie in berekening gebring is nie. Die vestings van die S.A. Party was ook hoofsaaklik in die stedelike gebiede waar die kiesafdelings gelaai is.¹⁶⁴

Vir die Pakt was die uitslag gunstiger as wat verwag is.¹⁶⁵ Die regeringspers kon die neerlaag nie sluk nie, en veral nie die feit dat genl. Smuts sy setel aan 'n Arbeider moes afstaan nie. Volgens die Rand Daily Mail was dit 'n armsalige beloning vir die dienste van die Eerste Minister aan Suid-Afrika. Die Cape Times was van mening dat Suid-Afrika se skoon naam deur die oorwinning van G.A. Hay en sy bataljons in Pretoria-Wes beklad is. Die redakteur van The Star het die verlies van die setel aan seksionele en persoonlike oorsake toegeskrywe en vir hom was dit van geen besondere betekenis nie.¹⁶⁶ Die Burger se kommentaar op genl. Smuts se neerlaag was: „Die Uebermensch van die S.A.P., wat

161. Die Burger, 18-21.6.1924.

162. Die Burger, 18.6.1924. Hoofartikel.

163. Mulder, C.P. en Cruywagen, W.A., Die eerste skof van die Nasionale Party in Transvaal 1914-1964, p. 123.

164. Hancock, op. cit., p. 164; en The Round Table, vol. 56, p. 837. Die stempersentasie was 78.7.

165. Die Burger, 18.6.1924. Hoofartikel.

166. Die Burger, 19.6.1924. Hoofartikel.

homself as onmisbaar beskou vir Suid-Afrika, is deur sy eie kiesafdeling verwerp."¹⁶⁷

Hoewel sommige S.A.P.-koerante die keuse van die kiesers skerp gekritiseer het en dit as 'n verandering ten kwade beskou het, het ander gemeen dat die nuwe regering 'n billike kans gegun moet word.¹⁶⁸ Die Burger het die tirades van hierdie koerante bestempel as 'n gemis aan gracie om 'n neerlaag te dra en het eerbied vir die beslissing van die volk geëis.¹⁶⁹ Die redakteur van die Sunday Times was ook van mening dat Suid-Afrika die reg het om oor sy eie lot te beslis.¹⁷⁰ Die Natal Witness het aangetoon dat daar die vorige paar jaar 'n politieke grondverskuiwing in die land plaasgevind het: „To hear the cheers for the Nationalist leader in a British stronghold like Maritzburg made one marvel and dimly reflect that it was not so long ago that in this very town some of the very men, who were now yelling with delight at the prospect of a Nationalist Premier, had, to use the Africander expression, 'thrown him with rotten eggs' at the Natal Creamery!" Die redakteur het erken dat die uitslae en die feit dat die meerderhede van die S.A. Party in baie kiesafdelings gedaal het, terwyl die opposisie s'n gestyg het, 'n duidelike bewys is dat die vertroude in die Eerste Minister en sy party verflou het.¹⁷¹ Die houding van die pers in Engeland was een van wag en kyk wat gebeur.¹⁷²

Genl. Smuts het daarin geslaag om sy politieke en persoonlike neerlaag filosofies te aanvaar. Op 24 Junie het hy aan M.C. Gillett geskryf: „As the cables will have told you your wish has been gratified and I have been beaten. Yesterday I resigned and for the present it is all over. For two months now I have worked my hardest to fight this last battle. Well you know the rest. It will take me some time to adjust myself to the new situation. But first and foremost I want a bit of a rest and hope I shall get it now."¹⁷³ Hy het sy onder-

167. Die Burger, 18.6.1924. Hoofartikel.

168. Die Burger, 20.6.1924 en 25.6.1924. Verstrek die mening van The Star, die Rand Daily Mail, Ons Land en die Cape Times.

169. Die Burger, 25.6.1924. Hoofartikel.

170. Die Burger, 23.6.1924. Verstrek die mening van die Sunday Times.

171. Die Burger, 20.6.1924. Verstrek die mening van die Natal Witness. Sien ook Ibid. Verstrek die mening van die London Times.

172. Die Burger, 20.6.1924. Verstrek die menings van 'n aantal koerante in Engeland.

173. Hancock, op. cit., pp. 164-165.

steuners in Pretoria-Wes bedank en moed ingopraat: „Beskou, nie in die oomblik van ontroering nie, maar uit die breër gesigspunte wat die Nasionale beleid aangee, kan ons neerlaag tog nog 'n bedekte seën wees. My vertroue op die toekoms bly so sterk as ooit, alhoewel die onmiddellik vooruitgang van die land donker genoeg is. Aan die vertroue sal ons vashou sonder om te wankel.“¹⁷⁴

L. Moffat wat onbestrede in Queenstown verkies is, het dadelik sy setel vir genl. Smuts aangebied,¹⁷⁵ asook L.D. Gilson, pas gekose L.V. vir Griekwaland-Oos.¹⁷⁶ Genl. Smuts het egter die aanbod van kol. G.H. Claassen, lid vir Standerton, aanvaar.¹⁷⁷ Voordat genl. Smuts op 23 Junie as Eerste Minister bedank het, het hy nog eers die datum van die tussenverkiesing in Standerton vasgestel.¹⁷⁸ Op genl. Hertzog se aandrang het die Nasionale Party van Transvaal besluit om nie die setel te betwis nie.¹⁷⁹ Sommige Nasionale Party leiers het hierteen geïnteressêreer omdat hulle van mening was dat hul kans in Standerton nie sleg was nie. Die redakteur van Die Burger het die Nasionale leiers se houding verdedig. Hy het daarop gewys dat 'n kragtige opposisie in die Parlement noodsaaklik is en dat genl. Smuts daarvoor onontbeerlik is, omdat hy ongetwyfeld die bekwaamste man in die S.A. Party is. Deur geen kandidaat te stel nie, bewys die Nasionale Party dat hy landsbelange bo partybelange stel en dat dit sy strewe is om die land so goed te regeer dat hy selfs die kragtigste opposisie tevrede kan stel. Daarbenewens bewys die Nasionale Party ook dat hy genl. Smuts se verdienste erken.¹⁸⁰

Genl. Hertzog het verklaar dat hy meer as tevrede met die uitslag van die verkiesing is. Hy het die kiesers bedank vir die skitterende wyse waarop hulle uitspraak by die stembus gegee het. Hy meen dat die sukses van die Pakt toegeskryf kan word aan 'n algemene en ware begeerte by die volk om 'n ander regering. Hulle wou 'n verandering hê omdat hulle besef het dat die land nie meer in belang van die volk as geheel geregeer is nie en

174. Die Burger, 19.6.1924. Brief van genl. Smuts aan sy kiesers.

175. Die Burger, 19.6.1924.

176. Die Burger, 23.6.1924.

177. Die Burger, 20.6.1924.

178. Die Burger, 23.6.1924. Hoofartikel; en Ibid., 24.6.1924.

179. Die Burger, 24.6.1924. Verslag van onderhoud met adv. Roos.

180. Die Burger, 23.4.1924. Hoofartikel.

omdat daar te veel regering deur geweld was en op 'n wyse in stryd met die konstitusie van die land. Genl. Hertzog was van mening dat die verkiesingssooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty geregverdig was en dat dit in letter en gees nagekom is. Die verderflike poging om die Afrikaans- en Engelssprekendes van mekaar te hou, het misluk en hulle sal in die toekoms as 'n verenigde volk in Suid-Afrika saam woon. „Ons gaan triomfantelik die toekoms in.” Hy het die uitspraak van die kiesers vertolk as 'n bewys dat hulle ten gunste van die Pakt is: „There is no doubt, also, that their verdict implies a continuance of the Pact after the elections.” Daarom sou die Nasionale Party nie met die regering van die land kan voortgaan sonder verdere samewerking met die Arbeiders nie. Die twee partye sal bymekaar staan, mekaar ondersteun en die land regeer op 'n wyse wat weer die nodige harmonie en welvaart daarin kan bring.¹⁸¹

Na genl. Smuts se bedanking as Eerste Minister, het die Goewerneur-generaal vir genl. Hertzog gevra om 'n kabinet saam te stel. Hy het dadelik samesprekinge met die ander Nasionale leiers en met kol. Creswell en Boydell van die Arbeidersparty gevoer. Omdat hy nie 'n volstrekte meerderheid gehad het nie, wou hy weet of die Arbeiders bereid is om in 'n Nasionale kabinet te dien.¹⁸² Die Engelse pers het genl. Hertzog dadelik daarvan beskuldig dat hy beginsels verkwansel. Die Burger het genl. Hertzog se standpunt gesteun en dit beskou as 'n logiese stap na die verkiesing. Genl. Hertzog probeer nou net om die stryd te teen die kapitalisme te verenig om die stryd voort te sit. Dit sal 'n koalisie-regering wees in belang van die land. Die redakteur het aange-ton dat koalisies oral in die wêreld gevorm word omdat volke in soveel partye opgesplits is dat geen party meer 'n volstrekete meerderheid kan kry nie. Dit is ook die geval in Suid-Afrika. Volgens die koerant is die vraag nou net wat 'n gesonde koalisie is en wat nie. Die redakteur is van mening dat die samewerking tussen die S.A. Party en die Unioniste beslis 'n ongesonde koalisie is omdat 'n kapitalistiese party daar met 'n anti-kapi-

181. Die Burger, 20.6.1924. Verslag van toespraak op die Bloemfonteinse stasie; Ibid., 23.6.1924. Verslag van onderhoud; en The Friend, 21.6.1924. Verslag van onderhoud.

182. Die Burger, 23-27.7.1924.

talistiese party verenig het.¹⁸³

Dr. D.F. Malan wat vir die samesprekinge in Pretoria was, het 'n vergadering van sy partyvoormanne op De Aar belê om onder meer te verneem wat hul houding oor die opname van Arbeiders in die kabinet is. Die vergadering het goed afgeloop en eensgesindheid oor die saak is bereik.¹⁸⁴ Dr. Malan wat 'n heftige teenstander van 'n koalisie-regering was, het vrede gevind nadat 'n veilige grondslag vir samewerking gevind is.¹⁸⁵

Dit het dus nou uitsluitlik by die Arbeiders berus of hulle kabinetsposte sou aanvaar. Kol. Creswell het 'n spesiale konferensie van Arbeiders vir 29 Junie belê om die mening van sy party oor die saak te vra.¹⁸⁶ Hy het in 'n memorandum aan die verskillende takke van die Arbeidersparty sy persoonlike standpunt oor die saak gestel. Eerstens het hy die teenswoordige posisie van die Arbeidersparty uiteengesit: Omdat die ooreenkoms met die Nasionale Party op 17 Julie om 8 nm. verstryk het, behalwe die belofte omtrent die konstitusionele posisie, is die Arbeidersparty onafhanklik en elke Volksraadslid is slegs aan sy eie party verantwoordelik. Nou moet die Arbeidersparty wat die magsewewig in die Parlement hou, besluit hoe hy die belange van die land die beste kan dien. Kol. Creswell het aangetoon hoe die samewerking tussen die twee partye in die Parlement en in die verkiesing tot 'n beter verstandhouding en begrip van mekaar se standpunte gelei het en dat die partyondersteuners hoë verwagtinge van die samewerking gekoester het. Die Pakt het sy eerste doelwit bereik en van die kapitalistiese heerskappy ontslae geraak. As die twee partye nou deur selfsugtigheid en onredelikheid die hoë verwagtinge van die volk teleur stel, sal die land binne 'n jaar of twee weer 'n verkiesing hê en die S.A. Party weer 'n kans gegee word om aan bewind te kom. Daarom is hy oortuig dat dit die plig van die Arbeidersparty en die Nasionale Party in die nuwe Parlement is om 'n breuk in hul samewerking te voorkom - natuurlik sonder prysgawe van beginsels. Albei partye sal hul bes moet doen om nie op mekaar se tone te trap nie. Die vraag is net:

183. Die Burger, 27.6.1924. Hoofartikel.

184. Die Burger, 27-30.6.1924; The Friend, 30.6.1924; en Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog, p. 98.

185. Malan, D.F., Afrikaner-volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen, pp. 73-74.

186. Die Burger, 25.6.1924. Verslag van onderhoud van The Star met Creswell en Boydell.

„Can our task be best performed by shouldering some of the responsibility of Government if invited to do so, or will it be more easily and well done by holding aloof?“ Kol. Creswell het sy sienswyse puntsgewys behandel: (i) Indien 'n Nasionale kabinet sonder raadpleging van die Arbeidersparty, 'n wetsontwerp indien waarop die Arbeiders ingrypende amendemente voorstel, sal die regering geen keuse hê as om dit te verander of te laat vaar nie. Hulle sal nie alleen deur die S.A. Party en sy pers hieroor bespot word nie, maar as dit meermale gebeur, sal die vriendskaplike samewerking tussen die twee partye vertroebel word. Die Nasionale Party sal voel dat hy prestige verloor, wat maklik tot 'n breuk met die Arbeidersparty kan lei. Indien daar 'n Arbeider-element in die kabinet is, sal sulke botsings in die openbaar tot 'n minimum beperk word. (ii) Die Parlement sit vir omtrent vyf maande in die jaar en indien die regering vir die orige tyd nie die bystand en advies van die Arbeidersparty het nie, sal hy sekerlik dinge doen wat nie die nywerheidsbevolking se goedkeuring wegdra nie. Dit kan wrywing skep. (iii) „If the Labour Party holds aloof the Government will be composed entirely of men of the Dutch section of the people. With the best will in the world to avoid being at all racial, that very fact will inevitably re-arouse those racial jealousies which had been the main obstacle to the Labour Party's progress and to the progress of the ideas for which it stands.“ Dit kan spanninge onder die Arbeider-Volksraadslede, wat almal Engelssprekend is, veroorsaak en tot 'n breuk lei. Verder sal die Nasionalistes sonder die steun van die Arbeiders gedwing word om steun by die Afrikaanssprekende deel van die S.A. Party te soek en dit sal die probleme net vererger. (iv) Indien daar nie Arbeiders in die kabinet is nie, sal die konserwatiewe element in die Nasionale Party die botoon voer en dit kan verhoudings vertroebel. Dit sal deur die S.A. Party en sy pers ten volle uitgebuit word en die kanse van genl. Smuts om aan bewind te kom, verbeter. (v) Daarbenewens het die Nasionalistes in die Parlement getoon dat hulle die standpunt van die Arbeidersparty oor baie sake tegemoet wil kom en hul aanbod om Arbeiders in hul kabinet op te neem, toon hul bereidwilligheid om die Arbeiders halfpad te ontmoet. Hulle waardeur dit ook dat 'n groot deel van die Engelssprekendes met hul saamgewerk

het. Die Nasionaliste beskik egter nie oor genoeg kennis en agtergrond van nywerheidsprobleme nie en hulle is gretig om die beste vir die werkers te doen. Die Arbeiders sal waardevolle hulp in dié verband kan verskaf.¹⁸⁷

Kol. Creswell het ten slotte daarop gewys dat die Arbeiders die mag het om die hand van vriendskap en saamewerking wat die Nasionaliste hulle aanbied, af te wys en 'n breuk tussen die twee partye te verseker deur te sê: „You must take the responsibility and we will look on and criticise.“ Sy standpunt was: „For all these reasons I am clearly of the opinion that if we are asked to do so on terms that give us sufficient influence, and with the assurance that the main policy and measures of the immediate future are such as we feel we can honestly offer co-operation, it is then our duty, both to the country and to our supporters and ourselves, not to shirk the responsibility but to accept it. In saying this it must of course be understood that the Labour Party must retain its separate and distinct organisation.“ Hy het die Arbeiders gewaarsku dat as hulle besluit om die aanbod van die Nasionale Party van die hand te wys, hulle nie daarmee verantwoordelikheid vir onpopulêre maatreëls deur die regering kan ontduik nie. Omdat dit in die Arbeidersparty se mag sal wees om die regering aan bewind te hou, sal die kiesers by die volgende verkiesing die Arbeiders verantwoordelik hou vir elke onpopulêre maatreël. „The difference between holding aloof and being represented in the Government will be that, in the former case we shall be blamed by the public for things we had no opportunity of preventing and that in the latter case we shall have the best chance of using our influence inside to prevent things being done for which, if done, we shall be blamed by the electors.“¹⁸⁸

Daar was aanvanklik groot verset in Arbeidergelede-

187. Creswell, M., An epoch of the political history of South Africa in the life of Frederic Hugh Page Creswell, pp. 97-101. Sien ook Die Burger, 25.6.1924. Verslag van onderhoud met Creswell en Boydell.

188. Creswell, op. cit., pp. 97-101.

re teen die voorstel,¹⁸⁹ maar op die konferensie is dit met 51 stemme teen 17 aanvaar.¹⁹⁰

Op 30 Junie 1924 het genl. Hertzog sy kabinet aangekondig en die lede is dieselfde middag om twaalfuur deur die Goewerneur-generaal ingesweer. Hulle was:

Genl. J.B.M. Hertzog	: Eerste Minister en Minister van Naturellesake.
Adv. F.J. de V. Roos	: Minister van Justisie.
Dr. D.F. Malan	: Minister van Binnelandse Sake, Onderwys en Volksgesondheid.
Kol. F.H.P. Creswell	: Minister van Verdediging en Arbeid.
N.C. Havenga	: Minister van Finansies.
C.W. Malan	: Minister van Spoorweë en Hawens.
Adv. F.W. Beyers	: Minister van Mynwese en Nywerheid.
Genl. J.C.G. Kemp	: Minister van Landbou.
P.G.W. Grobler	: Minister van Lande.
T.C. Boydell	: Minister van Pos- en Telegraafwese en Openbare Werke. ¹⁹¹

Transvaal het vier verteenwoordigers in die kabinet gehad, nl. adv. Roos, kol. Creswell, genl. Kemp en P.G.W. Grobler; die Kaapprovinsie drie, nl. dr. Malan, C.W. Malan en adv. Beyers, wat wel 'n Vrystaatse kiesafdeling verteenwoordig het, maar voorsitter van die Sentrale Komitee van die Nasionale Party van Kaapland was; die Vrystaat twee, nl. genl. Hertzog en N.C. Havenga, en Natal net vir T.C. Boydell.¹⁹² Al die Nasionale Party se provinsiale leiers was dus in die kabinet behalwe adv. B.G. Jansen, Natalse leier. Op versoek van genl. Hertzog het hy nie aangedring op 'n kabinetspos nie, sodat Transvaal sy aantal verteenwoordigers volgens sy getal Volksraadslede kon kry. Genl. Hertzog het hom die

189. Die Burger, 26-28.6.1924. Verslae van besluite van verskillende takke van die Arbeidersparty; Barlow, A.G., Almost in confidence, pp. 187-188; en Blackwell, L., African occasions, p. 114. Die Kommunistiese Party het die Arbeiders ook aangeraai om nie kabinetsposte te aanvaar nie. Volgens die party sou twee Arbeiders in die kabinet van tien, gyselaars in die hande van die Nasionale wees. Sien Die Burger, 27.6.1924.
190. Die Burger, 30.6.1924.
191. Die Burger, 1.7.1924. Adv. Roos was ook waarnemende Eerste Minister.
192. The South African Nation, 5.7.1924.

Speakersamp aangebied en belowe dat hy later in die kabinet opgeneem sou word.¹⁹³

Suid-Afrika het nou sy derde generaal as Eerste Minister van die land gehad. In die nuwe kabinet was genl. Hertzog, toe 58 jaar oud, die enigste wat oor ministeriële ervaring beskik het. T.O. Boydell beskryf hulle eerste byeenkoms soos volg: „When all his Ministers were seated, the Prime Minister surveyed his team; what he thought about us he did not say. Presumably he just hoped for the best. We were a mixed lot, republicans and sinners, nearly half our number had been in gaol... We had one thing in common, each was determined to do his best to 'deliver the goods' to the satisfaction of the country."¹⁹⁴ The South African Nation se mening oor die span was: „The debating power of the Government is sound where it is not brilliant."¹⁹⁵

Genl. Hertzog se keuse het oor die algemeen byval gevind en selfs die opposisiepers was tevrede, hoewel sommige koerante twyfel oor die duur van die samewerking uitgespreek het.¹⁹⁶ The Star was van mening dat genl. Hertzog deur die toekenning van portefeuljes alle uit-tarting vermy het, wat die geval sou gewees het as Verdediging aan genl. Kemp en Mynwese aan kol. Creswell toegeken sou gewees het.¹⁹⁷

Volgens Die Burger is daar met die inswering van die Hertzog-kabinet 'n nuwe hoofstuk in die geskiedenis van Suid-Afrika ingelui. Die redakteur het voorsien dat die nuwe regering baie probleme sou hê om landsake weer in orde te bring. „Maar Suid-Afrika het weer 'n man aan sy hoof wat met die een groot en edel doel voor oë werk: die heil van sy land en volk; 'n man wat in die jare wat verby is, die bewys gelewer het van sy opregtheid, sy beginselvastheid en sy bekwaamheid. Die belange van Suid-Afrika is veilig in sy hande."¹⁹⁸ Die koerant het ook die wantroue van Nasionaliste oor Arbeiders in die

193. Notuleboek van die Sentrale Bestuur van die Nasionale Party van Natal, 1922-1932. Verslag van vergadering gehou op 10.7.1924.

194. Boydell, T., My luck was in, p. 209.

195. The South African Nation, 5.7.1924; en Die Burger, 1.7.1924. Hoofartikel.

196. Die Burger, 2.7.1924. Verstrek die mening van De Volkstem, The Friend, die Natal Advertiser en die Rand Daily Mail.

197. Die Burger, 1.7.1924. Verstrek die mening van The Star. Sien ook Creswell, op. cit., pp. 102-103.

198. Die Burger, 1.7.1924. Hoofartikel.

kabinet uit die weg probeer ruim deur te beklemtoon dat elkeen van die twee partye afsonderlik bly voortbestaan, elkeen met sy eie partyorganisasie en sy eie program van beginsels. Die redakteur het daarop gewys dat daar nog steeds groot beginselverskille tussen die twee partye is, maar dat die Arbeidersparty bereid is om genl. Hertzog te help om sy program van Smithfield uit te voer: „Van prysgee van beginsels sal daar geen sprake wees nie. Ons sou hierby kon voeg dat die Nasionale Party, die volksparty, dit ook nie van hul verteenwoordigers sou gedoog nie, maar dit sou 'n belediging wees teenoor die leiers om dit as argument aan te voer, want die Nasionale Party ken sy leiers en weet dat hulle eerder 'n politieke dood sal sterf, as een enkele van hul beginsels prys te gee. Nee, vir die S.A.P., wat die voorreg van aan bewind te bly hoër geag het as getrouheid aan beginsels, was so iets moontlik: vir die Nasionale Party is dit onmoontlik. Die toekoms sal dit bewys, as bewys nog nodig is.“¹⁹⁹

Die twyfel by Nasionalistes of genl. Hertzog die regte ding gedoen het, het duidelik geblyk uit Sagmoe-dige Neelsie se rubriek in Die Burger. Hy het daarop gewys dat die ooreenkoms volgens die leiers op 17 Junie sou verstryk, en twee weke later sit die Nasionale Party met twee Arbeiders in die kabinet. „Daar is van ons wat daardie eerste pil swaar gesluk het, hoe sal ons sluk aan hierdie tweede?“ Hy het egter op die hopeloosheid van die Nasionale Party se posisie gewys: „As 'n mens dit nie kan bekostig om 'n kamer vir jou alléen te huur nie, moet jy verlief neem dat jy 'n kamermaat kry wat snork. Jy neem verlief, want jy kan nie anders nie; maar jy is maar nie geesdriftig oor jou losies nie. Daar is min mense nou geesdriftig. Ons is ontevrede oor die arbeiders aan ons regering deelneem; die arbeiders is nog meer ontevrede omdat hulle as die mindere deel daarin is. Maar die Sappe is die meeste ontevrede van almal want hulle slaap buite in die koue.“ Hy het aangetoon dat die Arbeidersparty eenkant kon bly sit en die regering kritiseer. Die party sou kon regeer sonder om die verantwoordelikheid te dra. Die Nasionalistes sou geen maat-reël kon deurvoer sonder om eers die Arbeiders te raadpleeg nie. Die Arbeidersparty sou gevolglik die krediet kry vir alles wat goed is en die Nasionalistes die blaam

vir alles wat sleg is. Sagmoedige Neelsie kom tot die gevolgtrekking dat die Arbeidersparty deur sy optrede bewys het dat hy die belange van die land baie hoër as dié van 'n party of groep gestel het. Hy het waardevolle partyvoordeel vir die algemene wolvaart van die land opgeoffer. „Ek haal my hoed af vir die arbeiders.“²⁰⁰

T.O. Boydell het weer aan die ontevrede Arbeiders verduidelik dat die Arbeidersparty ná 14 jaar slegs 18 uit die 135 setels kon kry en dat hy geen hoop het om sy posisie aansienlik te versterk nie. Die Arbeidersparty sal hom dus by die politieke toestand van die land moet aanpas. Boydell meen dat 16 Arbeiders op die dwarsbanke nog altyd die magsewewig behou. Daarbenewens sou die party met twee lede in die kabinet die hele jaar deur in noue aanraking met al die werk van die regering wees en nie net vir die vier of vyf maande wat die Parlement sit nie.²⁰¹

Op 'n groot onthaal in Johannesburg vir die partyleiers het genl. Hertzog die ondersteuners van die twee partye opnuut verseker dat die partye nie hul identiteit sal verloor nie. „Ons sal alleen ons identiteit verloor as ons saak in elke opsig dieselfde is. As dit eendag die geval mog wees, laat dit dan so wees.“²⁰²

Genl. Hertzog was verheug dat Afrikaans- en Engelsprekendes so saamwerk in belang van die land. „Die tweestroompolitiek skyn nou werklikheid te word in die eenheid van die hele bevolking wat 'n wedersydse respek van die Engelssprekendes en die Afrikaanssprekendes vir mekaar se tradisies beteken en 'n gemeenskaplike liefde vir Suid-Afrika as een volk.“²⁰³ Kol. Creswell se standpunt was: „Two important aims lie before us. One is to submerge the miserable racial suspicions that have continually baffled us, and the other is to do our utmost to see that the conditions under which the people, who compose the South African nation, live, shall be improved by our efforts.“²⁰⁴

Volgens die Nasionaliste se berekening was die

200. Die Burger, 1.7.1924. Rubriek geskryf deur Sagmoedige Neelsie (G.J. Langenhoven).

201. Die Burger, 12.7.1924. Verklaring van Boydell oorgeneem uit The Guardian.

202. Die Burger, 2.7.1924. Verslag van toespraak.

203. Ibid. Verslag van toespraak te Pretoria.

204. Creswell, op. cit., p. 102; en Die Burger, 2.7.1924. Verslag van toespraak by onthaal te Johannesburg.

Unioniste na die verkiesing die dominerende vennoot in die S.A. Party en was genl. Smuts eintlik die leier van die Unioniste-party. Adv. Roos het die kiesers se aandag hierop gevestig en het die lede van die S.A. Party op die platteland wat die belange van die boer en die werker teen dié van die kapitaliste wou beskerm, uitgenooi om uit die huis van die vreemdëling te kom en by die Nasionale Party aan te sluit om daardour die toekoms vir hulle kinders in die land te beveilig.²⁰⁵ „Dan sal daar in werklikheid die laaste steen gelê word van Hereniging binne die portale en in die geledere van die Nasionale Party.“²⁰⁶

Hierdie saak is ook deur genl. Hertzog in sy bedankingsbrief aan die volk vir sy steun, wat op 11 Julie 1924 in die pers verskyn het, aangeroer: „Vir die Nasionaliste is een van die mees hoopvolle verskynsels wat sig by hierdie verkiesings en by die resultate daarvan openbaar, die gevoel van vertwyfeling wat sig so duidelik nou laat bespeur by die Nasionaalgesinde deel van die S.A.P.-volgelingen. By hul is dit tans 'n ernstige vraag of en in hoeverre hul posiesie binne daardie party nog geregvêrdig is; hul besef en maak daar nie langer enige geheim van nie, dat die politiek van die S.A.P. nie langer aan hul Nasionale oortuiging voldoen nie, en gevoel dat daar binne daardie party vir hul vandag slegs 'n koue onherbergsame verblyfsoord te vind is. Vandaar dan ook die innige diepgevoelde begeerte onder die Hollandssprekendes in die S.A.P. na hereniging. Hierdie strewe na hereniging is nie soos deur genl. Smuts te kenne gegee, die gevolg van rassegevoel nie; nee, dit is niks anders nie as 'n uiting van die dryfkrag van die Nasionale oortuigings op politieke gebied, waar die Nasionale oortuigings sig nie langer tuis gevoel te midde van 'n Unioniste omgewing nie, soos in die S.A.P. van vandag getuie die resultate van die pasafgelope verkiesings. Aangesien daardie Party tans 'n louter Unioniste Party is en noodwendig binne en buite die Parlement voortaan 'n louter Unionistiese politiek sal en moet volg is daar vir Nasionaal Suid-Afrika binne die Party geen plek meer nie en sal daar

205. Die Burger, 21.6.1924. Brief van Roos oorgeneem uit Ons Vaderland; en Ibid., 8.7.1924. Verslag van toespraak te Lichtenburg.

206. Die Burger, 21.6.1924. Brief van Roos oorgeneem uit Ons Vaderland.

ook binne enige jare geen Nasionale gesinde meer in sy geledere gevind word nie. Vir die Nasionalis, sy hy Engels- of Hollandssprekend, moet dit verblydend wees. Die gesonde politiek, nie minder nie, as die heil van die Staat eis, dat alle Nasionaal gesindes uit die volk sal saamwerk aan die opbou en ontwikkeling van volk en land."²⁰⁷

'n Korrespondent van The Round Table het hierdie oproep tot hereniging beskou as 'n poging van die Nasionale Party om sy posisie te versterk en hom van die Arbeidersparty onafhanklik te maak. Volgens hom sou dit hereniging op rassegrondslag wees. „Politics would become again largely racial, until the slow disintegrating effects of economic pressure produced divisions along other lines - provided always that South Africa is not visited in the meantime by one of those recurrent crises which in the past have revived and embittered the racial cleavage."²⁰⁸

De Volkstem was van mening dat hereniging op die oomblik ongewens en onprakties is en dat dit net so min kans op sukses as in 1920 het.²⁰⁹ Adv. Roos het egter in September 1924 verklaar dat sy oproepe om hereniging nie tevergeefs was nie en dat die aantal Nasionale Party-takke in Transvaal die afgelope drie maande van 486 tot 510 vermeerder het. Genl. Hertzog het saamgestem dat die groei van die Nasionale Party ten koste van die Suid-Afrikaanse Party geskied het.²¹⁰

Die koalisie-regering van die Nasionale en Arbeidersparty het oppervlakkig beskou, volgens D.W. Kruger, gelyk na 'n „bondgenootskap van Afrikaner-konserwatisme en Britse radikale sosialisme. Tog was hierdie samewerking heeltemal natuurlik, want albei elemente in die Regering wou blanke belange beveilig en die blanke arbeider in sy bevoorregte posisie handhaaf. Albei was oortuig van die noodsaaklikheid van gestimuleerde nywerheidsontwikkeling wat per slot van rekening die arbeiders sowel as die boere sou bevoordeel. Albei was gekant teen die kapitalistiese oorheersing en die oorwegen-

207. Die Burger, 11.7.1924. Brief van genl. Hertzog.

208. The Round Table, vol. 56, pp. 839-840.

209. Die Burger, 11.7.1924. Verstrek die mening van De Volkstem.

210. Kongresnotule van die Nasionale Party van Transvaal, 24-26.9.1924, p. 2 en p. 5. Verslae van toesprake van adv. Roos en genl. Hertzog.

de invloed van die mynbelange wat hul wortels in die buiteland gehad het... Daar was gevolglik 'n ruim veld vir vrugbare samewerking."²¹¹ Die Nasionale Party sou saam met sy Arbeider-bondgenoot onder meer die verwaarloosde landseconomie op die been bring, werkloosheid bekamp, landbou bevorder, Suid-Afrika vir die blanke arbeider beveilig, Afrikaans tot sy reg laat kom, die grondwetlike verhouding tussen die Unie en Groot-Brittanje in die reine bring en aan Suid-Afrika 'n eie nasionale vlag gee.²¹²

8

211. Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L. en Kruger, D.W., Geskiedenis van Suid-Afrika, pp. 510-511.

212. Ibid., pp. 510-520.

S L O T B E S K O U I N G

'n Kenmerk van die politieke en staatkundige situasie in Suid-Afrika in die jare 1921 tot 1924 was dat die Nasionale Party vir die eerste keer die rol van die amptelike opposisie-party in die Parlement van die Unie van Suid-Afrika beklee het. Dit was ook die voorspel tot die eerste bewindsoornamendeur die Nasionale Party, slegs tien jaar na sy stigting.

Gedurende hierdie jare het die politieke groepering van die land ook 'n radikale verandering ondergaan. Die grootste enkele politieke verskil, tussen verknogtheid aan die Britse Ryk aan die een kant en die strewe na 'n onafhanklike Suid-Afrika aan die ander kant, wat in 1914 tot 'n breuk in die geledere van die Afrikanerdom en die stigting van die Nasionale Party gelei het, het veral ná 1920 nog duideliker na vore getree. Met die samesmelting van die Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste-party, vir wie die behoud van die bande met die Britse Ryk uiters belangrik was, is die verskille tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party beklemtoon. Deur hom openlik met imperialisme te vereenselwig, het genl. J.C. Smuts die breuk in Afrikanergeledere gefinaliseer. Hoewel daar nog baie Afrikaners was wat steeds gehoop het dat die Afrikanervolk op politieke gebied sou verenig, het die leiers van die Nasionale Party dit beklemtoon dat hereniging nie meer moontlik was nie omdat imperialisme en nasionalisme onversoenbaar was.

Genl. Smuts het met die samesmelting van die Suid-Afrikaanse Party en die Unioniste-party gepoog om die groei van die Nasionale Party met sy republikeinse ideale te stuit. Hierin het hy egter nie geslaag nie, want baie Afrikaners het die Suid-Afrikaanse Party verlaat en by die Nasionale Party aangesluit omdat hulle nie kans gesien het om met hulle natuurlike politieke vyande, die Unioniste, in één party saam te werk nie. Genl. Smuts moes ook ervaar dat hy nie die persoonlike gevolg van genl. Louis Botha geniet het nie. Deur hierdie samesmelting het genl. Smuts onversoenbare standpunte in sy party saamgetrek. Die kenmerk van sy regering gedurende hierdie tydperk was dan ook dat hy geen belangrike vraagstuk aangepak het nie, omdat daar oor aangeleenthede soos die beskerming van Suid-Afrikaanse nywerhede, 'n oplossing van die naturelle-vraagstuk en die Asiategwessie, of die bekamping van werkloosheid en die armblankevraagstuk, nie eenstemmigheid in sy eie party was nie.

Hierteenoor het die Nasionale Party met sy goed-omlynde program van beginsels gestaan, wat daarop gemik was om 'n

Suid-Afrikaanse volk aan die suidpunt van Afrika te skep wat staatkundig en ekonomies onafhanklik was. Die grondslag van die Nasionale Party se beleid was dat die belange van die Unie-bevolking te alle tye en in watter verband ook al, bó die belange van enige ander land of volk gestel moes word. Dit het neergekom op 'n beleid van „Suid-Afrika eerste“, selfs wanneer Suid-Afrika se belange met dié van Brittanje in botsing kom. Vir die Engelssprekende wat Engeland as enigste tuiste erken het en vir wie die bande met die Britse Ryk onontbeerlik vir die voortbestaan van die blanke beskawing in Suid-Afrika en die welvaart van die Suid-Afrikaanse volk was, was hierdie gedagte revolusionêr en nuut. Vir hulle was dit vanselfsprekend dat Suid-Afrika werk aan Britse soldate en werkloses moes verskaf, en dat dit die plig van die Suid-Afrikaner was om die Britse fabrikant en handelaar na die Eerste Wêreldoorlog weer op die been te help en te ondersteun, ongeag of dit tot nadeel van die Suid-Afrikaanse nywerheid of die koperspubliek sou strek. Hierdie verpligting van Suid-Afrika teenoor Brittanje het die Nasionale Party beslis ontken en met alle mag bestry, en geleidelik daarin geslaag om al hoe meer Suid-Afrikaners van sy standpunt van „Suid-Afrika eerste“ te oortuig. Die Nasionale Party het ook in 'n groot mate die waarde wat die bande met die Britse Ryk vir Suid-Afrika het, in realistiese perspektief gestel. Die Suid-Afrikaner wat in Suid-Afrika gebore is, wat die land as sy enigste tuiste beskou het en daarom Suid-Afrika 'n eie status in die volkery wou besorg, het hom spoedig onder die vaandel van die Nasionale Party geskaar.

Die Nasionale Party het voortdurend klem gelê op die meningsverskille binne die geledere van die Suid-Afrikaanse Party oor aangeleenthede wat vir die toekoms van die blanke beskawing in Suid-Afrika van beslissende belang sou wees. Genl. Smuts is gebrandmerk as iemand wat te alle tye gereed was om die belange van die Britse Ryk ten koste van Suid-Afrika te dien. Gevolglik is die kieserskorps op hierdie vlak geleidelik van die wenslikheid van 'n regeringsverandering oortuig.

'n Verdere en ewe belangrike faktor wat tot hierdie verandering van gesindheid by die kiesers teenoor die Smuts-regering bygedra het, was die onsekere ekonomiese toestand waarin die land verkeer het. Die invloed van die na-oorlogse depressie op Suid-Afrika sou enige regering in 'n netelige posisie plaas. Die regering van genl. Smuts was egter nie by magte om die situasie te hanteer nie. Boonop is geen voorsorg getref om die gevolge van die depressie te verlig nie. Geldverkwisting deur staatsdepartemente, hoër belastings om die tekorte in die staatskas aan te vul, die afdanking van amptenare en die aanmoediging van immigrasie te midde van groot-

skeepse werkloosheid, het die toestande nog verder laat versleg. Droogtes, lae pryse vir landbouprodukte, onvoldoende afsetgebiede en bankrotskappe het baie boere na die stede gedryf waar die getal armlankes aangegroei het. Nuwe werksgeleenthede deur die beskerming en aanmoediging van Suid-Afrikaanse nywerhede is nie geskep nie, en niks is gedoen om die blanke arbeider teen die mededinging van die laagbesoldigde en ongeskoolde naturel te beskerm nie. Genl. Smuts se optrede tydens die staking van mynwerkers aan die Rand het die arbeiders effektief van hom vervreem en die vermoede dat die belange van die mynbase en kapitaliste swaarder as dié van die arbeider en die volk by hom weeg, wyer laat posvat.

Genl. Smuts se outokratiese optrede in sy poging om Suid-Rhodesië by die Unie in te lyf, het meegewerk om kiesers van hom te vervreem. Die mening dat genl. Smuts meer in Britse en Ryksaangeleenthede belang stel as in Suid-Afrika se probleme, is verder versterk. Sy benadering van die Indiërvraagstuk was hiervan 'n tipiese voorbeeld. Hoewel hy sterk standpunt oor die toekenning van burgerregte aan die Indiërs op die Imperiale Konferensie ingeneem het, wou hy nie toelaat dat die Natalse Provinsiale Raad enigiets omtrent die Asiatevraagstuk doen wat Indië sou aanstoot gee en die eenheid van die Britse Ryk in gevaar sou stel nie.

In teenstelling hiermee het die Nasionale Party geen twyfel gelaat oor die maatreëls wat hy in belang van Suid-Afrika voorgestaan het nie. Die party het hom vir 'n gesonde finansiële beleid in die land beywer. Belasting moes in verhouding met die drakrag van die belastingbetaler gehef word en daarom moes die myne swaarder belas word sodat Suid-Afrika van 'n meer regmatige aandeel uit sy natuurlike mineralerykdomme verseker word. Voorkeurtariewe aan Brittanje moes afgeskaf word omdat Suid-Afrika weinig indien enigiets daarby gebaat het. Nywerhede moes aangemoedig en beskerm word, nie alleen om groter werksgeleenthede vir blankes te skep nie, maar om Suid-Afrika ekonomies onafhanklik te maak. Verder moes Suid-Afrika se markte in die buiteland en buite die Britse Ryk uitgebrei word om 'n behoorlike prys en afsetgebied vir die land se produkte te verseker. Die Nasionale Party het die belange van die boere beskerm en verligting van drukkende belasting en finansiële hulp deur die staat deur middel van die Landbank bepleit. Die Nasionale Party het daarop aangedring dat die blanke Suid-Afrikaner voorkeur bó die immigrant in die staatsdiens moes geniet en het staatsteun aan immigrante sterk teengestaan solank die regering nie aan die land se werkloos behoorlike werksgeleenthede verskaf het nie. Die Nasionale Party het hom ook vir 'n verenigde volk op die grondslag van gelykbege-

regtiging vir Afrikaans- en Engelssprekendes beywer.

Verder het die Nasionale Party op die uitvoering van 'n segregasiebeleid vir die naturelle aangedring. Dit was 'n langtermynbeleid om die blanke beskawing in Suid-Afrika te handhaaf en sou maatreëls meebring om die belange van die blanke arbeider teen die kompetisie van goedkoop nie-blanke arbeid te beskerm. Die Indiërs wat veral in Natal 'n gevaar vir die voortbestaan van die blanke was, moes ondanks Indië se proteste sover moontlik gerepatrieer word, terwyl Suid-Afrikaans-gebore Indiërs net soos die naturelle gesegregeer moes word. Hoewel daar onderlinge verskille in Nasionalistiese siening van die Kleurlingvraagstuk was, is daar reeds in hierdie tyd na 'n duidelike en moreel regverdigbare beleid vir hierdie rassegroep gesoek. Die Nasionale Party het in sy kleurbeleid 'n bondgenoot in die Arbeidersparty gevind, want vir die welvaart van die blanke arbeider in Suid-Afrika was beskermingsmaatreëls teen die bedreiging van goedkoop arbeid onontbeerlik. Die Arbeidersparty was ook die eerste politieke party in Suid-Afrika wat segregasie in sy verkiesingsprogram voorgestaan het.

Toe die Nasionale Party met die staking van mynwerkers aan die Witwatersrand bewys gelewer het dat die belange van die arbeider swaar by hom weeg, het die Arbeidersparty nader aan hom beweeg. Onderhandelinge en samesprekings tussen die twee partye het getoon dat daar groot ooreenkomste in hulle beleid was. Gevolglik is die verskille wat daar was, voorlopig opsy geskuif en 'n basis vir samewerking om die regeringsparty uit die saal te lig, waarvolgens nie één van die partye enige beginsels prysgegee het nie, is gevind. Hierdie verkiesingsooreenkoms sou nie net tot die val van die Smuts-regering lei nie, maar ook tot 'n koalisie-regering waaronder 'n beter verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in die land bewerkstellig is en Suid-Afrika 'n tydvak van ekonomiese bloei sou beleef.

Hoewel genl. Smuts sedert 1922 duidelik in die uitslae van die talle tussenverkiesings die toenemende ongewildheid van sy regering kon lees, was dit die uitslag van die tussenverkiesing in Wakkerstroom wat hom in 1924 laat besluit het om 'n algemene verkiesing uit te skryf. Hy het soos in die verlede hoofsaaklik op die argumente teen sesessie en rassehaat gesteun in sy poging om die kiesers oor te haal om sy party 'n meerderheid in die Parlement te besorg. Hierdie verkiesingskrete het egter hulle trefkrag verloor en sy waarskuwings dat 'n Nasionale-Arbeider-regering chaos en die ondergang van die land sou beteken, het nie inslag gevind nie, grotendeels vanweë die vertroue wat die Nasionale Party en die Arbeidersparty se leiers onder 'n groot deel van die kieserskorps geniet het. Daarenteen het genl. Smuts se kwynende persoonlike aansien duidelik geblyk

uit die feit dat hy die verkiesing verloor het terwyl hy self sy setel in Pretoria-Wes aan 'n Arbeider moes afstaan.

Die val van die Smuts-regering was dan ook, in die woorde van F.S. Crafford, die begin van 'n nuwe tydvak: „The fall of Smuts marked the end (at least temporarily) of British pre-dominance in South Africa and the beginning of Afrikaner emancipation, chiefly in the economic sphere. It marked the end of the importing period and ushered in South African industrialism.”¹

Tien jaar na sy totstandkoming het die Nasionale Party met behulp van die Arbeidersparty die bewind in Suid-Afrika oorgeneem. Sy fenomenale groei moet byna uitsluitlik aan sy duidelik-omlynde beginsels wat die ideale van die nasionaalbewuste Afrikaner verteenwoordig het, en die vermoëns van sy leiers toegeskryf word. In November 1924 het die Sentrale Komitee van die Vrystaatse Nasionale Party dan ook soos volg aan sy hoofleier en provinsiale leier hulde gebring: „Die oorwinning is in die eerste plek te danke aan die bekwame leiding en onvervaarde moed van ons gevierde leier, Generaal Hertzog... Vir tien jaar lank het hy, soos 'n rots, te midde van die politieke maalstroom gestaan. Sy onwankelbare trou en taaie volharding het die ganse volk van Suid-Afrika geïnspireer. Die stryd wat hy vir die Nasionale beginsels gevoer het, is een van die roemrykste bladsye in die geskiedenis van ons volk en die Sentrale Komitee verheug hom oor die sukses waarmee sy stryd bekroon is... en die eer en onderskeiding wat hom te beurt geval het om tot die verhewe pos van Eerste Minister van Suid-Afrika geroepe te word.”²

Die groei van die Nasionale Party in die verskillende provinsies was baie ongelykmatig. In die Vrystaat het genl. Hertzog 'n sterk gevolg gehad en met die Nasionale Party se eerste Volksraadsverkiesing in 1915 het die party reeds 16 van die 17 setels in die provinsie verower. Transvaal, daarteenoor, het in 1915 slegs vier Nasionalistes uit 'n totaal van 44 na die Parlement gestuur, maar sy totaal in 1921 na 15 en in 1924, danksy die Arbeidersparty se steun, na 26 opgeskuif. Hierdie relatiewe stadige groei van die Nasionale Party in Transvaal moet aan die feit gewy word dat genl. Louis Botha 'n sterk persoonlike aanhang in Transvaal geniet het „en die Afrikaner gee nou eenmaal nie maklik sy geloof in 'n leier op wanneer hy hom eenmaal vertrou nie.”³ Adv. Tielman Roos wat

1. Crafford, F.S., Jan Smuts, p. 233.

2. Kongresnotule van die Nasionale Party van die O.V.S., 19 - 20.11.1924, p.7.

3. Die Burger, 4.7.1921. Verslag van toespraak van P.G.W. Grobler te Somerset-Strand.

ná die uitsetting van genl. Hertzog uit die kabinet van genl. Botha, as leier na vore getree het, was sedert die stigting van die Nasionale Party die Transvaalse leier. Hy het groot aanhang verwerf en bekend as die „leeu van die Noorde" was hy ongetwyfeld die argitek van die Nasionale Party in Transvaal.⁴ Omdat hy dikwels die voortou geneem het met openbare verklarings oor die party se standpunt, het genl. Smuts en ander lede van die Suid-Afrikaanse Party meer as een keer verklaar dat nie genl. Hertzog nie maar adv. Roos eintlik die leier van die Nasionale Party is. Fluisterstories dat hy en genl. Hertzog nie goed oor die weg kom nie, is egter deur albei leiers sterk ontken.⁵

Die leier van die Kaaplandse Nasionaliste, dr. D.F. Malan, het as redakteur van Die Burger daarin „geslaag...om vir die volk die Nasionaal-gevoel te vertolk wat in hulle harte geleef het," aldus W.A. Hofmeyr.⁶ Genl. Hertzog het verklaar dat dit dr. Malan geluk het om „die politieke posiesie so duidelik vir die volk uiteen te sit dat daar 'n groter drang ontstaan het by die Afrikaners om te ywer na 'n eie, onafhanklike volks-ontwikkeling."⁷ Dr. Malan self het verklaar dat hy hom in die politiek begewe het „om te trag hereniging van die geskeurde dele van die volk te bewerkstellig en die Afrikaners bewus te maak van hul bestaansreg as volk."⁸ Met Die Burger as mondstuk was dr. Malan vir die Nasionale Party van onskatbare waarde. Hoewel die Kaaplandse Nasionaliste in 1915 net sewe setels in die Volksraad gehad het, het die party sy totaal in 1921 na 13 en in 1924 na 20 opgestoot. In die oorwegend Engelssprekende provinsie Natal, waar die ou Unioniste-party se krag gelê het, het die Nasionale Party 'n sukkelbestaan gevoer, maar adv. E.G. Jansen, wat sedert

-
4. Shepherd, R.H.W., „Tielman Johannes de Villiers Roos" in De Kock, W.J. (red.), Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel 1, pp. 709 - 713.
 5. Die Burger, 12.4.1922. Verslae van toesprake van genl. Hertzog en adv. Roos te Kaapstad.
 6. Die Burger, 16.6.1921. Verslag van toespraak te Kaapstad.
 7. Ibid.
 8. Ibid.

1920 leier van die Nasionale Party van Natal was, het in 1921 daarin geslaag om Vryheid vir die party te verower.⁹

Met die opening van die Kaaplandse Nasionale Party-kongres teen die einde van 1924 het dr. D.F. Malan die stryd van die Nasionale Party sedert 1914 soos volg saamgevat:

„Tussen die eerste kleine, maar moedige en geloofvolle kongres wat in 1915 op Middelburg gehou was en die Kongres wat hy nou open lê daar 'n periode wat seker genoem kan word die moeilikste, kritiekste, maar tegelyk die interessantste en leersaamste in die geskiedenis van Suid-Afrika; dit was 'n tyd van storm en drang, van skeuring en stryd. Suid-Afrika was nie alleen saam met die hele wêreld in 'n ware smeltkroes nie, maar was dit as gevolg van sy eienaardige vraagstukke en inwendige verdeeldheid in 'n hoë mate. Maar in die vurige smeltkroes - en dit sien ons vandag helder en duidelik in - is daar 'n dieper betekenis as wat dit ooit tevore die geval was. Ons is kragtiger as ooit; ons het ontwaak tot die besef dat ons 'n volk is en die fondament van ons volksbestaan is hefter en dieper gelê; daar is hiervoor geen beter bewys nie as die opkoms en groei van die Nasionale Party. Toe die Party begin het, was Suid-Afrika in die mag van 'n dolle imperialistiese politieke rigting. Ons sal ons nog herinner hoe genls. Botha en Smuts openlik die standpunt ingeneem en verdedig het dat Suid-Afrikaanse Ministers moet doen wat Engeland van hulle vra of anders bedank; hoe in wye kringe daar geen hoër begrip van vaderlandsliefde was nie as jingoïstiese vlagswaaiery en hoe die here Smuts en Burton op twee agtereenvolgende Imperiale Konferensies kon stem vir besluite, wat as dit wet geword het, Suid-Afrika sou verbind het om sy grondstowwe uitsluitend tot beskikking te stel van die Britse Ryk, wat ook al die uitwerking sou gewees het vir ons handel, vir ons eie nywerheid en vir ons volkswelvaart;

9. Die groei van die Nasionale Party in elke provinsie word duidelik aan die hand van hierdie tabel, saamgestel uit Mulder, C.P. en Cruywagen, W.A., Die eerste skof van die Nasionale Party van Transvaal 1914 - 1964, p. 123, getoon:

	1915	1920	1921	1924	Getal setels in provinsie in 1924.
Tvl.	4	12	15	26	50
K.P.	7	15	13	20	51
O.V.S.	16	17	16	16	17
Natal	-	-	1	1	17
Totaal.	27	44	45	63	135

en dit alles met die verklaarde bedoeling om Engeland te help om sy oorlogskuld te betaal en om vir sy fabrikante die wêreld-handel in te voer.

„Die Nasionale Party het dit gewaag om moedig en standvastig en in die aangesig van uitgeskel te word vir rebelle en rassehaters, die wagwoord te preek van 'Suid-Afrika eers' en om op te kom vir ons eie Suid-Afrikaanse nasie. Iank en swaar was die stryd, maar vandag vier ons oorwinning en regeer die Nasionale Party die land, en wat die beste van alles is, neem selfs ons opposisie ten minste die skyn aan van met ons te wedywer in huldebetoon aan die groot beginsel wat ons wagwoord en ons besieling en wat tegelyk hul politieke dood was.“¹⁰

10. Die Burger, 8.10.1924. Verslag van toespraak.

BRONNE- EN LITERATUURLYS.I. ARGIVALE BRONNEA. Staatsargief, Pretoria.

F.H.P. Creswell-versameling.
 Louis Esselen-versameling.
 J.C. Kemp-versameling.
 Harm Oost-versameling.
 C.H. Muller-versameling.

B. Instituut vir Eietydse Geskiedenis, U.O.V.S., Bloemfontein.

E.G. Jansen-versameling.
 C.R. Swart-versameling.
 M.P.A. Malan-versameling.
 C.W. Malan-versameling.
 P.A. Malan-versameling.
 C.I. Henderson-versameling.
 D.J.G. Thomas-versameling.
 A.H. Jonker-versameling.

C. Openbare Biblioteek, Johannesburg.

Arbeidersparty-versameling.

II. LETTERKUNDIGE BRONNE.A. Amptelike Staatspublikasies.

Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as reported in the Cape Times, vol. 6-8. Herdruk nr. 3. Pretoria, 1969.

Unie van Zuid-Afrika. Debatten van de Volksraad, deel 1, 25 Januarie - 10 April 1924.

Official Year Book of the Union of South Africa and of Basutoland, Bechuanaland Protectorate, and Swaziland, nrs. 4-8.

U.G. 34-1920: Report of the Low Grades Mines Commission.

U.G. 37-1920: Interim Report of the Asiatic Inquiry Commission.

U.G. 4-1921: Report of the Asiatic Inquiry Commission.

U.G. 16-1921: Tussentijds rapport van de Werkeloosheid Kommissie Maart 1921.

U.G. 33-1921: Report of Coal Commission.

U.G. 34-1921: Werkeloosheid Kommissie. Tweede tussentijds rapport.

U.G. 40-1921: Annual reports of the Secretary of Mines and Industries and the Government Mining Engineer for the calendar year ended 31st December, 1920.

- U.G. 15-1922: Rapport van de Naturellezaken
Kommissie voor het jaar 1921.
- U.G. 17-1922: Rapport van de Werkeloosheid
Kommissie.
- U.G. 30-1922: Rapport van de Administrateur over
de Bondelzwarts opstand, 1922.
- U.G. 31-1922: Annual reports of the Secretary
for Mines and Industries and the
Government Mining Engineer for
the calendar year ended 31st Decem-
ber, 1921.
- U.G. 34-1922: Verslag van het Departement van
Naturellezaken voor de jaren
1919 tot 1921.
- U.G. 35-1922: Verslag van de Krijgswet Onderzoek
Geregtelijke Kommissie.
- U.G. 39-1922: Report of the Mining Industry Board.
- U.G. 16-1923: Rapport van de Kommissie benoemd
tot het instellen van een Onder-
zoek in zake de opstand van de
Bondelzwarts.
- U.G. 19-1923: Report of the Provincial Finances
Commission.
- U.G. 37-1923: Annual reports of the Secretary for
Mines and Industries and the Govern-
ment Mining Engineer for the calen-
dar year ended 31st December, 1922.
- U.G. 47-1923: Rapport van de Naturellezaken Kom-
missie voor het jaar 1923.
- U.G. 27-1924: Annual reports of the Secretary for
Mines and Industries and the Govern-
ment Mining Engineer for the calen-
dar year ended 31st December, 1923.
- U.G. 39-1925: Report of Native Churches Commission.
- U.G. 40-1925: Report of the Native Affairs Com-
mission for the year 1924.
- U.G. 42-1925: Annual reports of the Secretary for
Mines and Industries and the Govern-
ment Mining Engineer for the calen-
dar year ended 31st December, 1924.
- U.G. 37-1926: Annual reports of the Secretary for
Mines and Industries and the Govern-
ment Mining Engineer for the calen-
dar year ended 31st December, 1925.
- U.G. 54-1937: Verslag van die Kommissie van Onder-
zoek insake die Kaapse Kleurlingbe-
volking van die Unie.
- U.G. 61-1955: Samevatting van die verslag van die
Kommissie vir die sosio-ekonomiese
ontwikkeling van die Bantoegebiede
binne die Unie van Suid-Afrika.

B. Ander Publikasies.1. Party-publikasiesa. Nasionale Party:

De Nasionale Partij. Beginsels, konstitu-
tie, statuten. Bloemfontein, 1914.

Die Nasionale Party van die Kaapprovinsie.
Program van beginsels en konstitusie.
Kaapstad, 1926.

Nasionale Party van die Oranje-Vrystaat.
Beginsels, konstitusie, statute. Bloem-
fontein, 1926.

De Nasionale Partij van Transvaal. Begin-
sels, konstitusie en statuten. Pretoria,
1917.

Het Herenigings Kongres. Stenografies en
offisieel verslag. Oorzaken en de misluk-
king van hereniging. Kaapstad, 1920.

Nasionale-partykongres, Kaapprovinsie. No-
tule van vyfde kongres gehou te Victoria-
Wes op 27-29 September 1920. Kaapstad,
1920.

Nasionale-partykongres, Kaapprovinsie. No-
tule van sesde kongres gehou op Cradock op
4-6 Oktober 1921. Kaapstad, 1921.

Nasionale Party, O.V.S. Verslag van die
sesde jaarlikse kongres gehou te Bloemfon-
tein op 19 en 20 Oktober 1920. Bloemfon-
tein.

Nasionale Party, O.V.S. Verslag van die
sewende jaarlikse kongres gehou te Bloemfon-
tein op 11 en 12 Oktober 1921. Bloemfon-
tein.

Nasionale Party, O.V.S. Verslag van die
agste jaarlikse kongres gehou op Bloemfon-
tein op 11 en 12 Oktober 1922. Bloemfon-
tein.

Nasionale Party, O.V.S. Verslag van die
negende jaarlikse kongres gehou op Kroon-
stad op 17 en 18 Oktober 1923. Bloemfon-
tein.

Nasionale Party, O.V.S. Verslag van die
tiende jaarlikse kongres gehou te Bethlehem
op 19 en 20 November 1924. Bloemfontein.

Verslag van die tiende kongres van die
Nasionale Party van Transvaal gehou op
12-14 September 1923 in Pretoria. Pretoria.

Verslag van die elfde kongres van die
Nasionale Party van Transvaal gehou op
24-26 September 1924 in Pretoria. Pretoria.

b. Suid-Afrikaanse Party:

Program van beginselen en konstitutie van de Zuid Afrikaanse Partij. Pretoria.

Stenografies verslag van Herenigings Kongres te Bloemfontein, 23 September 1920. Pretoria, 1920.

c. Arbeidersparty:

A report to the National Council of the South African Labour Party by the National Organising Committee, 1st January, 1930. (Kopie van verslag in die Jonker-versameling).

2. Kongrespublikasies.

Gesamentlike kongres oor die arme blanke vraagstuk in die Raadsaal te Bloemfontein op 4 en 5 Julie 1923. Bloemfontein, 1923.

European and Bantu, being papers and addresses read at the Conference on Native Affairs held under auspices of the Federal Council of the Dutch Reformed Churches at Johannesburg on 27th to 29th September, 1923. Kaapstad.

C. Periodieke Publikasies.

De Afrikaansche Wachter, 18.1.1921.

Die Burger, 1920-1924. Vanaf sy stigting tot 31 Desember 1921 het die blad De Burger geheet.

The Friend, 1920-1924.

De Kerkbode, deel 12-14 (1921-1924).

The Round Table. A quarterly review of politics of the British Empire, vol. 43-56. Londen, 1921-1924.

South African Who's Who, 1921-1922. Kaapstad.

The South African Nation. A weekly review of things political and social. 12.4.1924 - 5.7.1924.

Die Volksblad, 1921.

III. LITERATUUR.A. Gepubliseerde Werke.

Armstrong, H.C., Grey steel. J.C. Smuts. A study in arrogance. Londen, 1937.

Barlow, A.G., Almost in confidence. Kaapstad, 1952.

Barlow, A.G., That we may tread safely. Kaapstad, 1960.

Blackwell, L., African occasions. Reminiscences of thirty years of bar, bench and politics in South Africa. Londen, 1938.

Boydell, T., "My luck was in", with spotlights on General Smuts. Kaapstad.

- Brookes, E.H., The history of native policy in South Africa from 1830 to the present day. Hersiene druk. Pretoria, 1927.
- Brookes, E.H., Currey, R.F., Frankel, S.H., Haarhoff, T.G., Hofmeyr, J.H., Rheinallt Jones, J.D., Ramsbottom, W.H. en Schreiner, O.D., Coming of age. Studies in South African citizenship and politics. Kaapstad, 1930.
- Carnegie Commission of Investigation on the Poor White Question in South Africa, The Poor White Problem in South Africa. Report of the Carnegie Commission. Stellenbosch 1932.
- Chilvers, H.A., Out of the crucible. Being the story of the Witwatersrand goldfields and of the great city which arose in their midst. Londen, 1930.
- Clay, H., The post war unemployment problem, Londen, 1929.
- Cloete, B., Die lewe van senator F.S. Malan, president van die Senaat. Johannesburg, 1946.
- Crafford, F.S., Jan Smuts, a biography. Kaapstad, 1945.
- Creswell, M., An epoch of the political history of South Africa in the life of Frederic Hugh Page Creswell. Kaapstad, 1956.
- Davies, M.A.G., Incorporation in the Union of South Africa or self-government: Southern Rhodesia's choice, 1922. Pretoria, 1965.
- De Kock, M.H., Selected subjects in the economic history of South Africa. Kaapstad, 1924.
- De Kock, W.J., (red.) Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel 1. Kaapstad, 1968.
- Franszen, D.G. en Reynders, H.J.J., Die ekonomiese lewe van Suid-Afrika. Pretoria, 1960.
- Gitsham, E., en Trembath, J.F., A first account of labour organisation in South Africa. Durban, 1926.
- Goosen, D.P.J., Die triomf van nasionalisme in Suid-Afrika, 1910-1953. Johannesburg, 1953.
- Hancock, W.K., J.C. Smuts: The sanguine years 1870-1919. Cambridge, 1962.
- Hancock, W.K., Smuts: The fields of force 1919-1950 Cambridge, 1968.
- Harrison, W.H., Memoirs of a socialist in South Africa, 1903-1947. Kaapstad.
- Herd, N., 1922. The revolt on the Rand. Johannesburg, 1966.

- Humphriss, D. en Thomas, D.G., Benoni, seun van my smart. Die maatskaplike, politieke en ekonomiese geskiedenis van 'n Suid-Afrikaanse goudmyndorp. Vertaal deur Bartho Smit. Benoni, 1968.
- Kruger, D.W., The age of the generals. A Short political history of the Union of South Africa 1910-1948. Johannesburg, 1958.
- Kruger, D.W., South African parties and policies 1910-1960. A select source book. Kaapstad, 1960.
- Kruger, D.W., The making of a nation. A history of the Union of South Africa, 1910-1961. Johannesburg, 1969.
- Long, B.K., In Smuts's camp. Londen, 1945.
- Malan, D.F., Afrikaner-volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen. Derde druk. Kaapstad, 1961.
- Malan, M.P.A., Die Nasionale Party van Suid-Afrika. Sy stryd en sy prestasies 1914-1924. Elsiesrivier, 1964.
- Malan, M.P.A. en Van Rensburg, M.C., Verkiesingsuitslae 1910-1943 met volledige naamlys van Volksraadslede vanaf 1910. Bloemfontein, 1948.
- Marais, J.S., The Cape coloured people 1652-1937. Johannesburg, 1962.
- Millin, S.G., General Smuts. Londen, 1936.
- Mulder, C.P. en Cruywagen, W.A., Die eerste skof van die Nasionale Party in Transvaal 1914-1964. Johannesburg.
- Neame, I.E., General Hertzog. Londen, 1930.
- Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog. Kaapstad.
- Parlementêre Register, 1910-1961. Uitgegee deur die Volksraad. Kaapstad, 1970.
- Reitz, D., No Outspan. Londen, 1942.
- Reitz, H. en Oost, H. (reds.) en Goodman, I.M. (samesteller), Die Nasionale Boek. Johannesburg, 1931.
- Reitz, H., The conversion of a South African Nationalist. Kaapstad, 1946.
- Rhodie, N.J. en Venter, H.J., Die apartheidsgedagte. 'n Sosio-historiese uiteensetting van sy ontstaan en ontwikkeling. Kaapstad, 1959.
- Robins, E., This man Malan. Kaapstad, 1953.
- Sachs, E.S., The choice before South Africa. Londen, 1952.

- Smuts, J.C., Groter Suid-Afrika. Planne vir 'n beter wêreld. Toesprake deur die Hoog-Edelagbare J.C. Smuts. Johannesburg, 1941.
- Smuts, J.C., Jan Christian Smuts. Kaapstad, 1952.
- Thompson, I.M., The Unification of South Africa 1902-1910. Oxford, 1960.
- Van den Heever, C.M., Generaal J.B.M. Hertzog. Johannesburg, 1944.
- Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., en Geyer, A.I., Geskiedenis van Suid-Afrika, deel 1 en 11. Kaapstad, 1955.
- Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.I., en Kruger, D.W., Geskiedenis van Suid-Afrika, tweede uitgawe. Kaapstad.
- Van Rensburg, H., Their Paths crossed mine. Memoirs of the Commandant-General of the Ossewa-Brandwag. 1956.
- Van Rooyen, J.J., Die Nasionale Party. Sy opkoms en oorwinning. Kaapland se aandeel. Kaapstad, 1956.
- B. Ongepubliseerde Verhandeling.
- Coetzee, D.J.J., Die geskiedenis van die Nasionale Party 1914-1921. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Bloemfontein, 1967.
- Grobler, F.J., Die invloed van geskoolde blanke arbeid op die Suid-Afrikaanse politiek van 1886 tot 1924. D.Phil.- D. Litt.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1968.
- Van der Schyff, P.F., Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse politiek 1910-1921. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1964.
- Van Heerden, F.J., Die Randse staking van 1922. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1965.
- C. Pamflette.
- Afrika vir die Afrikaners. Uitgegee deur die Nasionale Party van die Kaapprovinsie. Kaapstad.
- Bodenstein, H.D.J., Die wolf in skaapvel. 'n Beredeneerd oorsig. Kaapstad.
- Die begroting ontleed. Samewerking tussen die Nasionale en Arbeidersparty. Uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party. Kaapstad, [1923]
- Die „beginsel“- hot en haar. Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Party. Kaapstad, 1924.

- Beskerming van die wynboer. Enkele feite en syfers.
Uitgegee deur die Nasionale Party van die
Kaapprovinsie. Kaapstad, [1924]
- Bodenstein, H.D.J., Alleen hereniging kan ons red.
Kaapstad.
- Cilliers, A.C., Genl. Hertzog en hereniging.
Stellenbösch, 1941.
- Cilliers, A.C., South African Nationalism or British
Holism. Stellenbosch, 1938.
- De Villiers, W.B., Die Kleurling in die politiek.
Kaapstad, 1938.
- Dwang en demokrasie. Uitwerking van die verbond.
Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Party.
Kaapstad, 1924.
- Du Plessis, O., Afsonderlike verteenwoordiging van
kiesers. Kaapstad.
- Elke man op sy pos waak! Uitgegee deur die Nasionale
Party van Kaapland. Kaapstad, 1923.
- Enslin, J.M., Algemene verkiesing. 'n Beroep op die
kiesers. Graaf-Reinet, 1921.
- Gekleurde en naturelle kiesers! Lees dit. Uitgegee
deur die Suid-Afrikaanse Party.
- General Smuts begins the battle. Uitgegee deur die
Suid-Afrikaanse Party. 1924.
- Hertzog, J.B.M., Racial feeling and its abuse.
Uitgegee deur die Nasionale Party van die
Kaapprovinsie. Kaapstad.
- Hertzog, J.B.M., The segregation problem. Kaapstad,
1928.
- Hier het jy dit! 'n Beknopte opsomming van party-
politiek in Suidafrika gedurende die
laaste kwarteeu. Uitgegee deur die
Suid-Afrikaanse Party. Pretoria, [1924]
- H.J.B., Die Indiërvraagstuk in Suid-Afrika. Bloem-
fontein, 1937.
- Honderdduisende ponde verkwis. Gegewens uit ampte-
like Blouboeke. Uitgegee deur die Na-
sionale Party van die Kaapprovinsie.
Kaapstad, 1924.
- Indian penètration. Labour's plan. Uitgegee deur
die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty.
Durban.
- Die Indiër moet uit. Uitgegee deur die Suid-Afri-
kaanse Beskermingsbeweging. Pretoria,
1947.
- The Indian in South Africa. Uitgegee deur die
Departement van Inligting van die Unie
van Suid-Afrika.

- Jan van Rozenburg, [De Waal, J.H.H.], Die politieke posiesie korteliks opgesom. Kaapstad.
- Jan van Rozenburg, [De Waal, J.H.H.], Waarin verskil ons? Samespraak oor politieke kwessies. Uitgegee deur die Nasionale Party van die Kaapprovinsie. Kaapstad.
- Jan van Rozenburg, [De Waal, J.H.H.], Wie moet die land regeer? Mynmagnaat, of volk? 'n Politieke samespraak. Uitgegee deur die Nasionale Party van Kaapland. Kaapstad, 1924.
- Koalisie-afskuwelikheid. Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Party. Kaapstad.
- Malan, D.F., Openingsrede van minister dr. D.F. Malan. Toespraak op die Kaaplandse Nasionale Party-kongres, 1924.
- Malan, D.F., Die groot vlug. 'n Nabetragting van die Armblanke-kongres, 1923, en van die offisiële sensusopgawe. Kaapstad, 1923.
- Moir, J., Kimberley protest against Class Areas Bill. Kimberley, 1924.
- Moll, A.M., The necessity for independence. Kaapstad, [1920].
- Die Nasionale Party en die republikeinse beweging. Uittreksel uit 'n kongresbesluit van die Nasionale Party van die O.V.S., 1920.
- Die Nasionale Party en sesessie. Niks sonder instemming van Engelssprekendes nie. Verklarings van die leiers. Uitgegee deur die Nasionale Party van die Kaapprovinsie. Kaapstad, 1924.
- Die Nasionale Party van die Kaapprovinsie. Voorgestelde inlywing van Suid-Rhodesië. Gedrukte omsendbrief gedateer 16.8.1922.
- Die Nasionale Party van die Kaapprovinsie. Hereniging. Gedrukte omsendbrief gedateer 7.10.1920.
- Nasionaliste! Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Party. Kaapstad, 1924.
- Die ooreenkoms tussen Nasionaliste en Arbeiders: Verlede en hede, 1907-1924. Uitgegee deur die Nasionale Party van die Kaapprovinsie. Kaapstad, 1924.
- Op eie bene! Die Regering se geknoei met die Unioniste. Met 'n paar proteste. Uitgegee deur die Nasionale Party van die Kaapprovinsie. Kaapstad.
- Poutsma, H.J., Die verhoogde status van die Indiërs in die Unie van Suid-Afrika. Pretoria, 1928.
- Die Regering en die staking. Duidelike antwoorde op eenvoudige vrae. Uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party.

- Secession. The leading documents. Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Party. Kaapstad, 1924.
- Die segregasie-vraagstuk. Oplossing van Generaal Hertzog. Uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party. Kaapstad.
- Smuts, J.C., Die volk moet kies. "Ik laat met vertrouwe die beslissing aan u." Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Party. 1924.
- Steer, G.B. en Barlow, Reg., Manifes van die Suid Afrikaanse Arbeids Partij. 1915.
- Stemmen uit het verleden. Facts and figures. Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Party. Kaapstad.
- Steyn, H.J., Ons nasionale strewe in Suid-Afrika. Bloemfontein, 1924.
- The story of a crime being the vindication of the Transvaal Strike Legal Defence Committee in connection with the great strike on the Witwatersrand in 1922. Johannesburg, 1924.
- Thompson, L.M., The Cape Coloured franchise. Johannesburg, 1949.
- Van Rhyn, Attie, Dr. Malan se kleurlingbeleid vanaf 1921-1932. Johannesburg.
- Van der Horst, D.J., Die algemene verkiesing. Van Onafhanklike standpunt. Kaapstad, 1921.
- Van der Horst, J.G., Die finansiële politiek van die Unie. Kritiek en enkele suggesties. Kaapstad, 1924.
- Die verhoogde status van die Indiërs in die Unie van Suid-Afrika. Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Party. Pretoria, 1928.
- Verklaring van die Federale Raad van die Nasionale Party van Suid-Afrika oor die konstitusionele betrekkinge tussen die Unie en die Verenigde Koninkryk, en oor die Nasionale standpunt en optree dienaangaande. Bloemfontein, 1920.
- Wat genl. Hertzog van die boere dink. Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Party. Kaapstad, 1924.
- Waarom die Unioniste met die Sappe gealmagameer het. Uitgegee deur die Nasionale Party. Kaapstad, 1920.
- Wat het die Nasionale Party met die Arbeiders te doen? In een sin het ons niks met hulle te doen nie. In die ander sin het ons alles met hulle te doen. Uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party van Suid-Afrika. Kaapstad, [1923]

Steyn, H.J., Die status van die Unie getoets aan die beginsels van Suidafrikaanse Nasionalisme. Die betekenis van die ou en nuwe artikel iv. Potchefstroom.

D. Boekartikels.

Boydell, T., "F.H.P. Creswell" in I remember him, Uitgegee deur die S.A.U.K.

Eiselen, W.W.M., "Generaal Hertzog se Bantoebeleid en die uitoouing daarvan deur sy opvolgers" in die Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Desember 1967.

Nel, M.D.C., "Generaal J.B.M. Hertzog: beslaggewer van die Bantoebeleid van die Republiek van Suid-Afrika" in die Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Desember 1962.

Oost, H., "Tielman Roos" in I remember him. Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie.

Spoelstra, B., "Die bewindsaanvaarding van die Botha-regering oor Transvaal as selfregerende Britse kolonie in 1907" in die Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, deel 11, 1953.

